# Inhoudsopgawe


Inleiding 2

AFDELING A: WERKSAAMHEDE VAN DIE SA SPOORWEGPOLISIE IN SUIDWES AFRIKA 3

Bewaring van Binnelandse Veiligheid: Suidwes Afrika 7

Enkele Misdade in Suidwes Afrika 21

Otjihase en Gamams Opleidingsentrum 24

Suidwes Verhale en Staaltjies 26

Sportmanne van Suidwes Afrika 53

Operasionele Diens: Ovamboland 54

AFDELING B: WERKSAAMHEDE VAN DIE S.A.SPOORWEGPOLISIE IN DIE REPUBLIEK

Bekamping van Terrorisme: Binnelands 74

Internasionale Lughawens 80

Lugdiensveiligheid 84

Seehawens 92

Dienste en sake op Spoorwegstasies 102

Padmededinge 132

Manne en vroue se verhale en staaltjies 135

Lede se herinneringe 184

Spoorwegkollege Esselenpark 200

Die Spesiale Taakmag 222

Slagboom Opleidingsentrum 234

Diensskiet 249

SA Spoorwegpolisie: Honde Afdeling 252

SA Spoorwegpolisie: Orkeste 258

Karakters en Legendes in die Spoorwegpolisie 260

Komiese Name, Vanne en Byname 269

Huldeblyk aan Families van Polisiemanne en Vroue 270

Woord van dank 274

Lede wat bydraes gelewer het 275

FOTO ALBUM

Suidwes Afrika 276

Grensdiens 279

Kollege 284

Spesiale Taakmag 289

Slagboom 291

Orkes en Honde 293

Algemeen 293

## INLEIDING

Die motivering vir die samestelling van die bundel is hoofsaaklik gebore uit die onthulling van die Muur van Herinnering by die Voortrekkermonument op 25 Oktober 2009. Die name van alle soldate wat sedert 1961 tot en met 1994 in ŉ oorlog gesterf het, is op die Muur aangebring. Ek was ten nouste betrokke by die opleiding van die lede van die Suid Afrikaanse Spoorwegpolisie wat dienste in die Operasionele gebied verrig het en ek wou weet of die vyf lede wat gedurende 1982 in die Operasionele gebied gesterf het, se name ook op die Muur aangebring was. In Maart 2010 het ek besoek aan die Voortrekkermonument gebring en ook ŉ besoek by die Muur afgelê om te kyk waar die lede se name op die Muur verskyn het. Tot my ontsteltenis was die lede se name nie op die Muur aangebring nie.
Die stappe wat gevolg was om die lede se name op die Muur te laat aanbring word elders bespreek. Lede van die S.A.Spoorwegpolisie het ŉ groot bydrae tot die beveiliging van die Spoorweë se personeel en eiendom asook dié van die algemene publiek wat van die treine, vliegtuie en busse gebruik gemaak het, gelewer. So ver my kennis strek is weinig, indien enige, van die Spoorwegpolisie se werksaamhede wat so belangrike rol in die geskiedenis van die eertydse Suidwes Afrika se geskiedenis gespeel het, vir die nageslag opgeteken. Derhalwe het ek besluit om die S.A.Spoorwegpolisie se betrokkenheid en werksaamhede in die eertydse Suidwes Afrika (Namibië) op te teken. Om dit te kon te doen het ek verskeie oud lede wat in Suidwes Afrika diens gedoen het, gekontak om hulle insette te bekom. Nadat ek al ver met die projek gevorder het, het ander oud lede wat daarvan te hore gekom het, my gekontak en versoek dat ek nie net die gebeure in Suidwes moet aanteken, maar ook die verhale en staaltjies van wat in die Republiek op die stasies, lughawens, seehawens ens. gebeur het. Ek het toe soos die diaken gevoel wat vir die eerste keer na die erediens in die konsistorie gevra was om met gebed af te sluit. Hy bid toe: “Here hier staan ek, die wat kan bid die wil nie en die wat nie kan nie die moet ”. Ek het gevoel dat ek nie die aangewese persoon is vir die taak nie, maar het nietemin skouer teen die wiel gesit en begin skryf. Hieronder is die produk van my ywer.
Daar was dikwels in die verlede verwys na die groot familie wat die Spoorwegpolisie was. Die egtheid hiervan was bevestig toe lede wat vyftig jaar gelede, vir so kort tydperk as een jaar, lid van die Mag was, my gekontak het en hulle ervarings as lede van die Mag met my gedeel het. In dié tydperk het ek drie-honderd-en-negentig oud lede opgespoor en persoonlike kontak met minstens drie-honderd-en-tagtig van hulle gemaak. Ses-en-tagtig van hierdie lede en vriende het hulle verhale en vertellings aan my gestuur wat ek vir die doeleindes van die bundel verwerk het. Dit is net jammer dat ek nie die gesprek wat ek met elkeen van hulle gehad het op band opgeneem het nie. Die nostalgie toe ek van die lede gekontak het, het in talle gevalle die oorhand gekry en het van hulle ŉ traan van verlange weggepik toe ek myself aan hulle bekend gestel en die rede vir my oproep bekend gemaak het. Twee troepmaats, kolonel Riet Reichert en Johan Venter, beide tagtig jaar oud wat in 1950 saam in die Kollege te Kroonstad was, kon weer na sestig jaar met mekaar in kontak gebring word. Op 31 Januarie 2011 het ek en oom Johan by kolonel Reichert gaan kuier. Hulle het ‘n hond uit ‘n bos gesels oor die dinge wat met hulle in die Kollege gebeur het. Kollegas wat vir tot so lank as vyf-en-veertig jaar laas iets van mekaar gehoor het, kon weer met mekaar in verbinding tree. Die hoogtepunt van die projek was egter toe daar op 12 Januarie 2011 versoening tussen twee oud-kollegas plaasgevind het na ŉ ongelukkige skietvoorval wat bykans vyf-en-dertig jaar gelede op die grens plaasgevind het. Dit opsigself het die nege maande wat ek aan die projek afgestaan het, die moeite werd gemaak. Wat die taak egter bemoeilik het, was die feit dat geen amptelike dokumente of korrespondensie, behalwe artikels in nuusblaaie, tydskrifte en die dokumente wat lede in hulle besit gehad het, beskikbaar was nie. Dit is ook ŉ onbegonne taak om man alleen alle prestasies en suksesse wat die S.A. Spoorwegpolisie, of individuele lede, bereik het, volledig in die bundel aan te teken. Op 1 Oktober 2011 sal dit vyf-en-twintig jaar wees sedert die Mag, wat oor goed opgeleide, gedissiplineerde en bekwame lede beskik het, in die niet verdwyn het. Talle van die offisiere en lede het ná die amalgamasie met die Suid Afrikaanse Polisie hulle merk op verskeie terreine gemaak. Van hulle het tot die rang van luitenant generaal gevorder, ander was as die Hoof van die S.A. Polisie se Opleidingsvleuel aangestel, ander weer as Provinsiale Kommissarisse, Distrikskommandante en Stasiebevelvoerders asook die Bevelvoerder van een van die SAP se Teeninsurgensie opleidingsentrums.
Ronnie Beyl (Brigadier aft.)
Outeur.
21 Januarie 2011

**WERKSAAMHEDE VAN DIE S.A.SPOORWEGPOLISIE IN SUIDWES AFRIKA**

Ten spyte van die feit dat Suidwes Afrika die stiefkind van die nege afdelings van die S.A.Spoorweë was, het dit oor die grootste grondgebied gestrek. Dié afdeling het gestrek vanaf Britstown tot by Upington, Upington tot by Ovamboland, Okavango, Hereroland met Walvisbaai en Lüderitz as die verste kusdorp. Soos die voël vlieg was dit ongeveer 2000 kilometer. Die smal spoortrein tussen Karibib – Usakos – na Otjiwarongo, Tsumeb en Grootfontein is eers in die begin van die sestiger jare met die standaard wydte spoorlyn vervang. Op baie van die plekke het die SASP nie oor voertuie beskik nie, met die gevolg dat die lede dikwels by die S.A. Polisie vir hulp moes aanklop wanneer daar byvoorbeeld 'n lyk op die trajek gevind was. Kolonel A.W. van Niekerk is seker die enigste offisier in die S.A. Spoorwegpolisie wat as die Bevelvoerende Offisier met die rang van kaptein op Windhoek begin het, en as Bevelvoerende Offisier met die rang van kolonel afgetree het, sonder dat hy ooit met bevordering verplaas was.
Die afdeling se personeel in 1956 het soos volg daarna uitgesien.

| | |
|---|---|
| **Afdelingshoofkantoor.** | |
| Bevelvoerende Offisier | Kaptein A.W Van Niekerk. |
| 2de In bevel | Luitenant P.A (Piet) Myburgh |
| B.O. Klerk | Sersant klas (2) Andy Els |
| Logistiek | Konstabel La Grange |
| Administrasie en vuurwapens | Konstabel Casper Human, Konstabel Sam Visagie en Konstabel Bolletjies Steenkamp. |
| **Speurderpersoneel gestel in A.H.K,** | |
| S/sersant klas (1) M.J van Taak | In Bevel |
| S/sersant klas (2) Dewalt Louw | Suid Seksie. Windhoek na Kalkrand Windhoek na Okahandja |
| S/sersant A.J.(Bruinhoedjie) Coetzee | Vlugspan. Hele SWA afdeling wat strek vanaf Britstown – Ovamboland – Walvisbaai onder direkte bevel van die B.O. |
| S/Konstabel Pop Kotze | Plaaslike speurder en ondersoeker. |
| S/Konstabel Lappies Labuschagne | Ondersoek van eise teen die Spoorweë. |
| **Wyksersante** | Sersant klas (2) M.G Kotze<br>Sersant Klas (2) C.C. Scheepers<br>Sersant klas (2) P. du Toit Louw<br>Sersant klas (2) J.C.P. Goosen |
| **Posbevelvoerders** | |
| Windhoek | Sersant klas (2) E.A van Niekerk. |
| Walvisbaai | Adjudant Offisier Hansie Steenkamp. |
| Usakos | Sersant klas (2) D.M. Greeff |
| Seksiespeurder | Sersant klas (2) W. Myburgh en later S/Sersant D.J.L.K. Reichert |
| Otjiwarongo | Ondersersant M.J. Jonker (Afgetree as Genl. Maj. in SAP) |
| Tsumeb | Ondersersant Johan Ludeke |
| Grootfontein | Ondersersant Johnson en later Ondersersant J.J. Mans. |
| Seksiespeurder | S/Sersant klas (2) Nic v/d Merwe. Het Grootfontein, Tsumeb en Ovamboland bedien. |
| Lüderitz | Sersant klas (2) A. Verster en later Sersant klas (2) J.C.P. Goosen. (Afgetree as Brigadier in SAP ná amalgamasie.) |

| | |
|---|---|
| Keetmanshoop | Ondersersant A. Oberholzer wat later as sersant klas (2) die B.O se klerk geword het.<br>Hy was deur Ondersersant Joek Botes vervang. |
| Seksiespeurder | S/Sersant klas (2) D.J. (Taranakie) Nortje. |
| Upington | Sersant P. Maree en later vervang deur<br>Sersant D.J.L.K. Reichert. |
| Seksiespeurder | S/Sers. klas (2) A.J. Tolken.<br>S/Sersant A. Venter. |
| Prieska | Ondersersant A. Grove. Daar afgetree en vervang deur ondersersant Bokkie Fourie. |
| Gobabis – Mariental – Britstown | Hierdie poste was gedurende die sestiger jare geskep. |

| | |
|---|---|
| **Posbevelvoerder Gobabis** | Ondersersant A.B. van Wyk |
| Seksiespeurder | S/sersant P. Maree |
| Mariental | Ondersersant Vaaltyn van Zyl |
| Britstown | Ondersersant Louis de Kock |

**Lugramp : Boeing 707 : Vlug 228 : J.G. Strydom-lughawe.**

Die huistelefoon het omstreeks 22:00 die aand van 20 April 1968 by my huis gelui. Die stem aan die anderkant was dié van die konstabel by die aanklagtekantoor met die ontstellende nuus dat daar ‘n Boeing by die J.G. Strydom lughawe geval het. ‘n Klompie van ons het ons per polisievoertuig gehaas na die toneel om hulp te verleen waar ons kon. Die ambulanse en ander noodvoertuie het tou gestaan by die ingangshek met ons aankoms op die toneel. Ons kon die wrak van die vliegtuig waarneem waar dit ongeveer 2 na 3 kilometer Oos van die lughawe neergestort het. Die ambulans personeel het iemand nodig gehad om voor hulle uit te hardloop om ‘n gangbare roete deur die bos aan te dui na die wrak toe. Ek het dié taak op myself geneem en die voertuie gelei vir ‘n rit wat etlike minute geneem het tot by die ongelukstoneel. My eerste indruk van die toneel was dat dit grafstil was en nie lank daarna nie het die oorweldigende reuk van brandende olie ons neusgate getref. Noodhelpers het sonder skroom begin om die toneel te deursoek vir oorlewendes wat moontlik mediese hulp benodig het.

Elkeen van die onderskeie magte en dienste op die toneel was totaal en al verslae deur die verwoesting en dood wat ons in die gesig gestaar het. Ek kon persoonlik nie my oë glo nie; die realiteit van die situasie was oorweldigend. ‘n Lugmag helikopter het kom land nadat dit ‘n geskikte landingsplek gevind het tussen die brandende wrakstukke . Ek herinner my dat ek by die romp van die Boeing 707 gestaan het met wrakstukke wat gelê het so ver soos die oog kon sien. Die regterkantse vlerk het Suidoos van die vliegtuig gelê en die kajuit gedeelte het regop verrys uit die grond aan die Noordooste kant van die romp. ‘n Persoon in siviele drag het my teruggebring na die werklikheid toe hy my skielik vra, “Wie is jy?” Ek stel myself aan hom voor as Tjaka Neethling en vind derhalwe uit dat hy brigadier Crause van die S.A. Polisie is – die totale verslaentheid was duidelik te sien op sy gesig ook.

My eerste gedagte was om binne-in die kajuit te kyk of daar enige oorlewendes was. ‘n Lugwaardin het verstrengel geraak in die drade van die vliegtuig – baie van die drade was om haar nek gedraai. By nadere ondersoek het ek gevind dat sy dood was aangesien haar bene reeds koud was. Die enigste manier om verder binne die kajuit te sien, was om binne-in te klim en my vonds aldaar was grusaam om die minste te sê. Dit was gou duidelik dat niemand hierdie tragedie kon oorleef nie, veral toe ek die stuurkajuit betree het. Die Kaptein van die vliegtuig, kaptein E.R.Smit, was nog vasgegespe in sy stoel binne die kajuit; sy skedel aan die agterkant was weggeruk en heeltemal uitgehol. Die trane het onwillekeurig oor my wange begin rol namate die realiteit van die lewensverlies begin insink het. Ek het gevoel dat dinge net te veel vir my begin raak het.

Baie lyke is gedurende die nag gevind, maar dit was ‘n onbegonne taak om die lyke wat tydens die vliegtuig se val uit die kajuit geslinger was, in die donker op te spoor – hierdie taak sou moes wag tot die volgende oggend. Hierdie taak was ietwat vergemaklik deur die

stukkies klere wat aan die haak-en-steek bosse sigbaar was soos die gebroke liggame daardeur geseil het tydens die ramp. Die blare van die bosse was besmet met olie soos wat dit uit die vliegtuig se motore gelek het tydens die ongeluk en die vier motore het vier diep slote uit die aarde geruk met die neerstorting van die vliegtuig.
Dit wou vir my voorkom, soos ek na die toneel gekyk het, dat die vliegtuig redelik vinnig gedaal het en dat die Kaptein, as gevolg van die donkerte, nie kon sien hoe ver hulle bo die grond was nie. Ek het voorts die ongeluk met die tegnikus, Gellie Geldenhuys, bespreek en sy gevolgtrekking was dat die vlerkflappe te vroeg opgetrek was en dat die vliegtuig binne 'n paar sekondes baie vinnig gedaal het tot op die punt waar dit die grond getref het.
Baie van die lyke het natuurlik juweliersware en ander waardevolle artikels aangehad. Dit sou later blyk dat van die soek- en reddingspanne hulself gehelp het aan van die artikels en kriminele dossiere is gevolglik geopen. Luitenant M.J. van Taak was die ondersoekbeampte in dié betrokke sake en talle van die helpers is gevolglik skuldig bevind aan diefstal. Speurder-sersant M.J. Bronkhorst het die lykskouing hanteer terwyl Tjaka Neethling die register bygehou het met gevonde artikels, foto's, juweliersware, en beide Suid Afrikaanse en buitelandse kontant.
Die uitkenning van lyke deur naasbestaandes het vir baie emosionele tonele gesorg wat byna hartverskeurend was in sommige gevalle. In die gevalle waar lyke onuitkenbaar vermink was as gevolg van verbranding, moes naasbestaandes hul geliefdes uitken aan die artikels wat aan hul persoon gevind was asook aan foto's wat op die toneel geneem is. Die hele episode en die gepaardgaande gebeure was vir my persoonlik baie traumaties en het emosioneel 'n geweldige impak op my lewe gehad. Twee-en-veertig jaar later onthou ek die beelde van die ongelukstoneel asof dit gister gebeur het.
Kolonel Mof Pretorius van hoofkantoor in Johannesburg was in beheer van die korrespondensie rakende die ongeluk en hy het my daarheen ontbied om die register wat ek bygehou het aan hom voor te lê. Die kolonel se manier van praat het my opgeval; elke derde woord was "verstaan." Die gesprek waarin hy my die nodige erkenning gegee het vir my bydrae tot die saak het om en by so geklink: "Sersant, *verstaan…verstaan*, jy het goeie werk gedoen, *verstaan…verstaan*, en ek wil vir jou dankie sê, *verstaan…verstaan*, vir jou goeie werk, *verstaan…verstaan*."
Mnr John Steyn was die S.A.Lugdiens bestuurder by J.G. Strydom - lughawe tydens die ramp en Gellie Geldenhuys was een van die tegnici. Die saaknommer van die lugramp is Windhoek R.O.M. 23/4/1968.
(Tjaka Neethling)

Die Saterdag waarop die Boeing by die lughawe neergestort het, was ek en Gert van Dyk onderweg vanaf Gobabis na Windhoek waar ons rugby gespeel het. Teen 21:30 die aand, toe ons by die J.G Strydom - lughawe kom, was dit net motorvoertuie waar jy kyk. Dit het kompleet gelyk soos nagmaal op Pofadder. Ons verneem toe dat daar 'n vliegtuig geval het, maar ons het ons nie veel gesteur daaraan nie. Ons was omtrent weggejaag toe ons by Talpark aankom, met die opdrag om onsself by die aanklagte kantoor te gaan aanmeld. Dit was 'n totale warboel by die aanklagtekantoor; almal gee opdragte en niemand weet watter van die talle opdragte deur wie uitgevoer moes word nie. 'n Klomp van ons het ongeveer 03:00 arriveer by die ramp toneel. Ons het opdrag gekry om by die beheerpunt te gaan aanmeld, maar nie een van ons had 'n idée waar die beheerpunt was nie. Elkeen van ons was met 'n flitslig bewapen en oral was dit mense wat loop en gil en vragmotors met liggame en dele van liggame wat tussen ons deurbeweeg het. Na 'n tydjie het ons die beheerpunt gevind waar dit by die kajuit gedeelte van die vliegtuig was. Die hantering van lyke was my genadiglik gespaar aangesien ek verantwoordelik was om toe te sien dat geen koerantman die toneel betree, dat geen foto's geneem was en dat geeneen enige aandenkings verwyder het nie. Teen dagbreek die volgende oggend het ek vir die eerste keer die werklike omvang van die ramp besef. Dit was beslis nie iets moois om te aanskou nie. Soos wat die dag gevorder het, het meer en meer hulp opgedaag . Die Bevelvoerende offisier, kolonel van Niekerk, was ook deurentyd op die toneel teenwoordig.

Ons het spoedig geleer waar om te soek vir die liggaamsdele wat oor die gebied versprei gelê het; ons het agtergekom dat wanneer jy op die gedeelte waar die romp van die vliegtuig oor die aarde geskeur het, loop, kon jy ŉ "vetterige" streep deur die gras sien. Dit was ŉ aanduiding dat ŉ liggaamsdeel soos ŉ arm, been of stuk van die borskas deur die gras getrek is en dit het die merk veroorsaak . Persoonlike besittings het oor ŉ wye gebied versprei gelê. Gedurende die nag het drie van ons agtergebly om al die horlosies, beursies, ringe en alles wat sigbaar was, op te tel en in plastiese sakke te verpak wat na Windhoek gestuur was. Ek dink sersant Bronkhorst was in bevel van die gevonde eiendom.
Dit het Maandag geword en niemand van ons het nog werklik geëet of gerus nie. Die middag is daar gereël dat ons in spanne by die lughawegebou kon gaan eet. So het die dae by die toneel weke geword en die weke later drie maande waarin ons pal nagdiens gewerk het sonder om afgelos te word. Saans 18:00 het ons aangemeld by Windhoek aanklagtekantoor waarna ons na die lughawe gery het. Die lede wat dagdiens gewerk het, het dan weer met die voertuig terug na Windhoek gery. Daar het ons in die bosse ons tyd verwyl sonder enige vervoer, kommunikasie of lewe rondom ons. Soms was ons eers teen 10:00 die volgende oggend afgelos.
Ek kan onthou dat ek een oggend met R300-00 kontant wat ons opgetel het, Windhoek toe gery het. Die wind het deur die tyd die note die wêreld vol gewaai wat ons taak baie bemoeilik het. Ons moes by geleentheid die toneel met harke hark om al die artikels te versamel. So onthou ek dat die vinger van ŉ vrou, waaraan haar ringe nog was, so opgehark was. Daar was nie kragopwekkers wat lig kon verskaf nie. Ons was dikwels genoodsaak om ŉ vuur te maak sodat die gebied verlig kon word. Een van ons kollegas, konstabel J.A.J Nel, het in die middel van die nag die gebied verlaat. Die groep wat ons kom aflos het, het hom langs die teerpad gekry waar hy te voet oppad was terug na Windhoek toe. Hy het verduidelik dat die plek spook en dat hy nie ŉ minuut langer daar gaan bly nie toe hy om ŉ verduideliking gevra word. Wat hy nie geweet het nie, was dat die geluide wat hy in die nag gehoor het, eintlik beeste was wat in die veld gewei het. Dit wat ek in daardie tyd met die vliegtuigramp beleef het, sal my altyd bybly.
(Apie van Lill)

**Treinrampe.**
Lede van die S.A Spoorwegpolisie was ook verantwoordelik vir die ondersoek van treinrampe. Een so ramp was dié waarin 85 lede van die S.A. Weermag in 1971 betrokke was. Treine moes dikwels by verskillende stasies stop sodat dieseleenhede en personeellede omgeruil kon word op die trajek vanaf die Republiek van Suid Afrika na Windhoek. Keetmanshoop was dan ook een van dié stasies. Noord van Keetmanshoop in die rigting van Mariental, was die Gariganus sylyn. By hierdie sylyn was ŉ gruisgroef waaruit ballasklippe, wat onder spoorlyne gepak word, gemyn was. Die rangeerpersoneel van Keetmanshoop het daagliks leë trokke na Gariganus geneem om daar met die gruis gelaai te word. Hulle het dan die trokke wat die vorige dag gelaai was, terug geneem na Keetmanshoop waar dit na verskillende bestemmings gestuur was. Die trajek vanaf Keetmanshoop na die noorde was baie steil. Daar moes soms van twee dieselseenhede gebruik gemaak word om die swaar vrag die steilte uit te trek. Soos die gebruik was die oggend van die ramp, het die trein met die leë trokke op die hooflyn na Gariganus vertrek. Die wissels was derhalwe vir die hooflyn oopgestel. Die passasierstrein met troepe van die Regiment Westelike Provinsie het vanuit die suide op die hooflyn inbeweeg. Die trein met die gevulde trokke met gruis vanaf Gariganus het op die hooflyn inbeweeg terwyl die passasierstrein nog op Keetmanshoop stasie gestaan het. As gevolg van die steil helling is beheer oor die rangeertrein verloor en weens die spoed waarmee dit die stasie genader het, kon die wissels nie betyds vir ŉ ander lyn gedraai word nie. Gevolglik het die gruistrein met die passasierstrein gebots.
Die treindrywer het agtergekom dat daar fout met die trein se remme was en ŉ hele ent voor Keetmanshoop het hy die trein tot stilstand gebring. Hy het weer weggetrek sonder om ondersoek in te stel na wat die fout met die remme was. Die personeel het van die bewegende trein afgespring die oomblik toe hulle besef het dat daar 'n probleem was. Die

trein met die ballasklippe het van agter teen die troepetrein in die stasie gebots met noodlottige gevolge.
Dit het ongeveer vyf dae geduur om die ongelukstoneel op te ruim en nadere ondersoek het aan die lig gebring dat die vakuumpype wat die remstelsel van die trein beheer het, blykbaar nie gekoppel was nie omdat die rangeerpersoneel op die remkrag van die dieseleenhede staatgemaak het. Die betrokke spoorweg personeel wat vir die ongeluk verantwoordelik was, het later voor die hof verskyn. Speurder sersant A.P van Lill was die dag toe die treinramp plaasgevind het, met vakansie. Die dag toe hy by die kantoor vir diens aanmeld, het daar 'n aantal kartondose met dokumente op sy tafel gelê. Kolonel van Taak het hom ingeroep met die opdrag dat hy die dossier moes saamstel. Dit het hom 'n hele dag en nag geneem om die "A" afdeling dokumente van die "B" afdeling dokumente te skei. Die "C" afdeling; die ondersoekdagboek, het nie bestaan nie. Die beseerde soldate van wie daar nog nie verklarings geneem was nie, was reeds in Grootfontein en Ovamboland. Vir elk van die vyf-en-tagtig lede wat in die ramp omgekom het, moes 'n nadoodse dossier saamgestel word. Kolonel van Taak, destydse Bevelvoerende Offisier van die S.A. Spoorwegpolisie in SWA, en adjudant offisier Loekie Jordaan, Posbevelvoerder te Grootfontein, het die nodige verklarings van die weermaglede wat passasiers op die trein was, in Ovamboland gaan afneem. Die treindrywer was van strafbare manslag aangekla en het voor die hof verskyn.
(Loekie Jordaan en Apie Van Lill)

## BEWARING VAN DIE BINNELANDSE VEILIGHEID : SUIDWES AFRIKA.

Die S.A. Spoorwegpolisie se werksaamhede in Suidwes Afrika het, soos in die Republiek van Suid Afrika, die volgende behels:

(i) Die voorkoming van Misdaad.
(ii) Die handhawing van Wet en orde.
(iii) Die Ondersoek van enige misdryf of beweerde misdryf.
(iv) Die Bewaring van die Binnelandse veiligheid van die Republiek

**Ovambo staking 1970/71.**
Die propaganda en vrese wat die oorlog in die noorde van SWA onder die plaaslike bevolking teweeggebring het, het mettertyd na Windhoek oorgespoel. Aangesien die S.A. Spoorweë die grootste enkele werkgewer in SWA was, was dit te wagte dat die Spoorweë nie die arbeidsonrus wat daarop sou volg, sou vryspring nie. In 1970/71 het die Ovambo werkers wat in diens van die Spoorweë was met hulle protesaksies begin. 'n Volskaalse staking het gevolg en daardeur wou hulle die werksaamhede van die Spoorweë lamlê. Die Spoorweghoofkantoor in Johannesburg het besluit dat al die stakers se dienste dadelik beëindig moes word en dat hulle na Ovamboland teruggestuur moes word. Die getalsterkte van die SASP lede in Windhoek was egter onvoldoende om die plofbare situasie te ontlont en die vervoer van die stakers suksesvol te kon uitvoer. Majoor Gustav Erlank van Hoofkantoor, sersante Ronnie Beyl, Allie Jooste, Daan Venter, Buks Meintjes en Johan Potgieter van die kollege, tesame met vyftig kollege studente was ter ondersteuning van die lede in Windhoek daarheen gestuur.
Die stakers was opgesweep en het 'n dreigende houding ingeneem. Die situasie was plofbaar en daar was nie genoegsame passasierstreine beskikbaar om hulle na Grootfontein te vervoer nie. Daar is toe besluit om die stakende werkers in beestrokke te laai ten einde hulle so spoedig moontlik na Grootfontein te vervoer. Vanaf Grootfontein sou hulle per bus na Oshivellohek geneem word. Na onderhandelinge met die stakers was hulle aanvanklik tevrede om in die beestrokke na Grootfontein te reis. Hulle wou so spoedig moontlik by hulle families in Ovamboland uitkom. 'n Klein groepie stakers was egter nie met dié reëling tevrede nie en het geweier om in die beestrokke te klim. Weer was daar aan hulle verduidelik dat daar nie passasierstreine te Windhoek beskikbaar was nie, maar hulle het verseg om in die beestrokke te klim. Verskeie trokke was klaar gelaai toe daar 'n beroering onder die stakers by een van die trokke ontstaan het. Ewe skielik het van die agterste stakers na vore begin beur

terwyl hulle hul makkers uit die pad druk sodat hulle in die beestrok kon klim. Dis toe dat van hulle skreeu: “ Ekke nie bees nie - ekke nie bees nie.” By nadere ondersoek was daar gevind dat een van die lede ’n bees “prodder” in die hande gekry het en derhalwe die agterste stakers op ’n stille manier gehelp het om in die trokke te klim. Minute daarna het die trein met die stakers na Grootfontein vertrek en het daar ’n rustigheid op Windhoek stasie neergedaal.
(RB)

**Deursoeking van Spoorbaankampe.**
Positiewe inligting was ontvang dat meelopers en terroriste in die spoorbaankampe langs die spoorlyne gehuisves was en derhalwe was luitenant Beyl van Hoofkantoor en tien lede van die Spesiale Taakmag na SWA gestuur om bystand te bied. Hulle opdrag was om die terroriste wat by die spoorbaankampe tuis gegaan het uit te snuffel en te elimineer. Lede van Grootfontein, wat vertroud was met die gebied, het die taakspan vergesel. Alle kampe tussen Kranzberg, Grootfontein en Tsumeb was deursoek en die lede het ’n passasiersrytuig by Otavi stasie as ‘n tydelike basis ingerig. Die watertenks van die rytuig was een aand, tydens hulle verblyf te Otavi stasie, leeg en die lede kon gevolglik nie stort nie. Die lede was agter in patrolliewaens vervoer omdat die SASP op daardie stadium nie beskik het oor enige gepantserde voertuie nie. Gevolglik was die lede op die betrokke aand, soos elke vorige aand, vaal van die stof en feitlik onherkenbaar. Dit was ’n uitgemaakte saak dat die manne dié besondere aand net eenvoudig <u>moes</u> stort ten einde die volgende dag fris en vars te kon wees. Gelukkig vir hulle was daar op Otavi stasie ’n oorhoofse waterpyp wat gebruik was om die watertenks van die stoomlokomotiewe vol te maak. Die water het met soveel geweld uit die pyp gestroom dat, wanneer dit die lid se kop getref het, hy skoon van balans en onvas op sy voete was. Dit was nie eers nodig om seep te gebruik om die sand en stof te verwyder nie. Tydens die operasie het die taakmag se spore dikwels met dié van die SAP taakmag, wat onder aanvoering van majoor Blackie de Swart was, gekruis.
(RB)

**Werksaamhede van die lede wat in die noorde gestasioneer was.**
Met die val van Angola in die sewentiger jare en die vlugteling krisis wat as gevolg daarvan ontstaan het, was dit noodsaaklik dat die lughawens te Grootfontein en Mpatsha in die Caprivi gemonitor moes word. Baie van die buitelandse vlugtelinge, veral Amerikaners wat op die olievelde in Angola werksaam was, was per vliegtuig na Grootfontein en Mpatsha afgevoer. Hierdie vlugte was sonder vlugplanne onderneem met die gevolg dat die vlugte ongeskeduleerd by die lughawens geland het. Die polisiëringsgebied van die SASP te Grootfontein het gestrek oor ‘n gebied insluitende Grootfontein, deur die Okavango tot in die Caprivi, vanaf Grootfontein na sekere dele in Hereroland, Grootfontein tot by die buitehuis sinjaal te Otjiwarongo, Otavi, oor Tsumeb en die hele Ovamboland tot by Ruacana. Kommunikasie tussen die seksiespeurder en die aanklagtekantoor was egter ’n nagmerrie vanweë die groot afstande tussen dorpe. Die speurder was met ’n draagbare telefoon (*s to s*) uitgereik en wanneer hy hulp wou ontbied of ’n sitrap (situasie rapport) wou deurgee, moes hy eers die drade van die draagbare telefoon met ’n lang stok aan die oorhoofse telefoondrade langs die spoorlyn koppel ten einde kommunikasie te bewerkstellig. Later van tyd was al die polisievoertuie met langafstand radio’s toegerus wat kommunikasie nie net vergemaklik het nie, maar ook baie verbeter het.
Lede van die SASP wat te Grootfontein gestasioneer was, was ook as immigrasiebeamptes aangestel om aandag aan alle vlugte vanuit en na die buiteland, veral Botswana en Angola, te verleen. Die bykomende dienste om as immigrasiebeamptes op te tree, het ’n groot las op die lede, maar veral op dié van die Posbevelvoerder en Seksiespeurder, geplaas. Later was hierdie lede dan ook verantwoordelik daarvoor om lede van die S.A. Lugmag, wat by Mpastha ontplooi was, as immigrasiebeamptes op te lei. Dit het die dienslas van die polisie van Grootfontein heelwat verlig. Later van tyd was die personeelsterkte van die polisie op Grootfontein aansienlik vergroot. Dit het teweeggebring dat hulle weer verantwoordelik moes wees vir die toegangsbeheer van passasiers van en na Mpatsha - en Grootfontein lughawens. Gedurende hierdie tydperk, 1975 tot 1980, was spoorvervoer die enigste werklike

vervoermiddel om die operasionele gebied van brandstof, ammunisie, plofstof en voedselvoorrade te voorsien. Weermaglede vanaf die RSA was ook per trein na en van Grootfontein vervoer. Later was hulle per Lugmag vliegtuie na en van die operasionele gebied gevlieg.

**Die Spesiale Taakmag word ontplooi.**

Die toename in die terroriste aktiwiteite het daartoe aanleiding gegee dat die eerste groep lede van die S.A. Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag aan die begin van 1976 by die Oshivellohek ontplooi was. Dié lede was in Oudtshoorn deur instrukteurs van die SASP opgelei. Hulle was die eerste polisie Spesiale Taakmag in Suid Afrika wat vir spesifieke hoë risiko take opgelei was. Hulle taak was om alle busse en passasiers wat vanaf die operasionele gebied deur die Oshivello grenspos na die suide van Suidwes Afrika gereis het, te deursoek. Agt lede het op ŉ keer vir ŉ periode van 'n maand by die grenspos diens gedoen. Lede van die S.A. Polisie se Veiligheidstak het lyste met name van terroriste en meelopers gehad en die lede van die taakmag was hulle behulpsaam met die ondersoek van die passasiers asook die deursoeking van die busse vir enige onwettige vuurwapens of plofstof. Die agt lede het in vier karavane by die hek gewoon.

**My skietongeluk op die grens.**

Ek was een van die lede wat die Spesiale Taakmag kursus in Desember 1975 voltooi het. Gedurende Februarie 1976, terwyl ek te Durban gestasioneer was, het ek ŉ treinkaartjie gekry met die opdrag dat ek by Oshivellohek moes gaan aanmeld. Lede van die Spesiale Taakmag het om die beurt vir ŉ maand diens op Oshivello gedoen. My ouers het in Windhoek gebly en hulle het my op die stasie kom groet. My moeder het vreeslik gehuil en gesê sy voel glad nie goed oor die feit dat ek grens toe moes gaan nie. Omtrent ŉ uur nadat ons op Windhoek stasie aangekom het, was ons met ŉ Ford F250, ek dink dit was nog Padvervoer se polisiebakkie, na Oshivello afgevoer. Die sersant van die Uniformtak, wat die bestuurder van die bakkie was, se vrou het die heerlikste padkos vir hom ingepak. Onderweg daarheen het ons al sy padkos verslind en hy het niks van sy padkos gehad nie.

Ons taak op Oshivello was om alle Spoorwegbusse vir moontlike SWAPO terroriste te deursoek. Die agt taakmag lede was in vier karavane gehuisves. Ons het twee-twee in ŉ karavaan geslaap. Een van die karavane het ŉ sytent gehad waar ons om die beurt kos gemaak het. Ek onthou dat die karavane ŉ oranje of geel streep reg rondom gehad het. Op ŉ dag het ek die opmerking gemaak dat as die terroriste ons sou aanval, moes hulle net op die oranje streep aanlê want dan sal hulle almal van ons doodskiet aangesien die strepe dieselfde hoogte as ons beddens was. Daagliks het een van ons om die beurt saam met ŉ lid van die veiligheidstak diens by die hek gedoen.

Die Veiligheidstak van die S.A.Polisie het ons van ŉ lys met honderde verdagtes voorsien, waarvan ons ook ŉ aantal gearresteer het. Sodra die busse by die hek gearriveer het, het ons al die passasiers laat uitklim, hulle deursoek en na die kantoor, waar die veiligheidslede gesit het, gestuur. Daarna het ons die busse vir enige onwettige artikels deursoek. Saans het ek ongeveer tien kilometer gaan draf aangesien ek ŉ goeie kans gehad het om vir Natal 0/21 gekies te word. Soms het van my kollegas saam gedraf.

Op Woensdag 24 Maart 1976 het ek deur die loop van die oggend my tas begin pak want op Vrydag 26 Maart sou ons huis toe gegaan het. Die volgende groep van agt taakmag lede sou dan by ons kom oorneem het. Konstabel Bennie Mundell, ook ŉ taakmag lid wat te Port Elizabeth gestasioneer was, het by die hek dienste verrig en om en by half twee die middag het ons almal na die karavaan gegaan om te gaan eet. Elke ou het vir homself opgeskep en die tafel het teenaan die karavaan gestaan. Ek het my kos opgeskep en bietjie vooroor gebuig om by die bakke uit te kom. Bennie het ook kom eet. Hy was met ŉ 9mm HMK (Handmasjienkarabyn) gewapen. Terwyl ek besig was om kos in te skep, het Bennie by die tent ingestap gekom en die HMK het per ongeluk in sy hand afgegaan. Hy was ongeveer twee meter agter my toe die skoot afgegaan het. Ek het eers die skoot gehoor en toe gesien dat my bors vol bloed was. Ek kon nie meer regop staan nie en ek het agteroor geval en onmiddellik

vir die ouens gesê dat my ruggraat af was. Die ouens het in alle rigtings gespat maar ek was baie rustig en kalm. Ek het egter vir Bennie gevra: “Wat de donner het jy nou aangevang?”
Geen noodplan was in plek nie; niemand het geweet wat om te doen nie. Daar was geen medic of iemand wat iets van noodhulp af geweet het nie. Ek was baie rustig en het vir die ouens gesê dat dit nou net ŉ kwessie van tyd was voordat ek sou doodgaan. Ek het vir hulle ook gesê my moeder moes al my besittings kry. Ek het geweet dat ek baie ernstig gewond was en dat daar nie vervoer beskikbaar was om my by ‘n hospitaal te kry nie. Na ŉ ruk, toe dit blyk dat die dood nie gaan intree nie, besluit die manne wat daar was om die SAP se Ford F100 te gebruik om my na Tsumeb af te voer. Die Ford se hele bak was in ŉ ekstra petroltenk omskep, met die gevolg dat ek nie op die bak kon lê nie. Hulle het die klap van die bak agter oopgemaak en ek het agter op die klap gesit, terwyl twee ouens my weerskante vasgehou het. Jare tevore het my ouers op Ruacana gebly waar my oorlede vader die plofstofdeskundige was ten tyde van die bou van die Calueque dam. Ek het op Tsumeb skoolgegaan en het feitlik elke boom langs die pad geken. Alhoewel ek geweet hoe ver dit nog was, het ek kort - kort vir die twee ouens, wat nie geweet het of nie die area geken het nie, gevra hoe ver dit nog was. Ek het later moeilik begin asemhaal en was baie bang dat ek in my bloed sou verstik.
Met my aankoms te Tsumeb het die dokters van die mynhospitaal vir my buite die hospitaal ingewag. Dit het gelyk of ek swanger was want ek het geweldige inwendige bloeding gehad. Die dokters het onmiddellik gesê dat hulle niks vir my in Tsumeb kon doen nie. Een van die beelde wat in my verstand verewig is, is dié van ‘n dokter wat nader gekom het met ‘n mes in sy hand en daarmee ‘n gat in my sy gesteek het om die bloed te dreineer ten einde die drukking in my borskas te verlig. Dit sonder enige seremonie of narkose. Ek het vir hulle gevra om my asseblief uit te sit omdat ek gevoel het ek wil niks verder sien, voel of hoor nie. Hulle het my ingespuit en ek het aan die slaap geraak. Hulle het toe ŉ weermaghelikopter van Grootfontein gestuur wat my na Windhoek gevlieg het en by die hospitaal in Windhoek het die dokters vyf ure op my geopereer en die volgende oggend het hulle my na die Conradie Hospitaal in Kaapstad afgevoer.
Ek het ŉ jaar in die hospitaal deurgebring. Die rondte het groot skade aangerig omdat ek effens gebukkend gestaan het. Dit het my ruggraat afgeskiet en my lewer, longe, mantelvlies en hartsak was deurboor. My hart self was gelukkig net geskroei. Ek het ten tyde van die skietvoorval ‘n gesonde 88kg geweeg en tydens my jaarlange verblyf in die hospitaal het my liggaamsmassa tot 39kg verminder. My vrou, waarmee ek nou reeds 34 jaar getroud is, en wat daardie tyd 48kg geweeg het, kon my optel en ronddra.
Ek het later verneem dat hulle die koeël tussen die kussings in die karavaan gekry het. Ek weet vandag dat die weermag nie eers van ons teenwoordigheid op Oshivello bewus was nie aangesien daar, nie ver vanaf Oshivellohek nie, ŉ weermag basis was waar die helikopters baie bedrywig was. Hulle het gereeld troepe vanaf Oshivellobasis na 1 Militêre hospitaal in Pretoria afgevoer.
5 Junie 1976 was my 21ste verjaarsdag. Ek het in my hospitaalbed gelê en die hospitaalpersoneel en iemand in die Kaap het vir my ŉ koek gebak. Ek het so siek soos ŉ hond gevoel terwyl hulle die koek op my bed uitgepak het. Terwyl almal rondom my bed gestaan het, het my maag, waaroor ek geen beheer gehad het nie, gewerk. Dit was die hardste poep en stinkste bollie wat ek nog geruik het en sekerlik die skaamste wat ek nog met enige van my verjaarsdae was. Ek dink niemand wou toe van die koek eet nie.
Teen die einde van 1976 het ek aansoek gedoen om die sersant eksamen in die hospitaal af te lê. Aanvanklik het Hoofkantoor geweier, maar nadat Dr. Shrosbree vir hulle ŉ brief geskryf het, het hulle die nodige toestemming verleen. Ek het die eksamen geskryf maar het ongelukkig een vak gedruip wat ek vroeg in 1977 oor geskryf het. Ek was in die tussentyd na Windhoek oorgeplaas sonder my medewete. My meisie, motor en woonstel was toe nog in Durban. My werk was op daardie stadium vir my die belangrikste ding in my lewe en ek het geweet ek moes ten alle koste my werk behou het. Ek het by die polisie in Windhoek gaan aanmeld nadat ek uit die hospitaal ontslaan was, maar ek het onmiddellik besef dat hulle nie mooi geweet het wat om met my te doen nie.

Wietsche Fourie, ek dink hy was toe Posbevelvoerder op Otjiwarongo, het in Windhoek as Posbevelvoerder afgelos. Hy het opdrag gegee dat ek onmiddellik in die aanklagkantoor gepos moes word sodat ek al die pligte van die aanklagtekantoorsersant kon aanleer. Ek was moers opgewonde, want hier was darem een ou wat verby my rolstoel gekyk het en gesien het dat ek nie ŉ koolkop was nie. Die volgende week toe Wietsche na Otjiwarongo teruggekeer het, pos hulle my by die Skutloods waar ek nie ŉ verleentheid vir die Mag sou wees nie. Intussen het ek en Doeks van der Linde ons hereksamen geskryf waarna Doeks sy uitslag ontvang het met die goeie nuus dat hy geslaag het. Ek het niks gehoor nie en by navraag laat weet hulle my die volgende oggend dat Hoofkantoor gesê het dat ek nie die vak geslaag het nie. "Hoekom het julle ons nie terselfdertyd daarvan in kennis gestel nie?", wou ek verontwaardig weet.

Terwyl ek dieselfde dag nog spreekwoordelik gelê het en my wonde lek, het so klein windgat van ŉ Bertie van der Merwe daar by die Skutloods aangekom. Hy deel my toe mee dat ek nie meer in die polisie kon aanbly nie. Ek het die keuse gehad dat óf my dienste beëindig word, óf ek moes ŉ siviele klerk op die spoorweë word. Daai jare was ŉ senior klerk en ŉ sersant op dieselfde salarisskaal. Tot vandag toe is ek oortuig dat ek daardie vak geslaag het. Hulle kon my immers as ŉ senior klerk oorgeplaas het. Ek het my gat af geskrik want ek kon nie bekostig om sonder 'n werk te sit nie. Hulle wou my salaris verminder, my geen erkenning vir my polisiediens gee nie en ek moes weer van vooraf begin in ŉ beroep waar bevordering net op senioriteit gebaseer word. Maak nie saak wie jy is nie; as jou kollega ŉ dag voor jou as 'n klerk op die Spoorweë begin werk het, mag jy nie voor hom bevorder word nie. Kennis speel geen rol nie.

Wat het ek gekry? Bennie was tydens ŉ departementele verhoor skuldig bevind en gewaarsku. In 1988 het ek die beëdigde verklarings wat in verband met die skietvoorval afgelê was, te siene gekry. Daarin was beweer dat ek in Bennie se pad was en dat die HMK afgegaan het toe hy teen my gestamp het. Ek neem hulle nie kwalik nie; niemand het gedink ek sou lewe nie. Wat my bitter gemaak het, was al die stories wat tussen die polisiemanne versprei was dat ek kwansuis met ŉ vuurwapen gespeel het en dies meer. Dit het my familie en suster, wat ook daai tyd in die polisie was, baie seergemaak. Vir baie jare het ek ŉ skamele honderd-ses-en-sestig Rand van die ongeskiktheidskommissaris gekry. Nou, na vyf-en-dertig jaar, sê my vrou sy dink dis nou drie duisend Rand in totaal. Die afgelope vyf-en-dertig jaar kon ek al drie plase gekoop het met al die mediese uitgawes wat ek uit my eie sak moes betaal om my lewe draagliker te maak - ek kan beslis boeke daaroor skryf.

Ek het later van tyd my graad by Unisa verwerf en was vir ŉ goeie pos by die Nasionale Vervoerkorporasie in Windhoek geoormerk. Suidwes het oornag onafhanklik geword en die pos waarin ek al twee jaar waargeneem het, was die eerste wat met regstellende aksie gesneuwel het. In 1992 het ek bedank. Ek het baie verskillende goed al probeer en op die oomblik het ek ŉ granietfabriek waar ons grafstene en kombuisblaaie maak en installeer. Ek het vyf kinders, nege kleinkinders en ŉ pragtige vrou, wat wil ŉ man dan meer hê?

**Die herontmoeting.**

Op 28 November 2010 het ek en my gesin 'n besoek aan brigadier Beyl en sy vrou gebring. Ek het dit aan hom genoem dat dit vir my 'n groot Kersgeskenk sal wees as ek Bennie voor Kersfees kan opspoor. Wat ek nie geweet het nie was dat brigadier Beyl al 'n geruime tyd besig was om na Bennie te soek. Ek het op my beurt al die Mundells wat in die telefoongids voorgekom het geskakel maar sonder enige sukses. Op 24 Desember 2010 het Ronnie my gebel en aan my gesê dat dit nie lyk of ons vir Bennie voor Kersfees sal kan opspoor nie, en ons het ook bespiegel dat Bennie moontlik al oorlede kan wees. Vyf en dertig jaar gelede het ek in Windhoek en Bennie in Port Elizabeth gewoon. Vir die afgelope negentien jaar bly ek en my gesin in Tzaneen. Op 10 Januarie 2010 het Ronnie vir Magda (my vrou) sonder my medewete gebel en gesê dat hy vir Bennie in Tzaneen opgespoor het. Hy maak toe 'n afspraak met haar dat sy my die Woensdag, 12 Januarie 2011 om twaalf uur by die Spur in Tzaneen moet kry sonder om my daarvan te vertel. Met groot moeite en oortuiging sleep Magda my Spur toe. Toe ons daar arriveer sit Ronnie en sy vrou Magda vir ons en wag. Nadat ons gegroet het kom stap Bennie daar aan en ons sien mekaar weer vir die eerste keer in bykans vyf en dertig jaar. Dit was 'n wonderlike ervaring en die Here het dit so bestem dat

Ronnie vir Bennie in Tzaneen moes opspoor, waar hy die afgelope twee jaar al woon. Die versoening het soveel meer beteken aangesien ek en Bennie al twee jaar lank in dieselfde dorp woon sonder dat een van ons dit geweet het.
(Peet Prinsloo)

**Kobus en Chris Pantsermotor trollies.**
Kobus en Chris, twee prototipe pantsertrollies, was enig in hulle soort. Dié voertuie was plaaslik deur ŉ Spoorwegingenieur, Mnr. Chris van der Merwe, by die Spoorwegwerksplaas te Langlaagte ontwerp en gebou. Sowat 6800 onderdele moes in die werkswinkel ontwerp en vervaardig word. Dié voertuie was koeëlvas en spesiaal ontwerp om landmyn ontploffings te weerstaan. Hulle kon beide op die treinspoor en per pad gebruik word. Die voertuie kon ŉ snelheid van oor die 60km/u behaal en kon met een tenk brandstof ŉ afstand van 750km per pad en 1000km per spoor aflê. Die pantsertrollies het 12½ ton elk geweeg en het van hidroliese aandrywing gebruik gemaak. Op elke wiel was ŉ ses-silinder hidroliese motor geïnstalleer en die hidroliese pomp wat die hidroliese enjins van hidroliese olie onder hoë druk voorsien het, is deur ŉ ses silinder Magirus Deutsch diesel enjin aangedryf. Die veerstelsel was so ontwerp dat dit die voertuig in staat gestel het om op die swakste paaie denkbaar te kon ry.
Om die voertuig op die spoor te gebruik, het die voertuig doodeenvoudig bo-oor die spoorlyn gaan staan, sy treinwiele laat sak, en op die spoorlyn verder gery. Met die trein wiele het die pantsertrollie soos enige spoorwegtrok op die spoorbaan beweeg. Om die voertuie per pad te kon bestuur moes lede oor ŉ spesiale swaarvoertuiglisensie beskik en die bestuurders van die pantsertrollies moes ook oor ŉ swaarvoertuiglisensie beskik. Die lede was met die Spoorweë se luukse Eagle busse opgelei om vir dié lisensie te kwalifiseer.

**Begeleiding van treine.**
Gedurende 1975, en as gevolg van die verskerping en vernietiging van die infrastruktuur (oorhoofse kragmaste, watertenks en die spoorweg infrastruktuur), was die dienste van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie wat in die Republiek gestasioneer was, ingeroep om die verskerpte aanslag op die vervoerstelsel die hoof te bied. Die lede afkomstig van die Republiek was getaak om die spoorverbindings en spoorweginfrastruktuur te beveilig, terwyl die SAW en die SAP die hakkejag operasies vanaf spoorweggrondgebied sou behartig. Hulle basis was op Otjiwarongo vanwaar hulle in die noorde van Suidwes geopereer het. Die dienste van die taakgroep het onder andere behels die begeleiding van passasierstreine en sekere goedere treine asook algemene beskermingsdienste op stasies. Die taakgroep was ontplooi ter beskerming van die treine en die troepe op stasies en sylyne waar troeptreine stilgehou het. By tonele waar die spoorlyne deur die terroriste gesaboteur was, was die tonele beveilig en bewaak totdat die ondersoek aldaar afgehandel was. Lede was per voertuig na Usakos (Kranzberg stasie) en Omaruru in die suide, Outjo in die weste en Tsumeb en Grootfontein in die noorde van Suidwes Afrika vervoer waar hulle op treine geplaas was om begeleiding en beskerming te verleen.
Gedurende Januarie 1977 was sersant J.P.L. Strydom van Suidwes Afrika en verskeie lede van die Republiek genomineer om ŉ treinbedryf kursus by die Spoorwegkollege te Esselenpark by te woon. Hy was deel van die eerste groep Spoorwegpolisielede wat as spoormotortrolliedrywers gekwalifiseer het. Na die opleiding en intensiewe toetsing van die twee pantsertrollies was Kobus per spoor na Suidwes Afrika vervoer en deur sersant J.P.L. Strydom in bedryf gestel. Chris was vir die patrollering van die spoorlyne in die Republiek van Suid Afrika aangewend. Sersant Koos Strydom was die enigste gekwalifiseerde lid van die Spoorwegpolisie in Suidwes Afrika wat in staat was om die pantsertrollie te dryf. Die trollie was gebruik om die Spoorwegnetwerk vanaf Mariental in die suide, Gobabis in die ooste, Walvisbaai en Outjo in die weste en Tsumeb en Grootfontein in die noorde van Suidwes Afrika te patrolleer. Die pantsertrollie was ook met groot sukses voor passasiers- en troeptreine aangewend om die spoortrajek te beveilig. ŉ Staal raamwerk was aan die voorste treinwiele van Kobus gemonteer wat as vroeë waarskuwing gedien het wanneer daar ŉ toestel aan die spoorlyn gekoppel was.

Die lede wat op die Kobus diens gedoen het, het noue skakeling met die taakgroep gehad wat verantwoordelik was vir die begeleiding van die treine. Ongelukkig het Kobus ook sy kwota probleme opgelewer. Vanweë die volgehoue geweldige hoë druk waarmee die hidroliese olie aan die hidroliese motors voorsien moes word, het die koppelings van die hidroliese pype nie gehou nie. Tegnologiese ontwikkeling van die hidroliese pype was nog nie op die verlangde vlak waar dit die druk kon hanteer nie. Aangesien ŉ ligter tipe spoorstaaf op die baanvlak in Suidwes gebruik was, het dit veroorsaak dat Kobus nie tot sy volle potensiaal gebruik kon word nie. Die bemanning van die pantsertrollie het bestaan uit ŉ Bevelvoerder (sersant) en vyf konstabels bewapen met 9mm pistole en R1 gewere.

**Funkey Motortrollie en pad voertuie.**
Weens die tegniese probleme wat met die pantsertrollie ondervind was, is daar besluit om die gewone "Funkey" spoortrollies te gebruik om die beveiliging van die spoorbaan te verseker. Dié spoortrollies was ook gepantser met koeëlvaste glas, maar was nie mynbestand of ontwerp vir oorlogvoering nie. Die trollie kon net op die spoorlyn beweeg en aandrywing het geskied deur middel van ŉ petrol aangedrewe twee liter Ford masjien met ŉ vier spoed outomatiese ratkas. Die trollie was baie beweeglik en het vir baie kilometers diens gedoen. Bemanning het bestaan uit ŉ sersant as seksieleier en drie konstabels. Kleredrag en bewapening was soortgelyk aan die van die pantsertrollie. Die S.A. Polisie het ŉ Hippo voertuig met registrasie nr. SAP 35394 aan die S.A.Spoorwegpolisie beskikbaar gestel vir die vervoer van sy lede. Die Hippo voertuig was mettertyd met ŉ Casspir voertuig van die S.A. Polisie vervang.

**Tannie Duifie.**
Lede wat vanaf Otjiwarongo diens gedoen het, sal vir Tannie Duifie onthou. Sy was ŉ legende en wel bekend in die omgewing. Haar een been was onder die knie geamputeer. Behalwe vir haar liefde vir die soldate, was sy klokslag op Otjiwarongo stasie wanneer die troeptrein gearriveer het. Sy het dan al langs die trein af geloop en biltong aan die troepe uitgedeel. Later van tyd het tannie Duifie die lede van die SASP ontmoet en nodeloos om te sê, die manne het uitgeëet geraak aan die biltong wat sy uitgedeel het.

**Die Spoorlyne as teikens.**
Die Spoorweginfrastruktuur in die sogenaamde moord driehoek (Tsumeb, Otavi en Grootfontein) het ŉ gewilde teiken vir terroriste geword. Verskeie insidente waar die spoorlyne gesaboteur was, het voorgekom. Hieronder het die sabotasie voorval by Jakkalsberg, tussen Otavi en Tsumeb, getel. Hierdie sabotasie voorval het tot gevolg gehad dat die passasierstreine vir ŉ tydperk nie kon loop nie. Die lede het vir die tydperk wat die trein nie kon ry nie die passasiers in die trein beskerm. Sommige lede het saam met die busse vertrek vir verdere beskerming terwyl ander lede agter gebly het om die sabotasie toneel te beskerm. Die beskerming van die sabotasie tonele het baie kere daartoe gelei dat lede in die veld moes slaap met die minimum rantsoene en water. Die grootste vrees was altyd die moontlikheid van "boobytraps" wat by die toneel gestel was en ŉ vyand wat jy nie kon sien nie. Hierdie tipe van insidente was gewoonlik ŉ "*hit and run*" situasie en lede het na ŉ tyd kalm en rustig geraak. Lede op die toneel het die voetspore bewaak en gemerk, sodat die spoorsnyers van die SAW en SAP die hakkejag operasies kon uitvoer. Sommige lede het gebrand om sommer self die spoor te vat om die "terr's te gaan jag", somtyds tot groot vermaak van ander of uit uiterste frustrasie. Lede was egter gefokus en het presies geweet wat om te doen sonder om hulle lewe onnodig in gevaar te stel.
Gedurende hierdie tyd het die terroriste aanvalle in die moord driehoek die hoogte ingeskiet en was daar baie druk op die veiligheidsmagte geplaas om elke aanval te hanteer. Uchab sylyn was aan die rand van die moord driehoek tussen die laaste koppe en die oop vlaktes en ongeveer vyf-en-veertig kilometer vanaf Grootfontein stasie geleë. Gedurende die nag was die sylyn deur ŉ groep terroriste aangeval. Die sylyn was op verskeie plekke opgeblaas en op sommige ander plekke op die sylyn was groot hoeveelhede springstof in die vorm van 100 gram blokkies Russiese TNT met Russiese MUV2 skakelaars gevind, wat om die een of

ander rede nie gedetoneer het nie. Lede op die toneel het adjudant offisier Loekie Jordaan, die seksiespeurder op Grootfontein, van hulp verleen om die ontstekers uit die springstof te verwyder om enige verdere ontploffings te voorkom. Sommige van die ontstekers was nie geaktiveer nie. 'n Goedere trein met brandstof en voorrade vir die SAW het by die sylyn aangekom en op verskeie dele van die treinspoor het die goederetrein oor die gedeeltes beweeg waar stukke van die spoorlyn as gevolg van die ontploffing vernietig was. Gelukkig het die trein nie ontspoor nie en, sou dit die geval wees of sou die bom onder die trein afgaan terwyl die trein daaroor beweeg het, kon dit 'n groot ramp afgegee het.
Die S.A Lugmag het daarna soggens vanaf Grootfontein oor Otavi na Otjiwarongo en Tsumeb die spoorlyn met 'n Bosbok verkenningsvliegtuig gepatrolleer om te kyk of daar enige skade aan die trajek was.

**Moord op Mnr. Van der Bank.**
Tydens hierdie voorval op Uchab sylyn het terroriste deur die klein venstertjie in die gebou ingeklim waar Mnr. Van der Bank, die Baanmeester wat vir die trajek verantwoordelik was, geslaap het. Hulle het hom verskeie kere met 'n bajonet gesteek en die hele gebou was met bloed besmeer. Dit was duidelik dat Mnr. Van der Bank nog 'n tyd lank, nadat hy aangeval was, gelewe het. Die ironie van die saak was dat die terroriste op pad uit weer deur die venstertjie geklim het in plaas daarvan om die deur te gebruik om die toneel te verlaat. Sersant Strydom en 'n groepie lede van die Spesiale Taakmag was op die toneel om die nodige beskerming te verleen terwyl die misdaadtoneel opgeruim was. Die ondersoek by dié toneel het etlike dae geneem.

**Botsende belange. Wie doen wat?**
'n Seksie Weermag lede onder bevel van 'n 2de Luitenant en 'n seksie SAP lede het so saam-saam op die Uchab toneel opgedaag om die spore op te volg. Daar was baie spore op die toneel en dit het etlike ure geneem om te bepaal waar die spore vandaan kom en waarheen dit gelei het. Dit het meegebring dat lede van die SASP, die SAP en die SAW saam om ‘n tafel gesit het om 'n strategie uit te werk. As gevolg van die druk wat daar op die veiligheidsmagte was om die terroriste op te spoor, het dit dikwels gebeur dat gemoedere tussen die SAW en die SAP hoog geloop het oor wie se verantwoordelikheid dit nou eintlik was om die opvolgoperasie uit te voer. Die Uchab voorval was geen uitsondering nie.
Die SAW het geargumenteer dat hulle die hakkejag moes doen terwyl die SAP die beveiliging moes doen. Die SAP het net mooi die teenoorgestelde geargumenteer. Om die situasie te ontlont, het ‘n lid van die Spoorwegpolisie opgestaan, sy spoorkaart uitgehaal en gesê dat hulle solank die hakkejag sou uitvoer, totdat die SAW en SAP besluit het wie nou eintlik die hakkejag gaan doen. Die SAW en SAP het die spore in verskillende rigtings opgevolg omdat die spore in verskeie rigtings beweeg het. Die Uchab moord- en sabotasie saak was deur adjudant offisier Loekie Jordaan, die seksie speurder op Grootfontein, ondersoek. Die Minister van vervoer, Mnr. Hendrik Schoeman, verskeie personeel van die Hoofbestuurder se kantoor in Johannesburg, asook verskeie senior offisiere van die S.A. Spoorwegpolisie het die toneel besoek. Lede van die Spesiale Taakmag het die nodige beskerming en beveiling aan die hooggeplaastes verskaf.

**Die berugte “*Big Foot* ”.**
Dit is noemenswaardig dat die voetspoor van “*Big Foot*”, soos die terroris later gedoop was, vir die eerste keer op die Uchab toneel opgemerk was. “*Big Foot*” het sy naam gekry vanweë die besondere groot voetspoor wat hy gelaat het. “*Big Foot*” het groot bekendheid onder die veiligheidsmagte verwerf en was gejag totdat hy eendag gevind was waar hy onder 'n stormwaterbruggie op die hoofpad tussen Karibib en Okahandja weggekruip het. Dit was die laaste keer dat hy die lig gesien het.

**Die plaaslike bevolking se bydraes.**
Die lede wat dienste in die omgewing van Otjiwarongo verrig het, het 'n oorvloed van kos en rantsoene gehad. Hulle het orals waar hulle diens verrig het kontakte opgebou waar hulle vars

rantsoene kon kry. Een keer ŉ week was twintig kilogram vars T-Bene by die vleisfabriek langs Otavi stasie teen geen koste afgehaal. Die SAW se rantsoenstore op Otjiwarongo en Grootfontein het vir die res van die voorrade gesorg. Vars gebakte brood en "brotchens" was op ŉ daaglikse basis by die bakkery op Otjiwarongo afgehaal. ŉ Sekere plaas opstal naby Grootfontein het vir vars melk, joghurt en vrugtedrankies gesorg. Die manne het die vermoë gehad om dit vir hulself gemaklik te maak. Weens die aard en ongereelde tye wat die lede gewerk het, was drankgebruik baie minimaal en meestal beperk tot langs die braaivleis vuur wanneer hulle gebraai het. ŉ Baie gewilde drankie onder die lede was ŉ "kleina-kleina" – dit is ŉ yskoue bier met ŉ dubbele "Jagermeister" daarin.

**Die Kerkraad weier.**

Die geestelike versorging van die lede het ŉ baie hoë prioriteit gedurende die spesiale dienste geniet. Godsdiens en kerkparades was ŉ instelling wat nie weens ŉ verpligting ontstaan het nie, maar wat maar altyd deel van die Spoorwegpolisie se "*esprit de corps*" was. Een Sondagaand het twintig lede besluit om ŉ kerkdiens op Omaruru by te woon. Die treine was laat en hulle het genoeg tyd gehad om die kerkdiens by te woon. Die groep het uit wit en swart lede bestaan en almal was in kamoefleerdrag geklee. Die lede het ongewapen die kerkgebou binne gegaan uit respek vir die erediens en die kerk. Al die wapens was agter in die voertuie toegesluit waar ŉ lid dit bewaak het. Die lede het so agt rye van voor in die kerk gaan sit en sommige gemeentelede het vir hulle gesangeboekies en Bybels aangegee. Net voor die diens sou begin, het ŉ ouderling vanuit die konsistorie verskyn en die lede meegedeel dat swart mense nie in die kerk toegelaat was nie. Al die lede was geskok en sersant Strydom, wat die seksieleier van die groep was, het die ouderling meegedeel dat indien die swartes nie in die erediens welkom was nie, was die wit lede ook nie welkom nie. Die seksie het soos een man opgestaan en die kerk begin verlaat. Sommige gemeentelede het ook opgestaan en die kerk verlaat.
Buite die kerk het ŉ ander ouderling hulle genader en gesê dat die predikant nie beswaar het indien hulle die diens wou bywoon nie, maar daar was desnieteenstaande besluit dat die erediens uit respek vir die gemeente se siening, nie bygewoon sou word nie.

**Ongevalle.**

Tydens die spesiale dienste in SWA het twee lede die lewe gelaat. Konstabel Barend Maré was deel van die groep van tien Taakmag lede wat saam met luitenant Beyl gedurende 1979 die spoorbaankampe vir terroriste in die noorde van SWA gaan deursoek het. Op 13 April 1979 het hulle na Johannesburg teruggekeer. Onderweg na sy ouerhuis met sy privaatmotor was hy tussen Belfast en Waterval Boven in 'n ongeluk betrokke waarin hy gesterf het. Die tweede sterfte was die van sersant Carstens. Die voertuig wat aan die Taakmag uitgereik was, het onklaar geraak. Sersant Loekie Jordaan van Grootfontein het toe opdrag gekry om sy amptelike Ford 250 aan die lede beskikbaar te stel. Hulle was vanaf Grootfontein na Otavi, wat 92 km vanaf Grootfontein geleë was onder weg, toe die bestuurder van die groen Ford, met aankoms te Otavi, beheer oor die voertuig verloor, en die voertuig gerol het. Sersant Carstens het uit die voertuig geval. Sy kop het die enigste klip langs die pad getref, en hy was opslag dood. (Loekie Jordaan, Koos Strydom, RB)

**Probleemkind word terroris.**

Gedurende 1976 het ŉ groep terroriste een Saterdagaand die Louw gesin op hulle plaas in die Grootfontein distrik aangeval en die vrou en haar seun vermoor. Hierdie aanval het chaos in die gemeenskap veroorsaak en dieselfde groep terroriste het voorts, naby Sukses, twee Duitsers op hul plaas vermoor waarna hulle tot in Windhoek gevorder het. Twee terroriste in die groep, Simon Nangolo en Kanitius Henalesi, het die veiligheidsmagte baie probleme besorg. Kanitius was ŉ probleemkind en volgens inligting was hy weens sy wangedrag reeds op ŉ jeugdige ouderdom uit sy ouerhuis verjaag. Hierna sou hy in die veld groot word en oorleef van óf dit wat hy in die veld kon kry om te eet óf deur kos van inwoners te steel. Hy het mettertyd by SWAPO aangesluit en die rol van insurgent het hom uitstekend gepas. Sy kennis van die plante en veldkuns het gemaak dat hy vir soms lang tye in die veld kon oorleef en dit

het boonop gemaak dat dit feitlik onmoontlik was om sy spoor te volg. Hy het dikwels bloot in die veld verdwyn wanneer die veiligheidsmagte hom gejag het. Ovambo's wat hom geken het, het voorspel dat die veiligheidsmagte nie daarin sou slaag om hom te vang nie.
Terwyl hierdie twee terroriste in en om Windhoek was, het verskeie klein groepies terroriste die noorde van SWA ingesypel. Hulle het verskeie aanvalle op plase geloods en verskeie van hulle was deur die veiligheidsmagte doodgeskiet. 'n Groep van vyf terroriste het deur Etosha Natuurreservaat, verby Tsumeb, Otavi en Otjiwarongo beweeg en was tot naby Karibib gevolg waar hulle omgedraai het in die rigting van Omaruru. Kolonel M.J. van Taak van die S.A. Spoorwegpolisie in Windhoek het die plaas Ozombumapu besit wat ongeveer 30km suidoos van Omaruru geleë was.
Een Saterdagoggend, terwyl hy op sy plaas was, het die S.A. Polisie hom ingelig dat hulle besig was om die terroriste op sy plaas te agtervolg. Twee Boesman spoorsnyers het die spoor gevolg en die polisie het 'n stoppergroep voor die terroriste uitgeplaas om hulle af te sny, maar die stoppergroep was te vlak uitgeplaas die terroriste het gevolglik die stoppergroep ontwyk. Kolonel van Taak kon die gebeure waarneem vanwaar hy op sy plaas gestaan het. Die opvolggroep het in die stoppergroep se doodsakker inbeweeg; die twee spoorsnyers van die opvolggroep was as terroriste aangesien en 'n skietgeveg het uitgebreek. Een van die spoorsnyers was gedood en die ander een gewond. 'n Hewige skietgeveg het tussen die twee groepe uitgebreek alvorens hulle besef het dat hulle as lede van die veiligheidsmagte eintlik op mekaar geskiet het. 'n Week later was die groep van vyf terroriste deur 'n helikopter naby Omaruru opgemerk waar hulle toe deur die veiligheidsmagte doodgeskiet is. Sersant Weitsche Fourie, wat op daardie stadium die Posbevelvoerder op Otjiwarongo was, was toevallig by die lykshuis op Otjiwarongo toe die lyke daar afgelaai was.
Intussen het die soektog na Simon Nangolo en Kanitius Henalesi in Windhoek voortgeduur. Dié twee het een aand na Seeis, naby die J.G.Strydom-lughawe, gegaan en by 'n algemene handelaar ingebreek. Hulle het 'n aantal items gesteel waaronder drank. Hulle het dronk geraak en onderweg na Windhoek het hulle die voertuig waarmee hulle gery het, omgegooi. Kanitius het 'n ernstige heupbesering opgedoen en het daarna mank geloop. Die S.A. Polisie in Windhoek het inligting ontvang dat die twee in 'n huis in Katutura geskuil het. Daar was toe besluit om die huis te omsingel, maar die groep wat die huis van die agterkant moes nader, was te stadig. Kanitius Henalesi het by die agterdeur uitgeglip en gevlug terwyl die voorste groep die voorkant van die huis bestorm het. Simon Nangolo het teruggeskiet en in die proses was adjudant offisier Bles Naragobe gedood. Simon was deur die rug geskiet en was gearresteer en hy was daarna permanent in sy onderlyf verlam.
Kanitius het na Brakwater, sowat 20km noord van Windhoek, uitgewyk. Die feit dat hy mank geloop het, het teweeggebring dat hy maklik tussen lede van die plaaslike bevolking uitgeken kon word en gevolglik het die inligting rondom hom ingestroom en almal was op die uitkyk vir 'n persoon wat mank geloop het. 'n Groep lede van die S.A.Polisie vanuit die Republiek het een aand langs 'n swart man stilgehou en toe hy van hulle af wegstap, het hulle opgemerk dat hy mank geloop het. Nog voordat hulle hom kon nader, het hy dadelik op hulle begin skiet. Een van die lede, wat voor in die patrollie voertuig gesit het, het volgens hom vir Kanitius in die maag geskiet maar Kanitius het spoorloos verdwyn. 'n Paar maande later het 'n boer naby Brakwater 'n veldbrand op sy plaas waargeneem en met sy aankoms op die plek waar die brand was, het hy 'n ontbinde lyk in die rivierbedding gevind. In die lyk se hand was 'n Tokarev pistool en onder sy liggaam 'n AK 47 aanvalsgeweer. Soos wat Kanitius geleef het, so het hy ook gesterf.
(Wietsche Fourie)

**Die vreemde ploftoestelle.**

By 'n geleentheid ontvang die S.A.Weermag in Windhoek 'n berig dat kontak met 'n groot groep terroriste in die noorde van Suidwes gemaak was. Daar was op 'n groot hoeveelheid plofstof en ander onbekende toestelle (myne) beslag gelê. Kaptein Beyl, wat op daardie stadium opleiding in Windhoek gegee het, asook kommandant Des Radmore van die Suidwes Weermag, was opdrag gegee om na die gebied te vlieg om ondersoek na die groot hoeveelheid plofstof te gaan instel. Hulle moes ook terselfdertyd die onbekende toestelle

identifiseer. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die terroriste kraglyne, elektriese substasies en spoorlyne as teikens in gedagte gehad het. Tussen die talle ploftoestelle was daar ook 'n mini Limpet kleefmyn wat vir die eerste keer in die operasionele gebied gevind was. Daarbenewens was daar ook talle Russiese blokkies TNT, ontstekers, asook verskeie TG 50 demolisiemyne onder die vonds. Van die TG 50 myne, Limpet en mini Limpet kleefmyne was later onskadelik gestel wat weer vir opleiding en die identifisering van dié toestelle gebruik was.
(RB)

**Die motortrollie wat ontspoor het.**
Ek en ander lede van die Spoorwegpolisie het gedurende 1981 'n Treinbedryfkursus te Esselenpark Spoorwegkollege deurloop. Gedurende 1982 het ek spesiale dienste in die noorde van Suidwes as drywer van die pantsertrollie, Kobus, gaan verrig. Ons basis was te Grootfontein en die Posbevelvoerder daar was adjudant offisier Loekie Jordaan wat ons dienste gekoördineer het. Aanvanklik sou ons die Grootfontein - Otavi trajek met Kobus patrolleer, maar weens meganiese probleme met Kobus het ons die begeleiding van treine toe met 'n Funkey motortrollie gedoen. Ek het 'n groep van 5 manne onder my bevel gehad. Een oggend, nadat ons so ongeveer drie weke daar was, het ons 'n trein met petrolvoorrade vir die weermag vanaf Otavi na Grootfontein begelei. Dit was met eerste lig en die sig was swak. Terwyl ons gery het, was elkeen met sy eie gedagtes besig toe ons meteens 'n harde slag en die geknars van staal gehoor het. Dit was een stofwolk en die volgende oomblik lê die motortrollie op sy linkerkant. Ons het in die beperkte spasie binne die motortrollie oor mekaar geval en hier en daar 'n hou met die geweer teen die kop gekry. Die eerste gedagte was dat ons 'n ploftoestel, wat op die spoor was, afgetrap het. Met die spoed waarmee ons gery het, het die motortrollie vir ongeveer sestig tot sewentig meter op sy kant op die spoorlyn geskuur voordat dit tot stilstand gekom het. Almal was deurmekaar en verward, maar in tye soos hierdie skop die opleiding wat jy vir dié tipe gebeurtenisse ontvang het in en jy reageer feitlik soos 'n robot.
Die belangrikste was om so vinnig as moontlik uit die motortrollie te kom want ons was nou 'n "*sitting duck*" vir die terroriste. Ek het opdrag gegee dat die manne rondom verdediging moes doen ingeval daar op ons geskiet sou word. Ons het 'n sitrap na Grootfontein gestuur vir versterking asook die verwydering van die omgeslane Funkey, toe ons agterkom dat daar nie op ons geskiet was nie. Ons het na die plek waar die ontsporing plaasgevind het beweeg deur op die spoorstawe te loop ingeval daar antipersoneelmyne langs die spoorlyn geplant was. In sulke gevalle moes die aankomende treine teen die ongeluk gewaarsku word deur knalpatrone op die treinspoor te plaas wat as opdrag gedien het dat die trein so gou doenlik moes stop. Die aankomende trein met die petrol voorraad het kort op ons hakke gevolg en kon nie betyds stilhou nie. Die dieseleenheid en 'n aantal van die trokke het oor die beskadigde spoor geloop voordat die trein heeltemal tot stilstand kon kom. Gelukkig het nie een van die trokke ontspoor nie, anders sou dit chaos afgegee het as die petroltrokke aan die brand geraak het. Die spoor was vir 'n uur of wat gesluit toe die Spoorbaaninspekteur en sy span die motortrollie met 'n hyskraan op 'n weermag voertuig gelaai en van die toneel verwyder het. Ondersoek op die toneel het aan die lig gebring dat die lasplate wat die spore aan mekaar koppel deur die terroriste verwyder was. Hulle het ook 'n gat onder die spoorstawe gegrawe met die gedagte dat die gewig van die vrag die spoorstawe na onder sou druk om sodoende die trein te laat ontspoor. Dit was 'n wonderwerk en genade van Bo dat geeneen van ons ernstige beserings in die ontsporing van die motortrollie opgedoen het nie asook dat die vrag met petrol nie ontspoor het nie.
Die tydperk in die noorde het ook vir heelwat humor gesorg. In dié tyd het ek nie my baard of snor afgeskeer nie en na 'n maand se groei was my snor en baard redelik lank. Ons het een keer per week ons rantsoene by die 101 weermagbasis gaan afhaal en een oggend, toe ons met die bruin Land Cruiser waarmee ons gery het by die basis aankom, het daar 'n een pip luitenant by die hek gestaan. Voordat ons die luitenant nog kon salueer spring hy op aandag en met duidelike verwarring op sy gesig salueer hy vir my as sersant en die konstabel wat my vergesel het. Nou moet ek ook net meld dat die konstabel maklik vir 'n Portugees aangesien

kon word en later het ons verneem dat die luitenant ons met die bruin kamoefleer uniform van die Spoorwegpolisie, die bruin Land Cruiser en my lang baard as lede van 32 bataljon aangesien het.
(Sakkie Viviers)

**Die "Lang plaas ".**
Verskeie ongerapporteerde skietvoorvalle het snags plaasgevind en tydens sommige van hierdie skietvoorvalle was daar altyd 'n koedoe, gemsbok of ŉ eland betrokke. Die "lang plaas" (dit is die gedeelte aan weerskante van die treinspoor wat as die meganisasie pad bekend gestaan het) het ŉ uiterste bekoring vir die lede ingehou. Hulle kon maar net nie van die lang plaas wegbly nie. Gelukkig het niemand bokkoors gekry nie en slegs enkele skote was tydens die jag ekspedisie afgevuur. Die verskoning was natuurlik dat die spoorlyn gedurende die nag beskerm moes word en om dit te kon doen, moes daar van die meganisasiepad gebruik gemaak word.
Die Hippo was die ideale voertuig vanweë sy vermoë om "*bundu bashing*" te doen. Die slag van die bokke en die maak van biltong was ŉ hoogs geheime operasie wat gewoonlik in die motorhuise van die lede wat te Grootfontein gestasioneer was, plaasgevind het. Die vernietiging van die bewysstukke en afval het op ŉ hoogs georganiseerde wyse plaasgevind. Na die geheime operasie het die lede wat iets vir die pot geskiet het, trots vir foto's saam met die horings geposeer. Die feit dat daar tot vandag toe nog geen navrae of ondersoeke na die voorval was nie bevestig die mate van geheimhouding waarin dit plaasgevind het.

**Namutoni Wildreservaat.**
Daar was ook nie net op die lang plaas gejag nie. Een van die patrollies wat die Namutoni grenslyn gepatrolleer het, se voertuig was met twee skietligte toegerus. Een aand was daar meteens twee blink oë aan die binnekant van die heining in die Namutoni Wildreservaat opgemerk. Dit was nie net leeus nie, maar ook gemsbokke wat daar rondgestaan het. Vyf manne het oor die heining geklouter en, nodeloos om sê, was die bevelvoerder van die groep, luitenant Tjaka Neethling, een van hulle. Die ander lede wat by die voertuig gewag het, het die leeus se aandag op hulle getrek en toe het die skoot geklap. Die vyf manne binne die heining het die gemsbok met behulp van die manne by die voertuig oor die draad gegooi asof dit ŉ sak mielies was. Die groep het as verskoning aangevoer dat, indien daar ŉ slaghuis nader aan hulle basis was, dit nie vir hulle nodig sou gewees het om vir die pot te jag nie.
Nie almal het dit so maklik gehad nie. Luitenant Johan Nel en sy groep, wat op ŉ latere stadium die dienste verrig het, het in die landdroshof in Tsumeb verskyn vir ŉ koedoe wat hulle onwettig geskiet het.
(Tjaka Neethling)

**Nommer twaalf stewel op die rempedaal.**
Ek was ook een van die bevoorregtes wat die geleentheid gehad het om spesiale dienste in die noorde van Suidwes te gaan verrig. Ons Bevelvoerder was kaptein Dennis Keyter en ons basis was op Otjiwarongo. Vandaar het ons die treine na Grootfontein en Tsumeb in die noorde, en na Omaruru in die suide, begelei. ŉ Hippo voertuig, wat deur die S.A. Polisie aan die Spoorwegpolisie beskikbaar gestel was, was gebruik om die lede na en van die treine te vervoer. Om die Hippo te kon bestuur moes jy eers ŉ kursus deurloop en oor ŉ swaarvoertuiglisensie beskik het. Dit was ŉ groot en lompe voertuig, maar het beskerming aan die insittendes teen kleingeweervuur en landmyne verleen. Op ŉ dag het kaptein Keyter, konstabel Roets (die bestuurder) en myself gery om die lede te gaan oplaai. Met die terugkeer na ons basis het kaptein Keyter besluit dat hy wou voel hoe die Hippo bestuur het. Roets was opdrag gegee om die Hippo tot stilstand te bring en die stokke aan die kaptein te oorhandig. Nes ŉ vliegtuig, had ons ook nou ŉ kaptein agter die stuur.
Kaptein Keyter het hom met die ratte vergewis en alles wat nodig was om die swaar en lompe voertuig te kon bestuur. Dit het nogal ŉ ent geneem totdat die Hippo spoed opgetel het en ŉ steilte kon net in die verte wink, en die Hippo het klaar spoed verloor. Dit was gewoonlik dan wanneer die Hippo na derde rat teruggeskakel moes word om spoed op te tel. So het ons die

steilte genader en die tyd het aangebreek dat kaptein Keyter na derde rat moes terugskakel. Die terugskakeling na derde rat moes vinnig geskied ten einde te verhoed dat die Hippo te veel spoed verloor. Dit was tydens hierdie flinke proses dat kaptein Keyter met sy volle krag en met sy nommer twaalf stewel op die rem pedaal getrap het. Hy was onder die indruk dat hy die koppelaar intrap en gelukkig het ek agter by die deur gesit met my veiligheidgordel stewig vas; vasgedruk in my sitplek. Die manne wat nie hulle veiligheidgordels gebruik het nie, het in die gangetjie na die voorste sitplekke afgevlieg. Die Hippo het 'n paar bokspringe gemaak en tot stilstand gekom en gelukkig was niemand in die voorval beseer nie. Stel jou voor; op volle vaart en dan word die rem pedaal teen die vloer vasgetrap. Nadat almal, insluitende die kaptein van die voertuig, tot verhaal gekom het, het ons almal lekker oor die voorval gelag. Dit was op hierdie stadium dat die Hippo voertuig, sonder enige geredekawel of besware, van bestuurders verwissel het.
(Philip van Rooyen)

**My dienstermyn in die noorde van Suidwes.**
Op 16 Februarie 1976 was ek vanaf Johannesburgstasie na Walvisbaai in Suidwes Afrika oorgeplaas. As sersant het ek die Spesiale Taakmag kursus by die Infanterieskool te Oudtshoorn se Kansas City opleidingsterrein deurloop. Die kursus het vanaf September tot Desember 1975 gestrek en so het ek die eerste opgeleide lid van die taakmag in SWA geword. Ek was vir verskeie spesiale take soos onder andere die beskerming van Ministers en hooggeplaaste Spoorwegpersoneel tydens besoeke in Suidwes Afrika aangewend. Ek het die ingenieurs van die Spoorweë na elke pad- en treinbrug in Suidwes Afrika vergesel waar hulle die konstruksie daarvan geëvalueer het met die oog op die beveiliging en versterking van die strukture. Die doel daarvan was om die skade te beperk in die geval van 'n sabotasie aanslag. Hierdie taak het ongeveer vier maande geduur om af te handel.
Ek was afgesonder om die begeleidingsdienste van treine in die noorde van Suidwes Afrika te inisieer en ondersteuning te verleen weens my spesiale opleiding en ondervinding. Tydens hierdie tydperk van drie tot vier jaar was ek gemiddeld nege maande van die jaar met spesiale dienste of met kursusse van die huis afwesig. Ek was só by alle aspekte van die beveiligingsdienste van die S.A. Spoorwegpolisie in die noorde van Suidwes Afrika betrokke dat ek besluit het om te spesialiseer. Gedurende Augustus – September 1980 het ek 'n springstofkursus by die Spoorwegkollege te Esselenpark deurloop. Saam met my op die kursus was die berugte adjudant-offisier Eugene De Kock van die SAP, wat toe op daardie stadium te Oshakati gestasioneer was. Ons was die enigste twee lede van Suidwes Afrika op die kursus wat deur die SAP Veiligheidstak van Pretoria aangebied was. Alhoewel ek na die kursus steeds as drywer van die motortrollie aangewend was, het ek ook betrokke geraak by die beveiliging, opruiming en die ondersoek van sabotasie tonele op en van spoorwegpersele. Dit het tot gevolg gehad dat ek baie nouer saam met lede van die S.A. Polisie se springstofdeskundiges in die noorde van Suidwes Afrika begin werk het. Tussendeur was ek ook aangewend om behulpsaam te wees met die opleiding van reserviste in die S.A Spoorwegpolisie.
Gedurende 1983 is ek tot die rang van adjudant offisier bevorder en na Tsumeb as speur-adjudant offisier in beheer van padmededinge verplaas. My verantwoordelikheidsgebied het die hele noordelike gebied vanaf Otjiwarongo ingesluit en ek het ook deurentyd bystanddienste as springstofdeskundige verrig terwyl ek ook op die bystandslys van die S.A. Polisie te Tsumeb geplaas was. Gedurende my tyd in Tsumeb het ek baie nou saam met die SAP Veiligheidstak onder bevel van Brigadier Boontjie Boonzaaier gewerk. Een oggend, gedurende 1983, terwyl ek besig was om getuienis in 'n padvervoer saak te lewer, het 'n terroris homself in die buite toilet van die landdroshof op Tsumeb opgeblaas. Hy was besig om 'n self geprakseerde bom met 'n F1 handgranaat aanmekaar te sit wat hy in die landdroshof wou laat ontplof het. Dit was 'n gemors om die oorblyfsels op te tel en die plek op te ruim.
Die feit dat ek in Suidwes Afrika gestasioneer was en derhalwe nie die geleentheid gehad het om verdere taakmag opleiding in Suid Afrika te ontvang nie, het meegebring dat ek nie toegeken is met vlerkies van die S.A. Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag nie. Dit het nooit

my geesdrif as lid van die S.A.Spoorwegpolisie gedemp nie. Ek het myself altyd, tot en met vandag, as 'n trotse lid van die S.A. Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag beskou. Op 1 Oktober 1986, na die ontbinding van die SA Spoorwegpolisie, was ek na die S.A. Polisie te Walvisbaai as adjudant offisier oorgeplaas.
(Koos Strydom)

**Die stigting van 'n tuiswag met reserviste.**
Die Spoorweë as die grootste enkele werkgewer in SWA, het 'n baie groot rol in die ekonomie van SWA gespeel. Die oorgrote meerderheid van die Spoorwegpersoneel was egter van die Republiek van Suid Afrika afkomstig. Die moord op Mnr. Van der Bank by Uchab stasie het groot onrustigheid onder die spoorwegpersoneel tot gevolg gehad. Hulle het onveilig gevoel en hul families was bekommerd, veral wanneer hulle eggenotes vir lang tye van die huis af weg was, of wanneer hulle dienste in die noorde van Suidwes moes gaan verrig het. Om die personeel gemoedsrus en sekuriteit te gee, was kaptein Ronnie Beyl van Hoofkantoor met ingang 1 Januarie 1980 na Windhoek verplaas. Sy opdrag was om die burgerlike personeellede van die Spoorweë as reserviste (tuiswagte) op te lei ten einde hulle in staat te stel om hulleself en hulle gesinne te beveilig en te beskerm. Die burgerlike personeel was baie opgewonde en entoesiasties oor die konsep en bykans elke personeellid te Lüderitz, Keetmanshoop, Upington, Windhoek, Otjiwarongo, Outjo, Usakos, Walvisbaai, Tsumeb en Grootfontein het by die reserviste aangesluit en die opleiding deurloop.
Om uitvoering aan die opdrag te kon gee om die personeel se families en eiendomme te beskerm, het die Spoorweë 19 Mazda 323 motors aangekoop wat vir patrollie doeleindes gebruik was. Die treindrywers, kondukteurs, spoorbaanpersoneel en busdrywers het opleiding ontvang om hulself, die passasiers en die eiendom van die Spoorweë teen moontlike terroriste aanvalle te beveilig en beskerm. Die opleiding het hoofsaaklik bestaan uit wetsaspekte, die identifisering van verdagte toestelle, skietkuns, die hantering van die 9mm HMK, R1 geweer en gevegsaanduidings. Die Spoorwegpersoneel wat in die kantore diens verrig het, het dieselfde opleiding as hulle kollegas wat op die seksie gewerk het, ontvang. Hulle taak was egter om die personeel wat nagdiens gewerk het en die wat op die seksie uit was, se families en eiendomme saans te beskerm. Hulle was in groepe verdeel en het vanaf tien uur die aand tot ses uur die volgende oggend die woonhuise van hulle kollegas besoek. Die personeel sterkte van elke stasie het bepaal hoe gereeld elke groep per maand sou werk. Die feit dat die burgerlike personeel by die beskermingsaksie betrek was, het rustigheid en 'n gevoel van sekuriteit onder hulle gevestig. Hulle het ook gevoel dat die bestuur oor hulle veiligheid en dié van hulle families besorgd was. Dit het die moraal onder die werkers aansienlik verhoog en hulle kon derhalwe hul dagtaak met selfvertroue en entoesiasme uitvoer. Vriendskappe wat tussen die reserviste in daardie jare gesluit was, leef vandag nog onder baie van hulle voort, selfs nadat hulle al jare gelede na die RSA teruggekeer het.

**Opleiding van Spoorbaanpersoneel.**
Die S.A.Spoorweë was die lewensaar van Suidwes Afrika se ekonomie. As gevolg daarvan was dit 'n teiken vir die terroriste ten einde te poog om die land ekonomies op sy knieë te dwing. Bo en behalwe die goedere wat op groot skaal vervoer was, was dit die enigste openbare vervoerstelsel vir die algemene publiek wat landwyd beskikbaar was. Gereelde sabotasie van die spoorlyne het daartoe gelei dat die bedryfspersoneel; soos treindrywers, kondukteurs en die stasiemeesters met hulle personeel opgelei moes word in die identifisering van die verskillende ploftoestelle. Talle lesings en demonstrasies was deur kaptein Ronnie Beyl en later deur ander lede wat as inspekteurs van plofbare stowwe opgelei was, aan spoorwegpersoneel gegee. Besondere aandag was aan die opleiding van die manne wat die spoorlyne daagliks gepatrolleer het, geskenk. Ek het ook die lesings aan die personeel te Upington gegee.
Een oggend gedurende September 1982, was ek in my kantoor toe een van die patrolliemanne my geskakel het. Die patrollieman het baie benoud geklink en gesê dat ek dadelik na die treinbrug moes kom wat by Upington oor die rivier gaan, want daar was iets op die spoorlyn wat gelyk het soos 'n toestel wat hy tydens een van die lesings gesien het. Met

nadere ondersoek het ek ʼn Limpet kleefmyn op die spoorlyn gevind. Die Limpet myn het nie gedetoneer nie aangesien die twee terroriste wat die myn daar geplaas het dié betrokke dag, saam die kleurling vroue van Upington gekuier het. Hulle het aan die drink gegaan en met hulle dronk lywe probeer om die Limpet myn te aktiveer. Hulle het die myn net so gelaat en op die vlug geslaan toe die trein in sig kom en later was vasgestel dat dieselfde twee terroriste ook vir die sabotasie van ʻn spoorlyn in Natal verantwoordelik was. Hulle was ook by ʼn skietery in Boksburg betrokke waar hulle deur die S.A Polisie gearresteer was.
(Apie van Lill)

## ENKELE MISDADE IN SUIDWES AFRIKA.

### Grootste sabotasie saak.

Willem Biwa (26), ʻn Damara boer van die plaas Hanaus in die distrik van Gibeon, was daarvan aangekla dat hy aan twee Ovambo's, Johannes Alfons Pandem (28), ʼn werklose onderwyser, en die werklose Petrus Nazngolo Lilongo (25), huisvesting en hulp met terroristiese dade verleen het. Johannes, wat as die springstof ingenieur bekend gestaan het, en Petrus het die aand van 19 – 20 Mei 1978, gepoog om die Guruchab padbrug op die nasionale pad tussen Keetmanshoop en Grunau, ernstig te beskadig deur ʻn beton pilaar met plofstof te vernietig. Tydens die sabotasie poging het Petrus in ʼn pendoring getrap. Die pendoring het deur die sool van sy tekkie gesteek en sy voet het baie gebloei. Hy het die tekkies uitgetrek en op die toneel weggegooi. Gedurende die vroeë oggendure van 25 Junie 1978 sou hulle probeer het om die vrye beweging van verkeer op die spoorlyn tussen Windhoek en Swakopmund te belemmer, of in gevaar te stel, deur die Spoorwegbrug tussen Karibib stasie en Kransberg te saboteur. Die sabotasie daad het daartoe gelei dat goedere/ passasierstrein nr. 99900, waarop sowat 100 passasiers gereis het, ontspoor het. Volgens die kondukteur op die trein, mnr. Gabriël Gerhardus Swarts, was niemand tydens die ontsporing beseer nie.
Speur-adjudant offisier Blondie Prinsloo en speurder-sersant Apie van Lill van Windhoek was vroeër die aand uitgeroep om ondersoek te gaan instel na ʼn verdagte voorwerp wat tussen Windhoek en Okahandja opgemerk was. Met die ondersoek het hulle ʼn hoop ballasklippe gevind wat langs die spoorlyn afgelaai was. Tussen die klippe het ʼn stuk slagsnoer (Cordtex) gelê. Hulle was skaars by die huis, of Blondie skakel vir Van Lill en sê dat hy oppad was om hom te kom oplaai want die spoorlyn by Kransberg is opgeblaas. Hulle het met die ondersoek vir ʼn tyd in ʼn kaboes op Karibib gebly. Speur-adjudant offisier Gummie van Greunen en sy Ovambo speurder van Walvisbaai het met die ondersoek gehelp en nadat die ondersoek aldaar nie veel verder gevorder het nie, was die ondersoek na Windhoek verskuif. Majoor Jacobs (58), in die Mag as "Appél Jacobs" bekend, was ses dae na die voorval vanaf Afdelingshoofkantoor in Johannesburg na Windhoek gestuur om aan die spits van die ondersoek te staan. Luitenant Herman Botha (Cherry) van Durban speurtak en speurder-sersant Martin Marx van Johannesburg was ook na Windhoek gestuur om hulle by kaptein Sakkie du Preez, speur-adjudant offisier Eben Smit, speurder-sersante Pankop Smit, Blondie Prinsloo, Apie van Lill en Joek Botes van die Veiligheidstak aldaar, aan te sluit. Op daardie stadium was daar nog geen leidrade nie.
Die Vrydag nadat majoor Jacobs in Windhoek arriveer het, het hy vertroulike inligting van die weermag ontvang dat die leier van die Swapo se sabotasie span in ʼn *Chevrolet El Camino* bakkie met registrasienommer SN 38 opgemerk was. Die laaste twee nommers van die registrasienommer was waarskynlik 26. Besonderhede van die voertuig se registrasienommer was nagegaan en daar was vasgestel dat ʼn ene Biwa die bakkie by ʼn boer op Keetmanshoop gekoop het. Luitenant Cherry Botha, speurder-sersante Pankop Smit en Apie van Lill het op 4 Julie 1987 na Mariental vertrek. Met hul aankoms te Mariental het hulle die vaal *El Camino* bakkie met die wit kappie by die *Caltex* diensstasie aan die suidekant van die dorp opgemerk. ʼn Swart man het in die bakkie geklim en in die rigting van die spoorlyn gery waar hy op ʼn oop stuk veld stilgehou het. Die bestuurder van die bakkie het doodluiters ʼn koerant uitgehaal en dit begin lees nadat die voertuig tot stilstand gekom het. Die ondersoekspan het hom gevolg en langs hom stilgehou waarna luitenant Botha en die ander twee lede hulleself aan die

bestuurder as lede van die Spoorwegpolisie bekend gestel het. Die bestuurder het hom as ene Willem Biwa voorgestel. Hy het gesê dat hy die eienaar van die voertuig was en Biwa is toe aangesê om die ondersoekspan na Mariental stasie te vergesel. Van Lill het in die passasierskant van die bakkie geklim en hulle het na die stasie gery waar die bakkie agtergelaat was.
Op dieselfde dag, om ongeveer 17:00, het Biwa die ondersoekspan na sy plaas Hanaus, naby Gibeon, geneem. Met aankoms daar het Van Lill en Biwa agter in die polisievoertuig gesit. ŉ Onbekende man, wat soos ŉ Ovambo gelyk het, het by die agterkant van die huis in die rigting van die windpomp geloop. Hy het redelik vinnig gestap en toe Van Lill by Biwa wou weet wie die persoon was, het Biwa geantwoord dat hy hom nie geken het nie en dat die persoon by sy huis moes aangekom het terwyl hy in die dorp was. Luitenant Botha en Pankop Smit het met die persoon, asook ŉ ander Ovambo man, na die motor teruggekeer. Op ŉ vraag wie die tweede persoon was het Biwa weer geantwoord dat hy hulle nie geken het nie en dat hulle op die plaas moes aangekom het terwyl hy in die dorp was. Die drie verdagtes was in Biwa se huis ingeneem. Daar was onder andere ook ‘n bed in die vertrek wat as die sitkamer gedien het. Luitenant Botha het onder die bed gekyk en twee identiese aktetasse gevind. Johannes en Petrus het erken dat dit hulle tasse was. In Petrus se aktetas was ŉ portefeulje gevind wat die volgende bevat het: 2 x R2 note, 1 x R1 noot, asook R2.65 se silwer en brons geld. In die vertrek was ook twee swart baadjies gevind en in die sak van Johannes se baadjie was ŉ dokument gevind waarop ŉ aantal vrae verskyn het. Op ŉ vraag waar hy daaraan gekom het, het Johannes geantwoord dat hy dit by ŉ onbekende soldaat gekry het. Daar was ook antwoorde op die dokument. Hierop het Biwa geantwoord: “Nou besef ek dat die twee terroriste is.”
Sersant Joek Botes het ŉ baie groot rol in die ondervraging en herondervraging van die terroriste gespeel. Hy kon Ovambo vlot praat en verstaan, hy het hulle kultuur goed geken en dan was hy ŉ ook ŉ buikspreker met sy blik mannetjie met die naam van Charlie, wat hy soms tydens die ondervraging ingespan het. Die terroriste het hom as ŉ vaderlike figuur gesien en hom gerespekteer wat die kommunikasie met hulle baie vergemaklik het. Die ondersoekspan het 43 000 km met amptelike voertuie afgelê. Voorts was daar ook van weermag vliegtuie en motors asook motors van die S.A. Polisie gebruik gemaak. ŉ Totaal van 980 man-ure was aan die ondersoek van die saak afgestaan. Die twee Ovambo’s, Johannes en Petrus, het volgens getuienis gedurende Augustus 1974 tot Oktober 1975 opleiding in Suidwes Afrika, Angola, Zambië en Tanzanië in die hantering van plofstof en sabotasie tegnieke ontvang. Hieronder is ‘n lys van wapens en plofstof wat uit ses verskillende gate opgegrawe was. Die plekke waar dit gevind was, was naby Mariental in die suide, Okahandja en in die Omutele wyk in Ovamboland in die noorde van Suidwes Afrika.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 | AKM Outomatiese gewere met magasyne | 1 | Tokorev pistool |
| 2 | Makorov pistole | 2 | TMA 3 voertuig myne |
| 4 | PMN (Black widow) antipersoneelmyne | 23 | F1 handgranate |
| 26 | PMD antipersoneelmyne | 2 | MUV ontstekers |
| 2 | POMZ antipersoneelmyne | 100 | Slagdoppies |
| 30 | RO-1 meganiese ontstekers | 218 | 400gr TNT plofstof blokkies |
| 160m | Cordtex (slagsnoer) | 152 | 200gr TNT plofstof blokkies |
| 10m | Veiligheidslont | 10kg | Plastiese springstof |
| 2rolle | Pootjiedraad | 160m | Cordtex slagsnoer |
| 3 | Tuis hout detoneringsmeganismes | 1 | Hand skoot ontplowwer. |
| 30 | RO-1 meganiese ontstekers | | |

Daar was ook getuig dat hulle gedurende die tydperk 1 November 1977 tot 21 Junie 1978 vuurwapens, ammunisie, landmyne en plofstof onwettig in SWA ingevoer het. Luitenant kolonel Christiaan Stephanus Ernst Cloete, hoof van die S.A. Spoorwegpolisie se plofstof afdeling in Johannesburg, het getuig dat die beskuldigdes hul teiken fyn uitgekies het. Volgens hom het hulle ongeveer 25kg plastiese plofstof gebruik om die brug mee te saboteer.

ʼn Stuk van die treinbrug wat ongeveer 20kg geweeg het, was sowat 67m vanaf die punt van detonasie gevind. Die saak het voor Regterpresident Badenhorst, bygestaan deur twee assessore, mnr. W.H. Visser, die Hooflanddros van Windhoek en mnr. D.J De Lange die Prokureur Generaal van Suidwes Afrika, gedien. Die aanklaer in die saak was Advokaat Don Brunette. Volgens majoor Jacobs kon die sukses van die ondersoek aan gebed, harde werk en ʼn goeie spangees tussen lede van die ondersoekspan toegeskryf word. Daar was ook ʼn hartlike samewerking tussen lede van die S.A.Spoorwegpolisie, die Veiligheidstak van die S.A. Polisie en die S.A. Weermag. Majoor Jacobs het ook in die verhoor getuig dat die beskuldigdes baie bygedra het tot die oplossing van die saak. Hoewel dit soms met stampe en stote gegaan het, was daar nooit enige dwang op hulle uitgeoefen nie; hulle het hul heelhartige samewerking in die ondersoek van die saak gegee. Die twee Ovambo's het egter daarop klem gelê dat hulle soldate was en dat soldate nie sommer uitgepraat het of plekke uitgewys het nie. Die drie beskuldigdes het met die aanvang van die verhoor skuld erken. Dit was al drie se eerste kriminele oortredings. Regter Badenhorst het met die oplegging van die vonnis gesê dat, net omdat hy nie in hiérdie geval die doodstraf vir die terroristiese dade opgelê het nie, moes voornemende terroriste nie verwag dat ander howe dieselfde houding sou inneem nie. Regterpresident F.H. Badenhorst het ʼn spesiale gelukwensing aan majoor Jacobs en die ondersoekspan oorgedra en die volgende opmerking gemaak: “Nie ʼn enkele faset van die ondersoek is nie deur die manne nagegaan nie”.
Sowat sestig swart lede van die S.A.Spoorwegpolisie het daagliks die verhoor bygewoon. By ʼn geleentheid moes die voorsittende beampte veertig van die polisiemanne aansê om die hofsaal te verlaat sodat daar vir die naasbestaandes en belangstellendes plek in die hofsaal gemaak kan word. Die drie beskuldigdes het, terwyl ʼn groepie Swapo's al singende buite die hooggeregshof betoog het, hul vonnisse sonder enige uitdrukking aangehoor. Kort na die vonnis en net voordat hulle met die trappe na die hofselle afgelei was, het hulle die swartmag teken aan die belangstellendes gegee. Dis met ʼn koor van “Power, Power” begroet. Johannes en Petrus was albei ʼn gevangenisstraf van 18 jaar opgelê, waarvan 4 jaar opgeskort was. Biwa het 7 jaar gevangenisstraf gekry vir sy aandeel in die saak. Met die oplegging van die vonnis het die regter gesê dat hy die politieke omstandighede wat in SWA aan die ontwikkel is, in aanmerking geneem het, maar het voornemende terroriste gewaarsku dat ʼn ander hof moontlik nie dieselfde houding sou inneem wanneer vonnis opgelê sou word nie.
(Sakkie du Preez, Blondie Prinsloo, Apie van Lill, Martin Marx)

**Moord op die trein tussen Walvisbaai en Usakos.**
Twee blanke kondukteurs het op die gemengde trein vanaf Walvisbaai na Usakos diens gedoen. Onderweg, terwyl hulle die kaartjies van die passasiers nagegaan het, het ʼn rusie tussen hulle en een van die Ovambo passasiers ontstaan wat later in ʼn hand geveg ontwikkel het. Die twee kondukteurs het die passasier na die kondukteurswa geneem waar hulle hom met ʼn roomkan oor die kop geslaan het. Sy kopvel was van voor sy kop tot agter by sy ore losgeskeur. By ʼn geleentheid het hulle die passasier in die hondehok in die kondukteurswa geprop. Toe hulle sien hoe ernstig die passasier beseer was, het hulle besluit om van hom ontslae te raak deur hom by die deur van die kondukteurswa uit te gooi. Hulle bedoeling was dat die passasier tussen die aangrensende treinspore moes val sodat, wanneer ʼn trein op die trajek verbyry, die trein die passasier sou vermink en hulle dan sodoende van alle blaam sou onthef gewees het. Dit het egter toe nie so gebeur nie.
Die passasier het op die gedeelte tussen die twee spoorlyne te lande gekom en ʼn trein wat in die teenoorgestelde rigting op pad na Walvisbaai was, het gerapporteer dat daar ʼn liggaam tussen die spoorlyne gelê het. Speurder-sersant Pankop Smit was die ondersoekbeampte. Hy het my geskakel en versoek dat ek die kondukteurswa met die aankoms van die trein in Windhoek, vir bloedspatsels moes ondersoek. Ek het die trein in die goederewerf ingewag en die kondukteur wat op Usakos oorgeneem het, het ʼn inskrywing in sy reisjoernaal gemaak dat hy die wa met die bloedspatsels by die vorige kondukteurs oorgeneem het. Met die ondersoek van die wa was dit duidelik dat hulle ʼn poging aangewend het om die bloed met water te verwyder. Hulle het nie daarin geslaag nie en ʼn groot gemors daarvan gemaak. Ek het die Vrydag op Usakos aangekom om foto's van die toneel te neem en die plan waar die

liggaam gevind was, op te stel. Met die terugreis na Windhoek het die amptelike voertuig waarmee ek gery het, ongeveer 30 km vanaf Windhoek, die gees gegee. Dit was ŉ langnaweek en daar het ek in die vlakte gestaan en aanskou hoe opgewonde die mense was wat vir die langnaweek oppad na Swakopmund was om die naweek daar te gaan geniet. Beide die kondukteurs was van moord aangekla en hulle was elk tot 18 jaar gevangenisstraf gevonnis.
(Apie Van Lill)

**Moord op die Stasie kafee eienaar.**
Terwyl ek op Upington was, was ek een aand by die huis geskakel met die boodskap dat Mnr. Louw wat die eienaar van die Stasie kafee was, met ŉ skerp voorwerp in die bors gesteek was en dat hy per ambulans na die hospitaal afgevoer was. Met my aankoms by die hospitaal was Mnr. Louw reeds as dood verklaar. Daardie jare was daar nog aparte bedieningstoonbanke in die kafee; een vir die blankes aan die voorkant van die kafee en die ander een vir die nie-blankes aan die agterkant. Mnr. Louw het by die nie- blanke kant bedien en sy vrou aan die voorkant by die blankes. Dié betrokke aand was die stasie baie besig; passasiers het gewag op die gemengde trein wat na De Aar sou vertrek. As gevolg van die stadige diens aan die nie-blanke kant het die mense oproerig begin raak want hulle wou iets koop voordat die trein arriveer het. ŉ Groot, fris kleurling man het vorentoe gestorm en bo - oor die mense wat voor hom gestaan het, vir Mnr. Louw met ŉ skerp voorwerp in die bors gesteek. Chaos het toe uitgebreek en die kleurling man het tussen die omstanders verdwyn. Die mense in die winkel het Mnr. Louw buite op die trappies laat lê en op die ambulans gewag.
Toe die ambulans by die hospitaal opdaag, het sy familielede agtergekom dat sy beursie en horlosie vermis was. Ek en my getroue kollega, kleurling konstabel Karel George, het vir vyf dae dag en nag na inligting oor die aand se gebeure gesoek. Op die sesde dag was ek en Karel in Joslingstraat en uit moedeloosheid het ons by ŉ kleurlingvrou stilgehou wat op die sypaadjie gesit het. Ons vra toe of sy dalk die aand by die stasie was toe die voorval plaasgevind het. Sy het gesê dat sy gehoor het dat die verdagte ŉ kleurling man was wat die dag voor die voorval uit die gevangenis ontslaan was. Met navraag by die gevangenis was ons meegedeel dat, op die betrokke dag, ŉ hele aantal prisoniers vrygelaat was. Twee van hulle was op parool en was werksaam by Mnr. Botha, die redakteur van die plaaslike koerant. Ons het ŉ besoek by die kantoor van die koerant afgelê en, terwyl ek met Oom Abie gestaan en praat het, sê hy vir my: “Daar staan en bou die twee.” Ons het hulle ondervra, maar hulle het alles ontken. Die twee het ons na hulle kamer vergesel waar hulle gewoon het. Met die deursoeking van die kamer het ek ŉ bebloede skroewedraaier onder Johannes de Bruin se kopkussing gevind. Onderweg na die polisiestasie het ek in die truspieël van die motor opgemerk dat een van hulle vorentoe gebuk het ten einde iets onder die sitplek van die motor weg te steek.
Ons het die twee verdagtes van mekaar geskei en kort voor lank het Johannes gebieg dat hulle by die moord betrokke was, waarna ons die motor gaan deursoek het. Hy het mnr. Louw se arm horlosie onder die sitplek van die motor weggesteek. Die ander verdagte het staatsgetuie gedraai en teen Johannes getuig. Johannes was aan moord en roof met verswarende omstandighede skuldig bevind en het ŉ galgdood gesterf.
(Apie Van Lill)

## OTJIHASE EN GAMAMS OPLEIDINGSENTRUM

Die S.A.Vervoerdienste het in 1970 ŉ gedeelte van die Otjihase Kopermyn, wat een-en-dertig kilometer buite Windhoek geleë was, se geboue gehuur om lede, wat aan die Vervoerdienste in Suidwes Afrika verbonde was, op te lei aangesien daar destyds in Windhoek geen opleidingsgeriewe was nie. ŉ Gedeelte van die myn se woonkwartiere was in kantore vir die opleidingspersoneel omskep. Die werkers van die Spoorweë wat in Suidwes Afrika woonagtig was, sou dan by die opleidingsentrum opgelei word. Aanvanklik was siviele personeel van die Hoofbestuurder se kantoor in Johannesburg gestuur om die siviele studente op te lei terwyl

instrukteurs van die Mag, vanaf die Kollege te Esselenpark, afgesonder was om die polisie opleiding waar te neem. Die Spoorwegpolisie het in dieselfde kompleks rekrute opgelei wat in Suidwes Afrika gewerf was. Kaptein Frans Wiid, wat by die nie-blanke Kollege te Esselenpark in bevel was, was die eerste opleidingsoffisier te Otjihase. Hy was later deur luitenant Allie Jooste en toe deur luitenant Buks Meintjes, beide verbonde aan die Kollege te Esselenpark, afgelos. Latere jare het gerugte die rondte gedoen dat die myn weer van voornemens was om produksie te begin en die Vervoerdienste moes inderhaas reëlings tref om ander fasiliteite vir die opleiding te bekom. Na beraadslaging was daar besluit om 'n tydelike opleidingsentrum by Gamams in Windhoek op te rig. Gamam is 'n Nama woord wat "twee monde" beteken. Op 28 Mei 1980 was daar met die oprigting van die veselglaseenhede, wat as igloes bekend gestaan het, begin. Die meganiese werkswinkel in Durban het die igloes in seksies vervaardig wat later net aanmekaar vasgebout was.
Op 28 September 1980 was die opleiding te Gamams voortgesit. Kaptein Wiid het die eerste kursus begin en gedurende die kursus het kaptein Ronnie Beyl by hom oorgeneem totdat Luitenant Frans Koekemoer as die eerste permanente opleidingsoffisier daarheen verplaas was. 5 Desember 1980 was 'n geskiedkundige dag in die bestaan van die S.A. Spoorwegpolisie in Suidwes Afrika; die eerste groep polisiestudente wat uitsluitlik deur instrukteurs van die gebied, kaptein Ronnie Beyl, luitenant Frans Koekemoer, sersante A.M. Horn en A. Shilobeleni opgelei was, het hulle kursus met 'n seremoniële voorstellingsparade afgesluit.

**Buitemuurse studente : Otjihase.**
Gedurende 1978, terwyl ek die opleidingsoffisier te Otjihase was, het ons een Maandag, tydens die siviele studente se langnaweek, besoek van 'n groep "buitemuurse studente" ontvang; te wete 'n trop wilde bobbejane. Die "studente" het in 'n oop klaskamer van Sinjale inbeweeg met die brandwag wat op die trap voor die klaskamer in die son gaan sit het. Ek het met 'n .303 geweer, gelaai met houtpatrone, die brandwag bekruip. Ek het hom met die houtpatroon geblerts terwyl hy het nog so lekker gesit en dut het (nie veel van 'n brandwag as jy my vra nie). Uit pure skok storm hy toe by die klaskamer in nadat hy sy merk op die trap gelos het en sy aankoms aldaar het veroorsaak dat daar chaos en totale wanorde in die klaskamer uitgebreek het. Die "studente" het die klas, met sy treintjies en sinjale, feitlik afgebreek met hulle gerondspring en hulle angs en verwarring het onwelriekende deposito's teen die mure gelaat. Ek het nog 'n paar skote afgevuur nadat hulle daarin geslaag het om uit die klaskamer te storm, net om te sien hoe hulle al vinniger die hasepad kies.
Die volgende Woensdag, met die terugkeer van die siviele studente en die personeel by die Kollege, wou die Prinsipaal by my weet wat gebeur het. Ek het hom ingelig oor die trop buitemuurse studente wat as stasievoormanne opgelei wou word, maar nadat hulle uitgevind het wat die salaris was, het hulle besluit dat die kool die sous nie werd was nie. Die klaskamer was behoorlik vuil gemors. Teen die Woensdag was daar 'n reuk in die betrokke klaskamer wat niemand kon verduur nie. Dit het dae geneem om die klaskamer skoon te kry en om al die modelle wat daarin was, te herstel of te vervang. Natuurlik het ek hom nie die ware verhaal vertel nie; die gedeelte oor die skietery het my geheim gebly. Dit was ook die laaste keer dat die bobbejane besoek by die Kollege afgelê het. Was dit die geskrik met die skietery of miskien die salaris wat hulle weggehou het; hoe sal ek nou weet?
(Buks Meintjes)

**Die Spietkop en die VW Beatle.**
Ek was in die bevoorregte posisie om vir my 'n VW Beatle te koop tydens my dienstermyn te Otjihase. Ronnie Beyl het in hierdie tyd vanaf Hoofkantoor die teeninsurgensie gedeelte van die kursus kom aanbied. Een Saterdagoggend ry ek en hy met die Beatle na Otjihase en oppad, net buite Windhoek, word ons deur 'n verkeersman gelas om af te trek. Ek hou stil sonder om bekommerd te wees want die VW was in 'n goeie toestand. Die verkeersman stap om die motor en kyk na die tydelike permit op die windskerm en hy deel my toe mee dat die permit op die windskerm slegs vir die voertuig bedoel was en dat dit nie die vervoer van passasiers toegelaat het nie. Ek vra hom voorts of hy vir enige van my of Ronnie op sy

motorfiets sou laai, maar hy het nie daarvoor kans gesien nie. Hy sê toe dat een van ons plat op die agterste sitplek van die Beatle kon lê sodat hy net nie die persoon van buite die motor kon sien nie. Dit was nie baie moeilik om te bepaal wie op die agterste sitplek moes gaan lê het nie. Dié eer het my te beurt geval want liggaamsdele van Ronnie sou by die Beatletjie uitgesteek het – en dit sou net nie deug nie.
(Buks Meintjes)

## SUIDWES VERHALE EN STAALTJIES.

**Blouaap van Niekerk.**
Die Bevelvoerende Offisier, kaptein van Niekerk, was in alle waarskynlikheid die offisier wat die minste van al die Spoorwegpolisiemanne gewerk het. Hy was later tot die rang van majoor bevorder en met ŉ besoek van die Hoofbestuurder aan SWA, het hy bevordering tot die rang van luitenant kolonel bewerkstellig. Kort na sy aftrede, en toe ek al as kopkrimper (Sielkundige) by die Spoorweë begin het, het hy by geleentheid by my gekla dat hy niemand meer het om uit te trap nie. Hy het toe ŉ jong kleurling man gehuur, hom goed betaal, hom die bynaam "Voetvelletjie" gegee en hom gereeld ter helle uitgetrap. Later van jare het hy tog by die omstandighede aangepas en vrede gemaak daarmee dat hy nie meer ondergeskiktes onder hom gehad het vir wie hy kon uittrap nie.
(Elias " Striker" van Niekerk)

**Die Ovambo met die rewolwer.**
ŉ Jong konstabel, wat pas sy opleiding aan die kollege voltooi het, land op Windhoek stasie. Hy was baie ywerig om sy eerste arrestasie uit te voer en kort voor lank arresteer hy ŉ groot Ovambo man. Dié verset hom teen die arrestasie en ŉ gestoei ontstaan. Om die Ovambo man aan sy arrestasie te onderwerp, dreig hy die prisonier met sy .45 rewolwer. Hiervan het die Ovambo nie veel gehou nie en hy vat toe summier die rewolwer by die jong en onervare konstabel af en stap vort my die rewolwer met die konstabel agterna wat hom smeek om sy wapen terug te gee. Die konstabel draf al smekende agter die Ovambo man aan wat met onverbiddelike gang die pad af stap.
Die koddige prosessie het onverpoosd voortgegaan totdat hulle vir konstabel Visser in die rangeerwerf raakgeloop het. Visser het voorts die rewolwer by die prisonier afgeneem en het gevra wat aan die gang was. Die Ovambo se verduideliking was dat die polisieman hom wou skiet en hy het homself doodeenvoudig verdedig deur die wapen af te neem. Daar was ernstig met die jong konstabel gepraat en hy was oortuig dat hy dit nie as polisieman sou maak nie; gevolglik het hy sy bedanking ingedien en die Mag verlaat.
So gebeur dit dat konstabels Jannie Nel en Natie Jacobs met ŉ klomp swart mans op Gamams sylyn in ŉ bakleiery betrokke geraak het. Nel het op 'n stadium, toe dinge begin warm raak het, sy kollega, Natie Jacobs, net so gelos en het na die naburige huise gehardloop op soek na ŉ vuurwapen. Gelukkig het ŉ paar bruin mense die bakleiery gewaar en het hulle vir Natie Jacobs te hulp gesnel. Jannie Nel was op ŉ mooi wyse verduidelik dat hierdie daad te veel van lafhartigheid gespreek het en dat hy die eerbare weg moes volg; bedank as polisieman. Dit is toe presies wat hy toe ook gedoen het.
(Elias "Striker" van Niekerk)

**My verlange na die ongerepte.**
Suidwes Afrika in die vyftiger/sestiger jare kan beskryf word as ŉ ongerepte natuurlike skoonheid waar die vernietigende hand van ontwikkeling nog nie sigbaar was nie. Dit is waarom ek Suidwes Afrika leer lief kry het. Ek is nie bewus van enige lid van die S.A. Spoorwegpolisie wat in Suidwes diens gedoen het en wat daar ongelukkig was nie. Ek verlang na die nagte wanneer ek en my swart speurder-konstabel in die noorde van Suidwes die Dodge bakkie tussen die Haak-en-Steek bosse ingeforseer en die driebeenpot uitgehaal het waarin hierdie lid vir ons kos voorberei het. Ons het geglo dat die vuur moes brand want die leeu en die tier het ŉ vrees daarvoor gehad. Die geluide van die jakkalse en roofdiere wat

ons nie geken het nie, was duidelik hoorbaar wanneer die nag se stilte oor ons braaiplek toegesak het. Hulle het die bene, en alles wat ons agtergelaat het, opgetel.
Speurder-sersant Petrus van Gil, my vennoot in baie suksesse, het my male sonder tal agter in die Dodge bakkie toegesluit terwyl hy dan op die sitplek gaan slaap get. Die heimwee na al hierdie wonderlike tye en plekke kan nie in woorde beskryf word nie. Ook die heimwee en verlange na 'n baie getroue swart speurder gee jou die gevoel dat jy nie behoorlik afskeid geneem het van hierdie getroue kollega toe bevorderings begin wink het nie. Ongelukkig is dit die verloop van 'n polisieman se loopbaan.
(Tjaka Neethling)

**Bliksem op Grootfontein.**
Die personeel op Grootfontein was baie trots op hulle kantore. Die vloere was elke dag gepoleer en hulle het, soos in die Kollege dae, met "*taxi's*" ('n paar stoflappe bo-op mekaar) oor die vloer beweeg. Nr. A317 Reservis-sersant Barrie Myburgh, 'n treindrywer op Grootfontein, het 'n staal raamwerk in die vorm van 'n mens se profiel gemaak wat in die ou terme ongeveer 5vt 8 duim hoog was. Barrie het die lyf uit ronde yster gesweis, dit met koerantpapier opgestop en toe 'n gips laag daarop gesit. Hy het eers die broek en stewels aangetrek en toe die lyf met koerantpapier opgestop. 'n Hoed met die naam, Bliksem, daarop was op sy kop aangebring. Bliksem het in die staandehouding; geklee in 'n volledige SWAPO uniform, aan die binnekant van die deur wat vanaf die stoep se kant toegang tot die kantore verleen het, gestaan. Hy het menige besoekers behoorlik laat skik wanneer hulle by hom verby gestap het. Hy het so half agter die deur gestaan en jy was al halfpad binne die vertrek voordat jy hom eers raakgesien het. Die blink en glad gepoleerde vloer het menige besoekers byna op hul agterstewe laat beland wanneer hulle vir Bliksem geskrik het.
So dink ek byvoorbeeld aan kaptein de Jager (ek dink J.J.) - hy het maar moeilik geloop - wat byna 'n stuk grond in die gang gekoop het. Nog 'n geval wat by my opkom was toe 'n offisier by ons kom inspeksie hou het en vir Bliksem terug gesalueer het. Ons het gelag en toe hy weer na Bliksem kyk, het hy net gesê: "Bliksem, nou het jy my gevang." Nee wat, ons was nooit in die moeilikheid oor Bliksem nie want die Spories kon 'n grap vat. Ek wonder wat van ou Bliksem geword het?
(Loekie Jordaan)

**Jag op die "Lang plaas".**
Die nagtelike rustigheid waarin Windhoek toegevou was, het selfs 'n baie versigtige en wantrouige dier soos die koedoe die vertroue gegee om die rustige Kaiserstraat te besoek. Hierdie verskynsel het hom ook op die Eros - lughawe afgespeel. Eros was die amptelike lughawe waar alle vliegtuie geland het. Vliegtuie van die Suid Afrikaanse Lugdiens moes snags deur lede van die S.A Spoorwegpolisie bewaak word en op baie van hierdie aande het koedoes op die aanloopbaan en rondom die geparkeerde vliegtuie gestap; nogal nie 'n te slegte verweer vir 'n onwettig jagtery nie. Dieselfde argument het gegeld vir die beskerming van die polisievoertuie wat tussen J.G. Strydom-lughawe en Windhoek beweeg het. Die .45 diensrewolwer was gebruik om die wesenlike gevaar, verskaf deur die dreigende en aggressiewe koedoes, gemik teen die voertuig, af te weer. As die patrollievoertuig nie deur die S.A. Polisie in 'n padblokkade voorgekeer was nie, gaan die "aanvaller" direk na die lid se motorhuis waar hy bewerk was. Gelukkig was Wietsche Fourie, Beatle Fourie en Hannes (Bez) Bezuidenhout daardie jare nog nie in die Mag nie. Hierdie manne was die "eienaars" van die "Lang plase ". Dit is nou die gedeelte aan weerskante van die spoorlyn. Hierdie drie manne het nogal 'n wettige argument gehad; hulle het beweer dat dit hulle wetlike plig was om die spoorlyne veilig en sonder enige gevare te hou. Koedoes was veral gedurende die nag 'n bedreiging vir die veilige beweging van treine en 'n botsing met 'n koedoe kon selfs tot 'n ontsporing lei.
(Tjaka Neethling)

**Die moles met die troepe op die trein (1981)**

Een aand, tydens een van Walvisbaai se gereelde feeste by die rugbyveld, was omtrent elke Sporie besig om fees te vier - behalwe natuurlik die voorbeeldige lede wat reeds getroud was. Terwyl ons nog so heerlik fees gevier het in die biertuin, het daar ŉ aankondiging gekom dat alle Spories by die uitsaaipunt moes aanmeld. Ek moet bysê dat ons baie vertroud was met die kuns van poetsbakkery en gevolglik het ons die versoek eenvoudig geïgnoreer. Teen die derde aankondiging wou ek graag vasstel wie dit was wat die poets wou bak en het ek toe doelgerig na die uitsaaipunt gestap en die man aldaar gevra wie die aankondigings gemaak het. "Nee", het die man gesê, "dit was ŉ ou in ŉ groen uniform en ek dink die ou het sersant strepe gehad. Hy is reeds weg en het slegs die boodskap gelaat dat alle Spories dringend by die aanklagtekantoor moes aanmeld." Daar was net een persoon aan diens wat hierdie aankondiging kon laat doen het en dit was sersant J.P.L. (Koos) Strydom. Toe het ek geweet; dié is nie ŉ grap nie! Ek het terug gedraf na my kollegas toe en gerapporteer dat die versoek eg was waarna ons almal soos een man daar weg gevlieg het. By die aanklagtekantoor aangekom, het ons vir sersant Strydom daar gevind en direk daarna het kaptein Van Heerden (Area Offisier) daar aangekom en die situasie aan ons verduidelik.

Die kaptein het ons ingelig dat ŉ troepetrein, onderweg na Windhoek, in chaos verval het en dat die trein op Arandis stasie gaan staan het. Die swart troepe het geweier dat die trein verder mag ry. Daar was ongeveer 300 troepe aan boord en hulle het diep in die bottel gekyk vandat hulle uit Walvisbaai vertrek het en derhalwe was hulle sommer net opstandig vir geen rede nie.

Ons moes die ongeveer 90km so gou as moontlik na Arandis aflê waar sersant Armando Bianco en sy manne van Usakos ons sou ontmoet het. Vandaar sou ons almal op die trein klim en sorg dat daar orde kom sodat die trein verder kon beweeg. Ons moes elkeen ŉ HMK en rubberknuppel trek indien dit nodig sou raak om die oproeriges onder beheer te kry. Op Arandis aangekom, het ons vir sersant Bainco en sy manne ontmoet net toe hulle daar indraai. Die trein het daar gestaan en die kondukteur en treindrywer het ons ingewag. Hulle was alreeds twee ure agter skedule en die dronk troepe wou omtrent die trein afbreek. Ons was omtrent twaalf polisiemanne. Twee voertuie moes op die dienspad vir ondersteuning bly terwyl die res van ons op die trein moes klim. Die drywer het die teken om te vertrek gekry en kaptein van Heerden het opdrag gegee dat almal in hul kompartemente moes bly en geen individu mag in die gange rondgeloop het nie. Die helfte van ons het van die fees af gekom, so ons was heeltemal "*opgegear*" vir die situasie. Terwyl die kaptein nog opdragte gegee het, kom die eerste dronk troep verby geskuif met ŉ heel verkeerde houding want die eerste persoon wat hy uit die pad uit gestamp het, was die kaptein self. Fout! ŉ Klap op die oor het hom in die gang af gehelp en soos wat hy verby geskuif het, het hy nog twaalf van dieselfde gekry. Die ys was gebreek. Almal van ons het in die gange af beweeg en gesorg dat die troepe ordelik in hul kompartemente bly. Sommer vinnig het almal verstaan hoe dit voortaan sou werk met so hier en daar ŉ individu wat graag die grense wou beproef, maar met Sporie oortuiging het hulle gou besef dis dalk beter om te gaan slaap, want daar was groter kragte aan't werk op daardie trein! As nuwe polisieman het ek nooit geweet dat ŉ rubberknuppel ŉ rif op ŉ skedel kon laat daar waar dit tref nie, maar daar was nog so baie vir my om te leer. Intussen het die trein voortgestoom teen ŉ ongewone spoed en teen die tyd dat ons op Usakos aangekom het, het die trein alreeds twintig minute van die verlore tyd ingehaal. Die troepe het ook toe alreeds besef dat dit beter was om te gaan slaap, want alles was doodstil op die trein. Drie van ons was opdrag gegee om die trein verder langs die dienspad tot op Karibib te begelei, en as alles steeds stil was, kon ons maar na Walvisbaai terugkeer. Sersant Bianco moes ook saamgaan aangesien hy die area, en ook natuurlik die dienspad, beter as ons geken het. Die uiteinde van die saak was dat ons ongeveer halfsewe die volgende oggend na Walvisbaai teruggekeer het met ŉ koedoe agterin die vangwa. Die operasie was suksesvol uitgevoer. Die terugvoer van die treinpersoneel was dat al die troepe rustig gebly het tot op Windhoek stasie en heelparty het natuurlik ŉ hewige kopseer gehad van een van twee oorsake. Daardie aand het ek besluit dat ek die regte keuse gemaak het en dat ek nog lank en gelukkig by die Spories gaan wees.

(Marius A Carelse)

**Die passasier op die agterste sitplek.**
Tjaka Neethling was ŉ goeie bokser op sy dae. Hy het sy hande kenmerkend hoog bokant sy gekop gehou wanneer hy geboks het; voorwaar ŉ rare bokshouding. So gebeur dit dat hy met sy eerste boksgeveg te Tsumeb gediskwalifiseer was omdat hy, volgens die skeidsregter, sy opponent gewurg het. Dit het my opgeval dat die hande bokant die kop wanneer hy geboks het, ook iets was wat gebeur wanneer hy as passasier agterop ŉ motorfiets gery het. Hy het by geleentheid by ons aan huis geloseer en na ŉ betrokke rugby eindstryd wat sy span gewen het, het ŉ speurder-sersant van die S.A. Polisie vir hom en wit kop Jan Steenkamp smoordronk by die huis aangebring. Volgens die SAP sersant het hy vir Tjaka en Jan aangetref terwyl Steenkamp besig was om Tjaka op die agterste sitplek van sy motorfietsie te laai. Dit was niks vreemd of ongewoon nie, maar toe Tjaka oor die sitplek gelê het met sy kop en hande aan die eenkant op die grond en sy voete aan die anderkant terwyl dit op die grond gesleep het, sommer so in die ry, het die sersant hom dit geroepe gevoel om in te gryp ten einde langtermyn skade aan beide die passasier en die pad te voorkom. Die speurder het hulle toe in sy motor gelaai en na my huis gebring.
(Elias “Striker”van Niekerk)

**Musiek in die steengroef.**
Ek het op 1 Oktober 1963 op Upington by die S.A. Spoorwegpolisie as ŉ rekruut aangesluit. Ek wou altyd graag ŉ trekklavier gehad het en derhalwe het ek vir vier maande lank my rekruut salaris gespaar om vir my een te koop. Die trekklavier het my ŉ hele honderd-en-tagtig Rand gekos. ŉ Ene konstabel Louis de Kock, wat trekklavier kon speel, was saam met my op Upington en by tye wanneer hy en ŉ ander rekruut nagdiens gewerk het, het hulle my met die polisie vangwa by die huis kom oplaai. Dan het ek my trekklavier en kitaar geneem en ons het na die steengroef, wat die lede aan diens moes besoek het, gery. Die nagwag wat snags toesig oor die steengroef gehou het, het altyd ŉ konka vuur gehad om hom mee warm te hou. Ons het dan op die grond gaan sit en musiek gemaak. Die ander rekruut en die nagwag was ons enigste gehoor vir wie ons gespeel het en na ons optrede voor die “reuse” gehoor het hulle my by die huis gaan aflaai sodat ek kon gaan slaap. Gelukkig was ons noot uitgevang nie. Latere jare was Louis de Kock self die Posbevelvoerder op Upington. Hy het ten tyde van sy diens daar gesê: “Jong, ons het daardie jare nie eintlik iets verkeerd gedoen nie want ons was goeie polisiemanne en het ons werk gedoen.” Na my Kollege opleiding in 1965 was ek na Lüderitz verplaas waar ek saam met ŉ Duitse orkes gespeel het. Ek het tien Rand ŉ aand verdien. Op daardie stadium het ek sewentig Rand ŉ maand van my salaris uitgekry, so die tien Rand ekstra was baie geld vir my. Die ou SWA was die beste plek om in te werk en in te bly. Dié tydperk sal ek onthou en bewaar as die beste in my hele lewe. Met die einste trekklavier waarmee ek saans by die steengroef gespeel het, het ek in die tagtiger en negentiger jare in ŉ orkes op Upington gespeel. Die trekklavier is vandag nog in my besit en in ŉ goeie werkende toestand.
(Dave Moller)

**My krulsnor.**
Ek is op 4 September 1942 gebore en min mense weet dat my name Sarel Jacobus is. Almal ken my net as Beatle. Op 15 Augustus 1963 het ek by die S.A. Spoorwegpolisie in Port Elizabeth aangesluit. Na attestasie was ek te Soutrivier stasie gestasioneer na my Kollege opleiding het ek aansoek gedoen om na Windhoek verplaas te word. Gedurende Februarie 1964 arriveer ek te Windhoek stasie en nadat ek die Posbevelvoerder ontmoet het, word ek by een van die drie skofte ingedeel. Ek het toe ook maar van polisiewerk begin leer soos al die ouens wat van die kollege af kom en niks van polisiewerk geweet het nie. Later het ek aan die sersant eksamen deelgeneem en dit geslaag. Walvisbaai was ‘n probleem gebied en ek was toe gevra om sake daar te gaan regruk. Na ‘n tyd was ek na die Speurders te Walvisbaai oorgeplaas en na ongeveer twee jaar en ses maande was ek weer terug na Windhoek verplaas waar ek as seksiespeurder oorgeneem het. Gedurende die vroeë tagtiger jare het ek ‘n kursus te Slagboom deurloop waar ons opleiding in die opsporing en die jag van terroriste ontvang het. Ek het baie hard gewerk en my horlosie was net daar om die tyd en datum aan

te dui wanneer ek dossiere moes opstel. Dossiere van die S.A. Spoorwegpolisie was altyd baie netjies saamgestel al het dit baie tyd geneem om verklarings met twee vingers te tik. My werk in die Spoorwegpolisie was my trots en daarom het ek dit altyd met netheid en presisie uitgevoer. Dit was vir my ‘n belediging as daar onafgehandelde sake op my lessenaar gelê het. Ek was so gesteld om die regte ding te doen, dat toe kaptein Beyl my op ‘n dag inroep en sê ek moet lees wat Magsorder oor krulsnorre te sê het, het ek die Magsorders gevat en gelees “As ‘n lid van die Mag ‘n krulsnor dra, moet hy dit netjies en behoorlik byhou”. Kaptein sê toe ewe streng: “Goed as Magsorder so sê, dan is dit so”. Na ‘n half uur word ek teruggeroep en hy sê toe vir my: “Jy het mos vir my gelieg, Magsorder maak geen melding van ‘n krulsnor nie”. Daar is baie staaltjies wat ek nog onthou maar die ligte oomblikke soos die sal my altyd bybly. Na soveel jare voel ek nog seergemaak dat daar enkele offisiere met hoë range was wat nie die seer en pyn van hulle ondergeskiktes geken het nie, maar vinnig was om klippe te gooi. Alle eer aan generaal Visagie wat altyd ons belange op die hart gedra het. Aan alle oud lede van die Mag wat nog lewe, hoop julle geniet die boek en die baie herinnerings as julle dit lees.
(Beatle Fourie)

**Die “Koekblik” en die “Koeikamp”**
Nie net was daar ŉ groot gebrek aan akkommodasie in Windhoek nie, maar ook ŉ groot tekort aan dames geselskap. Die grootste werkgewers, ook vir dames werknemers, was die S.A. Spoorweë en die S.W.A. Administrasie en daarom was die oprigting van enkelkwartiere vir dié werknemers ŉ noodsaaklikheid. Die twee enkelkwartiere van die dames het derhalwe, gebore uit mans se ondeunde aard, elkeen ŉ naam gekry. Die enkelkwartiere waar die dames gebly het wat in die Spoorweë gewerk het, was die “Koekblik” gedoop, terwyl die kwartiere waar die dames van die Administrasie in gewoon het, die “Koeikamp” genoem was. Soos gebruiklik op ‘n Saterdagaand, was die jong manne van die S.A. Polisie en S.A. Spoorwegpolisie dringend op soek na dames geselskap. Ons het na die “Koeikamp” gestap wat ongeveer 4 kilometer vanaf die kantore van die SAP kantoor, regoor die Windhoek hospitaal, geleë was. Ons moes noodgedwonge stap want ons was nie so bevoorreg om ŉ motor te kon besit nie; inteendeel, ons het nie eers geld gehad nie. Dit was ongeveer agt uur op die betrokke Saterdagaand en ons was so agt manne bymekaar. Ons het die deurklokkie gedruk by die Koeikamp en na ongeveer drie minute het ŉ oorgewig dame die deur oopgemaak en gesê haar naam is Lulu. Soos ŉ koor het ons aangekondig dat ons op soek was na “*girls*” vir die aand. Lulu het ons ingelig dat ons nie daardie tyd van die aand enige “*girls*” sou kry nie. Japie Jacobs, wat vir die eerste span senter gespeel het, het toe vir Lulu gesê: “Maar hulle sê as ons “*girls*” soek moet ons Koeikamp toe kom.” Wat ŉ flater! “Luister”, het Lulu geantwoord: “By ŉ koeikamp sal julle nie *girls* kry nie”, en daarmee het sy die deur in ons gesigte toegeslaan. Nodeloos om te sê dat Japie dit van almal gekry het. Al die moeite was vir niks. Ons was nooit by die Koekblik aan nie. Wat kon ons anders doen as om droëbek vir onsself by die polisiestasie te gaan sit en lag?
(Tjaka Neethling)

**Moenie na my kyk nie, jy maak my skaam.**
Tug en dissipline was ŉ ernstige saak in Suidwes Afrika. Jy kon letterlik nie ‘n oog knip nie of jy was afbetaal. Maar om stout te wees is en was darem ook lekker. Ek was ŉ Prefek, nie net vir die S.A. Spoorweg polisie nie, maar ook in die Philip Troskie Tehuis waar ons tuisgegaan het. Ek was ŉ baie netjiese prefek. Die vloer van my kamer, asook die stoep, was rooi gepolitoer en het geblink soos ‘n spieël. Dit was ŉ Sondagaand, so omstreeks agt uur se kant toe konstabel Bill Marais my kamer binnegekom het terwyl ek reeds in die bed was. Hy het voorgestel dat ons vir Jaap Louw ŉ poets moes bak. Ek verneem toe wat se poets ons hom kon bak. Bill het gesê dat ons in Jaap se broek moes k#k. Hy het verduidelik dat Jaap al geslaap het, maar ek wou weet hoe dit moontlik was om in ŉ ander man, wat geslaap het, se broek te k#k. Hy het verduidelik dat ek moes k#k waarna ons die opbrengs in Jaap se broek moes sit. Ek het voorgestel dat Bill eerder k#k, maar hy het geantwoord dat hy nie op daardie oomblik ŉ k#k gehad het nie. Ek het toe aan hom gesê dat ek ook nie op daardie tydstip ŉ

behoefte gehad het om te k#k nie, maar hoe meer ek oor die moontlikhede gedink het, hoe meer opwindend het dit vir my gelyk. Bill het my mettertyd oorreed om te probeer k#k en ek het toe opgestaan en ʼn stukkende rugbykous agter die hangkas uitgehaal waar talle geskeurde truie en stukkende kouse gelê het. Ek het die kous op my rooi gepoleerde vloer uitgegooi en ʼn gehurkte posisie bo-oor die kous ingeneem en begin druk. Met die gedruk het dit begin voel ek dat ek ook wou p*s. Ek het vir Bill gesê dat ek nie op my vloer gaan p*s nie en hy het besluit om iets te gaan haal waarin ek kon p*s; ʼn leë visblikkie moes toe die ding doen.

Hy het plat op sy maag gaan lê op die rooi gepoleerde vloer en die blikkie voor my penis gehou. "Bill," het ek ernstig gesê, "maak seker dat ek nie op my rooi vloer p*s nie!" Ek het bygevoeg, dat hy nie na my moes kyk nie, "want jy maak my skaam." Ek het gedruk vir al wat ek werd was en na ongeveer drie minute het daar ʼn redelike stywe drol op die sokkie geval; nogal met ʼn klankie daarby.

Dit was amper nie nodig nie, maar ek het my hol met die sokkie afgeveeg en die drol mooi daarin opgerol. Daarna was ons op pad na Jaap Louw se kamer toe met die kous. Ons het die deur versigtig oopgemaak en die lig aangeskakel, maar Jaap Louw het soos ʼn bees geslaap. Hy was kaal bolyf en het net ʼn PT broekie aangehad. Bill Marais het die rek van sy broek weggetrek en ek het die sokkie met die drol daarin vorentoe en agtertoe beweeg om dit perfek te laat val waar dit moes wees. Ek het die drol ingeskiet en, soos die geluk dit wou hê, het dit net mooi netjies op Jaap Louw se kruis beland. Bill het die broek se rek stadig laat los tot terug na sy middellyf terwyl Jaap Louw ongestoord voortgesnork het. Die klank het hom nie eens wakker gemaak nie.

Ons het die kamer verlaat, die lig afgeskakel en die hele oefening bespreek toe ons terug was in my kamer. Die volgende dag het Jaap Louw, so omstreeks half elf, by my kamer aangekom en doodluiters verneem na my welstand asook my bewegings van die aand tevore. Ek het ewe onskuldig vir hom laat verstaan dat ek maar daar rond was en dat ek vroeg gaan slaap het. "Hoekom vra jy?", wou ek weet. "Nee", het hy geantwoord, "ek vra maar net." Intussen het Bill Marais die hele gebeurtenis van die vorige aand aan die manne by die aanklagtekantoor gaan oorvertel. Ek het besef dat ek my werk kon verloor as gevolg van Bill Marais se losbekkigheid.

Jaap Louw was die klaer by die ondersoek en die klag was: "Daar is in sy broek gek#k." Jaap se weergawe van die gebeurtenis het soos volg verloop. "Sersant ek het gisteraand vroeg gaan slaap. Ek was kaal bolyf met net ʼn PT broekie aan. Dit was ongeveer drie uur in die oggend toe ek my omdraai. Sersant weet moes as ʼn mens jou in jou slaap omdraai, dan is jy so tussen slaap en wakker. Toe ek omdraai, toe ruik ek daar is ʼn klank onder die kombers. Nou is ek heeltemal wakker. Die kamers het nie ʼn bedskakelaar nie en dit is donker. Sersant, wat maak ʼn man nou as jy k#k ruik, maar jy kan dit nie sien nie? Daardie tyd toe steek ek my hand agter my broek in om te voel of ek nie miskien in my broek gek#k het nie. Toe ek my hand instamp, toe voel ek maar hier is iets. Sersant, jy voel iets maar jy kan dit nie sien nie en daardie tyd toe stamp ek my hand voor my neus vas. Ek besef toe hierdie is definitief k#k. Ek spring uit die bed en skakel die lig by die deur aan. Ek trek my broek uit en sien ʼn half verminkte drol daarin. My hand is vol k#k, my neus is vol k#k en my kruis is vol k#k. Sersant ek kon nie verstaan hoe ek op my kruis kon k#k nie. Ek gaan sit op die matjie voor my bed. Ek voel aan my poephol, maar dit is heeltemal droog. Toe besef ek dat ek nie in my broek gek#k het nie en dat dié k#k nie my k#k is nie. Ek wil nie ʼn klagte maak nie omdat dit my slegs sal verneder, maar wil graag hê dat die betrokkenes voor ʼn offisier moet verskyn."

Ek was opdrag gegee om by sersant Oberholzer, die persoonlike klerk van die Bevelvoerende Offisier, aan te meld. Ek het geweet dit was oordeelsdag toe sersant Oberholzer my paradeer en die deur oopmaak. Die bevel het gekom: "Voorwaarts mars, halt, salueer en op die plek rus." Kaptein van Niekerk het so oor sy brille na my gekyk en gevra: "Wat maak jy hier?" Ek het gesê: "Ek weet nie kaptein; hulle sê ek het in Jaap Louw se broek gek#k. Maar, kaptein, hoe kan een man nou in ʼn ander man se broek k#k?"

Kaptein van Niekerk se bevinding en uitspraak het hard en duidelik gekom: "Jou bliksem, jy het te veel energie. F@&#off en laat jy nou weer voor my verskyn vir ʼn broek k#kkery." Die bevel het gekom "Aandag, salueer, omkeer, voorwaarts mars." Nadat ek uit was, was sersant

Oberholzer terug na die Bevelvoerende Offisier se kantoor en hy het die kaptein gevind met sy kop op die tafel terwyl hy geskater het van die lag. Sersant Oberholzer, hy was toevallig my oom, het soos volg gerapporteer: "Dis ŉ stout mannetjie hierdie, maar hy is ŉ goeie polisieman", was die opmerking van die Bevelvoerende Offisier.
(Tjaka Neethling)

**Sersant met die magtige handtekening.**
Ek was die speurder op die vlugspan en ná sersant klas (2) A Oberholzer se dood in 1968/69 het ek die persoonlike klerk van die Bevelvoerende Offisier geword. Sommige posbevelvoerders en kollegas het bitsig na my as die klein B.O-tjie verwys. Ek was in die pos aangestel seker omdat ek in feitlik elke afdeling, administratief en in die uitvoerende bene, diens gedoen het. My pos as persoonlike klerk van die Bevelvoerende Offisier het behels dat ek ten nouste saam met hom gewerk en ook sy dagboek vir hom bygehou het. Vir etlike jare het ek sy persoonlike belastingopgawes vir hom ingedien en met verloop van tyd was ek ook vir ander takies gebruik soos om sy pyp skoon te maak en dit vir hom te stop. Dit was, vir geen rede onder die son nie, vir my ŉ versoeking om majoor A.W van Niekerk, die Bevelvoerende Offisier, kaptein A.Viljoen, luitenant M.P.P. Swanepoel en die Veiligheidsoffisier, luitenant M.J. van Taak, se handtekeninge na te maak. Ek het talle navrae, veral ten opsigte van motorvoertuigopgawes, vanaf Hoofkantoor in Johannesburg namens die offisiere geteken en teruggestuur sonder dat enige haan daarna gekraai het. Ek kon die handtekeninge van vermelde offisiere perfek namaak. Een dag het majoor van Niekerk my na sy kantoor ontbied, sy tjekboek vir my gegee en gesê dat ek ŉ tjek vir hom moes uitskryf wat hy aan iemand wou gee. Hy het die persoon se naam, asook die bedrag, verstrek en nadat ek die tjek voltooi en namens hom geteken het, het ek die tjek aan hom oorhandig. "Waar moet ek teken?", het hy gevra. Ek het geantwoord dat ek het dit klaar geteken het. "Neethling, jou bliksem, jy moenie my geld trek nie", was sy oorblufte reaksie.
Die Springbokke het in hierdie tyd teen die All Blacks in Kaapstad gespeel en sersant Oberholzer, wat toe die persoonlike klerk van die Bevelvoerende Offisier was, het besluit dat ons twee Nuweland toe moes gaan om die rugby te gaan kyk. Ek was op daardie tydstip in die Afdelingshoofkantoor werksaam. Die Bevelvoerende Offisier het gemurmureer omdat sersant Oberholzer die rugby wou gaan kyk het, maar hy was tevrede dat Neethling nog daar sou wees tydens Oberholzer se afwesigheid. Ek het my 'aansoek om verlof' - vorm voltooi en die kantoorstempel daarop aangebring. Ons kon dit nie waag om dit voor die Bevelvoerende Offisier vir goedkeuring voor te lê nie want hy sou dit miskien nie goedgekeur het nie. Daarom het ek besluit om maar die aansoek self namens die Bevelvoerende Offisier te teken. Ek het sy pen gebruik om my verlofaansoek te teken om die storie absoluut eg te maak. Beide sersant Oberholzer en my aansoekvorms het toe in die verlof lêer gelê. So het Vrydag aangebreek en ek en sersant Oberholzer het Windhoek baie vroeg verlaat en teen so agt uur Vrydagoggend het ons by Grunau verby gesleep. Ons kon ons net indink wat in die kantoor in Windhoek aan die gebeur was. Die gevolge het vir ons nog in die toekoms gelê en het ons nie op daardie tydstip gepla nie want ons was oppad om rugby te gaan kyk. Die uitstappie na Kaapstad om die rugby te gaan kyk was heerlik.
Met ons terugkoms in Windhoek, wou ons by die ander lede weet wat daar in die kantoor tydens ons afwesigheid gebeur het. Die majoor het vir Neethling gesoek en toe hy hoor Neethling was ook weg het hy die verlof lêer aangevra. "Wie het sy verlof goedgekeur?", wou die B.O. ontsteld weet. "Sersant Oberholzer het die woord 'goedgekeur' op die verlofvorm aangebring en die B.O. het die aansoek self geteken", was die antwoord. Die handtekening was dieselfde en die ink van die pen was ook dieselfde. Beide die twee manne kon mos nie gelyktydig met verlof gewees het nie. "Julle moet sulke teenstrydighede onder my aandag bring voordat ek teken", het die B.O. kortaf gesê. Die Maandagoggend het ons beide gelyktydig by die B.O. se kantoor ingegaan. Ons het gegroet, soos gebruiklik, maar die B.O. het ons vriendelike groet met 'n gevloek beantwoord. "Hoe de donner kan julle al twee gelyktydig met verlof gaan?", wou hy weet. "Oberholzer", het hy gesê, "jy moet sulke dinge onder my aandag bring voordat ek teken". "Wat sê majoor van daardie 'Gould'?", wou ek weet terwyl hy nog met Obie besig was. "Daardie sleg donner – hy beteken f*^%~l! Wat maak hy in

die rugbyspan?”, wou majoor van Niekerk by ons weet. Die ys was toe gebreek. Wat die onderwerp ook al mag wees – sodra jy begin rugby praat was die vorige onderwerp vergete en was rugby beslis die nuwe onderwerp waaroor hy gesels het. Ons het die wedstryd oorgespeel daar in die kantoor en toe ons omdraai om uit te stap, sê die majoor: “Nee kêrels, ek het gesukkel. Ek wil nie sukkel nie.” Ek en Obie moes na ŉ ander kantoor gaan om eers klaar te gaan lag.
(Tjaka Neethling)

**Die Posbevelvoerder en sy daggapyp.**
In die bewysstukkamer op Windhoek stasie was daar altyd dagga wat as bewysstukke in strafsake gedien het. Die Posbevelvoerder, sersant “Striker” Elias van Niekerk, was ŉ pyp roker. Nadat hy die registers nagesien het, was dit deel van sy plig om die voorvalleboek na die kantoor van die Bevelvoerende Offisier te neem. Sodra hy die pad gekies het na die B.O. se kantoor, was sy pyp nadergetrek, die helfte van die tabak uitgekrap en was dit met dagga vervang. Die dooie as was netjies weer bo-op die dagga geplaas en elders aan die brand gesteek om te verhoed dat hy dalk die dagga in sy kantoor sou ruik. Wanneer sersant Van Niekerk na sy kantoor teruggekeer het, het sy lus behoorlik uitgehang vir ŉ trek aan sy pyp. Eers wanneer die dagga walm hom oorval het, was die pyp neergegooi en het hy soos ŉ verwoede bul na die aanklagtekantoor gestorm op soek na die skuldiges. Die manne wat hulle hieraan skuldig gemaak het, was niemand anders nie as Tjaka Neethling en I.W.A Spangenberg. Die gebrek aan getuienis en die feit dat sersant van Niekerk seker skaam was omdat hy dagga gerook het en sy ondergeskiktes daarvoor wou blameer, het gemaak dat ons nooit aangekla was nie.
(Tjaka Neethling)

**Kanaal ape.**
Ek is gebore langs die Boegoeberg Skema, by Upington. Daar was ek op laer- sowel as op hoërskool en gedurende 1966 het ek by die S.A. Spoorwegpolisie te Upington aangesluit. Baie mense het gespot en ons “Kanaal ape” genoem, maar ons het nie ŉ probleem daarmee gehad nie; ons het eers moer getrek wanneer hulle ons vroue “Plot Parras” genoem het. Na my basiese opleiding by die Spoorwegkollege te Esselenpark, was ek as konstabel na Windhoek verplaas. Die Bevelvoerende Offisier in Windhoek was majoor A.W van Niekerk. Hy was ook van Upington afkomstig en ons het hom die bynaam van Awie of Blou Aap gegee. Hy was heel by bemoerd verby. Ek is gebore met ‘n gebrek aan weerhouding en het baie moeilik by ŉ kwaaddoenplek verby geloop. Soms het die versoeking by my opgekom om iemand nie ŉ streep te trek nie, maar hierdie versoekings het ek meestal suksesvol weerstaan. Daarom was dit nie snaaks dat ek binne ŉ maand of twee na my aankoms in Windhoek met ou Awie gebots het nie. Dit het so gebeur: Tienie Barnard, wat ook van Upington afkomstig was en saam met my in Esselenpark was, was ook Windhoek toe verplaas. Ons was altyd op dieselfde skof geboek en, terloops, Tienie is deesdae ŉ pastoor in die A.G.S kerk. Ek wonder hoe oorleef sy lidmate dit met hom?
Wanneer ek en Tienie op die Goedereloods gepos was, het ons op middagskof net gewag totdat die Spoorwegpersoneel huis toe was voordat ons resies begin het. Die een dag jaag ons resies met die vurkhysers en die ander dag weer met die trekkers. Selfs die besteldiensvragmotors het hul regmatige beurt gekry. Maar toe kom die groot moeilikheid; die besteldiensvoorman kry toe ŉ nuwe 1500cc Volkswagen Beatle as ampsmotor terwyl ek en Tienie elk net ŉ 1200cc Beatle besit het. Ons besluit toe dat ons die 1500cc vir ŉ toetsrit moes neem. Die karretjie was nog stink nuut, net een dag oud, toe roer ons hom. Elkeen het ŉ beurt gekry om te kyk wie kon die Volla die beste laat “spin”, wie vat die kortste draai teen die hoogste spoed en nog baie ander kompetisietjies. Teen die tyd dat ons die ou heilige karretjie gaan parkeer het, was die hel totaal uit hom gery; een dag oud of te nie. Wat ons egter nie geweet het nie, was dat die laaimeester wat oorkant die Goedereloods gebly het, alles gesien het. Die volgende oggend kon hy nie vinnig genoeg by die besteldiensvoorman uitkom om hom oor die jaery in te lig nie. Die swart rem-en-sleep merke op die teerblad het ook nou nie eintlik ek en Tienie se saak bevorder nie. Dit was nie lank nadat die laaimeester

die inligting oorgedra het nie, toe sien jy net polisiemanne wat op die Goedereloods afstorm om die saak in opdrag van kaptein Eloff te kom ondersoek. So teen twaalfuur se kant het die wyksersant ons persoonlik kom haal en ons direk na die Bevelvoerende Offisier se kantoor geneem. Ons was by die B.O. se kantoor in gemarsjeer, maar met die halt slag het ek geweet dat ek ten alle koste voor Tienie moes inkom, want hy het die slegte manier gehad om vir alles te lag. Al sou jy sy bo-bek weg klap, sal hy nog met sy onderbek lag.
Op die bevel "halt!" gee ek toe 'n ekstra tree vorentoe en land amper op ou Awie, maar gelukkig voor Tienie. Dit was duidelik sigbaar dat ou Awie lelik omgekrap was en die gesprek het soos volg verloop:-
Majoor Awie : Het julle gisteraand op die Goedereloods gewerk?
Ek : Majoor.
Majoor Awie : Het julle met die besteldiensvoorman se Volkswagen gery?
Ek : Majoor.
Majoor Awie : Het julle met die ding gejaag en gespin?
Ek : Majoor.
Majoor Awie : Weet julle dit is 'n kriminele oortreding?
Ek : Majoor.
Majoor Awie : Weet julle dat ek julle nou kan laat toesluit?
Ek : Majoor.
Majoor Awie : Weet julle dat ek julle nou kan laat skors en julle terug jaag Upington toe?
Ek : Majoor.
Majoor Awie : As jy vir my nog een keer Majoor, dan donner ek jou!
Ek : Majoor.
Op daardie stadium het ek 'n geproes agter my gehoor en toe ek omkyk, staan Tienie Barnard, in volle uniform, op sy knieë met sy kop tussen sy bene. Met die een hand hou hy sy pet op sy kop, en met die ander hand druk hy sy bek toe. Toe kon majoor Awie dit ook nie meer hou nie. Hy bars uit van die lag, spring op, gryp sy offisierstok en begin wild te slaan. Ons keer dat dit vrek, maar hy slaan ons op enige plek wat hy kan bykom, oor die arms, rug, kop en hy skree aanmekaar: "Mannetjies, ek sal julle dood donner." Na die loesing, roep majoor Awie die besteldiensvoorman in en verduidelik aan hom dat ons jong seuns van Upington was en dat hy nie ons diensrekords wou benadeel nie. Hy vra toe namens ons om verskoning vir ons gedrag en sê dat hy klaar die hel uit ons geslaan het. Mnr Botes, die besteldiensvoorman, wat ook vanaf Upington gekom het, het die verskoning en die straf wat ons gekry het, aanvaar. Sedert daardie dag het daar 'n vriendskap tussen my en majoor Awie ontstaan wat tot sy dood voortgeduur het, baie jare na sy aftrede.
Hierdie dag se gebeure was ook die begin van baie probleme vir my met kaptein Eloff wat later die Bevelvoerende Offisier van SWA was met die rang van brigadier. Ons word Kanaal ape genoem, maar dit wys jou net, dat Kanaal ape kan saamstaan, Volkswagen of te not.
(Weitsche Fourie)

**Suidwes tee met 'n skop.**
Laat in die sestiger jare was luitenant Dirk Smit met bevordering na Windhoek verplaas. Ek was toe die wyksersant en elke oggend het luitenant Smit na die aanklagtekantoor gekom om die voorvalleboek en die registers na te sien. "Luitenant, sal u 'n koppie tee drink?", het ek ewe beleefd gevra. "Ja, dit sal lekker wees", het die nuwe offisier in Windhoek geantwoord. Ek het die tee gemaak maar het vier blokkies "*Brooke Lax*" fyn gedruk en in die koppie tee van luitenant Smit gegooi. Hy het so aan die tee geproe asof daar fout was. Hy het die koppie tee geledig ten einde nie 'n gegewe perd in die bek te kyk nie, maar het ewe beleefd nie 'n woord daaroor gerep nie. Ek kon sien dat hy die koppie tee nie geniet het nie. Ek het onmiddellik vir sersant Oberholzer van Afdelingshoofkantoor, waar luitenant Smit se kantoor was, geskakel want hy het die sleutel van die privaat toilet by hom gehou. Later die dag het ek verneem dat die luitenant nie vir lang tye in sy kantoor kon bly nie en dat hy ewe veel tyd in die toilet spandeer het. Ek wonder tot vandag toe nog of hy iets vermoed het, maar om hom die verleentheid te spaar, het ek nooit navraag oor die teedrinkery gedoen het nie.
( Tjaka Neethling)

**Die dominee as Bevelvoerende Offisier.**

Majoor Awie van Niekerk het later 'n luitenant kolonel geword. Hy het opdrag gegee dat wanneer 'n Posbevelvoerder op 'n buitestasie afgelos moes word, ek gestuur moes word. Na sy aftrede was hy deur luitenant kolonel G.P.(Gerrie) Pretorius opgevolg. Hy was 'n rustige en saggeaarde persoon en gou het ons hom die bynaam van "Dominee" gegee. Voordat ek nog 'n sersant was, het ek in opdrag van kolonel Pretorius, ook in die Posbevelvoerders pos te Gobabis, Otjiwarongo, Tsumeb en Mariental, afgelos. Ek was vir 'n kort rukkie 'n sersant op Nelspruit voordat ek op versoek van kolonel Pretorius na Otjiwarongo verplaas was en in minder as 'n jaar daarna het ek die adjudant offisier eksamen geslaag. Ek het eers rond gebel om vas te stel wie my seniors op die bepaalde stasies was en watter van hulle reeds lank vir 'n bepaalde pos gewag het, wanneer ek nominasies vir 'n bepaalde pos ontvang het. Ek het derhalwe die nominasie slegs vir daardie poste aanvaar wat ek geweet het ek nie sal kry nie. Op hierdie manier het ek langer op Otjiwarongo gebly.

Die destydse Kommissaris, luitenant generaal Pieter Smit, het kolonel Pretorius op 'n besoek na Otjiwarongo vergesel. Die Kommissaris wou toe by my weet waarom ek bevordering na adjudant offisier geweier het. Ek was toe kamtig vreeslik verbaas en wou weet wie die Kommissaris dan nou so foutiewelik ingelig het. Ek het al die poste waarvoor ek nominasies aanvaar het aan hom voorgelê. My argument was dat ek nooit 'n nominasie geweier het nie, maar dat dit die Kommissaris se besluit was om my nie in daardie poste aan te stel nie. Generaal Smit wou toe by my weet of dit sy skuld was dat ek nog nie bevorder was nie, waarop ek gesê het dat dit vir my so voorgekom het. Hierop het hy geantwoord: "Jongman, ek het baie adjudant offisier poste in Johannesburg en op Jan Smuts-lughawe." Hierop het ek hom meegedeel dat ek nie 'n prostituut was wat sommer in enige bed kon slaap nie. My opdonner was toe nie ver van my af nie. Intussen kon ek langer in Otjiwarongo aanbly. Ek was toe aangewend om die adjudant offisiere van Windhoek en Walvisbaai af te los wanneer hulle met vakansie was.

(Weitsche Fourie)

**Petisie teen die Bevelvoerende Offisier.**

Brigadier Morris Gilbert was in 1981 vanaf Hoofkantoor in Johannesburg na Windhoek as Bevelvoerende offisier verplaas. Hy was die trotse eienaar van 'n 1976 Ford Taunus 20M motor toe hy in Windhoek aangekom het. Op die oog af was die Taunus nog baie netjies en volgens hom die beste motor op die pad. Hy en sy goeie gade het met hul jaarlikse verlof Republiek toe gegaan nadat hy 'n ruk lank in Windhoek was. Hy het my gevra indien ek bereid sou wees om hulle met die Taunus na J.G.Strydomlughawe te neem. Hy het self na die lughawe bestuur omdat hy so heilig op die motor was. Met die terugreis na Windhoek het ek ontdek ek dat die remme van die Taunus nie te waffers was nie. As die rem pedaal hard ingetrap was, het die motor na links geswenk. Hulle het na ongeveer drie weke vanuit Johannesburg teruggekeer en ek moes hulle weer by die lughawe gaan haal soos afgespreek. Met die heenreis het ek weer tot die besef gekom dat die motor na links swenk wanneer die rem getrap was. Ons was in die motor tydens die terugreis en die brigadier het self bestuur. Ek het my kommer oor die remme uitgespreek, maar hy het my gemaak verstaan dat ek nie die motor verstaan het nie. Hy het my verseker dat hy en die motor mekaar goed verstaan het. Daar was volgens hom op aarde niks met die motor verkeerd nie.

Die Dinsdagoggend op kantoor het ek 'n brief getik met die volgende strekking op 'n amptelike briefhoof. "Ons as lede van die S.A.Spoorwegpolisie is van oordeel dat u huidige motor, naamlik die 1976 Ford Taunus 20M, nie u status as Bevelvoerende Offisier van die S.A.Spoorwegpolisie komplimenteer nie. Die Bevelvoerders van die SAP en die SAW ry elkeen met 'n duur Duitse motor en, indien u nie daarvan bewus is nie, praat die ondergeskiktes van die onderskeie magte juis oor watter tipe voertuie hulle bevelvoerders ry. Ons moet dan verleë noem dat ons bevelvoerder met 'n Ford Taunus 20M ry."

Al die personeel in die Afdelingshoofkantoor het die brief as 'n petisie onderteken. Ongemerk het ek die petisie tussen die ander korrespondensie, wat brigadier Gilbert soggens met die offisiere bespreek het, geplaas. Hy het elkeen van die korrespondensie stukke hanteer soos

wat hulle op mekaar gevolg het. Ewe skielik het sy gesig vertrek van verbasing. Hy het verleë die brief eenkant toe geskuif en het die volgende brief om te hanteer, opgeneem. Nadat hy al die korrespondensie hanteer het, met uitsondering van die betrokke petisie, het die junior offisiere opdrag gekry om die koffie te skink. Soos een man wou al die offisiere by hom weet waarom hy nie die brief wat daar eenkant lê, met hulle bespreek het nie. Hy het probeer verduidelik dat hy eers na die saak wou kyk, maar die offisiere het daarop aangedring dat hy dit dadelik met hulle moes bespreek. "Word ons dan nie vertrou nie?" was as motivering gebruik. Hy was duidelik in 'n hoek vasgekeer en skaam-skaam het hy die inhoud van die brief aan die offisiere voorgehou. Almal was kwansuis verbaas oor die inhoud van die brief. Hy het na my kant toe gedraai en my vierkantig in die oë gekyk met die woorde: "Ron, jou bliksem, dit kan net jy wees. Jy is die een wat oor die remme gekla het; dit ís jy." Ek het dit erken en hom getroos met die woorde dat die inhoud van die brief nie vergesog was nie.
Ek was intussen na Slagboom verplaas en het, met een van my besoeke aan die manne op die grens, by sy kantoor in Windhoek aangedoen. Terwyl ek onderweg na sy kantoor was, het brigadier Morris met 'n splinternuwe Mercedes Benz 200 daar aangery gekom. Ek was nie bietjie trots op sy nuwe motor wat nou by sy status gepas het nie. Tydens die gebruiklike byeenkoms in die B.O. se kantoor het ek melding gemaak van die nuwe motor en dat die personeel nou baie trots op hulle bevelvoerder kon wees. Vinnig was ek reggehelp; niks het eintlik sedert my vertrek vanaf Windhoek verander nie. Hy het gehoor dat ek die betrokke dag in Windhoek sou aankom en vir dié geleentheid hy het spesiaal met die Merc werk toe gery. Hulle noem toe dat hulle die Merc miskien op twee vorige geleenthede gesien het; dié word in die motorhuis by die huis geparkeer en verder ry die brigadier die wêreld vol met sy 1976 Ford Taunus 20M waarvoor hy so lief was.
(RB)

**Die goedhartige polisieman.**
Terwyl ek op Otjiwarongo gestasioneer was, was ek en die manne van die S.A. Polisie groot vriende - soos dit op 'n plattelandse dorpie gehoort het. In Suidwes het die Jagordonnansie voorsiening gemaak dat, indien 'n boer se vee op 'n openbare pad met 'n voertuig in 'n botsing betrokke was, die boer vir die beserings aan die insittendes en die skade aan die voertuig verantwoordelik gehou was. Die ordonnansie het ook voorsiening gemaak daarvoor dat, indien enige wild 'n ongeluk op 'n openbare pad veroorsaak het, die Staat vir die skade verantwoordelik was. Dit het dikwels gebeur dat wanneer 'n koedoetjie sy lewe in die pad met 'n koeël verloor het, die "Bokwagters" vinnig was om die jagter daarvan aan te kla dat hy 'n koedoe, wat aan die Staat behoort, geskiet het. Maar wanneer 'n koedoe in 'n motor vasgespring het, het die Staat geen verantwoordelikheid vir die skade aanvaar nie. Hierdie regsargument het daartoe gelei dat baie polisiemanne nou nie juis uit hul pad gegaan het om die Staat se koedoetjies op te pas nie en die ou takie was maar aan die "Bokwagters" oorgelaat. Ek moet darem erken dat ek en my vriende in die SAP ook van tyd tot tyd ons beskeie deeltjie bygedra het om die openbare pad koedoe- en ongeluk vry te hou. Die onbaatsugtige taak wat ek uitgevoer het om die pad en die treinspoor koedoe vry te laat, het ongelukkig daartoe bygedra ek soms deur oningeligte persone as 'n wilddief gebrandmerk was. Tot vandag toe nog worstel ek met die gedagte dat 'n man met sulke edele motiewe van sulke booshede beskuldig kon word.
Terwyl ek as luitenant die Streekoffisier op Upington was, het minister Chris Heunis, op 'n jag uitstappie saam met parlementslede, 'n besoek aan Upington gebring. Voordat die Minister en sy geselskap op die jagtog vertrek het, het hy eers sy wapen ingeskiet. Ek weet nie of die probleem by die geweer of by die skut gelê het nie, maar hy kon nie die teiken raakskiet nie. Hy het by die Bevelvoerder van die S.A. Weermag op Upington vir hulp aangeklop en dié het hom na my verwys. Ek het 'n ander teleskoop op die Minister se geweer gemonteer waarna hy toe, onder luide toejuiging van die parlementslede, die teiken 'n paar keer kon raakskiet. Na afloop van die jagtog moes ek die Minister na die lughawe neem. Onderweg daarheen vertel hy my dat hy aanvanklik skepties was om vir my om hulp met sy geweer te nader want hy was meegedeel dat ek eintlik 'n wilddief was. Die Minister, wat op daardie stadium my Parlementêre baas was, moes vinnig reggehelp word en daarom het ek vir hom gesê: "Nee,

Minister, dit is maar omdat ek so ŉ goedhartige man is dat die manne sulke kwaadwillige uitlatings oor my maak.” Ek het aan die Minister verduidelik dat my goedhartigheid gemaak het dat ek nie by ŉ koedoe, wat sy kop langs die pad geswaai en ŉ saamry geleentheid gesoek het, verby kon ry nie. Dan het ek stilgehou, hom agter in die patrolliewa gelaai en hom ŉ saamry geleentheid na waarheen ek op pad was, gegee. Nie van oneerlikheid nie, maar net van goedhartigheid. Ons was al by die lughawe toe Oom Chris nog geskater het van die lag oor my goedhartigheid. Hierna het die Minister ŉ punt daarvan gemaak om elke keer wanneer hy een van ons generaals raakgeloop het, aan hom te vra hoe dit met my gegaan het en dan het hy die verhaal van die goedhartigheid aan hulle oorvertel. Hy het dan gevra dat hulle sy groete aan my moes oordra wanneer hulle my gesien of van my gehoor het. By ŉ geleentheid het luitenant generaal Robbertze my geskakel en gemeld dat hy die Minister in die Kaap raakgeloop het en dat hy hom versoek het om sy groete aan my oor te dra. Die generaal het duidelik ongeërg aan my gesê dat ek die minister moes skakel en hom moes meedeel dat hy, wat generaal Robbertze is, nie sy boodskapper was nie. Ewe kordaat het ek geantwoord dat, aangesien hy wat die generaal is, die Minister meer as ek te siene kry, moes hy die boodskap sommer self aan hom oordra. Ek twyfel of die generaal wel die boodskap aan die Minister oorgedra het.
(Wietsche Fourie)

**Die luitenant wat “dubble clutch”.**
In die laat sestiger jare was bevordering in die offisiersrange maar stadig. Wanneer dit jou beurt was om bevorder te word, was jy nie baie kieskeurig oor waarheen Hoofkantoor jou gestuur het nie. Selfs bevordering buite die Republiek van Suid Afrika na Windhoek was goed genoeg. So gebeur dit dat luitenant G.S.C. Stapelberg vanaf Johannesburg na Windhoek verplaas was. Die offisier was nie aan die lede in Windhoek bekend nie. Hy het, veral as hy opgewonde geraak het, ietwat gehakkel en na die voltooiing van die sin gesê: “verstaan jy?”. So moes konstabel Beatle Fourie, tydens ‘n tugverhoor, voor luitenant Stapelberg verskyn. Na die aanhoor van die getuies was Beatle Fourie skuldig bevind aan die aanklagtes wat teen hom ingebring was. Luitenant Stapelberg se uitspraak het soos volg verloop: “Konstabel Fourie ek bevind jou skuldig soos aangekla, verstaan jy?. Ek beboet jou met Vy……Vy…….Vy……Vy…….”, Beatle het nie geweet wat hom gaan tref nie en hy het baie bekommerd gevra: “Is dit vyf, vyftig of vyf en vyftig, Luitenant?”
“F*#k jou man!” was hy toegesnou, “dit is vyf Rand…verstaan jy?”
( Tjaka Neethling)

**Mejuffrou Wêreld.**
Terwyl ek op Otjiwarongo en Hannes Bezuidenhout op Outjo gestasioneer was, moes ons ŉ gevorderde kursus by Esselenpark deurloop om as plofstofdeskundiges opgelei te word. Met reistyd ingesluit, was ons ongeveer twee maande van die huis af weg. Een Sondagaand besluit ek en Bez dat ons sersant Herman de Jager, ŉ oud Suidwester wat op Jan Smuts-lughawe gestasioneer was, wou gaan besoek. Ons het met die trein vanaf Kaalfontein stasie na Isando stasie naby die lughawe gereis. Om ongeveer elf uur dieselfde aand, nadat ons ŉ rukkie saam De Jager gekuier het, het ons besluit om na Esselenpark terug te keer. Ons het, tot ons ontsteltenis, ontdek dat daar nie meer ŉ trein daai tyd van die aand op Isando stasie stop nie en dat ons die trein op Kemptonpark stasie, wat ŉ kilometer of twee van die lughawe was, moes haal. Ek en Bez het toe in die pad, wat voor die binnelandse vertreksaal verby gegaan het, gaan staan. Bez het die aankomende voertuie gestop en ŉ geleentheid na Kemptonpark gevra. Hy moes die praatwerk doen want ek kon nie Engels praat nie. Terwyl ons daar gestaan het, het ek ŉ pragtige blondine opgemerk wat met ŉ Datsun 120Y op ŉ ongemagtige stilhouplek geparkeer gestaan het. ŉ Skare mense het rondom haar vergader en my hart het gebokspring terwyl ek Bez se aandag daarop gevestig het dat die blondine ene Annelien Kriel was en dat sy op daardie tydstip Mej. Wêreld was. Bez wou my nie glo nie.
Ons het ons weg gevind tussen die omstanders deur na waar sy in haar motor gesit het en ek het myself aan haar voorgestel. Ewe beleefd het ek haar gewaarsku dat ek haar sou arresteer omdat sy op ŉ onwettig plek stilgehou het. Ek het toe haar naam en adres gevra sodat Bez

kon hoor dat ek reg was; dat sy eintlik dié Annelien Kriel was. Sy het eers gehuiwer, maar toe Bez aan haar sê dat ons van Suidwes was en dat ons ŉ weddenskap aangegaan het oor wie sy was, het sy vriendelik erken dat sy van Witbank kom en dat sy wel Annelien Kriel was. Sy wou by Bez weet waarom hy so oningelig was, waarop Bez geantwoord het dat hy van Outjo kom en daar nie koerante was nie. Bez het al sy sjarme ingespan en vir Annelien oortuig dat sy ons eers in Kemptonpark moes gaan aflaai en, voordat sy nog kon besluit, was ek en Bez klaar in haar motor, maar natuurlik nie voordat daar ŉ gestoeiery was om te bepaal wie voor langs haar sou sit nie. Bez het gewen omdat hy groter en dikker as ek was.
Onderweg na Kemptonpark het sy Bez meegedeel dat ŉ universiteitsvriendin van haar ook van Outjo afkomstig was. Hierop het Bez vir haar gesê dat hy, as die munisipale bul op Outjo, almal gedek het en dat daar nie so vroumens op Outjo woonagtig was nie. Met al die nonsens wat ons kwytgeraak het, kon sy beswaarlik die motor in die pad hou soos sy gelag het. Met ons uiteindelike aankoms by die stasie het Bez aan Annelien gesê dat hy nie na Outjo kon teruggaan en nie vir manne daar kon vertel hoe ŉ Mej. Wêreld soen nie. Sy het geglimlag en gesê dat sy kon sien waarom hy die munisipale bul van Outjo was en hom ŉ soen op sy wang gegee. Bez se reaksie op die soen was: "*Not a hell*!" en met albei sy hande het hy haar gesig vasgevat en haar toe ŉ behoorlike soen gegee. Sy het geskaterlag vir sy manewales. Nadat ons haar gegroet het, het sy al laggend en waaiend weggery. Ek het vir Bez gevra hy moes voel hoe vinnig my hart geklop het. Die motor het al om die draai verdwyn toe ons nog in die pad gestaan het; hy wat besig was om my hartklop te voel en ons wat nie ons geluk kon glo nie.
Bez het toe dadelik met die storie begin dat wanneer hy na afloop van die kursus op Outjo sou arriveer, hy sy vrou met die hand sou groet want hy was mos toe beter gewoond. Hoe dié storie so vinnig op Outjo uitgekom het, weet ons nie, maar die dag toe ons twee met die trein te Otjiwarongo arriveer, het al twee ons vrouens met die kinders op die perron gestaan en ons ingewag. Toe Bez sy pragtige vrou, Barrel, wou groet, steek sy haar hand na hom toe uit en sê: "Ek hoor jy is nou aan beter gewoond." Ek weet nie hoe Steve, Joost en Zuma gedink het dat hulle met ŉ skelm gevryery kan wegkom nie.
(Weitsche Fourie)

**Die invloed van televisie in Windhoek.**
In 1980, toe ons in Windhoek aangekom het, kon jy op ŉ Vrydag of Saterdagaand wanneer jy deur die woonbuurtes van Windhoek gery het ŉ braaivleisvuur in feitlik elke erf sien brand het. Dit was die kuiertyd van die Suidwester. Daar was weinig ander vermaak of aktiwiteite waarmee die inwoners hulle mee kon besig hou. Jy moes jou motor teen vyfuur die middag al voor die hek van die inry laat staan het wanneer ŉ Afrikaanse fliek in die enigste inry in die stad gedraai het. Kom jy later daar aan, moes jy maar omdraai en huis toe ry. Die inry was teen daardie tyd tot sy kapasiteit gevul. Die fliekgangers het komberse voor hulle motors gegooi en piekniek gehou terwyl hulle gewag het vir die fliek om te begin; meestal omdat dit so laat donker geword het. Vure was beskikbaar vir diegene wat wou braai.
Namate Windhoek televisieuitsendings begin ontvang het, kon jy dadelik die uitwerking daarvan op die lewe van die inwoners waargeneem het. Op ŉ Vrydag of Saterdagaand het jy net by dié huise waar daar nie ŉ televisiestel was nie, ŉ braaivleisvuur sien brand. Voor die dae van televisie was daar weer op Sondag middae ŉ toeloop van mense na Windhoek stasie wanneer die trein vanaf die Republiek gearriveer het. Nie almal wat by die stasie opgedaag het, het passasiers kom afhaal nie. Net omdat daar niks anders op ŉ Sondag middag in Windhoek te doen was nie, het die inwoners na die stasie gegaan met die hoop dat hulle iemand wat vanaf die Republiek met die trein aangekom het, sal herken.
(RB)

**Kaptein Eloff en konstabel Dik Dood.**
Op Windhoek stasie was daar so ŉ vet konstabel wat vanaf Kaapstad na Windhoek oorgeplaas was. Die arme man het in sy uniform vir my kompleet soos ŉ patat met ŉ belt om gelyk. Ek het gou gesien dat hy baie meer van gatkruip as van werk gehou het. Eendag toe ek by nasienpunt een en konstabel Dik Dood by nasienpunt twee gepos was, bel ek hom en sê

dit is kaptein Eloff wat praat. Ek vra hom toe om verskoning dat ek as kaptein Eloff hom nie persoonlik by die stasie verwelkom het toe hy met die trein in Windhoek arriveer het nie. Ek verwelkom hom toe hartlik in Windhoek en sê as daar enige iets is wat ek vir hom kan doen moet hy net praat, en hy moet nie tyd mors om ŉ amptelike besoek by my kantoor af te lê nie. Hy kon sommer enige tyd kom inloer. Voordat ek die gesprek afsluit, vra ek hom of daar regtig niks is wat ek vir hom kan doen nie. Hy sê toe dat sy vroutjie nog in Kaapstad is en hy haar baie graag sal wil laat kom as hy ŉ huis kan kry. Ek sê toe vir hom dat hy dadelik na my kantoor toe moet kom en as die deur toe is moet hy nie klop nie, hy moet net instap en kom kuier. Ek het, as die kaptein, belowe dat ek gou vir hom ŉ huis by die Afdelingbestuurder se kantoor sou reël. Toe ek weer kyk, sien ek ou Dik Dood waggel by my verby op pad na kaptein Eloff se kantoor toe. Ek vra hom toe waarheen hy oppad is, en hy antwoord dat hy vir kaptein Eloff gaan kuier en dié gaan vir hom ŉ huis reël. Dit was nie tien minute later nie toe die arme man verby my storm; drie keer teen die spoed van vroeër. Ek wou nog ewe belangstellend weet wat gebeur het en vra toe of "Duisend Bybels", kaptein Eloff se Suidwes bynaam, vir hom ŉ huis gereël het. Al wat hy uitasem kon uitkry was "Daai man is heel mal, hy weet nie wat hy wil hê nie." Na die episode het hy aansienlik minder gat gekruip.
(Weitsche Fourie)

**Maak my ŉ bod.**
Een wintersnag in Windhoek lui my telefoon by die huis. Dit was ongeveer twee uur die nag en die persoon aan die anderkant het vinnig en onduidelik gepraat. Toe ek behoorlik wakker was, het ek die stem van Ernie Horn, ŉ eise klerk van die Spoorweë in Windhoek, herken. "Maak my ŉ bod vir ŉ bees", het hy baie haastig gesê. "Ernie, waar is jy, is jy by ŉ partytjie?", wou ek weet. "Nee man, maak my net ŉ bod vir ŉ bees", het hy steeds aangedring. "Is jy gesuip, waarom moet ek twee uur in die oggend ŉ bod vir ŉ bees maak?" wou ek verontwaardig weet. Daarna het Ernie stadig en in goeie Afrikaans verduidelik dat ŉ trein vrag met beeste vanaf Gobabis in Windhoek aangekom het. Toe die beeste uitgelaai was, spring ŉ moerse Brahmaan oor die reëlings en moes hulle hom tussen die spore skiet. "Hoe klink R60?" het ek my aanbod gemaak. "Die bees is joune, jy het twee ure tyd om hom vanaf die perseel te verwyder", was sy saaklike antwoord. Magda wou nog wat ons met ŉ hele bees sou maak maar ek kon haar nie antwoord nie. Al wat ek kon sê was dat sy solank leeg moes maak wat leeg gemaak kon word sodat ons die vleis kon bêre. Ek het my splinternuwe Venter sleepwaentjie vir die eerste keer agter die Mercedes Benz gehaak en ek het afgesit na die goederewerf waar die bees tussen die spore gelê het. Gelukkig was daar ŉ aantal arbeiders wat my kon help om die bees in twee te saag en op die sleepwa te laai.
Ek het met die rit terug huis toe bly wonder waar ek die bees sou ophang en gelukkig het die huis in Akademie ŉ groot, oop stoep met balke gehad, maar ongelukkig was die erf met net ŉ lae muurtjie omhein. ŉ Verdere probleem was die twee rondloper honde in die buurt wat op ŉ gereelde grondslag asblik inspeksies by die huise kom doen het. Die stoep was die ideale plek om die bees te hang, maar wat van die honde?. Ons kon dit nie waag om die bees onbewaak op die stoep te los nie. ŉ Boer maak ŉ plan. Ek en Magda het ons dubbelbed op die stoep uitgedra en daar het ons twee op die stoep gelê om die bees op te pas sodat die honde hom nie kon beetkry nie. Slaap was maar min en voordat ek behoorlik aan die slaap kon raak, moes ek alweer opstaan om gereed te maak vir werk. Ook maar goed; die honde het seker die vleis geruik en ons was skaars in die bed of hulle spring oor die lae muur, reguit oppad stoep toe. Groot was hulle verbasing toe ek uit die bed opvlieg en hulle verjaag.
Dit was seker agt maande daarna toe ek min of meer dieselfde tyd in die nag ŉ soortgelyke oproep vanaf Ernie Horn ontvang het. "Wil jy nie asseblief die keer die bod na R100 verhoog nie?", het hy gevra. Ek het toe die indruk gekry dat óf die ander manne het genoeg vleis gehad, óf hulle het nie kans gesien om die bees daardie tyd van die nag tussen die spoorlyne te bewerk nie.
(RB)

**Parade inspeksie.**
Aan die einde van 1967 was ek vir ŉ paar maande tydelik na Upington verplaas. Daar was ŉ vakature vir ŉ konstabel maar kolonel Awie het gereël dat ek gedurende die somermaande op Upington kon werk om my weduwee moeder met haar boerdery by te staan. Gedurende die winter moes ek terug in Windhoek wees om rugby te speel. Vir ŉ seun wat met ŉ windbuks en .22 geweer groot geword het, was die versoeking om met die amptelike .303 geweer waarmee ek uitgereik was te skiet, net te groot vir my. Op my af naweke het ek my .303 geweer uit die wapenkamer gesmokkel en dan moes ŉ pou of steenbok sy wegkruip ken of die .303 het gepraat. Op ŉ stadium het dit so lekker gegaan dat ek al vyftig .303 patrone waarmee ek uitgereik was, weggeskiet het. Ons was toe in kennis gestel dat die Bevelvoerende offisier ŉ parade inspeksie op Upington sou kom hou. By dié parade moes die lede al hulle uniforms en ander items wat aan hulle uitgereik was, uitpak sodat die offisier dit kon nagaan en tel. Ek het vyftig .303 patrone vermis en het baie moeite gedoen om dit te vervang, maar sonder enige sukses.
Die dag voor die parade inspeksie het ek toe ŉ klompie boute en moere in die leë ammunisie pakkie gegooi en het die pakkie styf met SAS&H gemerkte kleefband toegedraai. Ek het al my uniforms en items netjies uitgepak, behalwe die inhoud van die ammunisie pakkie wat nog geseël was. Sersant Sam Visagie, wat kolonel Awie se amptelike motorbestuurder was en hom tydens die inspeksie bygestaan het, het toe ŉ vreeslik bek opgesit omdat my patrone nie uitgepak was nie. Ek het toe ŉ helse geveg met die sersant opgetel deur te beweer dat ek die patrone so verseël ontvang het en dat ek dit nooit oopgemaak het nie, en dat ek dit ook nie toe wou oopmaak nie. Kolonel Awie, wat op daardie stadium in die Posbevelvoerder se kantoor langsaan was, het nader gestap gekom en gevra wat se geraas daar aan die gang was. Ek het toe vir die kolonel gesê dat dit vir my gelyk het dat sersant Visagie daardie dag "patrone tel bedonderd" was, want hy wou my verplig om die patrone pakkie se seël te breek. Kolonel Awie moes vermoed het dat daar iets groot fout met die patrone was en sê toe "Visagie moet nie bedonderd raak nie, ek het nie al die pad vanaf Windhoek gekom om patrone te tel nie ". Weer het ons Kanaal ape mekaar gehelp.
(Wietsche Fourie)

**My eerste nagskof – Walvisbaai (1981)**
Ek glo letterlik elke oud Sporie kan ŉ storie vertel oor die eerste skof wat hulle in die Spoorwegpolisie gewerk het, daarom dat ek nie dink hierdie een is meer besonder as enige ander verhaal nie. Ek het eers twee jaar diensplig voltooi voordat ek by die Spoorwegpolisie aangesluit het, so ek was darem vertroud met dissipline, patrollies loop, wagstaan, ens. Op my eerste nagskof was aan my verduidelik dat ek die hawe soos volg moes patrolleer: van die hoofhek af al langs die kaai af tot by die suidelik hek. Daar moes ek telefonies rapporteer dat ek daar was en dan ook ŉ sakboek inskrywing maak. Met die terugkeerslag moes ek tussen al die store en administratiewe geboue deurbeweeg het en vasstel of alles daar in orde was. Dit was veronderstel om my te help met oriëntasie en die uitleg van die hawe. Die eerste been van die patrollie was heel interessant aangesien daar baie bote vasgemeer gelê het en ek kon hier en daar gesprekke met die bemanning, dié wat nog wakker was, aanknoop. Voor ek my kon kry, was ek verby die Houerdepot en sommer by die suid hek se kajuit. Ek het die aanklagtekantoor gekontak, my sitrap deurgegee, my sakboek op datum gebring en sommer net so 'n paar minute gerus.
Soos ek gesê het, ek was twee jaar in die weermag en het operasionele diens verrig, so donker was nog nooit my probleem nie, maar die gebied tussen die geboue was nog altyd ŉ grillerige affêre. Maar ek was mos nou polisieman en ek moes bewys dat ek die "joppie" kon doen en daar het ek met die tweede been van my patrollie begin. Alles het sommer glad verloop want die beligting was goed, die omgewing was relatief netjies en daar het werklik nie veel gemors rondgelê nie. Ek was aangesê om ŉ draai by TCL (Tsumeb Corporation Limited) se store te maak aangesien daar gereeld diefstalle plaasgevind het. Nou, TCL het nie regtig goeie beligting gehad nie; inteendeel, daar was slegs een onbeskermde liggie, seker net sowat 60 Watt sterk, wat in die middel van die dak gehang het. Met my aankoms het die deur ook so effens oopgestaan. Ek het ingeloer en toe voetjie vir voetjie ingeskuifel om mooi rond

te kyk of alles nog reg was. Niemand het ooit gesê van duiwe wat snags op die dakbalke geslaap het nie, want daardie duiwe het wakker geword, my gesien, geskrik en toe hulle vlerke begin fladder. Dit was genoeg vir my, dankie!
Onthou, ek's nie bang nie, dit was net baie grillerig en ek het seker 'n hele paar bestaande S.A. naelloop rekords in een minuut gebreek. Die ouens wat by die hoofhek gewerk het, sal 'n goeie beskrywing kan gee van hoe ek gelyk het toe ek daar aangevlieg gekom het.
(Marius A Carelse)

**Bez een – die Bokwagters nul.**
Bez en sy klomp pelle op Outjo het maar van tyd tot tyd hul beskeie bydrae gelewer om die paaie in die noorde vry van koedoe-ongelukke te hou. Hulle het geglo dis 'n baie belangrike taak met groot verantwoordelikhede. Die amptenare van Natuurbewaring, of die "Bokwagters", soos hulle onder ons bekend gestaan het, het ook van hul aksies kennis geneem. Die Bokwagters het nie Bez en sy makkers se entoesiasme gedeel rakende die edele daad wat hulle verrig het nie en daarom het hulle planne beraam om 'n einde daaraan te maak. Die Bokwagters het hulle bewegings noukeurig dopgehou en wanneer hulle die dorpsgebied verlaat het, het hulle die manne voorgelê om hulle te arresteer. Bez en sy geselskap was weer een aand uit op 'n onskuldige uitstappie toe die Bokwagters hulle voorgekeer het. Gelukkig vir Bez-hulle was daar nog nie 'n enkele skoot geskiet nie, maar hulle was egter in besit van 'n jaggeweer en 'n kollig. Dit was voldoende bewys dat hulle van voornemens was om onwettig te jag. Dié bewering was ernstig deur Bez en sy pelle ontken maar die Bokwagters het hulle nie aan Bez en sy vriende se verduideliking gesteur nie en summier op die jaggeweer en kollig beslag gelê. Nadat die geweer reeds in die besit van die Bokwagters was, het Bez besluit dat die geweer se slot baie veiliger by hom as by die Bokwagters sou wees. Hy het toe, sonder om die gereg te dwarsboom, die geweer se slot ongemerk uit die geweer verwyder en dit in veilige bewaring by hom gehou. Die Bokwagters was baie ingenome met hulle "vangs" dié betrokke aand en toe hulle die saak klaar ondersoek het, het hulle die saak na die Prokureur Generaal vir sy beslissing verwys. Die P.G. was egter nie oortuig dat Bez en sy vriende van voornemens was om onwettig te jag nie, want hoe kan jy dan nou 'n koedoetjie skiet met 'n geweer wat nie 'n slot het nie? Sy bevinding: "Ek weier om te vervolg." Die uitslag: Bez een die bokwagters nul.
(Weitsche Fourie)

**Die Bevelvoerende offisier en brandstofbesparing.**
Met die landswye brandstof tekort in 1981, was die snelheidsgrens tot 80km/u beperk. Brigadier Morris Gilbert was vanaf Hoofkantoor in Johannesburg na Windhoek as Bevelvoerende offisier verplaas. Dit was toe my taak om hom aan die personeellede in die Afdeling te gaan voorstel terwyl hy hom terselfdertyd van die dorpe in Suidwes kon vergewis. Die Maandagoggend, omstreeks ses uur, het ons vanaf Windhoek met die B.O. se 3 liter V6 Ford Granada vertrek. Feitlik almal het 'n gemiddelde spoed van 140km/u gehandhaaf wanneer hulle die langpad aangedurf het omdat die dorpe in Suidwes so ver uitmekaar geleë was. Ons was skaars buite Windhoek of die Granada se spoedmeter registreer 140km/u. "Ron, wat doen jy?", wou die brigadier by my weet. "Nou wat bedoel brigadier? Ek is besig om te bestuur", het ek ewe verbaas geantwoord op sy onverwagse vraag aan my. "Die spoedgrens is 80km/u en dit is die spoed waarteen ons gaan ry", het die brigadier baie ernstig gesê. Ek het betoog dat dié maatreëls slegs in die Republiek van toepassing was en dat hy nou in Suidwes Afrika was en ten einde my betoog nog verder te versterk, noem ek dat ons nooit ons bestemming teen die stadige spoed sou bereik nie. "Ons ry 80km/u en dit is klaar", was die brigadier se onverbiddelike antwoord. Om van 140km/u na 'n spoed van 80km/u te verminder, was in Suidwes 'n groot verskil. Teen dié slakkepas was dit moontlik om die goggas en miere langs die pad te sien loop; so stadig het dit gevoel.
Ons was vanaf Windhoek na Walvisbaai onderweg; 'n afstand van bykans 400 kilometer. Moeg en uitgeput van die konsentrasie om die gewillige V6 teen 80km/u in die pad te hou, kom ons in Walvisbaai aan. Die volgende oggend het ons in die pad na Kamanjab geval en daarvandaan na Oshivello, waar ons die nag by die manne wat grensdiens verrig het, sou

oornag. ’n Paar kilometers duskant Otavi het ons stil gehou om iets te drink. Terwyl ons daar verpoos het, het daar ’n wolkbreuk uitgebreek. Die druppels reën het neergeval asof hulle met emmers uitgegooi was. Binne sekondes het die grondpad waarop ons gery het in ’n modderbad verander. Net toe ek met die outomatiese Granada wou wegtrek, het die agterkant van die Ford ’n paar danspassie uitgevoer, maar ek het daarin geslaag om die neus in die pad te hou. Net daar het my passasier, brigadier Gilbert, begin om in my bestuursvermoë te twyfel. Hy het net daar en dan aangebied om verder te bestuur. Ek was maar altyd ’n swak passasier en het hom gerus gestel dat ek alles onder beheer gehad het en dat hy het nie nodig had om te twyfel nie. “Nee, Ron” het hy gepaai, “ek is nie oor jou bestuurvernuf bekommerd nie; ek wil maar net help bestuur”. Die leuen het hy nie met oortuiging vertel nie, maar ek het maar stilgehou terwyl die stortreën voortgeduur het.
Ons kon nie waag om uit die motor te klim nie. Dit het so hard gereën dat ons binne enkele sekondes sopnat sou wees. Brigadier Morris het met ’n oplossing vorendag gekom. Hy is in die ou terme omtrent ses voet vyf lank en nou wou hy met sy lang bene oor die rugleuning van die voorste sitplek na die agterste sitplek klim sodat ek oor na die passasierskant kon skuif waarna hy dan weer oor die rugleuning sou klouter om sy posisie agter die stuurwiel in te neem. So gesê so gedaan. Dit was ’n gesig om te aanskou hoe ’n persoon van sý lengte in die beperkte ruimte van die motor oor die sitplekke klim. Na ’n gesukkel was hy agter die stuurwiel en ek het gemaklik in die passasiersitplek stelling ingeneem.
Die brigadier was nie voorbereid op die uitwerking wat ’n kragtige V6 masjien met ’n outomatiese ratkas op ’n nat grondpad gehad het nie. Met die wegtrek slag het die Granada ’n paar keer in die ronde getol waarna dit op die wal langs die pad tot stilstand gekom het. “Ron, ek dink jy moet maar weer die wiel kom vat”, was al wat die brigadier gesê het. Hy het nog nie eers mooi kans gehad om sy asem na die vorige oefening herwin nie, of hy moes weer oor die sitplekke klouter sodat ek agter die stuurwiel kon inskuif. Ek is nie taal vaardig genoeg om die episode in woorde te beskryf nie. “Toe, ry jy maar verder“, het die brigadier uitasem gesê terwyl sy gesig vertrek het van die pyn weens die kramp wat hy in sy een been gekry het weens die inspanning. Dit was nou soos een van daardie dae wanneer iemand in die kerk iets snaaks kwytraak en jy wil lag, maar jy mag nie.
Die besoek aan die noorde was afgehandel en nou moes ons die langpad na die suide aandurf. Met die terugreis vanaf Lüderitz na Keetmanshoop was dit baie warm en benoud. Net nadat ons vanaf Aus vertrek het, het die tamheid en moegheid my behoorlik oorval. Hierdie keer was dit ek wat die brigadier versoek het om te kom bestuur. “Ek wil my oë vir net so halfuur toemaak dan sal ek weer verder bestuur”, was my verduideliking. Ons het, ten spyte van al die duisende kilometers wat ons al afgelê het, by die snelheidsperk van 80km/u gehou soos wat die brigadier gemaan het. Ek het in die passasiersitplek ingeskuif en my oë gesluit. Dit was nie lank nie of ek het gehoor hoe sing die bande op die teerpad en, terwyl ek nog gedink het ek verbeel my, raak ek bewus daarvan dat die toonhoogte van die gesing ál hoër begin raak het. Ten einde my agterdog te weerlê, het ek so met die een oog na die spoedmeter geloer en gewaar dat die naald op 120km/u vasgestaan het. Dit was dus my beurt om te vra: “Brigadier, nou wat is hier aan die gang, ons ry dan nou 120km/u?” “Ja tog, ek is bewus daarvan, maar teen 80km/u gaan ons nooit ons bestemming bereik nie”, het hy kortaf geantwoord. Baie braaf en verlig het ek geantwoord: “Brigadier, jy het so pas ’n Suidwester geword.”
(RB)

**Hoed – Hoed.**
Offisiere wat in die noorde van Suidwes besoeke afgelê het, het gewoonlik by my aan huis op Otjiwarongo of by Bez Bezuidenhout op Outjo oorgebly. Ons twee was op daardie stadium nog sersante en gevolglik het die offisiere ons en ons gesinne goed leer ken. By ’n geleentheid het ek die Posbevelvoerder van Windhoek afgelos en Bez het toesig by ’n sersant eksamen gehou. Ons gesinne het in die noorde agtergebly omdat ons vir ’n geruime tydperk in Windhoek werksaam sou wees. Die offisiere het een Saterdagmiddag ’n gesamentlike braai by kolonel G.P. “Dominee” Pretorius se huis gehou. Ek en Bez was toe ook na die funksie uitgenooi en, soos dit ons betaam, het ons twee - baie netjies uitgevat - by die funksie

opgedaag. Dit was nie lank nie of kolonel Pretorius het gesê hy wou hê dat ek en Bez die middag *hoed – hoed* moes speel. Al die offisiere het gelag en dit was duidelik dat hulle geweet het wat dit beteken, maar ek het nie ŉ idée gehad wat dit was nie. Ek het vir Bez al jare geken en geweet: met hom speel jy niks nie want hy is ŉ vuilgat. Nie lank nie of kolonel Gerrie het die vroue aangesê dat hulle in die tuin moes bly sit want die manne wou in die motorhuis kyk hoe ek en Bez *hoed – hoed* speel.
In die motorhuis moes ek en Bez toe teenoor mekaar staan met ons hande agter ons rug, terwyl altwee van ons aan die rand van ŉ hoed moes vasbyt. Kaptein Dirk "Swartboek" Smit was by en hy het aan elkeen van ons ŉ vuurhoutjie oorhandig. Die doel van die oefening, volgens hulle, was dat ons moes kyk in hoeveel stukkies ons die vuurhoutjies kon breek met slegs een hand. Bez was eerste aan die beurt, en terwyl ek met my hande agter my rug gestaan het, het hy losgetrek en die vuurhoutjie in ses stukkies gebreek met slegs een hand. Al die offisiere het my aangemoedig om my vuurhoutjie in meer stukkies te breek. Julle moet verstaan dat ek nie een is wat terugstaan vir enige uitdaging nie en ek het met al my konsentrasie probeer om die vuurhoutjie in meer as ses stukkies te breek – dit was immers my kans om vir Bez bietjie op sy plek te sit. Bez het egter ander idees gehad en terwyl ek met al my oortuiging die vuurhoutjie bydam, neem hy sy kans waar en p*s my van my naeltjie af ondertoe papnat. Die bleddie hoed het gekeer dat ek kon sien wat hy aanvang en tot my uiterste verbasing moes ek sien hoe lag die offisiere se vrouens buite net so hard soos hulle mans; hulle het almal vooraf geweet wat gaan gebeur. Daardie dag was Bez nie die enigste vuilgat nie; hulle almal was.
(Weitsche Fourie)

**Wietsche en die jong ponie.**
Die S.A.Spoorwegpolisie het oor goeie sportmanne en -vroue beskik. Die verskillende afdelings het op ŉ jaarlikse basis vir die Le Grange beker uitgespeel. In 1970 het die afdelings Wes Kaap, Noord Kaap en Suidwes Afrika teen mekaar op Upington gespeel. Suidwes was die gasheer afdeling en die spelers van die Noord- en Wes Kaap moes goed na omgesien word het die opdrag van die Bevelvoerende Offisier gekom. Sersant Riet Reichert was toe die Posbevelvoerder op Upington. Konstabel Wietsche Fourie het opdrag gekry om hom by sersant Reichert op Upington aan te meld om hom met die reëlings by te staan. Die span van Suidwes was gekies met Tjaka Neethling as die kaptein. Die spelers van die Suidwes span het opdrag gekry om hulle netjies vir die funksie, wat die aand sou plaasvind, aan te trek. Hulle moes vir dié geleentheid hulle swart Spoorwegpolisie sportbaadjies met ŉ das aangetrek het.
Noord Kaap was die Donderdagaand deur die Suidwesters uitgeskakel en Vrydagaand verloor die Suidwesters net-net teen die Wes Kaap. Die Kapenaars het vroeg huis toe vertrek wat beteken het dat elke Suidwester, die Bevelvoerende Offisier inkluis, dié betrokke aand twee dames gelyktydig geselskap moes hou. Die manne het al te fraai met hulle swart baadjies en polisiedasse gelyk. Die musiek was opgewek maar almal het die Bevelvoerende Offisier dopgehou. Wie gaan die dansbaan open? Ek weet nie of dit sersant Reichert of Wietsche Fourie was wat ŉ dametjie oorreed het om die kolonel vir ŉ dans te vra nie. Toe kolonel Van Niekerk gaan, val die manne in. Sersant Joek Botes van Keetmanshoop, wat slot gespeel het, het met sy asma pompie in sy kleurbaadjie se sak gedans dat die stof staan. Hy het so lekker gedans dat hy skoon van sy asma vergeet het.
Dit was warm en die manne dans lekker. In die proses raak hulle baie dors en om dit te les geniet hulle die kanaalwater waarvan daar meer as genoeg was. Reichert en Fourie se reëlings was puik - daar het niks geskort nie. Nouja, so gesellige aand het ook maar sy hoogte- en laagte punte gehad. Wietsche was nog ŉ jong man en hy het daar weggeraak met ŉ jong ponie. Omdat hy so woelwater was, was sy afwesigheid onmiddellik raakgesien. Bokant die dansbaan was daar ŉ gedeelte waar hulle met bouwerk besig was. Die manne dans nog so toe val Wietsche en die jonge ponie deur die plafon, reg voor die kolonel se voete. Kolonel Awie van Niekerk het Wietsche se ondervinding baie geniet. "As ŉ mens wil bou moet jou fondasie op klip wees Wietschie, nie op ŉ plafon nie", het die wyse raad van die

kolonel gekom. ʼn Genotvolle aand saam met wonderlike mense van Upington wat baie herinneringe terugbring.
(Tjaka Neethling)

**Nuwe duikboot vir Walvisbaai.**
Vervoer in die Spoorwegpolisie was, soos in die geval van meeste instansies, maar altyd ʼn probleem. Daar was nooit genoeg voertuie om die werk mee te doen nie en Walvisbaai het net een voertuig gehad om die werk van die uniformtak te verrig. Dit was dan ook verstaanbaar dat die Posbevelvoerder die voertuig slegs vir dringende sake beskikbaar gestel het. Vir die res moes daar maar voetgeslaan word, selfs as verklarings van getuies geneem moes word. Die wyksersant moes lede op die rondtes drie keer per skof besoek en hierdie besoeke moes per voet gedoen word weens die gebrek aan voertuie. Na een rondte se besoeke het jy as wyksersant dertien kilometer per pad afgelê en vir kortpad moes jy deur die woestynsand jou weg gevind het. Die Posbevelvoerder het nie rede verstaan nie want: "Jy is die sersant, jy moet die voorbeeld stel." Die oplossing was om so gou as moontlik op jou eerste rondte besoeke ʼn arrestasie uit te voer sodat jy dit kon ondersoek en derhalwe nie nodig gehad het om verdere besoeke af te lê nie. Dit was nie altyd maklik of moontlik om ʼn arrestasie uit te voer wanneer jy aan diens gekom het nie en dan moes jy maar ʼn ander plan maak; soos om jou eie vervoer te gebruik – iets wat heeltemal taboe was. Ek was op daardie stadium die trotse eienaar van ʼn Volkswagen Beatle. Die dêm Volkswagen se petrolkabel het soms op die mees ongeleë oomblikke vasgehaak. By ʼn geleentheid het genoemde kabel weer vasgehaak terwyl ek en my meisie in die kar gery het en ons het vir ons moeite onder die skoolbus beland. Dit was nog lank nie die einde van my probleme en verleentheid met die Volksie nie.
Die volgende berig het in die plaaslike koerant verskyn:
*"ʼn Waarnemende sersant van die Spoorwegpolisie op Walvisbaai, sersant J.P.L. Strydom, het gisteroggend 22 September 1977 ter nouernood aan die dood ontkom toe sy motor by die kaai tussen die hawemuur en die vragskip, Golden Stream Monrovia, in die water beland het. Sover vasgestel kon word was dit die eerste keer in die geskiedenis van die hawe dat ʼn motor hier in die see beland het. Sersant Strydom was gisteroggend in die hawe besig met die uitvoering van sy pligte. Hy het in sy motor geklim en agteruit gery toe die motor se petrolpedaal skielik vasgehaak het. Hy het probeer om die pedaal los te maak terwyl die motor steeds agteruit beweeg het. Die motor het al hoe nader aan die rand van die kaaimuur beweeg en voordat hy besef wat eintlik gebeur, het die motor oor die rand getuimel. Sersant Strydom het gou besef wat gebeur en uit die motor gespring nog voordat dit in die water weggesink het. Hy is kort na die voorval uit die water gepik. Met behulp van ʼn paar duikers is die motor omstreeks 11h00 uit die water gehaal. Die motor is erg beskadig".*
Gelukkig was geen tugstappe teen my geneem nie, maar ek is kort na hierdie voorval afgesonder om spesiale dienste in die noorde van Suidwes Afrika te gaan verrig. Ek dink die gevoel was seker dat ek daar veiliger as in die hawe van Walvisbaai sou wees.
(Koos Strydom)

**Koedoe Kruger en die koedoes.**
Luitenant Koedoe Kruger, Stasiebevelvoerder van die S.A. Polisie in Windhoek, het skuins oorkant my in Akademie gewoon. Een oggend, omstreeks twee uur, bel hy my wakker by my huis met die woorde: "Jy moet nóú kom; daar is probleme." My eerste gedagte was dat dit iets met terroriste te doen gehad het aangesien die terroriste in daardie jare baie aktief in en om Windhoek was. Ek het my 9mm Beretta gegryp en, net in my PT broek geklee, afgesit na sy huis oorkant die straat. Daar vind ek hom staan by sy motorhuis in sy slaapklere sonder enige bewapening. "Wat is fout?", wou ek dadelik by hom weet. "Ronnie, ek het rustig gelê en slaap toe klop die vangwabestuurder aan my kamervenster. Hy sê toe dat ek in my motorhuis moet gaan kyk wat aan die gang is. Voordat ek die lid nog kon vra wat dit was, hoor ek die vangwa wegtrek. Toe ek my motorhuis oopmaak, lê daar sewe koedoes vir my en kyk. Wat maak jy twee uur die oggend met sewe koedoes in jou motorhuis? Die manne het verseker op die 'lang plaas' gaan jag en nou sit ek met die gebakte pere."

Ek het my terug huis toe gehaas om slagmesse te gaan haal en ander klere aan te trek en teen sewe uur die oggend was ons gedaan. Nou moes ons weer spring om onsself te gaan reinig en vir werk te gaan aantrek. Ek het ŉ vinnige draai by die kantoor gemaak en toestemming gekry om vroeg huis toe te gaan. Ek het moes immers baie ure "oortyd" gewerk sonder dat ek die tyd daarvoor afgeneem het. Koedoe het dieselfde reëlings getref en natuurlik moes die dames kom hand bysit. Ons het geslag en hulle moes die biltonge sny. Al wat ŉ leë houer was in die twee huishoudings was gebruik. Daar was nog baie houers kort om die vleis in te sit, maar gelukkig het Koedoe die persoon in beheer van die Stadsraad se store geken. Hy was bereid om ŉ aantal nuwe plastiese asdromme aan hom te leen. Baie aande daarna het ons rondom die kampvuur in Akademie gekuier terwyl die koedoe *steaks* met *Old Brown* sjerrie in die ploegskaar gebraai was. Suidwes: die land van melk en heuning!!
(RB)

**Weet jy van breinspoeling?**
Die eerste beweerde sabotasiesaak was te Walvisbaai aangemeld. Dit was ongeveer 1967/68 en ek was die speurder van die vlugspan wat direk onder die bevel van die Bevelvoerende Offisier gewerk het. Dit het beteken dat die speuroffisier, of wie ook al, hom nie met sake sonder die toestemming van die Bevelvoerende Offisier kon belas nie. Ek was op Karasburg in die suide van Suidwes besig om beweerde bedrogsake te ondersoek en luitenant Van Taak, wat die Veiligheidsoffisier was, was besig met die ondersoek van die beweerde sabotasiesaak in Walvisbaai. Brigadier Marius van Vuuren, wat op daardie tydstip die Kommissaris van die S.A.Spoorwegpolisie was, was op 'n besoek aan Suidwes Afrika in daardie tyd. Ek het ŉ dringende oproep van die Bevelvoerende Offisier ontvang om dadelik na Walvisbaai te reis om die beweerde sabotasiesaak te gaan ondersoek. Walvisbaai en Karasburg lê ver van mekaar en ek het geweet ek kon nie enige tyd vermors nie want die saak het geblyk baie ernstig te wees. Ek en speurder-konstabel Petrus van Gil het in die Dodge bakkie gespring en die pad Walvisbaai toe gevat. Petrus was nie ŉ praterige mens nie – hy het net gepraat wanneer daar met hom gepraat was.
Die Bevelvoerende Offisier het baie hoë eise gestel; niks anders as die suksesvolle oplossing van die saak sou aanvaarbaar wees nie. Ek het oop oë gebid vanaf Karasburg tot in Walvisbaai en my gebede was slegs onderbreek wanneer Petrus toevallig iets gevra of gesê het. Ons het omstreek tien uur die oggend in Walvisbaai aangeland en luitenant Van Taak het sonder enige verdere seremonie die dossier aan my oorhandig. Ek het skaars met die ondersoek begin of die B.O. het 'n klagte ontvang dat ŉ speurder besig was om kinders te intimideer. Ek het my nie aan die oproep en klagte gesteur nie omdat talle persone die hawe besoek het en sekere uitskakelings was belangrik – ek was druk besig en het nie tyd gehad vir onbenullighede nie. Die volgende oggend moes ek voor luitenant Van Taak verskyn rakende die ouers se klagtes die vorige aand. Hy was opvallend kwaad. "Weet jy wat is breinspoeling"? het hy gevra. Ek het gesê dat ek nie geweet het wat dit was nie waarop hy geantwoord het dat dit ŉ geestelike marteling en indoktrinasie is wat die persoon wat ondervra word, laat glo dat hy die oortreding gepleeg het. Die leidrade wat ek opgevolg het my stap vir stap nader aan die booswigte geneem. Die sabotasiesaak het voortgespruit uit die beskadiging van ŉ elektriese kas wat ŉ primêre rol in die beligting van die hawe gespeel het en wat erg beskadig was in die sabotasie poging. Russiese bote was terloops naby die Suid Afrikaanse gebiedswaters gesien wat as ŉ bedreiging beskou was en wat altyd ŉ bron van kommer was. Bloed en bloedspatsels was orals op die elektriese kas gevind.
Ek het op ŉ betrokke dag, omstreeks half drie die middag, 'n elektrisiën en sy arbeider ondervra wat aanvanklik sy betrokkenheid by die saak ontken het, maar nadat die arbeider ondervra was, het hy besluit om ŉ vrywillige verklaring af te lê. Die sabotasie aanklag was gevolglik verander na kwaadwillige saakbeskadiging van eiendom. Die Kommissaris en kolonel Van Niekerk was in die privaat rytuig en hulle het gewag op my terugvoering oor die saak. Om ongeveer vier uur die middag het ek die privaat rytuig besoek en brigadier Van Vuuren het gevra of daar vordering gemaak was met die saak. Ek het geantwoord dat ek die mense gevang het waarop kolonel Van Niekerk opgespring het met die woorde: "Brigadier, ek het jou gesê; as Neethling hulle nie kan vang nie, sal niemand hulle vang nie". Die Here

was baie goed vir my tydens die ondersoek van die saak, veral vanweë die hoë eise en verwagtinge wat aan my gestel was. Brigadier Van Vuuren het my voorts gevra: “Wat drink jy sherhsant?” “Brandewyn en Coke, brigadier”, het ek verbaas geantwoord. “Ek is baie tghorts op jou sherhsant, jy moet ekshamen skhryf”, was sy vaderlike raad. “Dankie, maar ek het nie tyd nie brigadier”, het ek hom geantwoord. “Ek aanvaarrggh dit nie” het hy gesê. Beslis die eerste speurder-sersant in die S.A Spoorwegpolisie wat deur ’n brigadier met drank bedien was. Dié nederigheid van die Kommissaris maak die waardering soveel meer opreg.
(Tjaka Neethling)

**Die gedig.**
In 1962 was ek ’n ondersersant en die Posbevelvoerder te Tsumeb. ’n Konstabel vanaf Windhoek was gewoonlik na ‘n betrokke stasie as aflos gestuur wanneer die Posbevelvoerders op buitestasies met verlof gegaan het. So het my beurt gekom om met verlof te gaan en konstabel Le Roux van Windhoek was as die aflos aangestel. Ek het vir Le Roux baie goed geken; hy het met ’n dametjie uitgegaan wat hy van skooldae af “grootgemaak het”, so ek was beslis bewus daarvan dat Le Roux ontevrede was om my te kom aflos. Tsumeb was immers ver van Windhoek af en ek het geweet dat hy smoor verlief was op die meisie wat hy in Windhoek moes agterlaat. Die drama op Tsumeb het begin nog skaars nadat ek met verlof vertrek het. Ek het eers van die drama bewus geword nadat ek van verlof af teruggekeer het en ek met my aankoms te Tsumeb stasie vir Le Roux daar teëgekom het. Die man het onbedaarlik begin huil toe ek nader stap om hom te groet. Hy het my daar en dan vertel dat Corrie, die dametjie met wie hy reeds ’n paar jaar lank uitgegaan het, hom gelos het. Ek het probeer om die man te paai, maar hy was ’n gebroke man en tussen die snikke deur het hy my vertel dat hy alles moontlik binne sy vermoë gedoen het om na Windhoek terug te keer, maar sonder enige sukses. Sy teleurstelling het my herinner aan ’n tyd toe ek maar nog in std. 2 was en ’n meisietjie, op wie ek reeds op daardie jeugdige leeftyd vrek verlief was, my gelos het. Vir seker is daar niks lekkerder as ware liefde nie, maar vir seker is daar ook geen groter teleurstelling en hartseer as wanneer dié liefde verbrokkel nie.
’n Week of twee na Le Roux se vertrek na Windhoek, en nadat ek ’n bietjie inligting ingesamel het, het ek diep geïnspireerd gevoel deur die man se pyn en is ‘n gedig uit dié pyn gebore. Die gedig het uit sowat dertien verse bestaan waarvan drie van die verse nog, na agt-en-veertig jaar, helder in my geheue is. Die gedig weerspieël Le_Roux se ervaring wat hy met sy meisie gehad het toe hy op Tsumeb was. Die volgende gedig het ek na Hoofkantoor gestuur.

*Vader hoe kan dit met my gebeur?*
*Ek skakel haar weer…en weer…en nog ’n keer*
*Maar,…ek hoor net die knetterende geknak van die telefoon raas*
*Soos sy die gehoorstuk in my ore terugplaas.*
*Ou Erastus soos ons hom ken, ( Eratus is die swart konstabel)*
*Dik, vet en beleefd*
*Gryp hy die Salvolately bottel wat siekte genees*
*Le Roux snou hom toe en laat verstaan hom weer*
*Die siekte wat ek aan ly kan Salvolately nie keer.*
*Rasend was hy van die skok*
*Wat moet ek doen om te versoen?*
*Wag,…..ek bel kaptein Viljoen*
*Kaptein Viljoen praat,…..*
*Nee Le Roux, dit is reeds te laat,….terugkom, sal jou niks nie baat.*
*Hoe maklik kan die eise van jou roeping, jou lewensideaal verpletter!*
(Tjaka Neethling)

**Captain you get too speedy for me**
Gedurende 1981, toe die terroriste stryd op sy felste was, het die politieke uitwerking daarvan na die Ovambo lede van die Mag oorgespoel. Ek was onder andere ook die werwingsoffisier vir Suidwes Afrika as deel van my verantwoordelikheid vir die reserviste aldaar. Ek het

derhalwe besluit om “nuwe bloed” vanaf die Caprivi in te voer as teenvoeter vir die Ovambo’s se houding. Een Maandagoggend het ’n swart onderwyser, wat in die Caprivi woonagtig was, by my kantoor in Windhoek kom aanmeld. Hy wou by die S.A.Spoorwegpolisie aansluit en na beraadslaging met die B.O. en kaptein Daisy van Gend, Offisier in bevel van die Veiligheidstak, het ons besluit dat ek en Daisy na die Caprivi moes gaan om die applikant se veiligheidsklaring af te handel en moontlike nuwe applikante te werf. Die Woensdagoggend het ons twee in die pad geval op pad na Katima Mulilo, met die Capriviaan as passasier en gids. Teen laaste lig het ons by die weermagbasis op Rundu aangemeld waar ons sou oornag. Aangesien Rundu net ’n deurgangsbasis was, het troepe, wanneer hulle daar deurgaan, op die grond geslaap met net ’n tent se dak as beskutting. Ek en Daisy het in die offisiersmenasie oornag en aan die Capriviaan opdrag gegee om die volgende oggend sewe uur vir ons by die motor te wag.
Die volgende oggend was daar geen teken van die Capriviaan nie. Die hekwag het ons ingelig dat die Capriviaan nie in die basis geslaap het nie, maar aan hom gesê het dat hy in die lokasie sou gaan slaap. Ons het die dorp ingevaar op soek na iets om te eet aangesien die menasie nie etes voorsien het nie. Net toe ons by ’n winkel uitgestap kom, het die Capriviaan na die motor aangehardloop gekom. Daisy van Gend is ’n klein mannetjie met baie min geduld en geen humor. Om alles te kroon, het hy binnemonds gepraat. Dit was ook nie altyd maklik om te hoor wat hy sê nie. Met die aankomslag wou Daisy by hom weet waarom hy nie in die basis geslaap het. “Captain I had to sleep on the soil”, het hy verduidelik. Die Capriviaan wou nog iets sê maar toe het hy met die skerpkant van Daisy kennis gemaak.
Terug in die motor het ons drie die pad gevat Katima toe. Daisy het die Capriviaan se lêer nadergetrek terwyl die koorsagtige atmosfeer nog sterk in die motor gehang het. Op die vorm moes die applikant die name van vyf familielede asook dié van vyf vriende, wat nie familielede was nie, verstrek. Byna onhoorbaar en beslis onverstaanbaar het Daisy skielik gebulder: “And this, what is this?”, terwyl hy met sy wysvinger op ’n naam op die vorm gedruk het. “It is my uncle”, het die Capriviaan benoud geantwoord. “Can you read?”, het Daisy weer gebulder en dit was nou in geen onduidelike terme nie baie duidelik dat die Capriviaan hom erg geïrriteer het. “Yes I can read, I am a teacher”, het die half vermaaklike antwoord gekom. Daisy het so byna-byna sy dun nekkie afgeruk terwyl hy na die Capriviaan agter in die motor gedraai het. “It states clearly here: the names of friends and not family”, het hy voortgegaan. Uit pure benoudheid het hy sy hand op Daisy se skouer geplaas met die volgende woorde: “Captain, take it easy, you get too speedy for me.” Ek kon dit nie langer uithou toe ek die uitdrukking op beide se gesigte sien nie. Ek het uitgebars van die lag en in die proses het ek byna beheer oor die motor verloor. So teen twaalf uur die middag het ons in Katima aangekom en langs die pad stilgehou om iets te eet. Die volgende oomblik het daar ongeveer sewentig manne uit alle windrigtings op ons toegesak. Die eerste gedagte was dat ons aangeval word, maar gelukkig kom die Capriviaan tot die redding met die nuus dat die skare by die Spoorwegpolisie wou aansluit. Toe eers het dit duidelik geword waarom die Capriviaan nie die vorige aand in die basis op Rundu wou slaap nie; hy het die vorige nag die bostelegram gestuur dat ons op pad was om werwing te kom doen.
Ek wou eers ’n besoek aan die Stasiebevelvoerder van die S.A. Polisie bring voordat ek enige besluite rondom werwing van die skare wou neem. Hy het immers van hulle op sy stasie gehad en sou weet of hulle goeie polisiemanne sou uitmaak al dan nie. Al wat die luitenant van die SAP aan my wou sê was: “Kaptein, ‘It is too heavy and it is too far.’” Verder wou hy niks sê nie. Die Capriviaan het ’n plastiese sakkie by hom gehad waarin onderklere en ’n paar kouse was. Hy was opdrag gegee om die volgende oggend om sewe uur by die SAP aan te meld, vanwaar ons na sy stat vir die nodige ondersoek sou reis. “But captain, can’t you take me to the location"?, wou hy weet. Met die gedagte dat die huis waarin hy tuisgegaan het seker ver van die polisiestasie was, het ek besluit dat ons hom by die huis sou gaan aflaai. Nog voordat ek die motor in derde rat kon sit, het die Capriviaan gegil dat ek moes stilhou want ons het sy bestemming bereik. Die volgende oggend nadat ons reeds in die motor was, het die Capriviaan versoek dat ons na die huis moes gaan waar hy die vorige nag geslaap het sodat hy sy klere kon gaan haal. Hierdie keer was dit ek wat op die Capriviaan gegil het: “Why didn’t you bring it with you when you came to the police station"? En daar kom die woorde

terug na my: "But captain, it is so heavy." Die lig het toe vir my opgegaan wat die Stasiebevelvoerder bedoel het met: "It is too heavy and it is too far." Dit is seker nie vir my nodig om sê dat ek nooit enige Capriviaan vir die S.A.Spoorwegpolisie in diens geneem het nie.
(RB)

**My 10 / 80 Consul karretjie.**
Gedurende 1964 was ek vanaf Tsumeb na Windhoek verplaas. ŉ Nuwe vertakking, die Meganisasie afdeling, was in die lewe geroep en dié afdeling het ŉ goeie Posbevelvoerder benodig (maar miskien het my verplasing na Windhoek net oor rugby gegaan). Ek het vir ongeveer ŉ maand op die skof gewerk ten einde alles in plek te kry. Ek was in daardie tyd die trotse eienaar van ŉ bruin en wit Consul, die vuurhoutjiebokstipe, wat ek vir ŉ fiets en R50-00 kontant gekoop het. Die enjin se ringe was klaar en het feitlik geen kompressie gehad nie. Ek het ongeveer drie kilometer vanaf die stasie gewoon en oppad na die stasie was daar ŉ redelike steil bult waarteen ek met die karretjie moes uit. Dié spesifieke oggend was die Consul nogal koud die Consul het teen 'n slakke pas vorentoe beweeg terwyl ek deur die ratte geskakel het. Dit was al kwart oor vyf die oggend en ek moes om ses uur begin werk.
Die Consul het gehoes en geproes maar hy kon nie die bult uitkom nie. Ek het met groot moeite die motor omgedraai en nou het ek die bult uit ge-"*reverse*." Die neus van die motor het in die rigting waarvandaan ek gekom het gewys en tot my verbasing was die Consul nogal kragtig in sy "*reverse gear*" en ons het goeie vordering gemaak op dié trant. Die bestuurders van die aankomende verkeer was so ietwat verward want daar het 'n kar met sy gatkant na voor in die regterkant van die pad aangekom. Die motoriste het vir my geskreeu: "Is jy mal?", maar ek het my nie aan hulle gesteur nie – ek moes by die werk kom. Die Consul was doodeenvoudig net weer omgedraai sodra ons die hoogste punt van die bult bereik het. Hierdie keer was die spoed waarteen die Consul die bult afgehol het weer die probleem want van stop by rooi verkeersligte was daar nie sprake nie - stilhou was ŉ probleem. Dit was so iets soos 10km/u bult uit, en 80 km/u bult af. Hoe ongerieflik kan armoede tog wees?
(Tjaka Neethling)

**Visvang of hengel?**
Generaal Claassen het as die nuwe Kommissaris besoek aan Suidwes Afrika gebring tydens my dienstermyn in Windhoek. Die Kommissaris het in Windhoek aangeland en sy besoek was deeglik beplan. ŉ Besoek aan Walvisbaai was as verpligtend beskou aangesien die generaal ŉ entoesiastiese hengelaar was. Daarvandaan sou hy die manne wat op Kamanjab en Oshivello grensdiens verrig het, gaan besoek. Die Streekoffisier op Walvisbaai, kaptein Johan van Heerden, en sy personeel was almal kranige vissermanne, of was dit dalk nou hengelaars? Generaal Claassen het enigiemand in geen onduidelik terme laat verstaan nie dat hy ŉ hengelaar en nie ŉ visserman was nie. Tot vandag toe nog weet ek nie wat die verskil tussen die twee is nie. Die Maandagoggend het die drie van ons; die Kommissaris, brigadier Morris Gilbert (die Bevelvoerende Offisier) en ek in die pad geval Walvisbaai toe. Ons het die aand in Walvisbaai oornag en vroeg die volgende oggend het die vissermanne ons na myl 78 geneem. Daar aangekom was die voertuie met die visgerei en versnaperinge bo-op die duin geparkeer en vandaar moes jy ongeveer vyftien na twintig meter die wal af om by die see uit te kom. Die vis het geloop; twee hoeke, twee visse. Die Kommissaris was in sy noppies want hy het nog nie so iets in sy tyd as hengelaar beleef nie. Miskien het hy tog op daardie stadium gedink dat hy besig was om vis te vang en nie te hengel.
Die son brand mos baie misleidend deur die wolke – dis asof hy jou skelmpies bykom. Dit was nie bloedig warm nie, maar die op en af drawwery teen die duin het die sweet laat tap maar ons was vas van plan om soveel as moontlik van die see se goedhartigheid gebruik te maak. Die generaal se skoene was later uit en sy hoed heeltemal van sy kop af. Binne ŉ bestek van ongeveer drie ure het die ses van ons nie minder nie as sewe-en-tagtig visse gevang. Die tyd het aangebreek dat ons moes oppak en die tog na Kamanjab moes aanpak. Met die vangery, of was dit nou hengelary, was daar nie tyd om iets te eet nie. Teen een uur die middag het die drie van ons met die grondpad na Kamanjab vertrek. Op pad het ons onder andere by ŉ droë

rivierbedding aangekom waar daar ŉ alleenstaande boompie, so dertig meter vanaf die pad, in die rivierbedding gestaan het en die generaal het onteenseglik bevel gegee dat ek by die boompie moes gaan stilhou. Die son het gebrand dat die kraaie gaap teen daardie tyd. "Generaal, ons kan nie hier inry nie", het ek probeer keer. "Luister, ek word nie deur ŉ kapteintjie voorgesê wat ek kan en nie kan doen nie", was sy duidelike antwoord. "ŉ Bevel is ŉ bevel", het ek by myself gedink en ek het onder die boompie gaan stop soos ek versoek was. Die generaal kon amper nie loop toe ons uit die bakkende motor klim nie; die brug van sy voete asook sy hele voorkop was die ene waterblase soos wat die son hom deur die wolke gebrand het.

Ons moes in trurat terug pad toe nadat ons al die kos geëet en al die water as lafenis gebruik het. Diegene wat ŉ droë rivier bedding ken, sal weet dat ŉ drie liter V6 Ford Granada met ŉ outomatiese ratkas nie in los sand ry nie; wat nog te sê in trurat? Met 'n paar lelik bokspringe en 'n gebrul het ons so klein entjie gevorder en daar gaan staan die motor in die bedding. "Wat is die probleem?", wou die generaal weet. "Ons sit in die sand was, u sal die stuurwiel moet kom vat sodat ek en die brigadier klippe onder die wiele kan pak", het ek aangebied. "Nee, bestuur jy, ek en Morris sal die klippe pak", was die generaal se antwoord. Na sowat ŉ uur se gesukkel het ons daarin geslaag om die Ford weer op die pad te kry. Nou het die sweet eers getap en in die tussentyd het die son die generaal se voete en voorkop ŉ verdere knou toegedien; soveel so dat ek in my enigheid gedink het dat hy by ŉ dokter sou moes uitkom. Min was ons daarvan bewus dat ons probleme nog ver van verby was. Die Ford se uitlaatpyp het uitgetrek tydens ons gespook om uit die sand weg te kom. Die Granada het nie ŉ lugversorger gehad nie soos ons met die vensters oop gery het, was die uitlaatgasse deur die kattebak ingesuig wat natuurlik dodelik gevaarlik was, en, maak ons die vensters toe, sterf ons van die hitte.

Die dame by Uis se ontspanningsklub het genadiglik tot ons redding gekom deur yskoue lemoensap te verskaf en die generaal se voete en voorkop vir hom te dokter. Ons was skaars van die klub af weg toe het die groot dors ons weer oorval. "By die eerste bottelstoor hou jy stil dat ons koue bier kan koop", het die bevel van die generaal gekom. Die eerste bottelstoor was vir nie-blankes en drie "*quarts*" yskoue Windhoek Lager was oor die toonbank geskuif. Daar het die Kommissaris, die Bevelvoerende Offisier en ŉ kapteintjie in die middel van die dorp gesit en bier uit 'n bottel drink. Nog nooit weer het ŉ koue bier daarna so lekker afgegaan nie. Met ons aankoms te Kamanjab kon ons die uitlaatstel laat herstel. Tot vandag toe nog weet ek nie wat die verskil tussen hengel en visvang is nie.
(RB)

**Waar is jou "cap "**

Ek was seker die eerste en enigste polisieman in Suidwes wat deur ŉ beskuldigde gebyt was. Kyk, ek was altyd superfiks: Maandae, Woensdae en Vrydae het ek gestoei en Dinsdae, Donderdae en Saterdae het ek rugby gespeel. Weens my voorbeeldige gedrag was ek ŉ prefek in die Spoorweg koshuis waar ek tuis gegaan het. Een aand het die koshuisvader my na sy kantoor ontbied met die nuus dat daar ŉ oproerige rangeerder was wat die swart werknemers in die kombuis gevloek en met die kookster geargumenteer het. Ek het die rangeerder nie juis geken nie, maar het hom al vantevore gesien. Hy het onder die rangeerders as die "breker " bekend gestaan. Hy was groter as ek en was sterk gebou. Ek wou ten tyde van my aankoms by die kombuis by hom weet wat sy moeilikheid was, maar, in plaas daarvan dat hy my ordentlik antwoord, wou hy nou op sy beurt weet wat my probleem was. Ek het hom ewe kalm en rustig gewaarsku dat hy oproerig was, dat hy skeltaal gebruik het en dat dit my plig as polisieman was om hom te arresteer. Hy wou voorts by my weet: "Waar is jou '*cap*'?" Ek het, nog steeds bedaard, aan hom verduidelik dat hy my ken en dat ek geen identifikasie nodig gehad het om myself as polisieman te identifiseer nie. Ek het, nadat ek gevoel het ek het nou genoeg gepraat, die "*shunterman*" gegryp en die twee van ons het die pad na die aanklagtekantoor, wat ongeveer 150 meter verder geleë was, aangepak. In daardie tydperk was ek die weltergewig amateur stoeikampioen van SWA en my stoeimaat, Ian Epton, ŉ Ier, was die Olimpiese kampioen. Daar was nie ŉ manier hoe hierdie "breker" my kon ore aangesit het nie. Nadat ons so vyftig meter in die straat af gevorder het, het die

"breker" my aan my regter bo-arm gebyt (Hierdie bytmerke is vandag nog sigbaar). Ek het hom met die linkervuis bygedam met die doel om hom dood te slaan. Met dié het hy op die grond neergeslaan en sy makkers het 'n kring rondom my gevorm, maar niemand het aan my geraak nie. Ek het hom goed verniel terwyl ons die tog na die aanklagtekantoor voortgesit het. Die "breker" was die volgende dag skuldig bevind op aanklag van oproerige gedrag en die aanranding van 'n polisiebeampte. Die Suidwester en Suidwes Afrikaner, die twee plaaslike koerante, het die volgende dag elkeen 'n berig bevat wat vertel het van konstabel Neethling wat deur 'n beskuldigde gebyt was.
(Tjaka Neethling)

**My lewensreis.**
In sy huis te Bhu Bezi Village, Hartebeespoortdam, sit 'n ou man; hy dink hy word tagtig. Hy en sy vrou is oupa en ouma grootjie van tweeling dogtertjies en is dankbaar teenoor hulle Here vir hierdie voorreg. Sy gedagtes gaan onwillekeurig terug na Augustus 1949; dit is toe sy lewensreis in die S.A.Spoorwegpolisie begin het. Die grootste dorp wat hy op daardie stadium geken het was Upington en daar bevind hy hom in 'n kantoor in die magtige metropolis van Johannesburg – so bietjie groter as Upington. Ek het myself voor 'n man, hy agter en ek voor sy lessenaar, staangemaak en tydens die gesprek het die ander man wat my die kantoor ingebring het my onderbreek met die woorde: "dis nie oom nie; dis kaptein". Ek was geleer om hoër geskiktes as "oom" aan te spreek, maar duidelik het dinge hier anders gewerk. "Jy word gestasioneer te Durban waterpolisie", was die uiteinde van hierdie episode. Ek het heftig beswaar gemaak teen die uitspraak want ek het aansoek gedoen vir die Spoorwegpolisie en nie vir die waterpolisie nie. Na 'n verduideliking oor die vertakkinge van die Spoorwegpolisie het ek die omstandighede verstaan en my lot aanvaar. Die volgende oggend het die trein op Durban stasie gestop en na 'n groot gesukkel en baie spanning, beland ek op 'n bus na "Point" waar ek by die waterpolisie aangekom het. "Waar kom jy vandaan?", wou almal weet. Ek het ewe trots geantwoord dat ek 'n boorling van Verneukpan was, maar dit was gou duidelik dat hierdie spul nie die Boesmanland geken het nie. 'n Paar manne wou selfs weet of Verneukpan in Suid Afrika is. Ek het probeer indruk maak en verklaar toe dat Campbell met die *Blue Bird* daar gejaag het, maar die manne het nie juis gelyk of dié brokkie inligting hulle beïndruk het nie. Ek het die lede van die waterpolisie vinnig leer ken en die meeste van hulle was manne wat ouer as ek was. Met die gesels het ek geleer dat die meeste van hulle terugkerende soldate was wat meegebring het dat ek groot bewondering vir die manne gehad het. Gedurende Junie 1950 was ongeveer 30 van ons vanaf Durban na die kollege te Kroonstad vir opleiding verplaas. Na afloop van die kollege opleiding was ek te Windhoek gestasioneer. Ek het ook dienste te Lüderitz, Usakos en Upington verrig. Ek was vir een-en-twintig jaar onder die bevel van een Bevelvoerende Offisier, luitenant kolonel A.W. van Niekerk, wat net sy bevorderings in Suidwes Afrika aanvaar het. Hy was onder andere President van die destydse Suidwes Afrika Rugby Unie en voorwaar 'n egte Suidwester. Hy was 'n merkwaardige man; hiervan kan Wietsche Fourie en Tjaka Neethling getuig. Daardie twee was onmoontlike lede van die Mag en het ook hul spore, al was dit soms ook modderspore, gelaat in die geheue en harte van baie mense. Beide van hulle is nou gevestigde boere en steeds my vriende. My omswerwinge as polisiebeampte het in November 1989 in Kimberley as 'n kolonel in die Suid Afrikaanse Polisie tot 'n einde gekom. Ek dink met respek aan hulle wat ons vooruit gegaan het en ek saluut dié wat nog met ons is. Ook Riet het sy sê gesê.
(D.J.L.K. Reichert)

**ONS KLEIN GROEPIE.**

Wie is ons sportman – kan julle raai;
Die bal word geslaan en die golfstokke swaai;
Met 'n beskeie glimlag en 'n groet maak hy sy merk;
Dit is ons kolonel – Morris Gilbert.

As jy verveeld is, of kennis wil versamel;
Gaan na die biblioteek – en dan sal jul sien;
Tussen die rakke verskyn baie ongemerk;
'n Fyn klein vroutjie – sy is Kobie Gilbert.

---

Ons het 'n "Gentleman" met 'n netjiese geskeerde gesig;
'n Klein swart snorretjie en 'n deftige houding;
Dit is ons kolonel Frans Loots – hy is nie oor die wal;
Want hy speel mos deesdae rolbal.

Anna Loots is nes 'n klein miertjie;
Vir haar twee hande is daar nooit 'n leë uurtjie;
Op haar rakke is rye vrugte in 'n fles;
En dis mos voorwaar 'n rariteit in Suidwes.

Van seeman tot polisieman – van Kaap tot Suidwes;
Kan jul raai of gehoor – dit is Phil Wolfaard ons majoor;
Skyfies en foto's het hy van alle oorde;
En dogters te mooi vir woorde.

Beskeie en stil – dit is haar aard;
'n Klein glimlag op haar gesig – dit is Uela Wolfaard;
Sy tel nie net One! Two! Three!
Sy maak ook regte Boeregemmerbier.

---

Stille Water, diepe Grond;
So stap ons kaptein Daisy van Gend hier rond;
Met visvang en die droogte is dit vir hom nou taboe;
Nou kan hy maar T.V. kyk en Coke proe.

Met bak, koskook, naaldwerk, hekel en brei;
Dit is waaraan sy haar dae wy;
Met 'n vriendelike geaardheid en baie ondervinding;
Vir raad kan jy jou wend – na Rina van Gend.

---

Breed is sy skouers en vriendelik sy lag;
Maar streng is sy dissipline en groot sy gesag;
Hy agtervolg die terroriste myl vir myl;
Dit is mos ons kaptein Ronnie Beyl.

Daar is een vroutjie met 'n fyn sin vir kuns;
Vir ons almal is sy 'n ware wins;
Ons sal haar nie graag wil verruil;
Dit is die stil beskeie Magda Beyl.

---

By ons Polisiefunksie het iemand gesê;
Die ouderdom is iets wat hy nooit eendag wil hê;
Hoe gaan hy maak om dit reg te kry – dit weet ek nie;
En die man is ons kaptein Charl Du Plessis.

Vanuit die Suide tot in die Noorde het sy getrek;
En dit is asgevolg van haar man se werk;
Ons almal heet haar welkom in Windhoek kontrei;
En hoop dat Rina Du Plessis hier gelukkig sal bly.

---

In warm somerdae is almal moeg en mat;
Dan ontspan hy heerlik in sy swembad;
Wie lyk altyd sjarmant en fyn?
Dis is mos Theuns Victor ons nuwe kaptein.

Anne Victor is agter 'n geweerloop baie tuis;
Net soos in haar tuin en kombuis;
Eers het sy vir ander gebrei;
Maar nou het sy haar vrye ure vir 'n werkgewer verruil.

---

Gee vir luitenant Blondie Prinsloo 'n bom, tang en draad;
Hy sal weet wat om daarmee te maak;
Ook kan ons by hom leer;
Hoe om al wat stukkend is weer te repareer.

By sommige minder, by ander meer bemind;
Dit is Marliese Prinsloo die Suidweskind;
As jul wil biltong of wors maak – kan jul haar gaan haal;
Want dié soort werk pas so reg is haar kraal.

---

As iemand met die B.O. wil kontak maak;
Sal hy eers met luitenant Koos van der Merwe moet praat;
Want hy is die man wat die telefoon beheer;
En as dit hom nie aanstaan sal hy jou keer.

Gerda van der Merwe die stil vroutjie;
Het ook eens 'n polisie uniform gedra;
As huisvrou het sy baie verpligtinge en ook as ma;
Maar soms sal sy hunker om weer 'n uniform te dra.

---

Die jong polisiemanne word met reëls en wette gevoer;
Die man wat dit doen is luitenant Frans Koekemoer;
As vader by sy kinders is hy net so handig;
Al is die klein baba soms baie opstandig.

Met drie klein kleuters en baie min tyd;
Gaan Angelina Koekemoer nou vasbyt;
'n Breimasjien gaan sy baas raak;
En al haar man en kinders se truie self maak.

---

Vir altyd sal ons nie saam kan bly;
Sommige gaan verplaas word en ander sal bly;
Die tye sal aanbreek en ons sal dink;
Waar op 'n ander plek gaan jy weer so 'n lekker klein Groepie vind;
Maar dit maak nie saak waarheen ons sal gaan;
Die herinneringe aan Suidwes en ons vleisbraaie sal altyd bly staan.
(Mev. Marliese Prinsloo : Windhoek : 1981)

**My herinneringe aan Suidwes.**

U het gevra dat ek kortliks 'n paar gedagtes kan deel rakende hoe ek as kind die Spoorwegpolisie ervaar/beleef het. Ek was ses maande oud toe my Pa as kaptein en Bevelvoerder na Suidwes vanaf Johannesburg bevorder is. Ek het dus in Windhoek grootgeword as die jongste van drie kinders. Wat 'n voorreg--die meeste strate was ongeteer en die gemeenskap klein en vriendelik. Die Spoorwegpolisie getalle in die hele Suidwes was maar min en ons as kinders het geweet wie op Grootfontein, Tsumeb, Otjiwarongo, Walvisbaai, Gobabis, Mariental en Keetmanshoop gestasioneer was en natuurlik die res in Windhoek. Ek het as kind ook soms saamgegaan op besoeke aan die plekke en ons het met die "Kaboes" per spoor gery--wat 'n ondervinding! Met die klein getalle personeel, het ek die Spoorwegpolisie as 'n groot familie beleef--almal se kinders het jy by naam geken. Die jaarlikse Kersfeesfunksie het altyd by die Spoorwegklubsaal plaasgevind. Vroegmiddag het

Kersfeesvader die geskenke uitgedeel en daarna kon die kinders soveel as jy wil(kon) roomys, koek en koeldrank benut! Die aand was dit die" Grootmense" se beurt om te kuier wat hulle tot middernag behoorlik gedoen het (die kinders het dan in die voertuie geslaap). Kerfeesnaweek het ons as gesin met die "Kaboes" Swakopmund toe gegaan. Die kantore was op die stasie en ek onthou van 'n paar geleenthede toe jong konstabels se kleinere oortredings sommer intern afgehandel was in die Bevelvoerder se kantoor en die oortreding uitgestryk is met die offisierstokkie--sodoende was daar dan geen negatiewe verslae op sy lêer nie! Twee gebeurtenisse wat my altyd sal bly by was die lugramp by Windhoek se internasionale lughawe toe 'n vliegtuig oppad Duitsland toe neergestort het met groot lewensverliese--ons het vir drie dae nie my Pa gesien nie en dit was vir al die polisiemanne 'n baie stresvolle tyd. Die ander gebeurtenis was die staking van werkers by die goedereloodse in Windhoek--nooit geweet stakings sou later as iets alledaags beskou word nie. Van die personeel in Windhoek wie ek as kind kan onthou asof dit gister was, is Oom Visagie hy het my Pa altyd vergesel op die besoeke na die buite stasies en hy het my hare geskeer met 'n "treksnyer" en baie trane!, Oom Tjaka wie baie goed rugby gespeel het, Oom Obie en Oom Victor wie net voor my Pa se kantoor gesit het en by wie ek lank gesels het voor ek my Pa kon sien en Oom van Taak wie besonder groot en sterk was--hy het eenkeer op een van ons jagtogte amper alleen 'n koedoe op die bakkie gelaai! Rugby was natuurlik my Pa se groot passie en die meeste jong polisiemanne moes maar speel aangesien die getalle maar skraps was. Die klub was Talpark waar al die Spoorwegwerknemers gespeel het--daar was ook 'n kort periode waar die Spoorwegpolisie saam met die SA Polisie 'n span gevorm het. As ek terugdink aan die Spoorwegpolisie in Suidwes, het ek net goeie herinneringe en ondervindinge wat ek nog steeds koester.
(Prof. Willem A. van Niekerk.)

**Kolonel Awie en sy agterryer.**

In Suidwes – Afrika was twee van die bekendste karakters in die Spoorwegpolisie sekerlik kolonel A.W (Awie) van Niekerk, die Bevelvoerende Offisier en konstabel Theohophillus Kaputa. Kolonel Awie was ‘n jaar ouer as Theuhophillus en hulle het amper ‘n leeftyd saam in Windhoek gewerk. Alhoewel kolonel Awie baie kwaai voorgekom het, het hy ‘n besondere sagte plek vir die ou Herero konstabel gehad. Daarom het hy ook altyd ‘n verskoning gehad waarom die ou konstabel saam met hom en sy motorbestuurder, sersant Sam Visagie, op inspeksies na polisieposte moes reis. Dit moet onthou word dat die polisiepos op Britstown ongeveer 1400km vanaf Windhoek was en sulke inspeksies het dae lank geduur. Ou Theohophillus het na homself as Puccy Foot Yani verwys en so was hy ook aan almal bekend. Omdat hy almal as ou Neef aangespreek het, was hy veral as “ou Neef” onder ons bekend. Ou Neef was vreeslik bang vir ‘n verkleurmannetjie en wanneer ons op parade was, het ons gereeld aan sy skouer gevat en saggies “trapsuutjies” gesê. Dan het ou Neef sy arms in die lug gegooi en ‘trapvassiek” geskree. Dan het ons gesê “nee dit is nie ‘n trapvassiek nie” dan het hy “trapfoesiek” geskree. Op hierdie wyse was menige parades tot ergenis van die wyksersant ontwrig. Kolonel Awie het ook tydens funksies altyd ‘n rede gesoek waarom ou Neef teenwoordig moet wees. Party kere om kamstig voertuie op te pas en ander kere om in die kroeg te help, maar die eintlike rede was om ou Neef ook die geleentheid te gee om die funksies by te woon. Baie kere het ou Neef ‘n spreekbeurt gekry om aan besoekende offisiere staaltjies te vertel van wat op hulle inspeksietog gebeur het. Tydens ‘n baie deftige funksie wat in 1972 in Windhoek gehou was om afskeid van kolonel van Niekerk te neem wat toe afgetree het, het die destydse Kommissaris, generaal-majoor Marius van Vuuren spesiaal vanaf Johannesburg gereis om die geleentheid by te woon. Senior offisiere van alle magte in S.W.A was by die geleentheid teenwoordig. Soos gebruiklik was ou Neef ook daar en het hy ook ‘n spreekbeurt gekry. In sy eie woorde het hy die volgende staaltjie vertel. “Op ‘n dag het ek saam het kolonel Awie en sy motorbestuurder, sersant Sam Visagie per motor na Gobabis gery. Ek het reg agter kolonel Awie op die agterste sitplek gesit. Dit was toe nog ‘n grondpad en sersant Visagie het baie vinnig gery. Die pad was baie sleg en vol knoppe en slaggate. Elke keer as sersant Visagie oor ‘n knop in die pad gejaag het, het die kar agter op gewip en dan het ek op kolonel Awie geval wat voor my gesit het. Elke keer wat ek op hom geval het,

het hy geskree “Herero, vandag donner ek jou dood”. Dan het ek vir hom gesê “maar ou Neef, dit is nie my skuld nie, die kar gooi my op jou”. Toe die kar my weer op kolonel Awie gooi toe word hy baie kwaad en skree. “ Kyk, Herero, dit is nou die laaste keer dat jy op my spring, as dit weer gebeur dan stop ek en dan donner ek jou heel dood”. Ek was toe baie bang, want ek het gesien die ou Neef is nou baie kwaad. Ek het toe tussen die twee sitplekke op die vloer gaan lê en onder aan die voorste sitplekke vasgeklou. Dit was vir ‘n lang ruk stil in die kar. Kolonel Awie het omgekyk en gesien ek sit nie meer agter hom nie. Toe hy sien ek is glad nie meer op die agterste sitplek nie toe skree hy en sê “ Vissasie, Vissasie stop, die donnerse Herero het uitgeval.” Toe die kar stop kry ou Neef my daar waar ek lê en vasklou aan die voorste sitplek, maar kyk, toe vloek ou Neef my. Kort na kolonel Awie se aftrede het ou Neef ook afgetree. Hy het vir ‘n gratis Regeringsplaas in aanmerking gekom. Hy het met groot trots aan my vertel hoe hy en amptenare van die Regering en een Saterdag die heeldag in die Epukiro Herero reservaat gery het sodat hy vir hom ‘n plaas kon uitsoek. Hy het vertel van ‘n pragtige plaas wat hy gekies het waarop ‘n sterk fontein is. Ou Puccy Foot Yani het toe in Epukiro gaan boer en ek het hom nooit weer gesien of iets van hom gehoor nie. Maar ou Neef was so ‘n netjiese ou man, ek glo hy sou ‘n groot sukses van die boerdery gemaak het.
(Wietsche Fourie)

## SPORTMANNE VAN SUIDWES AFRIKA

Die Polisie Rugbyklub is in 1957 gestig en die Bevelvoerende Offisier van die S.A. Spoorwegpolisie, Kaptein A.W. van Niekerk, was die voorsitter van die klub. Die Polisie Rugbyklub het daardie jaar al wat ‘n beker was, verower en ek sal nooit die viering van die klub se sukses in die sinkgebousaal van die S.A. Polisie vergeet nie.
Daar was wedstryde waar tot elf lede van die Spoorwegpolisie in die eerste span gespeel het. Sonder twyfel was die SASP gedurende daardie tyd ŉ hoogs sportiewe gemeenskap en ek skroom nie om te sê nie dat kaptein Elias van Niekerk die erkenning daarvoor moet kry. Hy het regtig uit sy pad gegaan om sport te bevorder en hy was in 1959 beloon vir sy moeite toe hy as die President van die SWA Rugbyraad verkies is. Kaptein Van Niekerk was ook die Voorsitter van die SWA Amateur Boksvereniging en talle lede van die SASP was lede van die boksklub. Onder hulle was konstabel Bolletjies Steenkamp, sersant Jannie Steenkamp, Ben van Niekerk, Bill Marais, Theuns Oosthuizen, Natie Jacobs en laaste, maar nie die minste nie, ŉ groot kanon; Elias “*Striker*” van Niekerk. Elias se grootste opponent in die ligswaargewig afdeling was Sias Swart en beide van hulle was om die beurt die SWA ligswaargewig kampioene. Ben van Niekerk was ook ŉ baie goeie bokser, terwyl Theuns Oosthuizen in die liggewig afdeling aan die S.A. Kampioenskappe deelgeneem het. Ander goeie boksers was Boet Whitaker en Jackie Steenkamp van Keetmanshoop, Freek Ludeke en Tommie Smith van die Windhoek Boksklub en Albie Basson, Tok Leff en Johan Bacher van die S.A. Polisie. Die Swart broers; Sias, Polla en Nick, het boks in die noorde van Suidwes oorheers. Al drie van hulle was SWA kampioene en al drie van hulle het ook vir SWA rugby gespeel. Sias, die oudste broer, het ook in een wedstryd vir die Springbokke op vleuel uitgedraf.
Wat rugby prestasies aanbetref, het Casper Human en Tjaka Neethling beide in die posisie van nr. 8 vir SWA rugby gespeel. Casper het ook later in die voorry posisie vir SWA gespeel. Casper en Tjaka was ook beurtelings die kaptein van die Polisie rugbyspan. Die onderlinge verhouding tussen die S.A.Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie lede was onbeskryflik goed. Hulle was soos een groot familie en die rede vir die goeie verhouding tussen hulle was dat die twee magte mekaar erken en gerespekteer het.
In 1967 was ek die kaptein van die Polisie rugbyspan en ek kan onthou dat ons op ‘n slag ŉ wedstryd in die Suidwes Stadion gespeel het. Brigadier Crause van die S.A. Polisie, wat die Administrateur van SWA vergesel het, het opgestaan en my aan die Administrateur voorgestel met ons aankoms in die stadium. Dit was vir my ŉ onverwagse en groot oomblik. Brigadier Crause het homself as ŉ groot leier bewys wat respek by elkeen afgedwing het en dit het my glad nie verbaas dat hy later die Kommissaris van die S.A. Polisie geword het nie. Hierdie optrede het maar net die wedersydse respek wat tussen die twee magte bestaan het, beklemtoon. Tjaka Neethling was ook gedurende 1959 as die kaptein van ŉ SWA O/23 span

gekies wat teen ŉ uitnodigingspan op die Marble Vlok veld uitgedraf het. Die Marble Vlok was ŉ Spoorweg rugbystadion wat gebruik was voordat die SWA Stadion gebou was. Dit was later afgebreek om plek te maak vir ŉ Goedereloods en rangeerlyne.
Gedurende 1959 het Tjaka Neethling die SWA Amateur Weltergewig Stoeikampioen geword en hy was die kampioen in dié gewigsafdeling tot en met 1971 toe hy met bevordering na die Republiek van Suid Afrika verplaas was. Nog amateur stoeiers in daardie tydperk was Advokaat Brian O'Lynn, wat later Regter geword het, en sersant Bacher van die S.A. Polisie. Kaptein P.A. (*Toy*) Myburgh, wie later 'n bekende Provinsiale rugbyskeidsregter geword het, was ook ŉ stoeier. Hy het gedurende 1968/69 die 2de rugbytoets tussen die Springbokke en die All Blacks op Nuweland die fluitjie geblaas. Die spreekwoord lui: "ŉ Gesonde liggaam huisves ŉ gesonde gees." Kaptein van Niekerk, wat tot die rang van kolonel gevorder het, het ŉ geweldige bydrae in dié verband gelewer. Almal wat bevoorreg was om onder sy leiding aan sport te kon deelneem, sal getuig dat hy 'n besondere bydrae in die bevordering van sport gelewer het en dat die geskiedenis van die S.A. Spoorwegpolisie, sonder hom, nooit so kleurryk sou gewees het nie.
Kolonel Hannes Slabbert het Suidwes in Grootkaliber skiet, Gekombineerde Diensskiet en Gekombineerde Grootkaliber skiet verteenwoordig. Ná sy aftrede het hy Protea kleure ontvang toe hy Suid Afrika ŉ paar keer in die Veterane Grootkaliber verteenwoordig het. Kaptein Charl du Plessis was saam met kolonel Slabbert lede van die eerste Suid Gekombineerde Diensskiet –en –Skyfskietspanne. Konstabel Maans Louw het ook verskeie wedstryde vir SWA op slot uitgedraf, terwyl konstabel Willem van der Walt drie krieket wedstryde vir SWA gespeel het.
(Tjaka Neethling en Hannes Slabbert)

## OPERASIONELE DIENS : OVAMBOLAND

### Die SAW se versoek aan die SASP.

Gedurende 1979 was die S.A.Spoorwegpolisie deur die S.A. Weermag versoek om die begeleidingsdienste in die Operasionele gebied by hulle oor te neem. Een kontingent moes die begeleidingsdienste vanaf Oshivellohek na Ondangwa, Oshakati en Ruacana by die SAW oorneem, terwyl die ander kontingent die begeleiding vanaf Kamanjab deur Werdahek tot by Opuwa moes doen. Duskant Ruacana het die pad by Umbulantu weggedraai na Opuwa. Dit was alles grondpad. In Februarie 1980 het generaal majoor J.J.H. Claassen (Adjunk – Kommissaris van die S.A. Spoorwegpolisie), Brigadier E.E Eloff (Bevelverende Offisier van die S.A. Spoorwegpolisie in Suidwes Afrika) en ek, wat toe verantwoordelik vir die opleiding en beheer van die Tuiswag eenheid in SWA was, per militêre vliegtuig vanaf die Eros lughawe in Windhoek na Ondangwa vertrek. Vandaar was ons per voertuig na Oshakati vervoer. Die doel van die besoek was om samesprekings met die Bevelvoerende generaal van Sektor 10, luitenant generaal Witkop Badenhorst, te voer oor die praktiese uitvoering van die SAW se versoek. Aangesien net die Spesiale Taakmaglede van die SASP op daardie stadium met kamoefleerdrag uitgereik was, het dit beteken dat die twee kontingente van die SASP die dienste in weermag uniforms moes verrig. Die SAW het ook onderneem om al die logistiek wat vir die uitvoering van die taak benodig sou wees, gratis aan die Spoorwegpolisie te voorsien.

### Die Bosbok en die oorgewig passasiers.

Ons het in die offisiersmenasie op Oshakati oornag na afloop van die samesprekings. Die volgende oggend het ons drie na die Ondangwa lugmagbasis vertrek en met ons aankoms by Ondangwa was ons meegedeel dat die twee motorige vliegtuig waarmee ons vanaf Windhoek na Ondangwa gevlieg het, tegniese probleme ondervind het en dat ons nie sou kon vlieg nie. Genl. Claassen het die volgende dag ander verpligtinge in Johannesburg gehad en gevolglik moes hy eenvoudig dieselfde aand nog vanaf J.G. Strydom-lughawe vlieg. Na ŉ rukkie het die Bevelvoerder van die lugmagbasis ons ingelig dat daar ŉ Bosbok vliegtuig beskikbaar was om ons na Windhoek te vlieg. Die gesamentlike massa van die passasiers en die bagasie moes eers bepaal word ten einde te verseker dat die een motorige Bosbok nie oorlaai sou word nie.

Die vlieënier van die Bosbok het ons ewe saaklik ingelig dat die vrag twintig kilogram óór die toelaatbare massa vir die vliegtuig was nadat ŉ paar somme gemaak was. Dit was ŉ baie warme dag en die hitte het na bewering die werkverrigting van die klein vliegtuigie negatief beïnvloed. Aangesien ek die grootste van ons drie was, was ek daarvan beskuldig dat ek alleen vir die oorskryding van die massa limiet verantwoordelik was. Opnuut was daar aan die vlieënier verduidelik dat generaal Claassen daardie selde aand nog na Johannesburg moes terugkeer en op grond van die dringendheid van die saak het die vlieënier maar besluit dat hy die kans sou neem om na Windhoek te vlieg op, voorwaarde dat die generaal en brigadier Eloff agter in die vliegtuig moes sit en ek voor langs hom. Die rede vir dié voorwaarde was dat hy bekommerd was dat, in die geval waar ek op die agter sitplek sou sit, hy nie die stert van die vliegtuigie, met die hitte daarby, van die grond sou kon lig nie.
Ons het ingestem, die vliegtuigie bestyg en vertrek. Ek en die vlieënier het elk ŉ kopstuk opgehad waarmee ons met mekaar kon kommunikeer. Daar was geen kommunikasie met die passasiers agter in die vliegtuig nie. Na ongeveer ŉ half uur se vlug, verneem die vlieënier by my of ek al ŉ vliegtuig se stokke gevat het. “Nee”, was my eenvoudige antwoord. “Kaptein, dit is eintlik baie eenvoudig”, het hy beduie. “Sien jy daardie kop? Hou die neus in daardie rigting, en hier is die hoogtemeter; ons vlieg boomtop hoogte”, het hy die instruksies uitgeblaf. Dit was standaard prosedure om so laag te vlieg in die operasionele gebied ten einde grond-tot-lug aanvalle tot ŉ minimum te beperk. Ek het die stang van die Bosbok by die vlieënier oorgeneem soos ŉ wafferse, gesoute loods. Die twee hoë offisiere agter in die vliegtuig het spierwit geraak in hulle gesigte toe die vlieënier sy sitplekgordel losmaak om met hulle te gaan praat en hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat ek die loods was. Ek het hulle ewe manhaftig herinner aan hul opmerkings rakende my gewig op die lughawe voordat ons vertrek het en dat ek nou letterlik die hef in die hand gehad het. Brigadier Eloff het sy wysvinger in die lug rondgeswaai en die dreigemente het ononderbroke uit sy mond gestroom. Generaal Claassen het grappenderwys nederig omverskoning gevra vir hulle onvanpaste aanmerkings oor my gewig. Die vlieënier het vanmelewe die stange kom oorneem nadat hy ŉ paar woorde met die generaal gewissel het en die agterste passasiers het ietwat meer rustig voorgekom.
Tussen Tsumeb en Otjiwarongo het dit my opgeval dat die vlieënier blyk ál stiller te raak. Dit het mettertyd duidelik geword dat hy ernstig besig was om berekeninge te doen en hy het my baie bekommerd meegedeel dat die brandstof vinnig besig was om te verminder as gevolg van die hitte. Hy sou op Otjiwarongo moes land, maar hy het nie geweet of daar brandstof beskikbaar sou wees, al dan nie. Op Otjiwarongo, met ons landing daar, was ons verlig om te sien dat daar ŉ 210 liter drom met vliegtuig brandstof gestaan het. Die probleem was egter dat die drom se seël gebreek was en in sulke gevalle was dit nie toegelaat om die brandstof te gebruik nie, uit vrees dat daar met die inhoud daarvan gepeuter kon gewees het. Dit was die tweede risiko wat die vlieënier op een dag moes neem. Hy het sy dilemma met ons gedeel en sonder aarseling het ons aan hom die versekering gegee dat dit in orde sou wees indien hy die brandstof sou gebruik. Dit was ‘n ietwat benoude vlug maar uiteindelik het die vlieënier veilig, met ons aan boord, op Eros lughawe geland. Ek is tot vandag toe oortuig dat die vlieënier my gevra het om voor te sit, nie soseer oor my gewig nie, maar omdat hy op die uitkyk vir terroriste aktiwiteite op die grond moes wees. Hy moes die ongewone doen om baie belangrike passasiers met ŉ Bosbok oor die operasionele gebied te vlieg en hy het al die hulp nodig gehad om dit veilig te kon doen en dit was net hier waar my deskundigheid in gekom het.

**Eerste grensdiens kontingent.**
Dit was April 1980 en ek en luitenant Charl du Plessis, die Streeksoffisier op Otjiwarongo, en veertig lede van die SASP het te Oshivellobasis rapporteer vir ŉ veertien dae opleidingskursus in seksie aanvalle, myn drils en die afvoer van verliese. Ons het ook voorligting ontvang met betrekking tot die militêre en vyandelike opset in die Operasionele gebied. Luitenant Fish Sardina, ‘n een pip diensplig luitenant, was die Opleidingsoffisier en na afloop van die opleiding het luitenant Charl en sy tien man na Kamanjab vertrek waar hulle basis gesetel was. My en my dertig man se tentbasis was langs die basis van die SAW, sowat ŉ kilometer vanaf Oshivellohek. Die manne het fluks begin om die basis hulle tuiste vir die

daaropvolgende drie maande te maak. Die los sand in die basis was netjies opgehark om as paadjies tussen die tente te dien en soos die standaard in die SASP was, was die basis te alle tye netjies, skoon en goed onderhou. Soveel so dat die weermag offisiere op Oshivello by meer as een geleentheid hulle instrukteurs na ons  basis gestuur het om te kyk hoe ‘n basis eintlik daarna moes uitsien. Dit het die moraal van die SASP nog verder verhoog.
Met die week se opleiding agter die rug was die eerste konvooi Spoorweg en ander privaat voertuie opgestel om na Ondangwa begelei te word die betrokke Maandag oggend. Daar was in geen onduidelike terme nie aan die kontingent verduidelik dat die pad na die noorde van Ovamboland die ekonomiese slagaar van Ovamboland was. Al die brandstof en ander kommoditeite wat nodig was om die land in stand te hou, was per pad daarheen vervoer.
Die konvooi het om sewe uur die oggend vertrek nadat al die voertuie vanaf Grootfontein en Tsumeb by die hek aangemeld het. Die meeste was blanke en enkele swart bestuurders en met die vertrek van die konvooi op die eerste dag was dit reeds duidelik dat daar geen dissipline onder die bestuurders was nie. Elkeen het, sodra die konvooi vertrek het, teen sy eie spoed aangery en derhalwe was die konvooi dikwels vir kilometers uitmekaar gestrek. Die rede daarvoor was dat die voertuig wat eerste op Ondangwa arriveer het, eerste afgelaai was en dan het die bestuurders sonder begeleiding na hulle onderskeie depots teruggejaag om vroeër by die huis te kom. Die swart bestuurders wou teen wil en dank by die konvooireëls, wat deur my ingestel was, inval en daar was selfs bewerings dat van hulle terroriste en meelopers met die terugreis in die Spoorwegtrokke vervoer het.
Dit het ongeveer ‘n week geneem vir die konvooi om by die reëls in te pas en daarna het dinge baie beter verloop. Die eerste veertien dae was die lede op die Buffelvoertuie, waarmee die konvooibegeleiding gedoen was, doodstil tydens die ritte. Niemand het gepraat nie; elke lid se oë was gespits op soek na die terroriste wat langs die pad vir hulle sou lê en wag. Dit is tydens sulke geleenthede wanneer mense besef hoe moeilik dit was om so ŉ oorlog te veg. Daar was talle huise langs die pad waarin die plaaslike bevolking gewoon en gewerk het en dit het ideale skuiling gebied aan vermeende terroriste. Talle beeste en donkies het langs die pad gewei onder toesig van die beeswagter en ‘n mens moes onwillekeurig wonder: “Is hy werklik ŉ beeswagter of is hy ŉ terroris in siviele drag?”

**Ruacana begeleiding.**
Elke veertien dae moes ŉ brandstoftenker na Ruacana begelei word. Die teerpad het net buite Oshakati, oppad na Ruacana, opgehou en die tog moes op die wit grondpad verder voortgesit word. Hierdie pad was baie berug vanweë die talle voertuie wat deur landmyne verwoes was. Die Geniekorps van die SAW het die pad elke Maandag, Woensdag en Vrydag te voet met mynopsporingapparate gevee en daar was onder andere ŉ staande Weermag order dat geen militêre voertuie ná laaste lig op enige pad mog beweeg het nie. Die konvooi kon Ruacana nie later as drie uur die middag verlaat nie met die begeleiding van die brandstoftenker (gewoonlik op ŉ Maandag) ten einde betyds op Oshakati terug te wees waar die lede by die HK van sektor 10 oornag het. Ek het elke keer die konvooi meegemaak omdat die rit so ŉ hoë risiko vir die lede se veiligheid ingehou het. So het dit dan gebeur dat daar, die spesifieke Maandag, probleme met die aftap van die brandstof was en gevolglik moes die seksie op Ruacana in die basis op die grond oornag. Na laaste lig was dit die gebruik van die weermag om ŉ aantal mortiere as ŉ afskrikmiddel vanaf die basis te vuur, net vir ingeval die terroriste ŉ aanval met laaste lig wou beplan. Dié betrokke aand was ook nie ŉ uitsondering nie. Sonder enige waarskuwing was die mortiere afgevuur en die tien lede van die SASP het vinnig vir dekking geskarrel, vas onder die indruk dat die basis aangeval word. Die volgende dag was natuurlik Dinsdag en die pad was nie gevee nie. Dit het heelwat onderhandeling en oortuiging gekos vir die weermag om in te stem dat die pad gevee sou word. Die tog het teen ‘n slakkepas voortgegaan met die Sappeurs met hulle opsporingapparate wat voor gestap het, gevolg deur die Buffel en die brandstoftenker. Dit het naderhand middag begin raak en die son het gaan stilstaan bokant die Buffel. Nadat die grondpad gevee was, was daar nou teen ŉ hoë spoed gery om voor laaste lig op Oshivello te wees.
Tussen Okatopi en Miershoop, wat berug was terroriste aktiwiteite, het die tamheid en die vaak die lede oorval. Jy kon eerder ŉ gat met jou geweer in die tent se dak geskiet het, as om

op die Buffel te slaap. Ek was baie streng wat dit aanbetref. Die tamheid en vaak het my ook nie ontwyk tydens die rit nie en ek reken dat vir die voetgangers langs die pad was dit seker ʼn raaisel waarom die lede op die Buffel se koppe so voortdurende geknik het, kompleet asof hulle vir iets "Ja" sê. Die binnekant van die Buffel kon soos ʼn bakoond raak wanneer die son daarin geskyn het en die hitte, die vaak en die moegheid was die ideale resep om aan die slaap te raak. Niemand het gepraat nie; elkeen was te hard besig om te probeer wakker bly. Meteens, vanuit die niet, het die hel losgebreek. Daar was een oorverdowende slag bokant die Buffel en elkeen het geruk soos wat hulle skrik. Almal het hulle wapens gegryp en gesoek vanwaar die aanval kom. Die volgende slag het ons getref nog voordat ons mooi tot verhaal kon kom. Drie MIG vegvliegtuie het boomtop hoogte al met die teerpad na Grootfontein aangevlieg gekom en het hulle vlerke as ʼn saluut getilt toe hulle reg bo die konvooi was. Ná die voorval was dit vir die lede op die Buffel geen probleem om vir die volgende uur wakker te bly nie.

**Die bekommerde kapelaan.**

Ons het net voor laaste lig by die basis op Oshivello arriveer en na ʼn koue stort was ʼn koue bier net die ding om die witpad se stof mee af te sluk. Ek het die basis kapelaan in die kroeg gedeelte aangetref toe ek by die offisiersmenasie ingestap het. Dit was met my eerste oogopslag baie duidelik dat die jong kapelaan van ses-en-twintig jaar nie heeltemal homself was nie. Die een pip diensplig luitenante het my so in die verbystap aangepor om by die kapelaan te verneem wat die fout was. "Ek makeer nie eintlik iets nie, kaptein", het die kapelaan by my navraag geantwoord. Die jong offisiere het behoorlik aan hom gekarring dat hy sy ervaring met my moes deel. Die kapelaan begin toe vir my die storie vertel. Daar was maar altyd ʼn gegaffel tussen die bokkoppe (Infanteriste) en die medics omdat die bokkoppe gevoel het dat hulle die manne was wat in die voorste linies geveg het terwyl die medics by die hospitale gelê en flieks kyk het. Die diensplig luitenante het by Oshivellohek gewoon terwyl die medics in die basis by die hospitaal gewoon het. Die kapelaan, wat op sy eie was, het gereeld saam met die medics en bokkoppe oor en weer vir mekaar gaan kuier. Die een aand het die medics by die bokkoppe gaan koffie drink en die volgende keer het die bokkoppe weer vir die medics by hulle kwartiere gaan kuier. Die vorige aand was ook geen uitsondering nie en soos gebruiklik het daar 'n stryery ontstaan oor wie nou eintlik in die ware oorlog geveg het en wie die "*softies*" was. Die medics het genoeg van die beledigings gehad en het besluit dat hulle die voorbok van die bokkoppe ʼn mediese les wou leer. Hulle het gebelg gevoel want dit was immers húlle wat die bokkoppe moes gaan haal en versorg wanneer hulle in ʼn kontak gewond was. Een van die medics, met die toestemming van die dokter, het vier waterpille fyngemaak en in die voorbok bokkop se koffiebeker gegooi. Maar, ongelukkig vir die medics, raak die medic wat die koffie uitdeel deurmekaar met wie se beker nou wie se beker was tydens die uitdeel van die koffie. Hy het nou nie meer geweet watter van die agt bekers het die waterpille bevat nie en, soos die ongeluk dit nou wou hê, gebeur dit toe dat die kapelaan die beker met die waterpille gekry het tydens die uitdeel van die bekers.

Sy storie het as volg verloop: "Kaptein, nadat ek die koffie gedrink het, merk ek op dat daar sulke wit afsaksels onder in die koppie lê. Ek het gedink dat die kondensmelk wat hulle gebruik het miskien oud was en dat dit die afsaksel veroorsaak het. Teen half twaalf die aand het ek die gebruiklike draai by die lelie (urine tregter) geloop en in die bed gaan klim. Ek was skaars in die bed toe ek voel ek moet weer 'n besoek aan die lelie gaan bring. Dit was nog aanvaarbaar, maar toe ek die lelie die vyfde keer binne drie ure moes besoek, het ek baie bekommerd geraak. Die eerste wat deur my gedagtes gegaan het was dat ek nou maar eers ses-en-twintig jaar oud en ongetroud is en ek het nou al blaas probleme. Teen vyf uur die oggend kon ek die onsekerheid oor my gesondheid nie meer verduur nie. Ek het nog niks geslaap nie en die wete dat ek blaas probleme het, vreet my op. Net daar en dan besluit ek dat ek my vriend, wat die basis dokter was, in my vertroue sal neem. Dit was makliker gesê as gedaan. Vir eers kon ek hom nie wakker kry nie en tweedens skel hy my omdat ek hom daardie tyd van die oggend wakker gemaak het. Toe hy uiteindelik wakker was en ek hom van my probleem en bekommernis oortuig het, het hy begin lag. "Jou blaas makeer op aarde niks nie. Jy was ongelukkig die slagoffer van die poets wat die manne vir die bokkoppe gebak het",

het hy gesê en verder geslaap. Kaptein, het jy al ooit in jou lewe so verlig gevoel soos ek toe ek die goeie nuus rakende my gesondheid ontvang het? Ek het met ŉ lied in my hart en ŉ huppel in my stap in die bed teruggeklim en was vir die res van die dag maar baie skaars op die basis. Ek moes eenvoudig die verlore slaap inhaal."

**Donseb en Sias.**
Soos wat dit by die meeste basisse die geval was, het elke basis een of ander troeteldier aangehou. Op Oshivello was Sias ŉ uitgegroeide bobbejaanmannetjie. Sy slagtande was uitgetrek en gevolglik kon daar kontak met hom gemaak word. Sias was besonder lief daarvoor om die honde te koggel wanneer die hondegeleiers verby sy hok gestap het. Op 'n dag het een van die honde losgekom en het hy vir Sias begin jaag. Sias het deur die tent gevlug ten einde die hond te ontwyk, maar in sy haas om te ontvlug het hy nie die tentpaal in die middel van die tent gesien nie en het hy teen vol spoed in die paal vasgehardloop; een toegeswelde oog was die beloning vir sy oorsig. Die manne was bekommerd oor Sias en hulle wou hom vang sodat die dokter na sy oog kon kyk, maar hiervoor het hy nie lus gehad nie. Hy het bo-op die tent gespring en daar gesit en homself diep jammer gekry. Hy het met sy duim en wysvinger probeer om die geswelde oog oop te maak en het pad gegee sodra iemand nader gestaan het. Ek en Sias het nogal ŉ goeie verhouding gehad en ek het nader gestap en Sias het bly sit. Sias het gesukkel om die oog oop te maak sodat hy behoorlik kon sien terwyl ek met hom gepraat het en hom vertel het hoe jammer ek hom kry. Net toe ek my hand uitsteek om Sias te gryp, vlieg hy hom om en met een boog bevuil hy my van kop tot tone. Dit is nie nodig om te sê dat dit groot vermaak aan die omstanders verskaf het nie. Later die aand, nadat ek myself gaan reinig het, kon ek daarin slaag om vir Sias te vang en na die dokter te neem vir ŉ ondersoek. Daar was 'n mak Elandbulletjie langs Sias se hok wat graag toegelaat het dat die manne sy skof vir hom vryf. 61 Meg se basis was nie ver vanaf Oshivello nie. Met ŉ geleentheid vertrek hulle met ŉ operasie na Angola. Hulle het vir Donseb, wat ŉ baster tussen ŉ donkie en ŉ sebra was, na die basis op Oshivello gebring met die versoek dat Donseb versorg word terwyl hulle met die ops weg was. Donseb het vrylik in die basis rond geloop. Die eerste gebulk van Donseb het ons almal ontkant gevang want ons was aanvanklik nie van sy teenwoordigheid in die basis bewus nie. Snags was die ligte in die tente aan gelos om die wilde diere uit die tente te hou. Een nag skrik een van ons lede wakker van ŉ gelek in sy gesig. Toe hy sy oë oopmaak staan Donseb langs sy bed met ŉ stuk van sy skryfblok in sy bek. Hy weet nie of hy moet gil, opspring of doodstil lê nie. Donseb het die pak beskuitjies wat hy van die huis ontvang het, vir ŉ "*midnight snack*" geniet.

**Generaal Constand Viljoen en die konvooi.**
'n Konvooi van dertig trokke was per geleentheid ongeveer vyftien kilometer vanaf Oshivello na Ondangwa onderweg toe ŉ Puma helikopter oor die konvooi gevlieg, omgedraai en na die basis op Oshivello teruggekeer het. Dit was nie lank daarna nie toe ek 'n radioberig vanaf die opskamer te Oshivello ontvang het met die opdrag dat die bevelvoerder van die konvooi by die basis Bevelvoerder moes aanmeld. Ek was in bevel en moes noodgedwonge met my seksie na die basis terugkeer. Dit was nie heeltemal vreemd dat "Stasieblompotte" dikwels die slagoffers van professionele jaloesie was nie. "Wat is dit dié keer?", het ek gewonder. By die Bevelvoerder se kantoor het ek die Hoof van die Weermag, generaal Constand Viljoen, daar aangetref en my eerste gedagte was onmiddellik: "Hier is groot probleme as die generaal my persoonlik ontbied het." Groot was my verbasing toe generaal Viljoen my voorts geluk gewens het met die wyse waarop die konvooi opgestel en begelei was. Sy woorde onthou ek asof dit gister was: "Hier kom julle as Spoorwegpolisiemanne, wat geen ervaring van die oorlog het nie, net om aan die Weermag te wys hoe ŉ konvooi saamgestel en begelei moet word. Ek as ŉ oud soldaat het dit nog nie voorheen gesien nie. Baie geluk, kaptein, jy en jou manne maak ons trots daarop dat ons julle versoek het om die taak namens die Weermag te kom verrig. Ek wil ook net meld dat ek ŉ besoek by jou basis afgelê het en weereens het julle ŉ voorbeeld aan ons manne gestel van hoe ŉ basis moet lyk."

**Swapo hinderlaag.**

Dié spesifieke kontingent was ongeveer ses weke op die grens toe konstabel Visser van die Kaap my met die versoek genader het dat ek hom asseblief huis toe moes stuur. Hy was bang dat ons ŉ kontak sou slaan en dat hy sou sterf, het hy as rede aangevoer. Ek was beslis nie hiervoor te vinde nie; almal van ons was immers in dieselfde situasie en almal se lewens was in ewe veel gevaar. "Wat daarvan as almal van ons wil huis toe gaan?", het ek gedink – dit sal moes nooit deug nie. Visser het my toe gesmeek en gesoebat dat ek hom ten minste moes toelaat om saam met my op die Buffel, as deel van die seksie, te ry. Ek het nie daarteen beswaar gehad nie, maar het sy aandag baie duidelik daarop gevestig dat, indien die konvooi wel in ŉ kontak met terroriste betrokke sou raak, my Buffel die hoofteiken sou wees. "Ek sal net veiliger voel as ek saam met kaptein is", het hy geantwoord. Ek het die gebruik gehad om die seksies elke week te wissel; een week het die een seksie se manne saam met my in die middelste Buffel gery, en die volgende week was dit weer die ander seksie se beurt. Almal het om die beurt gewissel, behalwe natuurlik vir Visser, wat elke dag saam met my gery het. Visser het mettertyd die 103 geweergranaat skut op die Buffel geword en dit was volgens prosedure die eerste ding wat afgevuur was tydens 'n kontak.

Dit was Maandagoggend, 30 Junie 1980, en dit was 'n baie geniepsige koue winter. Soggens om vyf uur het die peloton geparadeer voordat ons na die hek beweeg het. Ek het, soos gebruiklik, ŉ paar verse uit die Bybel voorgelees en ŉ gebed gedoen. Na die gebedsparade was die proviand vir die dag op die Buffels gelaai, die gewere was in gereedheid gebring en die manne was spesifiek gemaan om oplettend te wees. ŉ Konvooi van ongeveer twintig vragmotors het om ongeveer sewe uur die oggend Oshivellohek verlaat en kort voor lank het die koue die staal bakwerk van die Buffel in ŉ vrieskas omskep. Ongeveer nege uur die oggend, toe die konvooi tussen Miershoop en Okatopi was, het dit gelyk asof alle hel losgebreek het. Ongeveer 30 Swapo terroriste, wat ŉ hinderlaag gelê het, het onophoudelik op die voertuie wat in die middel van die konvooi gery het, losgebrand. ŉ Burgerlike het net mooi op daardie tydstip met sy Peugeot stasiewa verby die Buffel, waarin ek en my seksie was, gery. Die trok wat voor die Buffel gery het, het vinnig spoed verminder en ek moes noodgedwonge my sitplekgordel losmaak, regop gaan staan in die Buffel en die bestuurder beveel om aan te hou ry. Indien hy sou gestop het, sou hy 'n stilstaande teiken vir die vyand gewees het.

Meneer Neethling, die bestuurder van die trok, het geskreeu dat hy gewond was en dat hy dus nie verder kon ry nie. Die skote het geklap soos wat ek met my R1 geweer die vyand se vuur beantwoord het terwyl ek gelyktydig vir Mnr Neethling moed ingepraat en aangespoor het om nie stil te hou nie. Konstabel Visser het gevries gesit met die geweergranaat op sy geweer so tussen die geskietery deur. Ek het Visser se geweer by hom gegryp en die granaat in die rigting van die vyand afgevuur. Dit was ook op dié stadium dat sersant André Mattheus vir my geskreeu het: "Kaptein, sit! Jy staan lewensgroot daar - netnou skiet hulle jou raak!"

Dit het stil geword na 'n ruk en terwyl elkeen nog met sy eie gedagtes besig was ten einde te probeer verstaan wat so pas gebeur het, het Mattheus kwytgeraak: "Kaptein, ek sien jy het jou geweer op A (outomaties) gesit vir "almal". Hierdie opmerking het die stilte verbreek en toe het die manne onder mekaar begin gesels. Die ironie van die saak was dat die seksies in die voorste en agterste Buffels nie eens van die kontak bewus was nie; hulle was per radio vanaf my Buffel daarvan in kennis gestel.

Tydens ons aankoms te Okatopi was gevind dat sewe van die voertuie deur geweervuur getref was. Etlike stukke skrapnel was aan die Buffel en die trokke se onderstelle gevind. Verdere ondersoek het aan die lig gebring dat daar vier skote op die buitekant van die Buffel se klap, waar ek gesit het, gevuur was. Dit was duidelik dat dit die werk van ŉ skerpskutter was aangesien die vier skote minder as twintig sentimeter uitmekaar was. Die Swapo terroriste het van RPG 7's, RPD masjiengewere en AK47 aanvalsgewere gebruik gemaak. Die medics by Okatopi was uit en die wond in meneer Neethling se onderbeen het dringende mediese sorg nodig gehad. Daar was geen ander voertuig, buiten sy trok, om hom na die hospitaal op Ondangwa te neem nie. Hy was nie in staat om self te bestuur nie en niemand anders kon die dertig ton trok met sy leunwa bestuur nie. Ek het die beseerde trokbestuurder met sy enorme trok na die hospitaal op Ondangwa geneem aangesien ek al voorheen ŉ

swaar voertuig bestuur het en, soos die geluk (of is dit nou ongeluk?) dit wou hê, was daar padwerke aan die gang net buite Okatopi. Twee trokke het skaars op die ryvlak langs mekaar gepas wanneer hulle by mekaar verbygegaan het op die beste van tye. So het dit dan gebeur dat ŉ ander trok van voor af gekom en ek te veel na links geswaai het en gevolglik het die linkerwiele van die trok en die leunwa op die grond gedeelte langs die teerpad beland. Nou moes die trok terug op die teerpad gebring word en vinnig ook want voor in die pad was daar padwerke aan die gang en dié het ongemaklik vinnig nader gekom. Ek het die stuurwiel na regs gepluk en toe ek in die syspieël van die trok gekyk het, het ek tot my ontsteltenis gesien dat die leunwa langs die trok wou kom ry. Baie benoud het Neethling vir my geskreeu dat ek die "*trailer briek*" moes gebruik. Gelukkig het dit gehelp en die leunwa het net betyds weer agter die trok ingeval. Neethling kon na behandeling by die hospitaal huis toe gaan en sy huisdokter toelaat om verder vir hom te sorg. Hierdie kontak het sewe dae voordat ons termyn op die grens voltooi was, plaasgevind. Vir die res van daardie week was Visser baie braaf omdat hy die kontak oorleef het. Eers toe het hy besef watter rampspoedige gevolge sy versoek om saam met my te ry vir hom kon ingehou het.

**Die Blouaap en die posparade.**
Een van die belangrikste, indien nie die heel belangrikste nie, moreel opheffers op die grens ten tyde van die oorlog, was pos en/of pakkies. Dit was opvallend hoe 'n lid se gemoedstoestand summier positief verander het wanneer daar vir hom pos was, en, aan die ander kant, negatief verander het wanneer daar geen pos vir hom was nie. Ek het twee keer per week na die hoofkwartier op Oshivello gery om die manne se pos te gaan haal.
So het ek een snikhete dag met die Mazda 323 motor gery om die lede se pos te gaan haal. Ek het by die HK stilgehou en die manne se pos gaan haal. Ek het die posstukke op die voorste sitplek neergesit en, net toe ek wou ry, het dit my bygeval dat ek iets vergeet het. Ek het, net toe ek so tien treë verder was, met ŉ skok besef dat die motor se vensters afgedraai was. Ek het omgevlieg, net betyds om te sien hoe die blouaap met van die posstukke deur die motor se vensters gespring het. Die aap het al die briewe, behalwe een, gelos; dié het hy gegryp en onder die motor ingekruip. Ek was later op my knieë voor die aap, maar los was min. Ons het mekaar diep in die oë gekyk terwyl die aap die brief in fyn stukkies gekou en dit dan daarna uitgespoeg het. Van die brief en koevert het net mooi niks oorgebly nie. Die aap het die hasepad gekies na sy verwoesting en ek het na die basis teruggekeer en die heelpad gewonder wat die lid se reaksie sou wees wanneer ek hom van die petalje moes vertel.
So het die posparade aangebreek en soos wat die briewe uitgedeel was, so het die ontvangers daarvan na hulle tente verdwyn. Dan was daar op die bed gelê en die brief was oor en oor gelees, asof hulle nie die inhoud daarvan met die eerste keer se lees reg verstaan het nie. Twee manne het bly staan nadat die pos uitgedeel was. Hulle gemoedstoestand kon duidelik gepeil word. Teleurgesteld, kwaad, verwerp ens. Die een lid wat bly staan het, was die lid wie se brief deur die aap opgevreet was. "Kaptein, is daar nie vir my pos nie?", wou hy weet. Ek het besef dat hierdie 'n baie plofbare situasie was en dat ek mooi moes trap. "Jy het ŉ brief gekry, maar jy gaan my nie glo nie, ŉ aap het jou brief opgevreet", het ek geantwoord nadat ek myself oortuig het dat eerlikheid die beste beleid sou wees. ŉ Kort stilte het geheers. "Kaptein, het jy nie ŉ beter verskoning nie, dink jy nou wragtig ek moet jou glo?", het hy boos geantwoord. Dit het nogal heelwat oorredingsvermoë geverg om die lid sover te kry om te aanvaar dat die aap wel sy brief opgevreet het. Die ander lid wat bly staan het, het sedert ons aankoms tevore te Oshivello, nog geen briewe van die huis ontvang nie. Op daardie stadium was hy net mooi briesend en ek het besondere moeite gehad om hom te kalmeer en te verduidelik dat sy pos seker iewers verkeerd afgelewer was.

**Die "*see through nighty*" en die bottel sjampanje.**
Een van die mees onaangename take vir my as offisier was om die lede se briewe vir hul families voor versending te sensor. Hier moes gekyk word of die lede nie sensitiewe inligting soos plekname, datums en wapentuig in die briewe vermeld het nie. Ek het die briewe gesensor deur die koevert oor die helfte van die bladsy te plaas en dan vinnig te kyk vir die inligting soos vermeld. Tydens posparade was daar 'n lid van die Kaap wat nie enige briewe

vanaf die huis ontvang het nie. Sy gedrag het gaandeweg verander; hy het stiller geword en homself stelselmatig begin afsonder van die groep. Een oggend het hy ŉ brief vir versending ingehandig. Ek was onmiddellik half agterdogtig en besluit toe om, in sy geval, die brief te sensor deur nie van die gebruiklike metode gebruik te maak. En daar was my vermoede bevestig. Dit was die tipiese reaksie van ŉ lid wat nie pos ontvang het nie. Hy het verwerp en misbruik gevoel en die selfbejammering het derhalwe oorgeneem. Hy het die volgende aan sy vrou geskryf: "Jy hoereer seker lekker vandat ek nie by die huis is nie. Hier moet ek op die grens sit en my lewe in gevaar stel terwyl jy jou lewe geniet. Vat ons kind na my ma toe en gee pad uit my lewe." Ek het aan die onderkant van die brief ŉ nota aan sy vrou geskryf en gesê dat sy haar nie aan die inhoud van die brief moes steur nie. Dit was egter waar dat hy nog geen pos ontvang het nie en ek het voorgestel dat sy liewer elke tweede of derde dag ŉ kort briefie moes pos in plaas daarvan dat sy een lang brief een keer ŉ week gestuur het. Drie dae na die voorval het die lid ŉ bondel briewe ontvang wat met ŉ rek vasgemaak was. Sy briewe was elders heen gestuur en dit was die rede waarom hy nie pos gekry het nie. Die laaste brief wat hy aan sy vrou geskryf het, net voordat ons vanaf die grens vertrek het, het soos volg gelui: "Vat R60-00, koop vir jou ŉ '*see through nighty*' en ŉ bottel sjampanje - ek is binnekort by die huis".

**Boffin.**

Boffin was ŉ baster Rifrug en word tot vandag toe nog onder baie lede van die S.A.Spoorwegpolisie as ŉ legende beskou. Daar was ook ander honde, soos Gobabis, wat een of ander tyd deel van die Spoorwegpolisie was, maar Boffin was ŉ besondere hond wat op sy unieke manier opgetree het. Hy het altyd deur die manne gestap en vir hom ŉ "baas" gekies uit die groep elke slag wanneer daar 'n nuwe kontingent by Oshivello opgedaag het. Hierdie "baas" was dan sy sielsgenoot; hy het by die lid geslaap en, kompleet soos ŉ goeie vrou haar man vriendelik inwag wanneer hy saans by die huis kom, so het Boffin sy "baas" ingewag wanneer hy van die Buffel afgeklim het na die dag se patrollie. Hy was tuis onder die manne en al die lede het hom besonder goed behandel. Hy was immers hulle senior wanneer dit by grensdiens gekom het. Die teenwoordigheid van 'n troeteldier by so 'n basis het 'n onverklaarbare uitwerking op die lede gehad wat soms huis toe verlang het. Dit was asof sy teenwoordigheid hulle huise na die basis op Oshivello gebring het. Ek is oortuig daarvan dat daar vele lede is wat sal kan getuig van die positiewe uitwerking wat Boffin se teenwoordigheid op hulle gehad het tydens hulle diens in die Operasionele gebied. Boffin het ook die gewoonte gehad om, sowat twee weke voordat die kontingent na voltooiing van hul grensdiens na die Republiek moes terugkeer, sy "baas" te verwerp; hy wou dan niks meer met hom te doen hê nie. Hy het hom eenkant gehou totdat die Samils met die nuwe lede aangekom het, dan was die uitsoekproses van vooraf herhaal.
Boffin was ook nou nie een van die dapperste honde wat daar was nie. Die lede van die S.A. Polisie, wat aan die oorkant van die pad gebly het, se hond se naam was Leeu. Boffin sou net een tjank gegee het en na die basis teruggehardloop het indien hy vir Leeu selfs op 'n veilige afstand gesien het,. Die laaste kontingent van die S.A.Spoorwegpolisie wat op Oshivello diens gedoen het, was in 1986 toe die S.A. Polisie en die S.A.Spoorwegpolisie as een Mag geamalgameer het. Kaptein Pierre Heyns was die laaste offisier in bevel op Oshivello en, danksy sy inisiatief en begrip, kon Boffin ook ŉ gelukkig einde beleef het. Die brief wat Boffin se lot bepaal het, verskyn hier onder:

S.A.Spoorwegpolisie
OSHIVELLO
1986.07.07

**Die Grensbevelvoerder**
Kontingent 15
S.A.Spoorwegpolisie
OSHIVELLO

**DEPARTEMENTELE OORPLASING : BOFFIN (HOND) OSHIVELLO**

1. Ek is ŉ reunhond en is ŉ inwoner by die SASPOL---Basis te Oshivello. My hondsdolheid sertifikaat en vervoerpermit, uitgereik deur die Staatsveearts te Ondangwa, se verwysing is 04413A gedateer 1982.01.04. Ek is op 14 Augustus 1981 gebore.
2. Hiermee doen ek aansoek om ŉ oorplasing na Slagboom met ingang 16 Augustus 1986. My rede vir die oorplasing is asvolg:-

2.1 Ek is ŉ inwoner by SASPOL sedert 1982. SASPOL se mense het my groot gemaak en ek is lief vir hulle. So deur al die jare was ek maar nog altyd sonder genade van Kontingent na Kontingent oorgeplaas, maar soos ek sê, ek het lief geword vir SASPOL se mense. Op Maandag, 30 Junie 1986 om ongeveer 17H30 het kolonel Schutte my voete skoon onder my lyf uitgeslaan. Ek het geluister hoe hy vir al my maats vertel dat daar nie meer na 30 September 1986 ŉ SASPOL sal wees nie. Die kolonel het vir almal vertel wat van hulle sal word. Ek het die groot baas met trane in sy oë sit en bekyk, maar hy het nie gesê wat van my sal word nie. Ek sal die SAP join, maar wil ek na Slagboom gaan, want daar sal ek weer SASPOL se mense, wie ek deur die jare leer ken het, van tyd tot sal sien.

2.2 Dit is my rede vir die oorplasing. Ek het geen geld nie, want ek leef van bak tot die tand en daarom vra ek vir ŉ departementele oorplasing.

2.3 Ek is bereid om nog verdere inspuitings te ontvang as dit moet. Ek onderneem om geen skape, hoenders, eende of kalkoene op Slagboom dood te byt nie.

3. U goedgunstige oorweging asseblief. (Poot afdruk agterop).

Wyle kaptein Pierre Heyns was die grensbevelvoerder van kontingent 15 en het hierdie aansoek namens Boffin na Hoofkantoor gestuur. Hoofkantoor het verneem of ek bereid sou wees om die “lid” se oorplasing te sekondeer en ek het sonder aarseling ingestem. Boffin het saam met kontingent 15 vanaf Grootfontein na Waterkloof Lugmagbasis gevlieg vanwaar hy per SAL vlug na Port Elizabeth, en daarvandaan na Slagboom per polisievoertuig, vervoer was. Boffin het sy woord gestand gedoen en geen skape, hoenders, eende of kalkoene gebyt nie. Wat hy wel gedoen het, was om die arbeiders wat op die terrein gewerk het, te jaag sodra die polisievoertuig, wat my jongste seun by die skool gaan haal het, die basis binnegery het. Hulle het in die naaste bome geklim en daar gebly totdat my seun by my kantoor ingestap het en dan kon hulle weer vrylik en veilig op die terrein rondbeweeg het. Boffin het die gebruik om vir hom ŉ “baas” uit te soek op Slagboom voortgesit. Hy is op 23 Oktober 1987 op Slagboom oorlede en is naby die hoofhek by die basis begrawe. ŉ Grafsteen was vir hom opgerig. Tydens ŉ besoek aan Slagboom op 31 Oktober 2010, drie-en-twintig jaar na sy afsterwe, het ek sy grafsteen by Slagboom gaan haal en in bewaring geneem.
(RB)

**Boffin my kameraad.**

Ek was November 1982 deel van die groep wat, onder leiding van kaptein Roelofse, diens in Ovamboland verrig het . Ons basis was by Oshivellohek vanwaar ons trokke na Ondangwa en verder noord begelei het. Vir my as ‘n jong konstabel was dit 'n onbekende en angsbevange ondervinding wat voorgelê het. Met ons aankoms te Oshivellohek was ons deur die basis hond, Boffin, begroet. Hy was klaarblyklik al 'n geruime tyd op die basis en het met elke groep vir hom 'n vertroueling uitgesoek en met my aankoms aldaar was dit my voorreg dat Boffin my as sy “baas” uitgesoek het. Daar was van die begin af 'n hegte band tussen my en hom en selfs die week wat ons op die stoep moes slaap, terwyl die vorige groep nog daar was, het hy hom op my sponsmatras tuisgemaak wanneer hy wou rus of wanneer ek 'n blaaskans gevat het. Gedurende die daaropvolgende drie maande was Boffin 'n welkome gesig wanneer ons in die aand van operasionele dienste teruggekeer het. Dit was half of hy verstaan het wanneer die verlange groot geword het of wanneer dinge sommer net moeilik was. Hy het homself op die voetenent van my sponsmatras tuisgemaak en het dit net soveel makliker vir my gemaak wanneer die eensaamheid die oorhand wou kry. Hy was wel 'n troeteldier vir almal in die kamp, maar vir my was hy baie meer as net dit; hy was vir my 'n kameraad. Die dag toe ons klaar gemaak het om terug te keer na die drie maande se grensdiens, het hy tydens die neem van 'n groepfoto, ongemerk tussen my bene kom staan met platgetrekte ore - so asof hy

geweet het wat aan die gang was. Toe die Samiltrok ons kom haal het, was dit 'n moeilike afskeid en het hy, nadat ek hom gegroet het, probeer om agter in die trok te spring om saam met my te gaan. Hy het werklik die tyd op die grens vir my makliker gemaak en ook gehelp dat die tyd vinniger verbygegaan het. Vir lank daarna het ek nog gewonder wie sy volgende vertroueling geword het en vir hoe lank hy vir die volgende groepe 'n plesier op die basis sou wees.
(Sam Killian)

**Twee offisiere – vier kartonne Maniolas.**
Ek het die lede op Oshivello dikwels gaan besoek om na hulle welstand te verneem en om op hoogte van die nuutste terroriste taktiek en aktiwiteite te bly. By een van die geleenthede het die kapelaan van Slagboom, kaptein (ds.) Nico Du Toit, my na Oshivello grensbasis vergesel. Om vir die lede op Oshivello iets saam te neem, het ek by die Sondagsrivier Sitrus Koöperasie gereël vir vier groot kartonne maniolas. My buurman, wie se plaas aan die van Slagboom gegrens het, se seun was op Grootfontein in die weermag. Ek en Nico het toe besluit dat ons Grootfontein sou om ry om vir die seun van die maniolas te neem. Ons bagasie en die vier kartonne was op die vliegtuig en ons het vertrek vanaf Port Elizabeth-lughawe na Windhoek. Ons het in Windhoek oornag die betrokke aand by Nico se skoonfamilie en die gasvryheid van die Suidwester het ons voorwaar oorweldig; veral toe ons die aand met ŉ verskeidenheid van wildsbiltong en ŉ bottel of twee KWV Roodeberg wyn by die kaggelvuur onthaal was. Vroeg die volgende oggend het ons by die Bevelvoerende Offisier in Windhoek aangemeld, en hy het aan ons ŉ motor vir die rit na Oshivello voorsien. Aangesien ons nie die betrokke oggend ontbyt geniet het nie, het die gasvrou vir ons ŉ bondel koedoe biltong vir die pad saamgegee en daar het die twee van ons afgesit oppad na Grootfontein en Oshivello. Ons het skaars die buitewyke van Windhoek bereik voordat Nico een van die vele stukke rugstring biltong nadergetrek het. So vinnig soos wat hy kon kerf, so vinnig het ons geëet. Nico het weldra begin kla dat sy regter wysvinger ŉ blaas ontwikkel het as gevolg van al die gekerwery. Ek het min simpatie betuig met hom rakende sy seer handjies: “Dit is omdat julle predikante se handjies so sag is dat jy waterblase van die gekerwery kry.” Ek het hom aanbeveel om die biltong met sy linkerhand te kerf – net om te bewys dat ek baie prakties aangelê was.
Intussen het die twee van ons uit die aard van die saak baie dors geword en die dorpe het ver uitmekaar gelê. Al uitweg was dat die maniolas die dors moes les. Die groot dors wat deur die souterige biltong veroorsaak was, vra baie meer as net een maniola se sap. Nico het die maniolas verwoed en met groot doelgerigtheid begin skil. Sy regterhand kon nou van die kerwery rus en die groot dors kon geles word. Nou ja, dit is nie nodig vir my om te verduidelik dat, teen die tyd dat ons in Grootfontein aangekom het, was daar net vier maniolas van die vier kartonne oor. Baie skuldig en verleë het ons die laaste vier maniolas aan die buurman se seun oorhandig. Gelukkig het hy nie geweet hoeveel maniolas in ons besit was toe ons Addo verlaat het nie. Nodeloos om te sê dat die manne vir wie die maniolas eintlik bedoel was, het nie eens ŉ skilletjie daarvan gesien nie. Wat ŉ skande! Ter verdediging; dit was nie ons bedoeling om die manne se maniolas op te eet nie, maar was dit nie vir die groot dors nie, sou al vier kartonne hulle bestemming veilig bereik het. Die uitwerking wat die biltong en maniolas op die sensitiewe maag van die kapelaan gehad het, het hom daardie aand op sy knieë gedwing.
(RB)

**Die kapelaan en Boffin se bed.**
Met die verloop van jare, en soos tevore reeds genoem, was Boffin later die senior SASP lid op die grens. Hy was in militêre terme ŉ “ouman” op die grens. Soos wat enige ander senior lid op voorkeur behandeling kon aanspraak maak, het een van die Bevelvoerders op Oshivello dit besef en gelas dat ŉ enkelbed vir Boffin in sy kantoor, waar hy geslaap het, ingebring moes word. Etlike honderde SASP lede het vanaf 1982 tot en met 1986 deur sy “pote” gegaan en hy verdien, op grond daarvan, om gerespekteer te word. Boffin was baie in sy skik met die verhoogde status en was opreg dankbaar vir die byna koninklike behandeling. Ek en die Nico

het die spesifieke middag baie laat op Oshivello aangekom nadat ons eers ŉ draai op Grootfontein gemaak het om die vier maniolas by die buurman se seun af te gee. Daar was twee beddens in die Bevelvoerder se kantoor: sy bed en Boffin se bed. ŉ Derde bed was in die kantoor ingedra waarop ek sou slaap. Aangesien daar nie ander slaapplek vir Nico beskikbaar was nie, moes hy toe maar op Boffin se bed slaap. Dit het tyd geword om in te kruip en ons het na die kamer beweeg om te gaan slaap. Nadat die nodige roetine afgehandel was, gaan sit Nico op "sy" bed. Intussen oorval die moegheid vir Boffin en hy stap na "sy" bed, net om ŉ vreemdeling op "sy" bed aan te tref. Boffin het voor die bed gaan sit en hy en Nico het mekaar diep in die oë gekyk. Ewe ongemaklik het Nico uiteindelik gevra: "Ronnie, wat wil die hond hê?" Ek het vir Nico, met groot moeite om nie uit te bars van die lag nie, meegedeel dat ek nie honde taal verstaan het nie en dat hy self vir Boffin moes vra wat hy nou eintlik wou hê. Nico het op sy rug gaan lê en Boffin het voor die bed stelling ingeneem. Hy het eerstens sy linker voorpoot op die bed gesit terwyl hy en Nico mekaar nog steeds in die oë gekyk. Ek en die Bevelvoerder wou ons op hierdie punt omtrent breek oor die petalje wat besig was om hom voor ons af te speel. Ons durf nie gelag het nie want dan sou Nico agtergekom dat daar ŉ storie rondom "sy" bed was – die hond sou as't ware uit die sak gelaat gewees het.
Nico wou weer, net so benoud soos tevore, weet wat dit was wat die hond wou hê. Ek het hom weer, gemaak onbelangstellend, gesê dat hy die vraag aan Boffin moes stel. Boffin het sy kans waargeneem toe hy tevrede was dat Nico nie negatief sou reageer nie en het pens-en-pootjies saam met hom op die enkelbed gaan lê. Dit was nou net mooi op hierdie stadium dat ek en die Bevelvoerder onder die komberse ingeglip het en begin ruk het soos wat ons gelag het.
Die volgende oggend het Nico kompleet soos ŉ uitgewasde waslap gelyk. Hy was bleek, moeg en kragteloos. Toe ek na sy welstand verneem het, het hy geantwoord dat hy die nag nie ŉ oog toegemaak het nie. Hy het honde verpes en hy moes die hele nag deur met Boffin stoei om ŉ plekkie op die enkelbed te kon kry. Tweedens het die maniolas en die biltong van die vorige dag sy maag so omgekrap dat dit hom die hele nag lank op sy knieë gehou het. Ek het ewe sarkasties laat val dat ek geweet het predikante bid baie, maar was dit dan rêrig vir hom nodig om die hele nag op sy knieë deur te bring? "Nee" het Nico vererg geantwoord, "afgesien van die feit dat ek en die verdomde hond die hele nag deur geworstel het, het ek het ook die nag voor die toiletbak op my knieë deurgebring. Eers was ek bang ek gaan dood, maar later het ek gebid dat ek maar liewer moet doodgaan. Die krampe en maagpyne was net een te veel". Asof dit nie erg genoeg was nie, het Nico my daarvan beskuldig dat ek die nag so gesnork het dat geen normale mens onder die gesnorkery kon slaap nie. Miskien het die buurman se seun en die manne op Oshivello tog wel van die maniolas geweet en ons verwens net omdat hulle nie hul regmatig deel ontvang het nie.
(RB)

**Kaptein Piet Wiese se herinneringe.**
Ek het by kaptein Daan Venter op Oshivello oorgeneem. Ons het nog in tente geslaap en die basis was langs dié van die weermag. Na ŉ ruk het ons by die steen gebou by die hek ingetrek. Hier was dit baie geriefliker met die nodige infrastruktuur in plek. Ons het ons eie etes voorberei en was nie afhanklik van die weermag se menasie nie. Ons het dan ook ons eie natkantien bedryf. Aan die oorkant van ons basis was die S.A. Polisie se Veiligheidstak se kantore. Alle persone wat vanuit die operasionele gebied na die suide van Suidwes beweeg het, was daar deur die Veiligheidstak ge"*screen*". Terroriste wat hulle aan die veiligheidsmagte oorgegee het, het agter eenrigting glas gestaan en terroriste of meelopers aan die polisie uitgewys. Die lede van die Veiligheidstak was bevoorreg om ŉ swembad by hulle basis te hê, maar het niemand anders as hulle eie lede daar toegelaat nie. Een Saterdag agtermiddag, wat maar ŉ vervelige dag op die grens kon wees, het ons lekker gekuier en die manne was vol bravade. Dié betrokke dag was dit vrek warm. ŉ Klompie van my manne het my genader en gevra of ek nie by adjudant offisier Burger van die SAP wou hoor of hulle kon gaan lyf natmaak het in hulle swembad nie. Adjudant Burger het geen beswaar geopper nie, maar het een voorwaarde gehad en dit was dat die lede kaalgat vanaf ons basis na sy basis oorkant die pad moes stap. Hy was seker van mening dat die lede nie

daarvoor sou kans sien nie want by die hek het die Veldwagter met twee aansienlike dogters gebly en hulle het toe op daardie stadium op die stoep gesit.
Skaars het ek die voorwaarde wat Burger vir die swemmery gestel het, oorgedra, of die lede het die klere laat waai en ewe manhaftig oor die pad na die swembad gestap. Ek is oortuig dat die lede nie die Veldwagter en sy dogters op die stoep sien sit het nie. Skaars nadat die lede klaar geswem en weer kaalgat oor die pad gestap het, was die Veldwagter by my. Hy wou toe by my weet of ek van die affêre bewus was, waarop ek geantwoord het dat ek nie by die basis was toe dit gebeur het nie. Ek het hom gerus gestel dat ek die saak met die lede sou opneem om ŉ herhaling daarvan te voorkom. Gedurende die week het daar ŉ jong weermag kapelaan by ons basis opgedaag. Hy het my ingelig dat Daan Venter kwansuis aan hom sou vertel het hoe vinnig ek ŉ bier kon drink en dat hy my graag op hierdie punt die stryd sou wou aansê. Nou sulke geleenthede laat ek mos nie by my verbygaan nie. Ons het na die natkantien beweeg en die nodige was op die toonbank uitgepak. Ek was al vergete klaar toe het die predikantjie nog gesukkel om sy bottel bier te ledig. Baie verbaas wou die predikantjie weet hoe ek dit reggekry het om so vinnig te drink. “Kyk,” het ek hom geantwoord,” ek kom van die Kaap. In die Kaap laat loop die Kaapse manne die wyn in sy keelgat af, sonder om te sluk.” Na baie biere en ŉ gehoes en geproes kon hy dit steeds nie regkry om my te klop nie. Uit radeloosheid het hy voorgestel dat ons liewer na iets sterker moes oorslaan. Ek onthou nog dat die predikantjie net weggeraak het.
Die volgende oggend was ek en Daan na die weermagbasis en daar het ons die predikantjie aangetref waar hy op sy bed gelê het met ŉ drup in sy arm. Later het ek verneem dat hy die vorige aand vreeslik dronk was en dat die troepe hom na ŉ ander kamp geskuif het. Dit was die laaste sien van die predikantjie. Iets waarop ek baie trots was, was die aand toe generaal Kat Liebenberg die weermagbasis besoek het en gesê het dat ek ook teenwoordig moes wees. Hy het in sy toespraak genoem dat hy die betrokke dag iets gesien het wat hy nog nie voorheen gesien het nie. Dié betrokke dag het ons ŉ baie lang konvooi voertuie begelei en hy het met die helikopter bo-oor die konvooi gevlieg. Hy was so beïndruk met dit wat hy gesien het, dat hy sy weermagoffisiere aangesê het om te gaan kyk want dit was ŉ moerse iets om te sien. Die begeleiding van so ŉ lang konvooi was iets om te aanskou.
Dit is nou meer as twintig jaar gelede en die misdaad het al verjaar, maar laat ek julle vertel dit was ‘n lang tyd!! Die eerste jaar of twee was ek ŉ bekommerde man want ek het al gesien hoe sit ek met my gat in die tronk, en dit nogal in Suidwes Afrika. Weer was dit ŉ Saterdagmiddag en soos gewoonlik het daar niks by die basis aangegaan nie. Die enigste noemenswaardige aktiwiteit was om die natkantien te ondersteun. Twee onbekende mans het onverwags en ongenooid by die kantien aangekom ŉ geselsie met ons aangeknoop en kort voor lank het ons rondom die kroeg toonbank gekuier. Die een dop het op die ander gevolg en teen die tyd dat die drank sy werk gedoen het, het hulle vertel dat hulle eintlik na ŉ troue gekom het. Op pad na die basis het hulle in een of ander wildtuin ŉ kameelperd gesien en dié geskiet. Hulle het die kameelperd aan ons geskenk en ons het besluit dat ons maar biltong van die vleis kon maak. Hulle was ernstig en het gesê dat hulle ons sou gaan wys waar die kameelperd geval het. Ek wou aanvanklik nie aan die storie byt nie, maar hulle het toe so aangehou dat ek oplaas maar besluit het hulle kon maar gaan; ons sou gaan kyk het waar die kameelperd gelê het. Ek en ŉ paar van my manne het in die pad geval en gery volgens die aanwysings wat die twee aan ons gegee het. Na ŉ aanvanklike soektog het ons die kameelperd opgespoor. Nou moes daar vinnig gewerk word. Met ŉ groot gesukkel het ons daarin geslaag om die een boud af te sny. “Bliksem maar so kameelperd se vel is dik”, het ek in my binneste gedink. Net voordat ons weggery het, het ons besluit dat ons nie die rugstring biltong daar kon laat nie. Weer ŉ gesukkel en die rugstring was af. Terug by die basis het ons die vleis na die kombuis gesmokkel om biltonge te laat sny. Eers toe besef ek hoeveel biltong uit ŉ boud en die rugstring gesny kon word. Nadat die biltong droog was, het ek vir my vrou ŉ kartondoos vol biltong per trein vanaf Grootfontein na Kaapstad gestuur. Daar kan met reg gevra word waarom ek die eerste jaar of twee dan so ŉ bekommerde man was.
Die weermag se opskamer was in dieselfde gebou as ons basis. Met die aflaai van die vleis het die troep wat in die opskamer gewerk het, gesien hoe ons die vleis by die kombuis ingedra het. Dit was nie al wat my bekommerd gemaak het nie. Die slagmesse wat ons by die

kameelperd gebruik het, het hout handvatsels gehad. Op die handvatsels was die woorde "S.A.SPOORWEGPOLISIE OSHIVELLO" duidelik uitgekerf. Dié twee messe het ons, in die haas om die toneel te verlaat, net daar laat lê. Dodelike bewysstukke. Een van twee dinge het gebeur; óf niemand was ná ons by die dooie kameelperd nie, óf, indien daar wel iemand was, het hulle ons messe gesteel. Die kameelperd se balsak kon ek ook nie daar los nie. Ek het dit afgesny en dit later oor 'n brandewynbottel getrek om droog te word. Van die bottel het ek 'n glas gemaak waaruit ek my bier gedrink het. Na afloop van ons grensdiens, terwyl ons oppad huis toe was, het een van die ouens wat saam met my daar was die glas met die kameelperd se balsak gesteel. Ek was woedend. "Mag een van jou kinders eendag so effens na 'n kameelperd se balsak lyk", het ek hom toegewens.
(Piet Wiese)

**Konstabel Johan Marais se ervarings**
Die dinge wat ek gedurende 1984 op die grens ervaar het, sal my altyd bybly. Soos almal weet, bestaan jou rantsoene en etes uit blikkieskos; dit is blokkies raaisel (gemengde groente) Ovambo p*^le (dik viennas), Bully beef en ander groente soorte. Na 'n tyd kan jy die inhoud van die blikkies nie meer in die oë kyk nie. Om die smaak van die blikkieskos te verbeter het ons kerrie gekoop, die inhoud van al die blikkies saam in 'n varkpan gegooi, en dit op die vuur verhit. By die winkel het ons lekker vars witbrood gekoop en dié brousel saam met die vars brood genuttig. Die manne het aan die etes gesmul asof hulle by 'n spoggerige restaurant was. Die blikkies waarvan die etikette verwyder was, het ons by die Ovambo's se "*Kuka shops*" vir aandenkings verruil wat ons wou saamneem huis toe. Ek en konstabel Wessels was die twee musikante in ons groep. Saans wanneer ons die dag se stof afgewas en klaar aandete gehad het, het ek en Wessels die kitare nader gesleep en musiek in die kroeg gemaak. Namate die bottels leër geword het, het die gesing al beter geword soos party manne hul inhibisies verloor en ander hul stemme gevind het. Later het die manne hartlik saamgesing totdat die moegheid en Bacchus sy tol begin eis het. Die deelname aan die singery het algaande minder geword en later van tyd het ek en Wessels vir hulle ge"*serenade*" totdat die trane van verlange huis toe begin rol het.
Ek herinner my dat die bierfees in Tsumeb aan die gang was in hierdie tyd en ons het verneem dat daar talle mooi Duitse meisies by die fees sou wees. Vervoer daarheen was egter 'n probleem; geeneen van ons het 'n voertuig daar gehad nie en daarom het ons besluit om een van die weermag se Buffel voertuie, waarmee ons daagliks die begeleidings gedoen het, te leen om die bierfees mee by te woon. Die risiko wat ons daardie dag geloop het, was beslis die moeite werd gewees: ons was nie uitgevang nie en het heerlik saam met die vriendelike Suidwesters fees gevier. Met ons *40 days* het ons in die middel van die nag mekaar met poeier brandblussers bespuit. Die volgende oggend het ons luitenant (sy bynaam was Saag want hy het vreeslik gesnork en ek kan nie meer sy naam onthou nie) gedink dat die wind die vorige nag verskriklik moes gewaai het. "Kyk hoe lê die wit Ovambo sand die hele vierkant vol", het hy opgemerk. Jis, maar ons het baie daaroor gelag dat hy nie agtergekom het dat dit poeier, en nie sand, was nie.
Een aand, nadat ons lekker in die kroeg gekuier het en na ons slaaplokale onderweg was, het een van die manne 'n blik skeerroom te voorskyn gebring en die gesig van een van die manne met die skeerroom opgemaak. Ons was natuurlik lekker warm, en dit was nie van 'n vuur nie, toe ons begin het om vir mekaar skeerroommaskers aan te spuit. Ons het alles bespuit, tot die LMG. Saam met die gespelery het die ouens luidkeels gelag en vir daardie tyd van die nag was dit 'n helse geraas. Die volgende oomblik het luitenant Saag by die kroeg ingestap gekom om ons stil te maak. Hy het in die skeerroommasker gesigte vasgekyk; net die manne se oë het uitgesteek. Hy het geskel en gebulder maar net totdat hy dit nie meer kon hou nie en hy het uitgebars van die lag. Ons almal het geskater van die lag toe ons gewaar dat die luitenant ook lag en jy het net gesien skeerroom spat, die hele plek vol...
(Johan Marais)

**Nommer Sewe en Min Dae.**
Elke oggend het een van die seksies dou voor dag vooruit gery om die pad tot by Okatopi basis te vee wat sowat veertig kilometer vanaf Oshivello was. Daar het hulle koffie en beskuit geniet terwyl hulle vir die res van die konvooi gewag het. Okatopi weermagbasis het ŉ donkie as ‘n troeteldier, met die naam van Nommer Sewe, gehad. Sowat 'n week voordat ons na die Republiek teruggekeer het, het ons ou Nommer Sewe een oggend, terwyl ons op die res van die konvooi gewag het, aangekeer en hom met 'n blik *Mercurochrome* bygedam en die woorde "MIN DAE" op sy een kant gespuitverf. Hy het ewe gedwee stil gestaan asof hy geweet het waaroor dit gaan, en daarna het hy die boodskap die bosse ingedra.
(Sam Killian)

**Ek is geskiet.**
Oom Piet se kamp was tussen Oshivello en Omuthea langs die hoofpad geleë. Hy en sy span het daar gewoon en was verantwoordelik vir die instandhouding van die Wildtuin se heining. Op ŉ dag was ek en adjudant offisier Fanie Booyse vir ŉ ete by Oom Piet se huis genooi. Om by sy kamp uit te kom, moes jy deur ŉ gat in die draad kruip wat oom Piet vir die besoekers gemaak het. Die kamp was ongeveer vyftig meter binne die grensdraad van die wildtuin. Ek en Fanie het die Land Cruiser langs die hoofpad geparkeer en na die draadheining gestap. Ek het deur die gat in die draad gekruip en, net toe ek orent gekom het, word ek van agter in die rug geskiet. Die slag het my ongeveer twee meter vorentoe geskiet en ek het op my gesig op die grond te lande gekom. Ek het met verloop van tyd tot my sinne gekom en, terwyl ek nog so gelê het, het ek onmiddellik my vingers begin beweeg en tot my verligting gevoel dat dit nog gewerk het. Daarna het ek my hande getoets en gevind dat hul nog normaal funksioneer het. Daarna het my voete en die res van my onderlyf aan die beurt gekom en ek was bly om te kon voel dat alles nog in ‘n werkende toestand was.
Die slag het van agter gekom so ek het gereken dat daar ŉ gat of bloed op my rug moes wees. Versigtig het ek my rug bevoel vir enige merkbare skade of die teenwoordigheid van ŉ warm, taai vloeistof – weereens negatief. Dit was op hierdie presiese oomblik dat ek die terroris agter my hoor lag het en ek het geweet dat hy vir my gewag het om te draai sodat hy my van voor kon skiet. Stadig het ek my op my sy gedraai en daar het ek vir Fanie gewaar terwyl hy staan en lag het dat die trane loop. “Nou wat was dit dan nou?”, het ek so in my innige gewonder. Dis toe ook net dat Oom Piet nader gekom het om te kyk vir wat ek so teen die grond geval het dat hy my van die elektriese draad aan die binnekant van die heining vertel het. Die elektriese draad was daar om die olifante van die draadheining af weg te hou. Jy kan maar self raai watter effek die elektriese stroom op die rug van ŉ mens kan hê. Olifante kan mos nie lees nie en daarom was daar nie ŉ waarskuwingsbordjie by die gat aangebring nie. Die wildsboud wat Oom Piet vir ons gaar gemaak het, het vir die verleentheid en pyn opgemaak. Snaaks dat ek na die episode nog nooit weer aan jig gelei het nie.
(Pierre Jonker)

**Ek word weggejaag.**
Ek was ŉ kaptein op Slagboom en, net nadat generaal Claassen die Kommissaris geword het, het hy my ontbied na sy kantoor in Johannesburg. Elke keer wat ek met die generaal te doen gekry het, was ek verplaas. “Waarheen die slag?”, het ek en Magda so by onsself gewonder. By sy kantoor aangekom, was ek ingelig dat hy ŉ brief vanaf die Kwartiermeester generaal van die SAW ontvang het waarin hy meegedeel was dat die weermag voortaan nie meer vir die logistieke uitgawes van die SASP op die grens sou betaal nie. “Wat weet jy hiervan?”, wou die generaal by my weet. “Nee, Generaal, ek dra nie kennis van die brief nie”, het ek geantwoord maar ek het voorgestel dat hy vir generaal Constand Viljoen moes skakel en die saak met hom moes uitklaar. “Hoe is dit moontlik dat die weermag eensydig tot so ŉ besluit gekom het?” wou ek weet. Daar was mos aanvanklik ŉ ooreenkoms dat die SAW al die koste sou dra en daarom was die verandering in die besluit heeltemal onverstaanbaar. “Man, ons het reeds ŉ oplossing vir die probleem as hulle nie wil betaal nie”, het die generaal my meegedeel. Ek was toe eers verward want, indien hulle reeds ‘n oplossing vir die probleem gehad het, wat het ek dan daar gemaak?

‘n Brigadier van Hoofkantoor was ook teenwoordig en het die generaal geadviseer dat ons die begeleidings op die grens met een van die mees gevorderde mynbestande voertuie, wat pas van die produksielyn afgekom het, kon doen. Ek was kort tevore in die Operasionele gebied en het niks van ŉ nuwe generasie mynbestande voertuie geweet of een gesien nie het ek die Kommissaris en sy adviserende brigadier ingelig. Ek wou, uit pure nuuskierigheid, weet hoe dié nuwe voertuig daar uitgesien het; “Is dit ŉ gevegsvoertuig, hoeveel troepe kan dit dra, is die voertuig oop bo en kan die kante afslaan?”, het ek belangstellend gevra. Die brigadier het geantwoord en gesê dat die voertuig mynbestand was en dat hy heeltemal toe was met net ŉ deur aan die agterkant. Hulle het die voertuig die “Swerwer” genoem. Ek het onmiddellik my kommer uitgespreek oor die feit dat die voertuig toe was en dat dit nie ideaal was vir ‘n gevegsvoertuig nie. Die generaal het ontplof en my sonder seremonie by sy kantoor uitgejaag. “Ek het jou nie vanaf Slagboom laat kom om na jou negatiwiteit te luister nie. ‘F*^# off’ uit my kantoor!”, het hy my toegesnou op die koop toe. Hy het my egter terug geroep net toe ek by die deur gekom het. Sarkasties het ek gevra: “...om wat te kom maak? Ek is so pas uit die kantoor gejaag.” Daar het ŉ oomblik van absolute stilte geheers in die kantoor. “Waar kan julle na die Swerwer gaan kyk?”, wou hy by die brigadier weet. “By die SAP se TIN store in Pretoria”, het die brigadier vererg geantwoord. “Vat nou die kaptein daarheen en gaan wys hom hoe lyk die voertuig en rapporteer môre oggend terug by my”, het die generaal beveel. Die Swerwer het by die TIN store gestaan en was alles behalwe ŉ gevegsvoertuig. My onmiddellike reaksie op die Swerwer was dat dit ŉ doodskis op wiele was. “Wat weet jy van die nuutste tegnologie?”, het die brigadier hoogdrawend gevra . Die Bevelvoerder by die TIN store het voorts verduidelik dat die voertuig vir die Polisie en Poskantoorpersoneel in die noorde van Suidwes vervaardig was om hulle teen landmyne te beskerm wanneer hulle herstelwerk of ondersoek in die gevaargebied moes gaan doen het. Die bedoeling was beslis nie dat die voertuig as ŉ gevegsvoertuig aangewend moes word nie.
“Wat gaan ons nou môre vir die generaal sê?”, wou die brigadier by my weet. “Ons vertel hom die waarheid”, was my eenvoudige antwoord. “Ek is nie bereid om ons lede se lewens in gevaar te stel om die voertuig, soos wat dit nou daaruit sien, as begeleidingsvoertuig aan ons lede beskikbaar te stel nie”, het ek onomwonde verklaar. Die brigadier wou by my weet wat ek met dié opmerking bedoel het. Ek het verduidelik: “Brigadier, die realiteit is die volgende: Eerstens, die uitsig van die lede in die voertuig is tot twee vensters op een kant beperk. Tweedens, kan die terroris die voertuig met ŉ RPG 7 van agter aanval deur op die agterdeur te vuur. Die lede binne-in die voertuig sal dit nie eers weet nie want hulle kan nie na buite sien nie. Derdens, is die sitplekke in die voertuig so ontwerp dat die een lid se knie tussen die bene van die lid wat voor hom sit, inskuif. Wanneer hulle die voertuig vinnig moet ontruim gaan hulle mekaar tussen die sitplekke vasdruk.”
Die brigadier het toe besef dat hy die generaal verkeerdelik geadviseer het en die volgende oggend was ons terug in die generaal se kantoor. “En toe, wat sê jy van die Swerwer?”, het die generaal vermakerig gevra. Ek het verduidelik, ten einde die aansien van die brigadier in stand te hou, ek dat ons ŉ paar veranderings aan die voertuig sou moes aanbring. Nog voordat hy weer kon ontplof en my uit sy kantoor kon jaag, het ek voorgestel dat hy eers vir generaal Constand Viljoen moes kontak voordat ons al die onkoste en moeite sou aangaan om die voertuig te verander. Ek het aan die generaal verduidelik dat generaal Viljoen tydens ŉ besoek aan Oshivello, my ontbied het om my geluk te wens met die wyse waarop ons die konvooibegeleidings uitgevoer het. Adjudant offisier Penny Brighton, die generaal se sekretaresse, het sonder versuim opdrag gekry om generaal Constand Viljoen op die lyn te kry. Generaal Claassen het die telefoon se luidspreker aangeskakel sodat ek en die brigadier die gesprek kon volg. Toe hy generaal Viljoen ingelig het oor die inhoud van die Kwartiermeester generaal se brief, wou generaal Viljoen dadelik weet wie die brief onderteken het. Generaal Viljoen het voorts verduidelik dat hy op geen stadium so opdrag aan die Kwartiermeester generaal gegee het nie en het ook verder genoem dat hy besonder beïndruk was toe hy gesien het hoe die S.A.Spoorwegpolisie die konvooibegeleidings behartig het. Hy het toe by generaal Claassen verneem of daar nie nog iets anders was wat ons met die opleiding van die manne benodig het nie. Die probleem was opgelos. Ten spyte van die feit dat ek die vorige dag uit die generaal se kantoor gejaag was, was ek met ŉ koppie

tee vir my insette beloon. Die SASP het vir nog vier jaar na hierdie voorval alle logistieke benodigdhede gratis van die SAW ontvang.

**Grensdiens ongevalle**

Op 11 Maart 1982 het die eerste lid van die S.A.Spoorwegpolisie in die Operasionele gebied aan 'n noodlottig skietwond te Oshivello gesterf. Hy was konstabel H. (Hardie) Kühn van Germiston. Nadat hy sy eerste dienstermyn op die grens voltooi het, het hy aansoek gedoen om vir 'n tweede termyn aan te bly. Adjudant offisier Pierre Jonker vertel sy storie.

"In 1982 het ek diens in die operasionele gebied gedoen. Ons basis was by die Oshivello hek gewees. Die middag van 11 Maart 1982 het ek met die eerste konvooi vanaf Ondangwa na die basis teruggekeer. Ons dienstermyn was byna verstreke en dit was amper tyd dat ons sou terugkeer huis toe. Ek was toe al mooi gatvol vir alles. Ten spyte van hoe ek gevoel het, het ek geweet dat ek positief moet bly aangesien die manne geneig was om aan die einde van hulle dienstermyn minder paraat te wees. Dit was alom bekend dat die terroriste naastenby geweet het wanneer ons groep huis toe sou vertrek. Gedurende hierdie tydperk was die manne op hul kwesbaarste. Die betrokke middag het konstabel Hardie Kühn, met die bynaam van Kuka, by my kom sit. Hy was verantwoordelik vir instandhouding en logistiek van die basis. Hy het vir elkeen van ons 'n bier gebring. Miskien wou hy daardie middag iets met my gedeel het. Hy het 'n ruk stilgebly en toe gesê: 'Nog net 'n paar dae, adjudant, dan gaan ons huis toe.' Min het ek geweet dat dit ons laaste gesprek sou wees. Dieselfde aand was hy noodlottig in 'n skietgeluk gedood. Dit was 'n geweldige slag vir elkeen van ons wat saam met hom daar was. Met my tweede dienstermyn te Oshivello gedurende 1984, was die klein gaatjies in die plafon die stille getuienis van wat die betrokke aand, twee jaar vantevore, gebeur het. Ons wat saam met hom daar was, sal hom nooit vergeet nie. Ek is baie dankbaar dat sy naam saam met die name van ander lede van die S.A. Spoorwegpolisie op die Muur van Herinnering by die Voortrekkermonument aangebring is."
(Pierre Jonker)

Op 12 Oktober 1982 het 'n Casspir voertuig van die SAP met 'n Buffel voertuig van die SASP gebots. Vier lede het tragies gesterf tydens die botsing. Hulle was sersant A.M.(Nols) Meiring, konstabel K.C.(Karel) Kapp, konstabel A.(André) Kleynhans, al drie lede van Durban. Die vierde lid, konstabel D.(Donald) Myburg was te New-Brighton in Port Elizabeth gestasioneer. Sersant Meiring se ouers was op Somerset Oos in die Oos Kaap woonagtig. Nolsie, soos hy algemeen bekend gestaan het, was 'n uithaler rugbyspeler en atleet. Verskeie atletiek rekords het agter sy naam gepryk. Hy was verbonde aan Adelaide Gimnasium Hoërskool op Adelaide in die Oos Kaap. Bo en behalwe sy sport prestasies was hy ook die skoolorkes se tamboer majoor. Hy het so 'n indruk op sy mede-skoliere gemaak dat 'n Hansie Potgieter wat in standerd ses was toe Nolsie in Matriek was, hom vandag nog kan onthou. Dié persoon het met trots gepraat oor sy houding as tamboer majoor en sy prestasies as atleet. Terwyl hy in Durban Punt gestasioneer was, het hy 'n seldsame siekte opgedoen wat hom feitlik verlam het. Op daardie stadium was hy aan 'n kollega, konstabel Pat de Goede, verloof. Sy het na hom omgesien en hom versorg. Hy het daagliks sy spiere geoefen en hy was daarvan oortuig dat hy weer sou kon rugby speel. Na 'n vermoeiende tydperk het hy gesond geword en weer rugby vir die Natal Spoorwegpolisie Rugbyklub begin speel. Konstabel K.C Kapp was 'n boorling van Kaapstad en ook 'n kraninge rugbyspeler. Beide sy ouers was lede van die S.A. Vloot en by die Vlootbasis te Simonstad werksaam. Konstabel A. Kleynhans was ook 'n uithaler rugbyspeler. Hy was 'n Oos Kapenaar wat in Port Elizabeth grootgeword het en in Durban gestasioneer was. Meiring, Kapp en Kleynhans het al drie vir die Natalse Spoorwegpolisie Rugbyklub rugby gespeel. Diegene wat vir generaal Claassen, kolonel Mounie Mouton en majoor Daantjie Malan geken het, sal nie verbaas wees om te hoor dat daar moontlik toutjies agter die skerms getrek was om die drie lede na Durban te verplaas sodat hulle daar rugby kon gaan speel nie. Die feit dat hulle hul grensdiens ná die rugby seisoen verrig het, bevestig dié vermoede. Al drie van hulle was ook as die beste onder 21 spelers van die rugbyklub aangewys. Kolonel Mounie Mouton het 'n pragtige trofee uit hout

gedraai as huldeblyk aan die afsterwe van die drie lede. Konstabel D. Myburg was van Port Elizabeth afkomstig en het daar grootgeword.

**My lewe was gespaar.**
Die middag voordat ek na Slagboom vertrek het om my grensdiens opleiding te ontvang, het ek my voortande laat trek om kunstande te kry. Ek het direk vanaf die tandarts na Betlehem stasie gegaan om daar op die trein te klim. Natuurlik was my mond baie seer en ek kon niks eet wat hard was nie. Na die opleiding het ons na Oshivello vertrek. Ons was nie lank op die grens gewees nie toe my ondertande van die bedkassie af geval het en in die helfte gebreek het. Ek het my tande na die tandarts op Oshakati vir herstel geneem want ek kon net Ovambo p*^le eet en dit het geen voedingswaarde gehad nie. Wel, die oggend toe ek my tande kon kry, moes ek die Buffel bestuur wat heel voor in die konvooi gery het. Daar was ŉ ooreenkoms tussen die seksies dat die Buffel wat die konvooi lei, deur gery het na Oshakati. Sersant Meiring het daarop aangedring dat sy Buffel voor moes ry want hy wou Oshakati toe gegaan het. Ek het hewig met hom gestry want ek wou my tande gaan haal het. Hy het vir konstabel J.J.J. Brits opdrag gegee dat hulle moes ry en hy het nog vir my ŉ middelvinger gewys. Die ander kollegas op die Buffel het nog vir ons gelag want hulle kon sien dat ek woedend was. Ek moes my maar berus by die feit dat ek nie my tande dié dag sou kry nie en dat ek nog ŉ dag langer moes swaarkry met die etery. Op Ondangwa het ek weereens vir sersant Meiring gevra of ek nie kon deurgaan Oshakati toe nie, maar hy het voet by stuk gehou dat hy sou gaan en niemand anders nie. Baie ongelukkig het ek maar die vroeër trip terug gevat na Oshivello. Op pad terug na Oshivello, en net nadat ons by Miershoop verby was, het ek luitenant Victor en die adjudant offisier Roberts gesien waar hulle van voor af aangejaag gekom het in die rigting van Ondangwa. Ek het nog by myself gewonder waarheen is hulle so vinnig oppad was en dit was nogal sonder begeleiding. Toe ons by die kamp op Oshivello aangekom het, het die ouens ons vertel dat konstabel Brits se Buffel in ŉ ongeluk betrokke was en dat twee van ons lede in die ongeluk gesterf het. Later die aand het luitenant Victor en die adjudant teruggekom en ons vertel dat daar drie lede was wat gesterf het. As ek reg kan onthou het konstabel Myburg nog geleef maar hy was in ŉ baie kritieke toestand in die hospitaal op Oshakati opgeneem. Die volgende oggend het ek en sersant Niemand deur gery na Oshakati om my tande te gaan haal en om terselfdertyd te gaan kyk hoe dit gegaan het met ons makker. Toe ons by die hospitaal aangekom het, het ons die slegte nuus gekry dat hy dit ook nie gemaak het nie. Ons was toe dadelik na die lykshuis omdat ek en sersant Niemand die lyke moes gaan uitken het en om hul besittings in ontvangs te neem sodat dit aan hulle naasbestaandes oorhandig kon word. Ongeveer ŉ week na die ongeluk was konstabel Brits teruggestuur om sy grensdiens te voltooi. Die dokters het dit aanbeveel sodat hy nie sielkundige letsels met betrekking tot die ongeluk sou oorhou nie. Dis toe dat hy my vertel het wat gebeur het. Hy het my vertel dat hulle oppad na Oshakati gery het en dat die pad maar smal was. Terwyl hulle gery het, was daar Casspir voertuie van Koevoet wat aan die ander kant van die pad in ŉ konvooi gestaan het. Een van die Casspir voertuie het ewe skielik oor die pad gery om aan die anderkant van die pad stil te hou. Hy het reg voor die Buffel waarin sersant Meiring en konstabels Myburg, Kapp en Kleynhans gery het, ingery en met hulle Buffel gebots. Konstabel Brits het probeer uitswaai om ŉ botsing te vermy maar kon nie vinnig genoeg uit die pad van die Casspir gekom het nie. Die Casspir het hulle Buffel regs voor getref. Die regterkant van die Buffel het soos ŉ kartondoos oopgeskeur en lede was deur die gat uitgeslinger. Sersant Meiring was by die opening uitgeslinger waardeur die seksieleier gewoonlik sy bevele aan die drywer gegee het. Konstabel J. Landman en konstabel O. Allers het ook geringe beserings tydens die ongeluk opgedoen. Ek was drie keer op die grens, maar hierdie een was vir my die ergste. Ek dank die Vader dat ek vandag nog leef. Dit was Sy wil dat ek nie daardie dag van 12 Oktober 1982 na Oshakati moes reis om my tande te gaan haal nie. Ek voel egter baie jammer vir die vier lede se naasbestaandes want ons het mekaar nog nie so goed geken toe die ongeluk gebeur het nie, maar hulle bly ons kollegas.
(Hans Engelbrecht)

**Gedenknaalde.**
Gedurende Desember 1985 was die afsterwe van hierdie, en ander lede, van die Veiligheidsmagte op ŉ gepaste wyse herdenk toe ŉ gedenknaald in die heldeakkers van Port Elizabeth en Somerset Oos opgerig was. Op 1 Desember 1985 was ŉ gedenknaald in die heldeakker by die Forest Hill begraafplaas deur die Streekkommissaris van die Kaapse Middellande, kolonel J.J. Botha, onthul terwyl die een in Somerset Oos op 3 Desember 1985 deur majoor Ronnie Beyl, Bevelvoerder van Slagboom Opleidingsentrum, namens die Streekkommissaris onthul was. Die basis kapelaan van Slagboom, ds. Nico du Toit, het die diens tydens hierdie geleentheid waargeneem.

**Die Muur van Herinnering : Voortrekkermonument.**
Op 25 Oktober 2009 het die onthulling van die S.A.Weermag se Muur van Herinnering by die Voortrekkermonument plaasgevind. Alle soldate wat sedert Republiekwording op 31 Mei 1961 in een of ander veldslag gesneuwel het, se name was op die muur aangebring. Ek was ten nouste by die opleiding van die S.A. Spoorwegpolisie lede wat grensdiens in die Operasionele gebied verrig het, betrokke en was onder die indruk dat die vyf lede wat op die grens gesterf het se name ook op die Muur sou verskyn. Hulle was oorlede voordat die amalgamasie met die S.A. Polisie plaasgevind het en gevolglik het hulle nie gekwalifiseer om by die S.A. Polisie se heldeakker vereer te word nie. Na ŉ besoek aan die Muur van Herinnering by die Voortrekkermonument het ek tot my ontsteltenis ontdek dat die lede se name nie op die Muur aangebring was nie. Die volgende korrespondensie tussen myself en generaal majoor Gert Opperman het daartoe aanleiding gegee dat die vyf lede se name op 15 Augustus 2010 tydens ŉ kransleggingseremonie op die Muur onthul was.

**Onderwerp: Muur van Herinnering**.
Me Estelle Pretorius.
Genl. Opperman het my na u verwys.
**Agtergrond.** Min mense is daarvan bewus dat lede van die eertydse S.A. Spoorwegpolisie ook in die Operasionele gebied in die destydse Suidwes Afrika ontplooi was. Die eerste kontingent (peloton sterkte) was in 1980 ontplooi waarvan ek die Bevelvoerder was. Ons basis was by die Oshivello grenspos langs die weermag basis. Bo en behalwe hierdie kontingent was daar ook 'n seksie sterkte kontingent ontplooi te Kamanjab. Die groep op Oshivello was verantwoordelik vir die begeleiding van die S.A. Spoorweë se vragmotors en busse, asook die van siviele persone wat voorrade na en van Ondangwa en Oshakati vervoer het, asook brandstof tenkers wat brandstof na die weermagbasis te Ruacana vervoer het. Op 12 Oktober 1982 was lede van die S.A. Spoorwegpolisie onderweg in 'n Buffel voertuig toe dit met 'n Casspir voertuig van die S.A. Polisie gebots het. Vier lede van die Spoorwegpolisie is in die botsing gedood. Hulle was Nr. 12574 Sers. A.M Meiring, Konst. K.C Kapp, Konst. D Myburgh en Konst. A Kleinhans. Sers. Meiring is te Somerset Oos begrawe. Waar die ander lede begrawe is, is aan my onbekend. Ek kon egter daarin slaag om sers. Meiring se familie op Somerset Oos op te spoor, sy moeder en suster is nog daar woonagtig. Bronne in die Kaap waar Konst. Kapp se ouers woonagtig was, het my vanoggend verwittig dat beide sy ouers al 'n geruime tyd oorlede is. Die ouers van Konst. Kleinhans en Myburgh was in Port Elizabeth woonagtig. Kollegas in die SAPD het die adresse waar hulle woonagtig was besoek, maar sonder enige sukses. Die S.A. Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie het in Oktober 1986 geamalgameer en een Mag geword.

**Navraag.** Graag verneem ek of die vier lede se besonderhede op die Muur van Herinnering aangebring is? Tot dusver kon ek nog nie daarin slaag om die magsnommers van die drie konstabels op te spoor nie. Hulle besonderhede sal ook nie by die SAPD wees nie aangesien hulle nooit deel van die amalgamering was nie. Indien hulle name nie op die Muur van Herinnering verskyn nie, verneem ek graag wat my te doen staan om dit te laat aanbring. Meegaande is 'n artikel wat in die SASSAR tydskrif van die S.A. Spoorweë verskyn het. Wyle sers. Meiring se suster het dit vir my per epos aangestuur. Sers. Meiring se van is verkeerdelik in die artikel aangegee as Myburgh.

Byvoorbaat dank
JR Beyl Brig. (afg.)
S.A. Polisiediens.

**Onderwerp: Muur van Herinnering.**
Geagte Brigadier Beyl. Baie dankie vir u e-pos en die inligting aangaande die vier lede van die Spoorwegpolisie wat in 1982 gesterf het. In hierdie stadium het ons slegs die name van lede van die SAW wat tussen 1961 en 1994 omgekom het, op die Muur van Herinnering aangebring. Ek sal die inligting wat u aan my gestuur het op rekord hou, indien die Direksie moontlik in die toekoms sou besluit dat polisielede ook op hierdie wyse vereer moet word. Op die oomblik is dit egter nie die beleid nie, maar soos generaal Opperman altyd sê: Niks is in beton gegiet nie! Ons hou op 15 Augustus 2010 weer 'n gedenkdiens by die Muur en u is baie welkom om dit by te woon. Spesiale panele is op die Muur oopgelaat vir name wat later onder ons aandag gebring is en die name sal intussen gegraveer word. Ons sal te gelegener tyd die uitnodigings na die plegtigheid uitstuur. 'n DVD is van die inwydingsplegtigheid van Oktober 2009 gemaak, waarop die roerende gebeure vasgevang is, asook die naam van elkeen wat gesterf het. (Indien u belangstel daarin, kan u dit by my bestel.)
Met vriendelike groete
Estelle Pretorius

**Beste Estelle.** Ek het gister besoekers na die Muur van Herinnering geneem en was by u kantoor aan, maar u was in 'n vergadering. Ek was egter verheug om te sien dat die Muur voorsiening maak vir lede van ander magte wat ter ondersteuning van die SAW opgetree het. Mag ek meld dat die S.A. Spoorwegpolisie deur die SAW versoek was om die begeleidingsdienste vanaf Oshivello by die SAW oor te neem en dat lede van die SASP die dienste in weermag uniforms en met weermag Buffels uitgevoer het. Twee van my oud kollegas, brigadier Hannes Slabbert en luitenant kol Loekie Jordaan het my aandag daarop gevestig dat 'n vyfde lid, konstabel H Kuhn, op 11 Maart 1982 aan 'n skietwond te Oshivello beswyk het. Indien die Komitee sou verlang dat die inligting per beëdigde verklarings gestaaf moet word, is ek meer as bereid om dit te doen. Graag word die Komitee versoek om hierdie saak met deernis en simpatie te oorweeg.
Groete.
Ronnie Beyl

Nadat ek in kennis gestel was dat dit nie die beleid is om die name van ander magte op die Muur aan te bring nie, het ek 'n afspraak met generaal Gert Opperman gemaak en die feite rondom die Spoorwegpolisie se betrokkenheid in die operasionele gebied aan hom verduidelik. Op grond daarvan, het hy goedgunstiglik ingewillig dat die lede se name wel op die Muur aangebring mag word.

Aan: Gert Opperman
**Onderwerp: MUUR VAN HERINNERING**
Genl. hier is die inligting van die vyf lede.

| **GESTORWE LEDE** | | **NAAS BESTAANDES** |
|---|---|---|
| 1.Sers. | A.M. Meiring | Mev. C.M. Meiring van Riebeeckstraat 22 Somerset Oos 5850 |
| 2.Konst. | D. Myburgh | Soek nog na naasbestaandes |
| 3.Konst. | A. Kleinhans | Adj-Off. M. Kleinhans (Broer) Unitedstraat 45,Westring 6205 |
| 4.Konst. | K.C. Kapp | Beide ouers is jare gelede oorlede. |

Lede is op 12 Oktober 1982 in 'n voertuig ongeluk oorlede.
5.Konst. H. Kuhn is op 11 Maart 1982 oorlede. Soek nog na naasbestaandes.
Nogmaals baie dankie vir u samewerking in die verband. Meiring se moeder en Kleynhans se broer is in kennis gestel.

**Beste Ronnie**
Graag word bevestig dat hul name soos volg op die muur aangebring sal word:

1982

| | | |
|---|---|---|
| Kapp | KC | Sktr. |
| Kleinhans | A | Sktr. |
| Kuhn | H | Sktr. |
| Meiring | AM | Sers. |
| Myburgh | D | Sktr. |

Ek vertrou dit sal nie vir jou 'n probleem wees as hul range as "sktr" aangedui word nie. Dit pas meer in en kan onnodige vrae en spekulasie voorkom, terwyl dit darem vergelykbaar is met die rang van konstabel, of hoe? Geliewe te bevestig, sodat ons betyds enige probleem daaromtrent kan ondervang, asb.
Gert Opperman Hoof Uitvoerende Beampte

Op 15 Augustus 2010, tydens die Jaarlikse Kransleggingsparade, het die volgende familie lede en oud kollegas 'n krans gelê. Mev Stella Ingram, (Meiring se suster). Luit-kol. Pat Schutte, nee de Goede (Meiring se verloofde), Majoor Kapp (SAKD) en adjudant offisier Kapp (SALM) broers van Kapp. Die Kapp's se tannie en haar familie. Mnr. en Mev. Johan Kühn (Kühn se broer) Die naasbestaandes van wyle konstabel Kleynhans en Myburg kon ongelukkig nie die geleentheid bywoon nie. Oud lede wat teenwoordig was, is Brigadier Buks Meintjes, kolonel en mev. Johan Claassen, kolonel en mev. Johan Piek, kaptein Robbie en luit-kol. Maria Roberts, adjudant offisier Jan Vorster en metgesel, brigadier en mev. Ronnie Beyl. Agt-en-twintig jaar nadat die vyf lede die hoogste prys vir hulle land betaal het, kon Brigadier Beyl met die lê van 'n krans namens die S.A. Spoorwegpolisie en die inwoners van Suid Afrika, hulle vereer en verseker dat hulle nagedagtes nooit vergeet sal word nie.

**Laaste groet.**
Ek en Nols Meiring was gedurende 1981 of 1982 saam op 'n onderoffissierskursus waar ons goed bevriend geraak het. Aangesien ek met die eerste kontingent saam met kaptein Beyl diens op Oshivello gedoen het, het ons dikwels oor die ekstra toelaag wat jy vir grensdiens ontvang, gesels. Hy wou grensdiens gaan verrig sodat hy vir hom 'n CBX Honda motorfiets kon koop. 'n Tyd later het hy by Slagboom vir sy grensdiens opleiding aangemeld. Die Vrydag waarop die kursus ten einde geloop het, het Nols my gebel en gevra dat ek hom op Slagboom moes kom groet. Omdat die grondpad daarheen so slegs was, was ek nie bereid om met my motor op die grondpad te ry nie. Daardie selfde aand, om ongeveer nege uur, was daar 'n klop aan my deur by die huis. Dit was Nols Meiring. Sy woorde aan my was: "André ek het jou maar kom groet." Hy het tot laataand gekuier. 'n Paar dae later het my vrou gesê dat ek die radio moes aanskakel aangesien daar 'n berig oor die Spoorwegpolisie op die grens was. Dit was 'n geweldige skok toe ek sy naam en dié van 'n paar ander gehoor het wat in 'n ongeluk gesterf het.
(André Mattheus)

**Johan Kűhn sê dankie.**
Ek wil net baie dankie sê vir jou moeite en opoffering wat jy gedoen het want as dit nie daarvoor was nie, sou Hardie se naam nie op die muur verskyn het nie. Ek sal my moeder in die toekoms gaan wys dat sy naam op die muur aangebring is. Baie dankie vir die begrip van die omstandighede aangaande die besluit om my moeder nie betrokke te maak met die kranslegging nie. Ek hoop dat dit spoedig opgelos kan word en dat sy self haar dankbaarheid aan jou kan oordra vir al jou moeite om 28 jaar se onsekerheid op sy te kon sit en dankie kon sê vir sy en ander se bydrae tot die land se toekoms. Mag jy 'n geseënde dag hê.
Johan Kűhn.

## BEKAMPING VAN TERRORISME : BINNELANDS

### Grens en spoorlyn beskerming

Gedurende 1976/77 het die S.A.Spoorwegpolisie ook die grense van die Republiek van Suid Afrika, vanaf Zeerust tot by Mafeking, bewaak. Die openbare pad en die spoorlyn was gepatrolleer as deel van hierdie taak. Een aand het ŉ treindrywer berig dat hy ŉ klein vuurtjie ongeveer 20 kilometer vanaf Ottosdal in die veld langs die spoorlyn opgemerk het. Hy het die mylpaal verstrek waar hy die vuurtjie gesien het. ŉ Groep van die lede wat daar diens verrig het, het per pad na die gebied gereis en ongeveer ŉ kilometer vanaf die vermelde mylpaal stilgehou en te voet verder gestap. Hulle het in enkel gelid in die rigting van Slurry gestap toe hulle die reuk van gebrande hout gekry het. Die patrollie het dekking geneem en besluit om in ŉ linie formasie uit te sprei.

Hulle het die plek gevind waar die vuur gemaak was met die hout wat nog gesmeul het en ŉ blik, waarin water gekook was, het op die vuur gestaan. Niemand was egter in sig nie. Die manne het begin hardop praat en het terug gestap in die rigting waarvandaan hulle gekom het. Twee lede van die groep het egter ongemerk dekking geneem agter ŉ bos terwyl die res weggestap het. Dit was ongeveer ŉ halfuur later toe die verdagte persoon na sy vuurmaakplek teruggekeer het. Die twee lede het op hom afgestorm en het hom vasgegryp terwyl die res van die seksie hulle terug gehaas het na die toneel. Uit die ondervraging daar by die vuur het die verdagte erken dat hy in 1962 uitgewyk het en dat hy op pad terug was ná sy opleiding. Die verdagte was die volgende oggend aan die Veiligheidspolisie oorhandig wat hom na Johannesburg vir verdere ondervraging geneem het. Talle lede van die S.A. Spoorwegpolisie het die Medalje vir die Bekamping van Terrorisme ontvang.

(Tjaka Neethling)

### Terreur aanvalle : Soweto

Een oggend was kaptein Fourie na ŉ toneel net Noord van New Canada stasie ontbied. Terroriste het die spoorlyn na Naledi opgeblaas en op die lyn na Lenz was daar ploftoestelle aan die spoor gekoppel wat nog nie ontplof het nie. Hy het opgemerk dat die bomstellers gepoog het om met een ontstekingsmeganisme verskeie ladings TNT op beide spoorlyne gelyktydig te detoneer. ŉ Battery, wat aan die meganisme gekoppel was, was iets wat hy as plofstof deskundige nog nie voorheen gesien het nie. Hy kon sien dat die elektroniese transistors saamgevoeg en gegiet was binne in ŉ deurskynende epoksi omhulsel. Drade het vanaf hierdie “vreemde” skakelaar na die springdoppies, wat in die verskillende TNT ladings geplaas was, gelei. Om die “vreemde” skakelaar te bewaar, het hy die battery met behulp van die waterkanon vernietig. Hy het die springdoppies uit die ladings verwyder en toe die springdoppies ontkoppel op die plekke waar dit aan die meganisme gekoppel was. Nadat hy die toneel laat fotografeer het, het hy die plofstof en bewysstukke verwyder. Hy is toe na die toneel waar die bomme reeds die spoorlyn vernietig het. Die plek waar dit plaasgevind het, was by ŉ uitgrawing langs die spoorlyn. Die terroris het van skietkabels gebruik gemaak om die bomme te laat detoneer. Fourie het die skietkabel na die uitgrawings gevolg waar dit aan ŉ PM 9 battery gekoppel was. Hy het die battery vir vingerafdrukke laat ondersoek en die “vreemde” skakelaar laat ontleed. Daar is toe vasgestel dat dit ŉ hoogs gevorderde tydskakelaar was wat spesiaal vir terroriste ontwerp was om sabotasie mee te pleeg. Dit was die eerste keer dat dié tipe skakelaar gevind was. Met die ondersoek van die PM 9 battery deur vingerafdrukdeskundiges was daar duidelike vingerafdrukke op die battery gevind. Ongeveer ŉ jaar na dié voorval het ŉ beeswagter eendag in die noorde van Pretoria in die veld gestap toe hy vreemde stemme gehoor het wat uit ŉ gat onder die grond gekom het. Die beeswagter het die eienaar van die grond ontbied en drie persone was op die toneel gearresteer. Met die ondersoek van die gat in die grond was daar ŉ aantal wapens en plofstof in die gat gevind. Die drie persone het egter ontken dat hulle iets met die wapens en plofstof te doen gehad het. Volgens hulle was die goed daar toe hulle in die gat geklim het. Kaptein Fourie het die ondersoekbeampte wat die saak hanteer het, gekontak. Hy het hom in kennis gestel dat daar vingerafdrukke op die battery was wat hy bykans ŉ jaar tevore in Soweto by ŉ sabotasie toneel gevind het. Twee van die persone wat in die gat gevind was se

vingerafdrukke het ooreengestem met die vingerafdrukke wat op die PM 9 battery gevind was. Al drie die verdagtes was daarvan aangekla dat hulle verskeie dade van terrorisme gepleeg het, maar op dié aanklagtes het hulle onskuldig gepleit. Die verhoor het in die Hooggeregshof in Pretoria plaasgevind. Die verhoor het baie rustig verloop. Letterlik honderde getuies het in die saak getuig en die advokate vir die verdediging het nie ŉ enkele vraag aan die getuies gestel nie. Toe Fourie getuig, het regter Cur Lewis verskeie vrae aan hom gestel. Die verdediging het bly sit en geen enkele vraag aan Fourie gestel nie, selfs nie eers nadat hy getuig het dat hy die battery wat hy op die toneel in Soweto gekry het, vir die ontleding van vingerafdrukke gestuur het nie. Een van die Staat se laaste getuies was ŉ sersant van John Vorster Plein. Hy het getuig dat twee van die beskuldigdes wat voor die hof verskyn het se vingerafdrukke met die vingerafdrukke wat hy op die battery, wat hy van Fourie ontvang het, ooreengestem het. Die advokate vir die verdediging het toe heftig beswaar gemaak. Hulle verweer was dat alles wat gedurende die verhoor getuig was, waar kon gewees het, maar dat hulle kliënte geensins met die misdaad verbind kon word nie. Hulle het toe aansoek vir ŉ herverhoor gedoen maar die Regter het dit geweier. Al drie terroriste was skuldig bevind en tot die dood veroordeel. Die bestaan van die PM 9 battery het toe ook hulle ligte uitgedoof.
(Wietsche Fourie)

**Junie 1976.**
Gedurende die 1976 onluste was van ons dames na New Canada stasie ontplooi. Ons moes daagliks honderde aartappels skil, tamaties en uie sny en honderde brode vir die jong studente, wat onder opleiding en na Soweto ontplooi was, gesmeer het. Etes in massiewe driebeen potte was daagliks vir hulle voorberei. Ons was saans tot die dood toe moeg maar was altyd positief en gereed vir aksie. Ons het niks van die politieke situasie geweet nie; ons het net geweet dat ons die treine, die treindrywers en stasies teen aanvalle moes beskerm – en kom wat wil; dit is wat ons sou doen. Soms was dit goed om jonk en dom te wees want as ek vandag terugdink besef ek dat ek baie onnosel was. Ek moes dikwels voor by die treindrywer met ‘n R1 oor die skouer gery het. Kamma beskerm ek die arme siel – wonder as dit nodig sou word of ek my goed genoeg van my taak sou kon kwyt? Goddank was dit nie nodig nie! Snags het die “Veggeneraal”, brigadier Buitendag, ons groep dames teruggeneem Johannesburg toe. Gedurende hierdie tydperk het ons altyd met ‘n “*vanity*” tassie werk toe gegaan want ons het nooit geweet wanneer ons huis toe sal gaan nie. Almal van ons was baie dankbaar toe hierdie tydperk verby was.
(Annatjie Denysschen)

**Langlaagte Brandstof Depot**
Op Dinsdag 21 Augustus 1984 was ek die Speuroffisier te Johannesburg toe ek per radio na die Langlaagte rangeerwerf ontbied was. Met my aankoms aldaar het ek vir luitenant kolonel Dennis Keyter en Charles Channing op die toneel aangetref. Hulle het verduidelik dat daar ‘n Limpet kleefmyn aan ŉ brandstoftenker gevind was. Kolonel Keyter het die kleefmyn met behulp van ŉ tou van die tenker verwyder en tot op ŉ oop stuk veld gesleep waar dit veilig sou wees om onskadelik gestel te word. Ek wou toe by hulle weet waarom hulle nie die kleefmyn deur middel van ŉ beheerde detonasie onskadelik gestel het nie, waarop kolonel Keyter geantwoord het dat hy nie sy bomtoerusting by hom gehad het nie.
My bomtoerusting was deurentyd in my amptelike motor en omdat ek dikwels plofstof lesings aan die personeel van die Spoorweë gegee het om hulle van die toestelle wat deur die terroriste gebruik word bewus te maak, wou ek baie graag ŉ kleefmyn bekom wat ek skadeloos kon stel en vir demonstrasie doeleindes kon gebruik. Dit sou beteken dat ek die ontstekingsmeganisme van ŉ kleefmyn met my hande moes verwyder ten einde die kleefmyn te kon bekom. Ek het die moontlikheid aan kolonel Keyter voorgestel waarop hy gedreig het dat hy my aan die Kommissaris sou rapporteer indien ek dit sou waag om die ontsteker met my hande te verwyder. Omdat die kleefmyn van die tenker afgeruk en rondgesleep was, was die moontlikheid groot dat dit enige tyd kon ontplof. Ek het egter die kleefmyn deur middel van ŉ beheerde detonasie onskadelik gestel. Die polisie ŉ tweede kleefmyn aan ŉ brandstoftenker ontdek pas nadat die eerste kleefmyn onskadelik gestel was. Alvorens ek enige instruksies

kon gee rakende die hantering van die kleefmyn, het ek net ŉ stofstreep gesien soos wat ŉ lid die kleefmyn na ŉ oop stuk veld gesleep het. Aangesien kolonel Keyter en Channing bewus was van my voorneme om ŉ kleefmyn te bekom, het hulle op ŉ afstand van my gestaan en gil dat ek die kleefmyn met Pentoliet onskadelik moes stel; wat ek ook toe gedoen het. Die volgende oomblik het een van die rangeerders baie benoud geroep dat hulle nog ŉ kleefmyn aan ŉ brandstoftenker opgemerk het. Ek het my na die tenker gehaas en opdrag aan die omstanders gegee om onmiddellik vanaf die toneel pad te gee waarna ek die kleefmyn van die tenker afgetrek en dit ŉ veilige afstand van die tenker af gesleep het. Binne sekondes het ek die ontstekingsmeganisme met my hand losgedraai en die springdoppie uit die meganisme verwyder. Met die een hand het ek die kleefmyn opgetel en dit skouerhoogte gehou terwyl ek die ontsteker en die springdoppie in my ander hand, ook skouerhoogte, vasgehou het. Op daardie stadium het ŉ polisiefotograaf ŉ foto van my geneem; dit het gelyk soos iemand wat probeer om met die kleefmyn te vlieg. Dieselfde middag het die Kommissaris, generaal Hannes Visagie, my na sy kantoor ontbied. Iemand het my blykbaar gerapporteer dat ek nie ŉ voorbeeld vir die ander lede was met betrekking tot die hantering van ploftoestelle nie. Die Kommissaris se kommentaar was: "Ek weet al lank al dat Fourie bedonderd in sy kop is, vir wat kom vertel julle dit weer vir my?" Ek het die laaste kleefmyn onskadelik gestel en het dit toe dikwels daarna as ŉ model tydens plofstof lesings gebruik.
(Wietsche Fourie)

**Wes Transvaal Hoofkantoor (Anchor Life Gebou)**
Die kantore van die Bevelvoerende Offisier, Wes Transvaal streek, was in die *Anchor Life* gebou op die hoek van Plein- en Lovedaystraat in Johannesburg geleë. Dit was vier uur Vrydagmiddag, 24 Augustus 1984, en die personeel wat in dié gebou werksaam was, het die gebou stelselmatig verlaat nadat hulle van diens gerapporteer het. Die enigste lede wat in die gebou agtergebly het, was die lede wat by Radiobeheer op die vyfde vloer aan diens was. Majoor Wietsche Fourie en kaptein Faantjie Olivier was onderweg na hulle onderskeie wonings toe Wietsche Fourie ŉ radioberig ontvang het dat daar twee kleefmyne voor die deur van Radiobeheer gevind was. Hy was egter nie die plofstof lid op steundiens nie, maar was versoek om aandag aan die saak te gee. Dit was spitsverkeer toe hy en Olivier na die gebou in Johannesburg teruggejaag het. Aangesien Radiobeheer op die vyfde verdieping was, en dit onmoontlik was om die kleefmyne na buite te sleep, het Olivier gevra hoe hulle die twee myne, wat bo-op mekaar binne-in ŉ banksak was, met die waterkanon onskadelik kon stel. Hulle kon nie die banksak met die myne by die venster uitgooi nie aangesien iemand daardeur gedood of beseer kon word. Die regsimplikasies was net te groot om die moontlikheid te oorweeg. Fourie het aan Olivier genoem dat hy reeds in die week ŉ kleefmyn se oor gedraai het; bedoelende dat hy die ontstekingsmeganisme met sy hand uit die kleefmyn verwyder het en dat dit nou Olivier se beurt was om dit te doen. Hiervan wou die "Sementmannetjie" (Olivier) niks weet nie. Met hul aankoms te Lovedaystraat was dit net blou ligte en polisievoertuie so ver soos wat hul oë kon sien. Om ongeveer half ses dieselfde dag het ŉ ander lid van die S.A.Spoorwegpolisie Radiobeheer in die Anchor Life gebou vir kolonel Keyter by die huis gekontak met die woorde: "Kolonel, hier is groot k*k!" Hy het gerapporteer dat iemand twee kleefmyne in ŉ banksak versteek het en dat die sak voor die deur van Radiobeheer geplaas was. Kolonel Keyter se kantoor was langs dié van Radiobeheer en in sy kantoor was ŉ leersak waarin sy bomuitrusting gehou was. Hy het toe die lid opdrag gegee om sy kantoor se deur af te skop, die leersak oop te sny, die banksak met die kleefmyne daarin met die tou vas te maak, en dit weg van die kantoor te sleep. Die lid het baie benoud geantwoord dat hy nie daarvoor kans gesien het nie. Terwyl kolonel Keyter nog met die lid gepraat het, het dit ewe skielik doodstil geraak. Hy het onmiddellik die Verkeersdepartement geskakel wat net oorkant die straat van die *Achor Life* gebou geleë was, en die lid wat die telefoon beantwoord het, het vir hom geskreeu: "Iemand het ŉ kleefmyn in die Radiobeheer gegooi; dit het ontplof en jou Radiobeheer lê nou in Pleinstraat." Kolonel Keyter was in Springs woonagtig en die amptelike voertuig wat hy gebruik het, was ŉ Datsun motor. Hy het teen ŉ hoë spoed na Johannesburg gejaag en, toe hy by Elandsfontein gekom het, was die Datsun se enjin baie warm. Nou moes daar eers water gesoek word en die minute het haastig

verby getik. Met sy aankoms te Johannesburg was die strate af gekordon. Brigadier Gert Erasmus, Afdelingskommissaris van die S.A Polisie, was toe reeds op die toneel. Al die kantore op die vyfde verdieping was verwoes. Die ontploffing het die deure van die hysbakke oopgeruk en die lugslag het op en af in die skag van die hysbakke beweeg en 'n groot aantal kantore op die vierde en sesde verdieping beskadig. Sersant J.W. Swanepoel, Konstabel W.J. Strydom en Konstabel P.J. Kunneke was dié betrokke dag in Radiobeheer aan diens. Na 'n tyd het kolonel Keyter vir konstabel Strydom in die hande gekry en wou weet of hulle beseer was. "Kolonel, ek kan jou nie hoor nie, wat sê jy?", was al reaksie wat hy van Strydom gekry het.

Op 29 April 1998 het die volgende persone voor die Waarheid- en Versoeningskommisie verskyn en aansoek vir amnestie gedoen vir hulle aandeel in die voorval. *"Attack on the offices of the Railway police and Directorates of Coloured and Indian Affairs, Johannesburg. Mr. Aboobaker Ismail states that this operation took place under his command and Mr. Mohammed I. Shaik is claiming responsibility for having placed a limpet mine at the Railway Police Headquarters on the corner of Plein and Harrison Streets in Johannesburg, on August 24, 1984. Five people were injured, including a number of Railway policemen. According to Mr. Ismail, among the railway policemen injured were: Sergeant J.W. Swanepoel, Constable W.J. Strydom and Constable P.J. Kunneke."*

(Wietsche Fourie, Dennis Keyter en Gerrit Valentine)

**29 April 1998**

**STATEMENT ON HEARING OF 10 MEMBERS OF UMKHONTO we SIZWE**

**Issued by: Truth and Reconciliation Commission**

*Amnesty applications from 10 members of the Special Operations Unit of Umkhonto we Sizwe, covering high-profile bombings in Gauteng and the Free State between 1980 and 1988, will be heard in Pretoria from May 4,1998. Different applicants have applied for amnesty for various of the attacks, including those on the Sasol oil refineries, the Voortrekkerhoogte Military Base, SA Air Force Headquarters in Church Street, Pretoria, Wits Command, the Krugersdorp Magistrate's Court and police station and other government offices and police stations. More than 20 people were killed in the attacks, and more than 350 injured. In terms of the Promotion of National Unity and Reconciliation Act, victims are entitled to attend hearings, to testify and to adduce evidence at amnesty hearings. The hearings are due to last three weeks. Other applications relating to MK Special Operations Unit attacks, particularly those in KwaZulu-Natal, will be heard later in the province. Those to be heard from next week concern the following:*

***1. Attack on Sasol 1, 2 and Natref Oil Refineries***

*Three applicants have applied for amnesty for limpet mine attacks on the three oil refineries on June 1 and 2, 1980 in Sasolburg and Secunda. They are Mr. Aboobaker Ismail , Mr. David Moisi and Mr. Velaphi S.F. Msane. The applicants claim they were members of the Special Operations Unit of Umkhonto we Sizwe and members of the African National Congress (A.N.C.) at the relevant time. They state that one person sustained injuries in this incident - the security guard of the Natref Oil Refinery in Sasolburg. It was established, through the relevant documentation, that the injured person was a Mr. Robert Nthembalazeni, who was shot in his left shoulder.*

***2. Attack on the Voortrekkerhoogte Military Base***

*Two people have applied for amnesty, namely Mr. Aboobaker Ismail and Mr. Johannes Molefe.Mr. Ismail states that that he was the Commissar of Special Operations and Mr. Molefe was a member of Special Operations, who participated in the attack on August 12, 1981. One of the applicants was able to furnish the names of the victims, Ms Elsie Sekana and Mr. Zahed Patel. During the attack, five 122 mm Russian rockets were fired from an open space situated between plot 240 Mooiplaas, Erasmia, and Laudium at or about 8.30 pm.*

***3. Bombing of the SAAF HQ, Church Street, Pretoria***

*Three people have applied for amnesty, namely Mr. Aboobaker Ismail, Ms Helena Pastoors and Mr. Johannes Molefe. Mr. Ismail was still the Commissar of Special Operations and the attack occurred under his command. Mr. Johannes Molefe was involved in the unit, which*

*planned this attack. Ms. Pastoors was ordered to drive a vehicle containing explosives to a prearranged place in Pretoria, which was to be picked up by other operatives for the attack. It is alleged that this occurred a day before the bombing, on May 19, 1983. The two cadres who carried out the attack were blown up in the blast. Nineteen other people were killed: Commandant I. J. Henning, Flight Sgt. J.J. Ras, Cpl. A. Nel, Amn. W.L. Kirtley, Lt. M. van Jaarsveld, Col. Stefanus S. Walters, Capt. Riaan Hendrick Liebenburg, Commandant Johan de Villiers, Mr. Thomo Jonas Mohlahlo, Mr. Lengoi Moses Maimela, Mr. Sekgoetsi Jim Magatsela, Mr. Mogale Judas Maimela, Ms Sharon Desiree Bos, Ms A Meiring, Mr. Joseph Keane Sambo, Mr. Pedros Ntemo Khohlwe, Ms Sharon de la Harpe, Mr. Stephen John Page and Ms Adriana Meyer. In addition, 217 people were injured.*

***4. Attack on the Ciskei Consulate, Carlton Centre, Johannesburg***

*Mr. Aboobaker Ismail, Mr. Mohammed Iqbal Shaik and Mr. Mohammed Abdullah Ismail have applied for amnesty. Mr. Aboobaker Ismail states that this operation was carried out by members of MK under his command. The other two applicants were involved in the placing of the limpet mine at the Ciskei Consulate on August 26, 1983.*

***5. Attack on the Department of Co-operation and Development, Johannesburg***

*The applicants are Mr. A. Ismail and Mr. Mohammed I Shaik. Mr. Ismail states that the attack was carried out under his command. Mr. Shaik used material supplied to him by his commander and states that he acted alone. A security guard was injured in this incident but neither of the amnesty applicants has been able to provide the person's name. A limpet mine was placed on December 7, 1983, at the Department of Co-operation and Development offices in Marshalltown, in Johannesburg.*

***6. Explosion at the Department of Foreign Affairs, Market Street, Johannesburg***

*Mr. A. Ismail and Mr. M.I. Shaik have applied for amnesty, Mr. Ismail as a commander and Mr. Shaik for placing a limpet mine at the offices of the Department of Foreign Affairs, Rissik Street, Johannesburg, on December 15, 1983. Seven people were injured in the attack, among them Mr. Piet Tlou of Diepkloof, Mr. George Lekwawathe of Molapo, Mrs. Gertrude Tshabalala of White City, Mr. Molefe Madonsela of Market Street and Mrs. Tilda Mphangoma of Soweto. These names were provided by Mr. Ismail.*

***7. Attack on the SAP Soweto East Branch, Roodepoort City Center***

*Mr. Aboobaker Ismail, the overall Commander of the Special Operations Group at the time, has applied for amnesty for placing a limpet mine on August 17, 1984, at the City Center building in Roodepoort, which housed the offices of the SAP District Commandant for Soweto East and the Department of Community Development. The explosion injured five policemen, including the SAP Commandant for Soweto East, and two civilians. The applicant states that the following people were injured: Col. Ben van der Berg, Captain G. van Zyl Jonker, Warrant Officer J.J. Botha, Sergeant T. I. Mmethi, Constable Isaac Moroke, Miss Annah Folosi and Miss Iris Lombard.*

***8. Attack on the offices of the Railway police and Directorates of Colored and Indian Affairs, Johannesburg. Mr. Aboobaker Ismail, states that this operation took place under his command, and Mr. Mohammed I. Shaik is claiming responsibility for having placed a limpet mine at the Railway Police Headquarters on the corner of Plein and Harrison Streets in Johannesburg, on August 24, 1984. Five people were injured, including a number of railway policemen. According to Mr. Ismail, among the railway policemen injured were: Sergeant J.W. Swanepoel, Constable W.J. Strydom and Constable P.J. Kunneke.***

***9. Attack on the Department of Internal Affairs, Harrison Street, Johannesburg***

*This application also involves Mr. A. Ismail, as commander, and Mr. M. Shaik. Mr. Shaik placed a limpet mine at the Department of Home Affairs in Harrison Street in Johannesburg on the September 3, 1984. Four people were injured. Mr. Ismail said one was Mr. Steven Schultz.*

***10. Attack on the Medical Command of the SADF, Nugget Hill, Hillbrow***

*This application also involves Mr. Aboobaker Ismail, as commander, and Mr. Mohammed Shaik, who states that he placed the limpet mine used in the attack. Seventeen people were injured, including four military personnel. No names have been supplied. On or about the May*

*28, 1985, a limpet mine was placed at the Transvaal Medical Command, which housed the Southern Transvaal Medical Command, in the Ned bank building in Nugget Hill, Hillbrow.*

***11. Attack on John Vorster Square, Johannesburg***

*Mr. A. Ismail is the only amnesty applicant for this attack. He states there were four victims in the attack: Captain P. van Heerden, Warrant Officer H. Vermeulen, Mr. George Papathanaspoules and Mr. A Theodopolos. The attack involved the placing of a limpet mine at John Vorster Square police station on March 4, 1986.*

***12. Attack on Wits Command, Johannesburg***

*Amnesty applications have been received from Mr. Johannes Molefe, who states that he was the Unit Commander of a small unit within Special Operations, Mr. Johannes Heinreich Grosskopf, and Mr. Colin Mark De Souza, who states that he was instructed to do reconnaissance work, and Mr. Aboobaker Ismail, the overall Commander of Special Operations. One soldier was killed and 68 people injured when a bomb in a vehicle exploded the corner of Quartz and De Villiers Streets in Johannesburg on July 30, 1987.*

***13. Attack on the Krugersdorp Magistrates Court and adjacent police station***

*The amnesty applicants are Mr. Aboobaker Ismail, who states he was the Chief of Ordnance and member of the military headquarters of MK at the relevant time, and Mr. Mohammed Shaik, who was responsible for placing a car bomb at the court on March 17, 1988. Three people died, two security personnel and one civilian, and 20 people were injured. Among those who died were Warrant Officer Simon Manyamalala and Frans Mdlalose. Those injured included Mrs. M.C. Goosen, Noelene Goosen, Mrs. A.J. Fouche, Mrs. J.M. van der Merwe, Mrs. A. Hartman, Mrs. Palm, Mr. Prinsloo, Mrs. Garnet-Bennet, Mrs. E. du Toit, Mrs. Odendal, Mrs. C.S. Kruger, Mrs. F. Swarts, Mrs. E.S. du Plessis, Mrs. M.C. Cloete, Mr. G.M.B. Swart, Mr. G.D. van Niekerk, Mrs. Emil Mirage and Mr. Wilson Cinde.*

**Die Magoo's Bar bom**

Toe die agbare en veel besproke Robert McBride, wat nou klippe in die dronkbestuur en dwarsboming van gereg sake kou, die kar bom voor die Magoo's Bar in Durban laat ontplof het, was ek die aand aan diens. Ons het na die toneel gehaas en dit was chaos toe ons daar opgedaag het. Omstanders het gegil en verbouereerd rondgehardloop. Tussen alles deur was stukke menslike liggaamsdele tussen die rommel en wrakstukke van die voertuig opgemerk. Dit het oor 'n groot gebied verspreid gelê. Ondersoek het aan die lig gebring dat die liggaamsdele dié van twee jong meisies was wat by die Magoo's gekuier het. Die toneel het my amper laat dink (met groot respek teenoor die families) aan 'n slagpale omdat daar so baie bloed was. Hierdie toneel sal my altyd bybly al word ek ook 'n honderd jaar oud. Die eienaar van die perseel was erg getraumatiseerd en geskok. Sy geskokte en verbaasde uitdrukking op sy gesig is nog glashelder in my gedagtes. Daardie tyd was daar nog nie 'n polis beskikbaar om jou eiendom teen onluste- en sabotasiedade te verseker nie. Ek moes hom die trappe opneem na sy suite wat bo-op die dak geleë was. Hy wou van sy persoonlike eiendom en, onder andere, sy vuurwapen gaan haal het.

Wyle adjudant offisier Johan Roets was dié betrokke aand in bevel van ons groep wat daar diens verrig het. Hy het my opdrag gegee om die vuurwapen by my te hou en nie aan die eienaar te oorhandig nie. Die toestand waarin die eienaar verkeer het, het hom bekommerd gemaak, en hy wou verhoed dat hy dalk selfmoord sou pleeg. Die kragtige bom het 'n gat van ongeveer 1.80m diep en omtrent 3.50m in deursnee, in die pad geruk. Dele van die voertuig waarin die bom was, was sowat 'n kilometer verder gevind; sommige daarvan was in Durban se publieke swembad gevind. So het ek 'n paar bomvoorvalle in daardie tydperk bygewoon. Die bekendste, of dalk berugste daarvan, behalwe die Magoo's bom, was die bomvoorval in die Sanlamsentrum te Port Shepstone waarin 'n paar mense ook gesterf het. Hierdie tonele is in jou onderbewussyn ingeëts. Dit is nie iets wat jy sommer so uit jou gedagte kan skuif nie.
(Johan Marais)

**Bom voorvalle Laeveld.**

Die eerste geval waar ek met werklike bomtoestelle te doen gekry het, was in die tagtiger jare by die brandstof opslagdepot te Hectorspruit. Ek was daarheen ontbied aangesien die

Veiligheidstak van die S.A. Polisie inligting ontvang het dat 'n aantal Limpet kleefmyne by die opslagplek geplant was. Ons het die gebied deursoek en al die myne, behalwe vir een, gevind. 'n Uniform offisier van Nelspruit het op die toneel opgedaag en was eintlik meer in ons pad as wat hy van hulp was. Hy was later versoek om die onmiddellike toneel te verlaat waarop hy langs 'n sink verf stoor gaan staan het. Terwyl hy vies langs die stoor gestaan het, het ek en die ander hondegeleider die vermiste kleefmyn langs hom teen die sinkstoor opgemerk. Ons het hom nader geroep en toe hy by ons kom, het ons die kleefmyn aan hom gewys. Hy het die toneel onmiddellik verlaat sonder dat hy 'n woord gesê het.
Adjudant offisier Roy Otto van die S.A. Polisie se Veiligheidstak op Komatipoort het die kleefmyn verwyder en onskadelik gestel. My tweede ervaring was by Waterval Onder waar die terroriste 'n koffieblik, wat met plastiese springstof gevul was, onder aan die brug vasgemaak het. Sersant Japie Smit, toe Posbevelvoerder te Kaapmuiden en ook 'n opgeleide springstof deskundige, was alreeds besig om die selfgemaakte bom onskadelik te stel toe ek daar aangekom het. Daar was papiere met slagspreuke daarop wat aan 'n trekskakelaar gekoppel was. As iemand die slagspreuke wou verwyder, sou dit die bom geaktiveer het.
(Pieter Swanepoel)

## INTERNASIONALE LUGHAWENS

### Die kerk as wegsteekplek

Een nag was daar by die Staatspakhuis te Jan Smuts-lughawe ingebreek. 'n Groot aantal gewere, handwapens, TV stelle, kassies met silwer kettings en ander goedere was gesteel. Ek was die ondersoekbeampte in die saak en was bygestaan deur die Posbevelvoerder, kolonel André Horak, en die speuroffisier, kaptein Andries Walton. Vroeg daardie oggend het die kommissaris, generaal J.J.J. van Vuuren, geskakel en opdrag gegee dat ons hom te alle tye met die vordering van die ondersoek op hoogte moes hou. Die Kommissaris wou met alle geweld die speurders van Johannesburg na die lughawe stuur om die ondersoek oor te neem. Ek en Eddie van Dyk het eendag die speurders van die S.A. Polisie op Kemptonpark gaan besoek en daar sien ek 'n aantal kassies met silwer kettings waarop hulle in 'n klopjag op beslag gelê het. Kolonel Horak en kaptein Walton het die bevel van die ondersoek oorgeneem. Daardie naweek het ek en 'n swart speurder-konstabel deur die hele Tembisa lokasie gery en alle leidrade het ons keer op keer teruggeneem na 'n kerk in Tembisa waar 'n spesifieke swart vrou die koster was. Ons het een spesifieke nag weer inligting ingewin en met die opvolg daarvan het die ondersoek ons weereens teruggeneem na dieselfde kerkgebou. Ons het talle vuurwapens en TV stelle gevind tydens die deursoeking van die kerk en die goedere was onder andere in die konsistorie, onder die preekstoel en onder die banke weggesteek. Meer as vyftig beskuldigdes was by die saak betrokke. Ek was betrokke met die opstel van die dossier wat 'n lywige een was. Al die beskuldigdes was skuldig bevind en gevonnis. Die prokureurs wat namens die beskuldigdes opgetree het, het een na die ander hulle verdediging gestaak aangesien die vuurwapenwet, waaronder die beskuldigdes aangekla was, hulle Moses was.
(Jan Vorster)

### Diefstal van Krugerrande.

Gedurende die jare 1970 - 1980 was lede van die S.A. Spoorwegpolisie te Jan Smuts-lughawe verantwoordelik vir die veilige begeleiding van groot besendings goud en Krugerrande per vliegtuig na verskeie lande oorsee. Vir hierdie doel was daar van goed opgeleide lede van die SASP gebruik gemaak wat ook dienste as anti - kapers op SAL se vlugte vervul het. In die laat sewentigs was 'n besending Krugerrande dan ook na New York-lughawe gestuur. Die begeleiers van dié betrokke besending was adjudant offisier Van Dyk en sersant Banie Buys. Net na die aankoms van die vliegtuig te New York-lughawe was ek in kennis gestel dat een kissie met Krugerrande met aankoms te New York-lughawe kort ontvang was. Ek was op daardie stadium die Posbevelvoerder op die lughawe. Die berig het koue rillings langs my ruggraat afgestuur aangesien dit die eerste keer in die geskiedenis van die SASP was dat so 'n waardevolle besending kort ontvang was. Ek het gesê dat dit

onmoontlik was dat die besending kort vanaf Jan Smuts-lughawe gestuur kon gewees het. Die prosedure by die besending van waardevolle vrag was die volgende :
Lede wat die begeleiding doen, gaan die besending saam met die personeel van S.A. Lugdiens na, waarna hulle vir die aantal houers teken. Hulle begelei dan die besending na die betrokke vliegtuig waarin dit gelaai gaan word. Sodra die besending in die vragruim gelaai is en die deure daarvan gesluit is, het die lede na die trappies van die vliegtuig beweeg waar hulle aan boord van die vliegtuig gegaan het. Ek was oortuig daarvan dat die kissie met die Krugerrande op New York-lughawe gesteel was omdat, met die aankoms van die SAL vliegtuig te New York-lughawe, was die lede wat die begeleiding gedoen het nie toegelaat om na die laaiblad, waar die besending reeds uit die vragruim van die vliegtuig gelaai was, te gaan nie. Hulle moes eers deur Paspoortbeheer en Doeane gegaan het alvorens hulle na die laaiblad kon beweeg het. Op daardie stadium was die besending dus reeds uit die vliegtuig gelaai en op die bagasiewa gesit vir vervoer na die kluis waar dit bewaar sou word.
Die lede het daarna die besending saam met die New Yorkse polisie na die kluis begelei waar die besending nagesien was. Tydens die kontrole van die besending was daar toe gevind dat een kissie met Krugerrande kort was.
Ek het na New York gevlieg waar ek by die FBI vir die ondersoek aangesluit het. Dit was duidelik dat die kissie Krugerrande nie op Jan Smuts-lughawe kort gelaai was nie, maar dat dit gesteel was voordat die besending op die laaiblad beland het. Die ondersoek van die saak op Jan Smuts-lughawe was deur myself en adjudant offisier Van Dyk behartig. Op ŉ gegewe dag het adjudant offisier Herman Buckingham, wat ook op die lughawe werksaam was, my meegedeel dat hy inligting ontvang het dat ŉ dame wat by een van die privaat karweiers werksaam was, daagliks met ŉ plastiese *Checkers* sak vol R10-note by die werk opgedaag het. Op ŉ vraag van haar kollegas waar sy al die geld gekry het, het sy gesê dat sy dit by haar vriend gekry het wat as ŉ tegnikus in die tegniese afdeling van SAL op die lughawe werksaam was. Ek het die tegnikus na my kantoor ontbied waar hy deeglik ondervra was rakende die geld wat hy aan sy vriendin gegee het. Hy het uiteindelik drie verskillende verduidelikings gegee. Al hierdie verduidelikings was egter leuens. Om die waarheid uit hom te probeer kry was daar besluit dat hy vir een nag in die selle by Germiston toegesluit sou word. Die volgende dag het die verdagte weer teruggeval op sy verduidelikings van die vorige dag. Dit was toe ek opdrag gegee het dat sy vriendin na my kantoor moes kom. Sy het haar vriend se stories, wat hy aan die ondersoekspan vertel het, beaam. Uit die ondervraging was dit duidelik dat sy ook gelieg het en wel geweet het wat die oorsprong van die geld was. Die verdagte en sy vriendin was toe meegedeel dat hy sou teruggaan na die selle by Germiston en dat sy vriendin die nag in die selle in Kemptonpark aangehou sou word. Die verdagte het byna ŉ hartaanval gekry toe hy verneem het dat sy vriendin ook in die selle aangehou sou word. Hierna het hy gesoebat dat sy vriendin nie opgesluit moes word nie en dat hy die waarheid sou praat.
Hy het die ondersoekbeampte meegedeel dat hy besig was om die seildoek van een van SAL se vliegtuie in die vragruim te vervang toe hy op die swart kissie afgekom het wat agter die seildoek versteek was. Hy was aanvanklik onder die indruk dat die kissie ammunisie bevat het en hy het die kissie agter die seildoek verwyder, dit in sy oorpak toegedraai, agterop sy fiets gesit en na sy woonstel geneem. Met aankoms by sy woonstel het hy die kissie oopgemaak en gevind dat die inhoud daarvan inderwaarheid Krugerrande was. Hy het die Krugerrande stelselmatig begin verkoop en die kontantgeld dan vir sy vriendin gegee om dit vir hom te bank. Met die deursoeking van sy woonstel was daar nog ŉ aantal Krugerrande gevind. Vir een of ander rede het ek die luidspreker van sy *Hi Fi* radio opgetel en gevoel dat die luidspreker besonder swaar was. Die luidspreker was toe oopgemaak en ŉ groot aantal Krugerrande was daarin gevind. Met die geld wat hy met die verkoop van die Krugerrande ontvang het, het hy vir hom ŉ Mercedes Benz motor gekoop. Daar was toe op die motor beslag gelê. Baie van die vermiste Krugerrande was opgespoor nadat die beskuldigde die persone aan wie hy dit verkoop het aan die ondersoekspan uitgewys het. Na die ondersoek was hy aangekla en het hy in die Hooggeregshof in Pretoria verskyn waar hy aan diefstal van die Krugerrande skuldig bevind was.

Na afloop van die saak het ek verdere samesprekings met die FBI gevoer en hulle het my meegedeel dat hulle 'n vorige saak gehad het waar 'n kissie met goud ook gesteel was. Hulle ondersoek het aan die lig gebring dat 'n kissie met goud tydens die uitlaai van die besending gesteel was en later agter die seildoek van 'n ander vliegtuig versteek was. Die naam en besonderhede van die vliegtuig waarin die kissie versteek was, was dan neergeskryf en wanneer die storm rondom die vermiste besending gaan lê het, was die versteekte kissie uit die vliegtuig verwyder sodra die vliegtuig weer in New York geland het. Dan word die kissie verwyder en by die lughawe uitgesmokkel. In hierdie geval het die vraghanteerders in New York dieselfde *modus operandi* gevolg. Hulle het die kissie met die Krugerrande wat gesteel was in 'n ander SAL vliegtuig, wat op daardie stadium op die laaiblad gestaan het, gaan versteek met die doel om dit te verwyder wanneer die vliegtuig weer by New York sou aandoen.
Die vliegtuig van SAL wat die oorspronklike besending na New York vervoer het, was met sy aankoms te Jan Smuts-lughawe deeglik ondersoek. Ongelukkig vir die diewe in New York was die vliegtuig waarin hulle die kissie versteek het, met sy terugkeer na Jan Smuts-lughawe geskeduleer vir reparasies en die vervang van die seildoek; dit is waarom die tegnikus op Jan Smuts-lughawe op die kissie afgekom het. Hy het sy kanse waargeneem en dit uitgesmokkel. As die diewe die kissie in die vliegtuig wat dit aanvanklik na New York vervoer het, versteek het, sou die ondersoekspan dit met aankoms te Jan Smuts-lughawe opgespoor het.
(Lt. Genl. André Horak)

***International Assosiaction of Airport and Seaport Police***

Die S.A. Spoorwegpolisie het in 1970 lid van die *International Association of Airport and Seaport Police* geword. Ek en luitenant kolonel Roelf van Heerden het die eerste kongres van die IAASP in Miami bygewoon. Die doel van hierdie internasionale organisasie was om misdaad en veiligheid op lug- en seehawens te koördineer en om kontakte in offisiersgeledere wêreldwyd te bewerkstellig. Daar was in 1970 reeds ongeveer 60 lande wat deel uitgemaak het van dié organisasie. Daarna het ek die jaarlikse kongresse eers as kolonel, en later as brigadier, saam met die dienende Kommissaris van die S.A. Spoorwegpolisie bygewoon. Die eerste kongres was deur luitenant generaal J.J.J. van Vuuren bygewoon, gevolg deur luitenant generaal J.H Claassen en toe later deur luitenant generaal H.J Visagie. Laasgenoemde was dan ook die laaste Kommissaris van die S.A. Spoorwegpolisie. Elkeen van die Kommissarisse, asook myself, het op die Raad van Direkteure van die IAASP gedien wat kongresse te Miami, Seattle, Vancouver, Montreal, New York, Washington, Maryland, Bermuda, Ciprus, Taiwan en Hong Kong bygewoon het. Lidmaatskap tot die organisasie het tot gevolg gehad dat ek, wat toe die Posbevelvoerder te Jan Smuts-lughawe was, ook die Bevelvoerder van die anti-kapers eenheid was. Baie belangrike kontakte kon met offisiere van ander lande, waarheen SA Lugdiens vlugte onderneem het, opgebou word. Die samewerking met die buitelandse offisiere het my taak, wat Staatspresidente B.J Vorster, P.W Botha en verskeie kabinetministers op buitelandse reise vergesel het, baie vergemaklik. Ek en my span was vir die veiligheid van die BBP's op die buitelandse lughawens asook die vlug veiligheid van die vliegtuie verantwoordelik. Verskeie van die buitelandse offisiere was ook per geleentheid na Suid Afrika uitgenooi om besoek aan die lug- en seehawens in Suid Afrika te bring. Hierdie wedersydse besoeke het sterk kameraderie en vertroue tussen die lede van die S.A. Spoorwegpolisie en polisiemagte van oor die wêreld heen tot gevolg gehad. Wat die lidmaatskap van die Spoorwegpolisie se offisiere tot die IAASP so besonders gemaak het, was dat die offisiere van die SASP tot die Raad van Direkteure van die organisasie verkies was, terwyl Suid Afrika in daardie stadium as die muishond van die wêreld beskou was.
(Lt. Genl. André Horak)

**Die bagasiedief en die vuurwapens**

Nadat die anti-kapers se dienste opgehef was, was ek belas met die ondersoek van bagasie diefstalle wat te Jan Smuts-lughawe plaasgevind het. Met die ondersoek van een van dié sake het ek alle moontlike leidrade opgevolg, dog sonder enige sukses. Een oggend terwyl ek en my kollega, adjudant offisier Eddie van Dyk, ons toebroodjies geniet het, het ek aan

Eddie gesê dat hy dadelik moes kom, want ek was vas van plan om die blikskottel daardie dag vas te trek. Eddie wou eers klaar eet en nog sy tee drink, maar ek het hom oorreed om dit te los en saam met my te gaan. Talle passasiers het in die aankomste saal aangeland en ek het posisie gaan inneem by die deure van die aankomste saal, terwyl Eddie by die toilette stelling gaan inneem het. Ons het die passasiers onder observasie gehou soos wat hulle na die vervoerband beweeg het om hulle bagasie te ontvang. Daar was baie passasiers en die volgende oomblik het Eddie net eenvoudig verdwyn. Toe ek omkyk was daar twee passasiers wat gekla het dat hulle bagasie nie op die band was nie. Ek het hulle versoek om my na die speurderskantore te vergesel en, onderweg na die kantoor, het ek vir Eddie raakgeloop terwyl hy met ŉ blanke man, met 'n klomp bagasie op ŉ trollie, iewers heen onderweg was. Eddie het ŉ blou oog gehad wat hy nie vroeër gehad het nie.
Hy het die verdagte in die aankomste saal opgemerk en hom agtervolg tot waar hy agter ŉ motor in die parkeerarea gaan wegkruip het. Net toe Eddie om die draai kom, het die verdagte ŉ vuurwapen op Eddie gerig. ŉ Gestoeiery het onstaan tussen Eddie en die verdagte en in die proses het die verdagte hom met die vuis op die oog geslaan. Die beskuldigde, ene mnr. Van den Berg, was gearresteer en was na die speurderskantore vir ondervraging geneem. Onder leiding van kaptein Andries Walton het ons na die beskuldigde se huis in Randfontein gegaan. Met die deursoeking van sy huis het ons op talle reistasse, klerasie, toiletsakkies ens. beslag gelê. Van den Berg het die bagasie gesteel en na sy huis geneem waar sy vrou die klere gewas en alle identiteitsmerke op die klere verwyder het. Daarna het hulle die gesteelde items aan swart mynwerkers verkoop.
Een passasier het ook twee vuurwapens as gesteel aangemeld. Die beskuldigde was ook met dié misdaad verbind. Hy het beweer dat hy die vuurwapens in die Donaldson dam, tussen Randfontein en Westonaria, gegooi het. Ek en Eddie het die dam met 'n kano ingevaar en dit het maar wankelrig gegaan want ons was nie gesout in die kuns van kano roei nie. Ons kon skaars ons geluk glo nadat ek die vuurwapen in die water opgespoor het. Dit was voorwaar ŉ gelukskoot soos min. Die wapen was al rooi van die roes. Ons kon die ander vuurwapen nie opspoor nie. Later het ons verneem dat die ander vuurwapen nooit in die dam gegooi was nie, maar wel deur sy vrou versteek was. Die beskuldigde was tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnis. Na ŉ ruk het die beskuldigde uit die tronk ontsnap en moes ek en Eddie weer na hom gaan soek het. Ek het ŉ vermoede gehad waar hy sou skuil. Ek en Eddie het in die pad geval oppad na Donaldson dam toe. Met ons aankoms by die dam het ons ŉ karavaan opgemerk wat by ŉ staanplek geparkeer was. ŉ Mans persoon het net mooi op daardie tydstip met ŉ handdoek om sy nek na die ablusieblok gestap. Ons die beskuldigde dadelik herken. Ons het intussen ook berigte ontvang dat Van den Berg aan almal wat wou luister, verkondig het dat hy vir my en Eddie sou doodskiet. Nadat hy by die ablusieblok ingestap het, het ek en Eddie ŉ rukkie gewag totdat ons gehoor het dat hy die stortkrane oopgedraai het. Van den Berg het uit volle bors onder die stort gesing. Ons het meteens die verdagte bestorm en ek het die *.38 Special* tussen sy oë vasgedruk. Ons wou geen kanse waag nie want hy het immers gedreig dat hy ons wou doodskiet. Ons het hom weer in hegtenis geneem en hy het sy vonnis uitgedien. Terwyl hy in die tronk was, het sy vrou ŉ verhouding met ŉ ander man aangeknoop. Dié man het die ander vuurwapen by haar oorgeneem en in sy besit gehou. Terwyl die verhouding aan die gang was, het sy weer ŉ verhouding met ŉ ander man aangegaan. Haar *lover* het dit te hore gekom en haar, met die gesteelde vuurwapen wat sy aanvanklik weggesteek het, doodgeskiet.
(Jan Vorster)

**Rooftog by Jan Smuts-lughawe**
ŉ Bende bestaande uit vier rowers, het gedurende November 1968, by Jan Smuts-lughawe op twee werknemers van die *Air Travel Maatskappy* toegeslaan. Hulle het die werknemers met ŉ rekverband vasgebind, gemuilband en van R6529-00 beroof. Hulle het geen leidrade op die toneel agtergelaat nie. Goeie speurwerk het daartoe gelei dat die rowers drie dae later deur die ondersoekbeampte, kaptein Eddie van Eeden en sy span speurders, sersant Robbie Robberts, konstabels Andries du Plessis en Jan Mokwena in Mayfair, Johannesburg vasgetrek is. ŉ Speelgoed rewolwer wat vermoedelik in die rooftog gebruik was, was by hulle

gevind. Die bedrag van R496-00 was teruggevind, terwyl hulle met die res van die buit klere gekoop het. Van die geld was ook gebruik om meisies na nagklubs te neem.
(Hennie Slabbert – Vaderland 21/11/1968)

## LUGDIENSVEILIGHEID

**My tydperk as anti - kaper.**
Aan die einde van 1969 was ek en ŉ aantal lede opdrag gegee om by die opleidingskollege te Esselenpark aan te meld. Daar aangekom het die Kommissaris, generaal majoor J.J.J. van Vuuren, ons ingelig dat ons keuring sou moes deurloop ten einde as anti-kapers op SAL se vliegtuie diens te kon doen. Dertien van ons was gekeur om die intensiewe opleiding te ondergaan na afloop van al die toetse. Die opleiding het, bo en behalwe die wetsaspekte, ook skietkuns en selfverdediging ingesluit. Vir die doel van die vuurwapenopleiding en selfverdediging was Joe Grant Grierson, wat ŉ spesialis in die twee gebiede was, van buite die Mag in diens geneem. Na afloop van die opleiding was ons in groepe ingedeel om dienste op alle SAL vlugte wat na die buiteland gevlieg het, te verrig.
My twee spanmaats was sersant Herman Buckingham en adjudant offisier Harry van der Linde. Ons eerste vlug was na Engeland. Daarna het ons vlugte onderneem na Madrid, Portugal, Parys, Hong Kong, Las Palmas, New York, Nederland, Gaboen Bon, en vele meer. Ek was ook bevoorreg om Staatspresidente John Vorster en P.W Botha, ministers Pik Botha, Hendrik Schoeman en buitelandse ministers soos Banda Nserewa, saam met kolonel André Horak, adjudant offisier Jan Kilian en sersant Brancken op vlugte na die buiteland te vergesel om beskerming te verleen. Wanneer ons nie gevlieg het nie, moes ons as speurders plaaslike sake op Jan Smuts-lughawe ondersoek. Die speuroffisier was kaptein Andries Walton en die speur-adjudant offisier was Daisy van Dyk. Soms moes ek vir Van Dyk aflos en die ondervinding wat ek as speurder in die Noord Kaap opgedoen het, het goed te pas gekom. Nadat die dienste van die anti-kapers opgehef was, het ek op die lughawe aangebly en was toe verantwoordelik, saam met ŉ aantal lede, om goudstawe, munte en platina na Frankfort, Zürich, Hong Kong en Taiwan te begelei.
Ek sou as ŉ gewone polisiebeampte nooit die geleentheid gehad het om die buiteland te besoek nie en ek vermoed dat ek vir luitenant André Horak, met wie ek op Klerksdorp saam gewerk het, hiervoor moet bedank. Sou die geleentheid nie op my pad gekom het nie, sou ek waarskynlik as polisieman op Klerksdorp bedank het omdat ek en luitenant De Vos nie goed oor die weg gekom het. Terwyl ek diens in Rome verrig het, het ek opdrag gekry om na Jan Smuts-lughawe terug te keer waar ek deur kaptein Andries Walton, met sy hoed in sy hand, ingewag was. Ek het geskrik want beide my moeder en my vrou was nie gesond gewees op daardie stadium nie en ek was besorg dat daar moontlik iets met een van hulle kon gebeur het. Ek was na kolonel Klopper geneem en hy het my voorts ingelig dat die Kommissaris, generaal majoor Marius van Vuuren, my wou spreek. “Nou wat de hel het ek aangevang dat die Kommissaris my wil sien?”, het ek so in my stilligheid gewonder. Die Kommissaris wou met my aankoms by sy kantoor by my weet hoe gou my vrou ŉ ander koffer kon pak, want hy wou my vir ŉ ruk Nederland toe gestuur het. Ek het half verward vir vroulief geskakel met die nuus – en dit terwyl sy nog onder die indruk verkeer het dat ek nog in Rome was. Daardie selfde aand nog het ek Nederland toe gevlieg om my drie maande lange diens aldaar te begin. Generaal Marius van Vuuren en sy vrou het mettertyd by my in Nederland aangesluit. Ek moes intussen onder andere onderhoude reël tussen generaal van Vuuren en majoor Gerritsen, Bevelvoerder van die *Reikas en Volkspolisie*, by Schipol-lughawe. Verder was ek getaak om die veiligheidstandaarde by Schipol-lughawe te monitor en met my terugkoms te Jan Smuts-lughawe moes ek aan majoor Phillip Delport verslag gedoen het. Die tydperk in Nederland was vir my ŉ besondere voorreg en ondervinding. Maar vir my was die grootste van alles, die vertroue wat die Kommissaris en die offisiere in my gestel het.
(Jan Vorster)

**Eerste vliegtuig kaping.**

My eerste ondervinding as anti - kaper het gekom tydens die kaping van ŉ SAL Boeing wat vanaf Salisbury na Johannesburg onderweg was toe dit om ongeveer twee uur die middag in die lug bokant die grens tussen Suid Afrika en Rhodesië (Zimbabwe) gekaap was. Een van die kapers het die vlieënier met ŉ vuurwapen gedreig en geëis dat die vliegtuig moes omdraai en na die Seychelle, vanwaar hulle opgestyg het, moes terugkeer. Die owerhede in die Seychelle het geweier dat die vliegtuig op hulle grondgebied kon land, met die gevolg dat die vliegtuig na Malawi moes uitwyk. Ek en sersant Langenhoven het opdrag gekry om na Bulawayo te vlieg aangesien die aanvanklike inligting daarop gedui het dat die vliegtuig daar sou land. Die vliegtuig het egter nie daar geland nie en ons moes inderhaas na Jan Smuts-lughawe terugkeer.

Generaal Marius van Vuuren, majoor Phillip Delport, en ŉ klompie anti-kapers het na Malawi vertrek en nadat ons daar aangekom het, het ek, Langenhoven, Lou Hattingh, Dok Malan en majoor Phillip Delport onder die vliegtuig stelling ingeneem in afwagting op die opdrag om die vliegtuig te bestorm. Die vlugkaptein van die vliegtuig, kaptein Flemming, het, met behulp van ŉ aantal doeke wat hy aanmekaar geknoop het, daarin geslaag om deur die venster van die kajuit te ontsnap. Hy het ons meegedeel dat daar twee kapers aan boord van die vliegtuig was en dat hulle plofstof met elektriese drade aan die deure van die vliegtuig gekoppel het. Nadat kaptein Flemming die inligting aan ons oorgedra het, het hy weer met behulp van die doeke by die kajuit se venster ingeklim. Een van die kapers, ene Kamil, het ŉ groot som geld en ŉ vliegtuig of ŉ helikopter geëis. Die kapers het ene mnr. Hoffin aan boord toegelaat om met hulle te onderhandel. Die agterste deur van die Boeing 727 was oopgemaak om hom in die vliegtuig in te laat. Hoffin het die vliegtuig verlaat en na ŉ rukkie teruggekeer met ŉ groot som geld wat in trommels verpak was. Toe die kaper die trommels met geld by die deur kom haal het, het Phillip Delport met sy skerpskutter geweer aangelê om hom te skiet, maar hy het opdrag gekry om nie te skiet nie. Ek en die ander lede het ook opdrag gekry om nie die vliegtuig te bestorm nie.

Gedurende die nag het generaal Marius van Vuuren opdrag gegee dat ons van die vliegtuig moes onttrek. Dié opdrag het vanaf President Banda gekom wat saam met hom in die BBP kamer op die lughawe was. Ongeveer vyf uur daardie oggend het die Malawiese polisie die kapers die keuse gegee om óf hulleself aan die polisie te oorhandig óf die gevolge te dra indien hulle sou weier. Hulle het geweier en die brigadier in bevel van die weermag het die opdrag gegee dat daar op die vliegtuig geskiet moes word. Die vliegtuig was aan flarde geskiet. Een kaper was gewond en die ander kaper het gesê dat hy homself wou oorgee. Die vliegtuig was bestorm en die kapers was in hegtenis geneem. Springstof inspekteurs van die weermag het die plofstof verwyder en op die aanloopbaan vernietig. Ek het vervolgens opdrag gekry om mnr. A. Delport, wie ŉ eise inspekteur by Jan Smuts-lughawe was, te vergesel om die skade aan die bagasie te bepaal wat deur die geweervuur veroorsaak was. Die passasiers en die bemanning was na die lughawe gebou geneem en ek en konstabel Kobus van der Merwe het opdrag gekry om die vliegtuig te bewaak terwyl die ander lede na Suid Afrika teruggekeer het. Tegnici van Jan Smuts-lughawe was na Malawi gestuur om die vliegtuig te herstel. Terwyl ek en Van der Merwe by die vliegtuig gewaak het, het generaal Van Vuuren dikwels geskakel om te verneem hoe die herstelwerk gevorder het. Kolonel G.P. Pretorius het ons in Malawi besoek en met sy aankoms aldaar was hy deur die polisie gearresteer en hulle het op sy paspoort beslag gelê. Dit het baie oorreding gekos om hom vrygelaat te kry. Die aand wat die gekaapte vliegtuig na Suid Afrika teruggevlieg het, het ons in die hotel gaan eet waar die plaaslike vrouens net met ons wou dans. Kolonel Gerrie kon ons gelukkig uit die penarie red. Met ons terugkeer in Suid Afrika het genl. Marius van Vuuren vir almal wat in Malawi met die gekaapte vliegtuig betrokke was, na die *Blue Room* op Johannesburgstasie vir ŉ deftige ete uitgenooi. Ons was nie bietjie spoggerig oor die uitnodiging nie aangesien die *Blue Room* ŉ vyfster restaurant was wat net deur vermoënde persone besoek kon word.

(Jan Vorster)

**Die gekaapte vliegtuig op Malawi.**

Ek was een van die eerste lede wat die lugdiensveiligheidskursus as anti - kaper deurloop het. Nadat ek al verskeie kere diens op SAL se vliegtuie oorsee gedoen het, het ek een Woensdag vanaf Engeland na Suid Afrika teruggekeer. Ek het na ons kantore gestap om terug te boek toe ek merk dat van die offisiere en ander anti-kapers by die kantore rondgeskarrel het. Ek het vir een van die vroue lede, wat in die kantoor werksaam was, gevra wat aan die gang was. Sy het my ingelig dat ŉ SAL vliegtuig gekaap was en nog voordat ek enige verdere inligting kon bekom, was ek aan die arm gegryp en opdrag gegee om by generaal Marius van Vuuren, wat op daardie stadium by ons kantore was, aan te meld. Hy het my meegedeel dat ŉ SAL vliegtuig, wat na Suid Afrika onderweg was, oor die Hartebeespoortdam deur onbekende persone gekaap was. Die aanvanklike inligting het getoon dat die vliegtuig na Bulawayo onderweg was om daar te gaan land. Adjudant offisier Vorster en sersant JB Langenhoven was reeds na Bulawayo op pad. Die berig het later deurgekom dat die vliegtuig van rigting verander het en dat dit op pad na Malawi toe was. Generaal van Vuuren, majoor Pretorius, luitenant Phillip Delport, adjudant offisier Dok Malan, sersante Martin de Wet, Kobus van der Merwe en ek het ŉ vliegtuig bestyg wat ons na Malawi sou neem. Vorster en Langenhoven het voor ons vertrek by ons aangesluit. In Malawi aangekom het ons die gekaapte vliegtuig op die einde van die aanloopbaan aangetref. ŉ (GOS) Gesamentlike Operasionele Sentrum was in die BBP vertrek in die lughawegebou ingerig vanwaar generaal Van Vuuren, saam met die Malawiese weermag, die operasie gekoördineer het. Ons span het in die bosse langs die vliegtuig stelling ingeneem vanwaar ons die ontsetting sou uitvoer. Aangesien ek nog in ŉ pak klere geklee was, het ek gevra of daar nie iewers ŉ oorpak vir my beskikbaar was nie. ŉ Werker op die lughawe het sy oorpak aan my oorhandig en ek het dit aangetrek.

Een van die bemanningslede het die voorwiele van die vliegtuig afgeblaas waarna ons span tot onder die vliegtuig beweeg het. Martin het op die een vlerk van die vliegtuig gelê en Kobus van der Merwe op die ander vlerk. ŉ Swart man, geklee in ŉ swart sweetpak, het opgedaag en duidelike opdragte gegee dat ons onder geen omstandighede skote moes afvuur nie aangesien ons nie op ons grondgebied was nie. Die man het hom aan ons as ŉ brigadier van die Malawiese weermag voorgestel. Hy het gereël dat ons iets te ete en te drinke gekry het. Later was die motore van onder die vliegtuig se voorste landingswiele afgeskakel. Die passasiers was nog in die vliegtuig en die deure was toe. Een van die bemanningslede het daarin geslaag om te ontsnap en toe hy ons onder die vliegtuig met ons wapens opgemerk het, het hy soos ŉ besetene tekere gegaan omdat sy eerste gedagte was dat ons deel van die kapers was. Hy het egter bedaar toe hy hoor dat ons Afrikaans gepraat het en hy was derhalwe na die lughawegebou geneem ten einde sy veiligheid te verseker.

Verskeie onderhandelinge het tussen ŉ priester, een ander persoon en die kapers plaasgevind. Tydens die onderhandelinge was daar van die passasiers vrygelaat en op ŉ latere stadium was daar weer ŉ klompie vrygelaat. Ons het verneem dat President Banda die Vrydagoggend na Engeland sou vertrek het, maar die gekaapte vliegtuig het die aanloopbaan versper en gevolglik moes die tegnici die vliegtuig sleep totdat dit vry van die aanloopbaan gestaan het. Om ongeveer vyf uur die oggend het lede van die weermag opdrag gekry om die vliegtuig met kleingeweervuur aan te val. Die kapers het hulleself na die skietery aan die weermag oorgegee en die passasiers het ongedeerd van die vliegtuig afgestap. Die Weermaglede het daarna die vliegtuig bestyg. Inligting wat ontvang was het berig dat die deure van die vliegtuig met ŉ rooi tou en springstof verbind was. Die rooi tou was egter die plastiese band van ŉ bandmasjien waarmee hulle die passasiers om die bos gelei het. Die springstof was, nadat dit uit die vliegtuig verwyder was, langs die aanloopbaan vernietig. Die vliegtuig was na die lughawegebou gesleep waar ons die vliegtuig bewaak het. Ek het intussen al die klein botteltjies drank wat op die vliegtuig was in ŉ plastiese sak geplaas en onder een van die sitplekke weggesteek. Daarna het die Doeanebeamptes die vliegtuig bestyg en die houers met die ander drank en items geseël. Die Vrydagaand het ons die plastiese sak oopgemaak en lekker gekuier. Die voggies was net nodig om al die afwagting en spanning te verlig. Later het ŉ verslaggewer by ons op die vliegtuig aangesluit maar hy was verbied om enige foto’s te neem. Omrede die vliegtuig al vanaf die Woensdag in gebruik was, het dit aan die binnekant baie gestink. Die toilette was oorvol en geen vars lug was ingepomp

nie. Die Saterdagmiddag het ons gereed gemaak om na Jan Smuts te terug te keer. Die brigadier van die Malawiese weermag het ons by die vliegtuig kom afsien. Hy het elkeen van ons met die hand kom groet, op aandag gekom en gesalueer toe hy my groet. Generaal van Vuuren wou toe ewe verleë van my weet wie die generaal was, ek of hy? Vorster en Van der Merwe het agtergebly om die vliegtuig te bewaak. Na afloop van die operasie het generaal Van Vuuren ons by die Bloukamer op Johannesburgstasie onthaal.
(Louw Hatting)

**Die gevreesde geslagsiekte.**
Lede van die anti-kapers eenheid was aan baie vreemde dinge blootgestel. ŉ Nuwe wêreld met vreemde uitdagings en ervarings het vir hulle oopgegaan. Die meeste van hulle het nie vantevore die voorreg en geleentheid gehad om die grense van die land oor te steek nie; wat nog te sê daarvan om nuwe lande en stede te besoek waar die wette, gebruike en tradisies heeltemal anders was as waaraan hulle gewoond was? Vanweë die Publikasie wette wat pornografie en ander onsedelike aktiwiteite verbied het, het hierdie manne soos elke ander jongman in Suid Afrika in ŉ baie beskermende en konserwatiewe omgewing grootgeword. Die manne was jonk, vol energie en beskikbaar en het alles gehad wat by ŉ jong man hoort. Tydens een van die vlugte na Portugal was daar vasgestel dat een van die nuwer lede op die eenheid ŉ jonge dame die hele nag in sy kamer onthaal het. Die manne wat al daar was, sal weet dat dié dames daar nie die hoogste morele standaarde gehandhaaf het nie. Sy was ook maar mens. Die betrokke kollega het toevallig ŉ doodgewone koorsblaar op sy lip gehad. Sy ouer kollegas het afgespreek dat hulle dié nuwe lid teen die gevare van sulke genietinge moes waarsku. Nadat sy kollegas die koorsblaar “wetenskaplik” bekyk en ontleed het, was dit hulle eenparige en onomwonde bevinding dat die koorsblaar ‘n definitiewe teken was van een van die mees gevreesde geslagsiektes, wat algemeen onder die prostitute in Portugal voorgekom het; dit was as “*snailtracks*” bekend. Ten einde geloofwaardigheid aan hulle “mediese bevinding” te verleen, was daar met die ander lede van die eenheid op beide Jan Smuts- en Kaapstad lughawens gereël dat hulle dié kollega met sy aankoms aldaar moes inwag. Sodra hy hulle gegroet het, moes hulle hom ewe bekommerd oor die *snailtracks* tekens op sy bolip uitvra. Die aand van sy vertrek vanaf Lisboa het aangebreek en, soos afgespreek, was hy met sy aankoms op Jan Smuts-lughawe, voor hy die aansluitingsvlug na Kaapstad kon haal, met die vraag gebombardeer: “Jong, by wie het jy geslaap? Dit lyk dan of jy *snailtracks* opgedoen het.” Die vlug na Kaapstad moes ŉ lang vlug vir hom gewees het. Dieselfde ongemaklike vrae en diagnose was gemaak toe hy by Kaapstad lughawe aangeland het en die ontstellende gedagte is in sy gedagtes vasgemessel met opmerkings soos: “Jong, dit is *snailtracks* wat jy het, bly net weg van vroulief af.”
Jare later het hy vertel dat die vlug na Kaapstad inderdaad baie senutergend was. Hy moes eenvoudig ‘n plan maak om by sy vrou verby te kom. Hy het geweet dat wanneer die bemanning te DF Malan-lughawe aangekom het, was die lede gewoonlik met die vangwa na hulle onderskeie huise vervoer. Die rit huis toe was natuurlik nog erger aangesien hy jonk getroud was en boonop toe vir 15 dae van die huis af weg was. ŉ Man het mos immers ook verpligtinge by die huis gehad. Hy was mos ŉ “*Jet setter*” en vir drie dae het vlugflouheid die skuld gekry dat hy nie sy huweliksverpligtinge kon nakom nie. “Ma moes eers wag want miskien kan ek gou vir ŉ vlug na die buiteland reël”, het hy geredeneer. Hy het daagliks gebel om te hoor wat die moontlikheid was vir ‘n vlug, maar die manne wat die vlugrooster uitgewerk het, het geweet van die *snailtracks* waaraan hy kwansuis sou lei. “Hou hom ŉ bietjie by die huis; laat hom goed *worry”,* was die versoek.
Daar was vir hom geen ander uitweg nie en hy het toe sy pel, wat ook sy huisdokter was, in sy vertroue geneem. Hierdie keer was hy deur ŉ gekwalifiseerde dokter ondersoek wat bevind het dat die koorsblaar niks te make gehad het met enige sogenaamde gevreesde siekte nie. Na ŉ penisillien inspuiting het hy perdfris en vol energie huis toe gegaan; in staat om sy huweliksverpligtinge na te kom.
(Douw Vermeulen)

**Pasop wat jy sê.**
Gedurende 1970 was ek en 'n aantal uitgesoekte lede as spesiale anti-kapers by Esselenpark opgelei. Ons het beveiligingsdienste op SAL se vliegtuie wat na die buiteland gevlieg het, verrig. Ek was dus bevoorreg om verskeie wêreldlande oor 'n tydperk van 'n jaar te sien, wat as ek daarvoor moes betaal het, my baie sou gekos het. Daar was gelukkig nooit ernstige voorvalle op enige van die vlugte wat ek beman het nie. Die kos in sommige van die lande was nie altyd so smaaklik nie en dan het 'n man maar op vrugte oorleef. So was dit die geval in Italië waar dit baie moeilik was om kos te bestel want die Italianers praat mos net hulle taal. Op 'n dag het ek en wyle Charl Du Toit lus gekry vir kerrie en rys maar die kelner in die restaurant kon nie verstaan wat ons wou hê nie. Na baie verduidelikings het hy toe te voorskyn gekom met twee borde vol rys en 'n blikkie kerriepoeier. Daar het ek ook geleer om maar versigtig te wees wanneer jy Afrikaans voor ander praat wanneer jy 'n ander land besoek het. Terwyl ek en Tjaka Neethling eenkeer met 'n bus na die lughawe oppad was, (ook in Italië) het daar 'n mooi vrou oorkant ons in die bus gesit. Sy het soos 'n tipiese Italiaanse vrou gelyk en ons het gedink dat sy nie Afrikaans sou verstaan nie. Tjaka het haar skoonheid besing, min wetende dat sy alles verstaan het wat ons van haar gesê het. Tot ons groot ontnugtering het sy net geglimlag en gesê: “Meneer, ek verstaan elke woord wat julle praat.” Gelukkig het ons niks vulgêr omtrent haar kwytgeraak nie. Gedurende 1971 is ek getroud en kort daarna was ek weer vir drie weke buiteland toe, waarna ek besluit het dat dit nie 'n goeie ding sou wees om so kort na jou troue jou vrou vir so lank alleen te laat nie.
(Willie Goosen)

**My beste dae.**
Hierdie was beslis een van die hoogtepunte van my loopbaan. Om perspektief te verleen aan dit wat ek te vertel het, wil ek darem net ‘n staaltjie van generaal J.J.J. van Vuuren deel wat plaasgevind het kort voor sy aftrede.
Ons was ‘n klompie offisiere bymekaar toe die generaal vertel het van sy wedervaringe op ‘n reis wat hy na Londen moes onderneem het. Hy het nog skaars by sy hotel aangekom, of hy word oppad na sy kamer deur ‘n pragtige jong vrou bestorm met onsedelike voorstelle wat die generaal laat bloos het. Die vrou was duidelik daarvan oortuig dat die generaal ‘n ryk besigheidsman was (Nie dat ek haar blameer nie want generaal J.J.J. is ‘n statig man wat jy altyd deur ‘n ring kon trek – voorwaar ‘n “*gentleman*”). Nietemin, die generaal het sy verbasing uitgespreek oor die lae morele standaarde van mense oorsee en dat die pragtige jong vrou geen probleme gehad het om ‘n veel ouer man met onsedelike voorstelle te nader nie.
Ek was in die eerste groep wat as anti-kapers opgelei was. Ons het as die “*Dirty dozen*” bekend gestaan. Generaal J.J.J. was op daardie stadium ‘n vol kolonel en was baie nou by ons opleiding betrokke. Ek glo dat die generaal baie te doen gehad het met die aanstelling van Joe Grant Grierson in die Mag asook met laasgenoemde se aanstelling as luitenant. Dit was die regte ding om te doen. Joe was ‘n goeie mens en ons het almal van hom gehou. Luitenant Philip Delport was ook by die opleiding van die anti-kapers betrokke. Ek sal nooit vergeet hoe moerig Joe was toe Philip ons in twee spanne wou indeel en luidkeels gevra het “Wie is aan Joe se kant?” Daardie Engelsman het vir Philip vasgegryp en vererg gevra: “Who are you calling a c*^t?” Philip moes vinnig mooi praat en vertalings doen om Joe te kalmeer. Sy verleentheid het ons laat skater van die lag; dit was iets om te aanskou.
Ons vlugte het begin en ek was op die eerste “*trip*” vir twee-en-veertig dae in Lisabon gestasioneer. Ek en Andries Wittstock het op ‘n dag by die *Chickenhouse* gaan eet toe ons ‘n Amerikaner opgemerk het wat kos bestel het. Hy het met die kelner in ‘n regte “*Southern drawl*” gepraat: “*I say partner, bring me a huge steak and just burn it quickly on both sides*.” Die Portugese kelner kon nie kop of stert van die singerige gepraat verstaan nie en kon net antwoord: “*Scuza me*”. Aanhoudend het die arme man sy bestelling probeer plaas, maar al wat hy uit die kelner kon kry was: “*Scuza me*.” Uit moedeloosheid het die gefrustreerde toeris gebrom: “*Just kill an ox, drag it onto my plate and chop the horns off.*” Die arme Portugees het toe verbouereerd begin rondtrap. Die toeris en die kelner het ons verbaas aangekyk toe ek en Andries uitgebars het van die lag. Ons het die kelner gehelp deur die bestelling so goed as wat ons kon te verduidelik. Ek dink dit was Andries wat gesê het: “*Moeit grande steak, ben*

*besado*.” Vertaal, beteken dit: “Groot biefstuk, goed gaar.” Dit het nie saak gemaak as jy ‘n biefstuk in Lissabon bestel het en jy het gesê dit moes goed gaar wees nie, want jy het dit buitendien nog steeds half rou ontvang. Ons pret was nog nie klaar nie want toe die toeris sy rekening, in escudo’s, ontvang het, het hy die arme kelner weer deurmekaar gemaak deur te vra: “*Well partner, how much is that in real money*?”

Gedurende hierdie tydperk het generaal J.J.J. vir Attie Cronjé van die Kaap en vir my uitgetrap omdat ons hare, soos altyd, borselkop geskeer was. Goedig het hy ons opdrag gegee om ons hare te laat groei want daar het “polisieman” op ons voorkop geskrywe gestaan. Jy kon die hele groep met ‘n veer omgeslaan het. Dit was ongehoord vir ‘n offisier, die netjiese generaal van alle mense nog daarby, om so ‘n opdrag te gee. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van die S.A.Spoorwegpolisie dat ‘n opdrag van hierdie aard gegee was, maar soos altyd was die generaal natuurlik reg. Ons het ons hare toe laat groei en, hoewel dit aanvangklik ongemaklik was wanneer dit aan jou ore geraak het, het ons gou daaraan gewoond geraak.

Op my tweede “*trip*” na Lisabon het ons vir ou Kelllie Kelbrick van die Vrystaat daar ontmoet. Hy het vertel dat hy Lisabon goed leer ken het en dat hy ons daardie aand na ’n paar gate toe sou neem. Die gate was ‘n reeks nagklubs naby Lisabon se hawe. As ek reg onthou was daar onder andere die *Niagra* en die *Texas Bar* wat deur Lugdienspersoneel besoek was. By die gate aangekom, het Kellie ons eerstens na die *Texas Bar* toe geneem. Dit sal nou duidelik word hoekom ek in die eerste paragraaf van generaal J.J.J. se wedervaringe vertel het. Ek was jonk en pas getroud. Ek was miskien binne perke stout gewees, maar daar het niks met my morele standaarde geskort nie. Ek meen te sê ek is ‘n boereseun en wat gevolg het, het my totaal onverhoeds betrap. Ons was net nie aan sulke dinge in Suid-Afrika gewoond nie. Die blerrie stoute Kellie het mos vir een van die mooi dames gesê, terwyl hy met sy vinger na my wys, “*He say you plastico.*” Die meisie het na my gekyk en het dadelik een van haar borste uitgepluk en klip hard gesê: “*I no plastico. Me fantastico*.” Ek het blosend gebid dat die aarde moes oopmaak en my insluk terwyl Kellie homself amper natgemaak het soos wat hy gelag het.

Ek het nie lank daar gebly nie. Ons gereelde eetplekke in Lisabon was die *Chickenhouse*, wat in gebraaide hoeders gespesialiseer het, en die Klipkerkie wat lekker ontbyt voorgesit het. Hulle het die lekkerste roereiers met vars garnale vir ontbyt bedien en dan kon jy ook giraffe bier saam met dit geniet het. Dit was ‘n massiewe bierglas van om en by een en ‘n half liter met ‘n giraffe daarop. Die vliegtuig se bemanning wat die vlugkaptein, die junior kelners en veiligheidsmanne ingesluit het, het gereeld by die *Chickenhouse* bymekaar gekom. Die kaptein het namens almal bestel. Elkeen het die volgende gekry; “*One bottle Mateus Rosé wine, pattata fritters, one Franco ben, ben, ben basado and salado.*” Die *pattata fritters* was slap tjips, die *franco* was ‘n jong hoender en die *ben, ben, ben basado* was baie, baie, baie gaar. Anders het jou hoeder half rou daar aangekom. Met my eerste maaltyd daar het ek opgemerk dat die bemanning versigtig iets met ‘n kwas aan die hoender gesmeer het. Hulle het verduidelik dat dit ‘n chilliesous was wat baie lekker gesmaak het. Ek het ‘n hoenderboudjie afgebreek om dié sous te probeer. Ek is mos lief vir goed wat brand. Ek het gesmeer en mildelik van die sous op die boudjie gegooi, maar ek het nie agtergekom dat almal my onderlangs dopgehou het nie. Dit was asof my mond met ‘n kool vuur in aanraking gekom het toe ek die hoender in my mond gesit het. Almal het geskaterlag toe ek na my wyn gegryp het om die brand in my mond te blus.

So ‘n ete het destyds, met broodrolle ingesluit, vyf-en-sestig escudos gekos wat op daardie stadium gelykstaande was aan een Rand sewentig sent. Voorwaar ‘n winskopie. Ons het altyd mildelik fooitjies aan die kelners uitgedeel wat beteken het dat ons altyd by die eetplekke verwelkom was. Op Saterdagaande was al vier die manne op Lisabon vrygestel van diens. Ek, adjudant offisier Diedie Oosthuizen, Louw Hattingh en nog ‘n lid (ek kan nie onthou wie dit was nie) het op ’n keer die Klipkerkie vir ‘n aandete van roereiers, garnale en biefstuk besoek. Ons het natuurlik ook ‘n giraffie saam met die ete bestel. Oom Diedie was ‘n kleingeboude man en dit was werklik koddig om hom te aanskou wanneer hy ‘n giraffie gedrink het. Die linkerhand was deur die reuse bierglas se oor gedruk en die hele affêre was nader gesleep. Wanneer die bierglas by die rand van die tafel gekom het, was die regterhandtjie onder die

glas ingedruk. Die glas was heeltemal van die tafel af getrek en dit het afgesak tot onder Oom Diedie se lyfband sodat die rand van die glas regoor sy mond kon kom. Die bolip met die fyn potloodhaarsnorretjie was dan oor die rand van die glas gehaak en sy hele bolyf het dan terug geleun sodat hy aan die bier kon suig. Na die klomp bier het Oom Diedie kans gesien vir die gate. Ek en Louw was glad nie daarvoor te vinde nie want ons moes Sondagoggend om vier uur opstaan om op die vlug na Athene, oor Rome, te werk. Oom Diedie was die senior van die groep en het net eenvoudig gesê: “Moenie dat ek vir julle mannetjies opdrag gee om saam te gaan nie.” Ons kon nie daarteen gestry het nie en so het ons dan ons weg gebaan na die gate toe. By die *Niagra* aangekom het Oom Diedie die voortou geneem. Hy was so bekend daar dat die orkes dadelik opgehou het om te speel met die deuntjie waarmee hulle besig was en onmiddellik losgetrek het met “Sarie Marais”. Oom Diedie het gelate vir almal in die klub gewuif want almal se aandag was toe op hierdie belangrike man gevestig wat so baie respek in die klub afgedwing het.

Nadat Oom Diedie ‘n paar keer al wuifende en buigende in die rondte gedraai het, het ons ons sit gekry. Dit was duidelik dat ons adjudant ‘n belangrike man in hierdie plek was want die bestuurder het al buigende nadergekom om ons te verwelkom. “*Aaaaah, Capitano. Welcome, welcome.*” Oom Diedie het hulle oortuig dat hy ‘n vlugkaptein was en het my as sy eerste offisier voorgestel, vir Louw Hattingh as ‘n leerling loots (*boy pilot*) en die ander lid as die navigator. Na ‘n verdere twee doppe het ek en Louw daarop aangedring dat ons moes loop want ons moes oor ‘n paar uur opgestaan het om te gaan werk. Oom Diedie het vertel dat hy ‘n bietjie Italiaans kon praat want hy was in Italië gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Ai, ons het ons omtrent gebreek soos wat ons vir hom gelag het toe ek hom wou oortuig het dat ons moes loop. Al wat hy aanhoudend vir my gesê het was “*Aspeto uno momento*, man Ronnie man”. Dit was die “man Ronnie man” in Afrikaans wat ons gebreek het. Uitendelik het ons hom daar weggekry en het ons ook uiteindelik by die hotel aangekom. Dit was hier waar Louw gewys het hoe stout hy kon wees.

Ons het ons kamersleutels by ontvangs gekry en die hysbak na bo geneem; elkeen oppad na sy lêplek toe. Louw het die hysbak op die verkeerde vloer gestop en vir Oom Diedie ‘n goeie nag en ’n lekker nagrus toegewens. Louw het die hysbak se deur vasgehou sodat Oom Diedie kon uitstap terwyl die res van ons geloer het om ons te vergewis van wat met die adjudant sou gebeur het. Hy het by die eerste kamerdeur aangekom en vir ‘n hele rukkie gesukkel om die deur met sy sleutel oop te sluit. Skielik was die deur van binne af oopgeruk en Oom Diedie het verbaas verneem: “En wat soek jy in my kamer?”

Nog ’n man, wat lank saam met my in Lisabon gewerk het, was Langhans du Plessis. Een oggend het ons ontbyt genuttig en ons het ‘n baie mooi meisie opgemerk by die volgende tafel waar sy saam met ‘n baie lelike ouer man gesit het. Ou Langhans kon nie uitgepraat raak (in Afrikaans natuurlik) omtrent die snaakse verskynsel nie. Toe ek hom maan om nie so hard te praat nie het die man opgestaan en gesê dat hy lank in Suid Afrika gewerk het en dat hy alles verstaan het wat ons gesê het. Hy het voorts gesê dat hy vir die meisie heel aantreklik was en dat dit al was wat saak gemaak het. Verleë was nie die woord om ons gemoedere te beskryf nie. Langhans het ‘n paar flou verskonings aangebied en ons het ons uit die voete gemaak. By ’n ander geleentheid het ons die pragtige armbande in ’n juwelierswinkel bewonder en so met die gepratery het daar ‘n tannie afgehaak: “Sowaar, boereseuns in Portugal.” Ons het toe lekker gestaan en gesels met ‘n groep Suid-Afrikaners wat daar op toer was. Ek het twee van die armbande vir my vrou gekoop. Ons het na hierdie voorvalle ‘n wag voor ons mond geplaas want jy het nooit geweet of daar taalgenote binne hoorafstand was nie. Ons het vriende met alle moontlike S.A. Lugdienspersoneel oorsee gemaak want dit was belangrik om hul vertroue te wen sodat hulle gemaklik sou wees om inligting aan ons oor te dra.

Andries Wittstock het vir die Portugese geleer om Afrikaans te praat. Ek sal maar nie herhaal hoedat hy vir ‘n man geleer het om te groet en vir lugwaardinne te sê hulle is pragtig nie. Ek en Langhans het besondere vriendskapsbande met die grondingenieur in Lisabon opgebou. Sy naam was Joe Belagarda en hy was later een van die slagoffers van die Helderberg ramp. Joe het later as vlugingenieur opgetree. Op ‘n dag het Joe gesê dat hy graag vir my en Langhans na die Casino op Estoril wou neem. Ek en Langhans het die dag op ‘n vlug na Zurich in Switserland diens gedoen en met die terukeer het Joe gesê dat ons vir hom moes

wag sodat hy ons hotel toe kon neem. Nadat Joe sy werk op ons vliegtuig suidwaarts afgehandel het en ons die vlug veilig afgesien het, het ons saam met Joe na die hotel vertrek. Hy het gevra om ‘n baadjie en ‘n das te leen want dit was noodsaaklik vir toelating tot die Casino. My baadjies was te klein en Langhans s’n het ‘n bietjie los gesit, maar hy het darem redelik gelyk. Daar het ons toe die pad gevat na nog ‘n avontuur te Estoril. Joe het vertel hoeveel geld ons vir die groot “*show*”, wat later sou plaasvind, moes uithou. Ons het die tyd verwyl deur ‘n paar escudos in die masjiene te gooi en, snaaks genoeg, het ek en Langhans heelwat gewen. Langhans het uitspattig gevoel na die wennery en het ‘n paar escudo muntstukke in die vloerbestuurder se hand gedruk. Die man het dit geweier en gesê: “*No, you can give that to the boys*.” Ek dog ou Hans wou iets ookom want hy was mos in die gesig gevat en hy sommer in Afrikaans vir die ou verduidelik: “Ek gaan beslis nie vir jou note gee nie, ou maat.” Ons het ons kaartjies vir die “*show*” gekoop en stelling by ‘n tafel vir vier ingeneem. By die kaartjies se prys was ‘n aantal biere ingesluit as jy wou drink. Soos wat jou glas leeg geraak het, het die besige kelners nog ‘n vol bottel bier voor jou op die tafel neergesit.
Die aand se program het begin en daar was mans en dames gimnaste wat op die verhoog en in die paadjies tussen die tafels saltos en allerande asemrowende mannewales uitgevoer het. So het die program voortgegaan totdat die finale uitvoering aangebreek het. ‘n Ontkleedans. Ek en Hans was nie hierop bedag nie en ek kon sien dat Joe hom gate uit geniet het deur te kyk na die gesigsuitdrukkings van hierdie boere wat nog nooit in hulle lewens so iets aanskou het nie. Joe het glad nie na die dans gekyk nie. Sy oë was vasgenael op ou Hans wat stip na die danseres gekyk het. Die hoogtepunt van die dans het gekom toe sy heeltemaal kaal gestaan en gesê het:“*I feel so funny.*” Hans het kliphard afgehaak met: “*How do you think I feel?*”
Intussen was Langhans besig om bier in sy glas te gooi en hy het skoon vergeet waarmee hy besig was. Sy oë het op die danseres vasgenael gebly. Die bier het oor die glas se rand gestroom en van die tafel af geloop terwyl Joe en ek ons wou breek soos ons gelag het. Voor ek van hierdie onderwerp afstap, net vinnig ‘n kort storie van Christie van Biljon van die Kaap. Die hoofstraat van Lisabon was vir my die mooiste van alle stede wat ek nog ooit besoek het. Dit staan bekend as die “*Avenida de Liberdade*” (Die straat van vryheid). Die Portugese is baie lief vir hul standbeelde en begin by die bopunt van straat by die “*Monumento de Pombal*.” Pombal was die man wat Lisabon herbeplan het nadat die stad etlike eeue tevore feitlik totaal deur ‘n reuse brand verwoes was. Dit is ‘n imponerende standbeeld maar verder die straat af was daar ‘n hele aantal ander standbeelde. Naby die Klipkerkie was daar ‘n lewensgroot standbeeld wat helder belig was. Na aandete op hierdie spesifieke geleentheid het ons ons weg gevind terug na die hotel. Christie het vooruit gedraf en het op die voetstuk van die standbeeld gespring en begin om arm-om-die-lyf met die beeld te praat. Hy het ‘n toespraak in Afrikaans afgesteek wat ‘n politikus jaloers sou maak. Om die beurt het hy met die klomp mense wat begin saamdrom het gepraat en dan met die standbeeld. Aan die einde van elke gewigtige sin het hy uitdagend na die standbeeld gekyk en dan na sy gehoor voor hom. Na een dramatiese gebaar het een van die omstanders begin hande klap wat oorgegaan het in ‘n algemene applous. Na nog ‘n minuut of wat se eerbetoon aan die standbeeld het Christie van die standbeeld afgespring en was hy hartlik deur ‘n hele aantal Portugese gelukgewens. Ek was oortuig dat hulle nie altyd geweet het wat hy gesê het nie.
Wat die *Avenida de Liberdade* so pragtig gemaak het, was rye lowergroen bome wat tussen die twee wye hoofstrate en die twee smaller hoofstrate geplant was. Die sypaadjies was kunstig met wit marmeragtige en swart klip motiewe uitgelê. Ek het gedurende hierdie tydperk van my diens vele ander stede en lande besoek en daar is nog baie stories wat vertel kan word maar ek sal dit vir ‘n volgende keer los.
(Ronnie Coetzee)

**Bambino.**
Na Kollege opleiding was ek op Jan Smuts-lughawe gestasioneer. Ons dames het meestal die deursoeking van passasiers gedoen wat ek nie as opwindende werk beskou het nie. Ten spyte daarvan was dit tog vir my genoeg om elke dag deel te kon gewees het van ‘n uiters

goed georganiseerde stelsel wat by die lughawe in werking was. Al die vreemde tale en my eie drome van oorsee gaan het die negatiewe oorheers. Op ‘n dag het ‘n Portugees/Spaans sprekende vrou en haar ma na ‘n spesifieke lid op die lughawe gevra. Ek het geantwoord dat die betrokke persoon wel op die lughawe werksaam was, maar dat die persoon op daardie spesifieke tyd in die buiteland was. Hy was een van die anti-kapers wat gereeld oorsee gevlieg het. Sy het aanhoudend na haar maag gewys en wat sy gesê het was: “*Bambino.*” Die lig het toe vir ons opgegaan dat sy met die kind van ons kollega swanger was en dat hy niks daarvan geweet het nie. In vandag se taal sou hulle gesê het “*management*” was nie “*impressed*” nie; ons almal moes vir dae lank vergaderings bywoon waarin ons duidelik vertel was hoe ons onsself moes gedra het.
(Annatjie Denysschen)

## SEEHAWENS

### Die seevaart na Lüderitz

Die S.A.Spoorwegpolisie was verantwoordelik vir die polisiëring van alle lug - en seehawens in die Republiek van Suid Afrika en Walvisbaai. Ten einde die seehawens as Nasionale Sleutelpunt te kon beskerm, het die Spoorwegpolisie by elkeen van die onderskeie seehawens oor ’n Watervleuel beskik. Hierdie eenhede was verantwoordelik vir die patrollering van die hawens en die gebiedswaters van die Republiek. Derhalwe was elk van die eenhede met ’n patrollieboot uitgereik om in samewerking met die Suid Afrikaanse Vloot, die Handel en Skeepvaartswette en Regulasies toe te pas. Walvisbaai het op daardie stadium nog nie oor ’n polisieboot beskik nie. Indien hulle polisiëring op die oop see wou verrig het, moes hulle die Hawekaptein vir vervoer genader het.
Konstabel André van Rensburg, ’n boorling van Walvisbaai, is op 19 Julie 1959 in die ou Walvisbaaise Hospitaal gebore. Nadat hy sy skoolloopbaan in Walvisbaai voltooi het, het hy op 23 Januarie 1978 by die S.A. Spoorwegpolisie in Walvisbaai aangesluit. Na sy basiese opleiding, wat hy in Desember 1978 by die kollege te Esselenpark voltooi het, was hy na Kimberley-lughawe verplaas waar hy later na die Speurafdeling oorgeplaas was. In Februarie 1980 was hy as sersant na Walvisbaai Uniformtak verplaas waar hy in bevel van die Mobiele Eenheid was. Die werksaamhede by dié eenheid het meegebring dat hy die hele Suidwes plat gery het met die hou van padblokkades en om hulp te verleen met die ondersoek en nasien van Padvervoer permitte in die streek. Vir ‘n seun wat in Walvisbaai grootgeword het, was bote altyd ‘n integrale deel van sy daaglikse lewe. Dit kon ook nie anders nie want Walvisbaai was immers ’n hawe- en vissersdorp. Sy pa het in die hawe gewerk en hy was dus op ‘n vroeë ouderdom aan die vreemde bekoring wat bote aan ‘n jong seun verskaf, blootgestel. Baie van sy vriende op skool se ouers was vissermanne of het ook in die hawe gewerk.
Kaptein Van Heerden en luitenant Du Toit het die visie gehad dat Walvisbaai eendag oor sy eie patrollieboot moes beskik. Van Rensburg het geen vorige ervaring gehad nie, behalwe vir die feit dat hy ‘n paar keer die geleentheid gehad het om met ‘n verskeidenheid van bote en skepe, die oop see in te vaar. Vir die Streekoffisier en die Posbevelvoerder was sersant Van Rensburg die aangewese lid om as Skipper opgelei te word. Gedurende 1980 was daar met die Hawekaptein gereël dat hy die nodige opleiding as Skipper moes ontvang sodat hy die dag wanneer Walvisbaai sy eie boot ontvang, reeds as Skipper gekwalifiseer sou wees. Die opleiding het oor ‘n periode van vier maande gestrek en dit het onder die beheer van die Hawekaptein plaasgevind. Die opleiding was kortliks in drie verskillende fases ingedeel
**Fase 1.** Die eerste maand het hy as dekhelper op die groot sleepbote gewerk en moes hy “*chip & paint*”, leer knope maak, tou en staal kabel *split*, die verskillende maniere aanleer hoe om die sleepboot teen die kaai te anker, brandbestryding toepas, die gebruik van reddingstoerusting aanleer en dan natuurlik ook die dek skrop, koper poleer en nog ’n hele paar peuselwerkies.
**Fase 2.** Die tweede maand het hy as stuurman op dieselfde sleepbote gewerk en het hy geleer hoe om die sleepbote te stuur, hoe om op die bevele van die Kaptein te reageer en hoe om die kompas te lees en daarvolgens te stuur ten einde op koers te bly.

**Fase 3.** Die laaste twee maande het hy as "*Mate*", of tweede offisier, op die kleiner sleepbote en loodsbote gewerk. Hy het elke dag besoekende skepe die hawe in- of uitgehelp en die loodse van die hawekaptein vanaf die hawe na die besoekende skepe en terug vervoer. Die doel was om te leer hoe om personeel aan boord van 'n bewegende skip te plaas of te verwyder. Hy het ook geleer om die duikers na die plek te neem waar hul moes duik en die gepaardgaande prosedures wat in dié opsigte gevolg moes word onder die knie te kry. Gedurende die vier maande moes hy elke dag vir twee ure 'n teoretiese klas bywoon. Na afloop van elke fase moes hy 'n skriftelike sowel as 'n mondelinge eksamen aflê alvorens hy na die volgende fase kon aanbeweeg. Hy het dus die sertifikate as Dekhelper, Stuurman en tweede Offisier ontvang.

Na die voltooiing van dié opleiding het hy ŉ radiokursus in sy eie tyd bygewoon waarna ŉ radio operateur sertifikaat deur die Pos en Telekommunikasiewese, aan hom uitgereik was. Dié sertifikaat het hom in staat gestel om as radio operateur op enige skip te kon werk. Aangesien die kus bykans daagliks in digte mis gehul was, het hy besef om veilig in dié toestande en beperkte sig te kon navigeer, moes hy verdere opleiding in die gebruik van die radar ontvang. Om hom verder in die effektiewe gebruik van die radar te bekwaam, het hy op eie koste en in sy eie tyd ŉ radarkursus by die Generaal Botha Handelsvloot Akademie in Granger Bay bygewoon. Dit was vir hom ŉ belewenis aangesien die radarkursus slegs ŉ deel uitgemaak het van ŉ drie maande kursus wat vir vissermanne aangebied was. Hy het dus twee weke saam met ŉ baie interessante groep manne die kursus bygewoon. In die proses het hy ŉ paar nuwe woorde geleer wat nie in die polisie se woordeskat voorgekom het nie en nog minder in die publiek gebesig kon word. Dit was ook sy eerste kennismaking met ŉ nabootser. Die kennis en ondervinding wat hy daar opgedoen het, was van onskatbare waarde vir die pad vorentoe as Skipper. Na afloop van die kursus by die Handelsvloot Akademie het hy die opleiding en die sertifikate, wat hom net tot vaartuie onder beheer van die Hawekapteins in Suidwes Afrika en Suid Afrika beperk het, uitgebrei. Om die beperkinge wat die sertifikate op sy bevoegdheid as Skipper geplaas het te oorkom, moes hy verdere teoretiese eksamens, onder toesig van Kaptein Wilson, destyds verbonde aan die Ministerie van Transport, aflê. Hierdie kwalifikasie het sy bevoegdheid as Skipper baie wyer as net in die hawens laat strek.

Die groot dag het in 1982 aangebreek; die dag waarop die hele personeel van Walvisbaai gewag het. ŉ Polisieboot was in die hawe te Walvisbaai afgelaai en die Skipper, sersant André van Rensburg, het gebrand om die motore aan te skakel en die boot op die oop see uit te neem. Hy was dus reeds ten volle as Skipper gekwalifiseer toe die boot uiteindelik haar verskyning gemaak het. ŉ Boot moes ŉ naam hê en daar was toe besluit dat die boot na Kaptein Johan van Heerden, wat die Streek Offisier in Walvisbaai was, se eggenote, Elsie, vernoem sou word. Elsie was ŉ 10,6 meter, skroef aangedrewe *Robin Klas*, *Monohull* boot met twee V8 *Cummin* V555M binneboord enjins wat ŉ spoed van 20 knope kon haal met ŉ reikafstand van +- 250 seemyl. Sy kon vier tot ses passasiers dra en bo en behalwe die normale toerusting waarmee Elsie toegerus was, was sy ook met ŉ 7.62mm ligte masjiengeweer toegerus. Aan die voorkant van die boot was ŉ laer dek waar die bemanning met tye kon gaan rus. Die lede van die Mag, asook die inwoners van Walvisbaai, was baie trots op hulle boot wat onder alle omstandighede deur die bemanning netjies en skoon gehou was. Gedurende 1985 het die Haweowerheid en die Posbevelvoerder van Lüderitz nie oor die vermoë beskik om Lüderitz se gebiedswaters te polisieer nie. Dié toestand was vir die owerhede kommerwekkend en derhalwe het hulle dringend hulp nodig gehad om die seegebied te kon polisieer. Die enigste oplossing vir die krisis was om vir Elsie en haar bemanning om hulp te nader. Die vraag het ontstaan of Elsie in staat sou wees om die lang seetog na Lüderitz, wat suid van Walvisbaai geleë is, te kon onderneem. Die Posbevelvoeder van Lüderitz het die versoek aan die Bevelvoerende Offisier in Windhoek gerig. Die Skipper, toe adjudant van Rensburg, moes die B.O. oortuig dat Elsie die seetog van sowat 200 seemyl veilig en suksesvol sou kon aflê. Na deeglike navorsing en beplanning deur André en sy bemanning, het hulle aangedui dat hulle en Elsie wel die afstand sou kon aflê. Hulle was deeglik daarvan bewus dat net die ongerepte Seekus van die Dood tussen Walvisbaai en Lüderitz was. Nadat die ondersoek afgehandel was, het die Kommissaris se kantoor in

Johannesburg magtiging verleen dat Elsie en haar bemanning na Lüderitz mag gevaar het. Die dag waarop die seetog aangepak moes word, het uiteindelik aangebreek en alle toerusting en navigasie toestelle was behoorlik nagesien waaronder ŉ ekstra drom met 200 liter diesel. Die bemanning vir dié seetog was die Skipper, adjudant André van Rensburg, luitenant Loekie Jordaan (die Posbevelvoerder te Walvisbaai), die stuurman, sersant Boetie Bruwer, en die dekhelpers konstabels Deon Kuhn en Martin Oosthuizen asook die masjienkamer lid, konstabel Johan Kotze. ŉ Kaptein van die Hawekaptein se personeel het hulle op die seevaart vergesel om ŉ ogie oor André se navigasie te hou.

In weerwil van die publiek se kommer dat die vaart na Lüderitz met so ŉ "klein bootjie" aangepak sou word, het Elsie en die bemanning vroegoggend die ankertoue gelig en vertrek. Die tog na Lüderitz het meer as twintig ure geduur. Gedurende daglig het alles sonder enige voorvalle verloop maar die probleme het egter begin wanneer die son gesak het en die see in duisternis gehul was. Van die onervare seemanne het sonder ophou die visse "kos gegee." Wanneer hulle asem geskep en beter gevoel het, moes hulle vir André help met die stuur van die boot om dit volgens die kompas, op koers te hou. André, ŉ ervare Skipper, het nie seesiek geword nie, maar om vir twintig ure lank agter die stuur van die boot deur hoë deinings en een trog na ŉ ander te stoei terwyl die enjinrewolusies die hoogte inskiet wanneer Elsie teen die hoë deinings afgaan, was om die minste te sê, baie uitputtend. Tussen alles deur moes hy nog kaartlees doen om te verseker dat hulle op koers gebly het.

Na ŉ vermoeiende tog het hulle Lüderitz veilig bereik. Die aankoms van Elsie het baie belangstelling by die booteienaars in die hawe en die algemene publiek ontlok. Die bemanning het in die vakansiehuisies bo die hawe, tussen die rotse, tuisgegaan. Twee duikers van Walvisbaai, Zorro van Zyl en Gerald van Riet (albei al oorlede), was reeds in Lüderitz toe die bemanning daar aangekom het. Hulle was verantwoordelik daarvoor om die kaai se strukture te inspekteer en het die bemanning soms op van hulle vaarte vergesel. By hierdie geleenthede het hulle van die grootse krewe "onwettig" met volle duiktoerusting gevang terwyl die polisiemanne natuurlik "niks" gesien het nie. Hier was hulle getrakteer met die heel grootste krewe wat daar was. As Walvisbaaiers het hulle nog nie voorheen sulke groot krewe gesien nie. Hulle kon beswaarlik een kreef op ŉ slag verorber.

Die bemanning het enkele dae in Lüderitz vertoef en verskeie optredes ter see geloods. Aanvanklik het die bemanning gedink dat van die vissermanne hulle nie goedgesind sou wees nie, maar nee wat, hulle het die vissermanne goed en vriendelik behandel wanneer hulle aan boord van hul vaartuie gegaan het. Baie van die vissermanne het die optredes waardeer. Wanneer hulle op land was en die bemanning in die plaaslike hotel se sitkamer raakgeloop het, het hulle dadelik vir die kelner gesê om vir die manne iets te drinke aan te gee. Met die terugreis na Walvisbaai het hulle van die vissermanne op die oop see raakgeloop. Die vissermanne het hulle dan nader gewink en met kreef oorlaai. Nou moes die bemanning van Elsie in gedagte gehou het dat daar in die hawe van Walvisbaai ŉ Visinspekteur op hulle kon wag en hulle was nie in besit van enige permitte vir die krewe aan boord nie. Die see het weereens nie saamgespeel nie en was by tye baie onstuimig.

Op ŉ stadium het die bemanning agter *Mercury* eiland gaan asem skep. Toe die nag aanbreek, het die gevreesde miswolke opgekom. Die stormweer het water in die boot geslaan en van die radiotoerusting was daardeur buite werking gestel. Vanweë die gebrek aan navigasie hulpmiddels moes André voortdurend die posisie op die kaart bepaal. Om op koers met die kaart te kon bly, was die bemanning genoodsaak om soms baie naby aan die land te vaar. Die boot se kollig was dan gebruik om op die sandduine te lig om sodoende die rigting te kon bepaal. Elkeen het ŉ beurt gekry om die kollig te hanteer terwyl die ander bemanning ŉ beker stomende *cup-a-soup* binne-in die boot geniet het. Groot was die blydskap toe Pelikaan Punt vuurtoring se lig in die verte gesien kon word. Dit was nie meer ver nie; hulle was amper daar. Verlig en dankbaar het Elsie en die bemanningslede die hawe van Walvisbaai binne gewaar. ŉ Verrassing het daar op hulle gewag; ŉ gekamoefleerde baret, wat net aan lede van die S.A.Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag uitgereik was, was aan elkeen van die bemanningslede oorhandig en dit was voorwaar iets waarop hulle baie trots was.

Die verwelkoming deur die publiek het die Visinspekteur se aandag oorweldig. Nee, hy het nie die boot ondersoek en op die krewe beslag gelê nie. Nadat alles afgehandel was en die

bemanning van diens gerapporteer het, kon hulle die krewe saam met hulle eens bekommerde, maar baie verligte gesinne geniet. Hierdie seetog het nie alleen die aansien van Elsie verhoog nie, maar ook dié van die dapper bemanning wat die vaart saam met haar meegemaak het.
(Andre van Rensburg en Loekie Jordaan)

**Die visvang trippie wat skeefgeloop het.**
Met ingang 1 September 1978 was ek as ŉ kaptein vanaf Bloemfontein na Port Elizabeth, as Offisier in bevel van die Veiligheidstak, oorgeplaas. Die Veiligheidstak van die S.A.Spoorwegpolisie was ŉ geslote afdeling van die Mag. Geslote in dié sin dat ons insae in korrespondensie gehad het wat uiteraard nie vir die gewone lid toeganklik was nie. Ons het baie nou saam met die Veiligheidstak van die Suid Afrikaanse Polisie gewerk. Ons was die waghonde sover dit die bewaring van die land se veiligheid op die S.A. Spoorweë aanbetref het. Dit het alle rollende materiaal, padvervoer, hawens, lughawens, lugvrag, spoorvrag en skeepsvrag ingesluit. Vir seker was dit een van die grootste flaters deur die Hoofbestuur van die S.A.Spoorweë om só ŉ hoogs gesofistikeerde en verfynde Mag (toegerus met plaaslike en internasionale kundigheid op alle terreine van polisiëring, beskerming en beveiliging en sonder enige twyfel die slagaar van die S.A.Spoorweë) by die S.A.Polisie te laat inlyf. Die sondebokke was na bewering Drs. Grove, Anton Moolman en minister Hendrik Schoeman. Die redenasie was dat die S.A.Polisie ook die S.A.Spoorweë moes polisieer. Wat ŉ flater. Terug by my storie. Kolonel Erasmus, die Bevelvoerder van die S.A.Polisie se Veiligheidstak in Port Elizabeth, het my versoek om ŉ visvang *trip* vir hom te reël. Ek het ŉ Engelsman geken met die naam van Dave Allan. Dave het ŉ kontrak gehad om voëlmis op *Bird Island* te versamel.
Dit was Paasnaweek 1983 en ons het vroeg die Saterdagoggend vertrek vanaf *Cape Receife* oppad na *Bird Eiland*. Ons was vier persone op Dave se "*Cata-Marang*". Die see was kalm en dit het baie goed gegaan met die hengelary. *Bird Island* was ongeveer 20 seemyle vanaf Port Elizabeth se hawe. Ek en kolonel Rassie het vir die nodige proviand voorsiening gemaak; insluitend natuurlik ŉ los meermin of twee. Dave Allan was daarvan bewus dat ons wou gaan visvang en, net nadat ons by *Bird Island* aangekom het, het hy ons sowat drie kilometer daarvandaan, Oos van *Bird Island* die see ingeneem. Daar het Dave ŉ rubber bootjie geanker en was ons met ons visgerei na die bootjie oorgelaai. Dave het teruggekeer na *Bird Island* en hy het onderneem om ons later die middag te kom haal.
Kolonel Rassie het ingegooi en hy het sommer spoedig ŉ byt gekry. "Ou Jannie", het hy gesê: "Dis ŉ grote!" My vrees was dat dit dalk ŉ haai kon wees. Hy het vir ongeveer tien minute met die ding aan sy lyn gespeel en kort daarna het die vangs bo die water verskyn. My vrese was bewaarheid want dit was ŉ knewel van ŉ haai; sowat twee meter lank. Die haai se oë was verwilderd. Hy het besef dat hy in ŉ ernstige situasie verkeer het. Ek was verder bevrees dat die haai die rubber bootjie kon aanval en dat ons dan beslis sou verdrink. Rassie wou nog met die haai gespeel het toe ek skielik ŉ behoefte ontwikkel het vir iets waarvoor daar nie op die bootjie voorsiening gemaak was nie.
Ek het die mes gegryp en die lyn afgesny en verduidelik: "Kolonel, ek het gekom om vis te vang en nie om te verdrink nie." Dave het ons kom haal en daardie Saterdagaand het ons lekker saam met die vuurtoring personeel op *Bird Island* gekuier. Meerminne was daar nie. Die Sondag het ek en Rassie baie vis vanaf ŉ tydelike kaai op *Bird Island* gevang. Sondagaand het ons weer gebraai want Maandag moes ons na Port Elizabeth terugkeer. Maandag het aangebreek en die wind het taamlik sterk gewaai. Dave het besluit dat ons so teen eenuur die middag sou vertrek. "Die Suidwester gaan net sterker waai", was die inligting wat van die Weerkantoor ontvang was. Dave het opdrag gegee: "*Boys, you will have to put on your life jackets.*" Ons het die opdrag gehoorsaam en op die *Cata-Marang* geklim. Die boot was met leer handvatsels, waaraan ŉ mens kon vashou, toegerus. Kolonel Rassie het aan die linkerkant en ek aan die regterkant van die boot stelling ingeneem. Die twee Engelsmanne was in die middel. Ons het die vasmeerplek verlaat en die reis na Port Elizabeth aangepak. Na slegs drie minute op die oop see het ek besef dat daar geen kans was dat ons Port

Elizabeth lewendig sou bereik nie. Die deinings was drie tot vier meter hoog en ons het meer deur die lug gesweef as wat ons op die water was.
Ek het onwillekeurig begin bid, want in my geestesoog het ek myself op die see gesien ronddobber met my "*life jacket*" aan. My arms het moeg geraak en ek het vir Dave geskreeu om stil te hou. Hy het stilgehou maar ons was steeds oorweldig deur die deinings. Ek het maar besluit om op die vistenk se deksel te gaan sit. Die vistenk se deksel het handvatsels gehad waaraan ek kon vashou. Dave se verdere vermaning het die situasie net vererger: "*Boys, all I can do know is to put more speed on.*" Die Engelsman het daar weggetrek en toe het dit rof gegaan. Ons was twee sekondes op die water en ses sekondes in die lug. Wanneer ons deur die lug getrek het, het dit goed gegaan, maar sodra ons weer die water getref het, het ek elke keer op my knaters op die deksel te lande gekom. Na ongeveer tien landings kon ek dit nie meer uithou nie. Ek het geskreeu: "Stop. Stop!" Allan het gestop en gevra: "*Whats wrong?*" Ek het gesê dat elke keer wat ons die water getref het, het ek op my knaters geland. "*Whats that?*" wou Allan weet. Ek moes toe verduidelik: "*I am landing on my balls, my testicles, every time we hit the water. We will never make it – ask the fishing trawler for help*." Die betrokke vissersboot wat nie ver van ons was nie, was ook na *Cape Receife* onderweg. Allan het voldoen aan my versoek en het gestop. Ek en kolonel Rassie het baie dankbaar van die *Cata-Marang* af in die vissersboot gespring terwyl die een Engelsman met 'n tou van agteraf die skuit ingetrek was. Die skipper van die vissersboot het vir ons warm tee aangebied en gesê dat ons dit nooit na *Cape Receife* sou gemaak het nie. Dave het omgedraai en na *Bird Island* teruggekeer. Dit was 'n nare ondervinding en al wat ek en kolonel Rassie daarna kon sê was: "Dankie Here!"
(Tjaka Neethling)

**Harbour prostitutes**
In 1978 I joined the South African Railway Police where I underwent training at Esselen Park on the East Rand. In 1981, following almost three years of service at Johannesburg station, I was promoted to sergeant and transferred to Table Bay harbour. I soon discovered that working at a harbour was quite different from working at a railway station. Being a policeman at a harbour meant dealing with people from all over the world that spoke different languages. Apart from the sailors we were in contact with representatives from all over the world who worked as agents and diplomatic consuls from China, Japan and Portugal, among others. Boarding a foreign ship was equal to being on the soil of that country. For example, if we boarded a Japanese ship we were in Japan and bound by their laws. Before going on board you would have to have the permission of the ship's captain, agent or consul. A list of particulars of the various agents and consuls were kept at the office of Port Control. In certain cases we would have to make use of the agents or consuls as interpreters to assist the police in communicating with the seamen. The harbour was completely fenced in with five entrances for vehicles and pedestrians, manned by customs officials. Harbour regulation 145, read with regulation 161, stated that any railway official or railway policeman could warn any person to leave the harbour area for any reason. If that person returned to the harbour within seven days of the warning they could face arrest.
These regulations could also be applied to the hundreds of prostitutes visiting the harbour to pick up men on the ships. In a bid to clamp down on the activities of prostitutes I was appointed sergeant in charge of the Prostitute Squad together with six other members. Upon meeting with the magistrate of court 16, regarding the magnitude of the prostitution problem, I was assured that if we produced previous records of those who persisted in breaking the law, he would intensify the sentences each time they were brought before the court. Following my meeting with the magistrate, every prostitute arrested was charged and had fingerprints taken. The sentence for a first time offender was six months. Second time offenders received twelve months. Further appearances attracted sentences between eighteen and twenty four months. Prostitutes were arrested on a daily basis. We were given letters from different consuls permitting us to board ships and remove the prostitutes and I began compiling photo albums with matching particulars of those arrested. The album soon became of great use to police looking for girls who had committed additional crimes or were reported missing. Police and

civilians alike would contact me in connection with runaway schoolgirls or missing daughters, wives, sisters and friends. Many of those that contacted me could not understand how it was possible to trace the women they were looking for. What they didn't know was that I would show the pictures of missing women to the oldest and ugliest prostitutes. They would tell me where to find the missing girls or women because they felt threatened by the competition the younger prostitutes brought with them. When raiding ships we found girls in the strangest places. They would hide in fridges, engine rooms, under nets, on the side of ships, under beds, floors and in cupboards. The ages of prostitutes ranged between twelve and sixty. Some prostitutes went out of their way to seduce young policemen working in the harbour. By tempting the policemen they could gain information and protection. Despite apartheid, one of the young white policemen fell in love with a colored prostitute and became engaged to her. It soon became clear that she had control over him and was using him for protection. He finally confessed to me. I called her to my office and told her that she was ruining his life and putting his career in jeopardy. They ended the relationship and he continued with his life.
A colleague once told us that he had fallen for an Irish girl and that they were living together in Woodstock. One Sunday, as I visited the policemen on their respective beats, I noticed three women in a vehicle parked near the landing wall at the docks. As I approached, a women aged about forty-five jumped out of the car and ran towards me. She told me that she was “Dup (skuilnaam) se liefde.” She was by no means an Irish girl. She was one of the prostitutes that operated around the docks. They later wed and from what I hear, they are still happily married to this day. It was heartbreaking to see young girls and women so desperate to escape their living conditions that they were willing to become part of a prostitution and drug network.
(Keith Blake)

**Daar gaan my gelukkie!**
Na my opleiding in die taakmag het ek na Maydon kaai teruggekeer waar ek gestasioneer was. Majoor Daantjie Malan, wat saam met my die opleiding in die taakmag deurloop het, was by die rugby van die Spoorwegpolisie in Natal betrokke. Op ‘n dag het ek opdrag gekry om by Hoofkantoor te gaan aanmeld. Ek het op die rooi tapyt verskyn omdat ek nie die rugbyoefeninge bygewoon het nie. Ek het toe gelieg en gesê dat ek by die uniformpersoneel was en dat die skofte wat ek gewerk het, veroorsaak het dat ek nie tyd gehad het om te gaan oefen nie. Dieselfde middag nog het die Posbevelvoerder my ingeroep en gesê ek was onmiddellik na die Trokdiefstaleenheid oorgeplaas.
Ek was by sersant J.D.Fourie ingedeel wat vir die eerstespan rugby en toe later ook vir Natal slot gespeel het. Die einste majoor Daantjie Malan het ook vir J.D. Fourie destyds gewerf om in Durban vir die Spoorwegpolisie te kom rugby speel. Die manne het nie vasgestelde tye gewerk nie en gevolglik was daar meer as genoeg tyd om rugby te kon oefen.
‘n Rukkie later het J.D.Fourie sy knie in die rugby beseer en vir die tyd wat hy af siek was, het ek by die *Drugsquad* gaan werk. Die Speurders het net met *Rambler Hornets* gery. Ek het gevrek oor daai karre. Arnold Munro en ek het een nag met sersant J.D. se geel Rambler Hornet ‘n saak in Port Shepstone gaan ondersoek. Met die terugreis het Arnold my uitgedaag om te kyk hoe vinnig die Hornet kon ry. Niks het my gekeer om die uitdaging te aanvaar nie want die tagograaf in die Rambler het nie gewerk nie, of so het ons gedink.
Die Maandag was ek weer in Hoofkantoor op die rooi mat. Die einste majoor Malan het my gevra hoe dit moontlik was dat ek 185km/h met die Hornet kon ry terwyl daar ŉ brandstof krisis in die land geheers het. Gelukkig het die majoor van my gehou en ek het skotvry daarvan afgekom.
Ek was ŉ gebore Suidwester wat baie konserwatief grootgeword het. Ek het later by die *Drugsquad* tussen die daggarokers en prostitute beland wat ietwat van ‘n vreemde gedoente was vir my. Saam met my het ŉ Botha speurder gewerk. Hy het opdrag gekry om my al die *ropes* te leer. Deel van ons pligte was om elke nag ‘n besoek aan al die nagklubs te bring. Die eienaars het geweet dat ons van die polisie was en hulle het ons gehaat. Ons het by die deur net ons aanstellingsertifikaat gewys en hulle moes ons toelaat, anders het ons ŉ klopjag op die nagklub uitgevoer. Die eerste nagklub wat ek besoek het, was ŉ Gay Klub. Dit was vir

my ŉ rare ondervinding om in die klub te wees, siende dat ek nie van sulke dinge bewus was nie. Tot my skok het ek ŉ mede-polisieman in die klub raakgeloop wat saam met my in dieselfde kamer in die Kollege geslaap het. Onmiddellik het ek besef waarom hy elke aand met een van ons wou stoei. Hy was net so skaam vir my en het kort daarna uit die Mag bedank.

Botha, wat my touwys gemaak het, was ŉ fantastiese speurder want al die prostitute was sy informante. In 1975/76 het ons by die drie duisend dossiere van prostitute in die hawe gehad. Meeste van hulle was blank en tussen die ouderdomme veertien en vier-en-twintig jaar. Ek kon dit nie glo nie. Omdat ek van nature baie nuuskierig was, het ek hulle altyd uitgevra oor die rede waarom hulle prostitute geword het. Baie van hulle se stories het my laat huil. Hulle het met die luuksste motors by die hawe opgedaag. Later was ek in staat om die prostitute uit te ken selfs al het ek haar in die kerk raakloop. Dit was vir my baie opvallend dat meer as die helfte van die prostitute waarmee ek te doen gekry het, littekens aan hulle polse gehad het. Een spesifieke nag het ek ŉ pragtige meisie (prostituut) gevang en haar aanklagkantoor toe gevat met die bedoeling om haar nie aan te kla nie, maar eerder net te waarsku. Ek het toe eenkant in ons kantoor alleen met haar gesels en nie lank daarna nie het sy gesê dat sy my *laaik* en ek moes vir haar kom kuier. Sy was pragtig en ek het al haar inligting afgeskryf en was baie opgewonde. Net toe het daar so ŉ windgat sersant, wat aan vervolgingswaansin gelei het, ingestap. Hy het gesê ek moes haar toesluit en die volgende oggend hof toe vat. Sy het haar moer net daar en dan ordentlik *gestrip* en voor almal daar het sy gesê dat ek ook nie meer vir haar hoef te gaan kuier nie het nie en dat ek nie moes dink ek sal ŉ gelukkie by haar kry nie. Groot was my verleentheid en almal het gedink dis ŉ groot grap; hulle het my lank daarna nog gespot.
(Peet Prinsloo)

**Uncle, droog uit jou baard.**

Ek het een oggend afgery na die waterpolisie, wat ook onder my beheer geval het, terwyl ek Posbevelvoerder op Richardsbaai was. Sersant Hennie Cloete was die skipper van die polisieboot en ek het vir hom gesê dat ons ŉ ent op die oop see moes uitgaan want ek wou my kop ŉ bietjie skoon kry. Daardie jare het die Streekoffisier die Posbevelvoerders geroer. Ek was ook darem ŉ man wat nie net perde kon ry nie; ek was ook ŉ gekwalifiseerde skipper met ŉ lisensie wat deur die Hawekaptein uitgereik was. Toe ons so ent gevaar het, het ek vir Hennie gesê: "Vandag is die dag wat ek die stange van die boot vat en jy my passasier gaan wees." Ons het die hawegebied gepatrolleer en toe ons in die rigting van die hawe mond gery het, het ek teenoor Hennie opgemerk dat ek op daardie oomblik verlang het na die dae toe ek ŉ kaptein op ŉ skip was en die water uit my baard gedroog het wanneer ons deur die branders gery het. Die polisieboot het ŉ kajuit gehad en reg voor die stuurman was daar ŉ venster wat oop en toe kon gemaak het. Terwyl ek nog so staan en drome droom het, kom daar ŉ onverwagse brander wat nie ek of Hennie gesien het nie, en dié het oor die neus van die boot, bo-oor ons en agter by die dek uit, gebreek. Beide van ons was sopnat tot op die vel en nadat ons twee tot verhaal gekom het, het Hennie ewe kalm laat val: "*Uncle*, droog jy dan nie jou baard uit nie?" Kan jy nou glo dat daardie brander net op die regte oomblik moes kom? Na die episode was ek nie net nugter wakker nie, my kop was skoon en my lyf sopnat.
(Andries Burger)

**Die ongekwalifiseerde Skipper.**

In die jare wat luitenant Loekie Jordaan as Posbevelvoerder in Walvisbaai gestasioneer was, het hy hom dit ten doel gestel om soveel as moontlik by sy personeel se werksaamhede betrokke te wees. So het dit dan ook gebeur dat hy onder die leiding van adjudant offisier André van Rensburg geleer het hoe om die patrollieboot, Elsie, op die oop see te stuur. Met sy verplasing vanaf Walvisbaai na Tafelbaai hawe as Posbevelvoerder het hy die patrollieboot, Tobie, wat ŉ soortgelyke boot as die Elsie was, in Tafelbaaihawe aangetref. Hy het kennis gehad van die werking en navigasie van die boot, veral vir weeklikse inspeksies en toetsritte. Een aand gedurende 1987, terwyl dit al sterk skemer was, het sersant Blake hom tuis geskakel en gerapporteer dat die voorrade skip, die *Sealink*, wat na ŉ skip naby

Seepunt onderweg was, in moeilikheid verkeer het. Luitenant Jordaan het na die dokke gejaag en met sy aankoms daar was die Afdelingskommissaris, generaal Acker, reeds by die patrollieboot, Tobie. Die bemanning was by die boot maar die skipper van Tobie, Sersant Van Rensburg, het getwyfel of dit veilig sou wees om die *Sealink* te hulp te snel. Genl. Acker wou weet wat hulle nou te doen sou staan. Die ervaring wat luitenant Jordaan in Walvisbaai op die Elsie opgedoen het, het hom die nodige vertroue gegee om ŉ besluit te kon neem. Mense se lewens was in gevaar en as polisieoffisier kon hy nie die bemanning van die *Sealink* net so aan hulle lot oorgelaat het nie. Hy het die bemanning opdrag gegee om aanboord die Tobie te gaan en agter die stuur van die Tobie inbeweeg. Hy en die bemanning het die seevaart na die *Sealink* aangepak. Die NSRI se hulp was ontbied om hulp te verleen. Voordat die twee bote die *Sealink* egter kon bereik, het dit in die stormwaters gesink. Al wat luitenant Jordaan en die NSRI toe kon doen, was om na enige oorlewendes te soek.
Die see was rof met hoë deinings. Angs sweet het van luitenant Jordaan afgetap terwyl hy agter die stuur van die Tobie gespook het om die boot op koers te hou. Die bemanning moes buite op die boot staan om op die uitkyk vir enige oorlewendes te wees. Om dit te kon doen, moes die bemanning hulleself met toue aan die reëlings van die boot vasgemaak het om te verhoed dat hulle oorboord sou val. Met die reuse golwe was die Tobie bo-op die kruin van die golwe en die NSRI se boot daar onder in die trog, en dan weer die Tobie daaronder en NSRI se boot bo-op die kruin. Dan het jy die stad se ligte gesien en dan weer net water. Die twee bote moes keer dat hulle nie te naby aan mekaar gevaar het nie.
Geen oorlewendes was ter see gevind nie en, nadat die stormweer vererger het, moes beide die NSRI en die polisie die reddingsaksie aflas. Die wrakstukke wat in die nag op die see rondgedobber het, het ook ŉ gevaar vir die bote ingehou. Die Tobie en sy bemanning het die hawe veilig bereik ten spyte van die feit dat ŉ ongelisensieerde skipper, dog bekwame offisier, agter die stuur van die Tobie was. Waarskynlik sou generaal Acker, die skipper, luitenant Jordaan vermoor het as hy bewus was dat luitenant Jordaan nie ŉ gekwalifiseerde skipper was nie, maar nouja, niemand het dit geweet nie behalwe die bemanning. ŉ Dag of wat later het die meeste van die vrag wat uit drank, sigarette en kruideniersware bestaan het, op die strand by Seepunt uitgespoel. Sersant Blake, wat verantwoordelik was om die voorrade wat uitgespoel het bymekaar te maak, moes versterkings ontbied toe die ryk inwoners van Seepunt op die strand toegesak het om hulleself te help. Gelukkig was dit die verantwoordelikheid van die doeanebeamptes om rekord van alles wat op die strand gevind was, aan te teken. Die lyke van die bemanning van die *Sealink* het een vir een op die strand uitgespoel terwyl sommige van die lyke deur die polisieduikers gevind was.
(Loekie Jordaan & Keith Blake)

**The thief that walked like a duck.**

At about 3.30 one morning I picked up the members of my shift with a patrol vehicle and proceeded to the harbour where we were to raid ships. As we drove down South Arm Road I spotted a tall coloured male walking like a duck. He looked straight ahead as we passed him. I looked at him in the rearview mirror and noticed he had stopped walking. When I stopped the vehicle he started walking again. I made a U-turn and approached the suspect whom I noticed was soaking wet on a clear morning with no rain. I questioned him about his wet clothes. He said he worked at Irvin and Johnson and that he had fallen into the sea at D-berth. I knew that I&J had no boats at D-berth, so we took him there and found a large ship carrying fruit. I asked the suspect if he had been aboard the ship and he answered "No". I then asked that he take off his tekkies and boarded. We proceeded to the deck where the anchor rope connected the ship to the Ballard on the quay. The deck was wet, exposing shoe prints that matched the pattern of the suspect's tekkies. The prints led to the Officer's cabin where I discovered the door was unlocked. Just then the Chief Engineer arrived and I asked him if anything was missing from his cabin. He switched on the light and opened a drawer where he found his wallet. He was satisfied that nothing was missing but I told him to open the wallet and to make sure. All his American dollars and English pounds were gone. We then searched the suspect but found nothing on him, so we returned to where we had picked him up and began searching there. We found the money hidden in a metal pipe attached to a wall. The suspect

was charged and appeared in court on the same day. The Chief Engineer commended the Railway police, saying that they were faster than the police of Scotland Yard. The following day a headline in the Cape Times read: RAILWAY POLICE ARREST SUSPECT WALKING LIKE A DUCK.
(Keith Blake)

**Zoro vs. die Vlootduikers**
Walvisbaaihawe was, soos alle ander hawens, ŉ Nasionale Sleutel Punt wat ten alle koste beskerm moes word. Die hawe was van strategiese belang in die bewaring van Binnelandse veiligheid. Dit was ŉ vereiste dat die beveiliging van die hawe en die paraatheid van die S.A Spoorwegpolisie op ŉ gereelde basis geëvalueer moes word. In 1985 het ek my laaste evaluering te Walvisbaai gehou. Aangesien die S.A. Vloot ŉ kritieke rol in die verdediging van die vlootbasis en die beveiliging van die hawe gespeel het, het hulle aan die oefeninge deelgeneem om hulle eie vermoëns te evalueer. Gereelde vergaderings tussen die S.A.Spoorwegpolisie en die S.A. Vloot het plaasgevind ten einde hulle onderskeie aksies en verantwoordelikhede te koördineer. Inligting was versprei dat die hawe deur die vyand (vlootmagte wat naby Walvisbaai met oefeninge besig was) se duikers aangeval sou word. Hulle opdrag was om personeel wat in die hawe werksaam was, gevange te neem en as gyselaars aan te hou en die brandstof opgaartenks moes gesaboteur word. Daarna moes die vyand die dorpsgebied binnedring en verwoesting saai. Die noodplanne wat vir sulke insidente voorsiening gemaak het, was in werking gestel. Lede van die S.A. Spoorwegpolisie was op al die strategiese plekke en moontlike toegangsroetes tot die hawe ontplooi. ŉ Paar lede het die grensheining gepatrolleer.
Die hawe personeel het egter nie van die oefening geweet nie ten einde dit so realisties as moontlik te maak. Slegs die haweduiker, wat nou saam met die polisie gewerk het, het van die oefening geweet. Die polisie se patrollieboot, Elsie, met sersant André van Rensburg in bevel, het die hawegebied gepatrolleer om die aanslag af te weer. Aan die buitekant van die draadomheining was ŉ aantal pootjiefakkels, wat as vroeë waarskuwing moes dien, opgestel. Die houtkaai waar Elsie altyd vasgemeer het, was die mees waarskynlike plek waar die duikers (vyand) voet aan wal sou sit. Elsie was ook met ŉ LMG toegerus om vuurkrag te verleen. Die res van die kaai was baie hoog en dit was hier waar Zoro (bynaam), wat ŉ gesoute haweduiker was, die vyand ingewag het terwyl ŉ aantal lede op die kaai stelling ingeneem het. Die aanval het in die nag plaasgevind. Die “vyand”, bestaande uit duikers van die vloot, het egter nie so lig daarvan afgekom nie. Hulle het met die baie ervare en gesoute duiker, Zoro, onder in die kaai te doen gekry. Hy het die kaai soos die palm van sy hand geken en die “vyand” het soos proppe opgeskiet wanneer hy hulle aangeval het. Die vyand was deur die polisielede bo-op die kaai gearresteer en hulle was van hul duikpakke gestroop en agter in die patrollievoertuig geboender. Hulle moes vir die res van die oefening in die koue deurgebring het.
Na afloop van die oefening was daar nabetragting gehou. Die S.A. Spoorwegpolisie se beplanning en optredes het aan al die vereistes voldoen om die hawegebied effektief en doeltreffend te beskerm.
(Loekie Jordaan)

**Die verloofde wat *gestrip* het.**
Ons het inligting gekry dat daar dwelms en pornografiese materiaal op ŉ spesifieke boot in die hawe was. Dit was nie nodig om ons hare te sny nie want ons het baie *under cover* gewerk. Niemand het vermoed dat ons polisiemanne was nie. Ons het vriende gemaak met van die bemanning van die boot en het gereël om die Vrydagaand ŉ moerse *party* op die boot te hou. Ons moes net sorg vir die meisies. Ek het nie baie meisies geken nie, maar van die ander speurders wat daar grootgeword het, het baie meisies geken en gou was ons ŉ hele klomp *under cover* polisiemanne en meisies oppad na die *party*. Een van die polisiemanne se verloofde het ook saamgegaan. Nie lank nadat die *party* aan die gang was nie, het die voggies begin loop. Soos wat die aand verloop het, was dit ook nie lank nie of die verloofde se klere waai en sy dans nakend tussen ons en die matrose. Die arme ou polisieman wou in die

see spring van skaamte. Die res van die aand was chaos; hy is later daar weg sonder sy verloofde en geen arrestasies was gemaak nie. Dit was ŉ baie lekker tyd in my lewe.
(Peet Prinsloo)

**"Yes can I help you".**
Die patrolliegebied by Maydon kaai het aan die veelbesproke 101 strand naby die Addington hospitaal gegrens. Dit was ŉ gesogte plek waar paartjies laataand in hulle karre gekattemaai het. Sersant Prinsloo was ŉ stoute man. Hy het op nagskof altyd ŉ paar van ons jong polisiemanne op voetpatrollie gepos met dien verstande dat ons twaalfuur die aand gereed moes wees ten einde die gebied by 101 strand te patrolleer. Een betrokke aand het ons ŉ motor opgemerk wat eenkant in die donkerte geparkeer gestaan het. Die ruite van die motor was toegewasem en die motor het ritmies heen en weer gewieg. Ons het die motor versigtig bekruip asof die insittendes daarvan baie gevaarlik kon wees. Een van die manne het aan die ruit geklop en met ŉ luide stem was ons teenwoordigheid as polisiemanne aangekondig met die bevel dat hulle die deur van die voertuig moes oopmaak. Die enigste reaksie van die insittendes het onverwags gekom toe die dame haar vinger gebruik het om ŉ ronde loergaatjie aan die binnekant van die toe gewasemde ruit te maak. Ewe ongeërg en sonder enige vrese het sy gevra: "*Yes, can I help you*?" Ons het verwag dat die paartjie verbaas sou wees en dat hulle hulself vir die verleentheid sou geskaam het. Dit was duidelik dat die dame in die voertuig al gewoond was aan die middernagtelike besoeke wat die polisie aan die motors in die gebied gebring het. Ons het toe maar die hasepad gekies met rooi gesigte sonder enige vermaak.
(Johan Marais)

**Elsie Die polisieboot – Walvisbaai (1982)**
Die koms van die langverwagte polisieboot, Elsie, het ŉ groot leemte in die S.A. Spoorwegpolisie se werksaamhede en verantwoordelikhede in Walvisbaai vervul. Ek was een van die gelukkiges om op dié skippie saam met sersant André Janse van Rensburg te kon werk. Voor die koms van Elsie moes ek eers ŉ volledige kursus op die sleepbote gaan doen het om alles te leer wat nodig was om op die polisieboot te kon werk. Nietemin, die Elsie het toe gearriveer op die houerskip Berg of Breede (kan nie meer onthou nie) en sy het vir meer as ŉ week in haar "*cradle*" op die kaai gelê sodat ons haar kon skoonmaak en na ons behoeftes inrig. Matte was in die kajuit gelê, ens. Van daar af was dit net lekker. Ek en André het ons eie werkrooster uitgewerk en luitenant Piet du Toit (Korrelkop!) moes oortuig word dat dit reg was. Die werk was aangenaam en kort voor lank het ons gereelde ekskursies Pelikaan Punt toe onderneem en het sodoende die bemanning aldaar beter leer ken. Menigmale was daar so bietjie van ŉ logistieke probleem om die ouens by die vuurtoring omgeruil te kry en dan het ons ingespring en die een span uitgeneem en die ander een teruggebring.
So het Kersfees 1982 aangebreek en die vuurtoring manne het ons weer een dag net voor Kersfees vir ŉ kuiertjie genooi. Hulle wou toe by ons weet wat die kanse was dat ons op Kersdag hul vroue en kinders na Pelikaan Punt kon vervoer. Wel, ek was nie getroud nie en het dus geen familie en geen verpligtinge gehad nie so ek was meer as bereid om te gaan. André stem toe ook in en alles was toe so gereël. Kersdag het gekom en dou voor dag was ek en André alreeds op die Elsie om ons trots mooi skoon te maak vir ons gaste. Ek moet dit noem dat ek sommer die vorige aand alweer op die Elsie geslaap het as gevolg van my nagtelike eskapades op Oukersaand. Dit was ook nie lank nie of die twee families het opgedaag; twee ma's, ŉ spul kinders en bakke en bakke vol kos en slaaie vir hul geliefdes by die toring. Die see het mooi saamgewerk en ons het ŉ seepgladde rit tot by die toring se kaai gehad waar die manne ons ingewag het om die groot trek na die toring toe aan te dra. Wat ŉ feesdag! En dit was lekker om die ouens te kon help om die dag saam met hul families te kon deurbring.
(Marius A Carelse)

**Docks Police arrested 300 harbour women**
Ek was ongeveer drie maande in die Mag toe ek vanaf Kaapstadstasie na Tafelbaai dokke oorgeplaas was. Op daardie stadium was ek nog ŉ rekruut. Ek was sewentien jaar oud en was nog nie in die Kollege gewees nie. Nog nat agter die ore en met min lewenservaring het ek saam met die beroemde, of eerder berugte, Etsebeth broers en sersant Engels gewerk. Prostitusie was toe nog iets waarvan ek niks geweet het nie. Dit was ŉ bedryf wat hooggety in die hawe gevier het. Dié betrokke aand was dit my eerste keer dat ek teenwoordig was toe hulle die prostitute op die skepe vasgetrek het. Die prostitute was gewoond aan die arrestasies en het hulle nie veel aan ons gesteur nie. Wat hulle wel gedoen het, was om allerhande aanmerkings teenoor my te maak van " kyk hoe oulik is hy, seker mamma channa se seun" - wat dit ook al beteken het. Van tyd tot tyd het ons toestemming van die verskillende lande se konsulate gekry om hulle bote, wat in die hawe vasgemeer was, vir prostitute te deursoek. Jong, dit was ŉ groot operasie. Partykeer het die prostitute vir ons weggekruip en dan moes ons hulle op die onmoontlikste plekke van die bote gaan afhaal het. Telkemale was hulle kaal en het hulle dan geweier om hulle klere aan te trek. Sonder enige seremonie en tot groot vermaak van die hawe personeel, het ons hulle net so kaal agter in die vangwa gelaai. Ons het een aand die Argus se hoofopskrif gehaal wat gelui het: "*Docks police arrests 300 harbour women.*" Goeie tye.
(Johan Marais)

## DIENSTE EN SAKE OP SPOORWEGSTASIES

**Bewaking van die Wit trein.**
In 1966 het die Staatspresident van die Republiek van Suid Afrika nog met die Wit trein gery wanneer hy vir lang afstande deur die binneland moes reis. Die trein was spesiaal vir die President en sy gevolg ingerig. Dit was die verantwoordelikheid van die S.A. Spoorwegpolisie om die trein te bewaak wanneer die President op reis was. Ek was daardie jaar ŉ jong konstabel te Bloemfontein. So gebeur dit dat ek en vyf ander lede opdrag gekry het om die Wit trein waarin Staatspresident Jim Fouché en sy vrou, Tannie Lettie Fouché, mee gereis het vir drie weke moes gaan bewaak waar dit op Paul Roux stasie gestaan het. Oom Jim en Tannie Lettie was met vakansie op hulle plaas in die distrik. Met die aankoms van die President op die stasie het alles wat kon blink, geblink. Die stasieperron was netjies en skoon. ŉ Groot groep belangstellendes en amptenare het die Presidentspaar op die platform ingewag. Nadat die formele prosedures afgehandel was, het ons in hulle rigting gestap toe Oom Jim vassteek, sy hand uitsteek en elkeen van ons groep se blad geskud het. Sy woorde aan ons was: "Julle moenie bekommerd wees nie, ons sal na julle kyk." Dit was toe ook so. ŉ Rytuig was vir ons ingerig waarin ons geslaap het en maaltye het ons in die eetsalon van die Wit trein genuttig wat deur Oom Jim se personeel voorberei was. Baie belangstellendes en nuuskieriges het die stasie besoek om te kyk hoe die Wit trein lyk. Ons het vir drie weke die ervaring gehad van hoe dit voel om soos die Staatspresident behandel te word. Nogal iets wat ek graag vir ŉ langer periode sou wou geniet het.
(Douglas Du Randt)

**Die beskuldigde wat mal geword het.**
Daar was nag vir nag by die stasie kafee op die Suidelike voorstede in Kaapstad ingebreek. Inligting het daarop gedui dat ŉ bende vir die inbrake verantwoordelik was. Ek en speurder-konstabel Chris Fourie was die ondersoekbeamptes in die saak. Na baie nagte se observasie en min slaap het ons einde ten laaste die bende op Mowbray gearresteer.
Dit was toe die gearresteerdes se beurt om te praat en hulle het soos kanaries gesing en die dossier was nog dieselfde nag voltooi en die bewysstukke was ingeboek. Al wat oorgebly het om te doen, was om toe te sien dat die beskuldigdes die volgende oggend in hof 14, wat die uitstelhof in Kaapstad was, verskyn het. Toe die beskuldigdes voor die landdros verskyn het, het beskuldigde nr.1 dit goed gedink dat hy die landdros sal probeer oortuig dat hy geestelik versteurd was. Toe hy gevra was om te pleit het hy die grootste klomp nonsens denkbaar begin babbel. Die landdros het noodgedwonge besluit om uit te vind of daar dalk enige van sy familie in die hof teenwoordig was. Die landdros het die beskuldigde gevra: "Beskuldigde nr.1,

het jy familie?" Die beskuldigde het voortgegaan met speletjie en het geantwoord "Mielie..eks nie 'n hoener nie, ek eet nie mielie nie." Die landdros het weer probeer: "Beskuldigde nr. 1, het jy 'n getuie?" Weer het die onsamehangende antwoord gekom: "Tuie ek nie perd nie, dra nie tuie nie." Teen dié tyd het die toeskouers in die hof so begin lag dat jy hulle wie weet waar kon hoor. Die beskuldigde se kamma kranksinnigheid het toe gemaak dat hy vir dertig dae na Valkenburg vir waarneming gestuur was.
(Douw Vermeulen)

**Mielie diefstal in Transkei.**
Ek was pas vanaf die Eksamenraad te Hoofkantoor as luitenant na die speurders te Oos Londen oorgeplaas. Dit was einde 1976, kort ná die Transkei onafhanklik geword het, en volgens die meganisering van tekorte was dit duidelik dat daar groot probleme met die tekorte van graanprodukte in die Transkei was. Die S.A. Spoorwegpolisie kon nog, anders as die S.A.Polisie, in die Transkei funksioneer omdat die Spoorweë nog steeds in daardie gebied in bedryf was. Ek het na Umtata gegaan en in alle erns hierdie tekorte begin ondersoek. Met die nasien van dokumente in die goederekantoor het ek op dokumente afgekom waarvan die inhoud nie vir my gestrook het nie. Dit was hier waar die grootste diefstalsaak in die geskiedenis van die Transkei oopgevlek was.
Ek was besig om die "BD" lyste na te sien. Hierdie lyste was "*Bulk Deliveries*" wat deur die padvervoer busdiens afgelewer was. Die besondere lys waarna ek gekyk het, het na 'n vrag hoendermis kompos vir Libode verwys terwyl dit 'n vrag mielies vir N.R. Sparg van Baziya moes gewees het. Dit is snaaks hoe 'n mens al hierdie besonderhede na al die jare onthou maar hierdie was die deurbraak wat in my verstand bly vassteek het. Die betrokke busdrywer se naam was Prizeman Yako en ek het hom in alle erns begin ondervra. Ek het die ondervraging self behartig want ek kan die Xhosa taal vlot praat omdat ek saam met Xhosa kinders op 'n plaas in die Fort Beaufort omgewing grootgeword het. So het ek ook met kennis van die Xhosa se geestesgoedere grootgeword wat in my latere lewe vir my baie beteken het. Baie Xhosa vriende prys my nou nog oor die foutlose Xhosa wat ek praat en spreek gereeld hul verbasing uit oor my uitgebreide kennis van hul gebruike en gelowe.
Ek het op hierdie stadium vir Lolo Petzer, 'n kranige ondersoeker, by my laat aansluit. Die verdagte kon geen verduideliking verskaf vir die ongerymdheid hierbo vermeld nie (Die dokument het sy handtekening bevat). Ek het hom deurentyd vertel dat ek kennis van die magiese magte het en hom oortuig dat ek beheer het oor "*Mpoendoeloes*" (klein mensies wat onder beheer van toordokters is), "*Hielies*" (afgestorwe geeste wat in die nag onder beheer van toordokters amok maak), "*Stoenzelas*" (geeste wat aan 'n toordokter behoort en optree maar wat in die sonlig geen skaduwee gooi nie) en laastens het ek ook "*Smamlambo*" vriende gehad (mense wat in diep rivierkuile woon en as 'n guns aan my, enige persoon nader sou lok en laat verdrink). Nadat ek hom oortuig het dat ek oor hierdie formidabele mag beskik het, kon ek sien hy was uiters ongemaklik.
Oor en oor het ek hom oortuig dat, indien hy my nie die waarheid sou vertel nie, hy 'n naarheid sou begin ondervind. Dit was bekend dat as jy lank genoeg en met oortuiging vir iemand iets vertel dan begin hy jou later glo. Ek het sy voete onder hom uitgeslaan met al die bovermelde magte waaroor ek kwansuis sou beskik het en hy was duidelik senuweeagtig. Dit was ook nie lank nie of hy het begin naar word. Ek het toe vir hom gesê dat as hy begin om vir my die waarheid te vertel, sou ek hom 'n "muti" gee wat hom beter sou laat voel. Hy het sonder verdere versuim begin verduidelik hoe dit gekom het dat sy handtekening op die "BD"-vorm beland het. Dit het duidelik geword dat hy ál sieker begin voel het en ek het gedink dat hy vir my gelieg het ten opsigte van die naarheid.
Daar was 'n eerstehulp tassie in die voertuig en ek het dit gaan haal en braakmiddel uit die tassie geneem en hom 'n stywe dop daarvan ingejaag. Hy het, tot my verbasing, regtig tekens getoon dat hy wou opbring en ek het vir hom laat verstaan dat dit duidelik was dat hy steeds vir my gelieg het en dat die medisyne hom sou laat sterf omdat hy vir 'n toordokter gelieg het. Ek het hom behoorlik gestriem omdat hy my "*kapu kapu*" vat en geen respek getoon het nie. "*Kapu kapu*" beteken "ligtelik opneem" in Xhosa. Weereens het ek hom oortuig dat hy nie vir my kon lieg nie want toordokters weet wanneer mense lieg. Ek het verder vir hom gesê dat hy

besig was om te sterf en dat ek die teenmiddel vir die “anti - lieg” medisyne gehad het wat hy so pas ingeneem het. Sy oë het so groot soos pierings geword en hy het my desperaat begin smeek vir die teengif. Hy het hoog en laag gesweer dat hy daarna die waarheid sou praat solank ek hom tog net vir oulaas sou help. Hy het gekniel en gesê hy dat hy nooit weer in sy lewe vir my sou lieg nie. Ek het vir Lolo gesê dat hy hom moes uitneem en goed laat braak. Toe Prizeman teruggekom het, het ek vir hom twee pynpille gegee en gesê dat sy lewe daardeur gered was. Sy dankbaarheid en verligting was onbeskryflik.
Die kêrel het daarna met die hele sak patats vorendag gekom. Die *modus operandi* het kortliks daarop neergekom dat ‘n laaimeester ‘n trok mielies sou oormerk om gesteel te word. Die betrokke dokumente met betrekking tot daardie spesifieke trok was alles, in oorlegpleging met ‘n klerk in die goederekantoor, vernietig. Hulle moes egter die “BD” dokumentasie voltooi sodat die betrokke busdrywers die gesteelde mielies na die ontvangers toe kon vervoer. Hierdie was die swak skakel in die diewe se planne want dit was hoe ek van hulle onderduimshede bewus geraak het. ‘n Verklaring van Prizeman was geneem. Hierna het ons die betrokke spoorwegtrokke opgespoor deur middel van ‘n notaboek wat die voormanlaaimeester gehou het waarin alle trokke se nommers aangeteken was wat op daardie dag afgelaai moes word. Langs die trok se nommer was die laaimeester se naam aangeteken. Om afskrifte van die vernietigde dokumente te bekom, het ons die walyste van treine in die Stasievoorman se kantoor gaan trek. Feitlik al die trokke was van Viljoenskroon en die afsenders was Sentraal Wes Koöperasie. Saam met Prizeman Yako het ons ook die volgende busdrywers aangekla: Leonard Xana, Brian Sazi en ‘n vierde man wie se naam ek nie meer kan onthou nie. Wat ek wel van hierdie vierde man kan onthou was dat ons hom op ‘n Saterdag op sy troue in een van die landelike lokasies van Lusikisiki gearresteer het. Die arrestasie het gepaard gegaan met diplomatieke onderhandelinge met die betrokke Hoofman en die ouderlinge van die betrokke stat. Hier het my kennis van die Xhosa en sy gewoontes my weereens goed te pas gekom.
Een van die beste swart speurders wat ek geken het naamlik, Frank Witvoet, wat saam was, het net sy kop in bewondering geskud. Hy het die hele groep wit speurders wat op hierdie stadium my bygestaan het verseker dat die “*Mfengu*” (of *Fingos* soos hulle algemeen bekend staan) ‘n baie gevaarlike en veglustige stam was en dat slegs diplomasie en kennis van hul gebruike so ‘n situasie kon ontlont. Ons was op goeie voet daar weg met ons prisonier en het hom veilig in Wellington Gevangenis in Umtata opgesluit. Ons het nog personeel toegesluit en ‘n hele aantal ontvangers was ook in hegtenis geneem. Van hierdie mense het ons as staatsgetuies gebruik. Die volgende was slegs ‘n paar van die items wat ek kan onthou wat gesteel was:- Meer as vyf honderd ton mielies, vyf-en-negentig ton mieliemeel en etlike honderde kartonne drank, komberse, bedoortreksels, aromat en hope ander items. Ons het honderd-en-twintig ton mielies, ongeveer twintig ton mieliemeel en hope ander bewysstukke teruggevind. Ons het die bewysstukke in vyf beestrokke gelaai, geseël, met nuwe slotte toegesluit en op Umtata stasie onder polisie bewaking geplaas. Die ondersoekspan het bestaan uit adjudant offisier Frans Potgieter, Roger Cox, Lolo Petzer, Jack Jacoby, Andre Olivier en Frank Witvoet wat almal te Oos Londen gestasioneer was. Twee swart speurders van Umtata was ook by die span betrek. Die ondersoek het drie maande geduur. Ons het lang ure gewerk en toe ons die ondersoek afgesluit het, het ons ‘n aantal verklarings wat in die omgewing van Port St. Johns afgeneem moes word, vir laaste gelos. Ek het die hele span na Port St. Johns geneem waar die verklarings oor drie dae geneem was. Ons het elke aand kreef of braaivleis geëet en goed ontspan.
Een van Lolo se funksies was om die dossier op te trek en die ondersoekdagboek by te hou. Ons was deur die aanklaer van die streekhof, “*Lovey*” Dreyer, gekomplimenteer dat ons, volgens hom, ‘n voortreflike stuk werk gedoen het. Lolo het altyd uitgeblink met die opstel van ‘n netjiese dossier. Hy kon kophou soos ‘n dronk weeluis. Die dossier, subdossiere vir elke aanklag en die dokumentasie was in drie kartondose die hof binnegedra. Een en elkeen van die span het met hierdie ondersoek uitgeblink.
Ek het gereeld in die getuiebank opgetree. Eers was dit om borg teen te staan en later het ek getuienis gelewer. Dit was tydens my getuienis lewering dat Brian Sazi dit in sy kop gekry het om, deur sy prokureur, my daarvan te beskuldig dat ek hom met ‘n rewolwer tydens

ondervraging gedreig het. Ek sou glo die rewolwer dreigend teen sy kop gedruk het. Dit was hier waar die jong luitenant wat pas eksamen geskryf en aan die eksamenraad verbonde was, van hom laat hoor het. Ek het die hof in reaksie gevra of ek vlugtig die hof kon toespreek. Nadat die hof bevestigend geantwoord het, het ek deur die hof die prokureur vir die verdediging daarop attent gemaak dat ingevolge die uitgewysde saak "*Rex versus Tidburry (1934) AD*", die verdediging nie ongetoetste bewerings in 'n ope hof kon maak waar die aantygings my waardigheid aangetas het nie. Ek het voorts gesê dat hierdie bewering my so ontstel het dat ek dit na afloop van hierdie saak sou oorweeg om siviele stappe te doen. Daar het nietemin 'n kort verhoor binne 'n verhoor met betrekking tot hierdie klagte plaasgevind. Die hof was baie beïndruk met my kennis van die Strafreg. Die klagte was kort daarna deur die hof as belaglik afgemaak en die verhoor het voortgegaan.
Die saak was suksesvol deur die hof gevoer en Brian Sazi het later sy pleit tot een van skuldig verander. Hierdie tipe sake moes altyd na Hoofkantoor onder dekking van 'n Precis gestuur word. Die waardes moes klop met die verskillende aanklagtes ens. Hierdie was blykbaar nodig om verslag te doen aan die Hoofbestuurder van die Spoorweë. Hierna was die dossier aan ons terugestuur om afgesluit en gebêre te word. Nie lank nie of ons ontvang 'n pluimpie van Hoofkantoor. Hulle wou die dossier vir opleiding doeleindes gebruik. Dit dan die ondersoek van 'n saak waarop ek tot vandag nog baie trots is.
(Ronnie Coetzee)

**My eerste aflos as Posbevelvoerder.**
Dit het dikwels gebeur dat 'n konstabel die sersant-eksamen suksesvol afgelê het, maar vir een of ander rede nie dadelik tot die rang van sersant bevorder kon word nie. Wanneer 'n vol sersant met siekte- of vakansieverlof gegaan het, was jy 'n waarnemende sersant gemaak ten einde hom te gaan aflos. Drie strepe, sonder die kasteel, was as rangteken uitgereik. Die ouer konstabels het dan na jou as 'n blygemaakte konstabel verwys. Om in die rang van sersant waar te neem het groot geld vir 'n junior konstabel met minder as twee jaar diens beteken.
In 1977 het ek die sersant-eksamen afgelê voordat ek die twee jaar diens as konstabel gehad het. Een oggend het die Posbevelvoerder van Pretoria stasie, adjudant offisier Pappa Frans Roos, my na sy kantoor ontbied en moes ek hoor: "Vermeulen, jy moet vanoggend nog Brits toe ry, die Posbevelvoerder daar gaan met ses weke siekverlof en jy gaan hom as Posbevelvoerder aflos. Jy het mos 'n kar, né? Anders moet jy 'n vrypas bring sodat jy die tien uur trein na Rustenburg kan vat." "Wat van klere, waar gaan ek bly, wie betaal my '*batchelors flat*' waarin ek woon?" was 'n paar van die honderd vrae wat gelyktydig deur my kop gemaal het. Pappa Roos moes dit gesien het want die volgende vraag was: "Weet jy hoe werk S&T?" Nog voor ek kon vra wat dit was het hy self sy vraag beantwoord: "Man, dis Reis- en Verblyfkoste! Wat julle darem ook deesdae in die kollege leer weet ek nie. Gaan vra vir Oom Henk hoe dit werk en sorg dat jy op Brits kom!" Oom Henk het in die Administratiewe kantoor gewerk en met my aankoms daar wou hy weet: "Vermeulentjie wat is jou skaal?" "R231-85, Oom Henk" het ek geantwoord. "Wel, vir die volgende ses weke gaan jou salaris R259-15 meer wees. Dit is die verskil tussen jou huidige skaal en die beginskaal van 'n sersant, wat R491-00 is. Dan is jy ook geregtig om soveel sent per kilometer soontoe en terug te eis. Dit geld nie vir naweke wanneer jy vir die *girlfriend* kom kuier nie. Dan kry jy soveel en soveel per dag as jy selfversorgend is of jy kan soveel per dag eis as jy by 'n losieshuis gaan bly."
Met die baie geld wat ek toe sou verdien, het ek die tog na die onbekende aangepak; ek was as 'n waarnemende sersant onderweg na Brits. Alles wat tydens die klasse in die Kollege gesê was en dit wat ek met die voorbereiding van die sersant eksamen geleer het, het deur my kop gemaal en ek het so by myself gewonder: "Sal ek dit kan doen?"
Op Brits aangekom het ek reguit na sersant Fourie se kantoor gestap en die konstabel op die platform het ewe beleefd gestrek. Ek was nie bietjie trots op die drie strepe nie. Ek kon nie wag vir die dag wanneer die "*volume control*" (kasteel) bygevoeg sou word nie. "Waar is sersant Fourie?" het ek met 'n sersant stem gevra. "Op sy rondtes sersant, maar ek roep hom gou", het die antwoord gekom. Tussen die sinjaalvoorman se kantoor en die S.A.Spoorwegpolisie se aanklagtekantoor het daar 'n groot koper skeepsklok gehang. Die konstabel het die klok twee keer laat lui; dit was die Posbevelvoerder se roepsein. Die

stasiemeester was een lui, die goedereloods was weer soveel luie, die laaimeester was soveel, die skoonmaker was soveel en so het elkeen sy unieke aantal luie as roepsein gehad. Die klok het skaars klaar gelui of sersant Fourie het sy verskyning gemaak. “Gmff, jy al ŉ sersant, hoe lank diens het jy? Wat’s jou van?”, het hy die vrae afgerammel. “Vermeulen, sersant” het ek sy laaste vraag beantwoord. “Familie van die Bevelvoerende Offisier, neem ek aan"?, was sy logiese afleiding. “Ja, hy is my pa sersant”, het ek erken. Al wat die sersant daarna te sê gehad het was “O!” en daar het die vrae vir eers geëindig.

“Waar gaan jy bly?”, was die volgende vraag gou weer gevra. Voordat ek kon antwoord het hy sommer bygevoeg: “Jy bly sommer in die spaarkamer in die tweede spoorweghuis op die regterkant. Gee net weekliks vir die ousie iets vir die wasgoed. Die tannie maak middagete vir een uur, half twee moet jy terug wees op kantoor. Tien uur sal die ousie tee bring en, o ja, die oom van die melk bring dit twee keer per week huis toe. Drie uur die middag sal die ousie weer tee bring. Kyk dat daar ŉ netjie oor is; sy vergeet partykeer. O ja, oor twee dae is daar inspeksie deur die Streeksoffisier, kaptein (Kees) van Zyl.”

Ek het in my stilligheid gebid dat die wêreld op my moes val; dit ook nog! “Moenie *worry* nie, ek het klaar al die registers, bewysstukke, die laaste inspeksie se opvolg en alles uiteengesit. Sal jou môre wys voordat ek loop en bel my as daar iets is. O ja, so en so sal oor twee dae twee bokse hier afsit. Die een sit jy net so in die vrieskas en die ander een gee jy vir kaptein Van Zyl wanneer hy kom. Ai, die man is so lief vir ŉ wildsvleisie; ek gee maar altyd so ietsie saam - hulle kry nie altyd sulke goed daar in die stad nie”, het die instruksies voortgegaan.

Die twee bokse was toe drie, die een het die naam “Vermeulen” op gehad, sonder om te verduidelik vir watter Vermeulen dit was. So het die aflos op Brits met elke geleentheid na my kant toe gekom. Sersant Fourie sou bel en sê: “Stuur weer daai Vermeulentjie, hy ken nou al die dinge hier.” Ek kon geen beter leermeester as dié deeglike, bekwame en netjiese sersant gehad het nie. ŉ Sersant met eeue se kennis en ervaring. As daar een ding is wat ek van sersant Fourie moet uitsonder, was dit hierdie vermaning wat hy per geleentheid aan my gemaak het: “Vermeulen, loop eerder óm die goedere trein daar onder by die oorgang, as wat jy tussen die trokke deurkruip.” So het ek sy vermaning slaafs nagevolg. Groot was die skok toe die nuus my bereik het dat hy in die maand voordat hy met pensioen sou aftree, na die goedereloods gestap het en tussen twee waens beland het met noodlottige gevolge.

(Douw Vermeulen)

**Beskuldigde word in Japan gevonnis.**

Op 25 September 1970 het die Japannese vissersboot, *Tama Maru*, by Port Elizabeth hawe vasgemeer. Twee van die Japannese vissermanne het in ŉ argument betrokke geraak waarna een ŉ mes te voorskyn gebring en die ander visserman doodgesteek het. Aangesien ek bystand dienste verrig het, het ek ondersoek gaan instel. Die toneel, mes en verdagte persoon was deur die ander lede van die bemanning aan my uitgewys. Nie een van die matrose was Afrikaans of Engels magtig nie en ek moes van hulle woordeboek gebruik maak om met hulle te kon kommunikeer. Die beskuldigde het op ‘n stuk papier geskryf wat hy wou sê en dan het ek dit in die woordeboek opgesoek. Wanneer ek op my beurt iets wou weet, het ek dit neergeskryf en dan het hy dit weer in die woordeboek opgesoek. So het die ondervraging plaasgevind. As gevolg van die kommunikasie probleem het ek met die Japanse Konsulaat in Pretoria in verbinding getree wat bevestig het dat die enigste persoon wat as tolk kon optree tydelik by die Swartkops Kragstasie werksaam was. Die Konsulaat het die nodige reëlings getref dat hy as tolk beskikbaar gestel kon word en sodoende kon ons die nodige verklarings afneem. Ek het ook reëlings by die hof in Port Elizabeth getref om hom as tolk in te sweer. ŉ Behoorlike dossier was saamgestel met foto’s van die toneel. Samesprekings was met die skeepsagente en die senior staatsaanklaer gevoer waarop daar besluit was dat die beskuldigde na Japan gedeporteer moes word en die lyk met die skip na Japan teruggestuur moes word. Die Japannese regering het met dié reëling ingestem en hulle het hul volle samewerking aangebied. Die nodige formaliteite, wat aan die Japannese owerheid se vereistes voldoen het, was gevolg ten einde die deportasie moontlik te kon maak. Twee lede van die Japannese polisie het na Suid Afrika gereis om die beskuldigde na Japan te begelei aangesien daar nie ŉ vlug vir ons na Japan beskikbaar was om die beskuldigde daarheen te

neem nie. Toe die twee Japannese polisiemanne gearriveer het, het ons hulle eers al die besienswaardige plekke in en rondom Port Elizabeth gaan wys voordat hulle terug gereis het. Hulle het ook met ons Witblits (mampoer) kennis gemaak en was dit ŉ ervaring om te aanskou? Voordat die beskuldigde aan die polisiebeamptes oorhandig was, het ek eers vir hom ŉ stel klere by die destydse *OK Basaar* gaan koop. Die lyk het ons in ŉ plastiese sak geplaas en dit bo-op die gevriesde tunavis op die skip na Japan teruggestuur. Beide die lyk en die beskuldigde het veilig in Japan gearriveer. Voor die skip se vertrek moes die Kaptein eers ŉ skriftelike onderneming teken dat hy die lyk veilig sal vervoer en aan die Japanese owerheid aldaar sou oorhandig. Die saak was toe amptelik hier teruggetrek en na Japan verwys. Na afloop van die strafsaak in Japan, het ek ŉ aanprysingsbrief van die Japanese owerheid ontvang waarin hulle gemeld het dat die beskuldigde daar verhoor en skuldig bevind was. So ver my kennis strek is ek die enigste polisiebeampte wie dit te beurt geval het waar die misdaad in Suid Afrika gepleeg was, maar in Japan of enige ander plek buite Suid Afika verhoor en gevonnis was.
(Corrie Meyer)

**Geregtelike nadoodse ondersoeke.**

Die speurders op Kimberley het met verskeie nadoodse ondersoeke te doen gekry. In die meeste gevalle was dit waar mense onder treine beland het. Dit het gewissel van persone wat uit- of in ŉ bewegende trein geklim het, selfmoord gevalle waar die persoon voor ŉ bewegende trein ingespring het of op die treinspoor gaan sit het om die trein in te wag. Ander gevalle was weer waar ŉ trein in die stasie gestaan het en die persone tussen die trokke deurgekruip het sonder om te dink dat die trein enige oomblik kon begin ry.
In 1969 het ŉ blanke man te Modderfontein stasie selfmoord gepleeg deur op die treinspoor te gaan sit en die aankomende trein in te wag. Die drywer van die trein kon die trein nie betyds tot stilstand bring nie met die gevolg dat die trein die persoon vermink het. Ook in 1969 het ŉ arbeider agter op ŉ vragmotor gesit en toe die vragmotor Kraalkuilstasie binne gery het, het hy van die bewegende vragmotor afgeval. Hy het met sy kop voor die agterwiele van die vragmotor beland wat sy kop vergruis het. Hy was op die toneel oorlede. In 1973 was die passasierstrein vanaf Houtkraal na De Aar stasie onderweg toe twee persone in die trein baklei het en die een uit die bewegende trein gegooi was. Hy het met sy kop teen die treinspoor geval en het op die toneel gesterf. In 1974 het die Vervoerdienste nog van paraffienlampe gebruik gemaak. Die ampsbenaming van die persoon wat die taak verrig het om na die lampe om te sien, was die van ŉ lampman . Hy moes die paraffienlampe wat agter elke remwa gehang het met die aankoms van die trein in die stasie nasien. Die remwa was die laaste trok aan die trein. In een spesifieke geval wou die lampman die spoorlyn kruis oppad na die stasie nadat hy die lampe nagegaan het. Hy het hom egter met die spoed van die aankomende trein misgis en het onder die trein beland. Sy liggaam was deur die trein vergruis en hy was op slag gedood.
(Johan Claassen)

**Verlof teen betaling.**

Mnr. Noël Blake (41), ŉ baanmeester met 24 jaar diens by die S.A.Spoorweë, was in bevel van ŉ mobiele eenheid van drie-en-negentig arbeiders wat tussen Umlaas Road en Ashburton gewerk het. Deel van sy daaglikse plig was om die arbeiders aan- en van diens te teken. Hy en die span het vir vyf jaar saamgewerk. Die arbeiders se dagloon het gewissel van R1-40 tot R1-90 per dag. Blake het aan die arbeiders ongemagtigde verlof toegestaan en in ruil daarvoor het hulle hom 50c vir elke dag wat hulle afwesig was, betaal terwyl, volgens hulle tydstaat, hulle skynbaar by die werk teenwoordig sou gewees het. Speurder-sersant Hennie Slabbert van Greytown het die saak ondersoek. In sy verklaring het Blake erken dat hy betaling van die arbeiders wat afwesig was, geëis het en dat hy hulle tydstate gemerk het asof hulle die dag gewerk het. Tydens sy verhoor het hy ter versagting aangevoer dat hy getroud was en dat hy vyf kinders gehad het wat hy moes versorg en onderhou. Hy het verder getuig dat hy vir die voorafgaande sewe maande geskors was en dat hy geen inkomste vir daardie tydperk ontvang het nie. Sy vrou was, weens haar swak gesondheid, nie in staat om te kon

werk nie. Hy het beweer dat hy finansieel geruïneer was en hy het bygevoeg dat die geld wat hy so ontvang het, maar min was. Hy het volgens hom geen luukshede gekoop nie en hy het niks gehad om te wys wat hy met die geld gekoop het nie. Blake was op ses-en-twintig aanklagte van bedrog skuldig bevind en ŉ boete van R390-00 of 520 dae gevangenisstraf was hom opgelê. ŉ Verdere twintig dae gevangenisstraf vir elk van die 26 aanklagte, wat ŉ totaal van 520 dae uitmaak, was vir drie jaar opgeskort op voorwaarde dat hy nie binne dié tydperk op ŉ soortgelyke aanklag skuldig bevind was nie.
(Hennie Slabbert)

**Rangeerder word onthoof.**
Terwyl ek op die uniformtak was, het ek talle ondersoeke gedoen waar passasiers op- of uit bewegende treine geklim het en gevolglik tussen die treine se wiele beland het. Nadat ŉ aantal treinwiele oor hulle gery het, was hulle gewoonlik maalvleis. Een geval, wat ek nooit sal vergeet nie, het plaasgevind een aand toe ek nagskof gewerk het. Trein nr. 6, vanaf Oos Londen, het aangekom en moes gerangeer word om die rytuie aan te haak wat na Kaapstad moes gaan. Tydens die rangering van die trein het een van die rangeerders, wat ŉ goeie vriend van my was, tussen die spore beland en hy was deur die trein geskep en saam met die rytuie gesleep. Sy kop het in die vurk wat die treinspore by die wissel gevorm het, vasgehaak. Met die krag en spoed van die trein was sy kop van sy lyf afgeruk en die res van sy lyf was in stukkies getrap. Nadat ek die opmetings geneem het, het ek die stukkies van sy liggaam en die afgerukte kop in ŉ drom gegooi en dit by die lykbesorger se huis, wie ook die haarkapper was, afgegee.
(Eric Wiggell)

**Beriggewers èn beriggewers**
Nadat ek in Stanger as seksie speurder oorgeneem het, het ek met die nasien van die dossiere opgemerk dat daar grootskaals op die oorlaaitrein vanaf Gingindlovu na Eshowe gesteel was. Ek het Ernest, die swart speurder, omtrent die eise ingelig en hy het my meegedeel dat hy ŉ beriggewer op Gingindlovu gehad het maar dat die beriggewer nog geen inligting oor enige diefstalle aan hom deurgegee het nie. Ek het gereël dat ek hom om agt uur die aand by die kantoor sou ontmoet vanwaar ons na Gingindlovu sou reis. Hy wou toe weet of hy die beriggewer moes kontak om te hoor of hy enige inligting vir ons gehad het maar ek het voorgestel dat hy hom nie van ons koms moes laat weet het nie. Ek het met die Stasievoorman gereël dat hy aan die drywer van die goederetrein waarmee ons sou ry, opdrag moes gee om by die spooroorgang stadiger te ry sodat ons van die trein kon afspring. Ons het in ŉ oop trok geklim en toe die trein by die spooroorgang stadiger gery het, het ons afgespring en verder met die spoorlyn langs gestap. Ons het naby die stasie tussen die bosse gaan lê totdat die oorlaaitrein teen ongeveer twee uur die oggend by Gingindlovu aangekom het. Ons het observasie gehou totdat hulle alles wat vir die stasie bedoel was, afgelaai het. Die arbeider het seker gemaak dat die deure van die trokke toegemaak was en, net voordat hy van die trein af weggestap het, het hy omgedraai en een van die trokke se deure weer oopgemaak. Hy het in die trok ingeklim en met ‘n karton te voorskyn gekom wat hy uitgelaai en agterop sy fiets vasgemaak het voordat hy die pad na die spoorwegkampong, waar hy gewoon het, gevat het. Toe die arbeider op die fiets naby ons verby gery het, wou Ernest iets oorkom. Ek het hom gevra wat die probleem was en hy het geantwoord dat die man op die fiets sy beriggewer was.
Ons het die verdagte na sy kamer in die kampong agtervolg en teen die tyd dat ons by sy kamer aangekom het, was hy juis besig om sy vonds vir die aand te bekyk. Ernest het hom hardhandig gegryp en toe mooi en in duidelike terme met hom gepraat. Danksy Ernest se oorredingsvermoë het die werker ingestem om ons na die anderkant van die kampong te neem waar hy van die ander goedere aan ons gaan uitwys het. Ek wou by Ernest weet of hy nie die man gaan boei nie, waarop hy geantwoord het dat die man voor hom grootgeword het en dat dit nie nodig sou wees nie want hy sou nie probeer het om weg te hardloop nie. Ons het die suikerriet lande binnegegaan en ek was so drie rye van Ernest en die beriggewer af weg toe ek skielik gehoor het hoe hulle met mekaar gepraat het en die oomblik daarna het ek

net gehoor hoe die suikerriet kraak soos wat die man deur die suikerriete gehardloop het met Ernest agterna.
Die vermeende dief het ons ontvlug en ons het sy spoor dag en nag gevolg, sonder enige sukses. Drie maande later het ons hom opgespoor, maar toe was hy so maer soos 'n kraai. Hy was eintlik verheug toe ons hom opgespoor het, het hy vertel. Hy was op die punt om homself aan ons oor te gee want in die daardie tydperk het hy net van suikerriet geleef. Ek moes erken dat hierdie beskuldigde 'n baie goeie geheue gehad het. Ons het hom 'n lys laat maak aan wie, waar en wanneer hy die gesteelde goedere verkoop het. By elke stat waar ons gekom het, het sy lys ooreengestem met dit wat hulle gesê het hy aan hulle verkoop het. Baie van die inwoners het aanvanklik eers ontken dat hulle enigiets van hom gekoop het, maar op die ou end het ons baie van die goedere teruggevind. Diegene wat enige kennis van die goedere ontken het, se geheue het skielik teruggekom toe ons hulle in die vangwa gelaai het. Sommige van die goedere was nog in 'n bruikbare toestand terwyl ander weer in vodde was. Op die einde het ons hom met agt-en-twintig sake verbind en hy was ook vir ontsnapping aangekla. Toe hy voor die hof verskyn het, het hy op al die aanklagte skuldig gepleit, en was drie maande op elke aanklag gevonnis. Ek wou toe by hom geweet het wat hy met die geld gemaak het van die goedere wat hy verkoop het. Hy het geantwoord dat hy dit in die suikerriet land begrawe het. Die riete was intussen afgesny en die lande omgeploeg, dit wil sê, indien die man wat die lande geploeg het oplettend was, sou hy hom verheug het met die vonds wat hy uitgeploeg het.
(Andries Burger)

**Doodskis in die veld.**
Ek was 'n speurder op Oos Londen en het in possak diefstalle, groot treinrampe en trok diefstalle gespesialiseer. 'n Spoorwegpassasiersbus het tussen Umtata en Port St. Johns passasiers vervoer en agter aan die bus was 'n sleepwa waarin die passasiers se bagasie en possakke gelaai was. Onderweg na Port St. Johns het die drywer en assistent van die bus 'n doodskis in die sleepwa gelaai. Die nodige dokumente was in orde en die doodskis was behoorlik met etikette geadresseer. Voor aankoms by Port St. Johns het twee persone die doodskis by 'n halte in ontvangs geneem. Met aankoms te Port St. Johns het die personeel ontdek dat al die possakke, wat die registrasies bevat het, oopgesny was en dat al die groen GBA sakke daaruit verwyder was. Die groen GBA sakke was 'n possak binne-in die sak wat al die geregistreerde koeverte en bankpakkies met groot bedrae kontant bevat het.
Met ondersoek het ek die doodskis in die veld gekry waar dit van die bus afgelaai en agtergelaat was, nog steeds met die etikette met die adres besonderhede daarop. Die naam en adres was nie vals nie en ek het al die bewysstukke teruggevind en drie swartes gearresteer. Een van die beskuldigdes was binne-in die doodskis toe dit in die sleepwa gelaai was. Terwyl die bus gery het, het hy die doodskis oopgemaak, die possakke oopgesny en met al die GBA sakke weer in die doodskis teruggeklim.
(Lolo Petzer)

**Belmont kruising eis talle lewens.**
Ek was vanaf 1969 tot en met 1976 te De Aar gestasioneer. In hierdie tydperk het ek minstens vier ongelukke by die Belmont spoorwegkruising ondersoek. Belmont treinspoor het die Nasionale pad gekruis tussen De Aar en Britstown. Die oorgang was ongeveer drie kilometer vanaf Belmont stasie en dertig kilometer vanaf Hopetown. Dit was 'n reguit pad en daar was geen obstruksies of enigiets wat die uitsig van die motoriste kon belemmer nie; tog het talle oorweg ongelukke by dié kruising plaasgevind. Aangesien die oorgang in die vlaktes was, was dit nie snags verlig nie. Daardie jare was daar hoofsaaklik van stoom en dieseleenhede gebruik gemaak om die vrag te trek.
Gedurende 1970 was 'n meubel vervoerwa vroeg een oggend met 'n sleepwa vanaf Kaapstad na Johannesburg onderweg. 'n Goederetrein het die oorgang genader en die trein het sy fluit geblaas om die padverbruikers van sy aankoms te waarsku. Die trein was al binne sig van die vragmotorbestuurder toe laasgenoemde besluit het dat hy dit voor die trein oor die kruising behoort te maak. Hy het hom egter met die spoed van die trein en die spoed waarteen hy gery

het, misgis. Die vragmotor het die kruising veilig oorgesteek maar die trein het die sleepwa getref en dit as ŉ wrak agtergelaat. Die bestuurder van die voertuig het voorgegee dat hy slegs teen 80 km/u gery het, maar ongelukkig vir hom was die vragmotor met ŉ tagograaf toegerus. Die kaart het ŉ baie belangrike rol gespeel nadat dit vir tegniese getuienis verwyder en ontleed was. Die tagograaf het aangetoon dat die vragmotor teen ŉ baie hoër spoed as 80km/u gery het. Niemand was in die botsing gedood of beseer nie. Die saak het in die streekhof in Kimberley gedien. Die tegniese getuinenis van die tagograaf het die deurslag gegee waarop die beskuldigde aan roekelose en nalatige bestuur skuldig bevind en gevonnis was.
Gedurende die nag in 1971 het ŉ motoris, wat vanaf Britstown na De Aar onderweg was, ŉ ryloper te Britstown met sy Renault motor opgelaai ten einde hom ŉ saamry geleentheid na De Aar te gee. Die bestuurder het die Belmont kruising teen ŉ hoë spoed genader en, volgens die remmerke op die pad, het die bestuurder gepoog om die motor voor die kruising tot stilstand te bring. As gevolg van die hoë spoed waarteen hy gery het, kon hy egter nie daarin slaag om die motor betyds tot stilstand te bring nie. Die motor het voor die aankomende trein beland en die bestuurder het ernstige beserings opgedoen terwyl die ryloper in die ongeluk gesterf het. Die beskuldigde was in die streekhof aan strafbare manslag skuldig bevind. Gedurende dieselfde jaar het twee swart mans vanaf Johannesburg na Kaapstad met ŉ bakkie gereis. Hulle moes dringend ŉ vliegwiel van ŉ vragmotorenjin in Kaapstad gaan aflewer het. Hulle het die aand vanaf Johannesburg vertrek en deurnag gery. Hulle het die vliegwiel vir een of ander rede voor by hulle in die kajuit van die bakkie gelaai. Dit was al helder daglig toe hulle die Belmont kruising genader het. Omstandighede het daarop gedui dat die bestuurder van die bakkie vermoedelik aan die slaap geraak het en sy passasier het ook vermoedelik gesit en slaap. Toe die trein met sy vrag reeds halfpad oor die kruising was, het die bakkie in die trein vasgery. Die bestuurder van die bakkie was ernstig beseer en die passasier se bene was deur die vliegwiel vergruis. Hy het ŉ paar minute ná die ongeluk op die toneel gesterf. Die bestuurder van die bakkie was in die streekhof te Kimberley aan strafbare manslag skuldig bevind.
In 1973 het ŉ gesin van vier, bestaande uit ‘n man en vrou en hul twee kleuters, vanaf Johannesburg na Kaapstad gereis om by die vrou se ouers in die Kaap te gaan kuier. Dit was in die nag toe hulle die kruising genader het. ŉ Ooggetuie wat in dieselfde rigting as hulle gery het, het getuig dat die bestuurder van die Citroen motor, wat ook as die “Baberbek-tipe” bekend gestaan het, teen ŉ hoë spoed by hom op die pad verbygejaag het. ŉ Goedere trein, wat lewende hawe vervoer het, was vanaf Belmont stasie na Douglas onderweg toe die Citroen motor met die stoomlokomotief gebots het. Die bestuurder was vermoedelik onder die indruk dat hy voor die trein by die oorgang sou wees. Die motor het die lokomotief op sy spoorwiele, dit wil sê, die voorste klein wiele, getref wat die trein laat ontspoor het. Talle lewende hawe moes op die toneel van kant gemaak word. Al vier die insittendes was op slag dood. Die tragedie van die ongeluk was dat die vrou vroeër, op die dag van die ongeluk, verneem het dat sy haar doktorsgraad verwerf het. Hierdie botsing het groot opspraak verwek aangesien die vrou se pa ŉ baie gesiene sakeman in die Kaap was. Na hierdie ongeluk, was daar ŉ brug oor die oorgang gebou, iets wat jare tevore al moes gebeur het.
(Johan Claassen)

**Diefstalle op die Spoorweë.**
ŉ Groot hoeveelheid suiker, wat uit die loods by die Port Elizabeth hawe verdwyn het, was as gesteel aangemeld. Met ondersoek het ek vier lede van die S.A.Spoorweë se Brandweer afdeling gearresteer wat die vragte suiker gesteel en dit dan met die brandweerwa na hul huise in Despatch en Uitenhage vervoer het. By ŉ ander geleentheid het ek nege-en-dertig laaimeesters en klerke in Port Elizabeth se hawe gearresteer wat ŉ groot verskeidenheid goedere gesteel het. Een van die laaimeesters het ŉ klomp kondome en dames broekies gesteel. Van hierdie artikels was in sakke met meel en suiker of in die toiletbakke versteek. Een van die laaimeesters wat by die diefstal betrokke was, het met haar pers Volkswagen by die hawe in die see gery. Niemand het daarvan geweet nie. Sy het net verdwyn en ons kon haar nie opspoor nie. Later het ons vermoed dat sy na een of ander groot stad gevlug het en

daar gaan skuil het. Sewe jaar na die voorval was ŉ Baggerboot besig om sand uit die hawe te suig toe hulle op die Volkswagen afgekom het. Ek het dadelik die kar as haar eiendom uitgeken. Sy het haarself gevonnis deur in die see met haar kar te ry. Tydens die ondervraging moes ek soms hard gepraat het en by een so geleentheid het een van die verdagtes ŉ hartaanval gekry; ŉ ou skrik groot wanneer dit gebeur.
(Corrie Meyer)

**Die lyk tussen die spore.**
Om lyke tussen die spoorlyne op te tel was maar ŉ onaangename taak vir enige polisieman. My eerste kennismaking hiermee sal ek nooit vergeet nie. Ek was in Maydon kaai gestasioneer. Een aand omstreeks nege uur het ons ŉ oproep gekry dat ŉ man by Shellcross stasie, naby Pinetown, deur ŉ trein getrap was. Ek en my kollegas, Fritz en Krause, het opdrag gekry om die lyk te gaan soek. Krause was nog ŉ student wat pas by die Mag aangesluit het. Ons moes vir ongeveer ŉ kilometer of verder in die donker deur ŉ tonnel gestap het op soek na die lyk voordat ons dit langs die spoorlyn opgemerk het. Ons het toe die lyk gehad, maar die lyk moes na die vangwa geneem word wat ŉ hele ent daarvan geparkeer was. Ons het voorts besluit dat een van ons by die lyk sou waak terwyl die ander twee lede die voertuig nader sou bring. Krause was toe die taak gegee om by die lyk te waak; ŉ opdrag, moet ek bysê, wat hy aanvanklik geweier het om uit te voer.
By ondervraging rakende wat nou eintlik sy probleem blyk te gewees het, het hy geantwoord dat dit ŉ bietjie grillerig was om alleen by die lyk agter te bly. Ek het toe maar ingestem om by die lyk te wag terwyl hulle die voertuig en die draagbaar sou gaan haal. Na omtrent ŉ halfuur het hulle met die draagbaar opgedaag. Laat ek dit maar vandag erken, ek het ŉ hele ent van die lyk af gaan sit en benoud vir my kollegas gewag om terug te kom. Dit was seker die langste dertig minute in my lewe.
Die lyk was nie te erg geskend nie; slegs sy een been was mors-af en sy een testikel was aan die binnekant van die sak sigbaar. Ons het die lyk, sowel as die af been, versigtig op die draagbaar gesit. Om by die vangwa uit te kom moes ons deur die bosse teen ŉ hengse skuinste uitgeklim het. Ons het ŉ ent gestap toe ons in die straal van die flitslig ŉ helse groot spinnekop reg voor ons gewaar het. Dié was amper so groot soos ŉ sigaretdosie; ŉ vieslike ding, man. Met die dat ons uit die pad van die spinnekop wou kom, het die draagbaar gekantel en daar het die lyk van die draagbaar af geval. By die vangwa aangekom wou ons die draagbaar agter in die vangwa gelaai het, maar tot ons verbasing kom ons agter dat die draagbaar nie heeltemal agterin die vangwa wou pas nie. Krause was toe weer opdrag gegee om agter in die vangwa by die lyk te sit. Hy moes die vangwa se deur oophou en seker maak dat die draagbaar met die lyk of die los been nie uit die vangwa val nie. Vir dié opdrag het Krause ook nie kans gesien nie. Hierdie keer was ons vasbeslote dat hy sou wegkom nie. “Wat is jou verskoning die slag?”, wou ons by hom weet. Sy presiese woorde aan ons was: “Ek kan nie hierdie lyk vertrou nie.” Hierdie slag was sy verskoning nie vir ons aanvaarbaar nie. Sonder enige onduidelikheid het ons hom laat verstaan dat hy nou rêrig belaglik was. Nodeloos om te sê, die senior konstabels het toe rang getrek en hy moes maar die lyk gedurende die rit geselskap hou. So het ons die lyk toe na Gaylestraat lykshuis geneem. Ek onthou nog die reuk by die lykhuis; dit trek mos in jou klere in. Die volgende dag moes ek my groen tuniek laat droogskoonmaak het om die reuk te verwyder. Dit bly maar ŉ onaangename taak wat deur die polisie verrig moet word.
(Johan Marais)

**My grootste geveg.**
Gedurende die einde van 1975 het die Zoeloes in die hawe baie oproerig geraak en tydens so ŉ onderonsie was die Uniformpersoneel na die toneel ontbied. Dinge het hand-uit geruk en die swartes (daar was baie) het toe die polisiemanne oorrompel en by Maydon kaai oor die kaai in die see gegooi. Omtrent ‘n week later het ek en ‘n speurder een nag in dieselfde gebied gewerk en toe ons weer sien, was daar net swartes rondom ons en ons was oortuig dat die see ons voorland sou wees. Die ander speurder het gesê dat ons rug teen rug moes stelling inneem en dat ons moes baklei soos nog nooit tevore nie. Vir die daarop volgende

vyftien minute het ons onself teen ‘n oormag swartes verdedig; ek het altyd gereken dat daar tussen dertig en vyftig van hulle kon gewees het. Omdat ek nog nooit die ander speurder se naam kon onthou het nie en omrede die storie ongeloofwaardig kan klink (omtrent ‘n herhaling van Bloedrivier) het ek die storie net vir my seuns vertel. Op Saterdag, 8 Januarie 2011, na vyf-en-dertig jaar ontmoet ek weer vir J.D. Fourie op Polokwane en die eerste wat hy my gevra het was of ek die aand kan onthou toe omtrent honderd Zoeloes ons in die see wou gooi. Ek was verheug om te kon hoor dat dit J.D. Fourie was wat saam met my baklei het want hy is ‘n groot ou en nou is my storie baie meer geloofwaardig.
(Peet Prinsloo)

**Ek is verkrag.**
'n Vroulike passasier wat met die trein vanaf Johannesburg na Port Elizabeth gereis het, het met haar aankoms te Port Elizabeth beweer dat sy op die trein verkrag was. Sy het eers twee dae nadat sy in Port Elizabeth gearriveer het, die klagte by die Spoorwegpolisie aangemeld. Haar verklaring het gelui dat sy met 'n mes of soortgelykke voorwerp gedreig was, terwyl sy en haar eenjarige seuntjie in die kompartement gesit het. Terwyl die persoon haar verkrag het, het die baba begin huil. Die kind het ook na bewering van die bank geval en sy kop beseer. Ter stawing van die gebeure het sy 'n geskeurde bikini broekie aan my oorhandig wat glo deur die verdagte geskeur was toe hy gepoog het om haar broekie af te trek. Sy het genoem dat die verdagte tydens hulle gesprek gemeld het dat hy na vyf dae weer met die trein na Johannesburg sou teruggekeer het. Sy was in Uitenhage by haar ouers met vakansie en haar man was in Vereeniging.
Ek het onraad vermoed. Vergesel van vrouesersant Santie Matteus het ek haar op die dag wat die verdagte na Johannesburg sou teruggreis het, gaan optel sodat sy hom aan my kon uitwys. Onderweg na Port Elizabeth stasie het ek stilgehou en vir haar gesê dat ek nie haar storie geglo het nie en ek het my redes vir my agterdog aan haar verstrek. Sy het voorts erken dat sy oor die voorval gelieg het en dat sy eers later besef het dat sy gefouteer het om met die verdagte gemeenskap te hê en derhalwe het sy die storie opgemaak dat sy verkrag was. Ek het haar nogtans na die stasie geneem waar sy die verdagte aan my uitgewys het. Die verdagte se pa het hom na die stasie vergesel. Nadat sy die man aan my uitgewys het, het ek myself as polisiebeampte aan hom voorgestel en gemeld dat ek 'n klagte van verkragting teen hom ondersoek het. Hy het dadelik ontken dat hy haar verkrag het, maar dat hy wel met haar toestemming gemeenskap met haar gehad het. Ek het hom na haar geneem waarop sy toe gesê het dat sy baie jammer was omdat sy so gelieg het. Ek het die jongman na sy pa geneem waarna ek die storie aan hom oorgedra het.
(Corrie Meyer)

**Die besending wat chaos geskep het.**
Die Suid Afrikaanse Spoorweë was die instansie wat bykans enige denkbare voorwerp of dier met sy treine vervoer het. Bykans alle posstukke wat in possakke verseël was, was daardie jare per trein vervoer. Spesiale trokke was vir die vervoer van beeste en skape ontwerp en gebou. Elke remwa was ook toegerus om honde en katte te kon vervoer. Die vervoer van diere was nie net tot vierpotige diere beperk nie. Baie dikwels was giftige en ander slange op groot skaal in 'n spesiale krat agter in die remwa van die passasierstreine vervoer. Gedurende 1978 was 'n groot aantal giftige slange vanaf Suidwes na die Queens Park dieretuin in Oos Londen versend. Met die aankoms van die trein te Blaney spoorwegstasie, waar passasiers vir die trein na Kingwilliamstown oorgestap het, het daar chaos op die perron uitgebreek toe die arbeiders pakkies in die remwa wou laai. Die arbeiders het al gillend uit die remwa gespring en die hasepad gekies. Toe daar ondersoek ingestel was na die reaksie van die arbeiders wat uit die remwa gevlug het, was 'n aantal slange wat tussen die possakke rondgeseil het, opgemerk. Die naaste polisiestasie was op Amabele, maar hulle het nie oor vervoer beskik nie.
Ek was in bevel van die Mobiele Eenheid in Oos Londen en het ‘n dringende oproep ontvang dat ek my na Blaney stasie moes haas, want daar was groot probleme op die stasie. Al wat die persoon aan die anderkant van die lyn geskreeu het, was: “Slange!” Met my aankoms te

Blaney stasie het ek vasgestel dat die arbeiders op die vorige stasie ʼn groot aantal possakke op die kratte, waarin die giftige slange vervoer was, gegooi het. Die gewig van die possakke het die deksel van die krat gebreek en ʼn opening gelaat waardeur die slange ontsnap het. Konstabel Gerrie Lötz, wat my na die toneel vergesel het, was tot almal se verligting ʼn professionele slangvanger wat oor die nodige toerusting beskik het om die gediertes onder bedwang te bring. Gerrie het sonder versuim sy beskermende klere aangetrek en hom na die verlate remwa gehaas. Die trein was ʻn passasierstrein wat na Oos Londen onderweg was en mag onder geen omstandighede vertraag gewees het nie. Gerrie het die remwa binnegegaan en moes vinnig en akkuraat gewerk het om die slange gevang te kry sodat die trein op sy tydskedule kon bly. Eers moes hy eiehandig al die possakke en ander pakkies verwyder het om by die slange uit te kom. Geeneen van die arbeiders of omstanders was gewillig om hom met die taak te help nie. Dié betrokke dag was dit baie warm en daar was ongeveer vyftig slange in die remwa. Van die slange het al daarin geslaag om die remwa te verlaat en het tussen die spore beland. Gerrie kon daarin slaag om ongeveer dertig van die slange te vang terwyl ek ses van die kleiner slange aangekeer het. Ons het toe die slange in ʼn leë possak gegooi. Die volgende oggend was daar weer chaos op die stasie toe ʼn groot pofadder tussen die ballasklippe opgemerk was. Gelukkig was ons nog op Blaney stasie en kon Gerrie die pofadder gevange geneem en in paraffienblik geplaas het. Die werksaamhede op Blaney stasie kon weer na normaal terugkeer nadat ongeveer veertig slange na die dieretuin, waarheen dit oorspronklik onderweg was, geneem was. Wie sou kon dink dat polisiemanne net twee voetige misdadigers moes aankeer?
(Koos Lötter)

**The ill-mannered thief.**
The building that housed the railway offices was being broken into almost every night. The thief would leave with pens, calculators, sugar, coffee and tea and follow the same pattern every time; leaving a calling card in the form of relieving himself in the water urn. Ten similar cases had been opened at the charge office in Cape Town. The Post Commander, lieutenant Groenewald, was fed up and called us together, stating that whoever caught the intruder would be rewarded with two extra rest days. One night, while on patrol in Coode Crescent, I spotted a man hiding in an alley. With the help of constable Fourie we searched the nervous man and found pens, calculators and other items where he had been hiding. Upon investigating the area, we found an open door to the Electrical Department. On the floor was an urn in which someone had relieved himself. On the table we discovered pens, coffee, tea and calculators packed and ready for removal. I contacted the detective branch working on the case. When they arrived they saw the urn in which the man had defecated. Detective constable Etsebeth approached the suspect and slapped him. The suspect responded by asking: "My kroon, nou waarom klap jy my”? Etsebeth replied: "Omrede dat ons speurders nie by jou misdaad toneel koffie en tee kon geniet nie, want jy k#k mos in die urn." The thief, linked to all charges, appeared in court. He was found guilty and sentenced to eight years and constable Fourie and I received the two extra days rest days as promised. I spent them on horseback at my parents’ small holding.
(Keith Blake)

**Remissie begeleiding.**
Remissie voertuie was gebruik om die kontantgelde by die kaartjieskantore by die onderskeie stasies te gaan afhaal. Die stasies was in twee roetes verdeel, naamlik die Oos Rand en die Wes Rand roete wat Soweto ingesluit het. Daar was twee voertuie op ʼn roete. In die sestiger en sewentiger jare was daar van Dodge bakkies gebruik gemaak. In die voorste voertuig was daar brandkluise wat aan die bakwerk van die voertuig vasgeketting was, met twee konstabels wat agter in die wa gesit het. Die bestuurder het ʼn assistent gehad wat voor by hom gesit het. In die agterste voertuig, wat die begeleidingsvoertuig was, het ʼn sersant wat in bevel was en ʼn konstabel gery. Hulle was elk met ʼn 9mm HMK en twee magasyne bewapen. Die remissie het op die middagskof plaasgevind. Sodra die lede op die middagskof klaar

geparadeer was, het die voertuie vertrek en dan eers tussen sewe en nege uur die aand na die aanklagtekantoor teruggekeer, afhangende van die verkeer en die tyd van die maand.
Met aankoms te Johannesburg was die brandkluise uit die remissie voertuie verwyder en in ŉ brandkluis toegesluit. Die volgende oggend was die kluise na die kassierskantoor geneem. Dié vertrek was in ŉ kelderverdieping waar die kluise onder streng polisiebewaking oopgemaak en die geld getel was. In al my jare op Johannesburg het ons dikwels probleme met die voertuie gehad, maar nooit was van die voertuie aangeval of beroof nie.
(Gert Swanepoel)

**Dokumentasie vir vervoer van goedere.**
Wanneer ŉ maatskappy of privaat persoon goedere by die Vervoerdienste vir versending ingehandig het, was die volgende dokumentasie verlang: Die afsender het sy dokumentasie in die vorm van ŉ faktuur in triplikaat saam met die goedere ingedien. Die Laaimeester het vir die ontvangs daarvan geteken en die derde afskrif aan die afsender oorhandig as ŉ bewys van ontvangs. Die Laaimeester het al die dokumente van verskeie afsenders versamel en dan bepaal in watter treintrok die onderskeie stukke en goedere versend moes word. Hy het ook besluit watter goedere na ŉ bepaalde bestemming of ŉ oorlaaidepot moes gaan indien daar nie genoeg vrag was om die trok vol te maak nie. Die troknommer was op die dokument aangeteken en daarna het die dokument as die laaibrief bekend gestaan. Die tweede afskrif van die laaibrief was aan die personeel by die goedereloods se kantoor oorhandig waar hulle fakture uitgemaak het met verskeie afskrifte wat hulle dan met die pos van die S.A.Vervoerdienste na die bestemmingstasie gestuur het. So het die bestemmingstasie vooraf geweet van die goedere wat oppad was en, as dit nie daar aangekom het nie, was ŉ eise lêer geopen omdat hulle ŉ eis verwag het. Die laaibrief was in ŉ leersakkie aan die buitekant van die trok geplaas. By die bestemmingstasie was die laaibrief uitgehaal en die goedere was dan afgelaai en afgelewer. Waar die goedere tussen stasies afgelaai was, was die nuwe troknommer op die laaibrief aangeteken.
Ek het bostaande prosedure aangehaal want hier volg ŉ trokdiefstal wat ek ondersoek het: Gedurende 1970 was ek ŉ speurder-sersant met ŉ gebied wat gestrek het tussen De Aar en Kimberley. Kraankuil stasie was tussen Kimberley en De Aar. Ek het vasgestel dat daar baie tekorte van besendings gerapporteer was. My deurbraak het gekom toe die treinpersoneel ŉ oop karton sien uitsteek het waar dit buite die Kraankuil stasie in die grond begrawe was. Hulle het gesien dat daar klere by die karton uitgesteek het. Wat my al lankal gepla het was dat daar geen laaibriewe by die stasie gearriveer het nie en dit het my laat dink dat iemand vertroud was met hoe die dokumentasie gewerk het. Ons het begin dink dat dit net werkers by die goederedepot te Kraankuil stasie kon gewees het.
Daar was drie werkers wat op die stasie werksaam was. Ons het die oudste een van hulle eenkant toe geneem en in die Stasiemeester se kantoor gaan ondervra. Die ondervraging het baie ure geduur voordat hy bes gegee het. Hy het ons toe vertel dat hulle drie persone was wat die goed gesteel het. Twee van hulle was personeellede van die Vervoerdienste en die ander persoon was ŉ buitestaander. Hulle het in die aand die laaibriewe by die trok gaan deurlees en een uitgekies en dan die vrag verwyder. Hulle het dit dan begrawe en later die inhoud daarvan gaan verkoop. Die ander werker was ook gearresteer en hulle twee het ons na ŉ werklose persoon gevat wat ons ook gearresteer het. Die ondersoek het ŉ hele week geduur omdat ons by al die persone aan wie hulle van die goedere verkoop het, moes uitkom of moes uitvind waar dit begrawe was. Ons het selfs van die goedere bo in die plafon van ŉ huis gekry. Die drie was in die Landdroshof te Hope Town gevonnis. Die laaibriewe het hulle verbrand.
(Johan Claassen)

**Man sterf soos sy broer.**
ŉ Vyf-en-vyftigjarige skilder van Potchefstroom, mnr M.P. Esterhuysen, het vyftien jaar nadat sy jonger broer selfmoord gepleeg het, op dieselfde wyse ŉ einde aan sy lewe gemaak. Volgens inwoners van Ottosdal was ŉ geel Kombi met ŉ Potchefstroomse registrasienommer, die Sondag by die spoorwegoorgang opgemerk. Hy het die Maandag tussen die spore gaan lê

en die goederetrein het sy liggaam heeltemal vermink. Hy het ’n briefie op die windskerm van die Kombi gelaat waarop sy broer se naam en telefoonnommer geskryf was. Die oorskot was in twee dosies na die lykshuis op Potchefstroom geneem. Die verminkte lyk was deur ’n skooldogter van die dorp, Bettie van Rensburg, ontdek. Sy broer Anthony se kop was vyftien jaar gelede op die treinspoor naby Hoër Volkskool vermorsel. Die oorledene en sy vrou was twee jaar voor die voorval van mekaar vervreem. Van toe af het hy gedreig om selfmoord te pleeg. Die egpaar het sewe kinders gehad vir wie hy onderhoud moes betaal. Die masjinis in albei die selfmoord gevalle, was toevallig ’n mnr Swart.
(Hennie Slabbert – Western Transvaal Record 25/10/1977)

**Die ongeluk waarin Albert Lutuli gesterf het.**
Terwyl ek 'n speurder-sersant op Stanger was, was ek een aand vir ’n botsing by die kruising te Groutville uitgeroep. Met my aankoms by die spooroorgang was daar al ’n menigte mense wat daar saamgedrom het. Ek het voortgegaan met my ondersoek en gesien dat die bestuurder van die motor, wat met die trein gebots het, reeds oorlede was. Ek het toe by die omstanders gevra of hulle die oorlede geken het. Hulle het geantwoord dat dit Albert Lutuli was, maar die naam het nie ’n klokkie by my gelui nie. In my onkunde oor wie die oorledene was, het ek die normale prosedure van opmetings, foto’s neem en uitkenning van die lyk gereël. Daardie jare het ons sommer die lyk met die vangwa na die lykshuis vervoer. Ek en speurder-sersant Ernest Mahkatini het die lyk in die vangwa gelaai en na die lykshuis op Stanger geneem. Met aankoms by die aanklagtekantoor het ek die inligting aangaande die botsing aan Durban aanklagtekantoor gestuur, wat op hulle beurt weer die misdaadopgawe saamgestel en dit soggens aan die Bevelvoerende offisier se kantoor gestuur het. Vroeg die volgende oggend het speurder-sersant Charlie Lewis by my op Stanger aangemeld en gesê hy het opdrag ontvang om die ondersoek van die vorige aand se oorgangbotsing by my oor te neem. Ek was verbaas want ek het elke week G.O.S.(geregtelike nadoodse ondersoeke) gehad en ek het nie verstaan wat dié een so besonder gemaak het dat hy, in plaas van myself, dit moes ondersoek nie. Hy het my toe ingelig dat hierdie saak nie sommer so saak was nie, want die oorlede was niemand anders as Albert Lutuli nie. Nadat hy aan my verduidelik het wie die oorlede nou eintlik was, het ek verstaan waarom dié saak nie sommer enige saak was nie, maar kon nog steeds nie verstaan waarom ek nie die ondersoek kon voltooi het nie.
(Andries Burger)

**Vrugafdrywing saak.**
Die dag waarop my sersantaanstelling deurgekom het, het ek op Johannesburg stasie afgelos. Die Kollege was in resessie en vir dié periode het van ons instrukteurs op Johannesburg stasie en Jan Smuts-lughawe afgelos. Ek het in burgerlike drag gewerk aangesien ek en nege ander lede spesiale dienste verrig het om die homoseksuele bedrywighede, wat in daardie tyd ’n groot probleem op Johannesburg stasie was, uit te roei. My suster het naby die stasie in ’n woonstel gewoon. Een Vrydagaand, terwyl ek gewag het om aan diens te gaan, was ek na haar woonstel onderweg. ’n Paartjie met ’n piekniek mandjie het vanaf die woonstelle in die rigting van die stasie gestap. Aan die oostekant van die stasie was daar ’n pragtige park met visdammetjies, bankies en welige plantegroei. Toe hulle ongeveer drie meter van my af was, kon ek sien dat die dame baie hartseer was en dat sy gehuil het. Die man wat saam met haar gestap en die mandjie gedra het, was ook aangedaan. Toe hulle feitlik regoor my was, het hy het vir haar gesê: “Dit is beter so want ons kan nie die liggaam by ons in die woonstel hou nie.” Ek het by myself gedink: “Kan ’n man so gelukkig wees om op die dag waarop hy ’n volwaardige sersant word, ’n vrugafdrywing saak te kry om te ondersoek?”
Die paartjie het by my verby gestap al met die wenteltrappe af wat na die parkie gelei het. Ek het aan die anderkant met die pad afgehardloop wat toegang tot platform 16 en die parkie verleen het. In die parkie het ek tussen die struike langs die visdammetjie stelling ingeneem. Die paartjie het die parkie met die mandjie betree en langs die muur af beweeg tot waar hulle onder die oorhang van die struike gaan sit het. Die man het begin om ’n gat tussen die struike

te grawe terwyl die dame onophoudelik begin huil het. Nadat hy die gat gegrou het, het hy iets uit die mandjie gehaal wat in doeke toegedraai was, en dit versigtig in die gat geplaas. Nou was ek meer as oortuig dat hulle die fetus wat hulle nie in die woonstel kon hou nie, hier in die tuin wou begrawe het. In my geestesoog het ek al gesien hoe ek verklarings by die bure afneem waarin hulle verklaar dat die dame swanger was. Ek sien ook die distrikgeneesheer se verklaring onder die "A" afdeling in die dossier, waarin hy gesertifiseer het dat die dame wel geboorte geskenk het. Nadat hy die "graffie" toegegooi het, het hy in die rigting waar ek by die visdammetjie gesit het, gestap. In die proses om van die waterlelies uit die dammetjie, waar ek gesit het, te pluk, het hy byna op my linkerhand getrap wat my gestut het om die drukking op my boud te verlig weens die skerp klip waarop ek gesit het. Hy het ŉ hand vol lelies gepluk en terug beweeg na die "graffie" waar die dame nou hartstogtelik gesit en huil het.

Hulle het opgestaan, ŉ kort gebed gedoen en in die rigting van die wenteltrappe gestap waarmee hulle na die parkie afgeklim het. Toe dit veilig was, het ek my na die "graffie" gehaas waar die lelies lieflik in die lamppaal se lig gepryk het. Ek het in die sagte grond gegrawe en het op die voorwerp in die gat afgekom. Dit was in ŉ doek toegedraai.

Ek het vinnig eers gekyk waar die verdagtes hul op daardie stadium bevind het voordat ek verder gegrawe het. Ek was baie ontsteld toe ek die kop, die lyf en die bene kon voel en dadelik geweet het dat my suspisie in die kol was. Ek was oortuig dat dit die liggaam was van ŉ pasgebore baba. Ietwat huiwerig het ek die doek afgepluk en daar het die oorblyfsels van 'n yslike grys kat, in die doeke toegedraai, my begroet.

Ek weet nie of dit die verligting of die teleurstelling was wat die oorhand gekry het nie, maar net daar het ek met my netjiese broek plat op die los grond langs die graf gaan sit. Die paartjie was al besig om die pad na hulle woonstel oor te steek toe ek by hulle aangesluit het. Verbaas het hulle my aangekyk maar ek het niks gesê nie; ek het eenvoudig net saam met hulle tot by die woonstel se ingang gestap. Teen daardie tyd was hulle reeds baie senuweeagtig en die man het uiteindelik gevra of ek geweet het wat hulle gedoen het. "Ja", het ek hom geantwoord. "Is jy van die polisie en is ons nou in die moeilikheid?", het die dame beangs gevra.

Sy het toe voortgegaan en vertel dat die kat haar troeteldier van kindsbeen af was. Die kat het siek geword en toe hy gevrek het, het sy het nie kans gesien om hom in die kompleks se vullisdrom te gooi nie. Hulle was bewus van die parkie aangesien hulle die kat dikwels daarheen vir ŉ uitstappie geneem het om uit die woonstel te kom. Ek het hulle getroos en onderneem om die blomme op die graffie gereeld water te gee wanneer ek in die omgewing was. My groot vrugafdrywingsaak as sersant het ŉ gespottery onder my kollegas ontlok wat ek vir ŉ lang tyd daarna nog moes aangehoor het.

(RB)

**Die tragedie van 2 Januarie 1983.**

Gedurende die vroeë ure van 2 Januarie 1983 het die 22 jarige konstabel J.J. van der Westhuizen van die S.A. Spoorwegpolisie te Kimberley tussen middernag en twee uur die oggend om een of ander onverklaarbare rede aan die skiet gegaan nadat hy van diens was. Konstabel Van der Westhuizen was in burgerlike drag geklee en het omstreeks drie uur die oggend, by die markterrein langs die stadsaal, blindelings met sy 9mm dienspistool op vyf blanke mans begin skiet. In die voorval was mnr. Van Niekerk in die kop en mnr. Venter in die voet gewond. My skoonpa, sersant P.A. Faber, was voor die J.W. Sauergebou vier keer op verskillende plekke in sy lyf geskiet. Mnr. James Swartz, wat by die Poskantoor op die Kimberley stasie gewerk het, het die skote gehoor en ondersoek gaan instel. Hy was ook sonder meer daar doodgeskiet.

Van der Westhuizen het daarna die stasiegebou binnegehardloop en by die aanklagtekantoor ingehardloop en sersant H.J. Pelzer, wat in die aanklagtekantoor aan diens was, in die maag geskiet. Konstabel Joshua Sileka, wat ook in die aanklagtekantoor was, en sersant Pelzer het op Van der Westhuizen geskiet en hom vier keer in die bors getref. Hy het uit die aanklagtekantoor gehardloop en voor die gebou inmekaar gesak waar hy toe gearresteer

was. Pelzer het die skietvoorval oorleef maar Van der Westhuizen het 'n paar dae later aan sy wonde beswyk. Die oorsaak van die tragedie is saam met van der Westhuizen graf toe.
(Frans Koekemoer)

**Possakdiefstalle in Transkei.**
Na die onafhanklikheidswording van die Transkei het die Posmeester Generaal my vanaf Umtata geskakel en om hulp gevra. Vir 'n tydperk van twee jaar het hulle enorme probleme ondervind met registrasies wat in die landelike gebied van Idutywa afgelewer was. Etlike honderde klagtes was ontvang dat die registrasies met ontvangs leeg was en geen geld bevat het nie. Die geregistreerde pos wat die geld bevat het, was deur mynwerkers aan hulle families gestuur en het groot bedrae geld bevat. Die ondersoekbeampte van die Poskantoor was onder die indruk dat die diefstalle intern by hulle plaasgevind het. Alhoewel die S.A. Spoorwegpolisie nie meer ondersoeke in die onafhanklike staat gedoen het nie, het die Speuroffisier magtiging verleen dat ek die Poskantoor op Umtata behulpsaam kon wees.
Ek het eerstens al die rekords op Idutywa en Umtata nagegaan en tot die slotsom gekom dat die diefstalle nie daar plaasgevind het nie maar baie verder strek as wat ek vermoed het. Alle posstukke wat bestem was vir die Transkei was op 'n klein stasie naamlik, Amabele, oorgelaai. Die stasie was op die hooflyn tussen Oos Londen en Queenstown en was 'n aansluiting na beide die Transkei en Port Elizabeth. Alle possakke was slegs deur een goederetrein, wat daagliks geloop het, vanaf Amabele na Umtata vervoer. Dit was nie die enigste trein wat op hierdie spoor geloop het nie.
Die trein het laat middag vanaf Amabele vertrek en die kondukteur van die trein het gewerk tot op Sihota stasie wat op die grens van die Transkei was. Daar het 'n swart kondukteur van die Transkei by hom oorgeneem en hy het dan weer met 'n ander trein terug gereis na Amabele waar al die trein personeel in Spoorweghuise gewoon het. Daar was ook 'n laerskool in die omgewing. Met al dié inligting was ek terug na Amabele waar ek my ondersoek voortgesit het. Die ondersoek het daarop gedui dat die trein wat die possakke vervoer het en waarvan die geld uit die registrasies vermis was, elke keer deur dieselfde kondukteur beman was. Hy was 'n ene mnr. Moss. Op daardie stadium was hy met siekteverlof. Ek het vasgestel dat Moss voorheen by die Poskantoor werksaam was voordat hy 'n kondukteur geword het. Met behulp van die bankbestuurder op Kingwilliamstown het ek sy bankbesonderhede nagegaan en afskrifte van sy bankstate gemaak. Sy maandelikse salaris was in sy rekening inbetaal vir die voorafgaande jaar sonder dat hy enige onttrekkings uit sy bankrekening gemaak.
Met verdere ondersoek het ek vasgestel dat hy op 'n stadium vliegtuigkaartjies vir sy familie in die Kaap gekoop het om 'n verjaarsdagpartytjie te kom bywoon. Hy het ook duisende Rande aan die skool geskenk en sy kinders het buitensporige bedrae geld daagliks by die snoepie spandeer. By die juwelier het hy kontant betaal vir 'n massiewe ring van etlike duidende Rande vir sy vrou. In sy huis was van die duurste meubels waarvoor hy ook kontant in Kingwilliamstown betaal het. Nadat Moss van siekteverlof teruggekeer het, het ek gereël dat hy die eerste dag weer die goederetrein tot op Sithota moes beman. Nadat die trein oor die grens by die Transkei was, het ek die trein laat stilhou en die possakke agterin die kondukteurswa nagesien. In die kondukteurswa was die onderskeie stasies se possakke op verskillende hope gegooi. Die possakke wat vir Idutywa bestem was het ek met die poslyste vergelyk. 'n Hele aantal van die sakke kon nie gevind word nie. Die vermiste sakke het ek op die Umtata hoop aangetref. Die sakke het ek uitwendig ondersoek en gemerk dat al die registrasie sakke aan die kant oopgesny en weer toegewerk was. Ek het een van die sakke in die kondukteur se teenwoordigheid oopgemaak en gemerk dat die groen GBA sak in die possak ook oopgesny en weer netjies toegewerk was. Die vaswerk van die possakke se nate was op 'n sekere manier deur die Poskantoor gedoen. Die registrasie binne-in die GBA sakke was geseël maar die koeverte kon baie maklik oopgemaak word. Die inhoud daarvan was leeg en die gom op die koeverte was nog nat. Op die oog af sou niemand agtergekom het dat daar met die possakke gepeuter was nie.
Die kondukteur het die Idutywa possakke met opset op die Umtata hoop gegooi sodat die sakke 'n paar dae later op Idutywa afgelewer sou word. Ek het dadelik na Amabele teruggery waar ek die trein waarmee Moss teruggekeer het, ingewag het. Met aankoms van die trein het

ek Moss gevisenteer en ‘n paar duisend Rand op sy persoon gekry. Hy het verduidelik dat sy broer in Port Elizabeth by hom geld geleen het en dit op daardie tydstip aan hom teruggestuur het. In sy besit was daar ook ‘n silwer trommel waarin ek ‘n bol lyn gevind het wat eksklusief deur die Poskantoor gebruik was asook ‘n paar groot stopnaalde, ‘n buisie gom en ‘n skerp mes.
Die speurders in Port Elizabeth het ‘n besoek aan sy broer gebring wat ontken het dat hy vir hom geld gestuur het. Na ‘n paar warm klappe het Moss alles erken. Hierdie diefstalle het oor ‘n tydperk van twee jaar plaasgevind. Wat hy gedoen het was die volgende: Hy het die geregistreerde koevert in die kondukteurswa oopgestoom, die geld uit die koevert verwyder en die koevert weer met gom toegeplak. Die naat van die possak en GBA sak het hy netjies oopgesny en weer met lyn toegewerk. Moss het baie slim te werk gegaan maar alles waaroor hy beskik het, het ek op beslag gelê en hom gearresteer. Hy het ‘n pleit ooreenkoms met die hof aangegaan en ‘n langtermyn vonnis uitgedien. Die saak het my agttien maande geneem om te voltooi. Ek het in possakdiefstalle, treinrampe en trokdiefstalle gespesialiseer en in my dienstermyn in die Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie daarna, het ek vyf-en-negentig skriftelike aanprysings vir ondersoeke wat ek gedoen het, ontvang.
(Lolo Petzer)

**Bomwaarskuwing : Johannesburg stasie.**
Gedurende die middelste jare van 1970 was die S.A.Spoorwegpolisie en die Spoorweë herhaaldelik deur ŉ persoon verpes wat gereeld op Vrydae, of op die dag voor 'n langnaweek, sou begin deur valse telefoniese bomwaarskuwings aan verskeie sentra te rig. Ek en speurder-sersant Neels van der Merwe, beide verbonde aan die S.A.Spoorwegpolisie se Veiligheidstak, was getaak om die oproeper op te spoor en voor die hof te daag. Ons het 'n eed aan mekaar gesweer dat ons die betrokke persoon sou identifiseer en arresteer. Na nog 'n paar oproepe en deur deeglike ondervraging van die persone wat die oproepe ontvang het, kon ons onteenseglik bepaal dat die oproepe vanaf 'n telefoonhokkie gemaak was. 'n Verdere deurbraak het gevolg toe ons uit die ondervraging kon bepaal dat die oproepe vanaf 'n telefoonhokkie op Johannesburg stasie gemaak was. Hierna het die harde werk gevolg.
Vir weke het ons die telefoonhokkies op Johannesburg stasie onder observasie gehou. Tydens ons waarneming en die gereelde uitruiling van inligting het ons legkaart al hoe duideliker inmekaar begin pas. Ons het twee verdagtes geïdentifiseer en al ons energie en tyd op hulle gekonsentreer. Tot ons verbasing, dit weer op 'n Vrydag, het een van die verdagtes weer 'n vals telefoniese bomwaarskuwing gemaak. Gelukkig was ons reg vir hom. Die daaropvolgende Maandag, na beraadslaging met ons seniors, het ons die verdagte na ons kantoor geneem. Met die bewyse tot ons beskikking was daar vir hom geen wegkomkans nie. Sy grootse vrees was egter dat gevangenisstraf moontlik opgelê sou word. Vir die rede en om die probleem so gou as moontlik afgehandel te kry, het hy skuld op die aanklag erken en 'n kits verhoor versoek. Daardie jare was daar nog nie 'n artikel onder die wet op Ontplofbare Stowwe wat die maak van 'n vals bomwaarskuwing as 'n oortreding beskryf het nie. Hy was toe vir bedrog aankla. Hy was skuldig bevind en het 'n boete as vonnis ontvang. Tydens die ondervraging het die beskuldigde ons meegedeel dat ons ander verdagte, wat 'n lid van die S.A.Spoorwegpolisie was, hom geleer het om die vals bomwaarskuwings te maak. Wanneer hulle bymekaar was en ŉ paar drankies geneem het terwyl hulle aan diens was, het die oproepe as ŉ stoutigheid gevolg. Die aanklaer was nie gretig om die lid van SASP te vervolg nie. Gelukkig het die lid spoedig na die voorval uit die Mag bedank nadat hy gehoor het dat ons van sy bedrywighede bewus was. Nadat die saak voor die hof gedien het, was daar nie gou weer soortgelyke oproepe ontvang nie.
(Martin Marx)

**Trokdiefstalle.**
Terwyl ek in Oos Londen as speurder gestasioneer was, het verskeie besendings sigarette vanaf Oos Londen na Queenstown oornag verdwyn. Die enigste wyse om die diewe te kon vastrek, was om snags observasie te hou. Vroeg een oggend het ek vier verdagtes vasgetrek waar hulle besig was om die trok leeg te maak en op die winkelier in die lokasie se bakkie te

laai. Daardie jare het ’n karton met tien duisend sigarette, plus-minus R120-00 gekos. Met die arrestasie het ek en sersant P.J.W.A. Els die beskuldigde, ene Fanele Mantyi, se winkel en huis deursoek waar ons op baie ander goedere beslag gelê het. Ek kan nie meer onthou hoeveel aanklagte teen hom en sy helpers aanhangig gemaak was nie, maar die dossier was so dik soos ’n Bybel. Die beskuldigdes was op al die aanklagtes van trokdiefstal skuldig bevind en tronkstraf vir ’n aantal jare was opgelê. Hierna het die diefstalle opgehou en het dit rustiger geraak.
Toe begin possakdiefstalle waar geregistreerde stukke uit die possakke gesteel was. Die possak se etiket het aangetoon watter possakke geregistreerde stukke, insluitende kontant, bevat het. Daardie jare was daar nie elektroniese oorplasings of betalings nie; kontantgeld was per pos gestuur. Soms was die naat by die bodem van die possak oopgesny ten einde die geregistreerde stukke daardeur te verwyder. Partykeer het die dief die naat weer netjies met gom toegeplak sodat dit voorgekom het asof daar nooit geregistreerde stukke in die possak was nie. Dit was gedoen om die aandag op die afsender te plaas.
Trokry tussen Queenstown en Oos Londen en tussen Queenstown en Bloemfontein was die enigste uitweg. Die meeste diefstalle het op die trein tussen Johannesburg en Queenstown plaasgevind. Ek dink die nommer van die trein was nege af, wat so om en by tien uur die aand te Queenstown arriveer het. Ek en sersant Els het toe saans in die postrokke gery in ‘n poging om die diewe aan die pen te laat ry. Een aand het die trein by Lesseyton sylyn gestop om roomkanne op te laai. Terwyl die trein daar gestaan het, het ons opgemerk dat die deur van die postrok aan die teenoorgestelde kant oopgegaan en *ta* in die trok geklim het. Hy het glad nie vermoed dat ons hom fyn dopgehou het terwyl hy die sakke uitgesoek het nie. By die volgende sylyn, naby die Spoorwegklipgroef, terwyl die trein stadiger beweeg het, het hy die possakke uitgegooi en daarna self uit die trok gespring. Ons het hom agtervolg deur ook vinnig uit te spring en het hom op die plek gearresteer.
Na sy arrestasie het hy al die ander oopgemaakte briewe en sakke aan ons uitgewys. Hierdie beskuldigde was toe al die tyd een van die arbeiders wat in die pakkette kantoor gewerk het. Tot my verbasing was hy ook my beriggewer oor ander diefstalle; so wou hy die aandag in die possakdiefstalle van homself af lei. ’n Kondukteur, wat ons op ’n latere stadium vir possakdiefstal gearresteer het, het ook op ’n soortgelyke wyse te werk gegaan voordat ons hom aangekeer het.
(Eric Wiggill)

**Spesie begeleiding.**
Daar was twee tipes spesie begeleidings wat vanaf Johannesburg stasie gedoen was. Die een was waar die *Reserwe Bank* of *S.A. Munt* munte en note na banke landwyd gestuur het. Die ander spesie begeleiding was waar goudstawe vanaf *Germiston Rand Refinery* na Durban gestuur was waarna dit dan per boot na Engeland verskeep was. Afhangende van die bedrag munte en note wat vervoer moes word, was die trommels met die geld in een van die kompartemente van die passasiersrytuig saam met twee lede gelaai. In gevalle waar groot bedrae geld vervoer moes word, was dit in ’n spesiale toegeruste rytuig gelaai wat aan die agterkant van die passasierstrein gekoppel was. Die mees algemene plekke waarheen die geld vervoer was, was Kroonstad, Port Elizabeth, Oos Londen, Kaapstad, Bloemfontein, Durban, Rhodesië en Komatipoort. Wanneer dit in die kompartement vervoer was, was die lede in uniform met sy-wapens en ’n HMK bewapen. Lede van die publiek het aan weerskante van die kompartement, waarin die trommels geld was, gereis.
Die spesiewa wat die goud vervoer het, was ’n goed toegeruste trok met twee kluise (een op elke as), ’n koolstoof, yskas, en eetgerei. Die verversings departement van die Spoorweë het die spesiewa met die nodige proviand voorsien. Wanneer goud vervoer was, was die twee lede op Johannesburg stasie in die spesiewa toegesluit en na *Rand Refinery* by Germiston geneem. Met aankoms by *Rand Refinery* het swart mans die goudstawe in die twee kluise gepak wat deur die twee lede en ’n offisier nagegaan was. Hierna was die twee lede weer in die spesiewa toegesluit en na Johannesburg stasie geneem waar die spesiewa aan die agterkant van die Trans Natal gekoppel was vir die reis na Durban hawe. By elke stasie waar daar ’n aanklagtekantoor was, het ’n offisier of adjudant offisier wat spesiaal vir die diens

gemagtig was, die twee lede in die spesiewa besoek. Die ouer lede wat gereeld spesie begelei het, was al goed ingerig vir die reis. Hulle het die lekkerste etes op die koolstoof voorberei, want daar was niks anders wat hulle tydens die reis kon gedoen het nie. Twee groot blokke droë ys was bo in die yskas geplaas wat die vleis en ander proviand koud gehou het. Die harde baarde het met die eerste intrapslag, nog voordat hulle na *Rand Refinery* vertrek het, hulle kwota blikkies bier bo-op die ys geplaas. Teen die tyd dat hulle terug op Johannesburg stasie aangekom het, het die blikkies al binne-in die ysblok ingesmelt. Voordat die trein na Durban vertrek het, het ŉ offisier inspeksie gedoen om toe te sien dat hulle bewapen was en dat daar nie "onwettige" goedere in die spesiewa was nie. Wanneer hy die yskas oopgemaak het, het hy net die blokke droë ys gesien; die bier wat in die ysblokke gekamoefleer was, was onsigbaar. Met aankoms te Durban was die spesiewa na die hawe gerangeer waar die goud onder streng bewaking en toesig gekontroleer en met ŉ hyskraan bo-op die *Castle Liner* gelaai was.
(Gert Swanepoel)

**Lemoengif dood possakdief.**
Die rekenmeester van die destydse *Barclays* bank op Addo het op 19 Augustus 1980, R50,000 in note vanaf die hoofkantoor in Port Elizabeth bestel. Daardie jare was alle kontantgeld per possak na die bestemming gestuur. Met die aankoms van die possak te Addo was die een possak oopgesny en die R50,000 was uit die possak verwyder. Ek het na Addo stasie gereis en die personeel ondervra. Dit het aan die lig gekom dat die een werker die drie possakke vanaf die trein uit Port Elizabeth ontvang het. Hy het dit in die pakkettekantoor toegesluit en die sleutel aan die stasiemeester oorhandig. Die oorlaaikruier het gesien dat die persoon iets onder sy hemp ingesteek het. Die poskantoorwerker wat die pos vanaf die stasie na die poskantoor vervoer het, het ewe skielik verdwyn. Ons het sy bewegings gemonitor maar hy was te glad vir ons. Ongeveer twee maande daarna het ek inligting ontvang dat hy by ŉ sekere huis op ŉ plaas in die Addo distrik was. Toe ek daar aangekom het, was ek na die kamer waar hy gewoon het, geneem. Toe ek die deur oopgemaak het, het hy op die vloer voor die bed gelê, en sy laaste asem uitgeblaas. Die uitslag van die nadoodse ondersoek het bevind dat hy gif, wat die boere vir die spuit van lemoene gebruik het, ingekry het. Die dokter het bevind dat dit ŉ baie dodelike gif was en dat, net deur ŉ klein hoeveelheid onder jou nael te kry, jy dadelik kon sterf. Ons het al die geld behalwe R7 610 teruggekry.
(Corrie Meyer)

**Bedrogsaak Douglas stasie.**
Gedurende 1975 het die S. A. Vervoerdienste se ouditeure van Johannesburg die boeke van Douglas stasie geoudit en gevind dat die klerk, wat in beheer van die passasiers en goedereloods se boeke was, daarmee gepeuter het. Die reëling op sulke stasies was dat die gereelde kliënte van die S.A. Vervoerdienste ŉ deposito in kontant op rekening geplaas het, en wanneer daar goedere per spoor vir hulle gearriveer het, dan was die koste daarvan van die rekening verhaal. Die klerk het toe tussen die twee rekeninge geld vir homself geneem en die boeke teen mekaar afgeskryf. Terwyl die ouditeure daar besig was, het hy vinnig van die belangrike boeke, een van die passasiers en een van die goedere, ontslae geraak. Dit het die ondersoek vir hulle bemoeilik. Die saak was toe aan my gerapporteer en ek het die ondersoek waargeneem. Dit het my ses maande geneem om die ondersoek te voltooi aangesien ek nie elke dag aandag aan die saak kon gee nie omdat ek nog my ander verpligtinge moes nakom.
Wat my baie in die ondersoek gehelp het, was die groot firmas wat deeglik rekord gehou het. Ek kon dus by hulle die oorspronklike kwitansies opspoor wat wesenlik verskil het van die afskrifte, d.w.s die bedrae het verskil. Die beskuldigde het deurentyd ontken dat hy bedrog gepleeg het. Die twee boeke wat vermis was, kon ook nie opgespoor word nie. Dit was die Stasiemeester se plig om daagliks die inkomste self by die bank in te betaal, maar selfs dit het hy aan die klerk (beskuldigde) toevertrou. Die Stasiemeester het ook nie die boeke onder bespreking gereeld nagesien soos wat dit van hom verwag was nie. Ek het met die ouditeur gereël dat ek sy verklaring op Kimberley sou afneem. Terwyl ons met sy verklaring besig was, het ek gevind dat hulle berekenings heeltemal verkeerd was. Die bedrae wat betrokke was het

aansienlik verskil. Die ouditeur moes toe eers nadat hy in Johannesburg aangekom het, sy berekeninge nagaan om die fout op te spoor. Toe eers kon ek sy verklaring afneem en in die dossier voeg. Na voltooiing van my ondersoek het ek die saak met die speur hoof, majoor Gawie Greyling, bespreek. Ons het besluit om die saak met die Streekhof aanklaer te bespreek aangesien ons besorg was dat die hof mag bevind het dat die nalatige optrede van die Stasiemeester tot die saak aanleiding kon gegee het. Die aanklaer het ingestem om nie die beskuldigde krimineel te vervolg nie, maar het opdrag gegee dat hy departementeel verhoor moes word. Die beskuldigde was departementeel skuldig bevind en was summier uit die diens ontslaan.
(Johan Claassen)

**Ek dra die wiele.**
ŉ Possak was te Empangeni gesteel en kolonel Thys Jonker het my geskakel om te hoor of ek die saak sou kon ondersoek. As ek op daardie stadium geweet het dat die verdagte en die possak so gou opgespoor sou word, sou ek die ondersoek self gedoen het. Ek het gedink dat dit ŉ lang en uitgerekte ondersoek sou wees en ek het die kolonel meegedeel dat ek nie in staat was om dit te doen nie aangesien ek op daardie stadium die Posbevelvoerder was en nie die ondersoek tesame met my stasiewerk sou kon behartig nie.
Behalwe vir die hondeman, was ek die jongste lid op die stasie. Die ouer sersante kon net nie die jong adjudant offisiertjie se werkswyses aanvaar nie. Hulle verskoning vir hul gebrek aan bevordering was: “Liewer ŉ slim sersant as ŉ dom adjudant.” Ek het ŉ klomp registers ingestel om die kontrole en beheer op te skerp en hulle het nie daarvan gehou nie. Een dag het ek in my kantoor gesit en gehoor hoe drie van die sersante, net neffens my kantoor, aan die gesels was. Die een het gesê: “Wat se k*k is dit dié?” Die ander een het geantwoord en gesê: “Die klein d#@s het die registers ingestel.” Ek het opgestaan en na hulle toe geloop en wou by hulle weet van watter klein d#@s hulle gepraat het. Almal het heftig ontken dat hulle sulke woorde geuiter het. Ek het hulle in die oë gekyk en gesê: “Ek mag ŉ klein d#@s wees, maar ek het die wiele op my arms, hier slaan ek die kitaar en julle moet maar dans. As julle ŉ probleem daarmee het, kan julle die Streekoffisier gaan spreek.”
Ons het die possak en verdagte gou opgespoor. Twee speurders van Durban was gestuur om die saak te ondersoek. Die bedrag wat by die saak betrokke was, was óf R80 000 óf R180 000. Dit het twee klerke twee dae geneem om al die note se nommers in die bewysstukregister aan te teken. ŉ Tyd lank daarna het majoor Vaaljan Viljoen my gekontak en gesê dat ek hom op Empangeni moes gaan sien. Op daardie stadium was ek reeds na Ermelo verplaas. Ek was onder die indruk dat dit oor die ondersoek van die possak gegaan het en dat ek óf ‘n verklaring moes aflê óf in die saak moes gaan getuig. Nadat ek hom gegroet het, het Vaaljan my in ŉ kantoor ingeneem en gevra of ek getroud was en of ek kinders gehad het. Ek het vir hom gesê dat ek wel ‘n vrou en kinders gehad het, maar wou weet hoekom hy die vraag aan my gestel het.. Hy het geantwoord en gesê dat hy nie seker was dat die kinders gelukkig sou wees as hul pa in die tronk beland het nie. Ek was stomgeslaan en het nie ŉ idée gehad waarvan hy gepraat het nie. Hy het my voorts gevra wat ek met die geld gemaak het wat ek uit die possak verwyder het. Die lig het net daar vir my opgegaan.
Hy het vertel dat konstabel Gert Knoesen ŉ verklaring afgelê het, waarin hy beweer het dat ek die geld gesteel het. Ek het toe vir Gert nadergeroep en gevra: “Gert, hoe de donner kan jy so onder eed lieg?” Nodeloos om te sê dat ek my vrek geskrik het maar aan die einde van die dag het Vaaljan my darem geglo. Ek dink die twee ondersoekbeamptes was toe later aangekla, maar ek dra nie kennis rakende wat van hulle geword het nie.
(Thinus Lotz)

**Daar is ŉ bom onder die stasie.**
Dit was Dinsdag 6 September 1966. Ek was ŉ jong konstabel te Bloemfontein en het oggendskof gewerk. So vyf maande tevore het ek my kollege-opleiding voltooi. Op die betrokke dag, om ongeveer half een, was ek besig om die registers in die aanklagtekantoor vir oorhandiging aan die middagskof voor te berei. Twee onbekende mans het die

aanklagtekantoor binnegestap en gerapporteer dat daar ŉ bom onder die stasie was. Twee dinge het op daardie oomblik my gedagtes besig gehou. Een was die oorhandiging van die aanklagtekantoor dienste, en die tweede was die rugbyoefening later die dag. Nêrens in my gedagtes het ek vir so ŉ ernstige saak voorsiening gemaak nie. Ewe ongeërg en in geen onduidelike terme nie, het ek die twee manne laat verstaan dat hulle nonsens gepraat het want waar kon daar nou ŉ bom onder die stasie wees? Die twee persone het die aanklagtekantoor verlaat toe hulle gesien het dat hulle my nie van die bom se teenwoordigheid kon oortuig nie. ŉ Rukkie nadat hulle die kantoor verlaat het, het die telefoon in die aanklagtekantoor gelui. Weer het die persoon aan die anderkant van die lyn beweer dat daar ŉ bom onder die stasie was. Nadat die persoon die geval telefonies aan my gerapporteer het, het dit nog steeds ŉ onwerklikheid vir my gebly. Die persoon het die telefoon neergesit en al waaraan ek kon dink was die rugbyoefening wat later die dag sou plaasvind. Die gevolg van my sprokieswêreld was dat ek geen besonderhede van die persone wat persoonlik kom rapporteer het, of die persoon wat my telefonies van die bom verwittig het, afgeneem het nie. So ietsie van die erns van die voorval het tog later tot my gedagtes deurgedring. Ek het toe by myself gedink dat dit dalk wys sou wees om vir sersant Louw van der Walt, die wyksersant, te skakel en hom van die sogenaamde bom se beweerde teenwoordigheid in te lig.
Sersant Van der Walt het nie aan rugby gedink nie en het dadelik begin om ondersoek in te stel. Tot my skok en verleentheid was daar toe wel ŉ bom op perron een, onder die restaurant, geplaas. As ek reg kan onthou, het lede van die S.A. Polisie die bom onskadelik gestel. Dit was my eerste kennismaking met ŉ bom – en ja ek was oor die vingers getik en aangespreek oor my nalatigheid. Rugby bly maar koning. Ek is oortuig daarvan dat my rugbyspelery my so ietwat uit dié penarie gehelp het.
(Douglas du Randt)

**Desperate passasier.**
Gedurende 1970, terwyl ek die seksiespeurder op De Aar was, was ek op die seksie met ondersoek. Die Stasiemeester van Heuningneskloof het my gekontak en gerapporteer dat die gesentraliseerde verkeerbeheer sinjaal (GVB) beskadig was. Hierdie trajek was op die hoof roete tussen Johannesburg en Kaapstad. As gevolg van die sinjaal wat beskadig was, was die treine nie toegelaat om verder op die trajek te beweeg nie. Ek het my na die toneel gehaas. Daar aangekom het ek vir speur-adjudant offisier Basson en van sy speurders, wat te Kimberley gestasioneer was, daar aangetref. Die lig van die sinjaal was stukkend geslaan of stukkend gegooi. Basson en sy span was van oordeel dat van die plaasarbeiders, wat daar naby gewoon het, vir die sabotasie verantwoordelik was. Met die ondersoek van die maspaal het ek gemerk dat die paal baie onlangs met silwer verf geverf was. Die verf was plek-plek nog nat gewees. Daar was duidelike vinger- en handpalm merke wat ŉ aanduiding was dat iemand teen die pas geverfde paal moes uitgeklim het om die sinjaallig te beskadig. Aangesien daar nie ŉ stasie in die onmiddellike omgewing was nie, was my vermoede dat iemand die goederetrein tot stilstand wou dwing sodat hy met die trein verder kon ry. Ek het onmiddellik na Heuningneskloof stasie vertrek en daar vasgestel dat ŉ goederetrein na Oranje stasie onderweg was. Die stasievoorman te Oranje stasie was versoek om die trein te stop en opdrag was gegee dat sy personeel die trein vir enige onwettige passasiers moes deursoek. Die trein was deursoek en ŉ jong blanke man wat in een van die leë trokke geskuil het, was gevind en sy hande was met silwer verf bedek. Met die ondervraging het die man erken dat hy teen die maspaal uitgeklim het en die sinjaallig stukkend geslaan het. Sy verduideliking was dat hy die goederetrein wou laat stop sodat hy verder met die trein kon saamry. Hy was aangekla vir die opsetlike beskadiging van eiendom. ŉ Duur en onsmaaklike treinrit vir ŉ desperate passasier.
(Johan Claassen)

**Hier is jou tafel.**
Die laaste twee jaar van die vier jaar wat ek te New Canada gestasioneer was, het ek hofdienste verrig. Elke dag moes ek die dossiere en bewysstukke na en van die hof geneem het. Ek moes ook die subpoenas uitreik om die getuies voor die hof te daag. Ek het ŉ

staatsaanklaer in O hof ontmoet omdat die meeste van die Spoorwegpolisie se sake daar voorgekom het. Die staatsaanklaer was van Oos Londen afkomstig waar hy vantevore 'n landdros was maar as gevolg van sy drinkgewoontes was hy in rang verlaag. Op 'n dag het hy gereël dat 'n tweede tafel in sy kantoor ingebring moes word en hy het my meegedeel: "Meyer, hierdie is jou tafel waar jy voortaan gaan werk." Hy het verduidelik dat daar 'n klomp klagstate was wat hy vir die hof gereed moes kry en hy het my voorts gewys hoe dit gedoen moes word. Ek was onder die indruk dat dit net vir die betrokke dag sou wees, maar nee, dit het gou in my daaglikse taak ontaard. Terwyl ek besig was het die aanklaer kort-kort uit die hof gekom waarna hy 'n botteltjie uit die tafel se laai gehaal en 'n paar slukke gevat het. Dit het my nie veel gepla nie maar later het dit ook in die hof begin gebeur. Partykeer was hy lekker getrek en dan het hy sommer vir die landdros versoek: "Edelagbare, kan Meyer maar met die sake voortgaan? Ek is baie besig om die klagstate van groot sake saam te stel." Ek het dan maar voortgegaan; die klagte aan die beskuldigde gestel, pleit geneem en die getuienis gelei. As die beskuldigde skuldig bevind was, het ek my vertoë gelewer en hy was gevonnis. So het dit maar vir 'n geruime tyd aangegaan. Wanneer hy wel die slag aangekla het en die prokureur het sy kruisondervraging gedoen dan het hy baie maklik vir die prokureur gesê dat hy die hof se tyd gemors het.
Ek het ook saam met die Streekshof aanklaer 'n werkswyse in werking gestel waarin nuwe sake soos diefstal en sakkerollery op die eerste verskyning sommer dadelik verhoor moes word en net vir sy SAP 69 (vorige veroordelings) uitgestel moes word. Na wat ek verneem het, het die staatsaanklaer met die drankprobleem, kort na my verplasing vanaf New Canada, die trekpas gekry.
(Corrie Meyer)

**Die beskuldigde met die landdros se jas.**
Die kondukteurs van die goederetreine het geglo dat hulle kos gesteel was wanneer hulle die wissels tussen Gingindlovu en Mtunsini oorgegooi het vir die treine om te kruis. Ons het toe observasie gehou en daar het ons 'n Mosambieker gevang wat vir dié diefstalle verantwoordelik was. Ek het drie klagtes teen hom ingebring. Eerstens vir die diefstal van die toebroodjies, tweedens dat hy nie in besit van 'n wettige identiteitsboekie was nie en derdens dat hy in besit was van vermoedelike gesteelde eiendom, naamlik 'n netjiese jas wat hy aangehad het. Die saak het op Mtunsini voorgekom. Tydens die verhoor het die jas op die aanklaer se tafel gelê. Toe dit by die klagte van die jas kom, het die aanklaer die jas opgelig en dit in die lug gehou en aan die beskuldigde gevra waar hy die netjiese jas gekry het. Die beskuldigde het beduie dat hy die jas by daardie huis wat so hoog sit, gekry het. Op daardie stadium het ek opgemerk dat die landdros effens orent gekom het en met groot belangstelling na die jas gekyk het. Die landdros het toe aan die beskuldigde gevra: "Die man wat vir jou daai jas gegee het, sit hy in die hof vanoggend?" Die beskuldigde het noukeurig deur die aanwesiges in die hof gekyk en gesê dat hy nie die persoon in die hof gesien het nie. Die landdros het die aanklaer versoek om die jas na die bank te bring omdat hy graag daarna wou kyk. Die landdros het ietwat uit die veld geslaan gelyk en het aan die beskuldigde gesê: "Ek wil net vir jou sê, ek is die man wat in daardie huis bly wat jy verduidelik het, en ek het beslis nie die jas vir jou gegee nie, jy het hom gesteel." Die beskuldigde was skuldig bevind en nadat hy sy vonnis uitgedien het, was hy na Mosambiek gedeporteer.
(Andries Burger)

**Possak etiket vang diewe.**
Gedurende 1984, terwyl ek as Area offisier te Klerksdorp gestasioneer was, het een telefoniese oproep van die Bevelvoerende Offisier te Kimberley my stof tot nadenke gegee. Die opdrag was duidelik: "Daar is 'n possak met R252 000 kontant vanaf Vryburg na Bloemfontein gestuur, en die possak het nie die eindbestemming bereik nie. Vind die skuldiges en die geld." Kort en kragtig was die opdrag. Met die begin van die ondersoek was daar vasgestel dat die possak alreeds 'n week lank vermis was. Saam met die seksiespeurders was daar kajuitraad gehou en op 'n plan van aksie besluit. Vroeg een oggend het ek en van die speurders na Vryburg vertrek wat ongeveer twee ure se reis vanaf

Klerksdorp was. Met aankoms te Vryburg was alle verdagtes en persone wat belange by die ontvangs, opmaak en versending van die possak gehad het, ondervra. Geen sukses. Dwarsdeur die dag was daar dinkskrum gehou. Die possak was vanaf die Poskantoor na die spoorwegstasie geneem, deur die laaimeester in ontvangs geneem, en aan die kondukteur van die passasierstrein oorhandig. Met aankoms van die trein te Bloemfontein was die possak vermis.
Drie arbeiders, een van die Poskantoor en twee van die bank vanwaar die geld versend was, was vir ondervraging ingeneem. Geen inligting kon by die drie verdagtes ingewin word nie. Met die beskikbare inligting was al drie in afsonderlike kantore ondervra. Met sulke diefstalle was dit logies dat die possak ná die diefstal verbrand sou word om enige leidrade uit te wis. Terug by die Poskantoor het ek ŉ possak etiket opgespoor wat gelees het: "Vryburg – Bloemfontein". Ek het die etiket gedeeltelik gebrand met ŉ vuurhoutjie en by die stasie was een van die verdagtes soos volg gekonfronteer: "Jou *tjommie* sê julle het die possak by die ashoop gaan verbrand. Ons was by die ashoop en het die possak met die etiket gekry." Die half gebrande etiket was aan hom getoon. Dit was toe net daar waar *ta* se moed hom begewe het. "Ja, ek het vir hulle gesê ons moet dit nie doen nie", het hy erken.
Hul *modus operandi* was eenvoudig. Die possak was vanaf die Poskantoor, met ander possakke, per fiets na die stasie geneem terwyl die trein langs die platform gestaan het. Met die laai van dié possak in die kondukteurswa en die uitlaai van ander possakke, wat vir Vryburg bestem was, het een van sy makkers, sonder die medewete van die kondukteur, die possak met die geld by die possakke wat vir Vryburg bestem was, gegooi. Toe hy na die Poskantoor teruggekeer het, was die possak met die inhoud gesteel en die possak was op die stortingsterrein verbrand. Daar was toe met die deursoeking van persele en voertuie begin. By een van die verdagtes se huis was ongeveer R3000 kontant onder ŉ sinkemmer gevind, met die strokies van die betrokke bank nog aan die note. Met dié bewyse beskuldig hulle toe mekaar. Die vrees van wat vir hulle voorgelê het, was vir hulle een te veel. Hulle het vervolgens besluit om ons die betrokke nag na ŉ sekere huis in Vryburg te neem. By dié huis was daar op ongeveer R205,000 kontant in plastiese sakke beslag gelê. Daar was ook op ŉ groot verskeidenheid goedere beslag gelê wat met die gesteelde geld gekoop was. In een van die wieldoppe van ŉ voertuig wat deur hulle aangekoop was, was bykans R4000 se note gevind. ŉ Doodeenvoudige verbrande possak etiket, ŉ bietjie bluf en die saak was opgelos. Daar is geen baasspeurder nodig om enige saak op te los nie. Net eenvoudige logika is nodig.
(Koos v/d Merwe)

**Vals mediese eise eis sy tol.**
Daar was ŉ tydperk waarin verskeie dokters en aptekers valse eise by die Transmed Mediese fonds ingedien het. ŉ Soortgelyke saak was teen ŉ dokter en ŉ apteker in Port Elizabeth ondersoek. Ons het eerste na die apteker gegaan en op sy boeke beslag gelê. Terwyl ons die boeke nagegaan het, het hy gevra om die toilet te besoek want hy het ŉ maagaandoening gehad. Ek het hom toegelaat om te gaan maar toe hy na ŉ tydjie nie teruggekom het nie, het ons ondersoek gaan instel. Ons het hom dood in die toilet aangetref nadat hy ŉ oordosis pille gedrink het. Die dokter het daarvan te hore gekom en dadelik na die buiteland gevlug. Na ŉ paar jaar het hy teruggekeer, maar voordat ons hom kon opspoor, het hy weer na Lusaka gevlug.
(Corrie Meyer)

**Die bottel wyn aan die tou.**
Tydens een van my roetine besoeke aan Heuningneskloof stasie het die Stasiemeester aan my gerapporteer dat daar met ŉ karton, wat wyn bevat het, gepeuter was. Ek het die kartondoos ondersoek en gevind dat een bottel wyn weg was. Toe ek by die Stasievoorman, wat die sinjale van die treine beman het, verby gestap het, het ek opgemerk dat hy baie senuweeagtig voorgekom het. Ek het hom tromp-op daarvan beskuldig dat hy die bottel wyn gesteel het. Daarna is ek na die Goedereloods en, terwyl ek daar besig was, het hy my genader en die diefstal van die wyn erken. Hy het my toe na die sinjaalkas geneem en vir my ŉ tou gewys waaraan die bottel wyn vasgemaak was. Hy het die bottel wyn in die opening laat

afsak, en soos wat hy dors geword het, het hy dit opgetrek en ’n sluk daarvan geneem. Ek het op die bottel wyn met die tou beslag gelê en hom toe aangekla. Hy was skuldig bevind, gevonnis en deur die Vervoerdienste ontslaan.
(Johan Claassen)

**Die streepsak en Liesbeeckpark.**
Soos dit met baie sake gegaan het, het sommige beskuldigdes geweier om hulle aandeel in die pleeg van ’n misdaad te erken, ten spyte van die feit dat die ondersoek en getuienis daarop gedui het dat hy wel by die pleeg van die misdaad betrokke was. Een van die ontkennende verdagtes het homself een slag in ’n streepsak agter in die kattebak van ’n 3 liter *Ford Cortina* bevind. Die twee speurders wat die saak ondersoek het, het die *Cortina* op die breekwater muur geparkeer. Hulle het die kattebak oopgemaak, die verdagte by die bek van die streepsak laat uitloer en hom gewys waar die *Cortina* geparkeer gestaan het. Hulle het hom vriendelik met die woorde vermaan: “Jy beter praat, jy sien waar staan die kar, vanaand is die aand dat ons jou in die see gooi.” “OB, ek sweer op my ma se graf ekke wiet niksie”, het hy sonder huiwering by sy storie gehou. Die streepsak en die kattebak was toegemaak en die twee speurders het hardop gepraat sodat die verdagte hulle duidelik kon hoor: “Kom ons ry waar ons ’n stil plek op die muur kry dan gooi ons hom daar in die see. Hy wil mos nie praat nie.” Die *Cortina* het met ’n spoed weggetrek en al met die N1 snelweg gery tot by die Liesbeeckpark sportgronde. Die veld was nog altyd vir sy swak dreinering bekend. Dit het hoeka ’n paar dae vantevore aaneen gereent. Die *Cortina* het met ’n ruk tot stilstand gekom en te midde van die doodse stilte was die kattebak oopgemaak.
Die gesprek tussen die twee speurders het soos volg verloop: “Dink jy dis stil genoeg hier? Kyk net dat niemand ons sien nie. Nee, dit is veilig hier; daar is niemand binne sig of binne hoorafstand nie. Hierdie is die mees geskikte plek. As hy tussen die dolosse val, sal die krewe lekker aan die lyk vreet en niks sal oorbly om uit te kan spoel nie.”  “Wil jy nog iets sê?”, was die verdagte gevra. “Serious, OB, dié jong weet van f^kol, op my ma se graf”, het hy enige betrokkenheid ontken. Die een polisieman het die ander versoek om die een kant van die streepsak vas te gryp en stadig was die sak uit die kattebak gelig. Toe die onderste punt van die sak die water op die rugbyveld geraak en vinnig nat geword het, was daar skielik ’n beweging in die sak en het die belofte gekom dat hy bereid was om sy samewerking te gee: “Nei, OB, wag! Ek sal praat!” “Praat, maar sit stil in die sak”, het die speurders vermaan.
Nog voordat die hele sak behoorlik nat was, het die verdagte soos ’n skou kanarie gesing. Met die inligting vanwaar die gesteelde goed gebêre was, wie medepligtig was in die pleging van misdaad en waar die ander medepligtiges weggekruip het, was die sak oopgemaak. Die verdagte het na sy asem gesnak en sy mond het van verbasing oopgeval. Die woordevloed wat daarna uit sy mond gestroom het, is egter nie geskik vir publikasie nie.
(Douw Vermeulen)

**Motor bots met Trans Karoo.**
Eugene Smith (21), ’n inwoner van Klerksdorp, was een Saterdag middag om twee uur met sy motor onderweg toe hy by die Boetrand spoorwegoorgang met die Trans Karoo trein gebots het. Die trein het die motor vyftien meters ver gesleep, teen ’n elektriese maspaal geslinger waarvandaan die motor in ’n stormwatersloot tot stilstand gekom het. Die impak van die botsing het Smith uit die motor geslinger. Hy is per ambulans na die hospitaal afgevoer maar het die Maandag aan sy beserings beswyk. Drie dae na die botsing het ’n ander motor by dieselfde spooroorgang met ’n goederetrein gebots. Niemand was in die botsing beseer nie. Luitenant Hennie Slabbert, die Streekoffisier te Klerksdorp, het die publiek deur die plaaslike nuusblad gemaan om versigtig te wees. Hy het die publiek ook gewaarsku dat daar streng teen roekelose en onbedagsame motoriste, wat nie alleen hulle eie lewens nie, maar ook die van ander in gevaar gestel het, opgetree sou word.
(Hennie Slabbert)

**Die possakdief in die linnekis.**
Ek was gedurende 1982 –1983 Speuroffisier op Pietermaritzburg toe speurder-sersant Corrie de Jager van Greyton my geskakel en gerapporteer het dat ŉ possak uit die sleepwa van ŉ Padvervoerbus gesteel was en dat die possak vermoedelik kontantgeld bevat het. Ek en speur-adjudant offisier Dalton en speurder-sersant Jan Olivier het na die toneel vertrek waar ons ŉ verskrikte busbestuurder aangetref het wat ŉ linnekis aan ons uitgewys het waarvan die deksel oopgestaan het. Hy het gerapporteer dat hy ŉ ongeskeduleerde stop gemaak het om ŉ passasier af te laai. Toe hy die deur van die sleepwa waarin die passasiers se bagasie in vervoer was, oopgemaak het, het daar ŉ swart man uit die wa gespring, met ŉ stuk yster of hout teen die deur geslaan en weggehardloop. Binne-in die linnekis het ons ŉ groot hoeveelheid banknote, wat in hopies met rekkies vasgemaak was, gevind en langs die kis was ŉ oopgesnyde possak. Die kis se deksel was met ŉ groot hangslot gesluit. Die skarniere aan die agterkant van die kis was losgeskroef en met hakies vervang sodat die kis se deksel van die binnekant af oopgemaak kon word. Die busbestuurder het gerapporteer dat die kis te Greyton deur drie swart mans opgelaai was en hulle het gesê dat die kis by die volgende geskeduleerde stop afgehaal sou word. Dit het geblyk dat die man wat uit die sleepwa gespring het, binne-in die kis was toe die bus vanaf Greyton vertrek het. Gedurende die rit het hy uit die kis geklim, die possak oopgesny en die geld in die kis gelaai. Met aankoms by die volgende geskeduleerde stop sou hy weer in die kis gewees het waar sy makers hom met kis en al sou afgelaai en spore met die geld gemaak het. Dit sou ŉ volmaakte misdaad gewees het as die busbestuurder nie die ongeskeduleerde stop op die roete gemaak het nie. Goeie speurwerk deur die ondersoekbeampte, speurder-sersant de Jager, het aan die lig gebring dat die kis op Ulundi by ŉ meubelwinkel deur ene, Justice Sibisi, gekoop was. Justice het ook met die koop van die kis aan die verkoopsman verduidelik waar hy gewoon en gewerk het. Die beskuldigde het gevlug toe hy gehoor het dat De Jager op sy spoor was, maar hy was later te Phokeng opgespoor en gearresteer. Hy was in die Hooggeregshof te Eskort skuldig bevind en tot sewentien jaar tronkstraf gevonnis. Die bedrag betrokke was ongeveer negentig duisend Rand.
(Piet van Rensburg)

**Diefstal van koperkabels met noodlottige gevolge.**
Gedurende 1979 het die tegnikus wat die substasies in Vereeniging in stand gehou het, een oggend toe dit nog skermer was, die substasie op ŉ roetine besoek binne gegaan. Hy was nog besig met sy roetine ondersoek toe die natuur geroep het en hy na buite gegaan het om water af te slaan. Niksvermoedende het hy by die kantoor uitgestap en by die draadheining posisie ingeneem sodat die natuur sy gang kon neem. Die terrein was nie verlig nie. Terwyl die verligting hom oorval het, het iets hom gepla. Hy het opgekyk en daar het hy ŉ swart man gesien wat aan die draadheining gehang het. Sy voete het tussen twee drade aan die bo-punt van die heining vasgehaak, met sy kop na onder. Sy hande het uitgestrek aan die grond geraak. Net daar het die natuur opgedroog en hy het hom na binne gehaas vanwaar hy die polisie geskakel het. Met nadere ondersoek was bevind dat die persoon koperkabels vanaf die transformator wou steel. Die hoë elektriese stroom het sy klere aan die brand gesteek. Hy het al brandend probeer vlug deur oor die heining te klim. Sy voete het in die drade verstrengel geraak en hy het dood gebrand. Die voorval het vermoedelik gedurende die nag gebeur.
(Johan Claassen)

**Gewonde met twee skietwonde.**
Diewe het op Groutville stasie op ŉ gereelde basis baie sakke suiker uit die trokke gesteel. Omdat Stanger se seksie so wyd verspreid was, het ek gevra of die Mobiele eenheid van Durban nie observasie dienste op Groutville kon kom hou nie. Hulle moes net observasie hou en, indien hulle iemand gearresteer het, sou ons die saak verder ondersoek het. Met ŉ groot gesukkel het ek die eenheid daar gekry, maar na die eerste dag het my beriggewer my laat weet dat daar mense in die veld gelê en gesels het en dat hy musiek gehoor het. Hy het gesê dat hy vermoed het dat die verdagtes seker iets wou doen en dat ons moes gaan kyk.

Dieselfde dag het ek die eenheid na Durban teruggestuur. Ek en my twee speurders het self toe observasie gaan hou. Terwyl ons daar gelê het, het daar ŉ paar van die diewe aangekom en elkeen het 'n sak suiker gegryp en rieme neergelê. So in die hardloop het Ernest die een van agter deur sy bobeen geskiet en die koeël was aan die voorkant weer uit. Ons het van die diewe gearresteer en het hulle, tesame met die bewysstukke, agter in die vangwa gelaai. Die gewonde het ons na die hospitaal vir behandeling geneem. Die volgende dag het die hospitaal geskakel en gesê dat die gewonde man wat daar gelê het, twee skietwonde gehad het en dat hy ŉ saak van poging tot moord wou maak aangesien ons twee keer geskiet het; een skoot van agter en die ander skoot van voor. Ek het probeer verduidelik dat daar wel twee gate in sy been was, die een waar die koeël in was, en die ander wond waar die koeël uit was. Hulle het egter volgehou dat daar slegs een gat aan die voorkant was.
Ek het toe na die hospitaal gery en met mooi praat het hulle die pasiënt saam met my na die kantoor laat ry. Ek het aan die hospitaal personeel gesê dat die uitkenningsparade klaar gereël was en dat die pasiënt die lid wat hom geskiet het, moes gaan uitwys. Terwyl ons die kantoor binnegestap het, en nog voordat ek die deur agter ons kon toemaak, het Ernest die pasiënt al reeds met die grond gelyk gemaak. Nadat Ernest met hom klaar was, was hy nie meer lus om met die klagte van poging tot moord verder te gaan nie. Hy het gebieg dat dit die personeel by die hospitaal was wat hom voorgesê het om ŉ klagte in te dien. Nadat ons sy vingerafdrukke geneem het, het ek hom teruggeneem hospitaal toe. Die middag het die hospitaal geskakel en baie mooi om verskoning gevra want toe hulle die verbande omgeruil het, het hulle gesien dat daar sig aan die agterkant van sy been uitgeloop het en dat daar nog ŉ gat was. Die dokter het dit aanvanklik nie gesien nie. Dit was een van daardie gevalle waar ŉ polisieman klippe kou as daar beweer word dat hy onregmatig opgetree het.
(Andries Burger)

**Oneerlikheid betaal nie.**
As speurder-adjudant offisier te Port Elizabeth was ek verantwoordelik vir die hou van eerlikheidstoetse op die busse en die treine. Ons het sover as die Transkei en die Ciskei gewerk. Met die ondersoeke het ek baie geleer hoe bus en treinpersoneel geld gesteel het. Sommige van die busbestuurders se *modus operandi* was om nie die deurslagpapier tussen die oorspronklike en die duplikaat in te sit wanneer die kaartjie uitgeskryf word nie. Hy skryf die oorspronklike volledig uit maar die duplikaat se besonderhede verander hy later. Eers wanneer die bestuurder se kaartjieboek en die passasier gedeelte nagegaan was, het jy die verskil agtergekom. Wat hulle ook gedoen het, was om die getal passasiers as *Ten* in te vul, sonder dat hulle die bedrag ingeskryf het. Met aankoms by die stasie verander hy die *Ten* om te lees *Een*. Jy moes ook baie goed na die bestuurder en sy assistent se reaksies opgelet het wanneer jy hulle gestop het. Hulle het die geld en die kaartjies op enige plek denkbaar in die bus weggesteek. By 'n geleentheid het ons agter die bus stilgehou, met die bestuurder gepraat en die nodige toetsing gedoen. Toe ons klaar was, het ons aan die busbestuurder gesê dat hy maar kon ry. Hy het die bus aangeskakel en met dié sien ons dat daar stukkies papier by die uitlaatstelsel uitgekom het. Met verdere ondersoek het ons gevind dat dit vervalste kaartjies was wat hulle daar versteek het. Ons het hom toe weer genader en hom ondervra waarna hy alles erken het. ŉ Kaartjiesklerk, wat te Port Elizabeth stasie werksaam was, het my somtyds ook van inligting voorsien rakende kaartjies wat moontlik gedokter was (soos ons daarna verwys het). Hy het ook dan gesê "Sersant Meyer, jy sal my nooit vang nie", dan het ek vir Jan (skuilnaam) gesê, jy kan nie sê: "fonteintjie, ek sal nooit weer van jou water drink nie." Later het sersant Meyer hom wel vir diefstal van geld ten opsigte van kaartjieverkope gearresteer. Hy was in die hof skuldig bevind, maar voordat hy gevonnis kon word, het hy homself by Van Stadensrivier mond in sy motor vergas.
Daar was die geval waar ek ook ŉ kaartjiesklerk te Noord Einde stasie gearresteer het wat ook geld en buitebande gesteel het. Hy was ook aan diefstal skuldig bevind maar voor vonnis het hy homself geskiet. Hy het sy eie vonnis gevel.
(Corrie Meyer)

**Lebombo sylyn.**

Lebombo sylyn was die laaste sylyn tussen Komatipoort stasie en Ressona Garsia. Die sylyn is ongeveer ses kilometer vanaf Komatipoort en twee kilometer vanaf Garsia. Wanneer die kontrakwerkers op 'n Maandag met die trein vanaf Mosambiek na Johannesburg gereis het, was die trein en die werkers te Lebombo sylyn deursoek. Donderdae was die trein vanaf Johannesburg met die kontrakwerkers, wie se kontrakte verstreke was, weer te Lebombo gevisenteer alvorens hulle na Mosambiek vertrek het. Die basis het uit twee karavane bestaan wat met sandsakke beskerm was. Dikwels het dit gebeur dat Frelimo soldate al met die treinspoor na Lebombo gestap het om aansoek te doen vir politieke asiel. Een van hulle was Samora Machel se lyfwag wat so aansoek kom doen het. Konstabel Japan Lubisi het met hom aangestap gekom en toe ons hom deursoek, het ons 'n *Scorpion* handmasjienkarabyn in sy besit gevind. By 'n ander geleentheid het ons vier AK 47 gewere voor in die diesel eenheid gevind wat die treindrywer wou insmokkel. Beide die drywer en die assistent was aangekla en skuldig bevind aan die smokkel van vuurwapens.

Een Donderdagmiddag het die trein met die terugkerende kontrakwerkers te Lebombo sylyn aangekom. Hulle het uit die trein geklim en was dadelik opstandig. Net ek, konstabel Natie Roesch en Japan Lubisi was aan diens. Ek was met 'n 9mm *Uzzi* handmasjienkarabyn gewapen. Toe ek na die trein gestap het, het ek gesien dat een van die passasiers iets in sy sak gedruk het wat soos 'n vuurwapen gelyk het. Ek het agter hom aangehardloop en net toe ek by die deur van die rytuig gekom het, het my voet gegly en ek het met my linkerhand my val gekeer op die rytuig se trap. Op daardie oomblik het daar 'n skoot afgegaan. Ek het geweet dat dit die *Uzzi* was wat afgegaan het en ek omgedraai om te sien of ek iemand raakgeskiet het. Toe ek die *Uzzi* wou hervat, het ek besef ek dat ek nie my hand kon gebruik nie. Ek het toe gesien dat my duim pikswart was en dat daar 'n gat langs my duim was. Japan het nader gestaan om te verneem of ek *orraait* was. Toe hy die wond en die bloed gesien het, het hy halfpad na Natie Roesch gehardloop en vir hom geskreeu dat ek gewond was. Hy het omgedraai en na my toe teruggehardloop waarna hy my weer gevra het of ek *orraait* was. Die vierde keer wat hy dit gedoen het, het ek hom weggejaag en toe het hy tot by Natie gehardloop.

Die dokter het die nodige gedoen en 'n week later was ek weer by die werk. Wanneer daar nie treine was om te deursoek nie, het dit maar vervelig geraak. By Lebombo was daar 'n diep vullisgat en net bokant die sylyn was Oom Lilly se motel. Die vervelige manne het dan na teikens binne-in die vullisgat geskiet. Eers met die 9mm pistool, dan die *Uzzi*, dan die R4 geweer en dan die groot kanon; die R1 geweer. By geleentheid het Oom Lilly by die basis aangehardloop gekom om te verneem of ons veilig was. Ons het toe geantwoord dat ons die verskillende vuurwapens uitgetoets het waarop hy weer op sy beurt versoek het dat ons hom in die toekoms eers moes waarsku voordat ons begin skiet het. Hy het gesê dat, toe die 9mm skote begin klap het, het die gaste in sy motel nader begin staan en toe die *Uzzi* begin skiet het, het hulle na die deure beweeg. Maar toe ons met die R4 losgebrand het, het hulle spoed gekry na die karre en toe die R1 begin praat het, het almal gehardloop vir dekking.

(Pieter Swanepoel)

**Die Landdros en die Tweedehandse eienaar.**

Ek was einde 1978 na Vereeniging as speurder-adjudant offisier in beheer van die Speurdiens oorgeplaas. Een oggend terwyl ek met my personeel vergader het, het daar 'n sinjaal tegnikus met 'n papier in sy hand na die personeel gegaan en dit oorhandig. Ek het gehoor dat die gesprek gegaan het oor koper kabels wat weer gesteel was. Toe die tegnikus die kantoor verlaat het, wou ek weet waaroor die papier gegaan het. Een van die speurders het gesê dat dit die tegnikus se verklaring omtrent die gesteelde koper kabels was wat hy self met die speurder se toestemming uitgeskryf het, sonder dat hulle die saak ondersoek het. Ek het toe opdrag gegee dat dié werkswyse onmiddellik gestaak moes word. Verder het ek vasgestel dat die speurders nooit die toneel besoek het waar die kabels gesteel was nie. Ek het die speurders na die toneel waar die diefstal plaasgevind het, vergesel. Die kabel wat gesteel was, was 'n 2-band koperkabel wat deur die treinbedryf afdeling gebruik was vir die ligsinjale om die treine te beheer. Ons die toneel gefynkam met ons aankoms aldaar. Ek het fiets spore

gesien asook ŉ sleepmerk wat van die treinspoor se kant af wegbeweeg het. My gevolgtrekking was dat die persoon wat vir die diefstal verantwoordelik was, nie die hele kabel op die fiets kon vervoer het nie, daarom die sleepmerk. Ons het die motor daar gelaat en die spoor per voet gevolg. Nadat ons ongeveer een kilometer deur die veld gestap het, het een van die speurders my aandag daarop gevestig dat ons in die rigting van 'n tweedehandse handelaar beweeg het. By die betrokke handelaar het ons ŉ soortgelyke kabel gevind wat in sy register aangeteken was, sonder dat hy die wetlike voorskrifte gevolg het met betrekking tot die persoon van wie hy die koper gekoop het. Ons het op die koper kabel en verskeie ander sakke vol koper kabels beslag gelê wat ook nie volgens wet oor beskik was nie. Ek het op die register beslag gelê, ŉ kwitansie aan die eienaar gegee en hom aangekla. Toe die saak in die hof te Vereeniging gedien het, het dit in ŉ sirkus ontaard. Ek het agtergekom dat daar geen geregtigheid in die hof gedien het nie. Later het ek uitgevind dat die hoof landdros en die beskuldigde groot vriende was. Daarom dat hy slegs ŉ waarskuwing aan die beskuldigde op ŉ baie vriendelike manier gegee. Met elke koper kabel diefstal wat toe aan ons gerapporteer was, het ek gesorg dat daar onmiddellik ŉ polisiebeampte by al die tweedehandse handelaars gepos was. Op dié manier het ons baie sukses behaal, en verskeie arrestasies gemaak. Hierdie reëling het meegebring dat die diefstalle van koper kabels baie afgeneem het, en dat die euwel daarvan totaal in die kiem gesmoor was. Die handelaars het besef dat as hulle koper van dié aard koop, hulle lisensies in gedrang kon kom.
(Johan Claassen)

**Drie ongelukke in een nag.**
Terwyl ek as Posbevelvoerder op Klerksdorp waargeneem het, het ek een aand ŉ telefoonoproep ontvang met die nuus dat daar ŉ ongeluk by die Eastley spoorwegkruising naby Orkney plaasgevind het. ŉ Motor het by die oorgang met die trein gebots en vier persone het in die ongeluk gesterf. Die treindrywer was erg getraumatiseerd. Die nodige ondersoek was gedoen en die lyke was na die lykshuis in Klerksdorp vervoer. Ek het adresse van naasbestaandes bekom en het hulle van die ongeluk verwittig. Na alles by die ongelukstoneel afgehandel was, het ek huis toe gegaan. Net toe ek by die huis ingestap het, het die telefoon weer gelui. ŉ Soortgelyke ongeluk het op presies dieselfde oorweg plaasgevind. In dié ongeluk was drie persone gedood. Dieselfde prosedure het gevolg; die lyke was na die lykshuis in Klerksdorp afgevoer en die naasbestaandes moes opgespoor en in kennis gestel word. Terug by die aanklagtekantoor het ek die nodige inskrywings en dokumentasie afgehandel. Teen ongeveer elf uur die aand was ek huis toe. Ek was moeg en uitgeput. Net nadat ek ingesluimer het, was ek wakker gebel met die inligting dat daar weer op dieselfde oorgang ŉ ongeluk plaasgevind het. Hierdie keer het ek gedink dit was ŉ grap. Dit was hoogs onwaarskynlik dat drie botsings in dieselfde nag op dieselfde oorgang kon plaasvind. Weer het ek my na die toneel gehaas. Met aankoms daar het ek ŉ ou DKW motor gevind wat ŉ totale wrak was. Gelukkig was niemand in dié ongeluk oorlede nie. Die insittendes was na die plaaslike hospitaal afgevoer waar hulle behandel en daarna ontslaan was. Dit was ongeveer een uur die oggend toe ek weer vir die derde keer huiswaarts gekeer het. My vrou was onrustig en ek kon nie aan die slaap raak nie. Net toe lui die telefoon weer. Possakke wat na Johannesburg onderweg was, was uit die wa gesteel. Die diefstal het tussen Bloemhof en Leeudoringstad plaasgevind. Die geplunderde possakke was by die trein uitgegooi en langs die spoorlyn gevind. Ek het gereël dat die postrok by Klerksdorp afgehaak word. Die laaimeester was ontbied om die tekorte vas te stel. Die Steundiens offisier, kaptein Connoway van Kimberley, was van die voorval verwittig en hy het ŉ span speurders vanaf Kimberley gestuur om met die ondersoek te help. Na ongeveer veertien dae het ek by die huis aangekom. Ek het net af en toe huis toe gegaan om te bad en skoon klere aan te trek. Die skuldiges wat vir die diefstal van die posstukke verantwoordelik was, was vasgetrek en het voor die hof verskyn. Maar om te dink dat dit alles in een nag kon plaasvind. Dit is die wêreld waarin ŉ polisieman lewe waarvan die publiek niks weet nie. Die Spoorwegregulasie het gelees "Al die tyd van ŉ polisiebeampte is tot die beskikking van die Administrasies." Ons het geen betaling vir oortyd ontvang nie.
(Jan Vorster)

**Ek word mal Edelagbare.**

ʼn Blanke man van Parys, mnr. G.J.A. van Tonder (35), en sy twee swaers, G.C. Lourens (26) en T.J. Lourens (21), het tussen September 1975 en Januarie 1976, 9 455 kilogram se koperdraad ter waarde van R6200-00 tussen Dean en Leeudoringstad van die Suid Afrikaanse Spoorweë gesteel. Die speurders van Klerksdorp het hulle gearresteer. Hulle het in die Streekhof van Klerksdorp verskyn. Die beskuldiges was op borgtog van R800-00 vrygelaat om weer op ʼn latere datum in die hof te moes verskyn. Die twee Lourens broers het egter verdwyn en het in gebreke gebly om vir die saak op te daag. Hulle borgtog van R800-00 was toe verbeurd verklaar. Van Tonder het onskuldig gepleit en aangevoer dat luitenant H.L. Slabbert van die S.A.Spoorwegpolisie hom nie volgens regtersreëls gewaarsku het toe hy ʼn verklaring afgelê het nie. In die verklaring erken hy dat hy een keer saam met sy twee swaers gaan draad steel het en dat hulle dit in Johannesburg gaan verkoop het. Tydens kruisondervraging van mnr. T.F.Smith, het Van Tonder hom op die hof beroep om die saak uit te stel sodat hy ʼn regsverteenwoordiger kon kry. Volgens hom was hy dronk toe hy die verklaring aan luitenant Slabbert afgelê het. Die Lourens broers was later in hegtenis geneem en was voor die hof gedaag. Volgens getuienis het hulle vir Van Tonder aangehits om ʻn medepligtige te wees in die diefstalle, hoewel van Tonder net R100-00 vergoeding ontvang het. Gideon Lourens het, voordat die hof sy uitspraak gelewer het, getuig dat sy swaer die een was wat in die knyp was en nie vir sy suster kon gee wat hy moes nie. “Ek het gaan steel om vir hulle huis te kan betaal. My vrou het nie geweet dat ek sonde gepleeg het nie en ek kan niks van die geld wys nie”, het hy snikkend gesê. Lourens het na die vonnis histeries oor die beskuldigdebank se reëling gespring en agter sy vrou sy hande huilend in die lug gegooi terwyl hy geskreeu het, “Ek word mal, Edelagbare, ek kan dit nie meer verduur nie”, nadat vyf tot agt jaar korrektiewe gevangenisstraf hom opgelê was. Hy het vier vorige veroordelings gehad. Die ondersoekbeampte moes hom by sy vrou gaan haal het sodat hy na die selle geneem kon word. Terwyl hy tussen hulle geloop het, het hy wanhopig geskreeu “My God, my God waarom het U my verlaat?” Sy broer, Theunis, wat saam met hom verskyn het, is agttien maande gevangenisstraf opgelê, waarvan twaalf maande opgeskort was. Hy het een vorige veroordeling gehad. Gideon Lourens was later nog ses maande gevangenisstraf opgelê nadat hy en sy selmaats ʼn poging aangewend het om uit die Ellatonse Gevangenis te ontsnap.
(Hennie Slabbert – Western Transvaal Rekord 17/9/1976)

**Die loteling en die kragdraad.**

In die sestiger jare toe ek te Johannesburg stasie gestasioneer was, het die weermag lotelinge vanaf Johannesburg na die onderskeie weermag basisse per trein gereis. Dit was maar altyd ʼn hartseer prentjie wanneer die ouers en die vriendinne van hulle geliefdes kom afskeid neem het. Die trane het vryelik gerol en wanneer die trein vertrek het, het hulle al langs die bewegende trein gehardloop ten einde die laaste soentjie in te kry. Dit was nie altyd maklik en moontlik om almal van die bewegende trein af weg te hou nie. Een aand het ek dienste op platform 16 verrig waar die trein gestaan het wat die weermag soldate na Kaapstad sou vervoer. Een van die weermaglede het ʼn draradio met ʼn lang lugdraad gedra. Voordat ons nog kon keer het hy die lugdraad oor die trein se dak gegooi en die het met die bo-baan kragdraad kontak gemaak. ʼn Elektriese stroom het deur die lugdraad gevloei en hy het op die platform inmekaar gesak en bly lê. Sy ouers was by om te help. Nadat die trein vertrek het, was hy na die hospitaal afgevoer waar hy dieselfde aand oorlede is. Sy ouers was baie bedroef en die nadoodse ondersoek het bevind dat die Spoorweë nie vir die dood van die loteling verantwoordelik gehou kon word nie.
(Gert Swanepoel)

**Verminkte lyk van ʼn jong seun.**

Een Oujaarsdag het ek gewerk toe ons ʼn berig van ʼn kind ontvang het wat by die oorweg by Spykerras halte deur ʼn trein raakgery was. Ek en konstabel Kierieboud Fourie het ondersoek gaan instel. Toe ons op die toneel aangekom het, was daar al heelwat mense wat saamgedrom het. ʼn Fiets wat opgefrommel was, het naby die spooroorgang gelê. Dit was vir my ʼn aanduiding dat die kind met die fiets gery het toe hy getref was. Ons het op die erg

verminkte lyk van ŉ blanke seun van ongeveer nege jaar oud afgekom. Die seun was deur die ambulans van die toneel verwyder. Ooggetuies op die toneel het ons meegedeel dat twee blanke seuns met hulle fietse langs die spoorlyn resies gejaag het om te kyk wie eerste oor die oorweg kon ry. Nadat ons al die opmetings gedoen het, het ek die fiets agter in die vangwa gelaai. Ons het by die naby geleë plotte begin navraag doen. Ons was gelukkig om by die tweede plot waar ons aangedoen het, ŉ fiets te sien wat voor die huis gestaan het. Die huismense was besig om vir die Oujaarsdag aand se partytjie reg te maak toe ons aan die deur geklop het. ‘n Vrou en ‘n seun het die klop beantwoord. Ek het die dame gevra hoeveel kinders sy gehad het, waarop sy geantwoord het dat sy twee seuns gehad het. Sy het toe die seun by haar gevra waar sy boetie was. Eers het hy ontken dat hy weet waar sy boetie was. Toe ek haar die fiets in die vangwa aan haar gewys het, het sy dit onmiddellik as haar jonger seun se fiets herken. Hulle het die fietse die vorige week as Kersgeskenke gekry het. Ek moes toe die verskriklike tyding aan haar oordra dat haar seun oorlede is.
(Robbie Roberts)

**Eers beriggewer toe beskuldigde**
Gedurende 1962 was ek te Klerksdorp gestasioneer. Een nag, terwyl ek die wyksersant van die nagskof was, het ŉ luitenant van die S.A. Polisie van Klerksdorp my vroegaand geskakel. Hy het my meegedeel dat daar ŉ lading plofstof onder die spoorlyn na Coligny geplaas was en dat die persoon wat die ontdekking gemaak het, by hulle in die aanklagtekantoor was. Speurder-sersant Lombard was van die voorval verwittig. Hy het dadelik die Steundiensoffisier, kaptein Connoway (later generaal majoor), gekontak. Sy opdrag aan sersant Lombard was om die man wat die voorval gerapporteer het, daar te hou totdat hy opgedaag het. Kaptein Connoway het sonder aarseling gesê dat dit dieselfde persoon was wat die voorval gerapporteer het, wat die plofstof geplant het omdat hy ŉ beloning gesoek het vir sy ontdekking. In daardie jare was daar verskeie onlusverwante voorvalle. Dieselfde nag het kaptein Connoway en ŉ speurder van Kimberley by die S.A. Polisie se aanklagtekantoor in Klerksdorp gearriveer. Die polisiestasie het teen daardie tyd gewemel van polisiemanne en polisiehonde. Al wat polisieman was, was nou op ŉ gereedheidsgrondslag geplaas omdat sabotasie immers ‘n baie ernstige saak was; veral as die bedoeling was om ŉ trein met passasiers op te blaas. Kaptein Connoway het dadelik verneem waar die persoon was wat die ontdekking gemaak het. Hy het reguit na hom toe gestap, hom in sy oë gekyk en hom trompop daarvan beskuldig dat dit hy was wat die plofstof onder die spoorlyn geplaas het. Sonder aarseling het die persoon, tot groot verbasing van die polisiemanne teenwoordig, erken dat dit hy was wat die plofstof onder die spoor geplaas het. Die polisiemanne wou toe by kaptein Connoway geweet het hoe hy so seker was dat dié persoon die skuldige was. Hy het verduidelik dat die man ŉ myner was en die plofstof was dinamietkerse – die soort wat deur die myners gebruik was. Dit was vrylik by die myn beskikbaar maar die belangrikste leidraad was die feit dat die trein na Coligny net in die dag geloop het. Na ondervraging van die beskuldigde het hy erken dat hy in ŉ finansiële verknorsing was en dat hy van mening was dat, indien hy die plofstof onder die spoor by die polisie aangemeld het, hy vir ŉ groot beloning in aanmerking sou kom. Eers die beriggewer, en toe die beskuldigde.
(Johan Claassen)

**Trok diefstalle – De Aar – 1971:**
Volgens studies wat deur die Afdelingshoofkantoor te Kimberley gedoen was, was daar vasgestel dat trokdiefstalle op ‘n gereelde basis tussen Kimberley en Kaapstad plaasgevind het. Die diefstalle het hoofsaaklik met die verkeer na Namibië (SWA) plaasgevind. Ek het op die spoorwegtrokke, wat in ŉ spesiale rangeerwerf te De Aar oorgestaan het, gekonsentreer. Ons het die trokke snags onder observasie gehou. Een oggend om ongeveer drie uur het die speurders twee persone, met iets in hulle hande, uit ŉ trok gesien spring. Die twee het toe na ŉ motor gehardloop en daarmee weggejaag. Die speurders was nie in staat om hulle te vang nie, maar hulle kon net die motor, ŉ VW stasiewa beskryf, maar kon nie die registrasie nommer daarvan gesien het nie. Ek was uitgeroep om die saak te ondersoek.

In die aanklagtekantoor het sersant Geldenhuys my meegedeel dat die buurman wat agter hom gebly het, met 'n soortgelyke voertuig gery het. Die leidraad was opgevolg en die eienaar van die VW was toe opgespoor. Hy was ondervra waarop hy alles erken het. Ek het sy huis deursoek en op verskeie gesteelde goedere beslag gelê. Van die goedere was in die vuurherd in die sitkamer en agter 'n yskas versteek, die res was op verskillende plekke in die huis versteek. Die tweede beskuldigdes was by 'n ander adres met soortgelyke items gearresteer. Hulle was ook in besit van 'n arm dagga.
In sulke gevalle was die verdagte voorlopig vir die besit van vermoedelike gesteelde goedere aangekla en die saak was dan vir 'n geruime tyd uitgestel sodat 'n volledige ondersoek gedoen kon word om vas te stel of dit goedere was wat deur die S.A.Vervoerdienste vervoer was. Die speurders te Windhoek kon geen aanknopings vir my maak nie en ek het toe, met die toestemming van die Bevelvoerende Offisier, per trein na Windhoek gereis waar ek ses aanknopings gedoen het, d.w.s ses aanklagte van diefstal wat teen die beskuldigdes ingebring was. Hulle was aangekla en op al ses klagte skuldig bevind en gevonnis.
(Johan Claassen)

## PADMEDEDINGE

**My dae in die Padvervoereenheid.**
Tydens my dienstermyn op Empangeni het Hoofkantoor 'n omsendskrywe na al die Padvervoereenhede gestuur waarin die lede gevra was om voorstelle in te dien oor die tipe toerusting wat deur hulle benodig sou word. Kaptein Paul Aucamp ("Slotnoot") het my gevra of ek enige voorstelle gehad het. Ek het sekere voorstelle ingedien en nie lank daarna nie was elke eenheid met 'n *Cressida* motor, 'n 3 liter *Ford* bakkie en 'n karavaan uitgereik. Ek was nogal verbaas want dit was presies wat ek voorgestel het. Op Ermelo het ons die kostes van die voertuie binne drie maande uit erkenning van skuld gelde ingevorder, alhoewel dié gelde nie na die Spoorweg se kas gegaan het nie, maar wel na die departement van Justisie s'n. Die karavane was egter nie met 'n warmwatertoestel toegerus nie en in die winter maande in Ermelo was warm water in die karavaan 'n vereiste. Nadat die voertuie en die karavane aan die eenhede uitgereik was, het jy gereeld gehoor van 'n bakkie of 'n karavaan wat gerol het. Dit het my ontstel en na 'n besoek aan die plaaslike karavaanhandelaar, het hy die *Trapesium* trekstang voorgestel om stabiliteit aan die karavaan te verleen. Die inligting was na Hoofkantoor gestuur en dit was nie lank daarna nie of Hoofkantoor het 'n instruksie uitgereik dat al die bakkies van die eenhede met die *Trapesium* trekstang toegerus moes word. Teen 'n spoed van 140 km/u het ek die bakkie se stuurwiel 'n pluk gegee om te sien wat die karavaan agter die bakkie gedoen het. Wouter het dan soos 'n apie in die passasier se truspieël gekyk en dan gesê: "Die karavaan kom wragtig terug." Nadat die trekstange aangebring was, het ek nie weer van 'n bakkie of karavaan gehoor wat gerol het nie. By 'n geleentheid het ons drie bussies wat aan een eienaar behoort het, aan die Staat verbeurd verklaar. Die een dag het ons gedrink en die volgende dag dan vang ons weer. Op 'n dag het ons op die derde bussie van mnr. Mlotstwa beslag gelê. Gert Engelbrecht en Sithole moes die bussie na Breyten geneem het om dit in die SAP 13 te gaan inboek. Sersant Kalahari Flemming moes hulle by Breyten gaan haal het. Ons geld was toe al op en ons kon nie meer proviand aangekoop het nie. Later die middag het Gert Engelbrecht, Sithole en Kalahari teruggekom en hulle het 'n spul drank afgelaai. Omdat ons nie geld gehad het nie, wou ons weet waar hulle die drank gekry het. Ons was onder die indruk dat hulle 'n draai by hulle huise gaan maak het om geld te kry. Toe was die prentjie aan ons geskilder. Gert, wat die bussie bestuur het, het sy uniformbaadjie uitgetrek en daarop gesit. Kaal bolyf het hy die bussie bestuur en by elke taxi oplaaiplek het hy gestop en die passasiers opgelaai. Sithole was die kondukteur en hy het die passasiers se gelde vir die rit opgeneem en met die geld het hulle die proviand aangevul.
Een nag het sersant Nyalungu my wakker gemaak en gesê dat hy 'n Maputo bakkie gevang het en dat die man wou betaal. Almal was die aand nog half gedrink. Ek het besluit dat ek die beskuldigde na Badplaas sou neem sodat hy die erkenning van skuld daar kon gaan betaal. By die T-aansluiting van Badplaas en Eerstehoek het ek my met die afstand misgis (ek moet ook erken dat ek vinnig gery het) en toe ek besef het dat ek nie betyds sou kon stop nie, het ek probeer om so na as moontlik aan die chevronbord verby te ry. Die *Cressida* het vir 'n hele

aantal meters deur die lug getrek. Toe ons die grond getref het, wou Nyalungu uitgespring het. Ek het hom gekalmeer en gesê dat ons daar sou uitkom, wat toe ook gebeur het. Op pad na Badplaas het ek geruik dat iets na stront geruik het. Ek het aan Nyalungu gevra wat so geruik het waarop hy met die beskuldigde gepraat het. Hy het geantwoord dat die man reken dat hy so groot geskrik dat hy in sy broek gek*k het. Op Badplaas het die man hom gaan skoonmaak en sy erkenning van skuld betaal. Ek het my vrou daai tyd van die nag wakker geskakel om vir haar te sê dat ek amper dood was. Sy was nie baie beïndruk met my oproep nie.

Ek moes altyd potjiekos gemaak het wanneer ons uitgegaan het. Chris Badenhorst was weer die man wat lekker stywe pap kon maak. Op 'n dag het ek weer potjie gemaak en ons het lekker daaraan gesmul. Etienne Kinnear het altyd die volgende oggend ons almal wakker gemaak met sy gekrap in die potte en bakke. Gert het dié betrokke aand, nadat ons klaar geëet het, 'n pakkie *Brooke lax* in die pot gegooi. Soos gebruiklik het Etienne ons die volgende oggend weer met die potkrappery wakker gemaak. Terloops, die ander van ons het nie van die *Brooke lax* geweet wat Gert in die kos gegooi het nie. Van die manne was die volgende dag iewers heen en ek en Etienne het in die karavaan gesit toe hy sulke snaakse geluide gemaak en verskriklike winde opgebreek het. Hy was 'n vet mannetjie en het toe al twee maag operasies gehad. Ek het toe bekommerd geraak en vir hom gesê om die *Cressida* te vat en na die hotel te ry wat ongeveer 'n kilometer daarvandaan was. Hy was toe daar weg en kort voor lank was hy terug met die nuus dat sy maag erg omgekrap was. Dit was nie lank nie of hy het weer gery. Met sy terugkoms het ons probeer bepaal wat fout kon gegaan het.

Ek toe begin dink dat dit dalk my skuld was en dat iets fout gegaan het met die maak van die potjie. Toe hy die derde keer wou ry, het ek besef dat ek sou moes saamry want my maag was nou ook omgekrap. By die hotel aangekom was die toiletpapier gedaan, maar daar was nie nog tyd om eers vir 'n rol toiletpapier te gaan vra nie. Ek het toe sommer die gordyn in die toilet in repe geskeur en dit as toiletpapier gebruik. Etienne moes sy onderbroek was, want hy was nie betyds vir die toilet nie. Na vele kopkrap en goeie speurwerk het ons Gert se bose daad ontmasker. Hy het geen ander keuse gehad as om te erken dat dit hy was nie. Ons het hom behoorlik geroskam.

Ons was een spesifieke keer opdrag gegee om 'n konferensie te Pietermaritzburg by te woon. Die hele Padmededingeenheid moes teenwoordig wees en ons het vanaf Ermelo vertrek en Wouter de Vos moes nog oppad 'n verklaring by *Mondi* op Piet Retief afgeneem het. Terwyl ons vir hom gesit en wag het, het Etienne Kinnear, Gert Engelbrecht en Freddie Flemming (Kalahari) my probeer oortuig om op Moolman vir 'n paar drankies stil te hou. Ek het vir Wouter met sy terugkeer omtrent hul versoek ingelig waarop hy gesê het dat hy nie dink dat dit 'n goeie idee was nie. Die manne het egter op 'n demokratiese besluit aangedring en ons het oorgegaan tot 'n stemming. Sonder enige verrassings was ek en Wouter uitgestem en was ons derhalwe verplig om op Moolman te stop en die manne het die man met die kurkhoedjie stewig vasgevat. Met 'n groot gesukkel en 'n hele tydjie later het ons daarin geslaag om te vertrek, maar op Paul Pietersburg het dieselfde storie hom weer afgespeel. By die hotel ons net likeurs, veral *Groen Mambas*, gedrink. Die volgende stop was Vryheid. Daar het ons toe vir Chris Bronkhorst, 'n Du Plessis kêrel en 'n swart lid, heel toevallig raakgeloop. Dit was 'n fout. Toe was daar éérs gekuier. Na ons vertrek vanaf Vryheid het ons onder Chris-hulle uitgery; miskien wou hulle net nie saam met ons gegaan het nie.

Die volgende stop was Eshowe. Toe ons by die hotel ingestap het, het ek vir Carl Kikulis, wat met 'n TV-onderhoud besig was, herken. Die manne het pool gespeel en die drank het vrylik gevloei. 'n Ou langs my, wat al lekker dronk was, het my gevra of ek na sy bord kos sou kyk wat hul toe net vir hom gebring het. Op my vraag hoekom ek sy kos moes oppas, het hy geantwoord dat hy die toilet moes gaan besoek het. Ek het gesê dat hy maar kon gaan en dat ek sy kos vir hom sou oppas. Ek die bord kos nader getrek en al sy kos opgeëet skaars nadat hy die toilet se deur ingegaan het. Ek het ten minste 'n 5-sent stuk vir hom in die bord gelos, soos ek deur my mentor, sersant Philip Petoors, in Vereeniging geleer was toe hy my toebroodjies altyd gesteel het. Ek het die manne bymekaar geroep en Gert het al die vyftig sent- en R1-stukke van die pooltafel af gegryp wat deur die ander ouens daar geplaas was vir die volgende *game*. Nou was ons op pad Durban toe.

Langs die pad wou Wouter water afgeslaan het en ek moes noodgedwonge stop. Ons het gesit en wag vir hom toe ons twee skote hoor afgaan het. Ek het uitgeklim en hom gevra wat die probleem was. Hy wou op sy beurt weet of ek ŉ probleem met hom gehad het en toe het ek agtergekom dat hy in ŉ veglustige bui was. Ek het hom toe later in die kar gekry en ons kon ons reis voortgesit het. Ons elkeen moes vyf of tien Rand vir die braai ná die konferensie bygedra het. Iewers langs die pad het ek die gelde van die manne bymekaar gemaak.
Met aankoms in Durban het ons na die Malibu Hotel se diamant kroeg gegaan. Die kelner het my gevra wat ons wou drink en, omrede ons geld min begin raak het, het ek ŉ kas *Lion* bier bestel. Ek het dit met die geld in my hempsak, wat vir die braai bedoel was, betaal. Die kelner het die kas bier by ons op die grond neergesit. Wouter en Gert het na die klein dansbaan gestap wat seker tien persone kon akkommodeer as hulle teen mekaar gestaan het.
Nadat ons die kas bier uitgedrink het, het ons na ŉ *strip* klub in Point Road vertrek. Ons het binne gegaan en slegs die bestuurder, sy vrou en die *bar lady*, en verder niemand nie, was teenwoordig. Ek het gedog dat die strippers iewers agter in ŉ kamer moes gewees het. Hulle het ons meegedeel dat die laaste *show* om een uur was, maar ons kon drank bestel, wat ons toe ook gedoen het. Gert was na die kar gestuur om my tjekboek te gaan haal maar die eienaar wou nie my tjek aanvaar het nie. Wel, die enigste alternatief was, so het ons hulle ingelig, dat ons dan moes wag tot die volgende môre om te help skottelgoed was, want die drank was al halfpad op. Hulle het later ŉ kontant tjek aanvaar. Toe was die *bar lady* gevra of sy nie dalk vir ons ŉ *strip* wou gee nie, maar sy wou nie. Sy vra toe hoekom ons nie vir hulle drie ŉ *strip show* kon hou nie. Gert en Wouter het "*valuteer"* en het ewe manhaftig na die verhoog gestap waar die twee begin dans en stelselmatig van hul klere ontslae geraak het. Etienne was ŉ kort ronde mannetjie en jy kon net sien hoe sy naeltjie op en af beweeg het soos hy wat hy gelag het. Toe Wouter later net sy onderbroek aangehad het, het Gert langs hom gestaan met ŉ tamboeryn en hy het Wouter se onderbroek aan die linkerkant afgepluk. Wouter het omgedraai en Gert het die anderkant van die onderbroek afgetrek. Dit was die einde van hulle *strip show*.
Ons het vanaf die hotel vertrek en ek wou veral vir Kalahari gaan wys het hoe groot die skepe in die hawe werklik was. In die hawe gebied het Wouter en Gert gesê dat hulle wou gaan kyk het of daar nie vroumense op die boot was nie. Ek het hulle gewaarsku dat hul probleme sou optel maar hulle wou nie van hulle plan afgesien het nie. Ons ander het 'n draai deur die hawe gery en die volgende oomblik het  ŉ voertuig van vooraf gekom en ek het my ligte geflits dat hulle darem nie aan my kant moes beweeg het nie. Ek het toe opgemerk dat dit ŉ *Golf* motor was. Na ŉ hele ruk het ek gesê dat die twee manne nou moes aankom sodat ons Pietermaritzburg toe kon gaan. Ons het hulle gaan optel en net toe ons by die hawe wou uitry, het ŉ vangwa en die *Golf* voor ons voertuig tot stilstand gekom. ŉ Sersant en ŉ Indiër konstabel, saam met twee blanke meisies, het na my venster aangestap gekom. Die twee meisies het beweer dat ons het hulle gemolesteer het. Gert en Wouter wie nie eens by was toe ek die hoofligte geflits het nie, het uit ons motor gespring en die twee meisie uitgevreet. Die sersant het vir die konstabel gesê om ons voertuig se registrasienommer af te skryf. Ek het die sersant ingelig dat dit nie sou gehelp het nie aangesien ons van die Padvervoereenheid was en dat ons voertuig vals nommerplate opgehad het. Die konstabel moes nogtans die registrasienommer afneem. Die sersant het my gevra om hulle te volg - ek dink dit was na Maydon kaai. Hy het gesê dat hy ŉ offisier sou moes uitroep. Ek wou weet hoekom dit nodig was, waarop hy geantwoord het dat dit vir hom gelyk het asof ons onder die invloed van alkohol was (Kan jy glo? Hy laat my toe om agter hom aan te ry, maar hy dink ons is onder die invloed). Ek het ŉ bietjie kat en muis met hulle gespeel terwyl ons uit die hawegebied gery het. Toe ons oor die bruggie by die Esplanade se robot gekom en die sersant links gedraai het, het ek vir Wouter gesê: “Ouboet, jou pad is reguit.” Ek het reguit aangejaag en links gedraai in 'n eenrigting straat op en daarna het ons die Suidkus pad gevat. By Yellowood het ek 'n U-draai gemaak en terug gery in Pietermaritzburg se rigting. Daar het ons eers gestop en die nommerplate afgehaal, opgefrommel en weggegooi. Ons het die regte plate opgesit en tot by die hostel in Pietermaritzburg gery waar ons seker twee ure se slaap ingekry het. By die konferensie het ons in brigadier Mounie Mouton vasgeloop. Toe ek hom gegroet het, het hy my gevra: “Watse k*k het julle nou weer aangejaag?” Ek het geantwoord

dat ek nie geweet het waarvan hy gepraat het nie. Hy het my verder laat verstaan dat hy my net wou donner elke keer wanneer hy my gesien het.
Ons het bitter swaar deur die konferensie gekom. Om alles te kroon, kon ons nie aan die braai na die konferensie deelgeneem het nie, want ek het mos die kas bier met die braai se geld gekoop. Ons het so rukkie in die kroegie gekuier en toe teruggekeer huis toe. 'n Week na die konferensie was ons uit op die pad en het in die karavaan oorgebly. Nic O'Kelly, wat die Streekoffisier was, en 'n luitenant Swart van Durban het op 'n stadium daar aangery gekom. Hulle het met hul ondervragings begin en teen die tyd dat dit my beurt was, het ek gesê ek dat ek niks wou sê nie. Nic het vir Swart gesê: "Ek het jou gesê die bliksem sal nie praat nie." Agterna sou ons hoor hoe hulle vir Gert kaal laat uittrek en op 'n tafel laat staan het. Dan sou hulle hom vra of hy nou iets van Durban kon onthou. Gert het nie ingegee nie. Ai, maar arme ou Etienne het hulle *getube* en toe het hy gepraat. Kalahari, 'n banggat, was buite die huis tydens die ondervraging en toe hy die geluide daarbinne gehoor het, het hy met die hele sak patats vorendag gekom.
Ek en Wouter was toe departementeel aangekla en Wouter se verhoor het in Durban begin. Hy moes elke keer daarheen gereis het en hy het sy eie verdediging waargeneem. Nadat die saak omtrent ses keer uitgestel was, was hy skuldig bevind en met vyftig Rand beboet. Ek het vir advokaat Willem van Drummelin, wat golf op TV uitgesaai het, genader om my te verdedig. Sy fooie was een duisend Rand per dag en dan moes ek nog sy reiskostes vanaf Ermelo na Durban betaal het op die koop toe. Ek het die tugkantoor gebel en gevra wat my boete sou wees indien ek oor die pos skuldig sou gepleit het. Hulle het my laat weet dat ek ook vyftig Rand, soos in Wouter se geval, sou moes betaal. Ek het toe oor die pos skuldig gepleit en was met vyftig Rand beboet - *R50 well spent*!!
(Thinus Lotz)

## MANNE EN VROUE SE VERHALE EN STAALTJIES

### Die dronk verhoor offiser.

Kolonel Esterhuizen was van Bontheuwel en hy het altyd sy tugstukke in 'n geseëlde koevert kantoor toe gebring, dan het ek en Aletta (my suster) dit deurgegaan en vir hom uitgewys wat gekort het. Hy dit dan reggemaak en die tugstukke, volgens die normale kanale, aangestuur. Aletta het hom hierdie guns bewys as dankbaarheid vir haar Kollege broeke wat hy laat herstel het toe sy in die Kollege was terwyl hy by die kleurling Kollege oorkant die pad was. Eendag was hy as verhooroffisier aangewys voordat dit later uitgekom het dat hy deel was van dié wat ondersoek sou word. Dus moes hy die verhoor begin en uitstel, sodat 'n ander verhooroffisier aanstel kon word. Hy het dit gedoen, maar nie die stukke getik nie; hy het weer voor 'n vergadering al die inligting gebring en gevra dat ek die opening en uitstel van die verhoor vir hom moes tik. Die vergadering het seker kwart voor vier die middag opgehou.
Hy het net uit die vergadering gekom, die uitsteldokument geteken, 'n afskrif geneem en gery. Ons het net tot vier uur gewerk. Ek het twee stelle uitsteldokumente getik. Die regte weergawe asook die ander dokument wat daartoe gelei het dat hy hom aan die verhoor onttrek het omdat hy onder die invloed van drank was ens. Ek het die tweede weergawe onder gesit met die gevolg dat hy dit as sý afskrif gegryp het. Toe hy dit deurgelees en besef het wat daarop staan, het hy desperaat my in die hande probeer kry, maar natuurlik was ek al huis toe. Vroeg die volgende oggend het hy gebel. Ek het vir hom gesê dat ek die dokumente reeds na Hoofkantoor gestuur het. Baie verbaas het ek hom gevra waarom hy my nie gesê het dat die inhoud van die dokument verkeerd was nie. Soos die noodlot dit wou hê, het hy op een plek nie geteken nie en was die dokumente aan my teruggestuur. Brigadier Malan het hom ingeroep oor die uitstel van die verhoor, natuurlik dat hy die een bladsy moes teken. Esterhuizen het gedink dis oor die dronk deel en het amper 'n beroerte gekry voordat hy besef het wat werklik aan die gang was.
(Emmie Gunter)

**Punt en hekdienste.**
Ek kan nie help om onwillekeurig terug te dink nie aan die dae toe ons nog "*beat*" gestap en die hekdienste wat ons so getrou verrig het. Die stasie wyk wat in verskillende rondtes ingedeel was, moes te voet gepatrolleer word. Elke rondte was uitgewerk. Sommige rondtes was in halfuur punte verdeel, met ander woorde, elke dertig minute moes jy op 'n verskillende plek op die rondte, 'n punt gemaak het. Met aankoms by elk van die punte moes daar 'n inskrywing in die sakboek gemaak word. Die wind kon nou maar waai, of dit kon hael of stortreën, maar die punte moes jy besoek het. Nie eers die koue of weerlig was 'n verskoning om dekking te neem nie; noem maar op - niks sou jou verhoed het om daai punte te maak nie. As jy nog nie nat was nie, moes jy stap, daarom was 'n reënjas aan jou uitgereik, om nat te word. Bewaar jou siel as jy enige van die punte "*geslip*" het; jy was summier aangekla, mits jy natuurlik, met 'n uiters goeie rede vorendag kon kom. Moenie eens praat as die "Spook" (inspeksie offisier) die dag of die nag geloop het nie. Ai, het ons toe maar daardie tye selfone gehad om mekaar te kon waarsku!! Moet ook nie die diskrete straf – en –voortrekkery wat deur die wyksersant uitgedeel en toegepas was, vergeet nie. As die wyksersant van jou gehou het, was jy op die vangwa of die rondte die naaste aan die aanklagtekantoor gepos waar jy net elke twee ure punt gemaak het. Jou laaste punt was natuurlik by die aanklagtekantoor. As dit nou so gekom het dat die wyksersant om een of ander rede nie van jou gesig gehou het nie, het jy die k^k rondte met halfuur punte gekry, met die laaste punt op die verste punt van die rondte. Baie kere het jy laat by die aanklagtekantoor aangekom, met die gevolg dat jy die eerste trein huis toe verpas het. Was jy net "*average*" en darem nie te onaardig vir die wyksersant nie, het jy elke uur op die uur of elke uur op die halfuur punt gemaak. Om te sit terwyl jy "*beat*" gestap het was taboe – soms sommer in die loop moes jy jou toebroodjies genuttig het. Dan was daar die wyksersant wie jou opsetlik probeer uitvang het deur jou by punte in te wag of om op jou af te sluip om jou te vang slaap, veral by hekdienste by Soutrivier. Dan praat ons nog nie eens van die "regte" spoke wat snags in Soutrivier tussen die ysters "gespook" het nie. (Herman Bosman)

**Olifantskop paradegrond.**
Kaptein Piet (skuilnaam) was baie lief vir die hotel. Wanneer hy saam op ondersoeke uitgegaan of stasies besoek het, het hy "hotel-hotel" geskree en dan moes jy geweet het dat jy by die eerste hotel moes stilhou en vir hom 'n bottel swart koffie ,soos hy dit genoem het, moes koop. Brigadier Morris Gilbert was op daardie stadium 'n kolonel op Hoofkantoor en hy het inligting ontvang dat kaptein Piet op Noupoort sterk onder die invloed van drank was. Kolonel Gilbert het na Noupoort gereis en oral na hom gesoek, maar kon hom nie vind nie want ons het hom in die toilet op die stasie weggesteek. Ons het vir kolonel Gilbert gelieg en gesê dat die kaptein alreeds na Port Elizabeth vertrek het. Met die terugreis na Port Elizabeth het kaptein Piet teen Olifantskop, duskant Paterson, gelas dat ons moes stilhou. Hy en adjudant offisier Baites was teen daardie tyd al lekker warm. In sy beskonke toestand wou die kaptein toe vir Baites in die teerpad op en af marsjeer het. Baites wou later nie meer marsjeer en hom salueer nie. Die kaptein het toe aan Baites gesê dat hy sy sakboek aan hom moes oorhandig; wat hy toe gedoen het. Hy het 'n in skrywing in Baites se sakboek gemaak dat hy geweier het om sy opdragte uit te voer en dat hy die volgende dag voor hom moes verskyn. Ek en adjudant offisier Mey het toe van die dinge te hore gekom en die sakboek uit die kaptein se kantoor verwyder sodat daar nie enige bewyse teen hom kon wees nie.
(Corrie Meyer)

**Die koekblik.**
Ek het 'n tyd lank as aanklagtekantoorsersant op Johannesburg stasie waargeneem. Een van die wyksersante was sersant Pulley van der Merwe. Op 'n aand het hy 'n heerlike gebakte koek by die aanklagtekantoor aangebring en gesê dat dit vir ons was om te eet. 'n Hooflyn passasier het later gekom en gevra of iemand nie dalk haar mooi koekblik kom inhandig het wat sy op die trein vergeet het nie. Ons het natuurlik in die negatief geantwoord, maar aan haar gesê dat sy haar telefoon nommer kon laat en het haar verseker dat ons haar sou kontak indien dit wel ingehandig sou word. Ek het afgebuk en gesien dat die heerlike koek wat ons

besig was om te eet, toevallig uit ‘n koekblik gekom het wat presies aan die beskrywing voldoen het wat die dame aan ons gegee het. Ek wou vlug van vernedering.
Sersant Dames was glad nie beïndruk dat dames ewe skielik in uniform saam met hom moes werk nie. Hy was oortuig daarvan dat ons nie lank as polisie vroue sou uithou nie. Een oggend het hy opdrag gegee dat twee van ons vroue lede hom na Braamfontein moes vergesel het. Ons het al met die spoorlyn langs vanaf Johannesburg stasie na Braamfontein gestap. Iemand was deur ‘n trein getrap en dit was nie ‘n aangename toneel om te aanskou nie. Ek moes op my tande byt om nie te wys hoe geskok en ontsteld ek was nie. Ons moes hierdie sersant eenvoudig net oortuig dat ons daardie tipe van werk kon “*handle*.” Ons toneelspel moes gewerk het, want sersant Dames het ons daarna as kollegas aanvaar en besef dat ons gekom het om te bly.
(Annatjie Denysschen)

**Huwelik aansoek word afgekeur.**
Konstabel Koos Durr was vanaf Ermelo na Klerksdorp verplaas. Na ŉ tyd het hy ŉ pragtige meisie, met die naam van Janette, ontmoet wat van Klerksdorp afkomstig was. Nadat hulle vir ŉ geruime tyd uitgegaan het, het die verhouding ontwikkel en het hulle twee besluit dat dit tyd was om te trou. Die probleem was, Koos het nog nie drie jaar diens gehad soos wat Magsorder bepaal het nie. Hy het my gevra om hom met sy aansoek te help, wat ek gedoen het. Na ŉ tyd het Koos die goeie nuus ontvang dat sy aansoek om in die huwelik te tree was, ten spyte van die bepalings van Magsorder, goedgekeur. Koos was oorstelp van vreugde. Die Posbevelvoerder, sersant klas(2) S.B Venter, het hom gestuur om koek en tee by die stasiekafee te gaan bestel sodat die toestemming gevier kon word.
Intussen het Koos vir Janette gekontak en het hy haar meegedeel dat sy aansoek goedgekeur was en dat hulle met die troureëlings kon begin. Intussen het ek die toestemmingsbrief onderskep en ek het ŉ ander brief getik wat daarop neergekom het dat, aangesien hy nog nie drie jaar diens gehad het nie, sy aansoek nie goedgekeur kon word nie. Ek kon in daardie dae die handtekening van luitenant Sampie Klopper, die seun van kolonel “Mammie” Klopper, perfek namaak. Die “gekookte” brief was in die posvakkie van die Posbevelvoerder geplaas. Ek het vir Koos se meisie geskakel en gesê dat sy asseblief moes saamspeel. Indien Koos haar sou bel en sê dat die aansoek nie goedgekeur was nie, moes sy hom summier afgesê het. Sy moes aan hom sê dat hy nie haar tyd moes mors nie en dat hy nie geweet het wat hy wou hê nie. Een oomblik mag hulle getrou het, en die volgende oomblik mag hulle nie getrou het nie en sy was nie te vinde vir hierdie tipe onsekerheid nie. Nadat ons die koek en tee geniet het, het sersant Venter so terloops vir Koos gevra of hy die brief reg gelees het. “Ja”, het Koos geantwoord, “ek het geen twyfel wat in die brief staan nie.” Venter het aan hom die brief oorhandig wat ek getik het met die opdrag dat hy die brief weer moes lees. Koos was verward en verpletterd want hoe kon hy dan so fout gemaak het? Venter het gesê dat hy dadelik sy meisie moes skakel en die saak met haar moes regstel.
Koos het die telefoon gegryp, sy meisie geskakel en ewe skielik het sy gesig vertrek van pyn en teleurstelling. Hy het probeer verduidelik, maar Janette wou niks weet nie. Sy het die rol wat aan haar opgedra was, kil en oortuigend vertolk. Koos was ŉ gebroke man toe hy die telefoon op die mikkie teruggesit het. Sy meisie, vir wie hy so lief was, wou nie meer met hom getrou het nie. Eers daardie aand, na baie verduidelikings en mooi praat, het sy hom die waarheid vertel. Koos was so bly oor die waarheid dat hy nie vir lank vir ons kwaad kon wees nie. (Jan Vorster)
*Ek het Koos Durr latere jare goed leer ken. Daar het ŉ goeie vriendskap tussen ons ontstaan en daarom het ek vir Janette op 19 Mei 2010 by haar woning in Despatch geskakel. Sy kan die voorval goed onthou en het die storie bevestig. Koos het ons al ŉ klompie jare vooruit gegaan.*
*(RB)*

**Die onbetroubare patent.**
Ek het nou eenmaal ŉ probleem gehad om soggens na ŉ nag se rus, betyds vir die oggend skof wakker te word. My tweede probleem was die Streekoffisier op Nelspruit. Hy was ŉ

offisier wat vanaf die Kollege na Nelspruit verplaas was. ʼn Ding was by hom óf reg óf verkeerd. Na vele onsuksesvolle pogings om betyds vir diens wakker te word, het ek besluit om iets aan die saak te doen. Dié offisier het nie nonsens gevat van ʼn konstabeltjie nie; so asof ek nog ʼn roof onder opleiding in die Kollege was. Na vele eksperimente en probeerslae het ek uit pure radeloosheid ʼn meganisme ontwerp wat my uit die moeilikheid sou kon hou. Die ding het so gewerk: Ek het ʼn stuk plank geneem en een van die groot wekkers aan die eenkant van die plank gemonteer. Aan die anderkant van die plank was ʼn stel punte van ʼn kar, ʼn battery en ʼn fiets se toeter gemonteer. Aan die vleuelmoer van die wekker was ʼn stuk tou vasgemaak. Aan die ander punt van die tou was ʼn stukkie plastiek gekoppel. Die stukkie plastiek, op sy beurt, was weer in die opening van die kar se punte gedruk wat as isoleerder gedien het. Aan die kar se punte was twee drade gekoppel wat aan ʼn battery en die fiets se toeter gekoppel was. Sodra die wekker begin lui het, het die vleuelmoer in die rondte gedraai en dit het die stukkie plastiek tussen die kar se punte uitgetrek en die fiets se toeter geaktiveer wat ʼn moerse lawaai gemaak het. Al my kollegas het van die wekker geweet, en ook hoe die ding gewerk het. Dié patent van my was nie altyd betroubaar gewees nie.
So het dit gebeur dat ek weer een oggend verslaap het en kaptein Reichert was weereens moeilik en het my vir ‘n skriftelike verduideliking gevra. Ek het vir sersant P.N. van Pletzen wat gevra wat ʼn mens tog nou in die verduideliking kon skryf, waarop hy geantwoord het: “Ek sal sommer gou een vir jou tik.” So gesê so gedaan. Later in die dag het hy my laat roep en gesê dat hy my verduideliking uitgetik het en dat ek dit moes gaan onderteken het. Sonder om die inhoud daarvan te lees, het ek dit geteken en dit weer aan hom teruggegee. Dit was nie lank daarna nie, toe hoor ek die kaptein was moerig in sy kantoor. Hy was woedend en tussen die gebulder deur was ek na sy kantoor ontbied. Toe ek voor sy lessenaar gehalt en gesalueer het, het hy die verduideliking oor die tafel na my kant toe geskiet en wou hy by my weet wat se bleddie bog dit was daardie. Vir die eerste keer het ek toe die verduideliking gelees wat min of meer soos volg gelees het
“Hiermee wens ek te verduidelik dat ek nie die wekker gehoor het nie. Ek sal in die vervolg my wekker op ʼn plank met ʼn stel kar punte en fiets toeter monteer sodat die toeter my kan wakker maak. Indien ek dan weer verslaap, kan kaptein my na die naaste slagpale neem sodat ʼn bul verstand in my kan steek. Ek betreur die voorval en sal sorg dra dat dit nie weer gebeur nie.”
Nou kan ʼn mens lekker oor die voorval lag, maar daardie dag het kaptein Reichert nie gedink ek was baie snaaks of oulik nie. Ek was goed oor die kole gehaal en moes noodgedwonge ʼn ander verduideliking inhandig, tot groot vermaak van sersant Van Pletzen en my kollegas. Ek wonder as ek dié patent van my so ʼn bietjie verfyn het om dit heeltemal betroubaar te maak, of ek vandag ʼn welaf man sou gewees het.
(Leon Henning)

**Konstabel vs Regter.**
Na my opleiding in die Kollege was ek op Maydon kaai gestasioneer. Hier het ek goeie kennis vir my latere loopbaan opgebou. Wat my by gebly het was dat daar heelwat boereseuns in die Engelse stad diens gedoen het. Die Hoërhof was nog in Pietermaritzburg gesetel. By ‘n geleentheid het een van die Afrikaanssprekende polisiemanne diens in die hawe gedoen toe hy ‘n groep vissermanne gewaar het waar hulle onwettig by die graansuier gestaan en visvang het. Visvang in die hawe was onwettig. Met selfvertroue en ‘n plig om uit te voer, het hy die groep genader terwyl hulle rustig probeer het om iets vir die pan te vang. Min het hy geweet dat die manne wat onwettig gestaan en visvang het, die Regter en sy personeel van die rondgaande hof was. Die vis het gebyt want hulle het gevoer op die kaf van die mielies wat in die water geval het. Hy het hulle ernstig aangespreek oor die onwettige daad wat hulle besig was om pleeg. ”Hey, you people can`t fish here”, het hy beveel. Die Regter, wat die segsman van die groep was, het gevra: ”*Why not”?* Die konstabel het geantwoord: “’Cause that sign say so and you must now pick up your fish sticks and go by that road there.” Die Regter, wat teen die tyd al agtergekom het dat hierdie polisieman ‘n probleem met die Engelse taal gehad het, kon dit heel waarskynlik nie help om sy siel uit te trek nie en het verder gevoer: “But the fish are biting.” Die antwoord het gekom: “Sir, if all of you people don`t pick up your fish sticks and go by that road now I am arresting you.” Die Regter het ewe kalm

verneem: ”On what grounds are you arresting us"? Die konstabel het geantwoord sonder om te aarsel: “I will arrest you on here these Railway grounds.”
(Ronnie Coetzee)

**Vergaderingprosedure wen.**
Vrydae was alle offisiere verplig om stiptelik om half agt die oggend vir ŉ vergadering by die Bevelvoerende Offisier, kolonel Johan Sydow, se kantoor aan te meld. Die agenda was afgehandel en soos wat dit ŉ goeie voorsitter betaam het, het hy gewoonlik gevra of daar nog enige voorstelle was voordat hy die vergadering verdaag het. Luitenant Mosterd (Bloujan) het op hierdie spesifiek dag sy hand opgesteek en die kolonel het reageer met: “Ja Mossie"? Die luitenant het voortgegaan: “Kolonel, ek stel voor dat die offisiersklub vanmiddag om twee uur open en bywoning is verpligtend.” “Is jy dan nou bedonderd in jou kop?”, wou die kolonel vererg weet. “Wag, kolonel, volgens vergaderingsprosedure moet u nou vra of ek ŉ sekondant het”, het die luitenant by sy punt gestaan en daar het die twee aan die stry geraak oor of die voorstel geldig was, al dan nie. Die kolonel het bes gegee en gevra of daar ŉ sekondant vir Mossie se voorstel was. Tot sy verbasing het al die offisiere Mossie se voorstel gesekondeer. “Julle klomp bliksemse verraaiers”, het die kolonel ons toegesnou en die volgende oomblik het hy na my, wat die sekretaris van die offisiersklub was, gedraai en baie afgehaal gesê: “Luitenant, sorg dat die nodige om drie uur by die klub is.” Daarmee was die vergadering verdaag en Mossie se drankie dié middag was op die huis.
(Pierre Jonker)

**Vice grip spanner.**
Die arbeider wat ons kantore skoongemaak het, was ŉ volslae alkoholis. Hy was altyd half gespuit. Sersant Daantjie van Rensburg het opleiding in die lig van vingerafdrukke gehad. Eendag het hy by my aangekom en gesê dat ons vir *Vice-grip Spanner* (die arbeider) ŉ bietjie skoon alkohol moes ingee. Ek het hom gestuur om vir ons botteltjie coke by die stasie kafee te gaan koop. Toe hy teruggekom het met die coke het ek vir *Vice-grip* gevra of hy nie ŉ knertsie wou hê nie: “Dis nou nie baie nie, maar dit is nogal sterk.” Nou ja, hy kon nooit nee gesê het nie en ons het hom ŉ dop gegee. Ons het hom fyn dopgehou en dit was nie lank nie, toe sien ons die dop het ingeskop. Ek wou by hom geweet het of hy nog ŉ dop wou hê, waarop hy gretig “Ja” geantwoord het. Hy moes later loop want toe was hy heeltemal dronk. Ek dink Daan het gereël dat iemand hom huis toe vat. Hy het die 100ml botteltjie met alkohol alles op die ou end opgedrink. Ek het nogal vir Daan gesê dat die ou nie die volgende dag by die werk sou wees nie, maar groot was ons verbasing toe hy daar wel opgedaag het en aan ons gesê het dat dit nou goeie goed was en dat hy die naam daarvan gesoek het.
(Thinus Lotz)

**Katvleis toebroodjies.**
Daar was in die sewentiger jare ŉ sersant Koos (skuilnaam) op Port Elizabeth gestasioneer. Hy was baie lief daarvoor om die konstabels se toebroodjies sonder hulle toestemming te eet. Hulle was toe al moeg vir die sersant wat hulle toebroodjies so onwettig verorber het terwyl hulle gevolglik moes honger ly. Op ŉ dag het een van hulle met die wyksersant ooreengekom om hulle die volgende dag by die plofstofmagasyne te pos. Die twee konstabels het met ŉ wag, wat ook saam met hulle daar gepos was, gereël om die volgende dag ŉ kat te vang en dit gaar te maak. Hy moes dan die gebraaide kat die volgende dag na die plofstofmagasyne gebring het. Hulle het die gebraaide katvleis op die toebroodjies, wat hulle die aand werk toe geneem het, gesit. Oudergewoonte het die betrokke sersant hulle kom besoek en weer hulle toebroodjies oopgemaak en begin eet. Toe hy klaar geëet het, het hulle hom gevra hoe die toebroodjies gesmaak het. Hy was heel in sy noppies met die smaak en het gesê dat dit nogal lekker was. Hulle het hom vertel dat hy gebraaide katvleis geeët het. Dit was die laaste keer dat hy hulle toebroodjies geëet het.
(Corrie Meyer)

**Dame in ʼn manswêreld.**

Ek het destyds saam met kolonel Mounie Mouton, majoor Valie Viljoen, luitenant Hennie Cloete, adjudant offisiere Kassie van Rensburg, Tjaart Fourie, Ferdinand Kemp, Blackie Swart, Mossie Mostert, sersante du Randt, Thinus Fick, Michael Carson, Ben Randall, Doepie du Plessis en konstabel Marius(kan nie sy van onthou nie) gewerk. Daar was ook Mala, Gladys, Singh, Govender en ek kan nie meer die res se name onthou nie. Kolonel Mouton het per geleentheid 'n parkeerkaartjie gekry en ek en Oom Ben Randall moes die kaartjie by die Stadspolisie gaan "*squash.*" Na 'n lang tou en hoge Engels het ons dit reggekry.

Ons het toe besluit om die kolonel 'n streep te trek. In daardie tyd het die *Colonel Sanders* van *Kentucky* net bekend geword en ek het 'n telefoonnommer van *Kentucky Fried Chicken* in die hande gekry. Terug by die kantoor was ek reguit na die kolonel se kantoor, met Oom Ben agterna, wat in die gang bly staan het om te luister. Ek het in die deur van sy kantoor, by die kluis, gestaan en kolonel Mounie was besig om sy vuurwapen skoon te maak. Ek het my vreeslik onnosel gehou en het hom vertel dat ek en Oom Ben nie die kaartjie "*gesquash*" kon kry nie. Hy sou maar die boete moes betaal. Daar was 'n kolonel Burger wat geweier het om die kaartjie te "*squash*" en hy het gesê dat die kolonel hom persoonlik moes bel en moes verduidelik waarom hy die spoedgrens oorskry het. Hy wou ook weet wat die kolonel so belangrik gemaak het dat hy nie die kaartjie wou betaal nie. Nodeloos om die vloed van woorde te noem wat die kolonel geuiter het voordat hy my hoogs beneuk gevra het of ek die nommer van daai man gehad het. Ewe plegtig het ek hom *Kentucky* se nommer gegee.

Hy het die nommer geskakel en sommer dadelik gebulder dat hy met kolonel Burger wou praat. Toe hy hoor dat hy by *Kentucky* uitgekom het, moes ek koes vir my lewe. Gelukkig was ek rats genoeg om die projektiel te ontduik. Ek en Oom Ben moes teen ʼn spoed in die gang af gevlug het. Die kolonel se bulderende stem het soos ʻn handgranaat teen ons ruggraat vasgelaan. Oom Ben kon gelukkig lêers gegryp het en "ondersoeke" gaan afhandel het terwyl ek net vir so tien minute na die derde vloer kon verdwyn het vir fotostate voor ek noodgedwonge maar weer die kantoor moes aandurf. Agterna het die kolonel darem bedaar en het ons vir dae heerlik gelag. Hy het ons twee belowe dat hy ons sou terugkry, ek weet nie van Oom Ben nie, maar ek wag nog.

Ek moes gereeld vir kolonel Mouton en majoor Valie Viljoen op nommer nege-en-negentig plek op die vliegtuig bespreek het en dan wou hul ook altyd net 'n spesifieke sitplek gehad het. Jy moes sorg dat hulle in die eerste plek ʼn bespreking op die vliegtuig kry en tweedens op dié spesifieke sitplek, anders was die gort gaar (wonder wat was die verskil of jy nou in die middel, op die vlerk voor of agter sit, dit bly dieselfde vir my?). Boonop moes ek onthou wanneer hul vrouens verjaar het en moes ek selfs vir die tannies parfuum gaan koop het. Vandag lag ek terwyl ek wonder of sy destyds darem daarvan gehou het.

So was daar 'n keer waar majoor Valie en sy vrou ʼn geleentheid van hulle dogter in Pretoria moes gaan bywoon het. Die betrokke oggend moes hy na BBP's op die lughawe omsien. Sy vrou sou hom op die lughawe ontmoet het en saam sou hulle na Jan Smuts-lughawe gevlieg het. Een van die manne moes haar by die huis gaan optel en na die lughawe geneem het. Ek moes haar by die huis bel om die nodige reëlings met haar te tref. Sy het gevra of ek die majoor per radio kon kontak (ons het ons eie private kanaal gehad, as ek reg onthou was dit kanaal 7). Ek moes net vir hom gevra het waar hy sy beursie gebêre het, want hul kon nie sonder geld vlieg nie. Wel, so was die gesprek op die radio min of meer:

"Majoor, mevrou vra waar is majoor se beursie" -stilte - Dwars het die antwoord gekom: "Wat wil sy met my beursie maak?" "Majoor, mevrou is besig om te pak en sê dat jul geld in Pretoria sal nodig hê", het ek weer probeer - stilte - "Sê vir haar dis onder die tas in die hoek op die kas in die kamer." Ek weet nie vir wie van ons drie was die verleenheid die grootste nie.

Ons moes gereeld gaan skiet het. Dit was gewoonlik op 'n Vrydag. Natuurlik word ʼn mens honger en dors wanneer daar geskiet word en ek moes sorg dat daar genoeg vleis, slaai en "drink goed" was. Die manne was vroeg soggens weg aangesien hul baie moes oefen ten einde goed te kon skiet terwyl ek het gewoonlik eers so na twee uur die middag na die skietbaan gery het. Dan het ek so 'n paar skote geskiet - wonder of dit was omdat ek ʼn "bitter goeie skut" was, of omdat dit nie vir 'n vrou nodig was om te kon skiet nie….dan moes ek die kos regkry. Na die etery het ek gewoonlik huis toe gegaan. Die gebeure by die skietoefeninge

het gewoonlik die Maandagoggend gesorg vir menige staaltjies en ‘n gespottery. Een staaltjie het gespruit uit die gewoonte dat daar onder mekaar gereël was wie huis toe sou bestuur en wie saam met wie sou ry. So was dit adjudant offisier Mossie se beurt om majoor Valie na afloop van die skietoefening huis toe te neem. Die betrokke middag/aand het dit begin reën en was ek redelik vroeg daar weg. Ons was al in die bed toe daar aan die deur geklop word. 'n Sopnat Mossie het by die deur gestaan en toe ek oopmaak het hy gesê: "Majoor vra of jy sy tande het? Majoor se tande is weg en hy kan nie sonder sy tande huis toe gaan nie.”
Natuurlik het ek nie die tande gehad nie want wat sou ek nou met sy tande wou gemaak het? Hulle moes vervolgens in sy baadjie sakke en in die motor gaan kyk het want dalk kon dit op die grond geval het. Hulle het net mooi niks gevind nie. Hulle het toe na Doepie se huis vertrek en die tande daar gesoek, maar dit was ook nie daar te vinde nie. Majoor het toe maar sonder sy tande huis toe gegaan. Die volgende dag, toe Mossie die motor wou gaan skoonmaak het, het hy die tande op die passasiersitplek aangetref. Majoor het al die tyd op sy eie tande gesit. Hy het besluit dat die majoor maar nog bietjie langer sonder sy tande kon bly, want hy moes die vorige aand in die reën oral in die gras die tande gesoek het en moes kort-kort die motor gedraai het vir lig terwyl majoor in die motor gesit het. Majoor het sy tande die Sondag gekry. Maandag moes ons maar skelm histeries gelag het want majoor was bitter buite koers van die kwaad; vir wie en wat sou net hy self geweet het.
Van die manne sal ook vertel van majoor se eie honde wat hom wou opgevreet het as hy na so 'n skietoefening by die huis aangekom het. Sy vrou moes dan eers die honde gaan toemaak het voordat hulle met hom die trappe af gesukkel het tot onder in die huis. Andersins was die honde baie lief vir majoor, hul stertjies het altyd geswaai. Die generaal het elke oggend vir kolonel Mouton gebel, maar soms wanneer hy vir ’n paar dae die buiteposte soos Vryheid en Golela besoek het, was majoor Valie in "*charge*." Dan het die poppe gedans. Hy het soggens soos 'n wafferse generaal die kantoor binne gekom, net "gebrom" (dis sy manier van more sê) en dan was hy in die kolonel se kantoor in. Ek mag dan ook geen oproepe op die skakelbord geneem het nie want hy sou dan sommer al die oproepe self geneem het. So moes ek dan wag tot hy geskreeu het: "Meraai, die pos" en dan moes ek sorg dat ek met pos en lêers in die kantoor ingekom het. Majoor Valie was erg oor pos en oproepe en wou altyd geweet het wie gebel het. Ek hoor hom nou nog trieng (net een lui was toegelaat) "More generaal, generaal dit is Valie hier generaal", en dan beter ek sorg dat ek my uit die voete maak, want nou praat hul hoogs geheime dinge.
Ek was een betrokke oggend halfpad op pad na sy lessenaar, toe die foon gelui het en Majoor Valie die gehoorstuk gegryp en diep terug in die kolonel se wiegstoel weggesak het (en hy kon wieg). Tydens die gesprek met die generaal het hy agteroor gewieg en gesê: "Môre generaal, dit is Valie…” Hy het nog skaars sy sin klaar gepraat toe ons 'n slag gehoor het. Die volgende oomblik het die majoor agteroor gelê; voete in die lug, foon van rakkie af en het die yl stem agter die lessenaar gevra: "O!, f*k, Meraai, wat het nou gebeur"? Wel, tot vandag toe raak ek histeries as ek daaraan dink. Dat ek daardie oggend nie ’n spier getrek het nie, kan ek tot vandag toe nog nie begryp nie. Ek hom net geantwoord "Seker 'n springetjie wat gebreek het, majoor." Ek het hom opgehelp, die foon reggekry, hom weer deurgeskakel na die generaal en so met die wegstap het ek iets gehoor van fout met die skakelbord. Nou ja, daardie heel dag kon ek kwalik werk, ek kon nie ophou lag nie, en as ek vandag nog daaraan dink, kan ek nie ophou giggel nie.
In daardie tyd was die kinderstorie Fifie en Brakenjan op die radio. Kolonel Mouton en majoor Valie het meeste van die tye saam kantoor toe gekom en is ook saam huis toe. Was orals saam, kolonel altyd voor en die majoor so halwe treetjie agter hom. Ek weet nie wie of wat daartoe aan leiding gegee het nie, maar die kolonel en die majoor was toe Fifie (majoor) en Brankenjan (kolonel) gedoop. Ons het onsself hul musketiers genoem. Iemand het twee blikke geneem en opgemaak met die name Brakenjan en Fifie daarop en het dit aan die kolonel se lessenaar vasgemaak. Daardie ou was morsdood en almal was dood onskuldig; die kolonel het hoog en laag gesweer dat dit ek was, maar dit was regtig nie ek nie (wonder wie van die manne dit was?). So gepraat van kinderstories, kolonel Arpin, ook van die hoofkantoor in Durban, se bynaam was weer Prins Kernarti; na aanleiding van sy opmerking teenoor een van die manne: "Hier slaan ek die kitaar."

ʼn Nuwe boot wat ter water gelaat word, was altyd met 'n onthaal gevier en die Veiligheidstak moes ook altyd by sulke geleenthede teenwoordig gewees het. Nou ja, ek wonder of die manne die swart balletjies, wat hul so ryklik saam met die tee drinke geniet het, en die trappies by die kantoor nog kan onthou? Dit was 'n aardigheid soos hul van voedselvergiftiging siek geword het en dan die trappe uitgesukkel het, groen om die kiewe. Ek, natuurlik, kon dit nie genoeg ingevryf het nie want ek mag nie gegaan het nie; ek moes die kantoor beman het. Dikwels tydens middagete het ons veerpyltjies gespeel en dit was altyd lekker; as ek my oë toemaak sien ek ons almal, die lag en gesels en geroei onder mekaar. Dikwels moes die manne ook laat werk en kon hulle nie huis toe gegaan het nie, of as hul klaar gewerk het, het hul eers kantoor toe gegaan. So was daar toe gesluit om gou 'n paar pyle te gooi, gemmerbier was gedrink (gemmerbier??), en Doepie en Oom Ben het dan besluit dat hulle twee sou kyk wie die sterkste was. Die resultaat - Oom Ben het Doepie se vinger gedraai dat hy heeltemal in 'n ander rigting gewys het en Doepie moes dan geopereer word. Kolonel en majoor het ook altyd saam gespeel; ai, dit was goeie tye en dit het ook daartoe aanleiding gegee dat ek saam met Pat de Goede in die SAPD-veerpylspan was en ons die kompetisie vir SAPD gewen het.
Ons het 'n jaarlikse verhoging gekry waaroor almal ontevrede en bekommerd was en veroorsaak het dat almal oor hulle finansiële posisies diep bekommerd was. Dan het ek die manne onder mekaar gehoor praat en toe kom Kassie en Michael met die wonderlike oplossing na vore. Nou wil ek eers sê, Kassie was verskriklik skaam en eng, ek was altyd mevrou genoem, net by die skietbaan was ek Meraai en hy my adjudant. Saam met ons het 'n Indiër meisie, Mala, gewerk. Die plan was dat Kassie en Michael ons twee tot by die hawe sou neem en, terwyl hulle in die motor gesit en wag het, moes ek en Mala dan ekstra geld gaan verdien het. Net omdat hulle ons na die hawe geneem en vir ons moes gewag het, moes ons ʼn sekere persentasie van ons “verdienste” met hulle gedeel het. Ek was natuurlik nie op my mond geval nie, en het gesê dat dit reg was so, maar, het ek gesê, daar was ook die geleentheid vir hulle om meer geld op dieselfde manier te verdien. Daar was baie ouer dames wat enkellopend was, wat jonger mans se geselskap en gunsies gesoek het. Nou ja, tipies man, het die voorstel ewe braaf gekom dat ek nie net moes praat oor sulke goed nie, ek moes summier voortgegaan het met die organisering daarvan. Net daar het ek besluit om al my vriendinne te bel en nadat ek vir hul die storie vertel het, het hulle almal by my plan ingeval.
So was Kassie eerste gebel met die stem aan die anderkant wat gesê het dat sy gehoor het hy was so 'n oulike man wat gunsies teen vergoeding verskaf het. Stotterend het Kassie versoek dat sy moes aanhou op die lyn waarna hy die foon se spreekbuis toegedruk en geskreeu het: "Meraai, jou helsem!” Hy het weer die foon opgetel en benoud verduidelik: “Jammer dame; dit was net 'n grappie.” Ek het al my dae gehad om hulle sover te kry om vir die res van die dag die telefoon te beantwoord.
Majoor Valie het 'n spesiale kamer tussen my en sy kantoor gehad wat die plofstofkamer genoem was. Net majoor het die sleutel vir dié kamer gehad. Wanneer hy daar binne was, mag niemand hom gesteur of daar ingegaan het nie en hy mag ook geen oproepe ontvang het nie. Natuurlik het my hartjie altyd dan maar benoud geklop; ek was maar altyd bang dat daar 'n foutjie kon kom. Ek moes ook altyd sy verslae getik het en majoor en kolonel se handskrif was, om die minste te sê, maar moeilik om te lees. Kolonel se styl en skrif kon ek bemeester, maar majoor sin was maar altyd moeilik, veral as dit by plofstof terminologie en sulke dinge gekom het. Dan moes ek hom dikwels gaan vra het wat het hy geskryf het, en ja, dit is waar, ek het menigte maal gehoor: "Hoe de f^k moet ek weet wat hier staan"?
So was daar ook mos die bomontploffings en almal was "*alert*"; veral Tjaart en Mossie. Aangevuur deur Du Randt, Kassie, Blackie en luitenant Hennie Cloete het ek toe van hierdie ligte klappertjies gevat en dit by hulle kantoor ingegooi waar hulle baie ernstig aan die werk was. Daardie dag het ek byna onder Tjaart se seekoei sambok deurgeloop soos hy geskrik het. Ek moes hol vir my lewe en die manne moes vir 'n vale gekeer het totdat hulle majoor Valie weer tot bedaring en tot sy sinne gebring het. Natuurlik het almal sleg gevoel want ons het nie besef dat die majoor so kon skrik nie, maar ja, hy het tog later saam met ons gelag.
In daardie tyd was ek dikwels bloedrooi as 'n gesprek 'n bietjie "warm" geraak het en dit het tot groot vermaak van die manne gelei. Ek het nooit gevloek of regtig kwaad geword nie; ek het 'n

ou sagte hartjie gehad. Nou ja, ek het dikwels onder die kolonel en majoor deurgeloop oor iets wat die manne gedoen het of nie gedoen het nie, of as hulle nie hul radio's geantwoord het nie, ens. As ek nie verkeerd was nie, was dit Marius wat by die lughawe tydens 'n BBP begeleiding iets verkeerd gedoen het. Kolonel het my sommer daar in sy kantoor gegryp en ek het goed deurgeloop, maar ja, enige normale mens kan dinge seker net tot op 'n punt vat. Net daar het ek toe losgetrek en net so hard terug gevloek en hom mooi vertel dat ek nou genoeg geskel was vir die manne se misstappe.
Ek het omgevlieg, die kantoor uitgestorm en die deur met soveel mening toegeslaan dat die vloer eintlik gebewe het. Na 'n paar minute het ek eers mooi besef wat ek gedoen het en het ek myself behoorlik in 'n ander dimensie in geskrik, te bang om die kantoor se deur oop te maak. Na so 'n uur het Kassie aan die deur geklop en gevra “Mevrou, mag ek maar inkom, ek wil vir my koffie maak?" Ek het toe maar my kop in stilte geknik en hy het die ketel aangesit en gevra of ek ook 'n bietjie koffie wou hê (dit was maar min dat hulle koffie gemaak het, dit was mos 'n vrou se werk). Nou ja, so ewe het die kolonel my kantoor binnegekom en vir my gesê: "Toe, stuur my nou maar in my moer in as jy wil." Al wat ek kon uitkry was: "Jammer, kolonel, maar ek's nou nie meer lus om dit te doen nie." Nou ja, toe moes ek vir ‘n lank tyd gehoor het dat ek sommer goed kon vloek en kwaad word, soveel so dat hulle in die vervolg maar lig sou moes loop vir my.
Majoor het ook byna nooit koffie gedrink nie, maar as hy die dag erg moeilik was, het hy vir my gevra om vir hom koffie te maak; swart en bitter. Vir my was dit sy manier om jammer te sê. Ek moes elke middag om twee uur die pos gaan haal het, maar het nooit my eie voertuig gehad nie so ek moes altyd met iemand gereël het vir ‘n saamry geleentheid. Indien ek dit gewaag het om meer as een keer per week, of so min as twee keer agter mekaar, saam met dieselfde man te gery het, wou majoor altyd geweet het hoekom dit gebeur het en hy wou opsluit weet of ek ‘n verhouding met die man gehad het. Al ou wat die toets geslaag het was Oom Ben - seker omdat hy baie ouer as ek was. So moes ek dikwels lank vir hulle gewag het om my te kom haal, maar later van tyd het ek slim geraak en sommer op die bankie by die bushalte vir hulle gesit en wag.
Een middag het ek oudergewoonte by die bushalte, saam met 'n hele aantal mense wat vir die bus gewag het, gesit en wag toe Doepie en Oom Ben by die bushalte gestop en hoflik verneem het: "Hallo dame, soek u 'n geleentheid?" Natuurlik was ek al aan die opstaan, en het nie veel ag gegee op wat die mense gesê het toe ek in die motor geklim het nie. Met die slag wat ek opgekyk het, het ek ‘n hele paar dames gesien wat my met openlike minagting aangestaar het en toe het ek besef wat deur hulle gedagtes gegaan het. Ek was nie in my uniform geklee nie en vir hulle het dit seker soos ’n gewillige meisie gelyk wat by die twee manne in die motor gespring het. Natuurlik was ek vir Oom Ben en Doepie vies, want in daardie dae was dit ’n vreeslike skande om as so 'n dame gesien te word, boonop het ek 'n groot skouersak gehad vir die pos.
Ons het nie ons eie fotostaat masjien gehad nie, en moes op die derde vloer van die gebou fotostate gaan maak het. Daar gekom het ek so 'n verfynde pinkie-in-die-lug-mannetjie daar aangetref. Terug by die kantoor het ek vir die kolonel en die manne van die man vertel en hoe hy vir my gedemonstreer het hoe die nuwe fotostaatmasjien gewerk het. Kyk, toe was die kolonel nou sommer vuur en vlam gewees. Met die aanbreek van uitval tyd, ons almal het dikwels saam geloop, was die kantore gesluit en was ons almal saam die hysbak in. As die verfynde mannetjie in die hysbak geklim het, so was beplan, sou die kolonel net die volgende bevel gegee het: "Manne, holle teen die muur." Kyk ek was so bang dat hy dit werklik sou gedoen het in my teenwoordigheid; ek sou my beslis dood geskaam het en myself so verwens het dat ek dit ooit aan hulle genoem het. Ek wonder tot vandag toe of hy net my been getrek het, en of hy dit werklik sou gedoen het.
(Marietjie Botes)

**Die waterkanon.**
Toe ek as kaptein op Port Elizabeth gestasioneer was, was ek pas tevore in die skadeloosstelling van tuisgeprakseerde bomme opgelei. Elke stasie waar opgeleide lede was, was hulle met ’n klein waterkanon uitgereik waarmee hulle verdagte pakkies of koffers

verwoes het. Dit was ŉ baie eenvoudige maar effektiewe wyse om verdagte voorwerpe stukkend te skiet ten einde die inhoud daarvan te ondersoek. Die waterkanon het ongeveer ŉ halwe koppie water gebruik wat met ŉ kurkprop in die loop afgeseël was. ŉ Stewige lading het dan die water met prop en al uit die loop geforseer. Die trefkrag van die kurkprop was voldoende om enige breekbare materiaal in flarde te ruk sodat die operateur kon sien wat binne-in die pakkie aan die gang was. So het ek een dag besluit om die waterkanon sommer in die gang op die tweede vloer van die Afdelingshoofkantoor, waar my kantoor was, te toets. Ek het net gewag totdat die waarnemende Bevelvoerende Offisier, luitenant-kolonel Ross du Plessis, oor die straat in die rigting van die Afdelingsbestuurder se kantoor gestap het, toe ek gereedgemaak het om die waterkanon af te vuur. Wat ek nie gesien het nie, was dat hy omgedraai het en weer by sy kantoor ingestap het. ŉ Ooggetuie het vertel dat, net toe die kolonel sy koppie tee van die teemaker se skinkbord gevat het, het die skoot reg bokant sy kop afgegaan. Hy het opgevlieg en in die proses het hy die koppie tee op homself omgekeer. Dit was nie lank nie of telefone het begin lui. Die kolonel wou weet wie die skuldige was. Kort daarna het ek baie verleë voor die kolonel gestaan en my kop was behoorlik gewas.
(Hannes Slabbert)

**Toordokter kry kompetisie.**
Ek het ‘n groot trokdiefstal saak in Umtata ondersoek. Een van die verdagtes was ‘n skool prinsipaal wat op Viedgesville, ‘n klein nedersetting tussen Umtata en Idutywa, gebly het. Op ‘n dag het ek en my swart speurder die prinsipaal ondervra, maar hy wou egter nie enige vrae beantwoord het alvorens hy nie sy toordokter gespreek het nie. Met aankoms by die toordokter se hut het ek die motor ‘n ent daarvandaan op die grond geparkeer. Terwyl my speurder die verdagte na die toordokter se hut vergesel het, het ek ‘n plan beraam. In my motor se kattebak het ek altyd ‘n kannetjie petrol gehou vir ingeval die nood daarvoor sou ontstaan het. Terwyl ek op hulle gewag het, het ek ‘n klomp petrol op die grond uitgegooi en daarna het ek die nat kol met sand bedek. Die verdagte het na die motor teruggekeer, vergesel van sy toordokter. Dit was nou net mooi daar waar my plan in werking getree het; die toordokter het op daardie oomblik baie te sê gehad. Ek het hom gevra of hy die grond met ‘n vuurhoutjie aan die brand kon steek. Hy het in die negatief geantwoord. Groot was die toordokter se verbasing toe ek ewe doodluiters ‘n vuurhoutjie getrek en dit op die plek gegooi het waar die brandstof onder die sand gelê het. Die vlamme het uit die stofpad opgeslaan en die volgende oomblik het die toordokter rieme neergelê na die veiligheid van sy hut. Die prinsipaal, op sy beurt, het so groot geskrik dat hy daar en dan skuld op al die aanklagte beken het en ons derhalwe na die plek geneem het waar die bewysstukke versteek was. Met sy verskyning in die hof het die beskuldigde die hof meegedeel dat my magte sterker as die van die toordokter s’n was.
(Lolo Petzer)

**Stoel met die duim drukkers.**
Dit was in my vormings tydperk as rekruut op Hoofkantoor toe kolonel Majuba Oosthuizen die hoof van die Spoorwegpolisie se Dwelmeenheid was. Daar was baie noue kontak tussen lede van SANAB en dié van die Spoorwegpolisie. Feitlik elke kantoor op Hoofkantoor het sy eie rekruut gehad wat al die sloer werkies verrig het. Die rekruut was maar eintlik ’n spesiale klas bode of klerk. Die feit dat ons ’n uniform gedra het, het ons belangrik en groot laat voel. Die gevoel het nie verhinder dat ons ook soms kattekwaad aangevang het nie.
Kolonel Oosthuizen se rekruut was lief om “*tricks*” op ons te trek en ek het besluit dat ek die mannetjie sou moes terug kry. Ek het by hulle kantoor ingesluip en ŉ paar drukspykers in sy stoel geplant. Met my geluk, het kolonel Oosthuizen ŉ besoek van sy eweknieë in die S.A. Polisie ontvang en met die teenwoordigheid van die ander offisiere in sy kantoor het hy ŉ ekstra stoel vir een van die gaste nodig gehad. Al stoel wat in die aangrensende kantoor beskikbaar was, was die knapie se stoel met die duimdrukkers in. Toe die offisier op die stoel gaan sit het, het hy, tot groot verleentheid van kolonel Oosthuizen, dadelik weer opgevlieg. Gelukkig het hulle nie geweet wie die skuldige was nie maar ek het voortdurend gevrees dat

hulle sou uitvind dat ek dit gedoen het. Net die gedagte dat ek so vroeg in my loopbaan aan 'n ondersoek blootgestel kon word, het my slapelose nagte besorg.
(Thys Du Plessis)

**Inlywing by die lang plaas.**
Ek was later in my loopbaan na Butterworth in die Transkei verplaas. Ek was na die rang van ondersersant bevorder. Man, was ek vir jou trots op hierdie rang. Ek het soms my regterarm ver by die voertuig se venster laat uithang sodat een en almal kon sien waar die kameel my gebyt het. Dit was ook hier waar ek lewenslange vriende met lede van die S.A. Polisie gemaak het. Konstabel Isak van der Merwe van Butterworth en konstabel Jimmy Alberts van Kei Brug was onder andere van die goeie vriende wat ek ontmoet het. Hierdie manne het 'n aantal jare ná my as brigadiers afgetree. Finansieel het ons maar swaar getrek; 'n faktor wat samehorigheid en blywende vriendskap afgedwing het. Ons was almal getroud met klein kindertjies en na aftrekkings was ons onderskeie salarisse om en by veertig Rand per maand gewees. Daar was 'n ernstige tekort aan proteïne in ons huise gewees en dit het ons genoop om koppe bymekaar te sit. Dit was hier waar hierdie twee vriende my aan die "lang plaas" bekend gestel het.
Isak het 'n .22 geweer met 'n teleskoop gehad. Die geweer was so fyn ingestel dat ons in die nag op vyftig meter 'n groepering van een sentimeter kon skiet. Een nag het ons 'n padblokkade op Kei Brug gehou. Dit was tyd om ons vaardighede met die .22 te toets wat veilig agter in Isak se vangwa versteek was. Nie lank nie of ons, soos beplan, het die sersant in beheer van die blokkade oortuig dat ons die stoppergroep sou wees wat aan die Oos Londen kant van die Keipas posisie sou ingeneem het. Dit het in daardie dae nogal gereeld gebeur dat dagga smokkelaars met voertuie waarvan die enjins warm gemaak was, deur die padblokkade gejaag het en dan kon die polisie hulle nie met die vangwa ingejaag het nie. Die sersant het geredelik saamgestem en ons het tot bo-op die Keipas, aan die Boerekant, gery. Isak het die polisie vangwa omgedraai en die masjien afgeskakel. Hulle het daarop aangedring dat ek die eerste bok moes plattrek. Ek het aan die passasierskant by die deur met die geweer gesit terwyl Jimmy met die soeklig, wat op die dak gemonteer was, in die veld gelig het. Met die masjien afgeskakel het ons geruisloos teen die Keipas af beweeg. Nie lank nie of ons het oë gewaar wat in die skyn van die soeklig geblink het. Die voertuig het geruisloos so dertig meter vanaf die duiker tot stilstand gekom. Dadelik het die skoot geloop en die bok het na 'n kopskoot inmekaar gesak. Dit was daarna Jimmy se beurt om te skiet en ek moes weer die lig bewerk het. Drie minute later het daar nog 'n duiker gelê. Isak en Jimmy het toe posisies omgeruil terwyl ek nog steeds in beheer van die lig was. Ek meen ons kon waaragtig nie so onverantwoordelik gewees het dat ek as 'n "Spoorie" die S.A.Polisie vangwa bestuur het nie; daarvoor was ons nou een maal te wetsgehoorsaam.
Dit was nie lank nie of Sakkie het sy duiker gehad en ons het al drie in 'n holte agter 'n boom weggesteek. Na afloop van die blokkade het ons die buit gaan oplaai. Na die episode het ons besluit dat dit te gevaarlik was om op hierdie manier te jag. Jimmy het ons oortuig dat hy heelwat duikerspore aan die Transkei kant van die Keirivier opgemerk het. Soos almal wat die "langplaas" ken, sal weet, was 'n teleskoop die beste wapen om in die nag te gebruik. Solank die teiken belig was, was dit net nodig om die kruishare op die teiken te plaas en die skoot te laat loop. Met 'n oop visier moes jy sukkel om die agterste visier by die korrel te bring en dan nog na die teiken te soek ook. Nog 'n belangrike punt was dat die wild aan die Transkei kant van die Kei *res communes* of allemansgoed was soos generaal Rabbi Claassen dit sou uitgedruk het. Ons het generaal Rabbi se standpunt heelhartig ondersteun. Met die betroubare .22 en teleskoop het ons die nag langs die Keirivier ingevaar; hierdie keer aan die Transkei kant. Na 'n rukkie het ons 'n duiker gewaar. Ons het versigtig nader gekruip en die bok neergevel. Dit was jou wrintiewaar 'n trassie of tweeslagtige bok; 'n duiker met lang smal horings en met beide manlike sowel as vroulike geslagsdele. Dit was genoeg om ons van die *res communes* bokke van die Transkei te laat afsien. Dit was genoeg om enige respektabele man se aptyt vir wildsvleis te laat verdwyn het. Ons het die bok aan 'n ou swart man gegee wat baie dankbaar was. Toe ons by die huis aangekom het, moes ons tot ons ontsteltenis ontdek het dat ons oortrek was van klein bosluise. Letterlik duisende van hulle het oor ons

liggame gekrioel. Ek het kaal in die bad gestaan en ‘n paar bottels paraffien oor my kop uitgegooi en my daarmee gewas. My klere en skoene was ook daarmee skoongemaak. Nodeloos om te sê, dit was die laaste keer dat ons *res communes* bokke gaan soek het. Nee, daar moes ‘n klemverskuiwing plaasvind. Visvang was die ding om ons kos mee aan te vul. Vis is per slot van rekening deur die bank *res communes*.
(Ronnie Coetzee)

**Ek kort nog hande.**
Majoor Horak was die Posbevelvoerder en bekend as ŉ baie streng en kwaai offisier. Een dag het ŉ Erasmus lid vuurwapens van die een kantoor na ŉ kantoor aan die anderkant van die pad gedra. Beide sy arms was vol vuurwapens toe hy by majoor Horak verby geloop het. Die lid kon as gevolg van die vrag vuurwapens in sy arms nie die majoor salueer nie, waarop majoor Horak hom ingeroep en uitgetrap het. Al wat Erasmus op die majoor se uittrap kon antwoord was: “Majoor, as die liewe Here my meer hande gegee het, het ek jou gesalueer.” Toe was die majoor eers moeilik.
(Elsabé van Vuuren)

**Die Britse taal neuk**
Net die skerpste lede was in die aanklagtekantoor gepos aangesien dit die hartklop van enige polisiestasie was. Magsorder het bepaal dat alle inskrywings in die voorvalleboek beurtelings in Afrikaans en Engels geskryf moes word. Die maande wanneer dit Afrikaans was, was dit geen probleem om ŉ volledige inskrywing omtrent die klagte of gebeurtenis in die voorvalleboek te maak nie. Maar in die maand wat Engels die skryftaal was, het dit ŉ bietjie geneuk omrede die meeste lede op Johannesburg stasie Afrikaanssprekend was. Wanneer die klagte in Afrikaans aangemeld was, moes jy eers alles vertaal het voordat jy dit in Engels in die VB kon geskryf het. Dit het baie tyd in beslag geneem. As daar ŉ hele paar klagtes gelyktydig aangemeld was, het jy nie deur jou werk gekom nie. In sulke gevalle was die inskrywings in Afrikaans gemaak. Direk onder die Afrikaanse inskrywing het jy dan die volgende inskrywing in Engels gedoen: “*Above entry was made in error.*” Soggens wanneer die Posbevelvoerder aan diens gerapporteer het, was die nasien van die VB een van die eerste dinge wat hy gedoen het. Dit het hom op hoogte gebring van wat die vorige dag en nag op sy stasie gebeur het. Later het ons agtergekom dat die Posbevelvoerder, adjudant offisier Doppies van Rensburg, met die inskrywings tevrede was. Dit was maar moeilik met die Engels, moet ek erken.
(Gert Swanepoel)

**Sersant Vinger.**
In 1957 het ŉ bees uit ŉ goederetrok by Sydenham rangeerwerf gebreek en, in ŉ poging om te ontsnap, in een van die putte wat gebruik was om die lokomotiewe se onderstelle te ondersoek, ingeval. Hy kon nie daaruit klim nie. Die lokopersoneel het gepoog om die bees uit die put te kry, maar sonder enige sukses. Daar het toe ŉ slim konstabel aangekom wat gesê het dat hy die bees daar sou uitkry. Hy het ŉ tou gevat en om die bees se horings gegooi. Die ander punt van die tou het hy om sy hand en vingers gedraai om die bees uit te trek. Die bees het egter geskrik en sy kop weggeruk met die konstabel se hand nog om die tou gedraai. Die tou het styf om sy hand getrek en sy wysvinger uit sy hand geruk. By die hospitaal kon die dokters egter daarin slaag om die afgerukte vinger weer aan die hand te heg. Die dokter het ŉ gat in die maagvel gemaak en die vinger vir ses maande daarin geplaas om aan te groei. Sy vinger het ten volle herstel maar dit het nie soos ŉ vinger gelyk nie. Van daardie dag af het die konstabel, wat later ŉ sersant geword het, as sersant Vinger bekend gestaan.
(Corrie Meyer)

**Die gesteelde skaapboud.**
Die eerste wedstryd wat die S.A. Spoorwegpolisie teen die S.A. Weermag gespeel het, het Lappies (Johan) Labuschagne teen Frik du Preez, die Springbok slot, in die lynstane

gespring. In daardie jare mag die slot nie in die lynstane opgetel gewees het wanneer hy gespring het nie. Met die eerste lynstaan, wat in die helfte van die veld plaasgevind het, het ek Lappies hemel hoog in die lug opgetel toe hy gespring het. Omdat hy dit nie verwag het nie, het hy so groot geskrik dat hy my met die afkom slag vasgegryp het. Die skeidsregter het dit gesien en dadelik ŉ strafskop teen ons gegee. Ou Lappies was baie kwaad vir my en ek dink hy lei tot vandag toe nog aan hoogtevrees. Ek is oortuig daarvan dat hy sy oë so styf toegemaak het dat hy nie eers die bal gesien kom het toe dit by die lynstaan ingegooi was nie. Na afloop van die wedstryd, wat ons toe ook verloor het, het sewe lede van ons wat van die Kaap vir die rugby opgekom het, op Johannesburg stasie vir die trein gewag. Nie een van ons het ŉ sent geld by ons gehad nie. Ons was bekommerd, want wat sou ons vir die daaropvolgende die twee dae op die trein moes eet?
Ek het nog ŉ vyfsent stuk uit my sak gedelf en dit in die "wens fonteintjie" in die binneplein van die stasie gegooi en gewens vir ŉ uitkoms vir kos. Onderweg na Kaapstad was ons almal al baie honger. Die kosgeur wat van die trein se kombuis gekom het, het die situasie nog vererger. Frans van Jaarsveld kon die hongerpyne nie meer verduur nie. Hy het by ons kompartement uitgestap sonder om enige iets te sê. Ons het aanvaar dat hy na die toilet oppad was. Nie lank daarna nie het Frans met ŉ glimlag op sy gesig teruggekeer. In sy hande het hy ŉ hele skaapboud vasgehou wat hy uit ŉ ou oom en tannie se kompartement gesteel het. Dries Niemand wou nog ewe beleefd die boud vleis met sy mes gesny het, maar daarvoor was ons net te honger gewees. Elkeen het sommer ŉ stuk van die vleis afgebreek en begin eet, maar die gesteelde vleis van die oom en tannie was nie genoeg om al die hol kolle te vul nie. In die middel van die nag, toe die trein op Hutchinson stasie aangekom het, het ek afgeklim en na Chris Loedolf se huis gegaan om daar te gaan eet. Die volgende dag het ek weer die trein na Kaapstad gehaal en dié keer sonder hongerpyne.
(Piet Wiese)

**Die ou man in die Peugeot bakkie**
Gedurende die laat sewentiger jare het ek ook spesiale dienste te Zeerust verrig. Ons taak was om die treine te deursoek en om padblokkades te hou. Een Saterdagaand, dit was die aand toe Kallie Knoetze in Sun City geboks het, het ons weer ŉ padblokkade gehou. Dawie Theron, een van my kollegas, was vindingryk en het ŉ ou televisiestel ingepak toe ons vir die spesiale dienste na Zeerust vertrek het. Dit was amper tyd dat die boksgeveg moes begin en hy het gesukkel om ŉ behoorlike sein vir die uitsending te kry. Terwyl hy nog so gesukkel het, het daar ŉ *Peugeot* bakkie by die padblokkade stilgehou. Die ou man het in die bakkie gesit en wou nie ry nie. Dawie se geduld met die televisie het op daardie oomblik net opgeraak terwyl die ou man nog steeds in sy bakkie gesit het. Dawie se woorde aan my was: "Die fo#*^n ou man moet nou ry, die boks gaan nou begin."
Met dié het die *Peugeot* bakkie vertrek sonder dat ons met hom, of hy met ons, gepraat het. Nadat die bakkie vertrek het, het een van die ouens die opmerking gemaak dat die motoris net soos generaal J.J.J. van Vuuren gelyk het. Die Maandagoggend het die donderwolke op ons neergedaal. Ons moes verduidelik wat Saterdagaand by die padblokkade gebeur het. ŉ Bakkie het daar stilgehou en daar was nie aandag aan die motoris gegee nie, was die aanklag teen ons. Toe eers het ons verneem dat die ou man wel niemand anders as die Kommissaris, generaal J.J.J. van Vuuren, was nie. Daar was voortaan na ons as 'TV span' verwys. Die uitslag van die boksgeveg het die uittrap ook nie ligter gemaak nie want as ek reg onthou het Kallie daardie aand die boksgeveg verloor.
(Louw Hattingh)

**Die domino blokkie en die vislyn.**
Een van die hondemanne, konstabel Wynand Gerber*, wat saam met my te Richardsbaai gestasioneer was, was ŉ groot visserman. Empangeni is mos maar ŉ klein gemeenskap. By die plaaslike funksies of gebeurtenisse was die "*regulars*" maar altyd daar en dit was natuurlik ook die plek waar die skinderstories van die dorp die rondte gedoen het. By een so ŉ funksie het ek agter gekom dat Wynand se vrou rondgeloop het. Die persoon met wie sy vermoedelik ŉ buite-egtelike verhouding gehad het, het altyd tydens die funksies by haar gesit. Hy het ook

graag met haar gedans. Op die oog af het sy vir ons as 'n regte kloosterkoek voorgekom: stil en teruggetrokke. Die rooi hare van Wynand se tweede kind het my vermoede bevestig want die "*suspect*" het rooi hare gehad. Terwyl ek en hy een nag in die hawe gesit en visvang het, het ek hom gevra of hy geweet het dat sy vrou rondloop. Hy het my verbaas aangekyk en vir my gevra: "Jissie, *warrant*, weet jy ook daarvan"? Ek en hy het toe 'n plan uitgewerk om haar uit te vang. Hy moes 'n stukkie vislyn so vyf sentimeter bokant die drumpel by die voordeur gespan het en sodra iemand by die deur ingestap het, het hy die vislyn afgetrap en dan sou hy geweet het dat iemand by sy vrou gaan kuier het. By die agterdeur moes hy 'n domino blokkie regop teen die deur geplaas het. Sodra iemand die deur sou oopgemaak het, sou die deur die blokkie omgestamp het.
Wynand het daardie spesifieke aand nagskof gewerk. Ek het hom opdrag gegee dat hy liewer sy pistool by die kantoor moes los wanneer hy sy huis gaan besoek het. Hy kon egter sy hond saam geneem het sodat hy die *suspect* kon "*Rim*" (bevel vir die hond om aan te val) as hy hom daar aangetref het. Die aand toe sy nagskof begin het, moes hy die lede gaan pos het en ek het hom toestemming gegee om sy stasie wyk met die amptelike voertuig te verlaat, sodat hy 'n draai by sy huis kon gaan maak het. Later die aand nadat ek en my vrou alreeds geslaap het, het die telefoon skielik gelui. Die stem aan die anderkant was ietwat ontsteld: "*Warrant*, ek het hulle '*red handed*' gevang"! Ek het hom uitgevra na die gebeure en hy het vertel dat hy met sy stel sleutels die voordeur oopgesluit het en na die agterdeur gestap het. Hy het gesien dat die domino blokkie omgestamp was. Hy toe geweet dat iemand by die agterdeur moes ingekom het. Toe hy in die gang gekom het, het hy die geluide vanuit hulle slaapkamer gehoor. Hulle het hom in die gang gehoor en die *suspect* het agter die kamerdeur ingespring. Sy vrou het haar naakte liggaam met die lakens bedek. "Wat het jy met die man gedoen?", wou ek by hom geweet het. Hy antwoord toe dat hulle daar in sy sitkamer gesit het en dat hy vir die oortreder die keuse gestel het dat hy hom óf R72 000 moes gee óf dat hy haar moes vat. Die jongste kind het in elk geval soos die *suspect* gelyk. Hy het die lakens vir die duur van die skeisaak as bewysstuk bewaar. Wynand het sy eie skeisaak hanteer, prosesstukke beteken en ek dink met die handleiding het sy skeisaak hom slegs R21 gekos.
*Skuilnaam gebruik.
(Thinus Lotz)

**Die boer wat oornag van ras verander het.**
Passasierstreine vanaf die R.S.A na Suidwes Afrika (Namibië) het gedurende 1956 tot miskien nou, net een keer per week geloop. Op groter stasies moes die naaste polisiestasie periodieke aandag gee met die aankoms en vertrek van veral passasierstreine. Nouja, tussen Prieska en Upington was daar 'n stasie met die naam van Draghoender. Draghoender stasie bedien die ou dorpie, Marydale, in die Noord Kaap. My oorlede vader het my baie keer daar gaan aflaai om die trein na Windhoek te haal. Dit was nou wanneer ek met verlof daar was. Marydale is ongeveer honderd-en-twaalf kilometer vanaf Vanwyksvlei, die plekkie waar ek grootgeword het. Die Stasiemeester se seun was ook 'n lid van die S.A.Spoorwegpolisie en was op Upington gestasioneer. Die kêrel het op 'n keer nagdiens gedoen op Upington. Dié betrokke aand het hy besluit om aandag aan die passasierstrein vanaf Draghoender na Upington te gee. Dit was middernag in die winter toe hy op Draghoender aangekom het. 'n Ouerige boer wat na Windhoek onderweg was, het by die stasie aangekom. Hy het vir die konstabel gevra hoe laat die trein sou arriveer het. Die konstabel het hom meegedeel dat die trein laat was en dat die trein om twee uur die oggend verwag was. Die boer het ongeduldig geraak en het teen die Spoorweë uitgevaar. Die konstabel het toe voorgestel dat hy in die wagkamer, waar daar 'n stofie was, vir die trein moes gaan wag het. Die boer het toe so gemaak en na ongeveer twintig minute het hy by die wagkamer uitgestorm en die eerste persoon wat hy toe raakgeloop het, was die konstabel. "Die stofie is nie aangesteek nie, julle treine bly laat en die passasiers moet ongerief verduur", het hy die konstabel toegesnou. Die konstabel het aan die ou boer verduidelik dat die S.A.Spoorweë se finansies in die "rooi" was en dat die personeel opdrag gekry het om orals te bespaar. "Dit is miskien die rede waarom die stofie nie aangesteek was nie", het hy verduidelik. "Maar Oom", het die konstabel voortgegaan, "hier agter die stasie maak die 'stasie *boy*' vuur en hy slaap dan sommer langs

die vuur. Kom lê langs die vuur, ek sal Oom wakker maak wanneer die trein die stasie instoom. Ek maak my ook maar partykeer daar ŉ bietjie warm wanneer dit so koud is."
Eers het die oom weer ŉ slag uitgevaar teenoor die Spoorweë, maar hy het toe saam met die konstabel na die vuur toe gestap. Die konstabel het ŉ groot kartondoos in die hande gekry, dit opgeskeur en dit langs die vuur neergesit terwyl hy die oom weereens gerus gestel het met die woorde: "Oom kan maar gaan lê; ek sal Oom wakker maak sodra die trein arriveer." Dit was ook nie lank nie of die oom was in droomland. Die wyse waarop die boer teenoor die Spoorweë en teenoor hom uitgevaar het, was nie vir die konstabel aanvaarbaar nie. Sy pa was immers die Stasiemeester op dié stasie en die Spoorweë het hom gebring tot waar hy destyds was. Hy besluit toe om die boer ŉ streep te trek. Kort voor twee die oggend het die trein die stasie binnegestoom. Hy het rustig na die boer gestap waar hy gelê en slaap het en hy het met sy hande oor die boer se gesig gevryf nadat hy sy hande eers lekker swart gemaak het met die steenkool as. "Oom, die trein het so pas ingetrek. Oom kan maar in die trein gaan klim." Die konstabel het hom nog gehelp om sy tasse in die trein te tel en die trein het vertrek. Nadat die trein vertrek het, het die boer die kompartement se deur toegeskuif. Hy het homself in die spieël aan die binnekant van die deur gesien en gesê: "So ŉ bliksem, hy het mos die verkeerde man wakker gemaak."
(Tjaka Neethling)

**Ek kap jou kop af.**
Op die Wit trein waarin koning George, die Koningin en haar twee dogters, Elizabeth en Margaret, gedurende die 1947 Koninklike toer deur Suid Afrika gereis het, was daar ŉ predikant, ŉ geneesheer, ŉ sjef, beddegoedbediendes en drie polisie beamptes wat die trein bewaak het. Dit was ŉ kaptein, sersant en ŉ konstabel van die S.A. Spoorwegpolisie. Hulle was in hul swart uniforms geklee en al drie het wit helms gedra. Die sersant en konstabel het wit handskoene gedra, terwyl die kaptein leerhandskoene, *sambrown*, en swaard gedra het. Die kaptein het op elke stasie, waar die trein vir ŉ halfuur stilgehou het, saam met die ander twee lede vanaf die voorkant van die trein tot by die agterste wa in gelid gemarsjeer. Die kaptein het aan die regterkant gemarsjeer om die saluut te neem waar dit nodig was. Met aankoms te De Aar het hulle weer langs die trein af gedril. Die kaptein het egter vergeet dat sy oudste broer, wat op De Aar ŉ rangeerder was, ook moontlik na die stasie sou kom om na die Koninklike paar te kom kyk. Terwyl die drie lede langs die trein gemarsjeer het, het die kaptein se broer hom erken en het langs hom gaan loop terwyl hulle op en af gemarsjeer het. Die broer het die kaptein gegroet, maar dié het hom nie terug gegroet nie. Die kaptein se broer het langs hulle bly loop terwyl hulle gemarsjeer het. Hy het vir die kaptein daaraan herinner dat hy sy oudste broer was en het gevra of hy hom nie meer kon onthou nie, maar die kaptein het nie geantwoord nie. Sy oudste broer het toe vir hom gesê: "Jy dink omdat jy mooi aangetrek en met ŉ blink swaard aan jou sy loop dat jy nie nodig het om my te ken nie." Die kaptein se verergde reaksie was: "Gee pad van my af; anders kap ek jou kop met die swaard af." (Andries Gouws)

**Wat sê kolonel?**
Jare gelede, toe kolonel Horak die Bevelvoerende Offisier op Jan Smuts-lughawe was, was adjudant offisier Koos Lötter op die skof. Koos was hardhorend en het ŉ gehoorstuk gedra. Koos was een middagskof in bevel van punt sewe waar die gevonde eiendom, wat van die vliegtuie verwyder was, ingehandig was. Die gevonde eiendom was dan in die Verlore Goedere Register aangeteken en na die aanklagtekantoor geneem. Dié betrokke aand was daar ŉ gebraaide hoender op een van die vliegtuie gevind. Net voor die skof ten einde geloop het, het Koos met die hoender na die aanklagtekantoor gestap om dit te gaan inhandig. Onderweg daarheen het een van die vroue konstabels vir hom gevra wat dit was wat hy gedra het. Hy het geantwoord dat dit ŉ gebraaide hoender was waarop sy toe wou geweet het of sy nie die hoender kon kry om dit tydens die nagskof te eet nie. Koos was goedhartig en het die hoender aan haar oorhandig. Hy was net van diens toe kolonel Horak ŉ besoek aan punt sewe gebring het. Daar het die hoender in die papier toegedraai gelê en die kolonel wou weet wat die inhoud daarvan was. Die konstabel het geantwoord dat dit ŉ hoender was wat as

gevonde eiendom op die vliegtuig gevind was en dat adjudant Lötter dit aan haar gegee het om te eet. Laat daardie aand het Koos my by my huis wakker geklop. Die vroue konstabel met die hoender het Koos huis toe gebel en gewaarsku dat die kolonel vuur gespoeg het toe sy hom van die hoender vertel het. My raad aan Koos was dat hy op die daad na die kolonel se huis moes gaan en die saak aan hom verduidelik het, op voorwaarde dat hy nie gesê het dat ek hom na die kolonel se huis gestuur het nie.
Luitenant Leon Smit was die kolonel se stafoffisier en dié was met verlof. Ek het in sy plek as stafoffisier afgelos tot die tyd dat hy weer vir diens aangemeld het. Die volgende oggend het die donderwolke saam met die kolonel kantoor toe gekom. Ek het opdrag gekry om vir Koos na sy kantoor te ontbied maar ek het geweet dat, sou ek Koos dadelik laat kom het, dit klaar praat met hom sou wees. Ek het die kolonel ingelig dat Koos besig was om die grensheining met die Swerwer te patrolleer en sodra hy terug rapporteer het, sou ek hom ingebring het. Ek moes tyd koop sodat kolonel Horak ŉ bietjie kon afkoel. Koos het opgedaag en ek het hom by die kolonel se kantoor ingemarsjeer. Ek het toestemming gevra om die kantoor te verlaat, maar het die deur op ŉ skrefie oopgelaat waardeur ek vir Koos kon sien. Die afkoel sessie het ook nie veel gehelp nie, want Koos het skaars gehalt toe die kolonel losgetrek het en hom behoorlik geskel het. Hy het vir Koos vir bykans tien minute lank geskel en gevloek, inteendeel, hy moes hom nog net met die lessenaar gegooi het dan het hy alles gedoen. Tydens die hele proses het Koos nie ŉ woord gesê nie. Nadat die kolonel opgehou skel het, het hy vir Koos gevra of hy iets te sê gehad het. Koos het sy kop ŉ bietjie na links gedraai, sy hand bak agter sy oor gehou en gevra: "Wat het kolonel gesê?" Die battery van Koos se gehoorstuk het onderweg na die kolonel se kantoor die gees gegee, met die gevolg dat hy nie ŉ woord kon hoor wat die kolonel te sê gehad het nie. Was die lessenaar nie so swaar nie, dan het hy vir Koos daarmee gegooi. Die twee hout posmandjies op die lessenaar was veel ligter en daarvoor moes Koos koes oppad na die kantoordeur waaruit hy gevlug het.
(Gert Louw)

**Die vangwa en die swak skut.**
Dit was ŉ Sondagmiddag. Sondae op Nelspruit stasie was soms so stil en vervelig soos ŉ grafkelder. Slegs die polisie en die treinbeheer personeel was aan diens. Hulle kantore was ŉ hele ent van mekaar. Sersant J.H.P. van der Merwe, die hondeman met R41 Rex, het oggenddiens gewerk en konstabel Frans Roelofse, die ander hondeman met R60 Bruno, het by Van der Merwe oorgeneem. Konstabel Labuschagne was ook teenwoordig. Enkele maande tevore het Frans sy regterhand se wys- en indeksvingers in ŉ ongeluk met ŉ houtskaaf verloor terwyl hy besig was om houtwerk te doen. Beide vingers was by die eerste lid geamputeer. Uit pure verveligheid en die geaardheid van die manne, het hulle besluit om teiken na die rangeerwerf se ligte te skiet. RJB 178 W, ŉ bruinkleurige *Mazda* vangwa, was voor die aanklagtekantoor geparkeer. Sersant "Van" van der Merwe het ŉ paar keer met sy pistool na die teiken geskiet, en toe was dit Frans se beurt. Lappies het by die parkeerarea stelling ingeneem terwyl sersant Van v/d Merwe aan die platform se kant gaan staan het om seker te maak dat niemand in die skootsvak inbeweeg het nie. Frans, met sy vermiste ledemate, het op sy hurke in die deur van die aanklagtekantoor gaan sit. Nieteenstaande die droogmakery het hulle nog steeds veiligheid in ag geneem. Met die klap van die skoot, het sersant Van gesien dat dit mis was. Die lig was nog steeds heel. Toe Van omgekyk het, het hy gesien dat hulle geliefde vangwa in 'n stofwolk gehul was. Die pistool het op die laaste oomblik, as gevolg van die stompies, uit Frans se hand gegly en die skoot het die vangwa se kap regs bo getref. Die patroonpunt het 'n duik in die bokant van die kap geslaan en in verskeie dele agterin die kap, tot ruste gekom. Toe hulle die skade gesien het, het hulle hulself asvaal geskrik en geweet dat groot moeilikheid op hulle gewag het. Soos blits het hulle agterin die bak gespring en elke deeltjie van die projektiel verwyder. Daarna het hulle die bakgedeelte met water uitgespuit om te verseker dat die kleinste deeltjies verwyder was. Daar moes geen teken van enige bewyse gewees het nie. Frans het toe aan sy twee medepligtiges gesê om huis toe te gaan en het hulle verseker dat hy die voorval sou hanteer het. Sersant Van was huis toe en hy het sy pistool mooi skoongemaak. Daarna het hy gesorg dat daar weer bietjie stof in die loop gekom het.

Die volgende feite moes deur Frans se gedagtes geflits het toe hy ŉ verduideliking vir die gebeure voorberei het:
Klagte nr. 1: Onregmatige afvuur van vuurwapen in ŉ beboude gebied.
Klagte nr. 2: Opsetlike saakbeskadiging.(die vangwa)
Klagte nr. 3: Poging tot opsetlike saakbeskadiging.(Lamppaal in rangeerwerf)
Klagte nr. 4: Doringdraadseksie. ŉ Handeling verrig wat die SASP in oneer sal bring.
Die Sondagmiddag so teen kwart voor vyf het sersant Van met die voorwendsel na die aanklagtekantoor gegaan om vir Bruno te gaan versorg. Met sy aankoms by die aanklagtekantoor was alles in rep en roer. By die bakkie was die plaaslike speurder, sersant Herman Steenkamp, en 'n lid van die S.A. Polisie se plaaslike Vingerafdrukkantoor. Die lid van PVAK het die agterkant van die bakkie met 'n vergrootglas gefynkam vir oorblyfsels van die projektiel. Sersant Van het uit nuuskierigheid nader gestaan om te verneem wat aan die gang was. Sersant Herman het verduidelik dat daar op Frans geskiet was. Van het gemaak asof hy verskriklik geskok was en het na die merk op die kappie gewys en gesê: “Frans kan baie gelukkig wees dat hy nie getref was nie.” Die gat in die kappie en die posisie van die bestuurder se kop was ongeveer dertig sentimeter uitmekaar. Herman het die stelling beaam deur te meld dat Frans gelukkig nie in die bakkie was tydens die skietery nie. Frans se verduideliking was dat hy met Rex 'n oefenspoor in 'n oop stuk veld naby die skougronde gaan loop het. Hy het 'n skoot gehoor en met sy terugkoms by die bakkie was daar 'n gat in die bakgedeelte. Hy het toe volgens opdragte die voorval gerapporteer. Die PVAK lid het aangedring dat die projektiel agter in die bakkie moes wees en sersant Van het selfs saam gesoek - natuurlik sonder enige sukses. Frans was behoorlik onder kruisverhoor geneem, maar hy het by sy storie gehou. Die Dinsdag daarna het die Posbevelvoerder, adjudant offisier Frans Koekemoer, sersant Van na sy kantoor ontbied met die opdrag dat hy sy pistool moes saambring. Hulle het vermoed dat hy by die voorval betrokke kon gewees het want sersant Van en Frans was soos bloedbroers. Natuurlik was Van se pistool vol stof en het hy 'n uittrap gekry oor die toestand van sy vuurwapen. Dit is nie nodig om te noem dat die dossier as "ONOPGESPOOR-BÊRE” afgesluit was. Herman Steenkamp het probeer om agter die waarheid te kom en na die amalgamasie het sersant Van hom die waarheid vertel.
(Van van der Merwe en Leon Henning)

**Die onwelkome dame.**
Die meeste stasies het seker hulle eie stories oor dwalende geeste wat snags rondgedool het. Oos Londen-lughawe was ook nie daarby uitgesluit nie. In die lughawe gebou was daar slegs ŉ klein kantoortjie vir gebruik deur die polisie en dit was in die gang waar die trappe na die Weerkantoor gelei het. Adjudant offisier Oosthuizen (Oom Bones) was die Posbevelvoerder en hy het een nag ŉ besoek by die lughawe kantoor afgelê. Ek was die wyksersant en was besig om die lid wat daar aan diens was te besoek, toe hy daar opgedaag het. Ons drie het in die kantoor gestaan terwyl Oom Bones besig was om ŉ inskrywing in die voorvalleboek te maak. Meteens het ons dames hoëhak skoene gehoor wat teen die trappe uitgeklim het. Oom Bones het die gedagte gekry dat die lid aan diens vir hom geselskap vir die nag gereël het en dat dit sy was wat met die trappe op beweeg het. Hy het opgevlieg, sy flitslig gegryp en die trappe opgegaan om die onwelkome dame te konfronteer.
Na ŉ ruk het hy onverrigte sake die trappe af gekom sonder dat hy haar gevind of selfs gesien het. Hy het skaars gesit of hy het weer die damesskoene gehoor wat die trappe op beweeg het. “Broers”, het hy afgehaal gesê, “hier is iets fout.” Met die voorvalleboek onder sy arm was hy die lughawe gebou uit en het die inskrywing in die voorvalleboek op die enjinkap van die patrollievoertuig gaan voltooi. Totdat daar veranderings aan die lughawe gebou aangebring was, het die ou tante wat die trappe jare lank gebruik het en in die kantoor oorlede was, se geklik-klak van haar hoëhakskoene menige polisiemanne die polisiekantoor gedurende die nag laat vermy. Die lughawegebou was snags vir die publiek gesluit en slegs een lid was op ŉ keer in die gebou aan diens.
(Pierre Jonker)

**Sersant Hayes en die skaapboud.**

Sersant Tom Hayes was my wyksersant op Oos Londen stasie. Hy was ‘n groot man wat respek afgedwing het. Daardie jare het jy nog op aandag gestaan wanneer jy met ‘n sersant gepraat het. Ek en sy seun, Francois Hayes, die sanger, was vanaf sub A saam op skool. My heel eerste nagdiens sal ek nooit vergeet nie. Iemand het die aanklagtekantoor geskakel en gerapporteer dat ‘n persoon by Fort Jackson stasie deur ‘n trein raakgery was. Sersant Hayes het opdrag gegee dat ek hom na die toneel moes vergesel het. Met aankoms op die toneel het stukke vleis verspreid langs en tussen die spoorlyne gelê. Hy het my ‘n sak gegee en gesê: “Tel op die vleis.” Oral was net ledemate en stukke vleis. Ek het die stukke opgetel, maar ek kan onthou dat ek baie naar was. Niemand het geweet watter trein die persoon getrap het nie. Ons het die sak met die stukke liggaam by die S.A. Polisie se lykhuis in Cambridge gaan aflaai. Sersant Hayes het aan my opdrag gegee om die onderkante van al die stoomlokomotiewe wat daardie aand by die loko ingekom het, te gaan ondersoek vir bloed en stukke vleis. Ek het onder elke lokomotief ingekruip op soek na bloed. Ek het toe die kop van ‘n swart persoon gekry wat onderaan die lokomotief vasgesit het. Nooit in my lewe wou ek weer so ‘n ondervinding meemaak nie; dit was ‘n gesig wat ek tot vandag toe nog sien. Daardie dag het ek onderneem om sersant Hayes terug te kry.

Ek was op rondte een gepos, dit is op Oos Londen stasie. Deel van my pligte was om die passasierstrein te deursoek vir verlore eiendom wat deur passasiers in die rytuie agtergelaat was. In die derde klas rytuig het ek ‘n stuk skaapboud gekry wat as padkos gedien het en ek het besluit dat ek dit sou gebruik om die sersant terug te kry. By die stasie kafee het ek ‘n stuk foelie afgebedel en het die stuk vleis daarin toegedraai en aan die sersant oorhandig. Hy wou toe weet waar ek daaraan gekom het, waarop ek geantwoord het dat my ma die vleis vir my ingesit het werk toe. Hy was baie bly en het dadelik sy knipmes te voorskyn gebring en heerlik aan die vleis begin smul. Hy het nooit iets agtergekom nie en ek het hom ook nooit vertel waar ek die vleis gekry het nie. Sersant Hayes het op Boknes gaan aftree en is ‘n paar maande gelede oorlede sonder dat ek hom die waarheid vertel het.

(Lolo Petzer)

**Visblase as gevonde eiendom.**

Ek het op ŉ myndorp met die naam van Beeshoek in die distrik van Postmansburg grootgeword. Na skool het ek besluit om by die S.A. Spoorwegpolisie aan te sluit. Dit was vir my ŉ groot aanpassing om van so klein dorpie soos Beeshoek na Johannesburg te gaan. Op ŉ plattelandse dorp was ŉ mens nie altyd bewus van die dinge wat in ŉ stad soos Johannesburg aangegaan het nie. Ek het my Kollege opleiding in Junie 1977 voltooi waarna ek op Jan Smuts-lughawe gestasioneer was. Dieselfde dag wat ek op die lughawe aangekom het, het ek op die skof begin. Feitlik al die vroue polisielede het by Internasionale deursoeking onder bevel van adjudant offisier Dok Malan dienste verrig. Dit het dikwels gebeur dat passasiers van hulle bagasie daar laat lê het. In daardie jare was die sekuriteit by die lughawens baie streng weens die vliegtuigskakings wat aan die orde van die dag was. Sodra ŉ item verlate gevind was, was dit dadelik ondersoek. So gebeur dit dat ek op ŉ dag ŉ verlate handsak opgemerk het. Ek het onmiddellik die inhoud van die handsak verwyder en daar iets gevind waarmee ek nie vertroud was nie. Onder andere was daar ongeveer twintig sakkies met rubberige voorwerpe daarin. Aangesien alle gevonde eiendom so volledig as moontlik in die Pol 8 Gevonde Eiendom Register aangeteken moes word, het ek nie geweet hoe om die rubberige goed te beskryf nie. Wat nou gemaak as ŉ plaaskind van die Kalahari nog nooit sulke goed gesien het nie? Gelukkig was Dok Malan daar en ek by hom om hulp gaan aanklop. Dit was seker ook vir hom ŉ ongemaklike oomblik en hy het gesê dat ek dit as visblasies moes op boek. Met die vertroue wat ek in die senior lede gehad het, was ek op die punt om dit in te skryf toe ek opgemerk het dat adjudant Malan dik van die lag was. Hy het my betyds gekeer om dit so aan te teken en het my ingelig dat dit eintlik kondome was. Dit was vir die ouer lede so snaaks dat hulle dit as ŉ grap aan majoor Horak oorvertel het en ek my natuurlik dood geskaam het! Min het ek geweet dat daar nog groter skokke en verleenthede in die groot stad op my gewag het.

(Elsabé van Vuuren)

**Prostaat operasie en die skaappere.**
Terwyl ek ŉ kaptein in Johannesburg was, was ŉ ou diensskiet maat van my, Ronnie Coetzee, vanaf Oos Londen na Johannesburg as majoor verplaas. Dit het toe gebeur dat ons nie net saam aan diensskiet deelgeneem het nie, maar dat ons ook saam met mekaar gewerk het. Die jag gogga het gebyt en ek het ŉ jag *trip* Suidwes toe gereël. Ronnie Coetzee en Slabbie (Hannes Slabbert), wat toe ŉ luitenant kolonel in Durban was, was genooi om saam te gaan jag. Twee weke voordat ons op die jag ekspedisie moes vertrek, het Ronnie nie goed gevoel nie en het hy sy huisdokter gaan spreek wat hom meegedeel het dat hy dringend ŉ prostaat operasie moes ondergaan. Op grond daarvan het Ronnie hom van die jag *trip* onttrek.
Ek het my dit geroepe gevoel om baie ernstig met Ronnie te praat toe hy my van die dokter se aanbeveling vertel het. Ek het gesê dat hy ŉ tweede opinie moes kry want ŉ prostaat operasie was ŉ baie lelike ding wat met ŉ man gebeur het. Ek het hom ingelig dat die dokters baie maklik gelieg het en dat hulle net wou geld maak. Hulle sou hom allerhande mooi stories vooraf vertel het, maar gedurende die operasie het hulle ŉ man se knaters uitgesny. Na ŉ tyd het hy begin om met ŉ fyn stemmetjie te praat, hy het vet geword en sy buurman het sy vrou gevry. Ek het vir hom gesê dat baie van my pelle dit al oorgekom het.
Ou Ronnie was toe vreeslik bekommerd en laat die middag het hy ingestem om die operasie vir eers te laat vaar. Ons sou eers gaan jag het en met die terugkom slag sou hy ŉ tweede opinie ingewin het. Ek het hom omtrent geprys vir sy dappere en wyse besluit. Die volgende oggend het Ronnie hom weer van die jag *trip* onttrek. Hy het gesê dat sy vrou vreeslik ontsteld was oor die wyse waarop ek hom meegedeel het hoe die operasie uitgevoer sou word. Sy het persoonlik die dokter gebel en dié het my as ŉ leuenaar afgemaak. Ronnie moes toe die volgende dag vir die operasie gaan. Ek het toe so by myself gesit en dink en tot die gevolgtrekking gekom dat dit darem nie reg was dat ŉ man homself sommer net so van een van my jag *trips* onttrek het, sonder om regtig iets oor te kom nie. Hy moes op een of ander manier betaal het vir sy versuim om die tog mee te maak. Die volgende oggend moes ek Ermelo toe gaan om die staatsaanklaer te gaan spreek. Op pad daarheen het ek die Posbevelvoerder van Bethal gekontak en versoek dat hy slagpale toe moes gaan om vir my ŉ paar skaapram “pere” in die hande te kry. Ek het toe ŉ paar pere uitgesoek wat min of meer by Ronnie sou pas en het daarna by die apteek aangery. Daar het ek toe ŉ botteltjie gekry wat lyk soos dié wat die hospitale gebruik om jou blindederm of galstene in te sit nadat hulle dit verwyder het.
Die apteker het toe die skaappere in die botteltjie gesit en het dit met formalien gevul. Een van sy dames het ŉ etiket op die bottel geplak met Ronnie se voorletters en van daarop. Laat middag was ek terug in Johannesburg en het vir Ronnie in die hospitaal gaan besoek. Hy het pas van die teater gekom en het met ŉ pyp in sy keel gelê terwyl hy nog geslaap het. Ewe versigtig het ek die bottel met die bewysstukke in die bedkassie se laai geplant en daarna het ek laat spaander. Die volgende dag toe ek hom weer in die hospitaal gaan besoek het, het hy my vertel dat daar die vorige aand groot chaos in sy hospitaalsaal geheers het. Hy het vertel dat sy vrou hom tydens besoektyd gaan besoek het maar niks vreemd opgemerk het nie. Soos wat vrouens maar doen, het sy die bedkassie se laai oopgetrek om dit reg te pak toe sy op die botteltjie met die knaters afgekom het. Toe Ronnie die inhoud van die botteltjie gesien het, het hy versigtig, dog dringend, sy hand onder die komberse ingesteek en tot sy verbasing agtergekom dat sy klippe nog daar gesit het. Hy het onmiddellik besef dat daar net een persoon kon wees wat so iets aan ŉ ander mens kon doen, en dit was Wietsche Fourie.
(Wietsche Fourie)

**The same bastard.**
Ek en my twee SAP vriende, Sakkie en Jimmy, het oor naweke met die vangwa op veediefstal patrollie uitgeboek. Ons visgerei het saamgegaan maar niemand sou weet ons het gaan visvang nie. Die ooreenkoms was dat ons die oortollige vis aan die Masonic Hotel teen vyf sent per pond sou verkoop en die winste sou ons onder mekaar verdeel het. Ons het ook nou en dan vir die dominee ‘n vis gegee sodat ons siele, as gevolg van ons streke, nie verlore sou gaan nie. In hierdie tydperk het ek ‘n sewentienjarige leerling laaimeester van Ndabakazi

stasie vir die S.A. Spoorwegpolisie gewerf. So het Pierre van de Venter tot die edele diens van ‘n geregsdienaar toegetree. Hy, Sakkie en ek was weer een Vrydagaand uit op ‘n veediefstal patrollie af see toe. Daar was geen geld vir aas nie en ons moes met flitsligte by die see aas gaan soek het. Meteens het ek iets gesien wat my aangeval het in vlak water tussen die rotse. Gillend het ek na die gedierte gehaak en net daar het ek ‘n reuse seekat uit die water gehaak. Die ding het my met sy reuse lang pote beetgepak en ek het weereens gegil dat my makkers my moes kom help het en ‘n rukkie later was die groot stuk aas dood en gereed om gebruik te word. Ek gril al die jare wanneer ‘n seekat aan my vassuig. Nadat ons een van die reuse pote skoongemaak en gedeeltes daarvan netjies aan ons hoeke gesit het, het ons vanaf ’n rots, wat soos ‘n preekstoel gelyk het, ons lyne diep in die water ingegooi. Ek het kort daarna ‘n pragtige kabeljou van vyf-en-twintig pond uitgetrek. Daar was toe ‘n stormloop van mense na die preekstoel toe. Pierre het geskreeu: “Jislaaik, sersant, maar dis ‘n moewiese vis.” Dit is toe dat ons agtergekom het dat daar ‘n majoor van S.A. Polisiehoofkantoor by ‘n nabygeleë vakansieoord met vakansie was. Net daar het Sakkie vir Pierre beveel om ons as “oom” aan te spreek terwyl ons op die meeste net drie of vier jaar ouer as Pierre was. Ek het die aas aan die hoek nagegaan en gesien dat dit nog perfek was voordat ek tussen die horde mense deurgedring het om ‘n plek op die preekstoel te kry. Ek het gemeen dat dit my goeie reg was want ons was per slot van rekening eerste daar. Ek het toe weer baie diep ingegooi en ‘n rukkie later het ek weer vasgeslaam met ‘n vyftien ponder aan die hoek. Weer het ek dieselfde aas ingegooi. Weer het ek ‘n nege ponder gehaak. Iemand anders het ‘n klein skaamhaai gevang en dit was al wat die res van die hengelaars daardie Vrydag gevang het.
Die volgende aand was ons weer op veediefstal patrollie op pad see toe. Ons het nog baie seekat aas oorgehad, die gety was reg en ons het weer vanaf die preekstoel ingegooi. In die skemerte kon ek sien dat ek ‘n bietjie verder as die ander ouens gegooi het. Daar was ‘n rotslys in die water wat met hoogwater onsigbaar was. Ek het geweet dat ek oor die rotslys moes gooi. Nie lank nie of ek het gevoel hoedat iets my aas opgetel en begin loop het. Ek het hom kans gegee om goed te sluk en toe vasgeslaan. Die geveg was behoorlik aan en na sowat vyftien minute het ek met Sakkie se hulp ’n twee-en-veertig ponder aan land gebring. Daar was ‘n poel water waar ons die vis so lank as moontlik lewendig gehou het. Dit was toe dat die vakansiegangers weer daar aangekom het. Die grootste eer en lof was my toegeswaai met die volgende vraag en antwoord. “*Who caught this monster*?” en iemand antwoord ”*The same bastard who caught the twenty five pounder last night.*” Hierna het ek nog ‘n elf ponder gevang en daarna was ons huis toe. Weer het niemand anders enige vis gevang nie. Die drie kleiner visse was tussen my, Sakkie en die dominee verdeel tewyl die twee knewels aan die hotel verkoop was. Ons het om en by vier Rand vir die vis gekry. Ek en Sakkie het gedink ons was ryk want daardie tyd kon jy ‘n groot skaap in die Transkei vir vyf Rand gekoop het. Vir ‘n hele ruk na die episode moes ek by Sakkie hoor: “Haai, jou *bastard*, jy mag my nie weer wen as ons gaan visvang nie.”
Die meeste vis wat ek, Sakkie en Jimmy oor ‘n naweek gevang het was twee-en-twintig groot kabeljoue. Dit was lekker vis vir die huise en groot besigheid met die Masonic wat ons later tien sent per pond begin betaal het. Ten slotte wil ek sê dat ek, Jimmy Alberts en Sakkie van der Merwe na ons aftrede by ons ou viswaters in die Transkei ‘n reunie gehou het. Ons het by die Wavecrest Hotel, naby die veelbesproke preekstoel, vir ongeveer ‘n week lekker vis gevang. Hierdie keer het ons darem genoeg geld gehad om onsself gate uit te geniet. Ek het hulle gebel en van hierdie vertellings ingelig waartydens hulle lekker gelag het en vele ander stories voorgestel het wat behoort vertel te word. Beide die vriende gee glad nie om dat hulle name genoem word nie. Hulle sê dat indien iemand hulle sou nader en begin ondervra, hulle alles sal ontken en byvoeg dat ek mal is. Ek sou natuurlik heelhartig met hulle saamstem.
(Ronnie Coetzee)

**Sondagmiddag hoender vangery.**
Een Sondag het ons middagdiens by die Goedereloods verrig. Daar was vier loodse wat elk in twee rondtes verdeel was. In elke loods was twee konstabels gepos. Ons was verbied om ons rondte te verlaat en in die ander helfte van die loods te gaan waar die twee rondtes aan

mekaar gegrens het. Dit was ook verbode om daar met mekaar te staan en gesels het. Teen vieruur namiddag het ek gesien dat konstabel Geldenhuys na my aangestap gekom het. Hy was buite die gebied wat hy moes patrolleer en agter hom het sersant Aspeling aangestap gekom. Voordat ek Geldenhuys van sy teenwoordigheid kon waarsku, was sersant Aspeling by ons. Hy wou toe by Geldenhuys weet waarom hy sy rondte verlaat het. In daardie deel van Geldenhuys se rondte het daar ŉ krat met vier-en-twintig hoenders gestaan. Sersant Aspeling het ons twee beveel om die hoenders uit die krat te gooi waarop hy vir Geldenhuys opdrag gegee het om al die hoenders te vang en weer in die krat terug te plaas. Ek was opdrag gegee om nie vir Geldenhuys te help nie. Geldenhuys het hom flou agter die hoenders aan gehardloop om hulle te vang, eers in volle uniform, later sonder sy tuniek baadjie, later net in sy onderbroek en teen agtuur die aand was al die hoenders weer in die hok.
(Andries Gouws)

**Onwelkome slaapmaat.**
Die speurder op Kaapmuiden, sersant Japie Smit, het my soms gevra om hom te vergesel wanneer hy op die seksie uitgegaan het. In een geval was daar ŉ groot hoeveelheid trokseile tussen Legogote en Hoedspruit gesteel. Ek en konstabel Ephraim Ndubane het Oom Japie met die *Chev* bakkie, wat vir die vervoer van die honde ingerig was, na Hoedspruit stasie vergesel. Daar was ŉ ruskamp wat ons as basis vir die ondersoek gebruik het. Teenaan die stasie was daar ŉ hoë draadheining maar ek was nie daarvan bewus dat dit die Krugerwildtuin se heining was nie. Ons het die dag rondgery op soek na die trokseile en die aand het Oom Japie vir ons ŉ heerlike potjie aanmekaar geslaan. Ons het laat die aand gaan slaap na al die staaltjies en stories wat Oom Japie vertel het. Ek het voor in die *Chev* bakkie met my slaapsak gaan slaap met my hond Rex agter in die vangwa. Oom Japie het in die ruskamer geslaap en die twee konstabels, Dike Mogiba en Ephraim Ndubane, het in Oom Japie se *Ford* motor gaan slaap. Ongeveer vier uur die oggend het ek wakker geword van ŉ gebrul en Rex se geblaf. Ek het by die *Chev* se venster uitgekyk en konstabel Dike het met sy vinger na die heining gewys. Tot my verbasing het ek gesien hoe ŉ leeuwyfie deur die heining na binne die wildtuin geklim het waar ŉ groot leeumannetjie op haar gewag het. Die volgende oomblik het ek vir Oom Japie gehoor gil en skel vanuit die ruskamer waar hy gelê en slaap het. Toe dit lig was en Oom Japie uit die ruskamer gekom het, het hy vertel wat gebeur het. Terwyl hy rustig gelê en slaap het, het hy gevoel dat sy kampbedjie gekantel het en iemand, wat swaar asem gehaal het, het by hom ingekruip. Dit was toe al die tyd Ephraim wat, toe hy die leeu gehoor brul en die leeuwyfie deur die geparkeerde voertuie sien loop het, opgevlieg het en na die ruskamer gehardloop en probeer het om onder Oom Japie sy opvoubedjie in te kruip. In die proses het Oom Japie amper van sy bedjie afgeval. Ephraim het, met sy hart wat in sy keel geklop het, na die *Ford* motor waar hy geslaap het, teruggesluip.
(Pieter Swanepoel)

**Die offisier sonder aanstellingsertifikaat.**
Die aanklagtekantoor op Warrenton stasie was net bedags oop gewees. Na ure was daar net ŉ swart lid aan diens wat die voorvalleboek op datum gehou het en oopgesluit het wanneer ŉ lid van die publiek ŉ klagte wou indien. 'n Senior offisier van Hoofkantoor het na ure ŉ besoek by die stasie afgelê. Die lid was op daardie stadium by die aanklagtekantoor toe die offisier daar opgedaag het. Toe die offisier sy besoek aan die stasie in die voorvalleboek wou aanteken, vra die lid hom om sy aanstellingsertifikaat aan hom te toon. Tot die offisier se verleentheid het hy nie sy aanstellingsertifikaat by hom gehad nie. Die lid weier volstrek om die kantoor oop te sluit en die voorvalleboek aan hom te oorhandig. Hy verduidelik sy besluit aan die offisier deur te sê dat hy nie die offisier ken en derhalwe sal hy nie die kantoor vir hom oopsluit om in die voorvalleboek te skryf nie. Daar ontstaan toe 'n argument, maar die lid weier steeds. Die offisier sê toe hy moet die Posbevelvoerder , sersant Eilers, bel en dié kom toe daar aan. Sersant Eihlers lig die lid in wie die offisier is wat die stasie wil besoek. Die lid hou vol dat die offisier hom nie kan identifiseer nie, en toe sê hy: "Nou hoe moet ek ken hy's nie 'n *shunter* of wat of wat nie"?
(Elsabe van Vuuren)

**Oom, waar is die stasie?**
Ek het as rekruut in Kaapstad by die Mag aangesluit. Die lang verwagte tyd het aangebreek en ons moes Esselenpark toe om ons opleiding as polisievroue te ontvang. Elkeen van ons het ŉ vrypas ontvang en was opdrag gegee om met ons aankoms te Johannesburg stasie by Hoofkantoor aan te meld. Soos jy weet, ons *Capies* ken nie Johannesburg nie. Met aankoms te Johannesburg stap ons van die trein en word oorweldig deur die grootte van die stasie. Ons maal rond soos ŉ trop skape met ons spul bagasie, op soek na ŉ uitgang. Waar in die grote stad sal die ATKV gebou, waar die Spoorwegpolisie se Hoofkantoor was, tog wees? Hier staan ons verlore en vreemd in die binneplein van die stasie en ons het nie ŉ idée waarheen nou nie. Gelukkig was ons in siviele drag geklee en kon ons by die publiek verneem waar die ATKV gebou was. Die publiek was baie vriendelik en ons het sonder moeite die pad na die ATKV gebou gevind. Nadat die formaliteite by Hoofkantoor afgehandel was, het ons weer die pad na die stasie met al ons bagasie aangedurf. Nou met ŉ stedelik trein na Kaalfontein. Met aankoms te Kaalfontein sukkel ons weer met al ons bagasie oor die treinbrug na die bus wat ons na die Kollege sal neem. Terwyl ek met my opleiding in die Kollege besig was, het ek agttien jaar oud geword. Vir enige rekruut was dit ŉ besondere mylpaal in sy of haar polisie loopbaan. Netjies geklee in my uniform was ŉ vrypas in my hand gestop met die opdrag om by Hoofkantoor in Johannesburg te gaan aanmeld. Vandag word ek as ŉ volwaardige polisievrou ingesweer. Die opgewondenheid was groot en dit om drie redes.
Eerstens gaan ek nou ŉ volwaardige polisievrou word, tweedens, ek spring die dril en liggaamsoefeninge periodes vry en, derdens, ek gaan die groot stad Johannesburg verken. Dit was ŉ groot oomblik in my lewe toe ek die eed afgelê het om die Republiek en al sy mense tot die beste van my vermoë te dien. Nadat die inswering formaliteite afgehandel was het ek die geleentheid benut om te kyk hoe Johannesburg stasie aan die buitekant lyk. Ek het geloop en toe ek weer kyk, besef ek dat ek nie die vaagste benul gehad het waar die stasie was nie. Nou pak die angs van verdwaal my beet. Gelukkig staan daar toe ŉ oom langs my wat op die oog af gelyk het of hy gaaf kan wees. Ewe ordentlik vra ek hom of hy my dalk kan verduidelik waar die stasie is. Die man kyk my skeef aan en antwoord ewe sarkasties: "Dink jy ek is onnosel? Jy't dan ŉ RP op jou skouer en nou wil jy vir my vra waar die stasie is." Ek was so verleë oor sy opmerking dat ek onmiddellik begin aanstap het. Ek besef toe dat ek mos nou ŉ polisievrou is en nou moet ek soos een optree. Ek kies rigting en daar gaan ek. Na ŉ paar draaie het ek wel by die stasie uitgekom. Nou loop ek met dié ondervinding in my binneste, maar kan dit met niemand deel nie. Daardie tyd was ek te bang om iemand te vertel dat ek na die inswering eers ŉ draai in die stad gaan stap het. Ek was ook te skaam om te vertel dat ek verdwaal het.
(Amanda van Rensburg)

**Die sersant ruik na nat hond.**
Ek het in Desember 1973 in Johannesburg by die Mag as ŉ rekruut aangesluit. Soos met die meeste rekrute het ek by Hoofkantoor in die ATKV gebou begin werk totdat ek as konstabel geattesteer het. Pas uit die skool, met die grootmens wêreld aan my voete, was ek maar baie naïef en ywerig om slim te raak. Alles het ek soos ŉ spons opgesuig. Almal het dan soveel ervaring gehad wat jy by hulle kon opdoen en hulle het oor so baie wyshede beskik. Aangesien my pa ook ŉ lid van die Spoorwegpolisie was, het ek geweet wat dit beteken het om ander met groot respek en agting te bejeën. My direkte toesighouer was sersant Meyer. As ek reg kan onthou was ons op die 6de vloer, by die afdeling Uitvoerend. ŉ Voorval wat by my as ŉ jong rekruut vasgesteek het, was toe sersant Meyer een reënerige dag, tydens etenstyd, gou sake in die stad gaan doen het. Op pad terug na die kantoor het hy sopnat gereent. Sy tuniek was deurweek. Toe hy by die bus terminus verby gestap het, het ŉ persoon wat van voor aangestap gekom het in die verbygaan die opmerking gemaak dat hy na ŉ nat hond geruik het. Sersant Meyer het toe so in die stap omgeswaai en het die man met een hou platgeslaan teen die grond en doodluiters aangestap asof dit die mees alledaagse gebeurtenis was. Van daardie dag af bly die woorde dat sersant Meyer met sy nat tuniek soos ŉ nat hond ruik, in my kop vassteek. Die ander dag toe my hond nat was, en ek sê sy

ruik soos ’n nat tuniek, moes ek eers aan my vrou verduidelik wat dit beteken het en waar die gesegde vandaan gekom het.
(Thys Du Plessis)

**Toets apparaat.**
Wietsche Fourie was die Streekoffisier op Upington. Afgesien van sy offisiersrang, was hy iemand om rekening mee te hou. Hy het geglo dat jy die lewe en die werk nie te ernstig moes opneem nie. Daar moes ruimte vir humor wees wanneer die geleentheid hom voorgedoen het. Die Posbevelvoerder, adjudant offisier Kok, was aan die ander kant weer ŉ ernstige mens gewees wat die lewe en sy werk baie ernstig opgeneem het. Daarom was dit nie vreemd dat Kok met feitlik elke inspeksie ŉ skoon inspeksieverslag ontvang het nie. Wietsche het sonde met die buurt se honde gehad. Snags het die honde rondgeloop en al wat ŉ asdrom was omgekeer. Niks krap jou dag so om soos wanneer jy soggens op pad werk toe is, en die erf lê met vullis gestrooi wat uit die asdrom afkomstig was nie. ŉ Plan moes gemaak word. Wietsche laat maak toe vir hom ŉ apparaat wat die honde van hulle laakbare gewoontes sou laat afsien het. Soos wat dit ŉ goeie offisier betaam het, moes die toestel eers getoets word om die effektiwiteit daarvan te bepaal. Wietsche het my na sy kantoor ontbied waar ons koppe bymekaar gesit het rakende hoe ons die apparaat sou toets. Die eerste vraag was egter wie as die proefkonyn sou optree. Op daardie stadium het vroue konstabel, Betsie Emmenes, op Upington afgelos. Ons besluit gesamentlik dat sy die mees geskikte kandidaat was op wie ons die effektiwiteit van die apparaat kon toets. So gesê, so gedaan.
Wietsche se kantoor was die mees geskikte plek waar die toetsing kon plaasgevind het. Die apparaat het beskik oor twee elektriese drade en ŉ toestelletjie wat elektrisiteit opgewek het wanneer die slinger gedraai was. Die kantoordeur was gesluit en die sleutel van die Yale was aan die buitekant van die deur in die slot gesteek en daar gelos. Aan die binnekant van die kantoor was die een draad aan die deur se handvatsel geheg en die tweede draad aan die Yale slot. Ek het vir Betsie vanuit Wietsche se kantoor geskakel en baie ernstig gesê dat sy asseblief in Wietsche se kantoor moes gaan kyk het vir sy tik masjien waarna sy dit na die Goedereloods moes bring waar ons ŉ verklaring wou afneem. Sy moes gou maak want dit was baie dringend. Skaars was die telefoon terug op die mik gesit of ons het haar gehoor in die gang afkom. Aan haar voetstappe kon ons gehoor het dat sy haastig was. Ons het in afwagting in Wietsche se kantoor gereed gesit om die slinger te draai. Toe sy die sleutel gedraai en aan die handvatsel gevat het om die deur oop te maak, was die slinger ŉ paar draaie gegee. Bloedstollende gille het die gang af geweergalm. Die eerste gedagte wat by ons opgekom het was dat die apparaat wel gewerk het. Te oordeel aan die angskrete, het dit geblyk dat die apparaat baie effektief was. Dit was nie lank nie, of Kok en die ander polisiemanne het nader gestorm om te bepaal wat gebeur het. Dit het immers ernstig geklink.
Kok was nie baie beïndruk met ons proefneming nie. Ek en Wietsche was senior lede en ons het ons, volgens hom, soos juniors gedra. Die verrassing en skok was so groot dat Betsie genoodsaak was om huis toe te gaan sodat sy ander klere kon gaan aantrek het. Betsie, ek en Wietsche het daardie dag mooi omverskoning gevra, maar by hierdié geleentheid, in die teenwoordigheid van al die lesers, wil ek weer vra, vergewe ons?
(Apie van Lill)

**Voedsel vergiftiging.**
Ek vrek oor ŉ *pepper steak* pastei. Ek het ou *Vice-grip* die arbeider gereeld gestuur om vir my een by die stasie kafee te gaan koop, tot eendag wat ek die nag wakker geword met ŉ helse maagpyn. Ek en my vrou was pas getroud. Teen vier uur die oggend het ek haar wakker gemaak en gevra wat sy gedink het fout kon wees. Sy het nie geweet wat met my aan die gang was nie en sy het my ook laat verstaan dat sy my ook nie kon help nie. Die pyn was ondraaglik en ek het uit radeloosheid my ma in Alberton gebel. Sy het gevra wat ek alles die vorige dag geëet het. Ek het genoem van die pasteie en sy het gesê dit moes verseker die pasteie gewees het. Al raad wat sy vir my gehad het was dat ek later die dag die dokter moes gaan spreek het. Ek het dit toe gedoen en na ŉ paar dae was ek reg en terug by die werk. Later die oggend het ek self na die stasie kafee gestap en die eienaar gevra waarom hy sulke

ou pasteie verkoop het. Hy wou nog stry toe ek hom van my pyne en die dokter se bevinding vertel het. Ek het hom gewaarsku dat, indien hy ooit weer vir *Vice-grip* ʼn vrot pastei gegee het, ek hom persoonlik in sy kafee sou kom donner het. Daar was nog mense in die kafee, maar ek onthou spesifiek ʼn rytuigondersoeker wat uit die kafee gehardloop het toe ek so met die Porra of Griek aangegaan het. Ek het nooit weer ʼn slegte pastei gekry nie. Wanneer die eienaar gedink het dat die pasteie dalk te oud vir my was, het hy *Vice-grip* met leë hande teruggestuur.
In die tyd het die Kerkraad my as diaken verkies en die dominee het gesê dat daar baie Hervormers in die *Rail* was, dis nou die Spoorweghuise rondom die stasie, maar hulle het al tred met die mense verloor. Die eerste maand was dit net my gesin se bydrae wat inbetaal was. Ek het toe angstig begin navrae doen oor die ander lidmate. Op die ou end was die wyk so groot dat ek twee aande nodig gehad het om almal te besoek. Die *Shoot* (Rekreasie klub) was in die middel van my wyk geleë. Ek het huisbesoek gedoen by die een wyk en dan by die *Shoot* aangegaan vir ʼn drankie. Die volgende aand het ek die ander wyk besoek en daarna weer die *Shoot* ondersteun. So gebeur dit toe dat ek een aand weer ʼn nuwe lidmaat tuis gaan besoek het en hy gevra het of ek kleingeld vir vyf Rand gehad het. Ek het ja gesê en daarmee het hy my twee Rand gegee as sy maandelikse bydrae vir die kerk. Nadat ek by sy huis geloop het, het ek na die *Shoot* toe gestap. Toe ek in die kroeg by die toonbank gaan sit het, het ek gesien dat die "twee Rand mannetjie" ook daar gesit het. Ons het toe begin gesels en ek het vir hom gesê dat, as hy daar geld kon uitgegee het, kon hy darem seker ʼn bietjie meer vir die kerk gegee het. Hy stem toe in om meer by te dra wat hy toe ook gedoen het.
Tydens die gesprek het hy uitgekom met die storie van die pasteie. Hy het gesê dat hy gedink het dat die polisieman die Porra sou gedonner het en hy wou nie teen hom gaan getuig het nie en daarom het hy uit die kafee gehardloop toe ek die Porra gedreig het. Dit was toe al die tyd hy wat uit die stasie kafee padgegee het.
(Thinus Lotz)

**Kaapse Engels en wyshede.**
Ek en Chris Fourie soek op ʼn dag na ʼn beskuldigde in Athlone, uitbreiding Bokmakierie, wat nie by die hof vir sy verhoor opgedaag het nie. Ons ry na sy huis maar elke keer wanneer ons daar aangekom het, sweer sy ouma, wat daar bly, dat hy nie tuis is nie. Elke keer wat ons die huis deursoek het, was hy nie daar nie. Nie lank daarna nie, bel die informant en sê: "Meneer, die man is by die huis." Daar word na die huis gejaag net om te vind dat hy nie tuis is nie. Elke keer wat ons daar gekom het was dit die selfde storie van ouma: "Ek het hom laas voor sy saak gesien." Hierdie keer verander ons die taktiek ʼn bietjie. Ons ry om die blok en keer onverwags terug na die huis. Die huis se voordeur en agterdeur was in lyn met die sitkamer by die eerste deur links. Net toe ons die huis instap, kom ouma uit die sitkamer in die gang af gestap met Johnnie na wie ons soek wat doodluiters by die agterdeur ingestap kom. Toe ouma vir Johnnie sien, reageer sy eerste, en dit nogal in half Engels met ʼn Kaapse klankie: "Johnnie, *where comes you vandaan, on the stoepie gestan"*? Die lag vir die hoge Engels en arrestasie van Johnnie was ook een beweging.
Wysheid was daar ook baie. So staan ons een aand met ʼn ou Kleurling man en gesels oor al die onheil wat die ou mensdom aanvang en niemand weet daarvan nie. As die mense gevang word, kan niemand dan glo dat sus of so by sulke dade betrokke was nie. Die gesprek raak toe ernstig. Daar word filosofies gepraat oor die verantwoording wat elkeen van ons eendag voor die Here sal moet doen. Ewe ernstig *reply* die ou wyse man: "Ja, OB, as die oubaas Here gee dat die son een nag twaalf uur skyn, sal jy baie mense sien hardloop."
(Douw Vermeulen)

**Edgars "Rooihanger" uitverkoping.**
Toe ek nog in Culemborg by Hoofkantoor gewerk het, was daar net twee vroue offisiere, Hedwig en Sarie. Eendag het ons gewaar dat *Edgars* 'n groot "*redhanger*" uitverkoping aan die gang gehad het, maar die probleem was dat Culemborg ver van enige *Edgars* af was. Gevolglik moes jy omtrent jou hele etenstyd soontoe geloop het en teen die tyd dat jy eendag daar aangekom het, was die meeste goed al uitverkoop. Hedwig het by my kantoor ingekom

en vir Bokkie Niewoudt gevra of ek 'n koevert by die Paul Sauer vir haar kon gaan afgee het. Toe ek buite gekom en die koevert oopgemaak het, was dit haar *Edgars* kaartjie en 'n toestemmingsbrief dat ek op haar rekening kon koop. Ek het al ons "*redhange*r" inkopies gaan doen, teruggekom en die inkopie sakke net by haar kantoordeur ingegooi en na my kantoor geloop. Sy het later kom dankie sê. Die offisier by wie se kantoor ek die sogenaamde koevert moes gaan aflewer het, se sekretaresse het vir Bokkie gebel om dankie te sê vir die "koevert" wat ek afgelewer het. Dit is mos hoe 'n offisier dinge moet reël.
(Emmie Gunter)

**Polisie huwelike.**
Gedurende 1959 was die huwelik in die S.A. Spoorwegpolisie 'n baie belangrike saak. Wanneer 'n lid van die Mag in die huwelik wou tree, moes hy eers spesiale toestemming van Hoofkantoor verkry het, alvorens hy in die huwelik kon tree. Ek moes twee getuigskrifte van my verloofde asook 'n afskrif van haar geboortesertifikaat saam met die aansoek ingestuur het. Sy was op daardie stadium nie baie beïndruk met die Mag se reëls aangaande die aansoek nie. Nadat die dokumente ingehandig was, moes ek voor 'n offisier verskyn het wat 'n aanbeveling in die verband gemaak het. Tydens die onderhoud moes ek die offisier oortuig dat ek finansieel in staat was om 'n vrou te kon onderhou en dat my toekomstige vrou nie 'n verleentheid vir die Mag sou wees nie. Wanneer die offisier tevrede was, was jou aansoek om in die huwelik te tree, goedgekeur. Daardie jare was dit baie algemeen dat die lede 'n Polisie troue verkies het. Dit is wanneer die lid in sy uniform trou en sy kollegas met .303 gewere met gevelde bajonette 'n erewag by die uitgang van die kerk gevorm het waardeur die bruidspaar gestap het. Ek en my verloofde het ook op 'n Polisie troue besluit. Ek moet sê dat die offisier wat die aansoek goedgekeur het, het 'n baie goeie keuse uitgeoefen siende dat ek al twee-en-vyftig jaar met die vrou getroud is waarvoor ek aansoek moes gedoen het.
(Gert Swanepoel)

**Die wiegende Kewer.**
Op Jan Smuts-lughawe was 'n sersant Prinsloo met die bynaam van Swaer omdat hy almal so aangespreek het. Hy het graag op nagskof met sy silwer flitslig in al die voertuie wat in die parkeerarea parkeer was, gelig. Een aand was ek by Parkering gepos. Die rondte was in die omgewing van die *Holiday Inn* hotel wat naby die lughawe was. Hy het my besoek en gesê dat ek saam met hom deur die parkeerarea moes loop. Dit is toe dat ek gesien het dat hy met sy flitslig by elke geparkeerde voertuig ingeskyn het. Ek was nogal skrikkerig vir dié affêre want ek het nie geweet wat ons te wagte kon wees nie. Ons het toe by 'n *Volkswagen* Kewer gekom waarvan die ruite erg toegewasem was. Toe hy daarin geskyn het, was die twee insittendes van die Kewer besig, en dit was nie om te gesels nie; stoei sou miskien 'n beter beskrywing gewees het. Sersant Swaer wou by hulle geweet het waarmee hulle besig was. Die vrou het oor die skouer van die man geloer en net gesê: "Gaan weg, ek is 'n verpleegster en ons vier net ons verlowing." Die gestoei het onverpoosd voortgegaan en die man het nie eers sy kop opgelig nie. Nog 'n eerste vir die plattelandse meisie in die groot stad.
(Elsabé van Vuuren)

**Die langpad Kimberley toe.**
Tom Meintjies was die motorbestuurder van kaptein Connoway wanneer hy besoeke aan die stasies gebring het. Met hulle aankoms te Klerksdorp vanaf Kimberley, was dit Tom se verantwoordelikheid om die knope en rangkentekens van kaptein Connoway se uniform skoon te maak voordat hy die volgende oggend sy uniform aangetrek het. Dit was toe dat Tom besluit het om die kaptein se uniform aan te trek en die lede aan diens te gaan besoek. Tom was nou 'n moeilike "kaptein", hy het elle lange inskrywings in die lede se sakboekies gemaak en hy het hulle uitgeskel soos net 'n kaptein dit kon doen. Die volgende dag, toe die Posbevelvoerder die lede van die nagskof se sakboekies nagesien het, het hy agtergekom dat die "kaptein" die lede reeds die vorige aand op hulle rondtes besoek het. Toe kaptein Connoway daarvan te hore gekom het, was die gort behoorlik gaar en Tom het les opgesê. Waar kon hy as konstabel, kaptein wou speel?

Een nag het kaptein Connoway weer die lede te Klerksdorp besoek. Hy het lus gehad vir koffie, maar die kafee was reeds toe. Connoway was bewus dat Swannie koffie in sy sluitkas gehad het vir sy eie gebruik. Wat Connoway nie geweet het nie, was dat Swannie agtergekom het dat sy kollegas die koffie in sy sluitkas gesteel het. Swannie het die koffie en suiker, klaar gemeng, in 'n konfytbottel gebêre. Hy het besluit om 'n einde aan die diefstal te maak en het die koffie en suiker met 'n goeie dosis Janlap gemeng. Tom het opdrag van Connoway gekry om Swannie se bottel met die koffiemengsel nader te trek sodat hulle koffie kon maak. Tom en kaptein Connoway het, voordat hulle Klerksdorp verlaat het, minstens twee koppies van Swannie se koffie gedrink. Volgens hulle reisplan, moes hulle die volgende dag in Kimberley gewees het. Laat die middag het die Bevelvoerende offisier gebel om uit te vind wat van kaptein Connoway en Tom geword het. Hulle het nie soos beplan die dag by Kimberley uitgekom nie. Later het Tom ons ingelig dat, voordat hy die motor in tweede rat kon kry, het Connoway geskreeu dat hy moes stilhou en dat hy die pad veld toe gevat het. Net wanneer hulle weer aan die gang was, was dit weer Tom se beurt om te hardloop. Eers teen laat middag het kaptein Connoway en Tom Meintjies bleek en kragteloos in Kimberley gearriveer.
(Jan Vorster)

**Die Britse taal darem.**
Magsorder het bepaal dat inskrywings in alle registers, een maand in Afrikaans en die volgende maand in Engels gemaak moes word. Die Engelse taal was vir baie lede van die Mag, wat nie in Natal grootgeword het nie, 'n turksvy. Die inskrywings in die voorvalleboek het nogal vir baie humoristiese oomblikke gesorg. Op nagskof, wanneer dit soms baie stil en vervelig geword het, het die manne by die aanklagtekantoor vir 'n koppie koffie bymekaar gekom. Die ou voorvalleboeke was dan nader gesleep en die inskrywings was gelees. Twee inskrywings wat baie komies was, kan ek nog goed onthou. Die opskrif in die voorvalleboek was: DEAD MAN FOUND. *Constable Gerber found dead man between railway tracks. Dead man very dead.* Later was vasgestel dat die man nie dood nie, maar baie dronk was. Hy was 'n matroos. Daar moes nou 'n volgende inskrywing tot dié effek gemaak word wat na die oorspronklike inskrywing kruisverwys het. DEAD MAN DEAD. *Constable Gerber reports the dead man is no longer dead, but very drunk*. 'n Ander inskrywing was. PIG IN CRATE. *Shame pig cannot stand easy, crate too small*.
(Jan Vorster)

**Die Minister en die blond.**
Sowat 'n jaar voor die samesmelting van die S.A.Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie, het lede van die S.A.Spoorwegpolisie en die Reaksie eenheid van die S.A. Polisie by die C.R. Swart Plein in Durban gesamentlik in operasies opgetree. Die eenheid was verantwoordelik vir die beskermingsdienste toe die Nasionale Party in 1986, ten tye van die P.W. Botha era, hul kongres in Durban gehou het. Die kongres het vir ongeveer 'n week geduur. Gedurende die tydperk het ons in 'n pak klere gewerk. Geen uniforms was toegelaat nie. Ons was baie trots omdat ons gekies was om die belangrike taak te verrig. Dit was ook nie vreemd dat ons onsself met die lede van die FBI vergelyk het vir die tydperk wat ons dienste in die Maharani en Elangeni hotelle verrig het nie. Daar het ek die geleentheid gehad om mnr. Pik Botha en wyle minister Hendrik Schoeman persoonlik te ontmoet en hulle blad te skud. Vir 'n junior konstabel was dit 'n baie groot en besondere geleentheid.
Een spesifieke aand, nadat die ministers lekker in die sitkamer van die Maharani Hotel gekuier het, moes ons hulle, soos elke ander aand, na hul kamers begelei het. Ek en 'n kollega het vir minister Kent Durr, sy gade, en vir minister Hendrik Schoeman vanaf die sitkamer na die hysbak begelei. Minister Schoeman was soos altyd ietwat luidrugtig en almal het vir sy manewales gelag. Toe ons binne in die hysbak was, het hy voor minister Durr en sy vrou afgehaak en gesê: "Al wat ek nou soek is 'n bed, 'n bottel en 'n blond." Nodeloos om te sê dat ons almal lekker gelag het. Daar het ek opnuut besef dat ministers ook maar net gewone mense is. Ek dink dat, as sy vrou by was, sou hy dalk nie so braaf gewees het om dit kwyt te raak nie.
(Johan Marais)

**Slim vang sy baas.**

Soms was die dae op Nelspruit maar bra stil. Dan het die manne in een van die kollegas se kantore bymekaar gekom en oor ditjies en datjies gesels. Op een van dié dae, sit luitenant Fanie van Jaarsveld, wat die Veiligheidsoffisier was, adjudant offisier Japie Smit en ek in adjudant offisier Eddie Smit, die Posbevelvoerder, se kantoor. Eddie Smit was nie in sy kantoor nie en die gesprek tussen die drie van ons het oor springstof en bomme gegaan. Luitenant van Jaarsveld en adjudant Japie Smit was beide opgeleide springstof deskundiges. Terwyl die gesprek oor die onderwerp gegaan het, besluit luitenant Van Jaarsveld dat dit tyd was dat hy en Japie hulle kennis oor die onderwerp prakties aan Eddie moes demonstreer. Die twee manne besluit toe dat Eddie se stoel die ideale voorwerp was waarop hulle hul kennis prakties kon demonstreer. 'n Ligte mengsel was in die plastiese omhulsel van 'n elektriese lontkoppie geplaas en onderaan Eddie se stoel gekoppel. Die "bom" was net klaar gestel toe Eddie sy kantoor binnegestap het. Die drie van ons het gestaan en gesels en gemaak asof daar niks onheiligs aan die gang was nie. Eddie moes nou net gaan sit en dan kom die groot sports.

So raak Fanie en Eddie aan die gesels. Die gesprek raak ernstig en so beweeg Fanie al nader aan Eddie se tafel en sy stoel wat "*gebooby trap*" was. Ek en Japie bekyk die ding so, maar kan mos uit die aard van die saak niks sê nie. Die volgende oomblik gaan sit Fanie van Jaarsveld op Eddie se stoel wat hy 'n rukkie gelede in 'n "bom" verander het. 'n Moerse slag volg en hy val amper agteroor. Sy bene word aan die hitte van die detonasie blootgestel. Nou was dit nie net sy bene wat rooi was nie, daar staan hy rooi in die gesig met 'n verbysterde uitdrukking van wat de hel het dan nou gebeur? Eddie staan verstom oor wat nou net in sy kantoor gebeur het. Nadat ons ore na die harde slag na normaal teruggekeer het, kon ons lekker vir die "bomsteller", wat deur sy eie "bom" gevang was, lag. Hoe lui die spreekwoord nou weer? - "Slim vang sy baas."

(Leon Henning)

**Die vleeslose dief.**

Oos Londen stasie, die hawe en die Ben Schoeman-lughawe was vanaf Oos Londen stasie gepolisieer. Omdat die wyksersant gedurende die nagskof redelik bedrywig was, was lede op parade opdrag gegee om op gegewe tye op spesifieke punte te wees. Konstabel *Fires* van Vuuren was op rondte een in die hawe gepos met die opdrag om elke uur op die uur 'n punt by die hoofhek van die hawe te maak. Om ongeveer tien voor twaalf die nag daag ek by die punt op om vir Fires te besoek. Hy was toe nog nie daar nie maar aan die anderkant van die verkoeler gewaar ek in die flou lig iemand wat heen en weer vanaf die Goedereloods loop. Dit was mos by hierdie loods waar gereelde inbrake plaasgevind het, het ek by myself gedink. "Vannag is die nag wat ek die inbreker arresteer", het ek vir myself gesê en daar trek ek. Toe ek by die plek kom waar ek die inbreker gewaar het, was daar niks. Geen teken van enige persoon in die omgewing nie. Op die loods se perron pak 'n doodse vrees my, my bewegings raak al stadiger en my asemhaling al vinniger. Ek maak dat ek by die hawehek kom waar Fires sy uur punt moet maak. Toe Fires daar opdaag, vra ek of hy ook die verdagte by die loods gesien het, waarop hy 'n snedige glimlag op sy gesig kry. "Ou *sarge*, weet jy dan nie van hom nie"?, vra hy asof hy onder die indruk was dat ek ook geweet het wat snags daar gebeur. Eers toe vertel hy my wat aan die gang was. 'n Rangeerder was jare gelede daar deur 'n trein getref en hy het op die toneel beswyk. Dit is hy wat snags daar rondloop.

(Pierre Jonker).

**Lolo en die "*tyre lever*".**

Ek, Lolo Petzer en 'n hele paar ander polisiemanne het een nag laat vanaf Oos Londen na Kingwilliamstown gegaan om 'n gewapende rower vas te trek. Ons beriggewer het ons na die huis in een van die woonbuurtes geneem en 'n sekere kamer aan ons uitgewys. Ons was tot die tande toe bewapen en het die huis omsingel. Ons het ongelukkig 'n bloutjie geloop met die arrestasie en het teruggekeer na Oos Londen. Omdat ek aan die westekant van die Buffelsrivier gewoon het, het ek en Lolo met die Mount Coke pad terug gery. Onderweg het ons 'n duiker opgemerk waarna Lolo gestop, flits uitgepluk en dringend gefluister het: "Skiet

hom. Skiet hom, kaptein." Ek het 'n HMK by my gehad en het vinnig aangelê oor die dak. Die skoot het geloop en die bok het op die plek neergeval. Lolo het uitgespring en gehardloop na die bok en hom aan die agterpote gegryp. Die dier was vinnig na die kar gesleep en in die kattebak gegooi. Dit was toe dat ons agter gekom het dat ons reg langs strooihuise was want honde het hewig geblaf en tekere gegaan. Xhosa stemme het ook opgeklink en ons het gemaak dat ons daar weggekom het. By my huis aangekom, het ons onder 'n boom gestop wat in diep, donker skaduwees gehul was. Ons het die bak oopgemaak om darem die bok te aanskou voordat Lolo met hom vertrek het. Die duiker het daar uitgevlieg en gelaat nael. Lolo het hom soos n wafferse Mannetjies Roux platgeduik; reg onder die straatlig. Gillend het die bok geblêr. Ons was nou behoorlik senuagtig. Ek het die bok gegryp om hom te verwurg sodat hy nie verder geraas kon maak nie. Ek het die bok terug gesleep skaduwee toe terwyl Lolo na die oop kattebak gehardloop het. Sy volgende woorde was: "Pas op, kaptein, ek het die *tyre lever.*" Hy het te hard gepraat en ek het hom fluisterend aangespreek met: "Shhhhh. Shhhhhhh." Dit was toe ook net op daardie oomblik dat die bure se ligte begin aankom het. Die bok het steeds waansinnig geskree en Lolo het met die *tyre lever* afgehaak en het vier van my linkerhand se vingers byna afgeslaan. Gelukkig het die bok se kop die meeste van die hou geabsorbeer en hy was toe uiteindelik bokveld toe (geen woordspeling bedoel nie). Bok was in die kattebak en Lolo was daar weg. Voordat hy gery het, kon ek nog vir hom gefluister het: "Jou bliksem, jy het my hand gebreek." Al wat hy met 'n glimlag op sy gesig kon terug gefluister het, was: "*Sorry* kaptein." Ek het onder 'n bos geskuil totdat al die bure se ligte weer afgeskakel was en het stilletjies by my huis ingesluip. Gelukkig het geeneen van die bure navraag oor die aangeleentheid gedoen nie. Ons was egter reg met 'n antwoord: "Daar was 'n mal bekuldigde in die voertuig". Albei die bok se horings was naby sy kop afgeskiet en hy was vir 'n tydlank net katswink.
(Ronnie Coetzee)

**Toebroodjies op die kop.**
In my beginjare in die Mag het ons nog die swart uniforms met die wit helmets gedra. Dit was altyd vir my 'n eer en voorreg om met die uniform diens op Johannesburg stasie te doen. Wyksersante P.A. Schutte en T.G. Opperman was moeilike manne wat nie nonsens geduld het nie. Ek het by tannie Joubert se losieshuis geloseer. Wanneer jy middagskof gewerk het, het jy 'n pakkie toebroodjies as middagete gekry. Nadat jy geparadeer en gepos was en jy na jou rondte gestap het, was dit ongeoorloof om met jou pakkie toebroodjies in jou hand in die publiek te stap. Jy het dan jou toebroodjies op jou kop onder die helmet geplaas en so met dit gestap totdat dit tyd was om dit te eet. Wanneer jy ná tien in die aand by die losieshuis aangekom het, het die ander loseerders jou kos opgeëet en dan moes jy maar honger gaan slaap het. Kla het ook nie gehelp nie.
(Gert Swanepoel)

**Koning Leeu en die *sarge.***
Cookhouse is 'n klein dorpie in die Oos Kaap met belangrike aansluiting en spoorverbindings na Johannesburg, Oos Londen, Somerset Oos en Port Elizabeth. Ek was pas as 'n sersant tot Posbevelvoerder te Cookhouse bevorder. Een oggend, skuins na tien uur, het ek in my kantoor gesit en die dag se take wat ek moes doen en afhandel, beplan. Daardie jare was die rang van 'n sersant in die S.A. Spoorwegpolisie nog 'n belangrike posisie en hy het die dissipline en die nakoming van die Spoorwegwette en regulasies nou toegepas en basta met die res. My kantoor was soos die ander werknemers op Cookhouse stasie op die platform geleë. Na afloop van die ranggeerbewegings van die passasierstrein was alles wat die passasiers by die treinvensters uitgegooi het, deur die arbeiders in die rangeerterrein opgetel. Terwyl ek verdiep was in my werk, was ek met aaklige gille en die geluid van gereedskap wat neergegooi word, tot die werklikheid terug geruk. "*Sargeant*, *sargeant*! Daar is 'n leeu by die *shunting yard*", het die arbeiders baie benoud geskreeu. Ek moes tot my totale verbasing erken dat ek hom gehoor brul het. Na nog 'n paar brulle het ek my .303 geweer en .38 *Smith & Wesson* gegryp en baie versigtig probeer om die ligging te bepaal waar die leeu moontlik kon wees deur te luister vanwaar die gebrul gekom het deur by my kantoorvenster uit te kyk.

Die ongedierte moes van kant gemaak word; daar was te veel lewens op die spel en die "*sargeant is in charge*" van die operasie. Nie lank nie of die ligging van die leeu was vasgestel. Dit het vanuit of van naby 'n goederetrok gekom wat in die werf gestaan het. Met gevelde bajonet was die omgewing van die trok versigtig benader. Die toeskouers, wat vreesbevange op die platform gestaan het, het beduie en raad gegee. Hulle het gereed gestaan vir net ingeval daar nog hulp ontbied moes word en het ook aangedui waar koning leeu se kwesbaarste plek was indien ek moes skiet.
Deur middel van een van sy oeroue krete het ek bepaal in watter goederetrok hy hom bevind het. Versigtig het ek die trok bekruip. By die oop trokdeur was die bajonet van die .303 geweer gebruik om die seil weg te trek sodat ek in die trok kon insien. In dieselfde beweging was die grendel van die .303 oorgehaal om 'n patroon in die kamer te stoot. Dit is toe dat *ta* weer gebrul het en ek met 'n skok besef het dat daar geen patrone in die magasyn was nie. Die aanmoediging van die platform se kant af om te skiet het verdere vrees by my ingeboesem. As alternatief het ek die .38 *Smit & Wesson* rewolwer uitgepluk en aangelê in die rigting van die gebrul. Dit is toe dat ek die koning van die oerwoud in 'n hok binne in die goederetrok gesien staan het. In groot swart letters op 'n stuk karton het daar geskryf gestaan: "Moet nie voer nie, gee net water" Daar het die leeu so veilig soos kuikens onder 'n hen gestaan, en die "*sarge*" was so verlig soos wat kan kom. Dit was die dag toe die roer nie wou vuur nie en die koning van die diere se gebrul by almal respek en agting vir hom afgedwing het. Vir die res van die dag was daar nie naby die trok gewerk nie.
(Koos v/d Merwe)

**Die tet vir die *guard.***
Lede van die Mobiele eenheid het tussen Kimberley en Klerksdorp stasies op die treine gery om die passasiers te deursoek. Hulle klim in Kimberley op een trein en ry tot by Klerksdorp waar hulle afklim en met die volgende trein na Kimberley terug reis. Op 'n dag het sersant Botha en sy manne weer trein dienste verrig en te Kimberley stasie opgeklim. Met die deursoeking het 'n hulle op 'n swart vrou met haar baba afgekom. Sy was besig om die baba te borsvoed, maar die baba bly skreeu en wil nie drink nie. Sy was seker al moedeloos van die kind wat net skreeu en nie wil drink nie. Toe sy die uniform sien sê sy vir die kind: "Vat nou die *tet* of ek gee hom vir *baas gaurd*!"
(Elsabe van Vuuren)

**Ek was betyds.**
Ek was op Merebank gestasioneer. Kolonel Thys Jonker, toe die speurhoof te Durban, kontak my en verneem of ek in 'n oorplasing na Empangeni sou belangstel. My vrou was toe op daardie stadium agt maande swanger. Ons ry toe eendag na Empangeni om te gaan kyk hoe die plek lyk. Die streekoffisier was kaptein Gerrie Bezuidenhout. Ons het begin gesels en ek het hom ingelig oor die rede vir my besoek. Sonder aarseling het ek gemeld dat ek kans gesien het om die plek reg te ruk. Ek het gemerk dat Gerrie half ongemaklik voorgekom het. In die deur van sy kantoor het 'n lid in uniform gestaan. Onder die indruk dat dit 'n ou sersant of konstabel was (in daardie dae was daar baie ou konstabels en sersante), het ek steeds oor die regruk van die stasie uitgewy. Min wetende dat die lid eintlik die huidige Posbevelvoerder was. Gerrie kon dit later nie meer hou nie. Hy het my probeer oortuig dat kolonel Jonker seker bedoel het dat ek na Richardsbaai moes gaan, want Harry van Zyl was op die punt om bevorder en verplaas te word. Hy het my toe aan die Posbevelvoerder voorgestel van wie kolonel Jonker ontslae wou raak. Terug by my kantoor op Merebank, het kolonel Jonker my geskakel uitgevreet oor my onbedagsame optrede tydens die besoek aan Empangeni. Die Posbevelvoerder op Empangeni het geweier om 'n ruilverplasing met my aan te gaan en gesê dat hy eerder sou bedank, wat hy toe ook gedoen het.
Op 17 Mei 1982 het ek met my Honda 400N motorfiets na Empangeni gery om dienste te gaan opneem. My skoonma het by my vrou op Merebank gebly om haar met die swangerskap by te staan. Soggens vroeg tot saans laat het ek geswoeg om die stasie op datum te kry. Die onreëlmatighede met die vorige inspeksie het agt bladsye beslaan. Vroeg Vrydagoggend, 21 Mei 1982, bel my skoonma en sê dat dit sulke tyd was; my vrou Ricky gaan kraam. Vir een of

ander rede was ek te skaam om vir die Streekoffisier toestemming te vra om die dag af te kry sodat ek vir die bevalling huis toe kon gaan. Dit ten spyte van die feit dat ek elke dag omtrent sewentien ure aaneen gewerk het. Teen drie uur die middag het ek moed geskep nadat skoonma my verskeie kere al gebel het om toestemming by Gerrie te kry om vroeër van diens te kan gaan. Hy het my geskel omdat ek hom nie al die oggend ingelig het omtrent die bevalling nie. Voordat ek vanaf Empangeni vertrek het, het ek ter wille van my senuwees eers 'n paar kleina, kleinas by die plaaslike hotel "*gedown*." Onderweg val dit my by dat ek nie brandstof vir die motorfiets ingegooi het nie. By Mtunzini het ek volgemaak, 'n sigaret gerook en weer in die pad geval. Nog een keer het ek gestop om te rook en 'n uur en 'n kwart later stop ek by my huis in Montclair; honderd-twee-en-sewentig kilometer vanaf Empangeni. Stephan was om twintig voor nege die aand gebore, en ek was daar!!!!!!
(Thinus Lotz)

**Breekbare Mini.**
Adjudant offisier Tiengtong van der Merwe was die Posbevelvoerder se klerk op Jan Smuts-lughawe. Sy ander bynaam was "ou maat" omdat hy almal so genoem het. Hy was die trotse eienaar van 'n *Mini* motortjie. Een middagskof besluit die lede op die skof om hom 'n streep te trek. Die Mini was saans onder 'n boom geparkeer en almal het van die parkeerplek geweet. Gedurende die aand het van die lede op die skof die *Mini* met rooi plakkers toegeplak, die soort wat gebruik was om aan te dui dat die inhoud van die houer breekbare items bevat het. Die hele motor, sowel as die ruite, was toegeplak. Daar was nie eers 'n opening om binne-in die voertuig te kon kyk nie. Na afloop van die skof was almal al huis toe, toe *ou maat* by sy motor opdaag. Hy het probeer om die klewende plakkers af te trek maar was met die poging onsuksesvol. Uit moedeloosheid het hy die *Mini* onder die boom gelos en gevra dat die polisievoertuig hom huis toe neem. Die volgende oggend het hy lughawe toe gegaan om die plakkers van die motor te verwyder. Na 'n hengse gesukkel kon hy daarin slaag om die plakkers wat op die voorruit geplak was te verwyder sodat hy darem vanuit die binnekant kon sien waar om te ry. Ek weet nie of hy die skuldiges ooit gevind het nie.
(Elsabé van Vuuren)

**Die dronkie en die Engelse tannie.**.
In 1971 het ek by die S.A. Spoorwegpolisie aangesluit en was ek op Kaapstad stasie gestasioneer. Aangesien ek toe nog nie agttien jaar oud was nie, was ek as 'n rekruut aangestel. Eers wanneer jy die ouderdom van agttien jaar bereik het, was jy as konstabel geattesteer wat dan aan jou bevoegdheid verleen het om arrestasies te kon uitvoer. Wanneer lede vir 'n bepaalde skof aan diens gekom het, was hulle deur die wyksersant geparadeer en elke lid was na 'n bepaalde rondte gepos waarvoor hy vir die duur van daardie skof verantwoordelik was. Die rekrute was saam met 'n konstabel gepos aangesien hy nie alleen mag gewerk het nie. My taak daardie spesifieke dag was om die amptelike pos vanaf die Posbevelvoerder se kantoor na die Bevelvoerende Offisier se kantoor, wat in die Paul Sauergebou geleë was, te neem. So het dit gebeur dat my groot dag aangebreek het om my eerste arrestasie uit te voer. Terwyl ek vanaf B.O. se kantoor na die aanklagtekantoor onderweg was, het 'n lid van die publiek my genader en gerapporteer dat 'n onbekende man papdronk by die Lugdienskantore gelê het. Hy was nie in staat daartoe om homself te help nie en hy was ook nie in staat om te kon loop nie. Jy het nie Kollege of enige ander opleiding nodig om te weet dat 'n dronk persoon nie op die persele van die Spoorweë toegelaat was nie. Ek was nie bewus van wat Magsorder of die bepalings van die Spoorwegwette en Regulasies in dié verband gesê het nie; al wat saak gemaak het was dat die dronk persoon nie net so gelaat kon word nie. Die feit dat ek nog nie kollege opleiding deurloop het nie, het my nie daarvan weerhou om die pligte van 'n volwaardige polisieman uit te voer nie. Dit was vir elke polisieman 'n groot dag wanneer hy sy eerste arrestasie uitgevoer het. As 'n dronk man nie kon loop nie en hy moes verwyder word, moes jy as polisieman seker 'n plan beraam het om die ou by die aanklagtekantoor uit te kry. Terwyl ek gewonder het hoe ek die dronkie gaan verwyder, het my oog om een van die trollies geval waarmee die kruiers die passasiers se

bagasie vervoer het. Ek het by myself gedink dat dit die ideale vervoermiddel sou wees waarmee ek die dronkie vanaf die Lugdiensgebou na die aanklagtekantoor kon vervoer het.
Met aankoms by die Lugdiensgebou het ek die dronkie aangetref soos wat die lid van die publiek beskryf het. Met veel moeite het ek my "bagasie" op die kruier se trollie gelaai en met my waardevolle "vrag" afgesit na die aanklagtekantoor om my eerste arrestasie te registreer. Terwyl ek met trots oor my eerste arrestasie en met grasie deur die voorportaal van die stasie met die kruietrollie beweeg het, het ŉ Engelse dame die hele petalje gade geslaan. Sy was egter van mening dat ek onmenslik teenoor die dronkie opgetree het deur hom op die trollie te laai. Sy het dreigend met haar sambreel op my afgestorm en in daardie stadium het die dronkie bygekom en wou hy van die trollie afgeklim het. My eerste arrestasie was toe nie so maklik soos wat ek gedink het dit gaan wees nie. Aan die eenkant moes ek uit die pad van die tannie se swaaiende sambreel bly en aan die ander kant moes ek sorg dat my prisonier nie ontsnap nie. Dit het baie oorreding gekos (waarvoor ek nog nie as polisieman opgelei was nie) voordat ek die Engelse tannie kon oorreed het dat ek my prisonier ten alle koste by die aanklagtekantoor moes uitkry. Niemand het ooit voor die tyd vir my gesê dat jou eerste arrestasie nie maklik gaan wees nie.
(Willie Ackermann)

**Koos en die .38 rewolwer.**
Konstabel Koos Conradie was op Ladysmith gestasioneer. Hy was gek oor vuurwapens en het ook omtrent alles daarvan geweet. Op ŉ dag het ŉ vriend van hom met ŉ .38 rewolwer by hom aangekom wat Koos van plan was om te koop. Koos het hom onmiddellik vertel dat die rewolwer gemors was en dat dit nie eers ŉ gat deur die hostel se deur, waar hulle gebly het, kon skiet nie. Hulle twee het ŉ weddenskap aangegaan en Koos het agter die toe deur stelling ingeneem. Sy vriend het die skoot afgetrek en, nodeloos om te sê, het die koeël dwarsdeur die deur getrek en Koos tussen die oë getref. Daar was met Koos hospitaal toe gejaag waar die dokter die koeëlpunt met ŉ tangetjie uit sy sinusse getrek het. Koos het die weddenskap verloor maar darem sy lewe behou. Koos het op ŉ latere stadium die storie aan my as die waarheid bevestig.
(Piet van Rensburg)

**Die Regter se plante.**
Gedurende die tagtiger jare het die rondgaande Hooggeregshof gereeld sittings in die Laeveld gehou. Dit het meegebring dat die Regter wat die sake aangehoor het, vanaf Pretoria na die Laeveld gereis het om die sake daar aan te hoor. Vir die duur van die sitting het die Regter in ŉ goed toegeruste treinwa gebly wat as ŉ *kaboes* bekend gestaan het. Die spesiale eenheid het bestaan uit drie waens naamlik ŉ kombuis met ŉ eetwa en dan twee slaap eenhede. Die dag waarop die *kaboes* by die stasie arriveer het, was dit in die rangeerwerf geparkeer. Die omgewing waarin dit sou staan moes rustig en stil gewees het. Daar moes ook ŉ behoorlike pad en ŉ aansluiting tot die teerpad na die dorp gewees het sodat die Regter met sy voertuig tot by die *kaboes* kon ry. Sodra die *kaboes* by die stasie aangekom het, het daar gewoonlik ŉ groot geskarrel gevolg. Die Stasiemeester, Posbevelvoerder en Telkom personeel was almal daar om die nodige vir die Regter se verblyf in orde te kry. Telkom moes spesiale telefoonlyne vir gebruik deur die Regter na die kaboes aangelê het. ŉ Opgeleide sjef en ŉ klerk, wat vir die administrasie verantwoordelik was, het die Regter tydens so 'n sitting vergesel.
Tydens een van hierdie sittings in die Laeveld, was Regter Carl Lewis as die Regter aangewys. Lede aan diens het, gedurende hulle skofbeurte, periodiek besoeke by die *kaboes* afgelê om te verseker dat alles in orde was. Die besoeke was ook makliker gesê as gedaan. Het jy saans op die ballesklippe langs die *kaboes* geloop en die Regter het jou gehoor, het hy die Streekoffisier geskakel en gekla dat die polisiemanne se geraas langs die *kaboes* hom snags wakker gehou het en dat hy nie kon slaap nie! So, met ander woorde, nadat die Streekoffisier jou oor die kole gehaal het oor jou geraas langs die *kaboes*, het jy maar strategies ŉ hele ent van die *kaboes* af geloop om nie die Regter se nagrus te versteur nie. Sou Regter Lewis wakker word en by die venster uitkyk en geen polisieman sien nie, dan het hy die Streekoffisier gebel en verneem waarom die polisie onttrek het.

By ŉ geleentheid het Pretoria laat weet dat Regter De Villiers se *kaboes* vir tien dae op Sabie sou moes staan waar hy sake in die rondgaande Hooggeregshof sou aangehoor het. Opdrag was gegee dat twee lede vir die beveiliging van die Regter op Sabie moes gaan bly het. Adjudant offisier Japie Smit was die Posbevelvoerder op Nelspruit en hy het opdrag gegee dat ek en Leon Henning, wat toe albei sersante was, op Sabie moes gaan bly het om die Regter op te pas. Sersant Henning was die trotse eienaar van ŉ opslaankaravaan wat geskikte huisvesting vir ons gebied het vir die betrokke tien dae op Sabie. Met ons aankoms by Sabie stasie die Sondag, was die hele plek in rep en roer en was dit ŉ miernes van bedrywighede gewees. Almal het rond gehardloop om die nodige reëlings te tref sodat die *kaboes* op die regte plek geparkeer kon word. Die telefoonlyne moes nog aangelê word voordat die Regter die Maandagoggend arriveer het. Nadat almal die *kaboes* verlaat het, het ek en Leon die mees strategiese plek vir die opslaankaravaan uitgekies. Dit was ongeveer honderd-en-twintig meter vanaf die *kaboes* waar ons die karavaan staan gemaak het. Die Goedereloods, waar ons toegang tot ŉ stort en toiletgeriewe gehad het, was ongeveer sestig meter vanaf die karavaan. Die pad na die *kaboes* het reg voor ons karavaan verby gegaan.
Vroeg Maandagoggend was die Stasiemeester en die Posbevelvoerder en ŉ klomp ander mense by die *kaboes* besig om die laaste finale reëlings voor die aankoms van die Regter af te handel. Toe die Stasiemeester gery het, het hy by die karavaan by ek en Leon se "so-*called tollgate*" gestop en verneem of alles by ons in orde was. "Ja SM", het ons geantwoord, "alles is reg. Ons is ingerig – dis net baie koud in die nag." "OK, ek sal kyk wat ek kan doen", het hy ons gerus gestel. Deur die loop van die dag het daar ŉ spoorwegbakkie gestop met pale, stompe en planke agterop wat vanaf die plaaslike saagmeule afkomstig was. "Die SM stuur die vuurmaakhout", het die drywer bevestig. Teen ongeveer een uur die middag het die Regter en sy klerk by die *kaboes* aangekom. Die res van die dag het hulle in die *kaboes* gespandeer; was seker maar besig met administratiewe verpligtinge. Later die middag het ek en Leon die Regter se sjef en die klerk ontmoet. Daardie aand het ons een van die SAS&H metaal asblikke geneem, dit in die middel van die pad gesit en het ons begin vuurmaak. So het ons ŉ vleisie gebraai en ŉ ietsie koud saam met die braaivleis geniet. Daardie nag het ons ongestoord gebraai terwyl ons die Regter bewaak het.
Die volgende oggend, so teen nege uur se koers, het ons die asblik uit die pad uit verwyder en die Regter het hof toe vertrek. Gewoonlik het die Regter net ŉ gedeelte van die dag by die hof gespandeer en daarna was hy vroeg terug by die *kaboes* gewees. Nadat hy verklee het, het hy weer vertrek en ons het vermoed dat hy seker maar die besienswaardighede in die Oos-Transvaal, veral in die Sabie omgewing, gaan besigtig het. Ek moet sê dat seker van die mooiste watervalle in die omgewing daar voorkom. Deur die loop van Woensdag het die Regter se vrou vanaf Pretoria by hom aangesluit. Ons het verneem dat sy tot die volgende Woensdag daar sou bly. Laat agtermiddag het die Regter se klerk en mevrou met die motor by ons karavaan gestop. Hulle het uit die motor geklim en die klerk het ons aan die Regter se vrou voorgestel. Sy het ons meegedeel dat sy vreeslik baie van tuinmaak gehou het en dat die primêre doel van haar besoek was om plante vir hulle tuin in Pretoria aan te koop. Sy het verneem of sy die plante tot die volgende Woensdag, wanneer sy na Pretoria sou terugkeer, agter die karavaan se tent vir veilige bewaring kon bêre. Ons was ook versoek om die plante saans ŉ bietjie nat te gooi. "Geen probleem nie, mevrou, ons sal die plante natgooi", het ek en Leon ewe beleefd geantwoord. Elke dag was nuwe plante deur die Regter se klerk agter die karavaan se tent afgelaai, en as ek sê plante, bedoel ek baie plante en verskillende soorte.
Elke aand het ek en Leon in die asblik vuur gemaak, ŉ vleisie gebraai en die nodige geniet wat daarmee moes saamgaan. Vrydagoggend elf uur was die Regter terug vanaf die hof en hy het sy vrou opgelaai en hulle het na Pretoria vertrek om eers weer die Maandagoggend terug te keer. Met hulle vertrek het die Regter by ons "*tollgate*" gestop en gesê dat ons die naweek moes geniet. Sy vrou het ons herinner dat ons asseblief nie moes vergeet het om die plante water te gee nie. Net voordat hulle vertrek het, het die Regter se vrou bygevoeg: "Julle twee manne kan darem vuur maak, ek het nog nooit mense gesien wat reg deur die nag so vuurmaak nie." Die volgende oggend het die Regter se klerk by ons aangekom en gevra of ons nie van ŉ lekker plek geweet het waar ŉ man rustig ŉ paar biere kon gaan sit en geniet

het nie. Ons het die karavaan gesluit en hom na Sabie geneem waar ons ’n paar biere gedrink het totdat die klerk sosiaal uitgeput was. Nadat ons hom veilig by die *kaboes* besorg het, het ons die vuur vir die gebruiklike braai aangesteek. So het ons gesit en kuier rondom ons eie asblik kampvuur met ’n ietsie koud om ons geselskap te hou. Die natuurwette het ook in die Laeveld gegeld; dit wat ín moes ook een of ander tyd uit. Afstand was dan ’n faktor. Die sestig meter na die toilet in die Goedereloods was dié betrokke aand net te ver om te loop. Hoe nou gemaak? Dit was donker en ons het besluit om sommer agter die karavaan se tent te staan en ontslae te raak van dit wat ons vroeër die aand ingeneem het. Ongelukkig was dit op dieselfde plek waar die Regter se vrou haar plante tot die komende Woensdag vir “veilige bewaring” gestoor het.
Maandag, deur die loop van die dag, het die Regter se vrou by ons besoek kom aflê om te kyk of haar plante nog veilig was. Groot was haar ontsteltenis toe sy ontdek het dat haar plante een of ander “tropiese swamsiekte” oor die naweek opgedoen het. Net daar het die Regter se vrou gereël dat die plante na die kwekery teruggeneem en vir “gesonde” plante omgeruil moes word. Laasgenoemde plante het toe wel tot die Woensdag ongeskonde saam met die Regter se vrou na Pretoria vertrek. Wonder of die Regter seuns gehad het? Indien wel, kon mevrou dalk die moontlikheid oorweeg het dat die plante gedurende die naweek met “*Slastow en Tab*” (Klipdrift en Coke) in plaas van kraanwater besproei was. Die gevolge van die baie braaivleis en versnaperinge wat daarmee saam gegaan het om die koue snags te verdryf, het dikwels daartoe gelei dat ons van pure “uitputting” aan die slaap geraak het. Niemand het dan na die veiligheid van die Regter omgesien nie. Die volgende oggend, wanneer die Regter na die hof vertrek het, het ons nog rustig in die bed gelê en tussen die velle deur vir hom gewaai. Die onverantwoordelikheid van die jeug, darem!!
(Wim Pretorius)

**Die kaptein kry ‘n stort.**
My speurder dae in Durban sal ek nie gou vergeet nie. Die klomp van ons was onhebbelik. Jy was genoodsaak om altyd oor jou skouers te kyk ten einde op hoogte te bly van die manne se jongste planne. Weë die een wat toilet toe gegaan en die toiletdeur toegemaak het. Dié persoon ontvang dan ’n gratis stort met klere en al. Kaptein Koos Keyler het met verlof gegaan en kaptein Grobbelaar het hom kom aflos. Die natuur het geroep en kaptein Grobbelaar moes die toilet gaan besoek het. Ek het ook ’n nood gehad en toe ek by die toilette kom, sien ek dat die eerste toilet se deur toegemaak was. So met die instap het ek die emmer vuil water, waarmee die skoonmaker die vloere gewas het, opgetel en met een beweging skiet ek die inhoud daarvan oor die toilet se deur. Die geluide en woorde wat uit die toilet gekom het, het my laat besef dat dit nie een van ons manne was nie. Ek het seker nog nooit so vinnig die trappe afgehardloop, in ’n polisiekar gespring en weggejaag, soos daardie dag nie. Ure daarna het ek die kantoor geskakel om te verneem wat by die kantoor aan die gebeur was. My kollegas het my verseker dat daar vreeslik gevloek en gedreig was. Kaptein Grobbelaar het gaan skoon klere aantrek en die middag ’n ete gaan bywoon waar hy ’n paar stywe doppe gevat het om oor die skok te kom. Met sy terugkoms by die kantoor het hulle hom nog ’n paar doppe gegee om behoorlik af te koel. Ek was toe meegedeel dat dit toe veilig was om na die kantoor terug te keer. Of kaptein Grobbelaar ooit uitgevind het wie die skuldige was, weet ek nie. Op Kaapstad stasie weer het die leeglêers die gewoonte gehad om saans in die toilette te gaan sit en slaap. Dit was ’n daaglikse instelling dat ’n emmer water oor die toilet se deur gegooi was om hulle te verjaag. Een aand het ek weer ’n emmer vuil water oor die deur geskiet waar ek gedink het die leeglêer gesit en slaap het. Ek was skaars terug in die aanklagtekantoor toe ’n persoon, netjies in sy aandpak uitgevat, maar sopnat, by die aanklagtekantoor ingestorm het. Die man was met reg moeilik en wou net prosedeer. Dit het mooi praat en verduidelikings, gepaardgaande met ’n helse klomp liegstories, gekos om hom tot bedaring te bring. Gelukkig het daar nooit iets van gekom nie.
(Piet Wiese)

**Die Spoorwegpolisie berede polisieman.**

In 1964 is speurder-sersant King van Stanger aan 'n hartaanval oorlede, en ek was vanaf Durban na Stanger as seksie speurder oorgeplaas. Sersant Thys Kritzinger was toe die Posbevelvoerder en daar was net een polisievoertuig op die stasie, en dié was aan die speurder-sersant toegeken. Daar was twee swart speurders saam met my en ek het vir speurder-sersant Ernest Makhatini geleer om die polisievoertuig te bestuur. Die bestuur van die suikerplase het op daardie stadium hulle lande met perde gepatrolleer en het later besluit om na veldfietse oor te skakel. Hulle het toe 'n aantal perde gehad waarvoor hulle nie meer 'n gebruik gehad het nie. Die daaropvolgende naweek het ek Durban toe gery en vir my 'n saal, toom, roskam en ander bybehore gekoop wat jy vir die versorging van 'n perd nodig gehad het. Die perd moes eet en ek het 'n voorraad pitvoer en lusern gekoop.
Stanger se polisiekantore was in 'n ou huis geleë en ek het die motorhuis in 'n stal verander en die buitegeboue as 'n stoorkamer gebruik. Ek het reeds met die eienaars van die suikerplase gepraat oor die koop van een van die perde. Speurder-sersant Ernest het my met die vangwa na die suikerplaas geneem en, nadat ek vir my 'n perd gekoop het, het ek met hom na Stanger teruggery en op stal gesit. Volgens die eienaars was die perd op Standerton geteel en sy naam was toevallig "*Tsotsi*"; die naam het nogal ingepas by die tipe werk wat hy sou moes doen. So het ek begin om met die perd ondersoeke te doen en wanneer ek of sersant Ernest nie die voertuig gebruik het nie, kon die Posbevelvoerder dit plaaslik gebruik het. So het die Spoorwegpolisie se nie-amptelike berede polisie begin en die storie van die "*Lone Rider*" het gou bekend geword. Op 'n dag het sersant Thys die possak oopgemaak wat vanaf die Bevelvoerende Offisier se kantoor gekom het en ek het gehoor hoe hy in sy kantoor geskaterlag het. Die volgende oomblik het hy na my geroep en gesê dat ek na sy kantoor moes kom. Hy het 'n posstuk aan my oorhandig wat hy uit die possak gehaal het. Dit is toe magtiging vir die aankoop van 'n saal, toom, roskam en die ander items wat ek gekoop het om die perd te versorg. Die matiging het ook die aankoop van pitvoer en lusern ingesluit. Aan die posstuk was daar 'n aansoek met my handtekening daarop waarin "ek" aansoek gedoen het vir die items. Ek het vir sersant Thys gevra of dit hy was wat die aansoek namens my ingedien het, maar hy het net gelag en ontken dat dit hy was. Ek het geweet dat dit net een van drie persone op Hoofkantoor kon gewees het wat die aansoek ingedien het. Nadat ek twee van die drie persone wie ek vermoed het dit kon wees geskakel het, het Oom Piet van Rooyen erken dat dit hy was wat die aansoek namens my ingedien het. Hy het gesê dat dit heelwat oorreding gekos het om die Bevelvoerende Offisier sover te kry om die aansoek goed te keur. Hy het namens my vir die goedkeuring gepleit asof dit ek was wat die aansoek ingedien het. Op 'n dag het kaptein Pretorius by die polisiekantoor stilgehou en reguit stalle toe gestap. Na 'n tydjie het hy by die aanklagtekantoor aangekom en gesê dat hy die inspeksie sommer by die stalle begin het. So het ek en *Tsotsi* soort van 'n legende in die Stanger omgewing geword. Ek het talle benoude oomblikke met Tsotsi gehad wanneer ek kortpad langs die spoorlyn gevat het en die treindrywer my gegroet het deur die trein se fluit te blaas. Wanneer die gefluit van die trein in 'n "*cutting*" gebeur het, het dit die situasie vererger. *Tsotsi* kon net nooit aan die treinfluit en die geraas van die rollende treinwiele gewoond raak nie. In 1967 was ek na Pietersburg verplaas en so het *Tsotsi* ook 'n departemente verplasing na Pietersburg gekry. Hy was per spoorwegtrok vanaf Stanger na Pietersburg vervoer. Toe ek vanaf Pietersburg verplaas is, het ek *Tsotsi* aan 'n plaaslike boer verkoop.
(Andries Burger)

**Dit is my groente.**

Barkhuizen, 'n regte korrelkop en 'n moeilike man was 'n sersant klas (2) te Warrenton. Hy was kort van draad en het nie 'n sin vir humor gehad nie. Sy buurman, 'n rangeerder, het sy siel so versondig dat hy vir luitenant Edik Eloff om 'n oorplasing gevra het. Hy wou met alle geweld vanaf Warrenton pad gegee het om van die rangeerder ontslae te raak. Daar was egter een probleem. Barkie het 'n groot groentetuin gehad wat hy met groot moeite en koste versorg het. Barkie se versoek was toegestaan en met sy bevordering na sersant klas (1), was hy na Klerksdorp as die Posbevelvoerder verplaas. Die rangeerder buurman was in sy noppies; hy was nou van die korrelkop ontslae. Wat nou met die groente gemaak wat al te welig aan die

groei was? Trek Barkie, dan kry die rangeerder nie net sy sin om van hom ontslae te raak nie, maar hy wen ook ŉ klompie groente uit Barkie se tuin wat hy so mooi versorg het. Barkie het besluit dat die rangeerder nie ŉ dubbele genot uit sy verplasing sou smaak nie. Net daar besluit Barkie om al die groente af te pluk en die ander uit te trek en op ŉ hoop te gooi. Die rangeerder sou nie die genot gehad het om aan sy groente te smul wanneer hy weg was nie. Barkie se redenasie was eenvoudig dat hy vir die water en kunsmis betaal het en dat hy met sy groente kon maak wat hy wou. Hy was vasbeslote dat die rangeerder nie daardie rondte sou wen nie. Die rangeerder was toe wel van die korrelkop ontslae, maar sy probleem het toe myne, Swannie en Lochner Fülscher s'n geword.
Daar was menige kere dat ons met hom kop gestamp het. Gelukkig het ons ŉ week of twee van vrede en rus ondervind toe Barkie vir ŉ opknappingskursus na Esselenpark gestuur was. In dié tyd het ek hom as Posbevelvoerder afgelos en daar was vrede op Klerksdorp. Toe die pos van die Posbevelvoerder na die van hoofkonstabel verhoog was, het die ou korrelkop my tog aanbeveel om die administratiewe klerk te word. Intussen was ek en sersant Swart tot die rang van sersant klas (1) bevorder. Nou was ons gelyke range met Barkie en elkeen was toe in bevel van ŉ skof. Barkie was nou nie meer in ŉ posisie om ons rond te jaag nie. Die eerste hoofkonstabel op Klerksdorp was D.B Janse van Rensburg. Hy was later na Kaserne verplaas. In sy plek was hoofkonstabel André Horak (later luitenant generaal) na Klerksdorp verplaas. Nadat Horak tot luitenant bevorder en verplaas was, het Gawie Greyling as Posbevelvoerder gekom en na sy verplasing, as gevolg van bevordering, het hoofkanstabel De Vos as Posbevelvoerder oorgeneem. Gawie Greyling het tot die rang van brigadier gevorder, en de Vos tot die rang van luitenant kolonel.
(Jan Vorster).

**_Big dad_ op Komatipoort.**
Ek en konstabel Visser was Augustus 1977 na Komatipoort verplaas. Ons het met my *Datsun SSS* na Komatipoort gereis. Die karretjie het hom goed gedra, maar duskant Belfast in die vlaktes, het hy besluit hy gaan nie verder ry nie. Dit was koud en ons het sopnat gereent. Ons het die nag in die *Datsun* deurgebring om die koue te verdryf. Dit was so koud dat ons twee stelle klere bo-oor mekaar aangetrek het om te oorleef. Vroeg die volgende oggend het ons agtergekom dat die punte van die vonkverdeler gebrand het. Visser het ŉ geleentheid saam met ŉ boer na Belfast gekry om ŉ nuwe stel punte te gaan koop. Hy het terselfdertyd vir die Posbevelvoerder op Komatipoort laat weet dat ons laat sou wees. Laat agtermiddag het ons Komatipoort bereik waar ons deur sersant Minisi ontvang was. Hy het gesê dat die Posbevelvoerder uit was en dat hy later sou terugkom. Nie lank daarna nie het daar ŉ wit *Chev* C10 vangwa by die stasie ingetrek. Dis toe dat ons gesien het dat die bestuurder die "Grootman" was en Minisi het ons aan adjudant offisier Ronnie Beyl voorgestel. Hy het die nodige voorligting aan ons gegee en ons aan konstabel Wim (Kierie) Pretorius voorgestel. Daarna het hy ons met die *Chev* die dorp gaan wys. Al drie van ons het voor in die vangwa gesit en so ver ons gery het, het die mense hom gegroet. Ek dink toe by myself: "Hoe is dit moontlik dat omtrent elke mens op straat ons bevelvoerder groet?" Min het ek geweet dat ons ŉ paar maande later dieselfde sou doen. Die rit was nie baie lank nie want die dorpie was maar klein. Ons nuwe tuiste was die Spoorweghostel. Ons het die volgende dag begin werk en gou uitgevind dat ons nuwe bevelvoerder die mees gerespekteerde polisieman in die dorp was. Hy het ons goed laat verstaan dat ons hier was om te werk en dat hy van ons verwag het om die naam van die Spoorwegpolisie ten alle tye hoog te hou. *Dad*, soos wat hy onder ons bekend gestaan het, het ons baie goeie indiens opleiding gegee. Hy was ons bevelvoerder, ons pa, raadgewer en beskermer; alles wat jy nodig gehad het wanneer jy ver van die huis af was en jou Pa nie naby was om raad te kon gee nie. Wanneer ons aangejaag het, het jy geweet dat drie van die bestes met die rottang of offisierstokkie op jou gewag het. Ons was ook nie lank daar nie of hy het ŉ paar manne van verskeie Versekeringsmaatskappye gekry en elkeen van ons was verplig om ŉ polis uit te neem. Hy het ook van elkeen van ons verwag om die eredienste by ons onderskeie kerke by te woon. ŉ Verdere opdrag was dat elke lid die noodhulpklasse wat aangebied was, moes bywoon om as noodhulpwerker te kwalifiseer.

’n Verdere verrassing wat op ons gewag het, was om te verneem dat ons bevelvoerder ook die brandweerhoof van die dorp was en dat ons, as lede van die Spoorwegpolisie, saam met hom die brandweer afdeling uitgemaak het. Een keer per maand het Dad die *Jeep Jupiter* brandweerwa nader gebring en dan moes ons bontstaan om as brandweermanne opgelei te word. Hiervoor het ons ’n toelaag van twintig Rand per maand ontvang. Dit was vir my ’n groot eer om aan die publiek te sê waar ek gewerk het en wie my bevelvoerder was.
(Pieter Swanepoel)

**Slaap met die hoenders.**
Omdat daar altyd waardevolle vrag by die Vragkantoor op D.F. Malanlug-hawe was, was ’n lid op elke skof daar gepos om dit te bewaak. Tydens die wintermaande was die lughawe maar ’n koue plek om by te werk. Om nog op nagskof by die Vragkantoor te werk, was nog veel erger. Een betrokke aand, toe dit weer so koud was, het ’n lid wat daar gepos was byna van die koue gesneuwel. ’n Plan moes hy maak om beskutting teen die koue te soek. Hy het opgemerk dat daar ’n besending kuikens op vraghouers gelaai was en sonder aarseling het hy tussen die kuikens ingekruip om hitte te soek. Hy het egter nie besef dat die waentjies met die hoenders daarop gereed was om na die vliegtuig gesleep te word nie. Die hitte het gemaak dat die vaak hom oorval het en, voor hy hom kon kry, was hy in droomland. Toe die waentjies begin beweeg het, het hy wakker geskrik. Met ’n vaart en deur die slaap het hy uit die houers gevlieg en hom na die aanklagtekantoor gehaas. Daar aangekom, het hy ontdek dat die voertuig wat die nagskof lede huis toe vervoer het, reeds ’n geruime tyd vantevore reeds vertrek het. Hy moes toe maar sy eie vervoer huis toe reël. Sy kollegas was al in droomland by hulle huise toe hy eers by die huis aangekom het. Hy het met moeite geleer dat lede op nagskof nooit saam met die hoenders kon gaan slaap nie.
(Amanda van Rensburg)

**Ag, waarom hier?**
Speurder-sersante Hayes en Heunis was groot vriende maar net om vir ondersersant Carr te terroriseer het hulle gedurig gestry as hulle vir die dossiere in die R.O.M (Register vir die ondersoek van misdaad) geteken het. Een oggend, terwyl hulle na die aanklagkantoor onderweg was, het hulle ’n .38 loskruit-patroon in Heunis se rewolwer gelaai. Hulle het onder mekaar afgespreek dat Heunis vooruit sou loop, vir die dossiere sou teken en, terwyl hy nog daarmee besig was, sou Hayes ingekom en dan daarop aangedring het om eerste te teken. Hulle sou dan in ’n hewige stryery en stampery betrokke geraak het, waarop Heunis sy rewolwer sou uitpluk en vir Hayes daarmee sou skiet. Hayes moes dan op die vloer val ten einde geloofwaardigheid aan die toneel te verleen. So gesê; so gemaak. Toe die skoot geklap en Hayes op die vloer geval het, het Carr uit die kantoor gehol en aanhoudend geskreeu: “Ag, waarom moes hulle dit nou hier kom doen het?!”
(Andries Gouws)

**Oom Louis en die HMK.**
Konstabel Fourie, oftewel Oom Louis soos ons hom aangespreek het, was al ‘n ou polisieman van so 55 jaar oud wat sy basiese opleiding baie jare vantevore al deurloop het. Hy het kort tevore opleiding in die .303 geweer en in die .38 rewolwer ontvang. Tydens een van die jaarlikse verpligte skietoefeninge, was niemand anders as luitenant Dennis Keyter nie, die baanoffisier gewees. Die jonger lede wie opleiding in die HMK ontvang het, het geweet dat dit baie konsentrasie geverg het wanneer daar met die vuurwapen geskiet was. Die rede daarvoor was dat, bo en behalwe die veiligheidsknip aan die linkerkant van die wapen, daar ook ’n kontakveiligheid agter in die pistoolgreep gesit het wat ingedruk moes word wanneer daar gevuur was. Die kontakveiligheid moes saam met die sneller gedruk gewees het ten einde die wapen te laat vuur. Lede wat vir die eerste keer met die wapen gevuur het, het dikwels versuim om die kontakveiligheid in die pistoolgreep in te druk en wanneer die wapen derhalwe nie wou vuur nie, moes die skut sy hand opgesteek het sodat hy die aandag van die baanoffisier daardeur kon trek. ‘n Instrukteur op die vuurpunt sou hom dan gaan help het. Oom Louis het reuse hande gehad en sy vingers was so dik dat hy omtrent nie sy vinger in

die snellerbeuel kon ingekry het nie; laat staan nog om die kontakveiligheid in die pistoolgreep met die gedeelte tussen sy duim en wysvinger in te druk.
Ek het op die betrokke dag reg langs Oom Louis op die skietbaan beland en ek het spoedig opgemerk dat hy so 'n bietjie gesukkel het, maar met luitenant Keyter op die skietbaan het jy dit nie gewaag om enige iets te sê nie. Ek het dus niks gesê en geen raad aangebied nie, maar het onverpoosd voortgegaan om die vuurleidingsbevel vir die betrokke skietoefening uit te voer. Die volgende oomblik het Oom Louis omgedraai, met sy vinger nog steeds op die sneller, in ‘n poging om die baanoffisier se aandag te trek. Die loop van die HMK het derhalwe in die rigting van die aflossing wat op die vuurpunt gestaan het, gewys. Ek het grond toe geduik, gevolg deur die res van die aflossing wat sonder huiwering soos een man dekking geslaan het. Luitenant Keyter het op en af gespring en op Oom Louis gegil om die loop in die rigting van die teiken te draai. Net toe Oom Louis die loop in die rigting van die teiken gedraai het, het hy per abuis sy vinger op die kontakveiligheid gedruk en daar het die wapen begin om op outomaties te vuur. Hy het so groot geskrik dat hy die loop in die lug gehou het terwyl die leë doppies by die uitwerpersopening uit gevlieg het.
Dank die Vader, niemand was tydens die voorval beseer nie, en Oom Louis kon die skietoefening, dié keer met die bystand van ŉ instrukteur, suksesvol voltooi.
(Willie Ackerman)

**Die gekamoefleerde speurder**

As speurder-sersant te Bloemfontein het ek en speurder-konstabel Tom du Preez, wat heelwat ouer as ek was, op ‘n keer ŉ ernstige saak ondersoek. Die ondersoek het ons na een van die plotte by Shannon naby Bloemfontein gelei. Die inwoners was regte maplotters; moeilike en beduiwelde mense. By die huis waar ons na een van die verdagtes gesoek het, was ons maar bra onvriendelik ontvang. Na die ondervraging by die betrokke huis het ons na ŉ naburige plot gegaan om daar verdere ondersoek te gaan instel. Ek was die bestuurder van die amptelike voertuig; ŉ *Chevy 11*. Met die terugstoot om te kon draai, het ek met die agterwiele van die *Chevy* in ŉ rioolsloot beland. Ek het die *Chevy* in eerste rat gesit om uit die sloot te kom, maar die wiele het net getol en dit het natuurlik groot vermaak aan die plotbewoners verskaf. Dit was ten tyde van sulke verleenthede dat ŉ jong sersant teenoor ŉ ou konstabel rang getrek het. Ek het vir Tom gevra om die agterkant van die *Chevy* op te lig terwyl ek liggies die petrol pedaal ingetrap het in ‘n poging om uit die sloot te kom.
Op die presiese oomblik toe Tom die agterkant kragtig opgelig het, het ek te veel vet gegee en die wiele het getol en daar laat waai ek toe. Die k*k het in alle rigtings gespat. Ongelukkig vir Tom was hy te laat om uit die gemors te spring, en hy was vol op sy rug getref. Daar het ‘n bedremmelde Tom gestaan en dit het kompleet gelyk asof hy vir die volgende rondte ondervraging gekamoefleer was. Aanvanklik was Tom die joos in vir my, maar hy het besef dat ek dit nie opsetlik gedoen het nie. Die lekker lag daarna was nie genoeg om die onaangename en onwelriekende reuk uit die *Chevy* te verdryf nie. ŉ Spotprent kunstenaar sou wat wou gee om die petalje op papier te kon neerpen.
(Douglas du Randt)

***The same to you!***

MacNamara het in die huwelik getree sonder dat hy vooraf toestemming van die Kommissaris ontvang het. Daardie jare moes jy ‘n minimum van drie jaar diens gehad het voordat jy kon aansoek doen om te trou. Toe dit op die lappe gekom het dat hy getrou het, was hy na die Bevelvoerende Offisier se kantoor ontbied. Mac was die kantoor binne gemarsjeer en op die bevel “halt”, het hy voor luitenant kolonel Senekal se lessenaar tot stilstand gekom. Nog voordat hy die offisier behoorlik kon salueer, het laasgenoemde gebulder: “Het jy getrou?” Mac het sonder teëstribbeling geantwoord: “Ja, kolonel, ek is getroud?” “Waar is jou trousertifikaat?”, wou die kolonel voorts by hom geweet het. Mac het die trousertifikaat oorhandig waarop kolonel Senekal gereageer het: “Ek vind jou skuldig en ek waarsku jou dat dit nie weer moet gebeur nie.” Mac was daarvan verseker dat hy wel die getroude toelae, wat getroude lede ontvang het, sou kry. “Jy kan maar gaan en maak die deur agter jou toe”, was die kolonel se laaste woorde aan hom. Baie verlig het Mac vir kolonel Senekal gesalueer en

met die omdraaislag kon hy nie sy glimlag van verligting verberg het nie. Net voordat Mac die deur agter hom kon toemaak, het Senekal vir hom geskreeu: “The same to you.” ‘n Mens kan net wonder wat in Mac se gedagtes omgegaan het toe hy omgedraai het, en wat kolonel Senekal gedink het wat hy dink.
(Jan Vorster)

**Spook lê besoek af.**
Gedurende die winter van 1978 was ek as wyksersant te Johannesburg stasie gestasioneer. Daardie jare het die lede nog “*beat*” gestap en die rondtes wat hulle moes patrolleer was wyd verspreid. Feitlik elke buiterondte het sy eie spook legende gehad. Een van die rondtes was natuurlik Langlaagte stasie gewees. Een nagskof het ek lede op hulle onderskeie rondtes besoek en, omdat dit daardie nag baie koud was, het ek my warmjas aangehad. Ek het die kraag van die jas opgeslaan en my pet oor my oë getrek. Toe ek op die plek gekom het waar die swart konstabel sy punt moes maak, het ek gaan sit. In die lig van die stasie se ligte het ek die konstabel gewaar waar hy besig was om na die punt te stap waar ek gesit het. Ek het my hand na die konstabel uitgesteek sonder om ŉ woord vir hom te sê en, sonder dat hy enige iets op sy beurt kwytgeraak het, het hy sy sakboekie aan my oorhandig. Ek het die sakboek geneem, gemaak asof ek iets daarin geskryf het, die boekie toegemaak en dit weer aan hom oorhandig waarop hy dit in sy sak geplaas het. Daar was immers geen rede vir hom om te kyk wat ek geskryf het nie. Steeds het ek niks met hom nie gepraat nie. Ek het verder gery en die kraag van my jas afgeslaan en so vyftien minute later het ek terug gegaan na die plek waar ek hom besoek het. Hy was nog in die omgewing en ek het die konstabel nader geroep en hom vir sy sakboek gevra. Die konstabel was ietwat verward en het matig geprotesteer. Hy kon nie verstaan dat ek hom alweer wou besoek het nie want ek het dan alreeds ŉ inskrywing in sy sakboek gemaak. Ek het hom daarop gewys dat hy beslis ’n fout gemaak het, waarop hy sy sakboek uit sy sak gehaal en dit oopgeslaan het om vir my te wys dat my kop beslis geraas het. Maar toe hy sien dat daar niks geskryf was nie, het hy die sakboek geslinger dat dit doer getrek het en het hy die hasepad gekies tussen die treinspore deur. Hy was vas daarvan oortuig dat hy op die vorige geleentheid deur ’n spook besoek was.
(Thys Du Plessis)

**Ervaring word nie gekoop nie.**
Op ŉ keer het dit gebeur dat ek as waarnemende sersant vir sersant de Beer op Piet Retief moes gaan aflos het. Riaan (Kieliebоud) Fourie op Nylstroom, F.P. Grobler en Swiegers was terselfdertyd as waarnemende sersante op verskeie plekke in die Laeveld gepos. Tydens die periode waarin ons op die onderskeie plekke afgelos het, het ons as jong waarnemende sersante gou agtergekom dat ervaring nie gekoop kon word nie. Sersant (Skewe Sewe) Roux was Posbevelvoerder op Ermelo. Sy bynaam het hy gekry omdat hy so lelik geskryf het.
Een oggend, toe ek as deel van my pligte die possak oopgemaak het, was daar ŉ hele aantal dossiere daarin wat vir ondersoek na Piet Retief gestuur was. Die poslys wat die dossiere vergesel het, was vanaf die Posbevelvoerder te Ermelo. Ek het my byna boeglam geskrik en het by myself gewonder wat moontlik aan die gang kon wees. Ek het sonder versuim op die telefoon gespring en benoud versoek: “Sentrale, sit my deur na die polisie op Ermelo asseblief.” Die konstabel in die aanklagtekantoor op Ermelo het beleefd die telefoon geantwoord en ek het saaklik gevra: “Middag, is die sersant daar?” Die konstabel het geantwoord: “Ja, hy is hier, maar hy is baie besig.” “Maar ek moet met hom praat”, het ek benoud verduidelik. “Wie praat nou?”, het die konstabel verneem. “Dit is sersant Vermeulen wat praat”, het ek hom, nou al amper geïrriteerd, geantwoord. “Nou maar waar is sersant De Beer dan? Is hy alweer met verlof? Hoe lank los jy nou al op Piet Retief af?”, het hy die vrae ingeryg. “Luister, ou, ek moet dringend met sersant Roux praat”, het ek sy ondervragingsessie kortgeknip. “Hy kan nie nou met jou praat nie. Die offisier van Witbank is hier op ŉ verrassingsbesoek”, het die ietwat vermakerige antwoord van sy kant af gekom. “Vra vir sersant Roux dan om my onmiddellik te skakel sodra die offisier gery het”, het ek hom beveel voordat ek die telefoon neergesit het.

Nie lank daarna nie het die telefoon uiteindelik gelui en ek was baie verlig om sersant Roux se stem te hoor met die woorde: “Ja jong, bel jy oor die *dockets* wat vanoggend by jou aangekom het"? Jy moet nie die *dockets* by jou inboek nie, maar vanaand nog per poslys aan my terugstuur. Soos ek die offisiere ken, is luitenant S.J.P.K.S. Kühn môre by jou vir inspeksie. Ek was nie lus vir ŉ lang inspeksie nie, daarom het ek die *dockets* na jou uitgeboek. Ek het net die *dockets* wat ek op hand gehad het vir inspeksie voorgelê. As daar dossiere by jou is wat nog nie afgehandel is nie, stuur dit maar aan my; ek sal dit na die inspeksie weer aan jou terugstuur.” Presies soos Skewe Sewe voorspel het, was luitenant Kühn vroeg die volgende oggend by my. Na ŉ kort inspeksie het hy die pad Nylstroom toe gevat waar Kielieboud afgelos het. Ek wonder of Kielieboud toe van sy *dockets* na Swiegers gestuur het? Ek glo nie, want waar sou ons jong waarnemende sersante hierdie trieks van die ou sersant geleer het?
(Douw Vermeulen)

**Die gedwonge verplasing.**
Poon Swanepoel was ŉ gelukkige speurder-konstabel op Klerksdorp en het geen begeerte gehad om na enige ander plek in die land te verhuis nie. Hy het hom en sy gesin op ŉ plasie naby Hartebeesfontein gevestig waar hy ŉ boerdery bedryf het om sy finansies aan te vul. Sy liefde vir die plaaslewe het ook daartoe bygedra dat hy eerder op die plaas, as in die dorp, wou woon. ŉ Vakature vir ŉ speurder-konstabel het op Vryburg ontstaan. Die reaksie op Koos Durr se “gekookte” aansoek om in die huwelik te tree het weer besit van my denke geneem.
Ek het ŉ brief aan die Posbevelvoerder geskryf waarin Oom Swanepoel in kennis gestel was dat hy sonder huislike of dergelike verbintenisse, as speurder-konstabel na Vryburg verplaas was. Teen daardie tyd was ek al gekonfyt om luitenant Sampie Klopper, ŉ offisier in die Bevelvoerende Offisier se kantoor in Kimberley, se handtekening na te maak. Sersant Venter het saam gespeel en hy het vir Swannie na sy kantoor ontbied om die brief aan hom te oorhandig. Intussen ek vir Swannie se vroutjie, Elize, gekontak en vir haar gevra om saam te speel as Swannie later dalk kwaad by die huis sou aankom. Toe Swannie by die huis aangekom het, was hy, om die minste te sê, dik die donner in. Hy het gevloek en geskel en gedreig om te bedank. Elize wou by hom weet wat aan die gang was en hy het haar ingelig omtrent die oorplasing. Ewe kalm het Elize hom getroos en gesê: “My man, dit is nie die einde van die wêreld nie. Voer die oorplasing uit; ek sal die fort hou terwyl jy weg is.” “Ja, nou is jy ook teen my!”, het hy haar toegesnou.
Omdat sersant klas(2) Venter en sersant klas(2) Van Rensburg vir Swannie so goed geken het, het hulle besluit om daardie aand na sy huis te gaan, want hulle was bang dat die man ŉ hartaanval sou kry. Daar aangekom, het Swannie onder die druiweprieel gesit en ‘n baie patetiese figuur uitgemaak. Hy het nog nie sy mond aan kos gesit nie en hy was ook nie van plan om iets te eet nie. Swannie was baie kwaad vir Sampie Klopper, hy was kwaad vir die S.A. Spoorwegpolisie, hy was kwaad vir sy vrou en kinders en hy was sommer kwaad vir homself ook. Sersante Venter en Van Rensburg het vir Swannie gepaai deur vir hom te sê dat Jan Vorster hom ŉ streep getrek het en dat die oorplasing ŉ “gekookte” storie was. Swannie wou net mooi niks van hulle “slim” stories geweet het nie. Volgens hom was Klopper se handtekening op die brief en hy wou opsluit geweet het waar hulle daaraan gekom het dat dit nie Sampie Klopper was wat die brief onderteken het nie. “Dit is sy handtekening”, was sy onverbiddelike verweer. Na ŉ rukkie kon hulle daarin slaag om vir Swannie tot bedaring te bring nadat sy vrou Elize hom van Vorster se plan ingelig het. Daarna het hy nie geweet of hy bly moes wees dat dit net ‘n poets was nie, en of hy vir Vorster en sy vrou kwaad moes wees vir hulle aandeel daarin nie. Die volgende oggend het Swannie soos gewoonlik met sy fiets by die kantoor opgedaag. Hy het die fiets half hardhandig neergesit en die seilsakkie met sy koffiebottel van sy skouer afgehaal. Op daardie stadium het ek met my rug na die deur gestaan vanwaar ek Swannie se aksies in die spieël voor my dopgehou het. Hy het by my in die deur verbygeskuur en op sy tande gebyt sonder om my te groet. Toe hy die kantoor binne was het hy omgedraai, my in die oë gekyk en gesê: “Jou gemene bliksem.” Eers toe het ek besef wat ek aan Swannie gedoen het. Dit het my lank geneem om vrede met myself te maak oor die gebeure. Glo my.
(Jan Vorster)

**Polisie een – vrugte smouse een.**
Die vrugte smouse wat hulle groente en vrugte op die parade en by platform een aan die paradekant van die stasie verkoop het, het ons baie kopsere besorg. Saans wanneer die werkers stasie toe gestap het om die treine huis toe te haal, het hulle die ingange tot die stasie versper. Die passasiers was dan lastig geval en gesmeek om hulle laaste groente en vrugte te koop voordat dié vrot geword het. Soms het ons hulle vir betreding gearresteer, maar dit het nie die gewensde uitwerking gehad nie. Daar was dan op die groente en vrugte beslag gelê wat dan as gevonde eiendom opgeboek was. Maar as die smouse dik gerook was aan die dagga, was hulle baie astrant as ons op hulle goedere beslag gelê het. Hulle het dan nie gehuiwer om jou met die ou en vrot vrugte te gooi nie. Na so 'n oefening het jy die toneel verlaat met 'n uniform wat met vrugte en groente besmeer was. Met die optredes kon ons soms daarin geslaag het om hulle van die stasie persele weg te hou. Die passasiers kon dan sonder die inmenging van die smouse hulle treine haal om in vrede huiswaarts te keer. Na al die jare kan ek nog nie sê wie as oorwinnaars uit die stryd getree het nie; die smouse of die polisie? Kom ons sê maar dat die stryd gelykop was. Jare daarna was ek as offisier na Kaapstad verplaas. Daar het ek verneem dat dieselfde speletjie hom nog tussen die smouse en die polisie afspeel.
(Piet Wiese)

**Benoude verhoor offisier.**
Ek het as vervolger in 'n tugverhoor te Oos Londen opgetree waar 'n konstabel voor die kaptein, wat die verhoor offisier was, verskyn het. Die aanklag teen hom was dat hy ou uniforms van die Spoorwegpolisie aan 'n swart konstabel oorhandig het met die bevel dat laasgenoemde dit moes verkoop terwyl hy dan 'n kommissie ontvang het. Die lid het onskuldig gepleit en die swart konstabel het getuienis afgelê aangaande die verkoping en die aangeklaagde het ook 'n geleentheid gekry om die getuie te ondervra. Sy eerste vraag aan die getuie was of hy ook ander lede se ou uniforms verkoop het. Die getuie het geantwoord dat hy wel ander mense se uniforms verkoop het. Die kaptein het egter nie die vraag en die antwoord getik nie. Die konstabel het gevra of hy kon onthou watter ander lede se ou uniforms hy verkoop het, waarop die getuie weereens bevestigend geantwoord het. Dié vraag en antwoord was weer nie getik nie. Die lid het gevra of die getuie 'n lid se naam kon noem waarvan hy die uniforms verkoop het. Hy het die kaptein se naam genoem. Die kaptein het in antwoord daarop gesê dat die getuie vir 'n rukkie uit die kantoor moes gaan. Hy het aan die aangeklaagde belowe dat, indien hy nie die vrae vra nie, hy hom sou vryspreek. Die lid het ingestem en die getuie was weereens ingeroep en die offisier het toe vrae namens die aangeklaagde gevra en hom gevolglik vrygespreek.
(Andries Gouws)

**P.T.O.'s en Vrypasse.**
As daar nou een ding is waarvoor elke lid van die Mag dankbaar was, was dit om teen 'n derde van die normale prys trein te kon ry. Ek was 'n roof wat pas by die Spoorwegpolisie aangesluit het. Daar was geen manier waarop ek, met die salaris wat ek verdien het, 'n ryding kon bekostig het nie. Ek het in Doringkloof gebly en die enigste manier wat ek kon bekostig om by die werk te kom, was om met die trein te ry. Die senior manne het aan my verduidelik van die P.T.O. (*Personal Traveling Order*) stelsel. Ek moes 'n aansoekvorm vir 'n voorregskaartjie gekry het en moes dit na sersant Van den Berg geneem het. Baie senuweeagtig het ek die aansoekvorm voltooi en met die vorm, wat my 'n klomp geld sou spaar, het ek afgesit na sersant Van den Berg se kantoor toe. Hy het dit sonder enige vrae onderteken en het my na adjudant offisier Smit se kantoor, op die tweede vloer in die stasiegebou, gestuur. Toe ek by sy kantoor aangekom het, het ek opgemerk dat hy in 'n glaskas gesit het. Ek het afgelei dat hy seker 'n baie belangrik persoon moes gewees het om in so glaskas te gesit het en dit was seker ook waarom juis hy die P.T.O. vorm moes geteken het. Net toe ek gedink het die aansoek prosedure was afgehandel, het die adjudant my ingelig dat ek na die kaptein moes gaan vir die finale handtekening. Ek het gehoor dat die kaptein se naam "Boetatjie" was. Dit kon mos nie waar gewees het nie? Die ou manne het my voorts

vertel dat hy almal wat ‘n laer rang as hy gehad het, Boetatjie genoem het. ʼn Kaptein was ʼn baie besige man en hy kon nie dadelik my aansoekvorm geteken het nie. Ek het die P.T.O. vorm in sy posmandjie gelaat en het besluit dat ek later daarvoor sou terugkom. Kort-kort die dag het ek die pos by die offisiere se posvakkies gaan uithaal en sodra ek buite kaptein “Boetatjie” se kantoor gekom het, het ek vinnig deur die pos geblaai om te sien of my P.T.O. geteken was. “Nou wanneer teken die man die belangrike vorm dan?”, het ek elke keer gedink wanneer ek gesien het dat hy nog nie daaraan geraak het nie.
Na middagete was ek eerste terug na sy kantoor om die pos te gaan haal. Buite sy kantoor was die hele proses herhaal; ek het vinnig deur die papiere geblaai en groot was my blydskap toe ek ontdek het dat hy so werklikwaar die vorm geteken het. Ek het haastig die pos by die ander offisiere afgegee voordat ek afgesit het na die kaartjieskantoor op die stasie. Hier het ek vol bravade by die kaartjieskantoor gestaan met die vier Rand vyftig sent in my hand, wat my maand kaartjie my sou kos om elke dag werk toe en terug te kon ry. Ek het daardie middag breëbors op die perron gestaan en wag op die ses-minute-oor-vier trein. Ja, ek het gestaan want ʼn roof mag nie in uniform op die platform of in die trein gesit het nie. Ek het gewonder of die offisiere dan ook klein salarisse ontvang het want hulle het daagliks saam met my op die trein gery.
Nadat ek ʼn jaar diens voltooi het, was ek ook op ʼn vrypas geregtig. Die prosedure om ʼn vrypas te bekom was so ietwat anders as die maandelikse P.T.O. storie. Om die belangrike en geldbesparende dokument te kon kry, moes jy na die ZASM gebou, waar die Afdelingbestuurder se kantoor was, gaan. Met die vrypas kon jy kosteloos na enige plek in die Republiek gery het. Met die vrypas in die hand het ek ewe spoggerig die nuwe rowe ingelig dat eendag, wanneer hulle ook ʼn jaar diens gehad het, kon hulle ook verniet Kaap toe en terug ry. ʼn Voorreg wat seker elke lid van die Spoorwegpolisie tot vandag toe mis.
(Douw Vermeulen)

**Koffie in die af-oor koppie.**
Die grootste gedeelte van my loopbaan was ek ‘n speurder konstabel in die Sandveld gebou by die Onwettige Padmededinging. Hier het ek saam met harde manne gewerk. Bedags het hulle padvervoer sake gewerk en snags het hulle trokke gery om die trokdiewe te arresteer. Die volgende dag het ons almal saam gewerk om die admin afgehandel te kry. Hier het ek baie van polisie werk geleer. Ek moes vinnig leer om dagvaardigings te bedien en om goeie verhoudinge met die plaaslike Padvervoerraad op te bou. Moet sê ek was altyd die “*eager beaver*” wat altyd hard gewerk het en probeer het om alles reg te doen. Ek het ook gou besef dat ‘n mens baie slim te werk kon gaan. In die somermaande was dit baie warm in die voertuig wanneer ons op die pad was. Ek en my kollega, Melda, het soms wanneer ons dagvaardings bedien het, onwettig in die SAP se swembad by Brixton gaan afkoel. ‘n Baie moedswillig Dirk Prinsloo, wat saam met ons gewerk het, kon nooit die versoeking weerstaan om te skimp dat ons bene elke middag bruiner geword het en dit terwyl ons in die kar gery het nie. Die einste Dirk het gereeld “koffie” in ‘n af-oor koppie gedrink. Ons was later daaraan gewoond en het nooit gedink dat dit vreemd was nie. Op ‘n dag het ons hogere besoek gekry en sou hy nie toe opgestaan het en vir die hogere persoon gesê het nie: “Ag nee wat, jy sou ook nie hier gewees het as jy beter werk kon kry nie.” Wragtig dit was toe die eerste keer wat ek besef het dat hy nie altyd regte koffie in ‘n regte koppie was nie maar dat dit partykeer “koffie” was wat mense baie slim gemaak het.
(Annatjie Denysschen)

**Krag, waar is jou einde?**
Die lughawe te Kimberley het vroeër jare om agt uur die aand gesluit. Die honde-eenheid het, wanneer hulle nagskof gewerk het, die honde na die lughawe geneem waar hulle kon rond hardloop en die honde oefening kon inkry. Daar was 'n klein hekkie wat adjudant offisier Eihlers gebruik het wanneer hy die lede op die lughawe besoek het. Een aand toe hy weer een van sy bekruip besoeke uitgebring het om te sien of die lede nie aan diens geslaap het nie, was hy onbewus dat die hondegeleiders die betrokke aand met hulle honde by die lughawe gaan oefen het. Nadat hy op die lughawe perseel was en die hek gesluit het, het een

van die honde hom gewaar en reguit op hom afgestorm. Weghardloop kon hy nie en al wat oorgebly het om hom te beskerm was ŉ twee-honderd-en-tien liter drom vol water waaragter hy kon skuil. Hy het die drom met water letterlik van die grond opgetel en het daarmee in die rondte gedans terwyl hy dit gebruik het as ŉ skild teen die aanstormende hond. Die hondegeleider het die hond vroegtydig gestop gekry, maar Eihlers was steeds wit geskrik. Die volgende oggend het adjudant Eihlers probeer om die drom op te tel, maar hy kon dit nie eers van die grond af gelig kry nie. Dit was die laaste keer wat hy die lede op die lughawe bekruip het! (Elsabe van Vuuren)

**Die lekkende waterbak.**
Ons was ŉ stout klomp polisiemanne wat op Pretoria stasie gestasioneer was. Die spoorwegwerkers wat ŉ uiltjie wou knip wanneer hulle aan diens was, het dit in die manstoilette, wat net langs die aanklagkantoor was, gedoen. Die deure van die toilette het swaaideure gehad. Oom Piet, wat by die Poskantoor gewerk het, moes altyd die pos by die kondukteurswa gaan afhaal het. Eendag het hy sy uiltjie in die toilette geknip waar sersant Kierieboud Fourie hom gewaar het. Hy het my daarvan kom vertel. Ek het hom gesê dat hy geweet het wat hy moes doen, naamlik om ŉ emmer water bo-oor die toilet se muur waar Oom Piet gesit en slaap het, te gooi. Ek het baie onskuldig langs die buitedeur van die toilet gestaan toe Oom Piet druipnat daar uitgekom het. Ek het hom gevra wat fout was waarop hy geantwoord het dat hy dit nie kon kleinkry nie: toe hy die ketting getrek het (daardie tyd was die waterbak hoog bo die toilet teen die muur vas met ŉ lang ketting wat mens moes trek), het al die water uit die waterbak skielik op hom neergereeën! Dit was vrek moeilik om te maak asof ek niks daarvan geweet het nie.
(Robbie Roberts)

**Die knuppel met ŉ skop.**
Ek en konstabel Louw het saam in die Tremore Hotel in Durban geloseer. Ons het saam werk toe gestap toe ons vir die middagskof aangemeld het. Hy was heeltemal nugter en selfs toe ek hom later die middag gesien het, het hy niks makeer nie. Teen sewe uur die aand was Louwtjie so dronk soos ŉ spook. Om hom te beskerm het ek en sersant Bailie hom in een van die toilette op die hawe toegesluit sodat hy kon nugter word. Die sersant het opdrag gegee dat ek hom moes dop hou wanneer ons aan diens was. Elke dag wanneer ons aan diens gerapporteer het dan was Louwtjie nugter, maar sodra dit aand geword het, het die man al dronker geraak. Na ŉ tyd het ek opgemerk dat wanneer Louwtjie patrolleer, het hy sy knuppel uit die knuppelsak gehaal en dan het hy met die leerbandjie, wat aan die knuppel geheg was, gepeuter. Hy het iets by die leerbandjie gedraai waarna hy dan die knuppel teen sy mond gehou het. Die proses het hom keer op keer herhaal en elke keer was Louwtjie net dronker na die vreemde ritueel. Ek het my waarneming aan sersant Bailie gerapporteer en hy het voorts op Louwtjie se knuppel beslag gelê. Met deeglike ondersoek was daar gevind dat, waar die leerband aan die knuppel geheg was, daar ŉ skroefprop versteek was. Met die oopdraai van die skroefprop het Bailie ontdek dat die knuppel aan die binnekant heeltemal hol was en dat dit die inhoud van ŉ kwartbottel brandewyn kon huisves. Die ontdekking het darem daartoe bygedra dat Louwtjie sy drink gewoontes aan diens, radikaal verander het.
(Jan Vorster)

**Eerste kennismaking met die Hooggeregshof.**
As ŉ jong en onervare speurder-sersant te Bloemfontein in 1971, het ek my eerste kennismaking met die Hooggeregshof gehad. ŉ Sestienjarige blanke seun het ŉ skraal vroutjie op die trein tussen Kroonstad en Bloemfontein vermoor en haar liggaam by die treinvenster uitgegooi. Majoor Robbertze was in bevel van die ondersoek. Ek moes die verdagte se vingerafdrukke vir die dossier neem en hy was nie bietjie hardegat gewees nie. Ek was genoodsaak om “regtersreëls” prakties aan hom te verduidelik ten einde hom so ver te kon kry om sy vingerafdrukke te neem. Die beskuldigde het in die Hooggeregshof te Bloemfontein voorgekom. Aangesien ek net gemoeid was met die afneem van die beskuldigde se vingerafdrukke, het ek nie geweet wie die regter of staatsaanklaer sou wees

nie. Die dag toe die saak begin het, het 'n klein mannetjie met die naam van Percy Yutar, as staatsaanklaer in die saak opgetree. Dit was seker net ek wat nie geweet het wie hy was nie. Die voorsittende Regter was regter Tienie Steyn. Ook seker net ek het nie geweet wie hy was nie. Gedurende die verhoor het die beskuldigde beweer dat ek hom sou aangerand het. Nou was daar 'n verhoor binne 'n verhoor, wat het ek tog van so iets geweet? Tot my verbasing moes ek getuig en was ek aan hewige kruisverhoor onderwerp.
Die seun was toe aan moord skuldig bevind, maar ek kan nie meer onthou wat sy vonnis was nie. Later het dit vir my geblyk dat majoor Robbertze en mnr. Percy Yutar iets in gemeen gehad het wat tydens die verhoor uitgekom het. Hulle het mekaar dikwels op die gholfbaan ontmoet en so het daar 'n goeie vriendskap tussen die twee tot stand gekom. Uit die verhoor het ek geleer dat jy in die hof gaan verduidelik wanneer jy "regtersreëls" prakties aan 'n beskuldigde verduidelik het. Daarna was ek toe deeglik bewus van wat dit beteken wanneer 'n verhoor binne 'n verhoor plaasvind.
(Douglas du Randt)

**Die *volume control.***
Einde ten laaste het die dag aangebreek dat ek die "*volume control*" (kasteel) by die drie strepe as waarnemende sersant kon voeg. Ek sal nooit die dag vergeet nie toe ek by konstabel Weideman se stoor ingestap het en hy my begroet het met: "Gmf, weet jy darem hoe om 'n sersant te wees"? Jy's nog nat agter die ore." Die kasteel moes presies in die middel van die strepe met die kant bo en so en so gesit word, het hy my reggehelp. Nadat die lang verwagte kasteel netjies en presies op my uniform se mou aangebring was, het konstabel Weideman my met hierdie wyse woorde die wêreld ingestuur: "Toe, loop nou. Gaan wees 'n sersant." 'n Mens kon beslis op konstabel Weideman staatmaak om dinge sonder enige onduidelikheid by jou tuis te bring met die minste woorde denkbaar.
Dit was die lekkerste gevoel om huis toe te gestap het daardie middag. Ek het die betrokke dag oggendskof gewerk. Ander dae het ek my gehaas om by die huis te kom, maar die dag was ek glad nie haastig om van my uniform ontslae te raak nie. Flink en regop het ek in Paul Krugerstraat afgestap; ewe stadig en statig want almal moes sien ek was 'n volwaardige sersant. Kort-kort het ek na die blink kasteel bokant die strepe geloer wanneer ek myself in die winkelvensters gesien het. Die kasteel se weerkaatsing in die winkel het my gerus gestel dat hy nog daar was. Man, dit was die mooiste rang en dit vir vier-honderd-een-en-negentig Rand per maand. "Wat gaan ek met al die geld maak?", het ek so by myself gewonder. Die woonstelhuur was dan net sestig Rand, die kar se paaiement agt-en-veertig Rand en dan 'n paar Rand vir die maand se kos. Mens ek was skatryk en dit op twintig.
(Douw Vermeulen)

**Die Kewer se vonkprop.**
In 1973 het die S.A. Spoorwegpolisie die polisiëringsdienste op die lughawens by die S.A. Polisie oorgeneem. Op die destydse D F Malan-lughawe was daar 'n konstabel Louis Fourie, hy was 'n stil oubaas maar verskriklik sterk. Konstabel Frans van der Merwe was op daardie stadium die motorwerktuigkundige wat vir die meganiese instandhouding van die polisievoertuie op die lughawe verantwoordelik was. Op 'n dag het Oom Louis Fourie, soos ons hom almal genoem het, vir Frans gevra of die nie sy VW Kewer vir hom sou diens nie. Die ou karretjie het soggens vreeslik gesukkel om aan die gang te kom en, wanneer hy wel gevat het, het dit maar met stampe en stote gery. Frans het die vonkproppe en punte in die hande gekry asook die ander nodige onderdele ten einde die karretjie te diens. Die diens van die karretjie het ook sommer reg langs die aanklagtekantoor op die lughawe plaasgevind.
Omdat die VW baie lanklaas gediens was, het Frans gesukkel om die een vonkprop uitgedraai te kry. Hy het iemand met 'n bietjie meer krag as sy eie gesoek en dit is toe waar Oom Louis in die prentjie gekom het. Bewus van sy krag het Frans hom versoek om die halsstarrige vonkprop los te draai. Terwyl Oom Louis met die vonkprop gespook het, het Frans gou iets in die aanklagtekantoor gaan doen. Toe Frans by die VW terugkom, het die Kewer met sy agterwiel in die lug gestaan. Oom Louis het so gespook om die vonkprop te verwyder dat hy in die proses die agterwiel van die VW met die vonkprop se sleutel opgetel

het. Voordat Frans vir Oom Louis kon skreeu om die vonkprop te los, het die vonkprop binne-in die enjinblok afgebreek. Daarmee het die motortjie met ŉ plofslag op die grond geval. Oom Louis wou ewe verbaas weet waarom Frans dan nou so opgewonde geraak het. Frans het aan die oom verduidelik watter probleme hy hulle op die hals gehaal het deur die vonkprop af te breek. Oom Louis was baie verbaas en Frans het verder verduidelik dat dit nou eintlik sy probleem was om die vonkprop verwyder te kry. Dadelik wou Oom Louis weet hoe hy dan veronderstel was om by die huis kom. Frans moes maar mooi verduidelik het dat die Kewer tot die volgende dag sou moes wag. Hy het alles in sy vermoeë gedoen om die motor weer aan die loop te kry en sy uiteindelike sukses het tot groot blydskap van Oom Louis gelei.
(Willie Ackerman)

**My verloofde verbreek die verlowing.**
Ek en Boesman du Toit het maar gereeld, terwyl ons op Kimberley gestasioneer was, vasgesit. Hy was nie ŉ maklik mens om mee oor die weg te kom nie. Ten spyte daarvan, was dit juis hy wat my na Klerksdorp gestuur het om lede daar, wat in vertrouens posisies was, te gaan aflos. Die Posbevelvoerder was toe ondersersant Les Bygate. Hy was ŉ oud-soldaat en voorwaar ŉ "*gentleman*." Ek het al ŉ geruime tyd op Klerksdorp afgelos en gedurende Augustus 1949 te Kimberley het ek agtergekom dat ek nog nie vir daardie jaar met verlof was nie. Intussen het my verloofde, wat in Durban woonagtig was, die verlowing verbreek en ek was "*down in the dumps*." Ek het na Durban gereis en haar gaan konfronteer oor haar besluit en dit het duidelik na vore gekom dat sy nie gediend was met die idee dat sy in Durban en ek in Kimberley gesit het nie. Na afloop van my besoek aan Durban het ek na Kimberley teruggekeer. My pa het intussen vir my by Oom Piet Uys losies gereël. Ek het later met sy dogter in die huwelik getree en drie stiefkinders begin grootmaak. Boesman du Toit wou ŉ stokkie voor die voorgenome huwelik gesteek het; tot so ŉ mate dat ek amper nie toestemming kon kry om met haar te trou nie. Majoor Jacobs, wat toe die Bevelvoerende Offisier in Kimberley was, het my egter gehelp want hy en my aanstaande skoonpa was goeie vriende gewees.
Boesman du Toit het sy houding teenoor my verander en hy het aanbeveel dat ek as sersant moes waarneem. Hans Visagie (later generaal), ene Scheepers en myself was toe die wyksersante tydens die verskillende skofte. Terwyl Boesman hom vir die bevorderingseksamen na hoofkonstabel voorberei het, moes ek hom by sy huis gaan besoek het. Hy het die wetsaspekte uit sy kop geleer en ek moes in die handboek gevolg het om te kyk of dit korrek was al dan nie. Gedurende hierdie tydperk het ek en Boesman groot vriende geword en gebly tot en met sy bevordering en verplasing na Johannesburg.
(Jan Vorster)

**Nuwe offisier sonder tande.**
In die middel tagtigs was ek as luitenant vanaf Bellville na Empangeni as kaptein bevorder. My nuwe pos was dié van Streeksoffisier. Die Vrydag het ek en my gesin in Empangeni aangekom en die Sondag het ons as gesin besluit om lyf te gaan natmaak in die see om af te koel. Die seewater was heelwat warmer in Natal as in die Kaap. Ons het die warm water geniet en het in die branders baljaar. Die eerste keer dat ek bewus geword het van die brander wat my, terwyl my aandag elders was, gerol het, was toe ek gat oor kop op die bodem van die oseaan aangerol het strand se kant toe. Dit was tydens my getuimel dat ek ook moes sien hoe my valstande uit my mond geval het. Ek het gegryp en gegryp en weer 'n keer gegryp, maar kon net daarin slaag om die boonste stel tande uit die water te red. Die onderste stel was weg. My onmiddellike gedagte het gegaan na die volgende dag wanneer ek by die Bevelvoerende offisier se kantoor moes gaan aanmeld het. Hoe sou dit lyk as ek papbek daar aan gekom het om die Bevelvoerende Offisier en die ander hoë offisiere te ontmoet? Direk na die ontmoeting met die B.O. het ek ŉ afspraak by die naaste tandarts vir ŉ nuwe stel tande gemaak. Die daaropvolgende twee weke het ek net die nodigste gepraat en bitter min geglimlag; alles in ŉ poging om my verdere verleentheid te bespaar. Die personeel het in dié tyd seker gedink ek was ŉ onvriendelike en norse offisier. Na die nuwe stel tande

kon ek tot hulle verbasing myself wees en dit geniet om met hulle te kommunikeer. Wonder na al die jare, of die onderstel tande toe vir een van die visse gepas het?
(Douglas du Randt)

**Wim se vals tande as I.O.U bewys.**
Een lang naweek het ek en Wim Pretorius nie geweet wat om met onsself te maak nie. Ons besluit toe om ŉ besoek by die Komati hotel af te lê. Wat kan jy nou meer doen as daar geen ander ontspanning vir jong mense op Komatipoort was nie? Ons het met *Redheart* rum begin en daarby gehou. Ons geld het opgeraak en ons het ŉ paar maal geld by die hostel gaan haal. Toe ons geld opgeraak het, wou Wim sy vals tande ingee as ŉ bewys vir 'n I.O.U (*I owe you*). Hiervan wou Oom Giel en Tannie Marie, wat agter die kroegtoonbank gewerk het, niks weet nie. Van die manne het toe ingewillig om vir ons drank te koop net sodat Wim nie sy tande moes uithaal nie. Ons het tot vroegoggend gekuier. Dieselfde oggend om sewe uur het hy my met ŉ sak in die hand kom wakker maak en gesê dat ons na die Komatirivier moet gaan. Toe ons buite kom, was sy motorfiets binne-in die Poinsettia boom geparkeer. Die boom het ook later, weens die beserings wat hy die vorige nag met die motorfiets opgedoen het, gevrek (alternatiewelik het die boom dalk gesneuwel weens ander gebeurlikhede waarvan ons nie kennis gedra het nie). Ons is toe af na die rivier waar ons op die klippe gaan lê het. Die volgende oomblik hoor ek ŉ geplons soos iemand wat in die water spring. Ek het omgekyk en gesien hoe Wim in die rivier, met sy seekoeie en krokodille, besig was om weg te dryf. Gelukkig kon ek hom gryp voordat hy te ver gedryf het. Toe ek hom op die wal neersit sê hy dat hy nie oor die krag beskik het om homself te red nie. Daardie aand was dit weer sulke tyd. Die slag het ons by die Spoorwegklub gaan kuier waar *Teacher* die kroegman was. Weer was die geld op en weer het Wim sy vals tande as I.O.U aangebied. *Teacher* wou tien dode sterf wanneer Wim sy tande uitgehaal het.
(Pieter Swanepoel)

**Lyke wat draad spring.**
In die sestiger jare in Durban was ek een nag as die vangwabestuurder gepos. Daardie jare was dit die gebruik dat die vangwabestuurder aandag aan alle misdaad, wat binne Durban stasie seksie gebeur het, moes gee. Laat nag het die aanklagtekantoor sersant my gekontak en meegedeel dat iemand hom geskakel het en gerapporteer het dat daar ŉ lyk naby Greenwood stasie gelê het. Ek kan nie meer onthou wie saam met my na die toneel gegaan het nie. Toe ons daar aangekom het, het die lyk langs die heining aan die Spoorweë se kant van die draad gelê. Ek het die lyk ondersoek maar kon geen tekens sien dat hy deur ŉ trein gestamp of aangerand was nie en net daar besluit ons om dit die SAP se saak te maak. Ons het die lyk netjies opgetel en aan die anderkant van die Spoorweë se grensdraad op die grond neergesit en al ons spore op die toneel uitgewis voordat ons terug gery het aanklagtekantoor toe. Sersant Coetzer was ingelig dat hy die Greenwoodpark SAP moes skakel want die lyk het aan hulle kant van die draad gelê. Toe hy die telefoon na die oproep neergesit het, het hy gesê: "Julle twee kansvatters! Dit was die SAP wat in die eerste plek oor die lyk geskakel het. Hulle het die lyk vanaf hulle gebied oor die draad in ons gebied getel en hulle wag vir julle by die lyk." Hulle het toe mooi gevra dat ons die saak moes aanvat. Die ou was nou wel gestamp maar hy het aan hulle kant van die draad beswyk. ŉ Geregtelike nadoodse ondersoek was, volgens hulle, vinniger as die ondersoek van ŉ strafbare manslag saak. So het die twee Magte mekaar van tyd tot tyd gehelp. (Andries Burger)

**Was julle gewaarsku?**
Ek kan nie meer presies onthou met wie die storie gebeur het nie, maar dit bly my tot vandag toe nog by. ŉ Klompie bergies het in die Kaap op die hoek van die straat by die Kaapstad stasie rondgelê. Kort-kort het die publiek die aanklagtekantoor geskakel en oor die bergies se teenwoordigheid gekla. ŉ Polisieman het dan ondersoek gaan instel en het hulle dan van die straathoek af verjaag. Wanneer die polisieman sy rug gedraai het, was die bergies maar weer terug waar hulle was. Nie lank nie of die publiek het weer geskakel en gekla oor die bergies. Later was die polisieman moeg vir die heen en weer gestap om die bergies te verjaag, en hy

besluit toe om hulle vir betreding te arresteer. Die volgende oggend in die hof het die polisieman getuig dat hy die bergies gewaarsku het, maar dat hulle nie wou luister nie. Toe die landdros die vraag aan die bergies stel of hulle wel gewaarsku was, het die een geantwoord: "Djou *honour* as f#@*off ʼn waarskuwing is, dan was ons seker maar gewaarsku."
(Emmie Gunter)

**Die spook in die wagkamer.**
Ek was by Sannieshof gepos en Hans Visagie was tegelykertyd by Barberspan stasie gepos met die doel om observasie te hou. Ons het by die onderskeie stasiemeesters tuis gegaan. Dit was winter en ysig koud. Die swart warmjas waarmee ons uitgereik was, was eenvoudig net nie warm genoeg om die koue buite te hou nie. Ek het snags agter die lampkamer by die stasie stelling ingeneem vanwaar ek die kantoor, waarin die brandkluis was, duidelik kon sien. Die stasieterrein was snags donker en geen persone was gedurende die nag aan diens nie. Hans was egter slimmer en het homself in die Stasiemeester se kantoor op Barberspan ingerig vanwaar hy observasie gehou het. Dit het vir my na ʼn blink idee geklink. Daar en dan het ek besluit dat ek voortaan vir my ʼn lêplek onder die banke in die ruskamer sou kry vanwaar ek observasie kon hou. Dit was baie beknop onder die bank, maar baie dit was beter as om die koue elemente daarbuite te moes trotseer.
Terwyl ek daar gelê het, het ek per geleentheid beide ʼn man en 'n vrou se stemme gehoor. Hulle het op die eerste trein gewag wat die oggend sou arriveer het. Die man het sy pyp aangesteek, maar dit was die aardigste tabak reuk wat ek nog geruik het. Die rook wou my maak hoes het maar ek het die hoes vir ʼn vale ingehou. Na ʼn rukkie het die vrou vir die man gesê: "Jong, dit voel vir my of daar nog iemand saam met ons in die wagkamer is." "Man, jy droom", het haar man haar gerus gestel. Met dié het ek aan't hoes en proes gegaan, maar ek het die geluid gedemp deur my hand styf oor my mond te druk. Die vrou het van die bank af opgespring en geskreeu: "Ek het jou gesê hier is ʼn spook." Ek kon nie meer my lag inhou nie. Voordat ek nog kon begin lag, was hulle soos blits uit die wagkamer uit. Hulle het die hele tyd buite in die koue gestaan totdat die trein arriveer het.
Al ons ongerief en koud kry was verniet. Een aand was die dief weer by die stasie, maar toe die speurder by die stasie met sy motor aangery gekom het, het hy op die vlug geslaan en was hy nooit gevang nie.
(Jan Vorster)

**Gebraaide organe.**
Deel van die indiensopleiding wat ek aan studente konstabels te Durban moes gee, was om hulle na die hof te neem en vertroud te maak met hofprosedures en die aanbied van getuienis. Die ander besoek was aan die Staatslykhuis aangesien die Spoorwegpolisie daagliks met lyke te doen gekry het. Ek en sersant Meyer, wat in bevel van die lykhuis was, was vanweë ons werksomstandighede, goed bevriend. ʼn Dag voor die besoek aan die lykshuis, het ek hom geskakel en die getal studente gegee wat besoek sou aflê. Ek het hom versoek om ʼn aantal skaapniertjies, lewer en harte aan te koop waarvoor ek sou betaal. Terwyl die distrikgeneesheer, ten aanskoue van die studente, die lykskouings uitgevoer het, het sersant Meyer die lewer, niere en harte gaar gemaak. Na afloop van die lykskouing het hy die opmerking gemaak dat die vorige dag se lykskouing goeie lewer, niertjies en harte opgelewer het, en dat hy dit intussen vir ons gaar gemaak het. Hy het ons dan ook almal uitgenooi om saam met hom te eet. Die jong lede was oortuig dat dit menslike organe was wat hy gaar gemaak het. Hulle het geweier om te eet en ek en sersant Meyer het aan die gebraaide organe gesmul terwyl die studente in alle rigtings gespat het. Party studente het vir dae geen vleis of vleispastei geëet nie.
(Andries Gouws)

**Het jy ʼn *code* 10?**
Met my verplasing in Desember 1974 vanaf die Kollege na Komatipoort was die posvlak van die Posbevelvoerder vanaf sersant na adjudant offisier verhoog. Dit was in die tydperk toe

Frelimo die bewind in Mosambiek oorgeneem het. Die vorige Posbevelvoerder, sersant De Jongh (een van 'n tweeling) en konstabel Hannes Haasbroek was die enigste twee blanke lede op die stasie. Verder was daar ongeveer twaalf swart lede, onder andere konstabel Ephraim Ndubane. Hy was 'n knap polisieman maar was deur 'n vorige Posbevelvoerder bederf aangesien Ephraim soms op sy plaas gaan werk het wanneer hy veronderstel was om aan diens te wees. Tientalle verbode immigrante het feitlik daagliks die RSA binnegekom deur of oor die Lebomboberge of deur die Krugerwildtuin te loop. Ephraim was baie handig met die ondervraging van die verbode immigrante aangesien hy Portugees magtig was. 'n Swakheid van Ephraim was dat hy egter baie gedrink het. Die ongehoorde gedrag het hy saam met 'n vorige Posbevelvoerder aangeleer. Ephraim het met sy privaat motor vanaf die Trustgebied gereis wanneer hy vir diens aangemeld het. Ek het hom dikwels oor sy drank misbruik aangespreek en hom vriendelik gewaarsku dat, indien hy vir diens sou aanmeld terwyl hy onder die invloed van drank was, ek hom vir dronkbestuur sou aankla.
Dit was rondom die feesgety in Desember dat my vriend by die S.A.Polisie, speurder-sersant Flip Lombard, my geskakel en gerapporteer het dat Ephraim onderweg na die stasie met 'n ander motor gebots het. Volgens hom was hy onder die invloed van drank. My opdrag aan Flip was om hom vir die naweek toe te sluit. Komatipoort het oor 'n periodieke hof beskik wat net elke Dinsdag in sitting was. Dit sou beteken dat Ephraim vanaf die Vrydagaand tot die Dinsdag in die selle moes deurbring. Die landdros, wat weekliks vanaf Barberton gekom het, het besliste opdragte gehad om die wanpraktyke wat by die hof geheers het, reg te ruk. Derhalwe was hy baie streng wanneer dronkbestuur sake en veral sake waarby polisielede betrokke was, voor hom gedien het. Ephraim het feitlik elke week voor hom in sake getuig en hy moes teen daardie tyd geweet het dat hy 'n polisieman was.
Toe Ephraim as beskuldigde voor hom verskyn het, wou landdros Olivier by hom geweet het wat se werk hy gedoen het. "Ek werk by die Spoorweg, edelagbare", het hy geantwoord terwyl hy op die grond voor hom gekyk het. "Wat se werk doen jy op die Spoorweg?", wou die landdros verder geweet het. "Ek is 'n '*cleaner*' by die polisie se kantore", het Ephraim 'n kans gevat. Ek is oortuig daarvan dat die landdros geweet het dat hy gelieg het, maar omdat hy so baie verbode immigrante gearresteer het, het hy hom oorgesien. Ephraim het 'n stewige boete gekry wat hy kontant betaal het en ek het hom ook nie departementeel vervolg nie. Hy het my verseker dat die naweek in die selle hom gewis van die drank laat afsien het. "Maar hoekom dan so? Ek het dan so baie gepraat en gedreig maar dit het niks gehelp nie", het ek my verwarring bekend gemaak. Toe vertel hy wat in die selle gebeur het.
Die eerste beskuldigde wat ná Dinsdag gearresteer was, was die landdros in die sel. Die volgende een was die aanklaer en die derde een was die hofordonnans. Soos wat die prisoniers in die selle ingeboek was, so was hulle deur die drie "amptenare" verhoor en gevonnis. In die sel was daar 'n afskorting met 'n skuins enkelmuur waar die emmer gestaan het wat as toilet gebruik was. Teen die mure was daar foto's van Liz Taylor en Richard Burton opgeplak. Net buite Komatipoort was daar 'n kampong vir die Spoorbaanwerkers. Wanneer 'n prisonier in die selle beland het, was hy gevra of hy 'n "*code 10*" gehad het. Feitlik elke aand was daar 'n hofsaak in die sel gehou. Die prisonier was ingelig dat hulle daardie aand 'n partytjie sou hou en dat hulle het vir Liz en Richard vir die partytjie oorgenooi het. Die kos wat hulle in die aand in die selle ontvang het, was die partytjiekos, maar hulle het bier vir die partytjie nodig gehad. Die prisoniers wat nie oor 'n *code 10* beskik het nie, moes dan teen die enkelmuur opklim, aan die tralies bo by die venster vashou sodat hy nie afval nie en dan trap bewegings met sy bene gemaak het asof hy 'n fiets ry. So was hy dan uit die erf van die polisiestasie na die sjebeen begelei. Die ordonnans het die pad beskryf soos wat hy na die kampong moes ry. Die storie gebeur dan soos volg. "Jy ry nou by Moosa se winkel verby." As die prisonier nie vir Moosa gegroet het nie, het hy 'n klap teen die kop gekry. "Hier stap 'n oubaas met sy hond langs die pad, slaan die '*bell*'", was die volgende instruksie. As hy nie die klokkie van_die fiets gelui het nie, het hy weer 'n klap gekry. "Jy kom nou by die *railway crossing.*" As hy nie 'n stopteken met sy hand gegee nie het nie, het hy weer onder die plathand deurgeloop. "Die *Railway Police* soek jy moet stop by die *crossing.*" Daarna het hy opdrag gekry om van die muur af te klim en teen die muur te gaan klop asof dit die deur van die sjebeen was. Hy moes dan die storie van die partytjie saam met Liz en Richard verduidelik

het. Dan moes hy weer op die skuins muur klim, maar dié slag met die emmer (die bier) agter op sy rug wat hy met een hand moes vashou. So was hy weer terug begelei totdat hy weer by die selle was. As die emmer geval en die gemors op die grond gespat het, het hy baie moeilikheid gehad.
Die ouens wat wel oor ŉ *code 10* beskik het, moes met Moosa se bus na die Trustgebied gery het om vroue vir die partytjie te gaan haal. Dieselfde proses het gevolg soos om na die sjebeen te ry, maar in dié geval moes hy met Moosa se bus gery het. Hy moes dan die geluid van ŉ bus nagemaak het en hy moes selfs die ratte gewissel het en wanneer hy nie ge"*double clutch*" het nie, het die klappe gekom. By van Niekerk se garage was ŉ busstop. As hy net stop sonder om te "*down gear en te double clutch*", het die houe neergereën en, natuurlik, as hy nagelaat het om die bus se klokkie te lui, was die beloning daarvoor onvermydelik.
Nadat ek my asem na Ephraim se vertelling herwin het, wou ek gehoor het of hy Moosa se bus of die fiets gery het. Dit was hier waar Ephraim se "bekering" van die drankprobleem plaasgevind het. Hulle het uitgevind dat hy ŉ polisieman was en wou hom aanrand. Hy het gelê en gekreun en gemaak of sy ribbes af was. Dit was sy behoud; hulle het hom daarna in vrede gelaat. Dit was die laaste keer wat hy in my dienstydperk op Komatipoort gedrink het.
(RB)

**Die blinde sambok.**
Ek en Tom Meintjies was gemoeid met die begeleiding van die spesie vanaf Kimberley na Bulawayo met die spesiewa. Aangesien die betaalmeester en Sam die kok ons in die kaboes vergesel het, moes ek en Tom saam op ŉ bank geslaap het. Dit was ŉ gesukkel om saam met die man te slaap. Die probleem was egter nie dat hy gesnork het nie, maar wanneer hy slaap het hy vryerig geraak. Hy vergeet dan wie saam met hom in die bed was en ek moes net keer vir my "*wickets.*" Partykeer het ek lus gehad en donner hom. Die liefdeswoordjies wat hy in sy slaap gefluister het, was genoeg om van te skreeu.
Met aankoms te Ramotse stasie het Tom opgemerk dat die ploegbaas by sy huis uitry. Tom was dadelik uit die kaboes en hy het gesê dat hy geweet het waar baie en ook heerlike biltong was. Ek het vir Tom na die stoep van die ploegbaas se huis gevolg en moes daar ontdek dat rye en rye biltong op die stoep teen die plafon gehang het. Tom het ŉ hele klomp van die stukke biltong verwyder. Ewe netjies het hy die biltong weer so gespasieer dat jy nie die gapings wat gelaat was, kon sien nie. Die biltong was versigtig in ons koffers gebêre. Die volgende oggend het die ploegbaas sy werkers gebring sodat hulle hul salarisse kon ontvang en baie gasvry, het hy vir elkeen van ons ŉ papiersak vol biltong gebring. Hy het gesê dat hy graag vir ons meer biltong sou wou gee, maar diewe het die vorige dag besoek by sy huis afgelê en van sy biltong gesteel. Ek en Tom het so skaam gekry dat ons nie die biltong wou aanvaar nie. Teen ons sin en gewete het ons maar die biltong geneem wat hy met so 'n goeie hart aan ons gegee het. Met die terugreis en met aankoms te Mafeking het die Doeane-beampte beslag op ons biltong gelê want daar was bek-en-klouseer wat die vervoer van vleis produkte oor die grens verbied het. Wat ŉ verlies. Daar het jy dit nou as ŉ mens steel. Die blinde sambok het sy deel gedoen.
(Jan Vorster)

**Anglo Boere-oorlog Gedenkprojek.**
Lede van die S.A.Spoorwegpolisie het ook ŉ groot bydrae op kulturele terrein gelewer. Generaal Marius van Vuuren was vir jare die Hoofvoorsitter van die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereeniging terwyl hy ook vir baie jare in ander hoedanighede in die A.T.K.V. gedien het. Hy was ook die Hoofkommandant van die S.A. Noodhulpliga terwyl polisie offisiere as kommandante in dié liga aangestel was. Luitenant kolonel Charles Channing was by die Afdelingshoofkantoor vir Streek Noord Transvaal in Pretoria gestasioneer. Hy het ŉ projek geïnisieer om fondse vir die Anglo Boere-oorlog Gedenkprojek in te samel. Die projek het ŉ aflos marathon vanaf Pretoria na Messina, ŉ afstand van 549km, ingesluit. Luitenant kolonel Lochner Fülscher was die afrigter en spanbestuurder. Lede wat aan die aflos deelgeneem het, was majoor Buks Meintjes, kaptein Dinky Boucher, luitenant Pierre Heyns, sersante J.J. Oosthuizen, H.H. Swartz. B.J. van Rensburg, konstabels J.C. van der Ryst, F.J. Breytenbach,

A.J. Smit, J.S.F. Blignaut. Die reserwes was konstabels L.J. van Rooyen en J.J. Swanepoel. Maandag 18 November 1985 om ses uur die oggend het die sestien lede die bloedige hitte van die Noorde getart toe hulle die lang pad na Messina aangedurf het. Die beplanning was dat hulle die afstand van 549km na Messina in vier dae sou aflê. Met hulle aankoms te Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit, Potgietersrus, Pietersburg, Louis Trichardt en uiteindelik Messina het hulle bo en behalwe die gasvryheid van die dorpe ook elke keer ŉ helde ontvangs van die publiek gekry. Die Burgemeesters van die onderskeie dorpe het hulle persoonlik ontvang en die projek ondersteun. Ten spyte van die Bosveldson se hitte, die eentonige gesing van die sonbesies en seer ledemate het hulle hul endbestemming veilig bereik. Na afloop van die marathon was die bedrag van een duisend Rand aan die Anglo Boere-oorlog Gedenkprojek oorbetaal.
(Dinky Boucher)

**Laat vir diens.**
Op 1 Mei 1947 het ek by die S.A. Spoorwegpolisie aangesluit en kort daarna was ek vir opleiding na die opleidingskollege te Kroonstad gestuur. My mede studente was onder andere Hans Visagie, wat later die Kommissaris van die S.A. Spoorwegpolisie geword het, Chris Lombaard later kolonel, Ben van den Berg, Mac Namara, Hennie Nel en vele ander wie se name ek nie almal kan onthou nie. Na ons kollege opleiding was sommige van ons na Durban stasie gestasioneer en ek by Durban Punt. Hoofkonstabel Kotze was die Posbevelvoerder by Durban stasie met sersante (klas1) Bailie en Nortje as die wyksersante. Die Waterpolisie bevelvoerder was sersant klas(1) Mader wat ŉ baie befoeterde man en ŉ oud soldaat was. Onder-sersant Len Reyneke was die aanklagtekantoor-sersant.
Die Zoeloes kon steel, maar om hulle te arresteer was nie altyd so maklik nie, veral nie as jy nie ŉ groot en sterk ŉ polisieman was nie in die geval waar ŉ goeie geveg uitgebreek het. Een oggend terwyl ek oggendskof moes werk, het ek verslaap. Blitsvinnig het ek aangetrek en oppad werk toe het ek aan ŉ geloofwaardige verskoning gedink wat ek kon voorhou as rede vir my laatkommery. Om laat te wees vir diens was in ŉ baie ernstige lig gesien. Dié oggend het dit saggies gereent. Om by die stasie uit te kom moes ek deur ŉ draad heining klim en dit was net mooi daar waar ek ŉ groot Zoeloe opgemerk het. Hy het pas deur die draad heining geklim en ŉ kartondoos op sy kop gesit en verder gestap. Onmiddellik het ek die verskoning gehad waarna ek gesoek het. Ek het die verdagte genader en hom versoek om die inhoud van die kartondoos uit te haal sodat ek daarna kon kyk. Daar het die Zoeloe summier geweier en ek het geen ander uitweg gehad as hom met geweld te oorreed nie. Net daar het die Zoeloe besluit dat die tengerige polisieman hom nie sonder ŉ geveg gaan vat nie. ŉ Stoeigeveg het ontstaan en ons het verskeie kere op die grond beland. Dit was ook nie lank nie of ek en hy was van kop tot tone met modder besmeer. Maar soos dit ŉ goeie en pligsgetroue polisieman betaam, het ek die oorhand gekry en hom in boeie geslaan. Nou kon ek die inhoud van die kartondoos sonder enige inmenging deeglik ondersoek het. My vermoede was reg. Die houer was vol gesteelde goedere. Daar het ek toe my verskoning waarom ek vir diens laat was.
Baie tevrede met myself het ek en die verdagte die paadjie na die aanklagtekantoor aangepak. By die aanklagtekantoor aangekom, het hoofkonstabel Kotze my ingewag en sonder om enige vrae oor die geboeide man te vra, het hy eerder gevra: “En waarom is jy laat vir diens?” Ewe kordaat het ek geantwoord dat ek nie laat was vir diens nie; in teendeel, ek het die verdagte opgemerk toe ek besig was om observasie te hou en daar was ek met my beskuldigde. Dit was duidelik dat die hoofkonstabel nie baie in sy skik met my storie was nie.
(Jan Vorster)

**That is no excuse.**
ŉ Paar van die onder sersante was terugkerende soldate wat hoofsaaklik Engelssprekend was. Hulle moes binne twaalf maande Afrikaans onder die knie kry om sodoende hulle range te kon behou. Die terugkerende soldate het ŉ kursus van ses weke in Kroonstad deurloop. Saam met ons op die skof was daar ŉ jong boer wat met sy vader stry gekry het en nie van voornemens was om van die polisie ŉ loopbaan te maak nie. Hy was hy baie astrant en het

die dissipline moeilik aanvaar. Een van dié Engelssprekende onder sersante was vreeslik moeilik maar kon nie Afrikaans praat of verstaan nie. Die jong plaasboer het glad nie sy stewels, knope en kentekens skoongemaak of sy broek gestryk nie. Ons tree vir diens aan en die sersant inspekteer ons. Hy vra aan die vuil konstabel: "*Why are your boots en buttons so dirty"*? "Gaan k#k sersant" sê hy, waarop die sersant antwoord: "*That is no excuse, you still have to clean them*."
(Andries Gouws)

**LEDE SE HERINNERINGE**

**My kort reis.**
Ek was 'n rekruut en ek dink dit was my tweede dag in die Mag toe ek saam met konstabel Frey in die aanklagtekantoor op Kaapstad stasie gewerk het. Twee aansienlike dames het die aanklagtekantoor binnegestap met foto's wat hulle by die foto kiosk op die stasie geneem het. Hulle het dit vir een of ander amptelike dokument nodig gehad. Ek kan nie onthou of die foto's vir 'n permit of 'n paspoort was nie. In elk geval, Frey was besig met iets en het vir my gesê: "Pikkie, stempel net gou die foto's vir die dames", waarna hy die stempel na my kant toe oor die toonbank geskuif het. Ewe kordaat het ek die stempel en gevat en "whap!!" stempel ek die polisie stempel op die foto's. Niemand het egter vir my gesê dat die stempel moes op die agterkant van die foto's, en nie op die voorkant nie, gewees het. Ai, was die anties vir jou ontsteld gewees?! Frey het geweet dat luitenant Kritzinger in die omtrek was. Hy het vinnig geld uit sy sak gehaal en vir hulle gegee om ander foto's te gaan neem net om hulle so vinnig as moontlik uit die aanklagtekantoor te kry voordat die luitenant dalk daar ingestap het. Ek was darem erg verleë oor daardie voorval.
Daar was so baie lede wat in die kort tydjie wat ek in die Spoorwegpolisie was, 'n indruk op my gemaak het. Ek dink vandag met heimwee terug aan hulle. Hulle doen en late bring vandag nog 'n glimlag na my mond. Ek lag oor hulle – nie vir hulle nie. Ek dink onwillekeurig terug aan sersant Porky van der Merwe wat in die aanklagtekantoor gewerk het en Konstabel Pace en sy span wat spoedoortreders met die stophorlosies in Duncanweg gevang het. Sersant Rabe was so maer soos 'n riet, maar het ongelooflike sterk drukkrag in sy hande gehad. Konstabel Wiid, wat ook Skipper op die Loerie was, en Boney van der Westhuizen wat, so lank as ek kan onthou, waarnemende sersant was. Sersant Alec van der Horst met konstabel Keller, Koos Etsebeth en Daphne Heyns - Daphne het van tyd tot tyd tussen die span en Kaap stasie geroteer - die hoerspan soos hulle dit genoem het. Hulle het die prostitute in die hawe aangekeer. Hulle het talle kop en skouer grootte foto's van elke bekende prostituut, wat in die hawe gevang was, in albums gehad. Dit was ongelooflik om te sien uit watter vlakke van die samelewing party van hulle gekom het.
Daar was Freddie se broer, Johan, - Galoopie soos ons hom genoem het - wat later aan sy hart dood is. Hy het net eenvoudig gewig opgetel tot sy hart ingegee het. Om nie te vergeet van H.C. De Waal met die boeremusiek orkes nie. Bellville stasie het weer sersant Grobbelaar - Freddie se Pa - gehad en sersant Ludick wat op nagskof die hele nag met 'n onaangesteekte sigaret gesit het. Hy het gesê hy hou op met rook en op die manier geniet hy die smaak sonder om te rook. Teen die einde van die skof was daai sigaret een pappery. Die Posbevelvoerder was adjudant offisier Mostert met adjudant offisier Kachelhoffer as sy tweede in bevel. Beide van hulle was so netjies met daardie stokkie wat die offisiere en adjudant offisiere gedra het. Dan was daar Jorrie Jordaan met sy hond wat nie 'n mes of vuurwapen kon verdra het nie. Niemand moes die fout maak om 'n wapen uit te haal as die hond - ek dink sy naam was Kannas - naby was nie. Sersant Van Reenen, hondehanteerder, het later jare doof geword en ek het een keer 'n berig in die koerant gesien dat hy 'n inplanting gehad het. Ek het hom daarna by 'n inkoopsentrum raakgeloop waar hy met die ding wat hulle in sy skedel ingeskroef het, geloop het - hy kon darem weer hoor. So was daar maar dinge wat 'n mens soms laat pootjie het, maar dit was goeie tye. En die hartseer ook – soos toe Sersant Slabbert en Kit van Rensburg, wat met die vangwa in die water by die Landingsmuur beland het, so onnodig omgekom het.
Die oggend toe ek aan diens gekom het om die misdaad verslae af te rol, het ek die rapport van Kit se dood gelees. En Kit was altyd so bang vir die water, alhoewel hy baie op die Loerie

gewerk het. O ja, die vingerafdrukman en fotograaf, sersant Herbie Johnson, kan ek nou ook onthou. Ek het hom jare later weer raakgeloop, getatoeëer en ‘n motorfietsryer van formaat. Dit was natuurlik ook 'n hartseer saak as ek dink aan van die ou manne waaroor ek uitgevra het en moes hoor: "Nee, hy is 'n bergie op Kaapstad stasie" of "Ek het hom laas iewers gesien bedel." As daar net 'n manier was om hulle almal te kon bereik, maar vir party was die afdraande pad al so ver en diep dat hulle moontlik nie eens sal wil terug klim nie.
(Marius Avenant)

**Die Minister se veiligheidswag.**
Ek was vanaf 1974 tot 1986 as adjudant offisier te Pretoria, die amptelike veiligheidswag en motorbestuurder van ministers Lourens Muller, Chris Heunis, Hendrik Schoeman en E.vd. M Louw. Ek wil graag minister Hendrik Schoeman, sy gade en gesin uitsonder omdat hy en sy gade beide gemaklike en joviale persone was. Hulle het altyd die personeel en hulle gesinne laat tuis voel wanneer hulle in hul midde was. Dit het vir ons gevoel of ons deel van hulle gesin was. Die ministerspaar was vir ons soos ouers weg van die huis af. Ek het saam met mnr. Schoeman heelwat snaakse en lagwekkende gebeurtenisse beleef. Ek sonder graag 'n paar daarvan uit wat vir my oor die jare uitgestaan het.
Mnr. Schoeman was 'n motorfiets entoesias en het graag ontbyt ritte saam met vriende en lede van die publiek onderneem waartydens ek as veiligheidswag hom moes vergesel het. Op daardie stadium het ek 'n 750cc *Suzuki* 3 silinder 2-slag motorfiets besit. Mnr. Schoeman het altyd negatiewe kommentaar oor my lelike motorfiets gehad en gesê: "Met 'n adjudant offisier se salaris kan jy seker niks beter bekostig nie." Een oggend, nadat ek hom opgelaai het op pad kantoor toe, het hy gevra dat ek by Bobby Scott, 'n motorfiets handelaar, moes stop sodat ek hom kan help om 'n nuwe motorfiets te kies. Mnr. Schoeman het gesê dat hy dink dit was tyd om vir hom 'n ander motorfiets aan te skaf. Hy het toe alreeds 'n *BMW*, *Kawasaki* en *Dukati* besit. Ek het voorgestel hy koop 'n *Suzuki* XS 11 wat hy toe ook gedoen het. Die Vrydagmiddag was ons terug na Bobby Scott waar hy my afgelaai en gesê het: "Geluk, ou maat, nou het jy 'n ordentlike motorfiets waarvoor ek my nie hoef te skaam nie."
Ek het nie 'n *grand* Venter sleepwa besit nie. Myne was een wat ek sommer self gebou het. Tydens 'n naweek wat die Eerste Minister, meneer John Vorster, ook op minister Schoeman se plaas, Byna Bo sou wees, het mnr. Schoeman besluit dat dit tyd was om 'n hoëtroustel vir die plaas aan te skaf. Ons het die stel gaan uitsoek wat ek later die Vrydagmiddag in my sleepwa gelaai het ten einde dit plaas toe te neem. Die privaat sekretaris, sy gesin asook die twee sekretaresses het met "my kar" (amptelike voertuig) plaas toe gery. Ek en my gesin het met my privaat kar en die sleepwa, met die hoëtroustel agter op, afgesit plaas toe. Onderweg op die N4 snelweg het ek in my truspieël gekyk en kartonne deur die lug sien vlieg. Nodeloos om te sê dat daar niks van die hoëtroustel oorgebly het behalwe vir 'n paar plankies nie. Ek het toe maar die plankies bymekaar gemaak en in die sleepwa gelaai. Op die plaas aangekom, het ek die minister om elke hoek en draai probeer vermy. Intussen het een van die sekretaresses, sonder my medewete, reeds die tragiese nuus aan die minister oorgedra. Mnr. Schoeman het kort-kort vir my gesê ek moet die hoëtroustel opstel sodat "die *prime* ", soos wat daar na Eerste Minister John Vorster verwys was, kon hoor hoe dit speel, maar daardie *Bangen Oelofsen* sou nooit weer speel nie. Die Maandag op kantoor het die minister vir my gesê hy wil vir hom ook 'n sleepwa koop en ek moet by *Jurgens* brosjures gaan haal. Mnr. Schoeman het toe 'n sleepwa gekoop en aan my geskenk en die hoop uitgespreek dat die volgende hoëtroustel sy bestemming veilig sou bereik.
Op 'n ander geleentheid het ons 'n padopening seremonie in George bygewoon waartydens die Kabinet 'n geskenk aan die Eerste Ministerspaar oorhandig het. Na die funksie was ons soos gewoonlik laat vir ons vlug vanaf George na Kaapstad. Mnr. Schoeman was 'n *Mercedes* liefhebber en ek het weer voorkeur aan 'n *BMW* gehad. Tydens hierdie geleentheid het die Staatsgarage 'n *BMW 745i* aan ons beskikbaar gestel. Mnr. Schoeman het my aangehits om te wys wat in hierdie *BMW* steek toe ek hom begin aanjaag sodat ons darem nie té laat vir ons vlug arriveer nie. Hy het soos altyd voor in die motor gesit en die privaat sekretaris en mev. Schoeman agter. Mev. Schoeman was toe alreeds met 'n chroniese siekte gediagnoseer wat balans versteurings meegebring het en het met haar kop teen die rugleuning van die

agterste sitplek gerus. Hier moet ek net noem dat mev. Schoeman 'n baie statige dame was wat jy altyd deur 'n ring kon trek. Haar hare het sy permanent in 'n bolla gedra en daar was nooit 'n haar uit sy plek nie. Om terug te kom tot die verhaal, die vroue vereniging van George het aan mevrou 'n roomkoek geskenk wat agter in die venster neergesit was sodat dit nie kon beskadig nie. Dit was winter en die pad was nat. Met my poging om betyds by die lughawe te kom, het ek 'n draai teen 'n hoë spoed ingegaan. Ek het besef dat ek hard sal moet rem om veilig deur hierdie skerp draai te gaan. Met die room koek heeltemal vergete het ek hard gerem wat die ABS remme geaktiveer het. Die volgende oomblik het die gewraakte roomkoek soos 'n patroon uit 'n geweer tussen mevrou en Hennie die sekretaris deur gevlieg gekom. Mevrou se bolla was egter ongelukkig in die pad van die voortsnellende koek. Dit het mevrou se bolla getref en dit heel uit posisie geskuif en dit selfs met 'n paar blertse room versier. Die koek het uiteindelik tussen die minister se voete te lande gekom. Hy het terug gekyk en geskud soos hy lag, sonder dat daar 'n geluid uit sy mond gekom het. Mevrou was nie 'n aggressiewe persoon nie maar hy het geweet hy sal in die sop wees sou hy dit waag om hard op te lag. Ek was self dik van die lag maar 'n man moet mos maar sy "*pose*" hou. Mnr. Schoeman het dadelik die humor in die situasie herken en na vele proese om die lag te onderdruk, het hy die ys gebreek deur te sê: "Stellie, nou is jy geroom." Nodeloos om te sê ons het almal uitgebars van die lag.
Dit het die Minister baie genot verskaf om vir my geskenke te koop. Ons moes 'n funksie in die Lourens Muller gebou in Kaapstad hawe bygewoon het. Die drag was "*smart casual*" en 'n inkopie tog was in Adderleystraat onderneem. Mnr. Schoeman moes 'n sport baadjie vir die geleentheid aanskaf. In *Stuttafords* het hy 'n wit sport baadjie gesien en my oortuig dat ek goed daarin sal lyk. Teen my sin was dit toe gekoop met die verstandhouding dat ek dit die aand na die funksie moes aantrek. Tydens sy toespraak was ek welkom geheet en het hy tot groot vermaak van die gaste aangekondig dat hy deur 'n *ice cream boytjie* die aand vergesel is, verwysend na my wit sport baadjie. Dit was ook die laaste sien van die blik kantien. Die baadjie het sy weg gevind na die een of ander welsyn organisasie.
Minister Schoeman was 'n spoedvraat. Dit was alom bekend onder parlementslede, die publiek en die media was ook deeglik bewus van hierdie feit. 'n Lid van die opposisie het by die Eerste Minister gaan kla dat minister Schoeman, as die minister van Vervoer, nie 'n voorbeeld aan die publiek stel nie. Hy verwag dat die publiek die verkeerswette en regulasies moet gehoorsaam maar hyself jaag soos 'n besetene. Minister Vorster ontbied hom toe na sy kantoor om die klagte met hom te bespreek. Soos dit 'n man van my posisie betaam, het ek buite die kantoor se deur gestaan en wag. Skielik gaan die deur oop en word ek na binne ontbied. Daar staan ek en weet van geen sout of water nie toe die minister aan die "*prime*" sê: "Meneer die Eerste Minister, wil u nie asseblief met Choppie praat omdat hy so jaag nie. Ek het al telkemale met hom gepraat, maar hy wil nie na my luister nie."
Tydens parlement sittings het ons polisiebeamptes diens in die Parlement gedoen. Die reëling was tweeledig. Ten eerste as sekerheid en ten tweede indien die minister jou vir een of ander doel sou benodig. Tydens 'n debat sessie het mev. Helen Suzmann, as lid van die opposisie en ook die enigste vroulike parlementslid, die Regerende party weer harde bene laat kou oor bepaalde wetgewing. Die Parlementsbode het aan my 'n nota oorhandig wat die minister vir my gestuur het. Dadelik dink ek hy wil dalk hê ek moet iets vir hom gaan doen of gaan haal. Ek vou die nota oop en lees die volgende: "Choppie, kyk hoe '*floor*' ek nou hierdie ou vrou" - met verwysing na mev. Suzmann.
Tydens wetgewing wysigings het mnr. Schoeman aan mnr. Wors Raw 'n kas wyn aangebied indien hy die wysigingswet sou ondersteun. Die Speaker van die Volksraad het die Minister tot orde geroep en die agbare lid gemaan dat hy nie die lede mag omkoop nie. Ek en mnr. Schoeman was laataand vanaf sy kiesafdeling in Sutherland na Pretoria onderweg. Die moegheid en vaak het my oorval en die Minister het daarop aangedring dat ek 'n rukkie op die agterste sitplek moes ontspan en 'n bietjie slaap. Hy klim toe agter die stuur van die *Mercedes Benz* in en doen sy beeld as spoedvraat gestand en laat waai. Ek dink dit was iewers in die Vrystaat toe ons deur 'n spoedlokval gery het. Die man met die Bethlehem ster op sy bors spring in die pad en beveel die Minister om te stop. Die verkeersman is moeilik en luidrugtig want ons was teen 'n redelike hoë spoed deur die lokval. Dit is toe dat die Minister vir die

verkeersman vra: "Weet jy wie lê en slaap op die agterste sitplek?" "Nee" sê die verkeersman, "hoe sal ek nou weet?" "Wel, meneer, dit is minister Hendrik Schoeman, die minister van Vervoer en hy is vanaand glad nie in ŉ goeie bui nie. Wil jy hê ek moet hom wakker maak?" "Nee, beslis nie", antwoord die man toe, "ry en hou asseblief tog net by die spoedgrens." Die minister het lekker oor die voorval gelag wanneer hy dit oorvertel het.
My jare in die skadu van die Ministers was vir my en my gesin van onskatbare waarde. Ons het plekke gesien en dinge beleef wat ons andersins nie sou nie. Sou ons kon teruggaan in tyd sou ek steeds dieselfde loopbaan keuses gemaak het en sou ek weer 'n loopbaan in die SA Spoorwegpolisie oorweeg het. *No regrets.*
(Choppie Myburg)

**Vanuit Skotland.**
Baie kere dink ek nog met heimwee terug aan die goeie en interessante jare wat ek as lid van die S.A. Spoorwegpolisie ervaar het. My dienstermyn in die S.A.Spoorwegpolisie het gestrek vanaf 1977 tot 1982. Gedurende Januarie tot Julie 1978 het ek my basiese opleiding by die Spoorwegpolisiekollege te Esselenpark deurloop. Ek was in peloton 129 en sersant Rudi Strydom was die pelotonsersant. Johan Lotriet, as ek reg onthou, was pelotonsersant van peloton 125. Aan die einde van my basiese opleiding het ek die trofee vir die Beste Musiekstudent verower - iets waarop ek baie trots was. Na afloop van my kollege opleiding was ek as konstabel na Johannesburg stasie verplaas. Daar het ek saam met Pop du Toit, Abel Luus en verskeie ander lede remissie gery. Dit het so gewerk.
Drie staal kluise was agterin die polisievangwa vasgeketting. Die bemanning was twee konstabels; een die bestuurder van die voertuig en die ander een was sy passasier. Dan was daar ŉ tweede voertuig met ‘n sersant en ‘n konstabel wat as die begeleidingsvoertuig gedien het. Dit was ook verbode om onderweg enige eet- of drinkgoed by enige kafee of winkel te koop. Die rede was dat die eet- of drinkgoed “gedokter” kon word om die lede se paraatheid te beïnvloed. Daar was twee remissie roetes; die Oos Rand wat stasies tot so ver as Springs ingesluit het, terwyl die Wes Rand roete al die stasies in Soweto en Lenz ingesluit het. Die geld wat die betrokke kaartjieskantore gedurende die vorige dag en nag ontvang het, was in ŉ geldsak verseël. Met aankoms by die onderskeie stasies was die remissievoertuig asook die begeleidingsvoertuig deur twee lede bewaak, terwyl die ander twee lede die kaartjiesklerk vanaf die kaartjies kantoor na die remissievoertuig begelei het. Die begeleiding het soms geskied terwyl daar honderde passasiers op die stasies teenwoordig was. Elkeen van die lede, met uitsondering van die bestuurders, was met sywapens en ŉ 9mm HMK en twee magasyne uitgereik. Die voertuie op die roete was deurentyd in radio verbinding met die aanklagtekantoor op Johannesburg stasie.
Met aankoms by die remissievoertuig het die kaartjiesklerk die verseëlde geldsak in die kluis geplaas en die konstabel het vir die sak geteken. Daarna het die voertuie na die volgende stasie beweeg. Elke dag was dieselfde roete gevolg. Wanneer al die stasies se geldsakke opgelaai was, het die voertuie na Johannesburg stasie teruggekeer. Met aankoms by die stasie was die staalkluise na ŉ brandkluis geneem waar dit vir die nag toegesluit was. Honderde duisende Rande, veral aan die einde van die maand, was daagliks so vervoer. So ver my kennis strek was geeneen van die remissievoertuie ooit aangeval of beroof nie.
Gedurende 1979 was ek as waarnemende sersant na New Canada stasie verplaas. Dit was ŉ nuwe uitdaging vir my. Konstabel Loubius, wat gereeld as konstabel in die aanklagtekantoor diens gedoen het, het my baie omtrent die verantwoordelikhede van die aanklagtekantoorsersant geleer. Ek onthou nog die voorval op New Canada stasie toe ek eendag op 'n blik afgekom het wat in die hoek van die mans toilette gelê het. Toe ek die blik oopmaak, het my oë onmiddellik erg begin traan. Dadelik het ek besef dat die inhoud van die blik niks anders as traanrookpoeier was nie. Toe die vonds aan die ander lede bekend geword het, moes jy wakker loop. Gou was die poeier tot groot vermaak en irritasie teen die kollegas aangewend. Selfs nie die Bybel van die aanklagtekantoor, die voorvalle boek, was gespaar nie. Sodra die voorvalle boek oopgeslaan was om ŉ inskrywing in te maak, het die trane begin geloop. Na ongeveer 'n week of wat het die kaptein van die middel uitgevind en moes ons dadelik daarvan ontslae geraak het.

In 1980 het die S.A. Spoorwegpolisie blaasorkes, onder leiding van luitenant (later luitenant kolonel) Dennis Wells, professionele status bereik. Ek was een van die eerste lede wat na die orkes wat te Esselenpark gesetel was, oorgeplaas was. ŉ Orkeskamer was langs die swembad ingerig waar ons daagliks onderrig van luitenant Wells ontvang het. In die dieselfde jaar, 1980, het ek aansoek gedoen om as drywer van die gepantserde voertuie wat as Chris en Kobus gedoop was, opgelei te word. Ons was twaalf lede van die S.A. Spoorwegpolisie wat opleiding in Treinbedryf regulasies ontvang het, ten einde ons in staat te kon stel om die pantservoertuie op die spoorlyn te dryf. Na afloop van die opleiding was ek, Doepie, Krause en sersant Nick O'Kelly in die noorde van Suidwes Afrika ontplooi waar ons met Kobus die spoorlyne gepatrolleer het. Ons was 'n maand of wat daar toe die hidroliese stelsel van Kobus probleme veroorsaak het en ons na die Republiek teruggekeer het. Gedurende 1981 het ek, nadat ek by Dan Maritz as tweede in bevel van die orkes oorgeneem het, as adjudant offisier waargeneem. Gedurende Julie 1982 het ek die S.A.Spoorwegpolisie bedank en ander werk gaan soek het. Ek en my Engelse vrou, Susan, het in 1987 na Skotland verhuis. Intussen het ek 'n hele klomp verskillende werke gedoen, maar op die ou end is ek maar weer 'n polisieman. In 2006, 28 jaar nadat ek my eerste polisie opleiding ontvang het, was ek weer ŉ polisieman; hierdie keer in Skotland. Op die ouderdom van 46 jaar, toe ek by die *Lothian & Border Police* in Skotland aangesluit het, was ek die oudste rekruut wat nog ooit aangesluit het. Sedertdien het die Skotse polisiediens verskeie rekrute aangeneem wie ouer as ek was. Ek is nou weer 'n konstabel, hierdie keer in 'n baie kouer land en deesdae sonder ŉ geweer!
(Frans Visser)

**"I shot you."**
Ek het in 1949 by die S.A. Spoorwegpolisie aangesluit en was toe op Congella gestasioneer. Bo en behalwe die ranggeerwerf, twee stasies en goedereloods wat gepatrolleer moes word, was daar ook Maydon kaai wat in drie patrollierondtes verdeel was. Die ranggeerwerf, stasies en die loods was ook in ŉ aantal rondtes verdeel. Elke rondte het sy eie spesifieke besoekpunte gehad met voorafbepaalde tye tussen die punte en bewaar jou lewe as jy een minuut laat by ŉ spesifieke punt opgedaag het. Dan was daar die algemene patrollies waar jy volgens jou eie diskresie gepatrolleer het met ŉ besoek aan die aanklagtekantoor elke twee ure. Ons het drie skofte gewerk. In daardie jare was jy op die oggend- en middag skof slegs met jou knuppel bewapen. Net wanneer jy nagdiens gewerk het, was jy met of ŉ .38 of ŉ .45 rewolwer uitgereik.
Op ŉ dag toe ek op die middagskof op algemene patrollie gepos was, het ek die hele gebied tot om ongeveer agt uur die aand gepatrolleer. Op daardie stadium was ek naby die droogdok in die hawe gewees. Tussen die kaai en die rangeerwerf was daar baie fabrieke en elke fabriek het sy eie kampong vir sy werkers gehad. Daar was min straatligte aangesien baie min van die fabrieke gedurende die nag gewerk het. Die betrokke aand net na agt uur, het ek rustig vanaf die droogdok na die aanklagtekantoor, wat ongeveer ŉ kilometer ver was, gestap. ŉ Konstabel Strauss, wat die kaai gebied gepatrolleer het, besluit toe om ŉ entjie saam met my te loop. Ons het ongeveer ŉ blok ver gevorder toe ons by vier swart mans en twee swart vrouens, wat onder ŉ lamppaal gestaan en gesels het, verby gestap het. Ons was so halfpad oor die dwarsstraat toe ek hoor dat een van die mans iets sê. Hy het net iets gemompel en ons het verder gestap. Toe ons aan die anderkant van die pad kom waar dit toe stikdonker was, het daar ŉ swart man voor ons opgespring en hy het ŉ handvol sand in ons oë gegooi. Ek het ŉ tree terug gegee en my knuppel uitgepluk en geslaan dat dit bars om myself te verdedig. Strauss het ook terug gespring en toe hy maak of hy sy vuurwapen uithaal skreeu hy: "*I shoot you*!", maar die swart man het toe eers gestorm en weer skreeu het hy geskreeu: "*I shoot you*!" en toe "*I shot you*!"
My helmet het sagte kolle op gehad soos hulle my met die kieries gemoker het. Ek kon dit toe nie help om uit te bars van die lag vir sy "*I shot you*" nie. Ek slaag toe daarin om my polisie fluitjie uit te kry om hulp te ontbied. Strauss het omgedraai en weggehardloop. In daardie jare moes ŉ polisieman wat hulp nodig gehad het, drie maal hard op sy fluitjie geblaas het. Twee of drie van die swart mans het agter hom aangehardloop en hom goed gefoeter. Na ŉ rukkie

het die hele spul van hulle verdwyn en toe kom Strauss al kreunend nader gestap. Ons was baie gelukkig om net knoppe op ons koppe en blou kolle op die lywe te hê.
Johan Venter (80)
*Oom Johan is op 8 Augustus 1930 te Bethlehem gebore. Op die ouderdom van vyftien jaar en vier maande sluit hy by die Jeugbrigade van die destydse 1 Spesiale Diens Bataljon aan. Hy het altyd gehoop dat iemand hom in die tagtig jaar sal soek. Met die berig wat in die Huisgenoot van 11 November 2010 onder die artikel "Waar in die wêreld" verskyn het, was sy wens bewaarheid toe ek daar na oud lede van die SASP gesoek het. Hy was van Julie tot Desember 1950 in die Kollege te Kroonstad en was die pelotonleier van peloton 29A. In April 1951 het hy sy ontslag gekoop. Daarna was hy by verskeie Brandweerdienste in die land werksaam. Hy was onder andere hoof van die Brandweerstasies te Randburg, Klerksdorp en op Springs waar hy afgetree het.*
*(RB)*

**Beste student**
Ek is op 14 Februarie 1931 te Gobabis gebore. My ouers het later na die Republiek verhuis en ek het na skool by die S.A..Spoorweë aangesluit waar ek vir twee jaar as junior klerk by die Padvervoerdienste te Vryheid gewerk het. Selfs as junior klerk het ek dikwels die senior klerk in die Stasiemeester se kantoor afgelos wanneer hy met verlof gegaan het. Gedurende 1949 het ek by die S.A. Spoorwegpolisie aangesluit en was op Johannesburg stasie gestasioneer. In 1950 het ek vanaf Januarie tot Junie my opleiding by die Kollege te Kroonstad deurloop. Ons was ongeveer een-honderd-en-sestig studente onder opleiding waarvan ŉ aantal van hulle terugkerende soldate was. Saans moes die ligte in die bangalows om nege uur uitgedoof word. Ek het dan ŉ kombers oor my bed gegooi en op ŉ kombers onder die bed gaan lê en met kerslig tot laat in die aand gestudeer. Ons het ses eksamens tydens die kollege opleiding afgelê. Vir vyf van die vakke het ek 100% gekry en die laaste vak 98%. Hierdie punte het gemaak dat ek die hoogste punte vir die betrokke inname behaal het, wat aan my die titel van "Die Beste Student" besorg het. Na Kollege was ek na Durban Punt verplaas. Bevordering was in die tyd baie stadig; talle lede wat reeds die bevorderingseksamens geslaag het, het op aanstelling gewag. Daarvoor het ek nie kans gesien nie. Ek het juis by die polisie aangesluit om vinnig vordering te maak. ŉ Paar maande later het ek my ontslag gekoop en deeltyds by die *Rand Bussiness College* in Johannesburg gestudeer waar ek matriek geslaag het. Later van jare het ek as rekenmeester by verskeie firmas gewerk waar ek as geoktrooieerde maatskappy sekretaris afgetree het. Ek het steeds die knuppel wat as Beste Student aan my oorhandig was.
Frikkie van Deventer (79)
*Oom Frikkie het die berig in die Huisgenoot van 11 November 2010 onder die artikel "Waar in die wêreld" gelees en my geskakel. ŉ Foto van oom Frikkie met die knuppel vir die beste student is geneem en die heerlikste melktert was deur die tannie voorgesit*
*(RB)*

**My journey.**
It was during 1975 that I left school with a standard eight education. I left school and seeked employment. My father could no longer afford putting me through school. I worked on the ship selling cool drinks to visitors from the Transvaal. I subsequently joined a clothing factory and then a mattress factory. One day when I jumped off the train at Phoenix station, I greeted our friendly stationmaster, Mr. Venter, and told him that I wanted to join the S.A. Railways Police. I went to the Poynton House on three occasions but was chased away each time. He, being a major in the army commandos, called the recruiting officer and put in a good word for me. I went through all the tests and was attested on the 3rd of March 1976. On the first day when I arrived at Point police station, I went into the NON WHITE corner of the charge office and was writing my pocket book. At this time Sergeant Daantjie Van der Mescht came to me and told me: "Staan reguit op, of ek bliksem jou." That shocked me and I wanted to run away. I stood up and he told me all the drills. I went to the training college in Point and was tutored by Captain Schutte. What a wonderful human being he was and it made me think how people

can be different from each other. I remember I always scored between ninety-four and ninety-nine percent for all my tests. After the passing out parade I was posted back to Point and worked under Warrant officer Stroebel. He was very passionate about me writing exams. By the way, I was first the black member to drive the police van on the station and to work in the charge office.

On my first day at the charge office, Warrant officer Schutte (no relation above) stole five rounds of ammunition and made me count ammunition until four in the morning. He later gave me the ammunition and told me how careful and responsible one has to be in the charge office. My first day as a van driver came after the regular van driver did not come to work. Warrant officer Isiah posted me as the van driver. It was a Ford F250 (the big ones) and I sat on the edge of the seat because Sergeant Kleynhans did not allow me to move the seat forward. So I had to leap forward and get to the clutch and accelerator. I was always reminded: “Moenie die voertuig stamp nie, ek sal jou bliksem.” Warrant officer Stroebel put me through my paces and encouraged me to study.

After writing the non-white Sergeants exams after six months out of college, I passed with the highest marks in the country. It was later told that the exams were scrapped and we had to rewrite the First class exams. I wrote and again passed top in the country. I was promoted and posted to Maydon Wharf where I worked with a Sergeant Snygans and again met Sergeant Daantjie van der Mescht. I was promoted to the detectives and was given a sector under Snygans. I got my first murder case and had to compile a blood hair sample letter for the lab. I went to the docket room and met Sergeant Scheepers (fat and stocky man who only spoke English with me until he knew I could speak Afrikaans) we never spoke English. I thereafter asked for a docket to read and was able to understand how to investigate a murder case. He was very thrilled and gave me one. He told me that I would solve the case; which I did. After reading the docket I borrowed a typewriter and typed my own statement and gave it to Snygans to check. After reading the statement he flew into the office of the detective officer, Major Kuyler (I think). I was called to the office and asked about the statement and how I managed to get so far as the others in the department could not do so. I explained and again I gained confidence and again he told me that I was going to go far.

During this time I wanted to write for Warrant officer. As I did not have two years service, I had to apply in writing. They allowed me to write ninety percent of the papers. I passed all and had to write the one paper when my two years were due. In the last paper I scored ninety eight percent. A Brigadier, who marked the paper, called and congratulated me. I was promoted to Warrant officer and posted to work at Durban station Murder and Robbery Unit. I again applied to write Lieutenant exams and passed all my subjects. After passing my exams, Major Haasbroek phoned me and asked if I would attend the officer’s course and the OOS (Offisiers Ontwikkeling Sentrum) with whites. I replied that I had no problem. He constantly reminded me that the Commanding officer told him to tell me that the course was going to be in Afrikaans. I went to the OOS without any problems and was mentored by Major Bezuidenhout and others. I passed and went on the course. I was really scared because this was the first time I was leaving home and my daughter was one year old. I boarded the non-white compartment in Durban after I met Daantjie van der Mescht, Blackie Swart and Weidemann. We traveled to Johannesburg and then took a train to Kaalfontein. Because I did not know where to go, I nearly missed the train to the College. I jumped into the white compartment and everyone suddenly looked at me. I walked through the coaches until I went to our compartment. I continuously peeped out of the window to see if my colleagues were jumping out. At Kaalfontein I jumped off and walked to the College.

At the college I was met by Captain Viviers (the best human being and police officer I met in my career). He was our course leader along with another full Colonel (I cannot remember his name but have all his photos). As we arrived we were given our rooms and I was allocated one in the center of the passage. I left my stuff and went outside where I met all the other whites. My first ‘not so good’ experience was here. A colleague from SWA, by the name of Smit asked me: “Hey, coolie, wat soek jy hier”? I told him in Afrikaans: “Ek soek dieselfde ding as wat jy soek en dit is die rang van Luitenant.” I think it caught him off guard and he simply did not say anything. He later came to me and asked me where I was going to stay, eat and

bath. I again told him in Afrikaans the same place as him. This I think shocked him even more and he did not speak to me.
On the first day we were welcomed by Brigadier Horak and he spoke only in Afrikaans and he constantly spoke about die Groen boek (inspection manual). After he spoke I made a big mistake by asking Brigadier Horak if I could get English books. He turned around and said to my colleague by the name of Makwassie Smit: “Makwassie, vloek hierdie donner vir my, want ek verstaan nie wat hy soek nie.” I kept quiet and later apologized to brigadier Horak.
I stayed up every night until midnight or two in the morning to translate my notes into English. Fortunately I wrote my test in English. Captain Viviers was very well versed in the English language. Our course went well and I did not have any problems with the other team members and we began to bond very well. It was only a week into the course that the members knew that I did not eat beef and pork and that I was always taking extra bread to fill them in my bush jacket. On Wednesdays we would get fish. So, most of the time I ate vegetables and bread. One day one candidate called me and asked me why I did not eat meat.  So I told him and he then went to Captain Viviers and told him so. Captain Viviers then arranged for mutton and fish on alternative days for me. It was really great to be on the course. We were really respected from all the officers and the lecturers.
We had some naughty bastards who hid frogs under one officer from Cape Town’s bed. He subsequently did not sleep in his bed the whole night and in the process kept us awake. It was evaluation time and I was called by Captain Viviers and he told me how proud he was of me and that I had passed despite the fact that exams were not in my language of preference. He further told me that I had to be proud because I beat twenty-two others in their own language. This really boosted my confidence. Before leaving the course we had a banquet (by the way they taught me to eat with a fork and knife at the college). At the banquet Major general Du Plessis attended. As per the rules you could only light up a cigarette if you were given permission by the head of the table to light a cigarette. I saw General Du Plessis put a cigar to his mouth, but did not see him light up. When the wine came to me I always passed it over without putting anything in my tumbler. I was caught out with a cigarette already lit. I was the scapegoat and the punishment was to drink a full glass of wine without putting it down. I had to drink the wine. I do not remember very much thereafter. The night before departing to Slagboom, Major general du Plessis visited us and he gave us a very good speech and he told us in Afrikaans: “Kêrels, julle kan bevorder word, al nege-en-dertig.” This had me worried, as we were forty. I asked him who is the unlucky one and he told me that it was I. But very quickly he said that the Commissioner had instructed them to find a post for me as well. I was very happy and thanked him.
During the course we also met Captain Boucher. We left for Slagboom by train and arrived, I think at Addo station, and bussed to the farm. This is where I met other fine gentlemen, Major Ronnie Beyl, and his good wife. We were briefed on everything on Tein (Teeninsurgensie). It was a most enjoyable experience at Slagboom as I never handled a R1 rifle or hand grenades or fired teargas before. For the first time on the course I enjoyed the brunch and the super good home cooked meals. I remember that Captain Olivier (I think he was from the task force) met us when we were walking in the bush and told us he has a surprise for us for tonight and maybe an attack. So all members were alert. It was around two in the morning and we were waiting in anticipation for this surprise. When we were fast asleep, someone suddenly opened the door and threw stun grenades and tear gas and locked the door. We all shouted at each other in excitement and crawled on the floor. After about ten minutes someone opened the door. It was time for us to leave back home after the course. We took the train and when we jumped in the train, Daantjie van der Mescht and Weidemann went to the ticket conductor and told them that I was going to travel with them in the white compartment and there was nothing he was going to do about it. Weidemann was as tall as Ronnie Beyl, so I can understand the ticket inspector, being old, only nodding his head. We arrived at Bloemfontein, so I decided to jump off and walk on the platform with all our colleagues. I was surprised at the way the people looked at me and when we started to speak in Afrikaans, nobody bothered to look a second time. So that was our journey back home.

I was immediately posted back to my station. It was July when all that went on the course were promoted, except for me. A week later I found the telephone number of Major general Du Plessis and phoned him. He was surprised that I was not promoted and promised to come back to me. On the Friday afternoon I was called to Poynton House and informed about my promotion to the rank of Lieutenant. I was placed with a Major Charl Du Toit who later became my mentor and my best, best friend that I ever had. I will always remember this man as someone who really taught me what a human being is, and what respect for each other means. He was an inspection officer and went to all the stations to inspect the stations. Although I was posted back to the Murder and Robbery Unit, I did inspections at many stations. Sometimes he would leave me to do the inspections and arrived later to write the report and the Occurrence book. We enjoyed some great times in the Railways police and would certainly cherish and remember it for my lifetime
(Bala Naidoo)

**Kort blik op my loopbaan.**
Op 1 April 1963 het ek by die S.A Spoorwegpolisie aangesluit en dieselfde dag nog het ek by Esselenpark vir my opleiding aangemeld. Die eerste drie maande was ek in peloton 129 en vir die volgende drie maande in peloton 2. Die pelotonnommers het weer vooraf begin. Ons het in September 1963 uitgepasseer en ek was na Johannesburg stasie verplaas. Aangesien ek van die platteland in die Boland afkomstig was, was Johannesburg vir my baie groot en vreemd wat gemaak het dat ek dikwels verdwaal het. 'n Traumatiese gebeurtenis wat my nou nog bybly, was toe een van my beste vriende wat ek gedurende opleiding gemaak het, kort nadat ons na Johannesburg stasie uitgeplaas was, deur 'n trein te Denver stasie doodgery was. Sy naam was Rassie Erasmus. 'n Ander geval wat ek nie maklik sal vergeet nie, was die stasiebom wat gedurende 1964 deur ene John Harris geplant was waar talle mense beseer en gedood was.
Gedurende 1968 was ek na die Speurtak oorgeplaas waar ek op die Stadsdiefstal eenheid gewerk het. Ons het gekonsentreer op diefstalle vanaf die afleweringsvoertuie van die Spoorweë wat pakkies en goedere vanaf Kaserne na firmas in Johannesburg vervoer het. Sersant Kaïro Ferreira, wat ook op die eenheid was, het baie suksesse met die stadsdiefstalle behaal. Hy het hom as ŉ priester vermom en het dan op die straathoek gepreek vanwaar hy die trokke onder observasie gehou het. Ek was ook later betrokke by die Padmededinge eenheid waar ons hoofsaaklik op swaarvoertuie van privaat maatskappye gekonsentreer het wat goedere sonder die nodige permitte vervoer het. Dit het meegebring dat ons gereeld padblokkades op openbare paaie gehou het. Later was ek na die Veiligheidstak op Afdeling Wes Transvaal verplaas. Gedurende my tydperk op die Veligheidstak het ek ook met verskeie sabotasie aanslae te doen gehad waartydens spoorlyne, veral in Soweto, opgeblaas was. Gedurende die 1976 onluste in Soweto was ek ook vir spesiale dienste afgesonder. Oor ŉ tydperk van drie tot vier dae het ons baie min slaap gekry. Ons jongste dogter was ook in die tyd gebore en ek het dit nogal oorweeg om haar naam Sowetolina te gee.
Met bevordering was ek na New Canada uniformtak oorgeplaas waar ek met enige tipe misdaad te doen gekry het. Moord, roof, verkragtings, noem dit en dit was aan die orde van die dag. Dan het jy ook amper daagliks met gevalle te doen gekry waar die passasiers deur treine getrap was. Veral op 'n middagskof was jy enige tyd 'n oproep van 'n treindrywer te wagte wat gerapporteer het dat daar iewers iemand deur 'n trein beseer of gedood was. Eendag het ek ondersoek gaan instel na 'n kleurling man wat by Kwaggastroom stasie naby Vereeniging deur 'n trein dood gery was. Sy hond het langs die lyk gesit en wou my eers nie naby die lyk toegelaat het nie. Ek kon hom darem mettertyd weglok van sy baas af. Met verdere bevordering was ek na Kaserne verplaas waar ek ook op ŉ stadium as Posbevelvoerder waargeneem het. Daar het ek dikwels te doen gehad met stakings van swart arbeiders, hoofsaaklik oor loongeskille. Vanaf Kaserne was ek gedurende die vroeë tagtigs na Langlaagte as Posbevelvoerder verplaas. Daar het ek oneindige personeel probleme ondervind en soms was daar nie eens genoegsame personeel op 'n skof nie. Dit was glad nie die aangenaamste tydperk gedurende my polisieloopbaan nie. Gelukkig was ek slegs vir ongeveer 'n jaar op Langlaagte waarna ek weer na die Veiligheidstak terug verplaas was.

Daar was ek werksaam tot Oktober 1986 met die samesmelting van die twee polisiemagte. Kollegas wat ek graag wil uitsonder met wie ek lank op die Veiligheidstak saamgewerk het, was wyle kolonel Dirk Smit en Jan Van Wyk, Martin Marx, Neels van der Merwe en Schalk van Schalkwyk.
(Willie Goosen)

**Wat ek onthou.**
Gedurende 1962 het ek by die Mag aangesluit en my Kollege opleiding in dieselfde jaar nog deurloop. Ek was in troep 119 met sersant Brand as ons instrukteur. Hy was lank en skraal en ons het ook maar swaar onder hom gekry, veral as hy die vorige aand ‘n bietjie gekuier het. Hoofkonstabels Visagie (wat later die Kommissaris van die Spoorwegpolisie geword het) en Oelofse was die lesinghouers wat wetsvakke doseer het. In die tyd wat ek in die Kollege was, was dit ook vrugte tyd. Saans, wanneer ons die woongebied gepatrolleer het waar die offisiere en ander personeel gewoon het, het ons lekker vrugte by hulle huise gesteel. Ons het ‘n geheime plek gehad waar ons dit weggesteek het want hulle het altyd ons slaapkwartiere vir die gesteelde vrugte deursoek. Met ons eerste sportdag teen troep 118, moes ek die een myl hardloop en het wragtig tweede gekom. Ons het ook ‘n hele paar trofeë gewen naamlik die drilbeker, die .22 geweerskiet en dan was daar nog een of twee ander bekers ook. Net voor die uitpasseringsparade het hulle ons ‘n keuse van stasies gegee waarheen ons kon verplaas word. Ek wou baie graag Zeerust toe gegaan het maar het op Johannesburg stasie geland. Die eerste oggend wat ek daar moes rapporteer, het ek laat gekom. Ek het by my ouma in Vrededorp gewoon en moes die trein op Braamfontein stasie gehaal het. Met die min slaap die vorige aand het ek verslaap en toe verpas ek die trein die volgende oggend. Om laat te kom vir werk was ‘n baie ernstige oortreding en toe hardloop ek al met die spoor tot by Johannesburg stasie. Sommer met die intrapslag was ek in die sop. As straf het die wyksersant my in Braamfontein rangeerwerf gepos waar ek die koeltrokke moes oppas.
By ‘n ander geleentheid was ek met die middagskof saam met ‘n ander konstabel by die Verversingsdepot op Braamfontein gepos. Die verversingspersoneel het pas die voorrade in die eetsalonne gelaai en ons moes dit bewaak totdat die rangeertrein die waens kom haak het. Dit was baie koud en ons het beplan om die koue teen te werk deur ‘n bottel *White Malsey* vir die koue aand aan te skaf. Om en by nege uur die aand, toe die *White Malsey* die innerlike versterk het, spoor Bacchus ons aan om ‘n bietjie sports te maak. Om die vaal oninteressante omgewing by die Verversingsdepot op te helder, spuit ons toe die inhoud van twee poeierbrandblussers op die perronne uit. Die volgende dag wou die sersant by ons weet of ons enige kennis daarvan dra. Ons het hom verseker dat dit nie ons was nie en gesê dat dit seker na tien uur die aand moes gebeur het. Toe ons van diens gegaan het, was die omgewing skoon sonder die wit poeier.
By ‘n ander geleentheid was ek tydens nagskof by die George Gogh elektriese substasie gepos wat in die vlaktes geleë was. Dit was daardie nag bitter koud. Om my teen die koue te staal, het ek ‘n ou stuk seil opgetel en my daarmee toegedraai om die koue uit te hou. Voor ek my kon kry was ek vas aan die slaap. Die volgende oomblik het ek iemand gehoor praat en toe ek wakker geskrik het, het sersant Dames, die wyksersant, wydsbeen voor my gestaan. Nou ja!, die volgende oggend was ek voor die kaptein geparadeer en met honderd Rand beboet.
(Steve Janse van Vuuren)

**Ken julle matrose?**
Gedurende die begin van 1949 het ek by die Afdelingsbestuurder se kantoor te Kimberley aansoek gedoen om as skoonmaker in diens geneem te word. Ek was meegedeel dat my skoolkwalifikasies te hoog was vir die pos waarvoor ek aansoek gedoen het. As sewentienjarige besluit ek toe om as konstabel by die S.A. Spoorwegpolisie aan te sluit. Ek moes eers ŉ aantal toetse aflê voordat my aansoek oorweeg sou word. Op 31 Julie 1949 het ŉ sersant Liebenberg my by die huis kom besoek en verneem of ek nog belangstel om lid van die Spoorwegpolisie te word. Ek antwoord dat ek wel nog belanggestel het, waarop hy ŉ vrypas aan my oorhandig het met die opdrag dat ek nog dieselfde aand na Johannesburg

moes reis om ingesweer te word. Die oggend agt uur op 1 Augustus 1949, het ek arriveer te Johannesburg stasie. Ek het by die aanklagtekantoor aangemeld waar ek meegedeel was dat die dag ŉ vakansiedag was naamlik, Boomplantdag, en dat die Hoofkantoor gesluit was en eers die volgende dag oop sou wees. Die sersant by die aanklagtekantoor het gesê dat ek maar in die mans wagkamer moes gaan wag maar hy het my gewaarsku dat ek my koffer goed sou moes bewaak, want daar het baie diefstalle in Johannesburg plaasgevind.
Ek het my koffer by die Bewaarkamer ingehandig en ŉ trein na Germiston gehaal om my oom, wat in Elsburg woonagtig was, te gaan besoek. Nadat ek die nag by my oom hulle oorgeslaap het, het ek vroeg die oggend van 2 Augustus die trein na Johannesburg gehaal.. By Hoofkantoor aangekom het in die gang gestaan terwyl manne met uniforms heen en weer gestap het sonder om met my nie praat. Later het daar ŉ kaptein Myburgh na my gekom en gevra of ek kom aansluit het. Hy het my na ŉ ander kantoor geneem waar daar drie ander persone in privaat klere gestaan het. Ons was aan mekaar voorgestel. Die drie ander persone was ook daar om by die Mag aan te sluit en hulle was Hansie Breedt, Riek Reichert en ŉ Botes kêrel. Ek was na Oos Londen verplaas.
Die 3de Augustus, om vieruur die middag, het ons te Oos Londen arriveer. Ons het ons bagasie in die aanklagkantoor geplaas en ons het by kaptein Jacobs ( Appèl Jacobs) by Afdelingshoofkantoor aangemeld. Hy het gevra of ons rook, drink, en van vroumense hou. Elkeen moes afsonderlik antwoord en party het gerook, ander gedrink en nog ander het van vroumense gehou. Nadat ek "nee" op die vrae geantwoord het, het hy gesê dat ons nog baie jonk was en dat ons nie met vroue moes lol nie want daar was baie slegte vroue wat ons siektes sou gee. Hy het my gevra waar het ek grootgeword het en ek het geantwoord dat ek op die platteland getoë was en ek het hom as "Oom" aangespreek. Hy wou ook by my weet of ek al van matrose gehoor het, waarop ek "ja" geantwoord het. Hy wou weet wat ek van matrose geweet het. Ek het hom meegedeel dat ek het gehoor en gelees het dat matrose baie drink, vloek en baklei. Hy het die volgende scenario aan my gestel: "Terwyl jy aan diens op die stasie is, verwittig ŉ lid van die publiek jou dat daar ŉ klomp matrose in die mans wagkamer is wat sterk drank gebruik, vloek en baklei; wat sal jy doen?" Ek antwoord dat ek gou na die aanklagkantoor sal hardloop om hulp te verkry. Hy het gelag en ŉ klokkie gedruk. Konstabel Hansie Breedt (later adjudant offisier) het die kantoor binnegekom, geklee in uniform. Hy was klein en skraal en die kaptein vra my of ek hom sal kan arresteer waarop ek "ja" antwoord. Hy beveel my om Breedt te arresteer. Toe ek hom nader, het hy hom egter verset. Ek het hom om sy lyf gegryp hom op die vloer neergegooi en bo-op hom gaan sit. Die kaptein het geskree dat ek hom nie moes seermaak nie, toe los ek hom maar.
(Andries Gouws)

**Uniondale na die grote stad.**
Ek is Kersdag in 1939 op ŉ klein plattelandse dorpie met die naam van Uniondale gebore. Na my skoolopleiding het ek by die S.A. Spoorwegpolisie in Knysna aangesluit. Op 17 Augustus 1958 het ek vanaf Knysna na Johannesburg vertrek waar ek by Hoofkantoor ingesweer moes word. My eerste besoek aan Johannesburg was op 20 Augustus 1958 toe ek met die trein daar arriveer het. Gelukkig was ons drie lede wat ingesweer moes word en een van die lede was vyf-en-twintig jaar oud met heelwat lewenservaring wat my ŉ bietjie gemoedsrus gegee het. Toe ons van die trein afgeklim het, het ons navraag gedoen waar die indiensnemingskantoor in Pleinstraat was. Na die afhandeling van die inswerings formaliteite het hulle ons na Braamfontein klere depot geneem waar ons met uniforms uitgereik was. Tot my skok was ek toe op Johannesburg stasie geplaas. Die ander twee lede wat saam met my na Johannesburg gereis het, was na Port Elizabeth gestuur. Toe ek by die Posbevelvoerder van Johannesburg stasie moes aanmeld en die ander twee wag vir die trein na Port Elizabeth, het my moed my amper begewe. Ek het ŉ klomp vorms by die Posbevelvoerder se kantoor geteken en terwyl ek nog daar was, het die indiensnemingskantoor geskakel en gesê dat daar vorms was wat ek nie geteken het nie en dat ek dadelik daarheen moes terugkeer.
Intussen was ek aangesê om die volgende dag op die middagskof aan te meld. Nou was ek op my eie en het nie naasteby geweet hoe om weer in Pleinstraat uit te kom nie. Die enigste uitweg was om ŉ taxi, wat voor die stasie gestaan het, te huur om my na Pleinstraat te neem.

Met die terug stap na die stasie het ek langs die pad vir aanduidings gevra totdat ek weer by hoofkonstabel Eloff, wat die Posbevelvoerder was, uitgekom het. Nou moes ek eers 'n vorm teken waarby ek by die Spoorweg Onderlinge Genootskap (begrafnispolis) moes aansluit. Dit het my angs verder verdiep. Moes ek die begrafnispolis uitneem omdat hy gedink het ek sou dit nie in die stad maak nie, of wat? Hoofkonstabel Eloff verneem toe of ek blyplek in Johannesburg het. Hoe het hy gedink sal ek verblyf hê as dit my eerste besoek aan Johannesburg was?

Eloff het iemand geskakel en nie lank daarna nie het daar 'n assuransie agent van Sanlam daar aangekom. "Kan jy blyplek vir die man kry?", het Eloff gevra. In my nood om nie te verdwaal nie, het ek gepleit dat ek naby die stasie moes bly want ek sou nie by die werk kon uitkom as ek ver gaan woon het nie. Die man het my in sy motor gelaai en dit was straat op, links, dan regs en later het dit gevoel asof ons al 'n honderd kilometer gery het. By die woonplek aangekom, was ek eers ingelig hoe 'n polis gewerk het en dat dit absoluut noodsaaklik was dat ek een by hom moet uitgeneem het. Ek het toe maar geteken want wat weet 'n outjie van Uniondale van polisse af? Die assuransie agent het my aan die huiseienaar voorgestel waarna ek afgepak het. Ek moes die volgende dag by die werk uitkom en hoe moes ek maak? Ek het nie die vaagste benul gehad waar ek was of waar die stasie geleë was nie. Die huiseienaar het verduidelik: "jy loop hier af draai links en dan onder deur die duikweg daar is die stasie. Jy neem dan die trein wat na links gaan. Koop vir jou 'n treinkaartjie." Hulle het my nie verduidelik van die verskillende tipes kaartjies wat beskikbaar was nie. Ek het toe vir twee weke lank elke dag 'n kaartjie vir die heenreis en dan weer een vir die terugreis gekoop. Toe eers vertel hulle vir my van maandkaartjies wat baie goedkoper was.

Die volgende dag het ek die trein na Johannesburg stasie geneem. Daar aangekom moes ek eers na die aanklagtekantoor soek. In my vrese om nie laat vir diens aan te meld nie, was ek 'n volle twee ure voor die tyd al daar. Onderweg vanaf Knysna na Johannesburg het ons op elke stasie waar ons 'n Spoorwegpolisieman gesien het, gekyk hoe hulle tunieks lyk. Daar was 'n RP op die een skouer en 'n SP op die ander skouer, maar waar het watter een gekom? het ons gewonder. Half twee die middag was die skof geparadeer. Ek maak toe maar soos die ander maak en val ook in die ry in. Die ouens op parade praat nie juis met jou nie en ek het eensaam en alleen gevoel. Na 'n rukkie het daar 'n ou met strepe op sy arm aangekom en met 'n boek in die hand die paradekamer binnegestap. "Middag! Aandag!" Hy het in die swart boek geskryf en dan gesê waar jy moes gaan werk. Ek was toe saam met konstabel Farrell by die Pakketteloods gepos. Ons was verdaag en het na die loods geloop wat onder Johannesburg stasie was. Daar aangekom het hy verduidelik hoe ek punte moes loop. Ek het my vergaap aan al die baie pakkies wat op platform gelê het wat mense gebring en weggeneem het.

Ons het van die een punt na die ander geloop. Vier uur die middag het daar 'n persoon aangekom en gesê dat ek herpos was na twee punt. "Wat en waar is twee punt"?, vra ek benoud. Die lid het verduidelik dat ek eers 'n vuurwapen by die klagtekantoor moes gaan trek het voordat ek by twee punt moes aanmeld. Die persoon in klagtekantoor het 'n groot .45 rewolwer uit die kas gehaal en oorhandig 5 patrone aan my. Bekommerd vra ek wat moet ek met die rewolwer en die patrone maak? "Laai die patrone in die kamer!" het die man my toegesnou. Maar ek het nie geweet hoe nie. "Jy is 'n polisieman en moet weet hoe dit werk", was al antwoord wat ek uit hom gekry het. 'n Ander lid staan toe nader en wys my wat om te doen. Ek vra toe waar is die twee punt waarheen ek moes gaan. "Jy stap by die deur uit, draai links, regs, links..." en wat nog. Met die aanwysings het ek nie die plek gekry nie.

Weer terug by klagtekantoor, het hulle iemand saam gestuur om my te wys waar die twee punt was. Toe ek daar opdaag moes ek eers in die lid se sakboek teken dat ek die dienste by hom oorgeneem het. Ek was alleen daar en het die lid gevra wat ek daar moes doen. "Jy moet kyk dat hulle nie die geld steel nie." Dit was die betaalpunt waar hulle al die geld bewaar het.

Toe dit tien uur raak het 'n ander lid my kom aflos en ek het gevra wat ek toe moes doen. "Jy moet by klagtekantoor gaan afboek en huis toe gaan." "Hoe kom ek by die kantoor uit?", het ek benoud gevra. "Jy loop net so en so en so dan sal jy daar uitkom..." Ek het die hele gebou deur geloop en weer by twee punt uitgekom, net om te vind dat die plek se deur en traliehek gesluit was. Toe het hy my gaan wys waar die uitgang na die klagtekantoor was. Daarna was

die uitdaging weer om die pad huistoe te kry. Ek het by platform elf uitgekom want ek het gesien ŉ polisieman gaan met die trappe daar af. Op die plaform het ek tussen ŉ klomp mense gestaan en gelukkig het ŉ oplettende polisieman my gesien. Hy kon sommer op my gesig gesien het dat ek nie geweet het waarheen om te gaan nie. Ek het die adres waar ek gewoon het uit my sak gehaal en dit aan hom gewys. “Jy is heeltemal verkeerd. Jy moet op perron drie wees.” “Maar waar is perron drie?“ wou ek weet. Hy het verduidelik hoe om daar uit te kom. Die trein het die stasie binnegekom en ek het in die trein geklim. Om seker te maak ek was in die regte trein het ek gevra waar die trein heen oppad was. Ek het my byna boeglam geskrik toe ek hoor dat die trein gaan na Soweto en ek wil Mayfair toe gaan. “Jy is in die verkeerde trein - die volgende trein moet jy haal.“
Daardie nag het ek middernag by die huis aangkom; uitgeput en baie honger. Gelukkig het ek die pad geteken toe ek die middag na die stasie gestap het. Die groot stad was koud en onpersoonlik; baie anders as die klein dorpie waarvandaan ek gekom het waar die mense nog vir mekaar omgegee het. Ek was in die diep water gegooi en moes self leer swem. Wat sou gebeur het as ek myself of ander beseer of gedood het met die laai van die rewolwer waarvan ek niks geweet het nie? Ten spyte van al die nare ervarings het ek die groot stad oorleef sonder dat my begrafnis- of lewenspolisse in werking moes tree. In die eerste week het ek ‘n persoon vir die besit van drank gearresteer en toe nie geweet wat om met hom te maak nie. “Jy moet ŉ verklaring uitskryf en die persoon na S.A.Polisie neem.“ Wat se ding is ŉ verklaring? “Jy is ‘n polisieman - vind uit!“, moes ek vir die soveelste keer weer aanhoor. Gelukkig was sersant Jennings daar en hy het my so bietjie daarmee gehelp.
Maande later het hy my gevra om in sy huis in Mayfair te gaan bly terwyl hy met vakansie was. Mayfair was ŉ gevaarlike plek en ek was maar skrikkerig om alleen daar te gaan bly. Daarna het ek en Jennings goeie vriende geword. Ek het agt maande op Johannesburg stasie gewerk en ŉ maand op Langlaagte stasie afgelos. Daar was ek ook baie bang want as die weer swaar was en jy loop langs die rangeerwerf het die blou vlamme op die drade gehardloop wanneer die blitse geslaan het. Dit reent maar jy moet maar loop want as sersant Dames of merneer Arpin aan diens was, moes jy loop, jy mag nie vir die reent skuiling neem nie want die Spoorweg het mos vir jou ŉ jas en kamaste gegee om jou teen die elemente te beskerm.
(Corrie Meyer)

**Polisieman tot predikant.**
Ek het in Maart 1969, terwyl ek met my standaard nege jaar op skool besig was, die skool verlaat. Op 17 Maart het ek as ŉ bode by die S.A. Spoorweë op Kimberley begin werk teen vyf-en-sestig Rand per maand. Die werwingsbeampte van die Spoorwegpolisie op Kimberley het my gewerf en op 16 Mei 1969 was ek op die ouderdom van sestien jaar as ŉ rekruut in diens geneem. Indiensnemings was nie plaaslik afgehandel nie en ek moes as jong seun per trein na Johannesburg reis om daar in diens geneem te word. My salaris was toe ŉ reuse negentig Rand per maand. Op 16 Augustus 1969 was ek na Warrenton verplaas waar ek en die Posbevelvoerder, sersant Pieter van der Westhuizen, die enigste blanke lede was. Totdat ek in Januarie 1971 Esselenpark toe was vir my opleiding, het ek by my ma op Ganspan gebly.
Elke oggend, behalwe Sondae, het ek die vyf-en-twintig kilometer grondpad met ŉ trapfiets na Warrenton aangepak en laatmiddag weer met die trapfiets teruggery huis toe. Toe ek by die Kollege arriveer het, was ek alreeds top fiks van die fietsryery. Sersant A.S.J. (Allie) Jooste was die pelotonsersant van peloton 64 waarby ek ingedeel was. Sersant Beyl, die pelotonsersant van peloton 63, het my die bynaam van “Krokodiloog” gegee vanweë my ronde bruin oë. Gedurende die tydperk het die Spoorwegpolisie se uniform van die bruin kleur na die groen uniform verander. Na afloop van my opleiding was ek saam met konstabel D.C. Zaaiman (later kolonel in die S.A.P.) L.D. van der Westhuizen en H.J.H. Coetzer na Kimberley verplaas. Een van die wyksersante te Kimberley was sersant P.A. Faber wat later van jare my skoonpa geword het. Tussen 15 en 23 Januarie 1973 was ek saam met ŉ aantal lede van die Spoorwegpolisie deur die S.A. Verbindingsekerheidsagentskap by die S.A. Weermag Hoofkwartier in Pretoria as Kriptograaf opgelei. Op 16 Augustus 1973 was ek as die jongste

sersant te Bloemfontein aangestel. Ek was slegs 20 jaar en vyf maande oud. Die dienstydperk van drie jaar wat 'n konstabel moes wag om aan die sersant eksamen te kon deelneem was in 1972 tot twee jaar verminder.
Tot aan die einde van 1973 het die S.A. Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie saam op die lughawens gewerk. In 1974 het die S.A. Polisie van die lughawens onttrek en was dit net die Spoorwegpolisie wat daar ontplooi was. Ek en talle ander lede regoor die land was vanaf 1 Januarie 1974 na Jan Smuts-lughawe op aflosdienste vir 'n maand gestuur om die oorname proses afgehandel te kry. My een maand aflos het eers in Augustus 1974 verstryk toe ek vanaf Bloemfontein na Kimberley terug verplaas was. Gedurende my aflos tydperk te Jan Smuts-lughawe het ek ook Onderoffisierskursus 57/74 bygewoon. My twee jonger broers het beide my voorbeeld gevolg en lede van die Mag geword. Jan, net jonger as ek, was op Kaserne gestasioneer. Op 28 Januarie 1974 het ek die skokkende nuus ontvang dat Jan in 'n skietongeluk oorlede is. Hy en van sy maats het "*Russian Roulette*" met die vuurwapen, wat hy kort te vore aangekoop het, gespeel. My jongste broer, Gotlieb, was op Kimberley gestasioneer en die laaste paar jaar in die Spoorwegpolisie voor die amalgamasie was hy die Posbevelvoerder op Koekemoer stasie. Sersant Koekemoer van Koekemoer. Dit was nogal komies as hy die telefoon so beantwoord het.
In 1976 het ek sersant F.F. Venter as Posbevelvoerder te Nelspruit vervang nadat die pos na dié van adjudant offisier verhoog was. Gedurende Mei 1980 het ek die Kandidaatoffisierskursus te Esselenpark bygewoon en met my aanstelling as luitenant was ek na Windhoek as die Offisier-in-bevel van die S.A. Spoorwegpolisieafdeling te Gamams opleidingsentrum verplaas. Ek het met ingang 16 Januarie 1982 uit die S.A. Spoorwegpolisie bedank om myself deur voltydse studies as Predikant te bekwaam.
(Frans Koekemoer)

**Cradock na Johannesburg.**
My skoolloopbaan het op Cradock geëindig toe ek in 1976 gematrikuleer het. Ek moes toe besluit waarheen ek daarna sou gaan. 'n Keuse tussen die Bankwese, S.A.Polisie, Verpleging (wat ek baie graag wou doen) en S.A.Spoorwegpolisie was my voorland. Op die einde het ek toe besluit om by die Spoorwegpolisie aan te sluit. Ek was die eerste meisie op Cradock wat aansoek gedoen en gekeur was. Nadat ek die keuring geslaag het, moes ek na Port Elizabeth gaan vir die onderhoud en die aflê van psigometriese toetse. Dit het ek met vlieënde vaandels geslaag. In Januarie 1977 het ek per trein na Hoofkantoor in Johannesburg vertrek waar ek ingesweer moes word. Tot my skok was ek toe op Johannesburg stasie gestasioneer. Dit was nogal 'n aanpassing van 'n klein Karoodorp na die grote stad, Johannesburg.
Tydens die ses maande opleiding te Esselenpark het ek veral die dril asook die opleiding in die verskillende vuurwapens baie geniet. Die mansstudente het in die Kollege gewoon terwyl ons damestudente in vier huise in Van Riebeeckpark gewoon het waar ons 'n kamer met mekaar gedeel het. Na afloop van die opleiding het ek 'n ruilverplasing met 'n ander vrouelid van Jan Smuts-lughawe aangegaan. Ons vroue lede was hoofsaaklik getaak vir die deursoeking van passasiers en ek het die werk op die lughawe baie geniet. Later het ek aansoek vir 'n verplasing na Kaapstad stasie gedoen en op 16 Augustus 1977 het ek dienste te Kaapstad stasie opgeneem. Daar het ek aanklagkantoordienste verrig en in die Parkingkantoor gewerk. In 1978 was ek genoodsaak om te bedank en in 1983 was ek weer vir heraansluiting genader. Ek het weer aangesluit en was te Bellville stasie as die Posbevelvoerder se klerk aangestel. Die tydperk in die S.A.Spoorwegpolisie het ek verskriklik baie geniet en ek is baie spyt dat daar nie meer 'n Spoorwegpolisie is nie.
Voor die amalgamering in 1986 het ek bedank. My man, sersant André Liebenberg, was na afloop van 'n instrukteurskursus na Slagboom Opleidingsentrum in die Oos Kaap as instrukteur verplaas. Dit was baie stil en afgeleë tussen die berge maar die mooiste natuur waar jy na aan jou God kon leef. Sowaar 'n belewenis. Majoor Beyl (daardie tyd) se woorde aan my was dat ek teen tien uur in die oggend vervelig gaan wees en dat ek aansoek moes doen vir 'n burgerlike pos op Slagboom. Aanvanklik wou ek nie rêrig weer begin werk het nie, maar ek het toe die kans gevat en het aansoek gedoen vir die pos in die menasie. Hier het ek dienste saam met 'n baie aangename dame verrig. Sy was Magda Beyl en ons het baie lekker

saamgewerk. In die proses het ek baie by haar van kosvoorbereiding geleer. Magda-hulle het verhuis en op die einde van die dag het ek by 'n adjudant offisier oorgeneem waar ek toe in beheer van die stoor en die menasie was. In die menasie het die kokke onder my beheer gewerk. Ons het baie goed oor die weg gekom, het lekker saamgewerk en mekaar gerespekteer. Ek onthou vandag nog vir Ken, Madala, Gojella en Nadenz. Met die uitboek van daaglikse voorraad uit die stoor was hulle altyd gewillig om te help. My werk het vereis dat ek voorraad aanvra, uitgee, nagaan en boekhou. So ook die deurgee van rekeninge vir betaling. Ek het my werk regtig baie geniet. Die opset by Slagboom was baie besonders. Vandaar is ek saam met my man na Alexandria naby Port Elizabeth en uiteindelik weer terug Kaapstad toe. Die Spoorwegpolisie was soos een groot familie. Ons het mekaar gehelp, bygestaan, onderskraag, verdra en die beste was ons het mekaar gerespekteer en met respek behandel, mekaar se menswees gerespekteer.
(Joan Liebenberg)

**Van student tot generaal.**
Op 18 jarige ouderdom het ek op 16 Oktober 1980 by die destydse S.A. Spoorwegpolisie op Kaapstad stasie as 'n student aangesluit. Later was ek na Philippi op die Kaapse Vlakte oorgeplaas waar adjudant offisier Minnaar die Posbevelvoerder was. Ek was onder opleiding vanaf Julie 1981 tot Desember 1981 te Esselenpark vanwaar ek weer uitgeplaas was na Kaapstad stasie. Ek het onmiddellik vir die sersant eksamen ingeskryf en met die eerste probeerslag daarin geslaag om al my vakke deur te kom. Weens die feit dat ek nog nie twee jaar diens as konstabel gehad het nie, moes ek vir sewe maande wag voordat ek as sersant aangestel kon word. Ek was op 16 Oktober 1982 tot die rang van sersant bevorder en na Bonteheuwel verplaas waar adjudant offisier Peter Satisfied die Posbevelvoerder was. Die bevordering stelsel in die Spoorwegpolisie was streng gegewe die meriete paneel wat jou finaal beoordeel het. Daar het ek verskeie funksies verrig van aanklagtekantoordienste, wyksersant en in bevel van die Mobiele eenheid. Gedurende 1982 het ek die onderoffisiers kursus te Esselenpark deurloop wat dan afgesluit was met 'n week lange kursus in Teeninsurgensie wat by die opleidingsentrum te Slagboom naby Addo in die Oos Kaap aangebied was. Die destydse bevelvoerder was die "Groot" kaptein Ronnie Beyl. Daar het ek vir die eerste keer lewendige handgranate gegooi en bosslaanskiet (*jungle lane*) gedoen, waar versteekte teikens in 'n kloof versteek was wat jy moes opspoor en op skiet. Die boslaan het jou kennis van veldkuns, wapenbehendigheid en skietkuns geëvalueer wat 'n blywende ervaring was. Ek moet net sê dat ons op Slagboom vir die eerste keer tydens die onderoffisierskursus ordentlike kos geniet het en goeie leierskap ervaar het wat my besonders gemotiveer het. Die "Groot" kaptein Beyl kon baie vinnig met daai lyf beweeg het. Daarna het ek vir die adjudant offisier eksamen ingeskryf. Hierdie keer was ek ook met die eerste probeerslag suksesvol en het al die vakke geslaag. Op 1 Januarie 1985 was ek as adjudant offisier na Bonteheuwel verplaas.
Een van die uitstaande periodes terwyl ek lid van die S.A.Spoorwegpolisie was, was toe ek deel was van die Streekstaakmag met luitenant Douw Vermeulen as die Bevelvoerder. Ons was ten nouste by die S.A. Polisie se Onluste eenheid in die Kaap tydens die oproer in Gugulethu betrokke asook in ander gebiede op die Kaapse Vlaktes. Ek was amper deel van die berugte "Trojaanse Perd" in Athlone toe lede in kratte op 'n voertuig geplaas was en op die oproeriges geskiet het toe die voertuig met klippe bestook was. Ek het versoek om nie op die voertuig te klim nie en derhalwe was ek nie deel daarvan nie. Gedurende 1986 het die S.A. Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie geamalgameer en het die S.A.Spoorwegpolisie daarna sy identiteit verloor. Dit verdien vermeld te word dat die destydse Spoorwegpolisie 'n klein maar professionele, gedissiplineerde en trotse instelling was. Die blote feit dat daar twee jaar gelede besluit was om weer die Spoorwegpolisie as 'n afdeling onder die S.A. Polisie op die been te bring, is 'n bewys van die belangrikheid van die taak wat hulle verrig het. Ek het daarna verskeie range beklee en was twee keer na die Oos Kaap verplaas en het op 31 Mei 2003 as Provinsiale Kommissaris (nou Luit.- Genl.) van die Wes Kaap uit die Diens getree. Ek gebruik nou nog 'n uittreksel oor misdaad voorkoming wat ek gebruik het toe ek die Adjunk

Provinsiale Kommissaris in die Oos Kaap was wat deur brigadier Beyl opgestel was. Die bewys is dat ons goed geleer het by die wat geweet het.
(Lennit Max)
*(Advokaat Lennit Max is tans die Adjunk skadu Minister van Korrektiewe Dienste in die Demokratiese Alliansie)*
*(RB)*

**Twee polisiemagte gedien.**
Ek het aan die begin van 1963 by die S.A.Spoorwegpolisie in George aangesluit. Die Posbevelvoerder was sersant Stander of Barnard - ek kan nie meer onthou nie. Om te attesteer moes ek na Hoofkantoor in Johannesburg reis. Ek het nog nooit voorheen so ver met 'n trein gery nie, wat nog te sê van my eerste besoek aan Johannesburg. Nadat ek ingesweer was het ek met die eerste beskikbare trein na Kaapstad teruggereis waar ek gestasioneer was. Nou was ek 'n polisieman met 'n knuppel en handboeie in my bagasie. 'n Jaar later rapporteer ek by Esselenpark vir my ses maande opleiding. Met my geluk was ek by sersant Brand se peloton ingedeel; 'n lang skraal ou wat geen nonsens van 'n roof gevat het nie. Die L.O. instrukteur was sersant Luiters en ek was lid van die gimnastiekspan wat hy afgerig het.
Jaarliks was daar vir die La Grange rugbybeker meegeding. Ons Kollege rugbyspan het na Bloemfontein gereis waar verskeie ander Afdelings se rugby spanne by die bekende Schoemanpark vir die beker uitgespeel het. Die tydperk in die Kollege was van my lekkerste tydperke in my lewe. Na Kollege was ek weer na Kaapstad stasie verplaas. Hier het ek 'n verskeidenheid van take verrig, onder andere die deursoeking van hooflyn treine met aankoms, in en uitgaande goedere, kontant begeleidings en nagpatrollies om nagsluipers te verwilder wat saans in die voorstedelike treine geslaap het wat in die werf geparkeer was. Ons het ook diens op die voorstedelike treine op die suidelike en noordelike roete gedoen. Ek was bevoorreg om diens op die ou, sowel as die nuwe Kaapstad stasie, te doen. Baie nagte het ek my sakboek aantekenings by die ou bekende stasie horlosie gemaak. Oud kollegas wat ek nog kan onthou met wie ek saamgewerk het was sersante du Plessis, Kachelhoffer, Adams, A.S. Van Rhyn, Barrie Henn, Martin Strydom, Frikkie Pool, Koegelenberg en hoofkonstabel Sydow. Later van tyd het 'n groep van ons in privaatklere gewerk om misdaad by verskeie stasies te bekamp. Dit was baie suksesvol.
Ek het menige male op voorstedelike treine dagga en gevaarlike wapens, soos messe, by skollies afgevat en arrestasies gemaak. Baie nagdienste het ons per voertuig die voorstedelike stasies besoek om te verseker dat alles in orde was. Daar was geen selfone in daardie tyd nie. Wanneer jy op 'n buitestasie gepos was, moes jy dan op sekere tye vanaf die telefoonhokkie, waarvan die nommers by die klagtekantoor gelys was, die klagtekantoor geskakel het. Die lid in die aanklagkantoor het jou dan dadelik teruggeskakel om te verneem of alles in orde was.
Een laat aand te Bonteheuwel stasie het ek op die platform diens gedoen. Toe die voorstedelike trein stilgehou het, het 'n kleurling dame, wat redelik aangeklam was, uit die trein gestrompel. Toe sy so op die platform was, het sy verby die rytuig gekyk waar die kaartjieondersoeker ("Guardtjie" soos hulle dit genoem het) gestaan het en sy het vir hom geskreeu: "Hoezit, guardjie!" Baie vies het hy haar toegesnou: "f*&^f off"" Meteens het sy haar trui oopgeruk en met tiete wat rondswaai het sy geskree: "Dies Bonteheuwel stasie die" en toe tel sy haar rok voor op en skreeu: "Guardjie, en dies Netreg stasie die!"
Dikwels moes ek ook die betaalklerk begelei het wanneer hy maandeliks die lone aan werkers sover as Beaufort Wes en Klawer gaan uitbetaal het. Ons het dan groot bedrae geld in leersakke per trein of met die motortrollie vervoer. Om diens in die hawe te verrig het, was ook nie altyd maklik nie. Dit was vir my interessant om te sien hoe die matrose die naglewe van Kaapstad gaan ondersoek het. Laat aand, wanneer hulle deur die stasie na die hawe gestap het, was hulle baie kere sonder klere; kaal gesteel en vol messteke want die Kaapse skollies het hulle bygekom. Ek het selfs eenmaal met die spulletjie deurmekaar geraak. 'n Wafferse Engelse matroos en ek het in 'n woordewisseling betrokke geraak. Ek het vir die regte oomblik gewag om hom 'n lekker een op die af knoppie te steek, maar hy het my gelees en toe ek

wegkyk, slaan hy my onder my polisie pet uit. Terwyl ek die astrante donner die vierde maal met die knuppel bykom, gryp die wyksersant my knuppel, en sê: “Stadig nou, netnou maak die Ingelsman dit nie."
Ek was ook bevoorreg om vir die bekende Dokter Chris Barnard parkeer ruimte voor die stasie aan te bied toe hy ‘n vriend dringend op die hooflynplatform moes ontmoet het. Dit was ook baie interessant wanneer al die personeel van die parlement vanaf Pretoria met die trein te Kaapstad stasie vir die sitting van die parlement arriveer het. Dit was dan ook gedurende Februarie ‘n bedrywige tyd tydens die parlementsopening. In 1969 het ek bedank om by die S.A. Weermag aan te sluit waar ek my loopbaan as Regiment sersantmajoor in die Militêre Polisie Korps in 1994 voltooi het toe ek met pensioen gegaan het.
(André Erasmus)

## SPOORWEGKOLLEGE ESSELENPARK.

### Die B.O. se opdrag?

Ek en Flip Aslett het die trein vanaf Pretoria na Kaalfontein stasie gehaal; die groot oomblik het aangebreek ons was na Esselenpark oppad om vir ons basiese opleiding aan te meld. Teen daardie tyd herkou ons aan die honderde angswekkende stories wat ons van die Kollege en die instrukteurs gehoor het. Ons twee was heelwat stiller as normaalweg. Die innerlike vrese wat op ons gewag het, het die situasie oorweldig. Op die trein het ons die laaste sigaret in totale vrede gerook. Toe die trein op Kaalfontein stasie tot stilstand kom, het dit vir my gevoel asof my polsslag al vinniger klop. Nadat ons die trein met groot onsekerheid verlaat het, sukkel ons voort met al die bagasie oor die voetgangersbrug. Aan die anderkant van die platform was ons deur sersant Giftand Roelofse “verwelkom”, om die minste daarvan te sê. Een van die stories wat die seniors ons mee bang gemaak het was dat jy met al jou bagasie vanaf die stasie na die kwartiere moes hardloop. So in die geskreeu en harwar het ek uit die hoek van my oog ŉ spoorwegbus opgemerk wat eenkant geparkeer gestaan het. Daar was geen ander passasiers op die stasie nie, so die logiese afleiding was dat ons rowe met die bus na die kwartiere vervoer sou word. Groot was my ontsteltenis toe ons opdrag kry om voor die bus aan te tree en die bevel kry: “Looppas mars!”
Nie almal het geweet wat die bevel beteken het nie, maar daar gaan die rowe. Ons hardloop vooruit soos ŉ trop beeste met sersant Roelofse aan die stuur van die bus wat ons volg. Toe ons die draai by die kerk bereik, het die bevel gekom: “Halt!” Ons oor mekaar gestruikel, tasse het geval en die bus het agter ons stilgehou. Ewe kalm en beleefd was ons deur die einste sersant versoek om in die bus te klim. Snaaks dat sy stemtoon in so kort tydperk verander het. Nou was ek eers bekommerd. Wat is die volgende wat gaan gebeur? My pa was op daardie stadium die Bevelvoerende Offisier van die Kollege. Hy was van oordeel dat die rowe op ŉ meer menslike wyse by die Kollege verwelkom moes word. Die instrukteurs het anders oor die saak gevoel. Die opdrag van die B.O. was darem gedeeltelik uitgevoer; ons het die laaste honderd of wat meter met die bus gery en dit het die menslike wyse wat my pa in gedagte gehad het, gedemonstreer.
Jare daarna was ek weer op pad na Esselenpark. Hierdie keer om die Anti-kaperskursus te deurloop. My kollegas op die trein was Harry Etsebeth, Jumbo Swart en Dean. Van die vrese wat daar was toe ek vir die eerste keer na Esselenpark gereis het, was daar hierdie keer geen sprake van nie. Inteendeel, ons was luidrugtig en vol bravade. Hierdie keer het ons nie net in vrede gerook nie, maar gedrink ook. Op Kraaifontein stasie het die eerste leë bottel *Wellington* met die ballasklippe kennis gemaak. Ons het die kroegman op die trein deurentyd ondersteun. Met aankoms by De Aar stasie was die kroegman genoodsaak om sy kroeg se voorrade aan te vul. Die volgende dag arriveer ons op Kaalfontein stasie. Die ontvangs hierdie keer was presies die teenoorgestelde as die dag toe ons as rowe gearriveer het. Ons was vriendelik ontvang en na die kwartiere vervoer. Moeg na die lang treinrit en vol van die *Wellington* voggies wat ons so mildelik op pad gebruik het. Die beste manier, volgens kaptein Flip Schutte, André Olivier en sersant Abbott om van die oortollige voggies ontslae te raak, was ŉ besoek aan die gimnasium. Fiksheid was die grondslag vir die kursus. Weet tot vandag toe nog nie waarom ons met die eerste besoek aan die gimnasium so baie gesweet het nie.

Nadat ek die Diploma in Polisiekunde behaal het, was die plegtigheid by Esselenpark gehou. Hierdie keer het ek as offisier vanaf die Kaap gereis, vergesel deur my pa wat toe ŉ brigadier was, my ma, vrou en seuntjie. Wat ŉ gebeurtenis. My ouers, vrou en, kan ek maar sê, ek self was trots daarop om die plegtigheid te kon bywoon. Kolonel Philip Delport, die Bevelvoerende Offisier van die Kollege, was die seremoniemeester. Daar was talle ander hooggeplaasde gaste, onder andere minister Hendrik Schoeman minister van Vervoer, wat ons diplomas oorhandig het. My seuntjie, Gysbert, het vir ŉ komiese oomblik gesorg toe hy aan die huil gegaan het toe ek my toga aantrek. “Mamma, pappa het dan ŉ rok aan ”.
(Douw Vermeulen)

**Ek en André hou ons lyf akteurs.**
Dit was darem ook nie net gimnastiek waarop ek al die aandag aan bestee het nie. Op ŉ dag besluit ek en André Olivier, die selfverdedigingistrukteur, dat ons bekwaamhede as akteurs op die proef wou stel. Ons wou soos in die flieks ons behendigheid met ons wapens uittoets. Op daardie stadium van ons lewe was ons avontuurlustig en tot baie in staat. Hy kon perfekte breekvalle doen en ek self het nie gesukkel om te rol nie. Net soos in die flieks het ons met lewendige ammunisie ’n paar “trieks” op die skietbaan probeer. Dit het dan so maklik gelyk wanneer die “*cowboys*” in die flieks op die grond duik en dan ŉ paar skote na die “vyand” skiet. Ons begin eerste met die 9mm pistool. Ons staan regop, op die bevel “vuur”, duik ons grond toe, rol en skiet na die teiken. Hierdie oefening het ons telkemale herhaal en wanneer ons dan by die teiken kom was die teiken skoon - sonder enige treffers.
Dan probeer ons maar weer en weer, maar die resultate bly dieselfde. “Miskien sal die resultate met die 9mm HMK beter wees”, het ons gedink. Na verskeie pogings het ek en André tot die besef gekom die “*croocks*” in die flieks ook baie veilig moes wees. Al het ons geweet dat dit alles ŉ klomp twak was, wou ons onsself oortuig dat dit die geval is. Ons moes dit eenvoudig beproef het. Afgesien van die risiko en die gevaar daaraan verbonde het ons dit onmoontlik gevind om te duik, te val, te rol en op ŉ gevoel van rigting, die teiken raak te skiet. Om ŉ paar treë te hardloop en dan te duik was nog erger. Jare se oefening sal seker help om die suksesrekord te verbeter, maar dit bly ŉ ope vraag. Om te staan en vinnig op ŉ gevoel van rigting te skiet is maklik, maar om te duik, te rol te hardloop en weer te rol, bly ŉ ander storie. Om nie eens te praat van outomatiese vuur nie. Ek en André se drome om eendag as “*cowboys*” in ŉ aksie fliek te speel, het daardie dag ŉ stille dood gesterf.
(Barnie v/d Walt)

**My Kollege dae.**
Esselenpark Kollege was die integrale inleiding van elke Spoorwegpolisieman se loopbaan in die Mag. Die dag toe ons op Kaalfontein stasie arriveer het, wag die instrukteurs ons in. Duidelik was hulle nie baie vriendelike mense nie. Hulle groet nie eers nie; hulle gil en skreeu op jou, gee bevele dat jy jou bagasie moet kry en die afstand tot by die kwartiere moes hardloop. Gelukkig het ek ŉ tas met wiele gehad, dus het dit my taak ietwat makliker gemaak. By die Kollege aangekom het hulle ons in verskillende pelotonne ingedeel en ons besonderhede afgeneem. Een van die instrukteurs het opgemerk dat ŉ paar van ons jong laaitjies ŉ bietjie “*bum fluff*” onder ons kenne gehad het. Ons was dadelik vanaf die parade gejaag met die opdrag om onmiddellik die k*k onder ons kenne te gaan afskeer. Hier staan ek en Michael Jollife, later my onder-pelotonleier, voor die spieël. Ons het vir mekaar gekyk want ons het nie geweet wat dit was om te skeer nie. Klaar geskeer, kom ons in die gang af gestap en een van die instrukteurs, sersant Liebenberg, kom in ons rigting aangestap. Al wat ons weet ons moes doen was om vir ŉ onderoffisier in die Kollege te strek. Met dié kom Liebenberg verby en skouer ou arme Michael Jollife amper uit sy geloof uit. Sonder om enige iets te sê stap hy maar net verder aan. Skok was aanvanklik die emosie wat met akkuraatheid op daardie stadium ons gevoelens kon beskryf. Ek het by myself gedink: “Jis, wat maak jy hier ou maat?” Maar later het ons besef dat ons loopbaankeuse beslis die regte een was.
Jy kon duidelik in die Kollege gesien het wie kadette op skool gehad het en wie nie. Veral wanneer die rofie verby ŉ offisier op looppas gaan en hy sommer so in die hardloop die offisier salueer sonder om te stop, of verby die offisier te marsjeer en dan te salueer. Glo my

hulle het vinnig geleer. Of wanneer daar gemarsjeer word en sy arms en bene se sinkronisasie is uit. Dit is wanneer sy linkerhand en sy linkerbeen in die voorste posisie is. Lyk kompleet soos ŉ "*golly walk*." Of wanneer daar ŉ bevel gegee word vir links om en die volgende oomblik kyk hierdie ou jou in die gesig in plaas van jou rug. Dan eers besef hy dat hy nou groot bollie aangevang het. Of wanneer die bevel halt gegee word en hy aanhou bly loop totdat hy binne in die ou voor hom vasloop en dit tot groot ontsteltenis en ergernis van die instrukteur.
Dan praat jy van in die nag wegglip uit die kollege uit. Sjoe, sal ek dit ooit vergeet. Ek het die mooiste rofina (soos hulle genoem was) in die Kollege as meisie gehad. Vir historiese en praktiese redes sal ek haar identiteit weerhou. My pelotonleier het met haar vriendin uitgegaan. Nou op daai ouderdom, soos ons almal weet, was ŉ naweek saam met jou meisie net nie genoeg nie. Dus het ons so nou en dan in die donker aande na die rofinas, wat in Van Riebeeckpark gewoon het, uitgeglip om koffie by hulle te gaan drink. Hierdie oefening moes plaasvind sonder dat die ouens op wagdiens ons gesien het. Die een dag het daar iets gebeur wat die hele Kollege op hol gehad het. Ek het nou en dan op ŉ Vrydag of Saterdagaand by my meisie gaan oornag sonder dat te veel mense daarvan bewus was. Net een of twee van die meisies, wie ook in die betrokke huis gebly het, het daarvan geweet. Een naweek besluit ŉ klomp van ons om saam met die rofinas in Johannesburg te gaan jol. Ons het almal met die trein na Johannesburg gereis. Dit was al laat toe ons besluit het dat dit tyd was om huiswaarts te keer. Ons het die laaste trein vanaf Johannesburg na Birchleigh stasie gehaal. Die huise waar die rofinas gewoon het, was ŉ taamlike afstand vanaf die stasie. Soos wat dit goeie opgevoede jongmanne betaam, het ons die dames na hulle huise begelei. Daardie tyd van die nag was daar nie meer ŉ trein wat vanaf Birchleigh stasie na Kaalfontein stasie geloop het nie. Ons was moeg van die aand se jollery en het nie kans gesien om die hele ent vanaf die rofinas se huise na die Kollege te loop nie. Ek het voorgestel dat ons almal die aand by die rofinas se huise moes oornag. Wat ŉ fout! Die ouens het almal in een van die garages bed gemaak en daar geslaap. Ek was bevoorreg en het by my meisie in die kamer geslaap.
Dié betrokke nag het sersant Mosterd se vrou, wie ook ŉ instruktrise in die Kollege was, flitsligpatrollie kom hou en natuurlik toe op die petalje afgekom. Sy het niemand wakker gemaak nie en het tot die Maandagoggend gewag voordat ons met die oorslaap gekonfronteer was. Dit was soos ŉ bom wat in Esselenpark ontplof het. Die instrukteurs en offisiere het natuurlik ŉ "*royal time*" met ons gehad en ŉ bietjie met ons geskerts en gespot, veral kaptein Venter vir wie ek my bloedig vererg het. Ek was so kwaad ek wou sommer net daar bedank, maar sersant Mosterd het my egter omgepraat om nie so 'n dom ding te doen nie. Ek is hom ewig dankbaar vir die goeie raad wat hy vir my gegee het. Agterna het ons almal lekker oor die hele affêre gelag. Behalwe vir die sedepreke het ons geen fisiese straf ontvang nie.
(Johan Marais)

**Negentien jaar op die paradegrond.**
My gedagtes gaan ver terug, ja, sover as Augustus 1967. Destyds was ek as herder en leraar van die gemeente Esselenpark beroep. Toe ek kennis van die beroep ontvang het, was ek op ŉ plaas in die suide van Windhoek besig om te jag. Ons het die middag by die opstal gaan eet waar ons by die wyksouderling gekuier het, toe ek die onverwagte nuus in sake die beroep ontvang het. Onnodig om te sê dat ek van die gemeente Esselenpark niks geweet het nie. My eerste gemeente was Lyttelton, en Esselenpark was ŉ wyk van die gemeente Olifantsfontein. Ek het geweet daar was ŉ Spoorwegkollege maar hoe alles bymekaar ingepas het, was vir my Grieks. Nodeloos om te sê dat ek daardie middag, hoewel ek besig was om te jag, nie weer aan ŉ koedoe gedink het nie, want ek het net vir Esselenpark in my kop gehad.
Ek het probeer dink wat ek van die gemeente en die dorpie weet. Die antwoord was so te sê totaal niks. Die volgende drie weke, totdat ek moes antwoord, was dit vir my en my vrou ŉ tyd van bid en wag. Groot besluite neem ons gewoonlik saam, veral so ŉ ingrypende antwoord soos die op ŉ beroep. Die een dag neem ons die beroep aan en die volgende dag bedank ons dit; party dae neem die een dit aan en die ander een bedank dit. Na baie gebed, wik en weeg neem ons eindelik die beroep aan.

Die ontvangs deur die gemeente en die hele gemeenskap was onverbeterlik. Die BBP's van die kerk en afdelings wat by die Kollege betrokke was, was by die ontvangs teenwoordig. Die naweek was verby en die kerkraad moes my leer wie is wie en wat is wat by die Kollege. Die eerste uitnodiging het gekom van die S.A. Spoorwegpolisie af. Ek was genooi om die daaropvolgende Vrydag die skriflesing en gebed tydens die parade op die paradegrond, waar te neem. Op die preekstoel was ek al tuis, maar die uitnodiging na die optrede voor die polisie op die paradegrond het vrees en bewing by my gebring. Dit was iets geheel anders as waaraan ek gewoond was. Ek was half spyt dat ek nie soos ons kinders diensplig moes doen nie, want dan sou ek geweet het wat ek te wagte kon wees. Hoe moes ek by die parade voor die klomp manne met netjiese uniforms, skoene wat blink, knope en kentekens wat skitter, optree?
Vrydagoggend het aangebreek en ek was vroeg uit die vere met my beste pak klere aan en begeef my na die paradegrond. Die Bevelvoerende Offisier, majoor C.H.E. Rönnebeck, het fier en regop my gestaan en inwag. Hy het egter net kortliks verduidelik wanneer ek vir die skriflesing en gebed moes nader staan. Tot my redding was kaptein Dennis Wells, die leier van die orkes, ook daar en hy het my vergesel. Ek het soos 'n haas gevoel toe ek na vore stap en ek het geweet dat al wat oog is, was nou op my gerig. Deur die genade van Bo verloop alles goed. Daarna was ek genooi om saam met die offisiere in die kantoor van die B.O te gaan tee drink. Die ontmoeting was vriendelik en die gesprekke was aangenaam. Ek besef egter dat ek gou-gou die verskillende rangtekens sou moes leer ken. Voortaan sou ek, wanneer ek iemand groet, eerste na sy skouers moes kyk voordat ek hom in die oë kon kyk want dit was onvergeeflik om jou met iemand se rang te misgis. Sou jy hom op 'n hoër rang as wat hy het aanspreek, mag dit miskien beskou word dat jy met hom spot. Sou jy hom op 'n laer rang as wat hy het aanspreek, mag dit as vernedering geag word. Bewaar my tog daarvoor.
As predikant was ek as 'n senior offisier beskou en behandel. My eerste indruk wat ek van my gashere gekry het, was dat ek my tussen die boere *bobbies* bevind het. Een van my weeklikse verantwoordelikhede was die waarneem van die katkisasieklas vir studente wat daarin belang gestel het. Die kerkraad het uit die polisiegeledere 'n ouderling gekies wat die klas saam met die predikant sou waarneem. Soos 'n goeie leermeester doen, het ek gewoonlik vrae oor die vorige les gevra. Die antwoorde moes maar uit die seuns getrek word. Met een van die sessies was daar 'n ouderling wat van vooraf met hand en gesigsgebare die antwoord probeer oordra het. Hy vergeet homself soms geheel en al dan fluister hy die antwoord so hard dat ek dit ook kon hoor. Net jammer die antwoorde was die meeste van die tyd verkeerd. Dit was dan beter dat ek liewer met die volgende les aangegaan het.
Daar was een groep waaronder 'n paar seuns se hare heeltemal kort geskeer was tot op die kopvel. Na die klas vra ek toe aan een van hulle waarom sommiges van hulle se hare so kort geskeer was. Hy vertel toe dit was die kaptein wat hulle so straf oor een of ander saak waar hulle fouteer het. Die straf was toe afgeskaf maar toe was 'n ander vorm van straf weer ingestel, naamlik om 'n graf die grootte van 'n kis te grawe en daarna moes hy dit weer toegooi. Die grond was droog en beslis harde werk. Die opleiding was nie altyd net enkel vreugde nie, dus het hulle ook planne beraam om onder die juk, al was dit net vir 'n dag of twee, van vry te kom. Ons verneem toe op 'n dag dat daar Duitse masels onder die studente uitgebreek het, en dit skyn heel erg te wees. Meer en meer studente slaan uit. Dit was nie eers nodig om 'n geneesheer in te roep nie. Die instrukteurs het gou die oorsaak van die skynbare Duitse masels gediagnoseer. Die rooi kolletjies was nie deur 'n virus veroorsaak nie, maar deur 'n staalborsel waarmee hulle hul vel geprik het. Ek weet nie watter medisyne die "dokter" vir hulle "siekte" voorgeskryf het nie.
Ek onthou nog 'n baie tragiese geval wat toe nooit een was nie. Een van die studente het tyding ontvang dat sy pa skielik aan 'n hartaanval beswyk het. Hy was platgeslaan want hy moes spesiale verlof, treinkaartjies ens. bekom. En terwyl hy nog met die reëlings besig was, kry hy die tweede berig dat sy ma as gevolg van die skok ook beswyk het. Wat 'n tragedie! Die berig versprei gou en almal was verslae en probeer help waar moontlik. Die instrukteurs probeer geld bymekaar maak vir 'n vliegtuigkaartjie. Vrydagoggend spreek die B.O. sy innige meegevoel teenoor die familie uit. Ek dra die diep beproefde student aan die sorg van die

Here in gebed op en vra vir vertroosting, sterkte en krag. Tot die student se nadeel was daar kennisse uit die omgewing waar hy vandaan gekom het wie se ouers berig het dat sy ma en pa nog springlewendig was. Wat toe daarop gevolg het, weet ek nie.

By die kerkdienste vir die polisie het dit tradisie geword dat, nadat die seën uitgespreek was, die polisiemanne en polisiedames op aandag staan en uit volle bors sing: "Voorwaarts Christenstryders, Voorwaarts om te stry! Laat die kruis van Jesus In die strydperk bly! Hy, die Heer en Koning voer sy leer aan; Laat sy vaandel vooraan op die slagveld gaan!" As predikant is ek as 'n senior offisier beskou en behandel. So gebeur dit ook dat ons na 'n polisie funksie uitgenooi word. Luitenant generaal J.J.J. van Vuuren, die Kommissaris, was die spreker by die geleentheid. Hy het die studente opgeroep om hulle pligte getrou na te kom en die naam van die S.A. Spoorwegpolisie altyd hoog te hou. Voordat hy afgesluit het, het hy heel onverwags aangekondig dat die rang van majoor aan ds. J.J. Human toegeken is. Ek kon dit nie glo nie! Ek het gewens hy wou dit weer sê!

Dit het 'n hele paar jaar geneem nadat ek al 'n voetpaadjie op die paradegrond uitgetrap het. 'n Mens is mos altyd skepties as jy nie die volle waarheid ken of nie geweet het hoedat die vurk in die hef steek nie. Ek het by myself gedink, en miskien die ander offisiere ook, is dit nie dalk 'n "*Mickey Mouse*" rang wat aan my gegee is om my lekker te laat voel en hulle waardering te probeer te betuig nie? So veertien dae later kom daar 'n groot offisiële koevert deur die pos. Toe ek  dit oopmaak en die inhoud daarvan lees, wat 'n verrassing? Dit is toe my kommissie aanstelling as majoor. Die beste van alles was dat dit deur niemand anders as die Staatspresident, meneer Marais Viljoen, en die Minister van vervoer, mnr Chris Heunis, onderteken was nie.  Wie sou waag om ooit weer te kon dink dat ek sommer 'n "*Mickey Mouse*" rang het? Die kasteel het 'n vaste fondament op my skouer gekry. Die uniform het pas daarna aangekom en ek het dit altyd met trots gedra. Dit was maar die begin van meer dinge wat gevolg het. Hoewel ek nooit verwag het dat verdere bevorderings sou volg nie, was dit elke keer vir my 'n groot verrassing wat my nie tot hoogmoed verlei het nie. Dit het my nederig en trots laat voel dat ek met 'n uitnemende Polisiemag soos die S.A.Spoorwegpolisie destyds, geassosieer kon word.

Na 'n paar jaar was ek tot rang van luitenant kolonel bevorder. Die rang het ek ook met groot dankbaarheid  ontvang. Dit was ook min of meer daardie tyd toe ek die medalje vir tien jaar getroue diens ontvang het. Net voordat ek die medalje vir twintig jaar getroue diens sou ontvang het, het S.A.Polisie en die S.A.Spoorwegpolisie saam gesmelt en die medalje het in die slag gebly. Die bevordering tot die rang van kolonel het 'n verdere ster op my skouer meegebring. Weereens het ek ook die bevordering met dieselfde dank ontvang. Die wyse waarop ek van die bevordering in kennis gestel was, het ook op 'n baie besonderse manier plaasgevind. Iets wat vir my altyd onvergeetlik sal bly.

Dit was die gebruik in die Kollege dat die lid om middernag op die dag waarop hy of sy bevorder moes word, 'n briefie ontvang. Met my bevordering na kolonel het ek ook in die ryke tradisie gedeel. Die B.O. was van my bevordering tot die rang in kennis gestel. Op sy beurt het hy natuurlik die ander offisiere en studente ook daarvan vertel. Die nag waarop my bevordering van krag geword het, het alles soos gewoonlik stil verloop. Ons as gesin het gaan slaap. Die nag, presies om twaalf uur, het die voordeur klokkie gelui.  As die klokkie daardie tyd van die nag lui, voorspel dit gewoonlik niks goeds nie, meestal ernstig siekte of 'n persoon wat sterwende is. Ek strompel vaak, vaak, die gang af na die voordeur. Ek maak die deur oop en 'n polisie student staan voor die deur, spring op aandag, salueer, en oorhandig aan my 'n A4 vel papier.  Nadat ek dit ontvang het, vra ek of ek daarop moet antwoord. Hy skud sy kop en sê: "Nee Kolonel", hy salueer en verdwyn in die nag. Ek haas my na die studeerkamer om die skriftelike boodskap wat so middernagtelik aan my afgelewer was te gaan lees. Aanvanklik maak ek geen kop of stert daarvan uit nie. Toe besef ek wat dit was. 'n Kort gelukwensing met my verhoogde rang gevolg deur 'n vingerafdruk en handtekeninge van offisiere, personeellede en studente.

Dit was my voorreg om al die Bevelvoerende offisiere gedurende die jare soos hulle gekom en gegaan het, tot die laaste een, kolonel Phillip Delport, te ken. Wat die Kommissarisse betref was die eerste generaal Marius van Vuuren en die laaste een generaal Hannes Visagie. Die datum waarop die Magte sou saamsmelt was 1 Oktober 1986. Die vorige Sondag het ons die

afskeidsdiens in die kerkgebou gehad en die Vrydag daaropvolgende het die polisiedienste saam gesmelt. Dit was dan ook my voorreg om die skriflesing en die gebed by daardie geleentheid waar te neem. ŉ Voorreg waarvoor ek altyd dankbaar sal wees om deel van die polisiegeskiedenis persoonlik te kon beleef het. Wie kan dan hierdie kameraadskap, kollegialiteit en vriendskap vergeet?

Ons kom aan die einde van ons werksdag so ook aan die einde van ons lewensdae. Wat ŉ voorreg vir ons wat agter bly om met die goue draad van herinneringe te mag voort weef totdat dit ook geknip word. Ek salueer u almal, wat nog lewe, en eens die uniform van die SASP gedra het, en dink met agting aan hulle wat ons reeds ontval het en met deernis aan hulle geliefdes. As ek en my eggenote terugkyk oor ons lewe, onder andere ons verbintenisse met die S.A.Spoorwegpolisie op Esselenpark en die vriendskappe daarna, kan ons dit nie beter beskrywe as met die woorde van Psalm 16, vers 5 en 6 : “Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang het, kom alles van U af. ŉ Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi”.

Destyds toe ek nog studeer het, was ons as studente nie bevoorreg om jou eie motor te kon besit nie, dus moes ek maar tussen Pretoria en De Aar met treine pendel na my ouerhuis en die Universiteit. Die vertrektye van die trein kan ek nie meer onthou nie. Dit was al die aand skemer toe die trein Kimberley stasie instoom. Die passasiers het altyd met groot afwagting na die aankoms op Kimberley uitgesien om daar weer peuselhappies te kan koop. Ek het by die deur van die rytuig gaan staan sodat ek eerste kon afklim. Die trein het sy spoed verminder, die platform was reeds daar, al wat nog moet gebeur was, die remme moet net vasslaan. Ek klim af. Voordat ek drie treë kon loop tree ‘n Spoorwegkonstabel my aan en bring onder my aandag dat ek uit die trein geklim het terwyl dit nog beweeg het, punt. Ek het nog ge-oe en ge-aa maar die vriend wil niks weet nie. Toe hy egter dreig met die aanklagtekantoor ens. toe besef ek dis nou ŉ kwessie van veg of vlug. Ek het die laaste opsie gekies, my koeldrank gaan drink en voorgeneem om dit nooit ooit weer te doen nie, al sê die mense ook onwetend sondig jy nie.

Die wintervakansie op die plaas was sommer baie lekker. Die voorlaaste dag gaan ons na De Aar sodat ek die volgende dag, voordat ek die trein wat een minuut voor drie uur die stasie instoom, kan haal terug na Pretoria toe. Dié dag was ŉ bedrywige dag vir my. Ek handig die konsessie by die kaartjieskantoor in waar ek volgens die Universiteit verklaar dat ek ŉ heeltydse student is, koop my kaartjie en hardloop daarna van die een punt na die ander om alles af te handel voor die trein kom. So teen middagete se tyd voel ek my beurs is weg. Wat nou? Aan die oorkant van die straat gaan vra ek raad. Hy skud sy kop en sê die enigste raad wat hy het is dat ek sonder kaartjie my kompartement moet kry en inklim asof daar niks gebeur het nie. As die kaartjieondersoeker kom dan moet ek my sakke voor hom leegmaak en sê my kaartjie is weg. Die ondersoeker mag my nie van die trein afsit nie. Die trein was betyds. Ek kry my kompartement. Die tyd van die leuen en die halwe waarheid het aangebreek. My spanning en senuwees woel my. Die trein vertrek. “*In for a penny, in for a pound.*”

Die ondersoeker kom tik met sy sleutel teen die deur. Die deur gaan oop: “Kaartjies asseblief”. Ek begin soek na die kaartjie wat ek gekoop het, maar wat iewers verlore geraak het. Hy sien ek is nou erg paniekerig. Hy sê hy sal later na my terugkom, ek moet intussen maar soek. Hoe soek ŉ mens iets wat jy weet dit is nie in jou besit nie? Na ŉ uur of wat is hy weer terug. Nog nie gekry nie? Hy neem sy vorms, vra al my besonderhede en voltooi dit. Wat gaan nou gebeur? Die trein stoom Kimberley stasie binne. Ek wag totdat die trein mooi stilstaan. Ek klim uit, ek staan weer op vaste aarde. ŉ Konstabel van die Spoorwegpolisie kom my tegemoet, vra baie vriendelik my naam en bestemming. Hy groet beleefd. Dankie tog. Ek het dit ook oorleef! Toe besef ek die kaartjiesondersoeker het na sy tweede besoek my naam en van aan al die stasies deurgestuur tot in Pretoria. Die polisie het weer op hulle beurt navraag by De Aar se kaartjieskantoor gedoen of daar ŉ kaartjie per konsessie gekoop was. Die volgende oggend toe ek op Pretoria stasie afklim, het ŉ vriendelike konstabel my by die rytuig waarin ek gereis het, kom ontmoet. Of die mede passasiers gedink het ek is ŉ baie belangrike persoon wat deur ŉ konstabel begelei word, weet ek nie. Die kaartjieskantoor het van alles

geweet. Sonder enige verdere begeleiding het hulle my net versoek om, as die kaartjie opgespoor word, ek dit by hulle sal kom inhandig.
(Kol. Ds. Jan Human)

**Konstabel Petrie en my Volla.**
Ek het op Walvisbaai aangesluit en Maart 1975 het ek by die Kollege vir my opleiding aangemeld. Dit was seker een van die opwindendste tye in my lewe. ʼn Pelotonmaat van my, konstabel Petri, was vyf-en-twintig jaar oud en die oudste lid in daardie inname. Een Woensdagaand wou hy skelm vir sy vrou, wat by haar suster in Kemptonpark gebly het, gaan kuier. Ek het my VW *Beatle* vir hom geleen om na Kemptonpark te reis. Die betrokke Woensdagaand het dit baie gereën. Donderdagoggend het sersant Beyl my na my Volla, wat onder ʼn boom langs die paradegrond gestaan het, ontbied. Hy het langs my Volla gestaan en was baie kwaad (ons was baie bang vir hom). Toe ek daar kom toe sien ek eers wat gebeur het; die dekselse Petrie het die hele paradegrond met my Volla omgeploeg. Sersant Beyl het op my gesig gesien dat ek oorbluf was en het dadelik geglo dat ek dit nie gedoen het nie. Wat hy nie geweet het nie, was dat ek vyf minute later daai Petrie so opgefoeter het dat hy nooit weer met my gepraat het nie. ʼn Paar jaar later het hy my een keer in die Conradie Hospitaal kom besoek en ons het lekker oor die hele voorval gelag. So terloops, ek het agt maande gelede deur Esselenpark gery om my jongste seun, Jaco, die Kollege te wys. Toe sien ek dat feitlik die hele paradegrond toegebou is.
(Peet Prinsloo)

**Moeilike sersant.**
Desember 1970 het ek gematrikuleer en die dag toe die skool sluit, het ek na Uitenhage stasie gegaan waar ek deur die Posbevelvoerder, adjudant offisier Solly Marais, in diens geneem is. Ek het dus geen Desember vakansie gehad nadat ek die skool verlaat het nie. Junie 1971 het ek by die Spoorwegpolisie Kollege te Esselenpark vir opleiding aangemeld. Ek was in peloton 66 ingedeel en die sersant was Ronnie Beyl. Johan Lotriet was ons pelotonleier. Die orkes het in dieselfde jaar ontstaan en hulle het langs die paradegrond geoefen. Op ‘n dag het sersant Beyl ons almal om die parade grond gejaag. Hy het ‘n ent daarvandaan langs die paradegrond gestaan terwyl ons om die paradegrond gehardloop het. Die orkes het “Erika” gespeel en Johan Lotriet het ons uitgedaag om die wysie saam te fluit, ‘n ent verder die lied te sing, en “as julle nie bang is nie”, Erika uit volle bors te sing - wat ons toe gedoen het want ons was mos nie bang nie. Sersant Beyl het uit pure woede sy pet op die grond neergegooi, daarop gespring en beveel dat ons, ons dik jasse en R1 gewere vir strafdril moes gaan haal het. Hy het alle lesings gestop en ons vir twee ure lank gedril. Dit het daartoe bygedra dat peloton 66 al die trofeë gewen het.
(Evert Oosthuizen)

**Uitstaande bakens in my loopbaan.**
My kollege opleiding het gestrek vanaf Oktober 1965 tot April 1966. Ek was in peloton 22. Ons pelotonsersant was sersant C.J.P. (Pieter) Blom wat later die Kompanie sersant majoor van die Kollege geword het. Hy was ʼn moeilike man en het geen nonsens geduld nie. Onder sy bekwame leiding het ons peloton aan die einde van die kursus die Kommandant se Skild vir algemene bekwaamheid verower asook die trofeë vir rugby, atletiek en landloop. Iets waarvoor ons hard gewerk en baie trots op was. Ek het nie veel van die paradegrond werk gehou nie, seker maar omdat ons daar so baie bloed gesweet het. Soms het ons dit verdien, ander kere was dit seker om ons die beste peloton te maak. Die akademiese werk soos die wet en ander lesings het ek baie geniet en interessant gevind. Ek het menige naweek “*stick*” gevang.
Dit het so gewerk. Helfte van die pelotonne was met naweek verlof vanaf Vrydagmiddag vier uur tot Sondagaand tien uur. Die ander pelotonne was dan op steundiens, sou daar iets gebeur en lede dringend benodig word. Wanneer jy ʼn bepaalde punt vir jou wetlesings behaal het, en dit jou af naweek was, dan was jou naweek verlof tot die Maandagoggend om ses uur verleng. Jou harde werk was ook verder beloon. Wanneer jou peloton vir die week

verantwoordelik vir die wagdienste was, was jy dan as gevolg van die prestasie wat jy in die lesingsaal behaal het, van wagdienste vrygestel. Hierdie stelsel het my geleer dat harde werk die moeite werd was en dat jy op een of ander wyse vir jou harde werk beloon sal word.
Ek het wel op 16 Julie 1969 al sersant geword maar het eers die onderoffisierskursus in 1974 deurloop. Vir die kollegas wat die kursus saam met my meegemaak het, het die kursus dieselfde beteken. Ek kan nie aan een van hulle dink, wat nie ook later ŉ offisier geword het nie. Om tot die rang van offisier bevorder te word, moes jy eers die diploma in Polisiekunde behaal het. Die diplomaplegtigheid was op 3 Mei 1985 met groot swier by die Spoorwegkollege, Esselenpark aangebied. Dit was voorwaar een van my hoogste punte in my polisie loopbaan. By die geleentheid het Dr. Bart Grové, Hoofbestuurder van die S.A. Vervoerdienste, die geleentheidsrede gelewer en ook die diplomas oorhandig. Die diploma het baie na-ure se studies, volharding en deursettingsvermoë vereis, maar dit was beslis die moeite werd. Die beloning vir die harde werk was duisend keer groter en lekkerder as die naweek "*stick*" wat ek in die Kollege ontvang het.
Nog ŉ uitstaande gebeurtenis in my polisie loopbaan was toe ek in 1982 in die Kaap gestasioneer was. Ek was toe ŉ luitenant en Posbevelvoerder te Bellville stasie. Met die opening van die Parlement in 1982 was ek deel van die parade tydens die openingsplegtigheid. Om by die belangrikste gebeurtenis in die land betrokke te wees, het gemaak dat elke lid sy of haar beste tydens die geleentheid gelewer het. Elkeen was trots daarop om deel te kon wees van dié besonderse geleentheid. Ek sal die oorverdowende applous met die verbymars nooit vergeet nie. As daar een persoon is wat lof vir die afrigting en voorbereiding van die lede verdien het, was dit kolonel Philip Delport.
(Douglas du Randt)

**My kollege herinneringe.**
Na my ervarings op Hoofkantoor as rekruut het die uitdagings wat die opleiding by die Kollege bied vir my voorgelê. Lank voor die datum wat ek vir opleiding by die Kollege moes aanmeld, was ek redelik voorberei op dit wat vir my gewag het. Ek het die uitdaging met die nodige versigtigheid en respekvolle vrees aangepak. Niks kan jou voorberei wat werklik op jou wag wanneer jy by die Kollege aankom nie. Op Hoofkantoor het ek soos sersant Meyer se kind gevoel, nou by die Kollege was jy laer as slangsleepsel en daar steek niks goeds in jou nie. Dit was asof elke instrukteur ŉ spesiale kwalifikasie in skreeu verwerf het. Onnodig om te sê maar die KSM (Kompanie sersant majoor) was toe niemand anders as Ronnie Beyl nie. Gedink my pa was die enigste groot stuk mens totdat ek die KSM gesien het.
Daar was niemand van hulle wat normaal gepraat het nie. Almal was ŉ meester in gil. Daan Venter was my pelotonsersant. Sersant Scholtz was ons buur peloton se sersant met ŉ snor wat enige jong student na sy asem van vrees laat snak het. Natuurlik het dit baie van jouself afgehang hoe jy die druk verwerk het en watter invloed dit op jou as mens gehad het. Ten spyte van alles wat by die Kollege gesê en gebeur het tydens jou opleiding, was daar tog baie goeie herinneringe. Die slegte herinnering het deur die jare vervaag maar die goeie herinnering sal jou altyd bybly. Niks anders sou jou egter kon voorberei het vir dit wat werklik vir jou as ŉ volwaardige "Sporie" gewag het nie.
(Thys Du Plessis)

**Laaste inname by Esselenpark.**
Ek is bevrees dat ek net die laaste deel van die SASP beleef het. Ek het op die 4 Februarie 1986 as rekruut by die Spoorwegpolisie aangesluit. Ek was maar 17 jaar oud. Ek het op Port Shepstone aan die Natalse Suidkus begin en toe ek in Mei 1986 agtien jaar oud geword het, was ek na Island View, in Durban hawe, verplaas. Eers die groen uniform en toe die bruin een. Ek was met die tweede inname in 1986 vir opleiding Esselenpark toe. Dit was 'n ervaring wat ek nooit sal vergeet nie. Terwyl ons nog onder opleiding was, het die S.A.Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie saamgesmelt en ons was toe na die Polisiekollege in Pretoria oorgeplaas. Daar het ons omtrent dag en nag klas geloop om ons opleiding in die SAP te voltooi. Een ding kan ek wel noem en dit is dat die aand toe die SASP amptelik ontbind was, was dit ŉ baie hartseer gebeurtenis. Ons het op die paradegrond in Esselenpark die Spoorwegpolisie se vlae

tydens 'n seremonie verbrand. Ek moet sê dat ek is trots om 'n "Sporie" of "Blompot" genoem te word, want dit herinner my aan die opleiding en swaarkry wat ek op Esselenpark deurgegaan het maar wat 'n beter mens van my gemaak het..
(Robert Thompson)

**S.A.Spoorwegpolisie gimnastiekvertoonspan.**
Die S.A.Spoorwegpolisie was ŉ klein maar gedugte polisiemag. Baie min lede van die publiek was bewus van die streng dissipline en hoë standaard van opleiding wat by die Spoorwegkollege Esselenpark aan lede van die S.A.Spoorwegpolisie aangebied was nie. Die Spoorwegpolisie was eintlik op die agtergrond en eers wanneer ŉ klaer die hulp van ŉ polisieman benodig het, het hy of sy nader kennis met die Spoorwegpolisie gemaak. Ongelukkig was dit ook so dat baie oningeligte lede van die publiek en selfs lede van die ander Magte nie juis ŉ hoë dunk van die Spoorwegpolisie gehad het nie. Ek was van mening dat daar enkele redes was waarom die publiek nie van die bestaan of selfs die bekwaamhede van die Spoorwegpolisie bewus was nie. Eerstens: Die kleur van die uniform was nie aantreklik nie. Tweedens: Al waar die publiek die lede gesien of met hulle te doen gekry het, was op die stasies, lughawens en die seehawens. Derdens: Die Mag se suksesse het selde die nuusberigte in die koerante of die televisie gehaal. Met die totstandkoming en demonstrasies deur die Spesiale taakmag het dit die media se aandag aangegryp wat toe wyd in die koerante en op TV vertoon was. Ek was oortuig dat baie meer van die Spoorwegpolisie aan die algemene publiek vertoon moes word. Adjudant offisier Allie Jooste was op daardie stadium die sersant majoor van die Kollege en ek het my visie met hom gedeel. Allie was baie ontvanklik vir my idees en het ook geweet hoe om die senior manne te benader om uitvoering aan my visie te kan gee.
Die Gevangenisdiens, die S.A. Weermag, en die S.A. Polisie het nog altyd vertoonspanne gehad wat landswyd opgetree het. Dit was hulle vertoonvenster. Daar was ŉ bewuste kompetisie onder die Magte oor wie die beste beeld na buite kon uitdra. Ek was bevoorreg om deel te kon wees van die Weermag se elite gimnastiekvertoonspan. Later was ek ook die aanvoerder en afrigter van die S.A. Polisie se gimnastiekvertoonspan. Die publiek wou die manne in uniform sien. Die orkeste met hulle toue om die skouers en die tamboermajoor voor die orkes het groot belangstelling, veral onder die kinders, uitgelok. Die kinders wou altyd net graag aan een van die manne raak. Die publiek wou hierdie optredes sien want daardeur kon die Magte hulle paraatheid en bekwaamhede aan die publiek demonstreer. Die optredes was ook daarop gemik om nuwe lede te werf. So het dit gebeur dat van die beste jongmanne by sulke geleenthede deur die Magte gewerf was. My visie vir die Spoorwegpolisie was dat ons soortgelyke optredes moes loods om die Mag aan die publiek bekend te stel en op dié wyse ook nuwe lede vir die Mag te kon werf. Kandidate wat ŉ aanwins vir die Mag kon wees en wat na hoër hoogtes as die normale lid wou strewe. Ons moes kandidate werf wat nie net by die Spoorwegpolisie wou aansluit om sy Weermagopleiding te omseil nie.
Die grootste vertoon na buite was die jaarlikse voorstellingsparade van studente by Esselenpark. By hierdie geleenthede was dit die studente se familie en vriende en dieselfde uitgesoekte gaste wat dit elke keer bygewoon het. Die goeie diens op stasies, lughawens en die seehawens, die deeglike en netjies registers en dossiere met die hoë persentasie skuldigbevindings was nie die enigste metode om die beeld van die Mag na buite uit te dra nie. Om my visie tot uitvoering te bring het ek besluit om ŉ vertoonspan op die been te bring. Selfverdediging was deel van die studente se opleiding en as ons die selfverdedigingprogram ŉ ietwat aanpas, kan dit vir ŉ goeie vertoning by die uitpasseringsparade sorg. Sersant André Olivier was die Selfverdiginginstrukteur en hy koop in op my voorstel. Vir die daaropvolgende voorstellingsparade werk ons ŉ selfverdedigingsvertoning met studente uit waar ek ŉ nar was wat hom sou aanval. Met my ervaring van gimnastiek en sy krag en vernuf was ons die perfekte kombinasie. Die gedeelte waar ek en André tydens die parade opgetree het, was vir baie ŉ verrassing. Die tweede stap was om een of twee dames gimnaste by die parade in te span terwyl die ander damesstudente ŉ ritmiese vertoning lewer. Dit het skitterend gewerk. Na afloop van die parade ontvang ons ŉ uitnodiging van die Stadsraad van Benoni om tydens ŉ geleentheid in die Sportstadium op te tree. Iemand wat ons optrede by die

voorstellingparade gesien het, het gevra dat ons in Benoni moes optree. Die groot deurbraak het gekom toe die Stadsraad van Klerksdorp ŉ uitnodiging aan die Kollege gerig het vir die orkes om tydens die spesifieke geleentheid op te tree. Hulle het ook verder versoek dat ŉ drilvertoning tydens dieselfde geleentheid gelewer moes word.

Met elke Kollege inname was daar enkele studente wat oor sommige van die vereistes waaraan ŉ gimnas moes voldoen het, beskik het. Hulle was nie meer kinders nie en ek moes dit ontwikkel. Die meeste het hoogtevrees, swak koördinasie, swak balans, swak ritme en swak oordeelsvermoë gehad. Gelukkig sou hulle net vertoongimnaste wees wat dit baie makliker gemaak het. Hulle sou nooit tot werklike gimnastiek kon toetree nie. Om ŉ permanente vertoonspan op die been te bring het beteken dat daar wyer as die studente in die Kollege gesoek moes word. Tydens innames het ek etlike studente oor ŉ tydperk geïdentifiseer wat oor die potensiaal beskik het om deel van die span te wees. Hierdie lede was reeds na stasies in die omgewing uitgeplaas. Die Kollege het geen sê oor hulle gehad nie en daar sou by Hoofkantoor magtiging verkry moes word om hierdie lede vanaf hulle stasies vir die vertoning in Klerksdorp te onttrek. Word magtiging vir die lede se onttrekking geweier, sit ek in die moeilikheid want Klerksdorp was reeds verwittig dat ŉ gimnastiekspan die orkes en dril peloton sal vergesel. Hoofkantoor het magtiging verleen en die lede was opdrag gegee om by die Kollege aan te meld. Daar was oorspronklik vyf-en-twintig lede wat ek gekies het, maar aan die einde van die keuring was daar slegs veertien van hulle oor wat in die vertoonspan opgeneem kon word. Ek het reeds ŉ program uitgewerk wat ons met die optrede in Klerksdorp sou aanbied. Dit was baie harde werk om die lede, wat al verroes was, weer op standaard te kry. Oor en oor en nogmaals oor en oor moes die span oefen om die teorie by praktiese uitvoering daarvan bymekaar te bring. Dit was baie moeilik om hulle te leer hoe om trampolien te spring. Dit is beslis nie dieselfde as die gespringery op die trampolien by die vakansieoord nie. Van ŉ vorentoe en agtertoe salto wil ek nie eers praat nie.

Gaandeweg het dit beter en beter gegaan. Daar was lig aan die einde van die tonnel toe van hulle die salto's onder die knie gekry het. Dit het ook baie gehelp om mekaar te motiveer om meer en meer bewegings te doen. Daar was nie ŉ jaar tyd om al hierdie aspekte te ontwikkel nie. Uit die oogpunt van die gimnaste was dit nie maklik nie en ek het dit verstaan. Die apparate was swak en ek het self van die apparate herstel, aangepas en verstewig. Daar was doodeenvoudig net nie voldoende apparate wat ek benodig het nie. Ek moes improviseer. Landingsmatte was daar nie en dit kon ek nie maak nie. Ek moes vinnig matte kry en die enigste manier was om dit aan te koop. Die motivering was goed genoeg en die kontakte het gehelp. Die matte was binne enkele dae afgelewer. Op verskeie stadiums het ek in die lede se vermoë getwyfel omdat nie almal van hulle die talent en kwaliteite gehad het nie. Ons moes harder werk, daar was nie ander lede wat ek kon gebruik het nie. Ek het hulle tussen vier uur en vyf uur die middag , wanneer die ander personeel reeds van diens was, laat oefen. Soms was van die studente veronderstel om klas by te woon, maar daar was kollegas wat gehelp het deur hulle van die klasse te verskoon. Niemand het geweet hulle was in die gimnasium besig om te oefen nie.

Tydens een van die oefeninge het een van die apparate ingegee en ŉ student het amper sy arm gebreek. ŉ Ander een het weer sy enkel ligamente geskeur. Van die gimnaste wat op Jan Smuts gestasioneer was, was meer in die gimnasium as op die lughawe. Dit was ook nie lank nie of die "paw paw slaan die fan." Die lede op stasies en die lughawe was nie by die werk nie want hulle het meer tyd in die Kollege bestee as wat goedgekeur was. Die geveg was groot want baie Posbevelvoerders het nie ŉ saak met die gimnastiek en vertonings gehad nie. Ek los die geveg in die hande van Hoofkantoor maar in die proses word ek gewaarsku om by die toegestane tye te hou. Die gimnaste moes egter hulle eie klere vir die aangeleentheid aankoop. Eers later was gimnastiekskoene, kouse, sweetpakke en T-hemde kosteloos aan hulle uitgereik. ŉ Week voor ons vertrek na Klerksdorp kom ek en kaptein Welch van die orkes bymekaar. Ons het die musiek wat hulle op Klerksdorp sou speel, aangepas sodat die ritme van die gimnastiekprogram by die liedjies wat die orkes speel, kon inpas. Die tyd vir oefeninge en voorbereiding was verstreke. Om die span voor die tyd aan toeskouers bloot te stel, het ek vir ŉ vertoning, waarby die personeel en studente onder opleiding teenwoordig was, gereël. Die gimnaste was erg gestres; dit was nou tyd om te wys waartoe hulle in staat

was. Die vertoning verloop puik en ŉ aantal siviele studente by die Kollege het ook kom kyk. Na afloop van die vertoning ontvang die span hulle eerste applous. Dit het hulle selfvertroue gebou en rustigheid onder die span gebring.
Ons arriveer die dag op Klerksdorp. Die senuwees knaag aan die spanlede want daar was baie toeskouers, baie meer as by die inoefening by die Kollege. Ek kon nou niks verder aan hulle afrigting doen nie, dit was nou die tyd om te wys waartoe hulle in staat was. Die enigste bydrae wat ek nou tot die sukses van die vertoning kon lewer, was om die lede te motiveer en hulle te komplimenteer vir dit wat hulle in die kort rukkie vermag het. Hulle uitrusting het hulle trots gemaak en gehelp om die senuwees in bedwang te hou. Toe hulle op die baan opdraf was die applous maar power. Ek het hulle daarop voorberei maar na die eerste aanslag was die handeklap reeds daar. Met die aanvang van die tweede en die derde ronde het die toeskouers geniet dit wat hulle gesien het. Die applous het meer en harder geword en die gimnaste het net daar begin rustig raak. Die een handeklap na die ander het gevolg. Hulle het dit geniet, hulle vrese was met selfvertroue en trots vervang. Die blydskap was oorweldigend en van hulle het mekaar selfs omhels. Hulle het nie so iets geken nie. Ek was tevrede en die Bevelvoerende Offisier het my gelukgewens. Hy was dit nie te wagte nie. Die S.A.Polisie met hulle gimnastiekspan was ook teenwoordig en redelik verleë dat die Spoorwegpolisie se vertoonspan hulle span met die vertoning oorskadu het. Hulle het my kom groet en ons gimnaste ook ŉ handdruk gegee. Een het vir my gesê dat ek ŉ verraaier was omdat ek voorheen in die S.A.Polisie was. Lede van die publiek het ons genader om te vra wie ons was en waar ons vandaan kom. Toe ons sê dat ons van die Spoorwegpolisie was, was van die opmerkings "Van die Spoorwegpolisie? Is dit die ouens op die spoorwegstasies? Nou waar word die Spoorwegpolisie opgelei, ons weet dan niks van hulle af nie?"
Ja, dit is die ouens op die Spoorwegstasies. Ek het toe geweet die ys was gebreek en die res sal vanself gebeur. Die nuus oor die span se optredes het soos ŉ veldbrand versprei. Die gimnaste van die Spoorwegpolisie met die swart broeke en goue T-hemde was puik en het jou hare laat rys en jou hoendervleis laat kry. Wat oornag gebeur het was geen verrassing vir my nie want ek het die wêreld van vertoonspanne in hierdie land geken. Die produk en standaard moet goed wees en in die smaak van die publiek val. Dit moet opwindend, uitdagend en asemrowend wees. Gekoppel aan militêre presisie en die publiek vra na jou. Organisasies reg oor die land soek altyd iets nuuts vir hulle programme. Of dit nou ŉ skou, ŉ skolebyeenkoms of selfs ŉ kerkbasaar was. Die nuwe produk in hierdie mark kry altyd voorkeur as dit aan die vereistes voldoen. Hierdie manne was nie nou meer net gewone lede nie maar ook die eerste amptelike gimnastiekvertoon span van die S.A.Spoorwegpolisie. Hulle sou minstens een keer per week moes oefen en was op stasies rondom Esselenpark en op Jan Smuts-lughawe gestasioneer. Die wat nog studente was, moes ook in die omgewing gewoon het om deel van die span te kon word. Posbevelvoerders wou nie lede op sy sterkte gehad het wat gereeld afwesig sou wees nie, veral oor naweke wanneer hulle vertonings elders moes lewer. Nuwe lede sou gewerf moes word om die plek van ŉ beseerde gimnas in te neem.
ŉ Nuwe stryd het begin want daar was later teen van hierdie lede gediskrimineer en van hulle wou verplaas, en nie meer deel van die span wees nie. Ek was voorbereid vir die probleem en daarom moes ek verseker dat elke vertoning ŉ absolute sukses was. En so was dit. Die gelukwensings en aanprysings van die vertonings het ingestroom en dit was wat ek wou hê. Ek wou nooit enige persoonlike eer daarvoor hê nie. Dit was ŉ vertoonspan wat die S.A.Spoorwegpolisie se naam na buite moes uitdra. Toe die klagtes van die Posbevelvoerders begin inkom dat die gimnaste nooit op die stasies aangewend kon word nie, was ek gereed. My versoek dat die lid aan gereelde oefeninge moet deelneem om beserings te voorkom en fiks te bly, was voldoende motivering. Die bestaan van die vertoonspan was toe amptelik tydens ŉ voorstellingsparade aangekondig. Die versoeke om landwyd op te tree het ingestroom en dit was presies wat ek wou gehad het moes gebeur. Die Spoorwegpolisie het ŉ huishoudelike naam onder die publiek geword. Talle oningeligte vrae oor die verskil tussen die S.A.Polisie en die S.A Spoorwegpolisie het ontstaan, wat dan by sulke byeenkomste, uit die weg geruim kon word.

Intussen het die Honde eenheid ook vertonings begin lewer. Hulle het meer en meer bekendheid verwerf en sterk na vore getree. Kaptein Skip Scheepers het ŉ klein foksie met die naam van Buks gehad wat hy opgelei het om dagga en springstof uit te snuffel. Omdat hy so klein was, was hy baie effektief wanneer dit by die deursoeking van treine en vliegtuie gekom het. Ek wou iets besonders doen en aangesien die Honde eenheid reeds sterk op die been was, het ek iets besonders ingedagte gehad. ŉ Gimnastiekvertoning gekombineerd met die honde se vertoning. Ek het Skip Scheepers se hondjie Buks, ingedagte gehad. Hy moes op twee pype op ŉ hoogte van twee meter van die eenkant na die anderkant stap. Hy moes dan in die middel van die pype gaan staan, terwyl die gimnaste salto's bo oor hom maak. Om die toneel af te rond, het ons die Spoorwegpolisie se embleem met die syfer 50 daarop, uit staal laat maak. Die embleem was dan met ŉ streepsak wat in paraffien gedoop was, toegedraai en op die end van die balanseer pype aan die brand gesteek. Die hond moes sy balans hou terwyl hy stap met die brandende vlamme voor hom en die gimnaste wat oor hom salto's maak. Dit was gewaagd maar ek en Skip was bereid om dit te waag. Skip het sy hond vertrou en ek die gimnaste. Skip was gaande oor my voorstel en ons het met die inoefening daarvan begin. Eers het die gimnaste sonder die vlamme, salto's oor Buks gemaak. Buks was aanvanklik skrikkerig maar na ŉ paar dae het Buks daaraan gewoond geraak. Die volgende stap was om die gimnaste kort na mekaar oor hom te laat salto. Die voordurende beweging oor hom kon ŉ probleem wees, maar ou Skip se kennis van honde het hom nie in die steek gelaat nie. Dit was nie lank nie toe vlieg die gimnaste een vir een oor Buks. Nou moes nog net vlamme bykom en weereens was ou Skip nie bekommerd oor sy hond se opleiding nie. Die honde was dan opgelei om vlamme te weerstaan. So was die legkaart voltooi en nou moes dit net oor en oor geoefen word.

Die parade was ŉ groot sukses en ek weet nie van enige ander vertoonspanne in Suid Afrika wat honde, vlamme en gimnaste in een vertoning gekombineer het nie. Van my ou vriende in S.A.P het daarvan te hore gekom en hulle was besonder beïndruk met dit wat ons gedoen het. Die 50 jarige vieringe was op verskeie plekke in die land gevier waar ons ook die vertoning met Buks herhaal het. Elke optrede het die toeskouers gaande gehad. Ek het toe besluit om na ŉ vroue lid te soek wat saam die manne kon optree. Natuurlik het ek nie nodig gehad om baie met die afrigting te help nie aangesien die manne oor mekaar geval het om haar touwys te maak. Sy het die aandag van die manne ongetwyfeld geniet. Haar bydrae tot die span het baie aandag van veral jong meisies wat na vertonings kom kyk het, getrek. Hulle het na afloop van die vertonings met haar gesels om meer omtrent die Spoorwegpolisie uit te vind. Haar insluiting by die span het beslis die gewenste uitwerking gehad met die oog daarop om dames te werf. Die erkenning en waardering wat die gimnaste tydens die vertonings ontvang het, het hulle tot hoër hoogtes en standaarde aangespoor. Hulle het mettertyd self met nuwe voorstelle gekom wat dit so lekker gemaak het.

Daar het terselfdertyd ook ŉ hegte band tussen die gimnaste ontwikkel. Hulle het besef dat as een seer kry, word die hele span benadeel want hulle werk en staan in ŉ spesifieke volgorde. Elkeen ken sy maat voor en agter hom wat baie belangrik was omdat elke gimnas presies weet hoe ver sy maat voor hom vastrap voor hy na die trampolien spring. So ook hoe ver die ou agter hom was. Indien een gimnas seerkry, verander dit die ritme en die spoed waarteen die oefeninge gedoen word. Later van tyd het hulle so goed geraak dat hulle mekaar se ritme geken het. Hulle het ŉ span geword wat mekaar vertrou het en mekaar bygestaan het. Dit was eers wanneer ŉ mens hierdie stadium bereik, dat die gebondenheid so groot word dat hulle totaal afhanklik van mekaar raak. Die rede hiervoor was eenvoudig. Een gimnas maak nie die vertoning nie, almal saam skep die aantreklikheid, die waaghalsigheid en die trots van die span. Hierdie span het nou die punt bereik waar hulle baie gedoen het vir beeldbou van die Spoorwegpolisie. Die gimnaste en die honde het nou omtrent by elke vertoning saam opgetree. Ek en Skip het lekker begin saamwerk. Die meeste van die kere wat ons saam opgetree het, het hy die kommentaar tydens die vertonings behartig. Ofskoon die waaghalsigheid om oor twee Hi Ace kombi's salto's in sinkronisasie in ŉ kort tyd na mekaar te doen nie genoeg was nie, het ek gevoel ons moet ŉ Casspir voertuig ook inspan. Sy bouvorm is bedrieglik en sy hoogte en wydte kan maklik onderskat word. Die manne was versigtig en alhoewel van hulle saam met my oor die Casspir gespring het, het ek toe self die salto oor die

Casspir vir ŉ foto gedoen. Ek is nie bewus van enige ander vertoonspan wat so iets gedoen het nie. Vir my was die belangrikste die feit dat van die lede genoeg selfvertroue ontwikkel en geweet het waartoe hulle in staat was om saam my oor die Casspir te spring. Hulle was na my wete die enigste vertoongimnaste wat ooit ŉ dubbele salto oor twee motors gedoen het.
Elke vertoning was belangriker as die vorige een. Die eerste optrede van die span in Klerksdorp was ŉ beslisde hoogtepunt aangesien dit die weg gebaan het tot die totstandkoming van die permanente vertoonspan. ŉ Verdere hoogtepunt was ondermeer die aanbieding van die S.A. Spele in Suid Afrika. Die Spoorwegpolisie was uitgenooi om daar op te tree. Hulle was die enigste Magte vertoonspan by die geleentheid. Die vertoning was tot twintig minute beperk. Dit het beteken dat ons die vertoning tot die uiterste toe moes sny om net die beste van die hele vertoning te lewer. Dit was nie net suksesvol nie maar ook ŉ pluimpie vir die Spoorwegpolisie omdat hulle die enigste vertoonspan was wat na die Spele genooi was. Dit was ŉ eer en voorreg om by dié besonderse geleentheid te kon optree. Gelukwensings wat ingestroom het, het bevestig dat die vertoning aan die hoë standaarde van die organiseerders voldoen het. Die uitnodiging om aan die S.A. Gimnastrade te kon deelneem, wat binne die sportsentrum van Tukkies aangebied was, was ŉ verdere hoogtepunt. Dit was nog ŉ geleentheid waarvoor ek gewag het. Ons het hier ook net twintig minute gekry. Ons moes drie vertonings oor ŉ tydperk van drie dae lewer. Die visie president van Gimnastiek S.A., het ŉ gimnastrade aangebied waartydens uitstaande items gelewer was. Die nasionale trampolien en dubbel minitrampolien gimnaste van S.A. het ook deelgeneem. Die Spoorwegpolisie het groot applous ontvang en die presidente het haar persoonlike gelukwensing aan die span oorgedra. ŉ Verdere hoogtepunt was ŉ uitnodiging van die S.A Weermag in Bloemfontein om tydens ŉ parade van hulle ŉ vertoning te lewer. Ons het dit as ŉ eer en ŉ pluimpie beskou om deur die Weermag uitgenooi te word om tydens hulle parade op te tree.
ŉ Persoonlike hoogtepunte vir my was toe ek na ŉ vertoning een Maandag opdrag gekry het om by die Kommissaris se kantoor in Johannesburg aan te meld. Op pad daarheen het ek gewonder wat tog nou weer kon fout wees, en dié slag was dit sommer Hoofkantoor toe. Ek kon nie aan iets dink wat verkeerd gegaan het nie. Tot my verbasing word ek deur generaal Visagie gelukgewens met die Saterdag se vertoning en ek moes sy gelukwensing ook aan die gimnaste oordra. Dit was lekker. Ek sou eers later uitvind dat ŉ vriend van die Kommissaris die vertoning bygewoon het en baie beïndruk was. Dit was vir die gimnaste ook ŉ baie groot kompliment en aansporing. Net soos wat die gimnastiekvertoonspan uit die niet verskyn het, so het hy ook verdwyn na die samesmelting met die S.A.Polisie. Slegs een lid het op die ou einde permanent by SAP se vertoonspan ingeskakel, maar hy het ook later sy ontslag geneem. So was die era van die vertoonspan, asook die Spoorwegpolisie soos ons hom geken het, finaal afgesluit. Dit was ŉ treurige dag want baie lede kon maar net nie by die S.A.P. se kultuur inskakel nie.
Die Spoorwegpolisie se gimnastiekvertoonspan het natuurlik ŉ ander ervaring gehad wat ek nie dink enige ander lede gehad het nie. Na die samesmelting van die twee Magte was daar nog vertonings wat die Spoorwegpolisie se gimnaste nog moes afhandel. Vir die lede was dit baie moeilik omdat hulle nou oornag iemand anders geword het en dat die laaste vertonings in die SAP. se uitrusting moes plaasvind. Dit het nie goed gevoel nie en selfs die publiek wat die Spoorwegpolisie gimnaste in hulle goue T hemde en swart langbroeke verwag het, het dit nie mooi verstaan nie. Tydens die laaste vertoning was die banier met die Spoorwegpolisie se kenteken wat altyd aan die trampolien gehang het, verwyder. Hierdie is ŉ stukkie geskiedenis wat baie min mense van weet.
(Barnie v/d Walt)

**Deelname aan die Durban Tattoo.**

Die Durban Tattoo het sy oorsprong van Edinburgh in Skotland. Dié militêre skouspel was jaarliks in Durban aangebied waartydens militêre eenhede soos die Lugmag, Vloot, Weermag en Polisiemagte se orkeste en eenhede aan verskeie verrigtinge deelgeneem het. Die items wat gelewer was, het valskermspronge, skynaanvalle, ruiters op perde, artillerie, liggaamsoefeninge en gimnastiek vertonings ingesluit wat die fiksheid van die eenhede

uitgebeeld het. Hierdie vertonings het aan die onderskeie eenhede die geleentheid gebied om hulleself aan die publiek bekend te stel. Die hele gebeure was verfilm en wêreldwyd gebeeldsend. So het die S.A. Spoorwegpolisie ook die geleentheid gekry om sy staal te wys. By geleentheid was die Spoorwegpolisie die eregaste. Hulle het die opening wat die vlaghys seremonie en afsluitingsparade met vlagstrykingseremonie, waargeneem. Tydens die geleentheid het hulle ʼn liggaamsoefeninge vertoning aangebied wat met pale gedoen was. Swart lede wat aan die vertoning deelgeneem het, het op hul tradisionele manier gesing en aan die einde van die tabel het die studente met ʼn paar selfverdediging oefeninge afgesluit. Met die afmarsjeer na die vertoning was oudergewoonte die liedjie “So lank as die rietjie in die water lê” luidkeels gesing terwyl die Spoorwegpolisieorkes die musiek verskaf het. Die orkes het uit die aard van die saak ook die musiek vir die erewag gelewer wat ʼn skouspel op sy eie was. ʼn Hoogtepunt van die aand was toe die lede van die S.A. Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag *absailing* vanuit helikopters gedoen het en passasiers uit ʼn “gekaapte bus” ontset het. Hulle het groot applous vir die merkwaardige vertoning ontvang. Met die afsluiting van elke aand se optredes, verskyn al die orkeste op die veld wat dan ʼn musiek uitvoering van ongeveer dertig minute lewer. Tydens dié optrede, staan die hoof Skotse dirigent op die podium en begelei hy die onderskeie orkeste met sy stokkie. Dit was dan ook tradisie dat talle doedelsak orkeste by die Tattoo optree het wat weer ʼn bekoring op sy eie was.
(Barnie v/d Walt)

**Die .22 geweer.**
Die dae toe ek ʼn instrukteur in die Kollege was het die pelotonne meegeding om die .22 geweer skyfskiet beker. Die Kollege het ʼn aantal *Winchester* .22 gewere gehad waarmee die studente aan die kompetisie deelgeneem het. Een van die gewere het die neiging gehad om, wanneer die patroon in die kamer geplaas en die loop gesluit was, die skoot te laat afgaan sonder dat die sneller gedruk was. Die Vrydagaand voor die kompetisie was ek die dienssersant en ek het die foutiewe geweer in die sersante se kantoor ondersoek. Ek was ʼn ammunisie versamelaar met ʼn hele aantal patrone wat ek in die laai van my lessenaar gebêre het totdat ek dit by my versameling kon voeg. Giep Meiring het ʼn aantal patrone aan my vir my versameling gegee wat ek ook in my laai gegooi het. Met die ondersoek van die geweer het ek die loop geknak, ʼn .22 loskruitpatroon uit die laai gehaal en dit in die kamer van die geweer geplaas. Net toe ek die loop sluit, stap konstabel Els by my kantoor in.
Els kom halt regoor die loop van die geweer op dieselfde oomblik toe die skoot afgegaan het. Hy was in sy L.O. klere geklee. Toe die skoot klap, het hy sy linkersy vasgegryp en by die kantoor uitgehardloop. Ek skreeu nog agterna: “Els, as jy ʼn akteur wil word sal ek Ster films vir ʼn oudisie kontak.” Na ʼn rukkie het Els met sy bebloede L.O. frokkie by die kantoor ingestap gekom en gesê: “Sersant, jy het my geskiet”. Toe besef ek eers dat dit ʼn donshael en nie ʼn loskruitpatroon was nie waarmee ek die geweer getoets het. Ek het die ordonnans opdrag gegee om vir Els ʼn sweetpak baadjie in sy kamer te loop haal sodat ek hom hospitaal toe kon neem. Els het volstrek geweier dat ek hom neem of dat ek ʼn inskrywing in die voorvalleboek moes maak. Hy was erg bekommerd dat sy pelotonsersant in die moeilikheid sou kom. Gelukkig het die frokkie die meeste van die donshael gekeer. Die dele van sy lyf wat nie met die frokkie bedek was nie, was vol donshael. Ek het vir Els op die bed in die kantoor laat lê en het die gedeelte met die donshael vol paraffiengaas gepak wat ek in die noodhulp tassie gekry het.
ʼn Rukkie later gaan het ek op my knieë voor die bed staan en met ʼn haartangetjie verwyder ek die donshael een vir een wat uitgeswel het. Vir ʼn paar dae was Els se lyf seer en styf, maar dit het beteken dat hy vir ʼn paar dae van dril en liggaamsoefeninge vrygestel was - iets waaroor Els nie gekla het. Baie jare daarna toe ek op Slagboom was, het ek vir Els en sy vrou in Port Elizabeth raakgeloop. Els verduidelik toe aan sy vrou dat dit ek is wat hom geskiet het. Sy vertel toe dat, lank nadat hulle getroud was, het sy nog van die donshael uit sy lyf gehaal wat uitgesweer het. Die foutiewe geweer was herstel wat ʼn verdere skietongeluk voorkom het.
(RB)

**Pottie, die Kollege spoke en die hond.**

Die Treinbedryf en die werkswinkels van die Padvervoer afdeling by Esselenpark was in die "ou Johannesburg stasie gebou geleë". Die dak van die gebou was die oorspronklike dak van ou Johannesburg stasie voordat die huidige stasiegebou opgerig was. Onder Kollege personeel het die gebou as ou Johannesburg stasie bekend gestaan. Aan die agterkant van die gebou was 'n vrugteboord met die heerlikste vrugte. Mnr. Baker was destyds die tuinboukundige en hy het die boord met groot sorg en moeite versorg. Om die polisie studente met rondtediens wat op stasies gedoen word bekend te stel, het hulle tydens opleiding ook sekere rondtes gedurende die nag in die Kollege gepatrolleer. Een van die rondtes het om Johannesburg stasie gegaan en die wagte moes op die noordelike hoek van die gebou punt maak. Die hoek het aan die vrugteboord gegrens en daar was geen beligting nie. Een van die Kollege legendes is dat 'n roof by die punt selfmoord gepleeg het deur homself met sy .303 geweer te skiet. Tydens die betrokke inname was daar 'n Van Zyl tweeling in dieselfde peloton. Sersant Johan Potgieter, die L.O. instrukteur, was die een aand die dienssersant en gedurende die dag vertel hy vir ons in die kantoor hoe hy die Van Zyl roof die aand by Johannesburg stasie sou skrikmaak. Sy plan was om homself met 'n wit Spoorweg laken te bedek en dan in die donkerte op Van Zyl te wag waar hy die punt agter die gebou moes maak. Die rondte het kloksgewys rondom die gebou geloop en die aand het Pottie met die wit laken antikloksgewys om die gebou gesluip na die punt waar hy vir Van Zyl wou skrikmaak. Bedryf het van smal treinspore en sinjaal kabels gebruik gemaak om studente, wat die Stasievoorman kursusse deurloop het, op te lei. Die spore en sinjaalkabels het vanaf die buitekant tot binne-in die gebou geloop. Die gebied was ook snags pikdonker en jy moes met 'n goeie flitslig daar geloop het om die kabels en spore te kon sien.

Ek en Allie Jooste besluit toe dat ons die aand vir Pottie die skrik op die lyf gaan jaag. Die roof moes om kwart voor elf die aand die punt maak. Ons het geweet dat Pottie net voor die tyd stelling op die hoek van die gebou gaan inneem het. Ek en Allie, gewapen met twee wit lakens, wag toe al van kwart oor tien vir Pottie om sy verskyning te maak. Vanwaar ons tussen die bome gesit het, kon ons vir Pottie met sy flitslig sien aankom. Hy was nou nie een van die dapperste manne wat ek geken het nie. Aan sy stap kon jy sien dat hyself maar onseker was want sy flitslig was al die tyd aangeskakel. Toe hy by die plek kom waar die roof die punt moes maak, het hy die laken om sy skouers gegooi en op sy hurke gaan sit. Intussen het die ander Van Zyl broer besluit om sy broer op die rondte te vergesel, juis as gevolg van die storie dat dit by Johannesburg stasie spook. Toe die twee Van Zyl broers met hul aangeskakelde flits verskyn, spring Pottie orent en vra met 'n diep stem: "Wat maak julle hier?" Die broers het omgevlieg en in die rigting vanwaar hulle gekom het, gehardloop. Ek en Allie het toe met die flitsligte wat ons voor by ons bors onder die laken ingedruk het, aangeskakel. Die ligstraal het op ons gesigte geskyn en dit is toe wat ons vir Pottie vra: "En wat maak jy hier?" Hy het een lang uitgerekte gil gegee en begin hardloop.

Hy kies die pad oor die spore en die kabels soos wat hy gekom het, maar die slag sonder sy flitslig. Vir een of ander rede het Pottie aan sy laken bly kleef en soos wat hy gehardloop het, het die sinjaalkabels hom gepootjie en dan slaan Pottie vol lengte teen die grond neer. So vinnig soos wat hy geval het, net so vinnig het hy opgestaan en wanneer hy opgestaan het, het hy nog steeds die laken met sy hand voor die bors vasgehou. In die afstand van bykans dertig meter wat Pottie oor die spore en kabels moes beweeg, het hy ten minste vier keer die grond getref.

Die volgende oggend toe ons by die kantoor kom, was Pottie behoorlik nerf-af. Ons het toe ewe onskuldig gevra wat dan gebeur het en hy het geantwoord dat toe hy die roof gaan skrikmaak het, het hy met die terugkomslag oor een van die sinjaalkabels geval. Hy sê niks van die "spook" wat hy gesien het nie. Teen teetyd toe kon ons dit nie meer uithou nie. Almal het teen die tyd kennis van die ware feite gedra en net daar word Pottie met die waarheid gekonfronteer. Eers het hy ons met regsstappe vir pyn en lyding gedreig, maar nadat ons hom aan die rowe se ervaring en van hulle skok herinner het, het Pottie begin lag. Hy sê dat hy nog nooit in sy lewe so geskrik het nie. Hy vertel toe van die een lang en een kort spook wat hy by ou Johannesburg stasie gesien het toe hy die wag gaan skrik maak het. Die laken was

stukkend geval en daar moes hy nog by die wassery, by mnr. Dysel, verduidelik het waarom hy ʼn stukkende laken wou omruil.
ʼn Ander geval waar Pottie ook sy melk weggeskrik het, was een nag wat hy tussen middernag en vyf uur die oggend die wagte moes besoek het. Daar was ʼn bruin hond wat snags tussen die getroude kwartiere rondgeloop het. Dit was winter en die hond het op die vloermatjie voor Pottie se voordeur gaan skuiling soek. Pottie vertel die verhaal self. Hy vertel dat nadat hy die besoeke uitgebring het, was hy maar skrikkerig om alleen in die donker huis toe te stap. Hy besluit toe dat het hy in die middel van die straat, weg van die bome en struike, huis toe sou loop. Aan die voorkant van sy erf was daar ʼn lae muurtjie met twee groot struike weerskante van die voor hekkie. Hy sê toe vir homself dat iemand dalk vir hom agter die struike by die voor hekkie kon inwag. Toe hy reg voor die hekkie in die middel van die straat kom, vlieg hy met ʼn spoed daar weg en hardloop so vinnig soos wat hy kon na die voordeur toe. Toe hy op die stoep kom, trap hy op die hond se poot. Die hond tjank, vlieg op en hardloop straat se kant toe. Dit is toe dat Pottie ook omvlieg en die hond volg sonder om te weet dat die hond op die stoep gelê het. Die hond hardloop by die hekkie uit en swenk na regs in die straat af en kort agter hom Pottie wat na links swenk en in die straat tot stilstand kom. Daar staan Pottie en die hond in die straat vir mekaar en kyk. Die een het groter as die ander een geskrik.
(RB)

**Kaptein hou inspeksie**
Na my vuurdoop op Johannesburg stasie het ek in Julie 1959 by die Kollege te Esselenpark aangemeld. Die dag waarop ek by die Kollege moes aanmeld, het ek met my swaar koffers vanaf Mercurystraat na Mayfair stasie gestap om die trein na Kaalfontein te haal. Met aankoms te Kaalfontein stasie was daar ʼn hele klomp van ons wat met swaar koffers die bult op na die Kollege aangepak het. Toe ons die trappe by die Poskantoor en gimnasium uit is, kies ons kort pad oor die gras na die dienskamer. Ewe skielik gil ʼn persoon: “Roof, van die gras af; die gras is vir die honde om op te p*s en nie vir ʼn roof om oor te loop nie.“ Met swaar koffers en al maak ons dat ons op die sement paadjie kom. Ons vra vir die ouens wat daar staan waar ons moet aanmeld. Hulle beduie ons in die rigting van ou Johannesburg stasie. Met die swaar koffers sukkel ons na Johannesburg stasie. Toe ons daar aankom sê iemand ons is by die verkeerde plek, ons moet toe terug gaan in die rigting vanwaar ons gekom het. Moeg en uitgeput meld ons by die dienskamer aan en ek word by paloton 97 ingedeel.
Ons kwartiere waar ons vir die volgende ses maande gaan bly was sulke lang kamers waar ongeveer tien studente in geslaap het. Nadat ons beddegoed en oorpakke gekry het, moes die beddens opgemaak word en ons goed uitgepak word. Almal was vreemd en ons gesels nie veel met mekaar nie - ons bekyk mekaar net so onderlangs deur. Skielik verskyn daar ʼn kaptein in die kamer en sê dat ons daardie aand inspeksie moes staan en die kamers moes skoon wees. Wat doen jy alles met inspeksie en waarna gaan die kaptein kyk? Ons spring aan die werk en offer ons aandete op om te *spit* en te *polish.* Later die aand daag die kaptein op en skel ons omdat ons goed vuil is en lig ons in dat ons die volgende oggend weer inspeksie sou staan. Daardie nag slaap ons niks nie; ons maak deur die nag skoon want môre gaan dit nag wees as die kaptein nie tevrede is nie.
Die volgende oggend vroeg is die kaptein weer daar maar een van die ouens het hom herken en toe kom die ware feite uit. Hy was nie ʼn kaptein nie, maar wel een van ons seniors. Ja, waar is die aand met die seniors se laaste klas? Hulle het ons in die gange van die lesinglokale voorgelê en met hulle lyfbande geslaan. Twee gevreesde instrukteurs was sersant Naba Kemp en Boet Jonck. As een van hulle jou gesien het, was die opdrag “Johannesburg stasie toe roof en roer jou litte.“ Dit alles het van ons beter en volwasse persone gemaak.
(Corrie Meyer)

**Die wag in die boom.**
Op ʼn onverklaarbare wyse het een van die rowe te wete gekom van ʼn herdershond met kleintjies wat in ʼn gat tussen die mielies op Erasmus se plaas gebly het. Hy het dit aan kaptein Dennis Wells, die orkesleier, gerapporteer en dié het gereël dat die hond en die kleintjies

gehaal moes word. Die hond was wild en niemand behalwe kaptein Wells kon dit waag om naby haar te kom nie. Omdat ons nie geweet het wat die hond se naam was nie, het sy toe die naam van “Kollege” gekry. Soggens wanneer kaptein Wells oor die rugbyveld kantoor toe gestap het, het Kollege hom met swaaiende stert tegemoet gehardloop. Hy het haar dan gevryf en so het sy dan saam met hom tot by die kantoor gestap. Die ordonnans wat die dag aan diens was, was verantwoordelik om toe te sien dat sy water het, en hy moes kos uit die menasie smokkel sodat sy kon eet. Die tweede dag wat die rowe vir opleiding aanmeld, word hulle gewys waar die verskillende rondtes tussen die huise was en die plekke waar hulle elke vyftien minute ’n punt moes maak. Mettertyd het Kollege ’n bietjie makker geword, maar steeds kon iemand aan haar raak nie. Later het ons opgemerk dat sy die wag wat die buite rondtes patrolleer, op die rondtes vergesel het. Die ouens wat ’n bietjie bang was vir die donker, het dit baie waardeer dat hulle nie alleen in die donker hoef te loop nie. Namate die rowe makker geword en kanse begin vat het, het sommige veral in die vroeë ure dit gewaag om terug in die bed te gaan klim, of gedurende die winter maande in die “boiler kamer” langs die sitkamer gaan skuil. In hierdie gevalle was Kollege nie hulle beste vriendin nie. Wanneer die instrukteurs nagbesoek uitbring en vir Kollege by die dienskamer aangetref het, het die instrukteur geweet dat die roof nie op sy rondte was nie. Hy het dan na die roof se bed of na die “boiler-kamer” gestap en hulle was dan baie verbaas wanneer die instrukteur hulle daar betrap het.
By ’n geleentheid het ek ’n nagbesoek tussen middernag en twee uur die oggende uitgebring. Volgens die diensrooster was die lid op rondte drie gepos. Ek het ’n 125cc motorfiets gehad waarmee ek gery het. Toe ek by die plek kom waar die roof sy halfuur punt moes maak, was hy nêrens te siene nie. Net Kollege het ewe rustig onder die boom gelê en toe ek daar stilhou het sy opgestaan en die hare op haar rug het gerys. Dadelik het ek geweet dat die roof daar naby moes wees. Ek het later in die boom gekyk en daar het die roof rustig in die mik van die boom gelê en slaap. Dit is toe dat ek hom met tak en al uit die boom wil klap omdat hy nie eers wakker geword het toe ek daar stilgehou het nie. Net toe ek nader aan die boom stap om die roof ’n les te leer, bestorm Kollege my en ek moes agter my motorfiets gaan skuil dat sy my nie byt nie. Met die lawaai het die roof wakker geword en val toe vanself uit die boom sonder dat ek aan hom geraak het. Wanneer Kollege dragtig was het sy nooit die trappies langs die gimnasium geklim nie, maar het ’n wye draai gehardloop en weer by die wag aangesluit.
(RB)

**Vrugte diewe.**
Een aand toe ek dienssersant was, het ek gehoor dat die studente beplan om die nag vrugte in die vrugteboord agter ou Johannesburg stasie te gaan steel. Ek het gewag totdat hulle mooi in die boord was, toe skreeu ek op hulle en ek skiet ’n skoot in die lug. Terwyl hulle langs die gebou afhardloop skiet ek weer ’n skoot en een van die studente se voete haak aan die sinjaalkabels en slaan teen die grond neer. Intussen het ek gemaak dat ek by die dienskamer kom. André Olivier kom aangehardloop en skreeu dat Cordier, die tuinboukundige wat langs die vrugteboord woon, een van die studente geskiet het toe hy hulle vang vrugte steel het. Die student was toe reeds in die dienskamer langsaan, hy het sy arms en knie flenters geval. Was André verlig toe ek begin lag en hom vertel het dat dit ek was wat hulle skrik gemaak het.
(Buks Meintjes)

**Ontvoering van die wag.**
Toe ek as kompanie sersant majoor waargeneem het, het ek gemerk dat die wagte wat die wapenkamer bewaak het nie so paraat was as wat ek van hulle verwag het nie. Dit was in die laat sewentiger jare toe vliegtuigskakings aan die orde van die dag was. Om die personeel by Jan Smuts-lughawe aan te vul, het Hoofkantoor ’n aantal manne van die Afdelings na Jan Smuts gestuur wat dan vir drie maande dienste op Jan Smuts verrig het. Van die lede het in die enkelkwartiere by die Kollege tuisgegaan.
Een Vrydagaand het ek en sersant Hendrik Hough besluit om die wag by die wapenkamer te ontvoer. Hendrik se swaer was op afgedeelde diens en het in die enkelkwartiere tuis gegaan.

Omdat die rowe nie dié lede geken het nie, het ek toe met Hendrik se swaer ooreengekom om die wag op rondte vier by die wapenkamer te nader. Hy moes gaan kla dat daar ŉ man en sy meisie besig was om tussen die Krismisrose te kafoefel, en dat dit hom geweldig ontstel het. Hy moes ook die wag oorreed om sy geweer by die wapenkamer te los want die geweerband en bajonet op die geweer sou kwansuis geraas maak as hulle nader gestap het. Intussen het ek en Hendrik elk ŉ sykous oor ons koppe getrek en ŉ hoed opgesit. Ons twee het stelling ingeneem aan die agterkant van die enkelkwartiere waarlangs hulle sou loop. Die wag het besluit dat hy nie met leë hande na die toneel wou stap nie en het gevolglik die bajonet van sy geweer verwyder en met die bajonet in die regterhand het die wag en die klaer om die hoek verskyn. Ek het na hom gegryp en in reaksie steek hy met die bajonet na my. My refleksies en selfverdediging was nog goed op standaard in daardie dae. In een beweging het ek sy hand weggekap en hom omgedraai sodat hy met sy rug teen my bors gestaan het. Terselfdertyd het ek sy mond toegedruk en hom geblinddoek waarna ek met hom na my motor gestap het wat by die Poskantoor geparkeer was.
Ek het die wag onmiddellik erken as ene konstabel A.C. Head en net daardie oggend het ek toevallig ŉ brief ontvang wat gesê het dat hy die Maandag vir ŉ diagnose en prognose moes gaan om te bepaal of hy medies geskik was om langer in die Mag aan te bly. Hy was in ŉ ernstig motorongeluk waar hy kopbeserings opgedoen het. Ek kon die “aanval” nie op daardie stadium los ter wille van sy moontlike ongeskiktheid nie, want dan het ek nie die doel bereik wat ek gestel het nie. Terwyl ons nog so gestap het, het ek uit die bloute gevoel hoe tande in die waai van my been weggesink het. Sonder om ŉ geluid te maak, het Kollege my bestorm. Ek het haar met die hak op die bek geskop en sy het my gelos. Sy het my vir ‘n tweede keer aangeval en weer moes ek voel hoe haar tande in my been wegsink.
Die middag voor die voorval het ek petrol vir my grassnyer gekoop en die was nog agter in die kattebak van my kar. Hendrik maak die kattebak oop en toe ek vir konstabel Head in die kattebak wou druk het hy die petrol geruik en begin skreeu soos ŉ maer vark. Ons het hom oorrompel en met hom in die kattebak het ons na die steengroef gery langs die nie-blanke kollege. In die steengroef aangekom, het ons sy hande om een van die dennebome gevou en met ŉ dun lyn aanmekaar vasgemaak. Toe hy hoor dat ons vertrek, het hy byna histeries geraak. My been het baie gebloei en ons ry toe na die nie-blanke kollege waar ek die wond ontsmet en verbind het. Die volgende oomblik het ons ŉ polisie fluitjie gehoor wat soos die fluit van ŉ 15 klas lokomotief geklink het. Dit was toe Head wat die hasepad gekies het. Toe hy daarin slaag om sy hande te bevry en die doek van sy oë te verwyder, kon hy geen ligte sien nie. Die steengroef was diep en daar was nie ligte in die omgewing nie.
Sersant Johan Lotriet was die dienssersant en toe hy besoek by die wapenkamer aflê staan die wag se geweer teen die muur maar daar was geen wag nie. Hy vermoed onraad en toe hy om die wapenkamer stap, kry hy die wag se bajonet en ŉ vreemde hoed op die grond. Die volgende dag het ons met die .22 gewere gaan skiet. Toe ek by die skietbaan met die verband om my been opdaag, wou almal weet wat het gebeur. My verduideliking was dat ek die vorige aand ŉ braaivleis by die nie-blankes bygewoon het en dat ek daar oor ŉ stomp geval het. Johan en die wagbevelvoerder moes verduidelik waarom daar nie ŉ inskrywing in die VB gemaak was nie. Ek het Head se verklaring aangevra en hy het die storie vertel soos wat dit afgespeel het. Toe hy by die gedeelte kom waar ek hom gegryp het, het hy soos volg verklaar. “*As I come around the corner, I was attack by someone nearly as big as the sergeant major*.” Van die Vrydagaand af was die wagte op en wakker en wanneer jy naby die wapenkamer gekom het, het die wag jou met gevelde bajonet gedaag.
(RB)

**Wat de donner lag julle?**
Kaptein Gustav Erlank was op Hoofkantoor en tydens ŉ kandidaat offisierskursus het hy ŉ haelgeweer saamgebring om aan die kandidaat offisiere te demonstreer hoe ŉ spesiale patroon, gevul met traangas, deur ŉ toe deur of venster geskiet kon word. Dit was in die teeninsurgensie fase van die K.O’s se kursus. Ek was normaalweg die terroris wat met ŉ motor, waarin wapens en ammunisie verskuil was, by die padblokkade opgedaag het. Kaptein Erlank het met ŉ *Ford Fairlane 500* van Hoofkantoor by die Kollege opgedaag. Daar was toe

met hom gereël dat ek en Buks Meintjes die Ford vir die padblokkade oefening sou gebruik. Net om te kyk of die K.O's se beplanning vir die padblokkade volledig was, het ek kaptein Boet Jonck se vrou, Tannie Maria, gevra om ons in die Ford na die padblokkade te vergesel. Sy het op die skakelbord in die Kollege gewerk. Ek wou kyk of die K.O's voorsiening gemaak het vir die deursoeking van vroulike passasiers. Van die K.O's op kursus was "slim" manne en ek besluit toe om hulle 'n bietjie aarde toe te bring. Afgesien van die ammunisie wat ons in die voertuig versteek het, het ek 'n hout ammunisiekas en 'n ou oorpak by Oom Bal Pretorius geleen. Ek het die veiligheidspen van 'n traangaskannetjie verwyder, die kannetjie in die kas bo-op die oorpak geplaas met die deksel wat die wegvlieghefboom in plek gehou het. Die ammunisiekas met die "bom" het ek versigtig agter in die Ford se kattebak gelaai. Die bedoeling was, dat wanneer die ammunisiekas by die padblokkade opgemaak word, die traangas vrygestel moes word en dat dit 'n bom sou voorstel.
Tannie Maria het agter in die Ford gesit met Buks voor en ek het bestuur. Net toe ons om die draai onder in die grondpad by die stasie gegaan het, gil tannie Maria: "Ek is dan nou besig om blind te word." Met dié kyk ek in die truspieël en sien hoe pomp die traanrook by die agterste venster in. Dit was soos blits toe het ons vir Tannie Maria uit die kar gehad en die volgende gewaarwording wat my getref het, was dat die hitte van die traanrookgraat die oorpak aan die brand kon steek. Buks het die ammunisiekas uit die kattebak gepluk en in die proses het die granaat uit die kas gerol en op die rubber matjie geval. Ek gryp toe die kannetjie met die kaal hande en gooi dit langs die pad neer. Op daardie oomblik hou 'n motor aan die anderkant van die pad stil en die dames in die motor het verneem of hulle kon help. Die volgende oomblik het die dogter gegil dat haar oë gebrand het en dat sy nie kon sien nie. Nou sit ons met 'n tweeledige probleem: Tannie Maria en die dogter. Tannie Maria wou met alle geweld by 'n dokter uitkom want sy was oortuig dat daar fout met haar oë was. Dit het heelwat oorreding gekos om haar te kalmeer.
Toe die ergste traanrook uit die kar gewaai het, ry ons na die plek waar die padblokkade opgestel was. Die K.O's het op ons toegesak en toe hulle die kattebak oopmaak, toe borrel van die traanrook daaruit waarna hulle my hardhandig vasgegryp het. Hulle het my omtrent kaal uitgetrek om my te deursoek. Al hulle aandag was op my gevestig en daar vergeet hulle van die vroulike passasier. Die oefening was afgehandel en ek het Tannie Maria by die kantoor gaan aflaai. Die K.O's het intussen na die paradegrond beweeg waar kaptein Erlank die haelgeweer aan hulle sou demonstreer.
Kapteine Erlank en Horak besluit toe dat ek die Bevelvoerende Offisier, luitenant kolonel Rönnebeck, by sy kantoor met die Ford moes gaan haal. Ek het protesteer en verduidelik dat die traangas nog dik in die kar gelê het, maar die offisiere het daarop aangedring dat ek die kolonel moes gaan haal. Ek was op daardie stadium 'n waarnemende sersant wat by die Kollege afgelos het omrede ek nog nie genoeg diens gehad het om aan die sersant eksamen deel te neem nie. Baie benoud het ek by die hoofingang van die administratiewe blok stilgehou en die volgende oomblik het ek vir kolonel Rönnebeck flink en regop aangestap sien kom. Toe hy in die motor klim, begin hy om sy oë te vryf. Die fout wat ek maak was om te begin lag. Hy vra dadelik of ek besig is om 'n "*trick* " op hom te trek. "Nee" het ek geantwoord, "ek lag omdat my eie 'boobytrap' my gevang het." Hy wou niks van my verduideliking weet nie en in die ry tot by die paradegrond, het ek 'n vurige lesing oor "respek vir senior offisiere" gekry. Kolonel Rönnebeck het altyd spierwit sakdoeke gedra en in die ry word die trane met die wit sakdoek afgevee. Toe ons by die paradegrond stilgehou het, was die sakdoek nog voor sy oë. Die twee kapteine en die K.O's het gestaan en lag vir die petalje met die kolonel en die trane wat loop. Hy het die deur van die Ford oopgemaak en terwyl hy nog met sy voet binne-in die motor gestaan het, wou hy vies weet: "Kapteine, en wat de donner lag julle?" Dit was asof jy 'n emmer koue water oor die ouens op die paradegrond gegooi het. Van die eens vriendelike gesigte staan hulle daar asof hulle 'n begrafnis bywoon.
Dit het my gekos om die kattebak van die Ford oop te maak en die kolonel te wys waar die rubber van die hitte begin smelt het.
(RB)

**Benoude instrukteurs.**

Dit was my verantwoordelikheid om die maandelikse opgawe van die besoeke wat deur die instrukteurs na-ure uitgebring was aan die Bevelvoerende Offisier voor te lê. Hulle moes twee voornag en twee nanag besoeke uitgebring het. Agter die paradegrond was daar 'n staal behouering (*container*) wat as magasyn vir die bewaring van plofstof gebruik was. Die magasyn moes ook snags besoek word. Alle besoeke was in die voorvalleboek aangeteken. Op 'n dag was die magasyn verwyder sonder dat enigiemand dit agtergekom het. So het die personeel steeds aangeteken dat die magasyn deur hulle besoek was. Aan die einde van die maand het ek weer die opgawe opgestel, maar laat die besoeke uit wat hulle aan die magasyn uitgebring het, omrede die magasyn nie meer daar was om te besoek nie. Ek rig toe 'n skrywe aan die instrukteurs waarin die B.O. opdrag gee dat hy alle instrukteurs aangaande die besoeke wou spreek. Natuurlik het ek toegesien dat die B.O se handtekening en sy stempel op die skrywe gepryk het.

Toe die skrywe by die sersante se kantoor aankom, het die instrukteurs nie eers die vervalste handtekening opgelet nie. Teetyd het intussen aangebreek en ek het die instrukteurs versoek om almal teenwoordig te wees. Natuurlik het ek ook so ietsie laat deurskemer dat dit oor die besoeke gegaan het. Hulle wou dadelik weet wat die probleem was en ek lees die opdrag van die Bevelvoerende Offisier aan hulle voor dat hy hulle wou sien. "Waaroor gaan dit?", wou hulle weet. Dit is toe dat ek hulle ingelig het dat hulle in die voorvalleboek aangeteken het dat hulle die plofstofmagasyn, wat lankal verwyder was, kwansuis besoek het. Een van hulle het by die teekamer uitgevlieg en gaan kyk of die magasyn wel weg was. "Hy is wragtig weg. Hoekom het jy ons nie gesê nie?", was hulle geskokte reaksie. "As julle hom besoek het sou julle gesien het hy was weg", het ek ewe sarkasties teruggekap.

Hulle almal wou die skrywe sien en moes toe erken dat dit baie eg gelyk het. "Wanneer wil hy ons sien?", het hulle baie benoud navraag gedoen. "Nou, na teetyd", het ek die verdoemende nuus aan hulle meegedeel. Na teetyd het hulle by die kantoor aangemeld en al wat hulle gekry het, was 'n briefie waarop geskrywe gestaan het: "BESOEK DIE SKIETBAAN EN WAPENSTOOR hulle is nog daar!"

(Barnie v/d Walt)

**Die R5 ooreenkoms.**

Tydens die onderoffisierskursus het ek, sersant Wietsche Fourie en Ben du Toit besluit om voor 'n spesifieke toets glad nie vir die toets te leer nie. Dit was Wietsche wat die inisieerder van die briljante plan was. Daar was ooreengekom dat indien enige een van ons wel vir die toets sou leer, dié persoon vyf Rand aan die ander twee as kontrakbreuk moes betaal. Ben het vroegtydig kop uitgetrek en aan ek en Wietsche die ooreengekome bedrag van vyf Rand betaal. Ons twee het egter enduit met die ooreenkoms volhard om nie te leer nie. Tydens die toets het ons drie heel agter in die klas gesit met Ben tussen my en Wietsche. Ek en Wietsche het by Ben afgekyk. Ben se ontsteltenis het geen einde geken nie toe ek en Wietsche beide meer punte as hy vir die toets gekry het. Hy kon natuurlik nie kla sonder om te erken dat hy ons toegelaat het om by hom af te kyk nie.

(Frans Koekemoer)

**Pandemonium by die kantoor.**

Gedurende 'n wapenleerklas onder die groot ou boom in die suid westelike hoek van die paradegrond langs die swembad, het die studente tydens die rookbreuk 'n rinkhals slangetjie van ongeveer vyf-en-veertig sentimeter opgemerk. Hulle wou die slang doodmaak, maar ek kon hulle betyds verhoed om dit te doen. Ek het die slangetjie gevang en na die klas is ek met die slang na ons kantoor waar ek 'n kopspeld deur sy bek gedruk en die speld omgebuig het, sodat hy nie kon pik nie. Intussen het sersant Phillip Delport, wat 'n lessenaar met my gedeel het, met sy kortbroekuniform by die kantoor ingestap en op die tafel gaan sit. Sonder dat ek van Phillip se ewige vrees vir slange bewus was, het ek die slang op sy linker bobeen gegooi. In my lewe het ek nog nie iemand gehoor wat so kon gil nie. Hy het opgespring en geskreeu dat die slang hom gepik het. Ek het probeer troos en gesê dat dit onmoontlik is dat die slang hom kon pik aangesien ek 'n kopspeld deur sy bek gedruk het en hy sy bek nie kon oopmaak

nie. Dit is toe dat hy geskreeu het dat ek die kopspeld deur die gifsakkie gedruk het en die punt van die speld het hom in sy been gesteek. Of dit nou so was of nie, weet ek nie, maar daar het ŉ rooi kol op Phillip se been uitgeslaan op die presiese plek waar die slang op sy been beland het.
Nou moet ek darem net sê dat ek ŉ waarnemende sersant was wat twee kursusse vantevore nog ŉ roof by die Kollege was. By tye het ek ervaar dat ek vir Phillip en die ander ouer instrukteurs maar nog net ŉ roof was wat saam met hulle in een kantoor gesit het. Nadat Phillip tot bedaring gekom het, het hy dit in die kantoor gewaag en my in geen onduidelike terme laat verstaan nie dat hy nie met slange klaargekom het nie.
Sersant Lochner Fülscher het met sy rug teen die muur gesit en, wanneer hy agter sy lessenaar wou in of uit, moes hy eers sy lessenaar vorentoe skuif om in of uit te kon kom. Na die episode met Phillip het ek die slang in die laai van Lochner se lessenaar gesit. Hy het agter sy lessenaar ingeskuif en nadat hy sy sit gehad het, het ek gesê dat daar ŉ telegram vir hom gekom het en dat ek dit in sy laai gesit het. Terwyl hy na my kyk, trek hy die laai oop en toe hy vat, vat hy aan die slang wat uit die laai probeer ontsnap het. Een gil en daar trek Lochner bo-oor sy lessenaar. Daar was nie tyd om die lessenaar vorentoe te skuif nie. Hande viervoet het hy vir die deur gekorrel en toe hy op die stoep orent kom, het hy met die .38 rewolwer in sy hand reg gestaan en vir my geskreeu: “Pikkie, vandag skiet ek jou vrek!” Dit het mooi praat gekos om Lochner te kalmeer. Hy het weer kolle in sy gesig uitgeslaan soos iemand wat ‘n erge allergie gehad het. Nou was die slang eers wild en ongemaklik met die rondgooiery.
Phillip en Lochner oortuig my toe om die slang in sersant majoor Pieter Bloem se aktetas te sit. Wie is ek as senior roof en junior instrukteur om hulle opdrag te verontagsaam? Pieter Bloem was nie in sy kantoor toe ek die gewraakte handeling uitgevoer het nie. Teetyd het aangebreek en al die instrukteurs het in Bloem se kantoor gestaan. Hy het dit ietwat vreemd gevind dat ons saam met hom in sy kantoor ons tee kom geniet het. Ek het dieselfde modus operandi gevolg met die sogenaamde telegram wat ek in sy aktetas geplaas het. Hy was baie verbaas en het onmiddellik opgestaan om te kyk. Toe die flap van die aktetas oopgaan, storm die slang daaruit en beland tussen ons. Ek het vir die deur gespring maar Johan Nel en Phillip het ongelukkig probeer om saam met my by die deur uit te vlug en daar sit die drie van ons in die kosyn vas. Die gegil en geskreeu het soos ŉ meisieskoshuis geklink en nie soos ŉ polisie kollege nie. Sersant Callie van Eck was die Bevelvoerende Offisier, luitenant kolonel C.H.E. Rőnnebeck, se klerk. Min het ek geweet dat Callie ook allergies vir slange was. Daardie jare was die studente vanaf hulle onderskeie stasies na die Kollege oorgeplaas, met die gevolg dat al die personeel lêers Kollege toe gestuur was. Die lêers was soos ŉ berg op Callie se lessenaar opgestapel. Wanneer jy by sy kantoor ingestap het, het jy net sy bleskop bo die stapels lêers gesien uitsteek. Hoofkantoor het opdrag gegee dat die plat skouerrieme, waarmee lede uitgereik was, teruggestuur moes word sodat dit met nuwe tipe gevlegte skouerrieme vervang kon word. Op aandrang van die senior instrukteurs het ek ŉ naamlys van my peloton se lede getik en ek het die slang in ŉ bruin Spoorwegkoevert, tesame met die naamlys, gegooi om dit na Callie te stuur.
Dit was nou hier waar die roof - instrukteur verhouding tussen my en die ou instrukteurs in werking getree het. Omdat ek pas by die Kollege as instrukteur begin het, het ek nie geweet hoe die administratiewe gedeelte gewerk het nie. Ek was onder die indruk dat die ordonnans die naamlys en die koevert met die slang daarin direk na Callie se kantoor sou neem. Min het ek geweet dat alle korrespondensie vanaf die sersante en die sersant major se kantoor eers na die Instruksie offisier, kaptein André Horak, geneem moes word. Salig onbewus van wat die ou instrukteurs besig was om aan my te doen, het ek deur my peloton se kwartiere gestap wat direk langs kaptein Horak se kantoor was. Die volgende oomblik het ek net tafels en stoele gehoor wat inderhaas verskuif was en bo die lawaai deur kon ek duidelik hoor: “Donner. Bliksem. Beyl, kom hier!!!” Ek het in my stilligheid gewonder wat die kaptein kon makeer. Ek het na sy kantoor genael, geklop en gesalueer, maar al wat van sy kant af gekom het was” “Wat de donner dink jy doen jy?!” Dit is toe dat ek sien sy lessenaar het dwars gedraai gestaan en die koevert met die slang het op die grond voor sy lessenaar gelê. Ek het

probeer verduidelik dat dit nie so bedoel was nie; ek was onder die indruk die koevert sou direk na Callie se kantoor toe gegaan het.
Nadat hy afgekoel het, het hy vir my gesê ek moet die koevert met die slang optel en op sy lessenaar sit, wat ek baie versigtig gedoen het. Die slang was teen die tyd al dood van al die gegooi. Kaptein Horak het in sy geestesoog gesien hoe Callie vir die koevert sou skrik en hy het op die koevert geskryf: "Sersant van Eck bespoedig asb." Nadat hy daarvoor geteken het, het die ordonnans met die koevert afgesit na die B.O. se kantoor. Dit was ook nie lank of pandemonium het in Callie se kantoor uitgebreek. Toe die koevert op sy tafel land, het hy die opdrag van kaptein Horak gelees om die omruiling te bespoedig en hy het aan die koevert gevoel. Sonder om twee maal te dink het hy die koevert oopgeskeur en die "skouer rieme" op sy lessenaar uitgeskud. Een harde gil het gevolg en toe hy opvlieg, het sy knieë aan die onderkant van die lessenaar vasgehaak en hy het die lessenaar met al die lêers daarop omgekeer. Die lêers was tot in die gang versprei.
Toe kolonel Rőnnebeck by sy kantoordeur uitkom, het Callie al gillend in die gang afgehardloop. Hy het vir Callie geskreeu dat hy moes terugkom sodat hy kon hoor wat die probleem was, maar al wat Callie kon uitkry was "slang" terwyl hy na sy kantoor gewys het. Toe die B.O. na Callie se kantoor se kant gekyk en hy die lêers gesien het wat verspreid oor die vloer gelê het, het die Duitse bloed deur sy are gebruis en het die are op sy slape begin klop. Met 'n gesukkel was Callie tot by sy kantoordeur gebring, maar hy het geweier om in sy kantoor in te gaan. Nadat hy sy optrede aan die Duitser verduidelik het, was ek na sy kantoor ontbied. Ek het erger as 'n standerd ses seun gevoel wat na die Hoof se kantoor oppad was. Kolonel Rőnnebeck het my goed laat verstaan dat ek by die Kollege was om te werk en as ek lus is vir speletjies, moes ek dit op 'n ander plek gaan doen het. Hierdie junior instrukteur het gevoel soos 'n roof wat dinges aangejaag het. Aangesien ek nog nie permanent by die Kollege aangestel kon word nie vanweë die feit dat ek 'n konstabel met twee jaar diens was, het ek in Johannesburg, waar ek aanvanklik gestasioneer was, gebly. Na 'n deeglike skrobbering soos net die Duitser dit kon doen, was ek beveel om elke dokument wat oor die hele kantoorvloer en gang besaai gelê het, op te tel en in die regte lêer te plaas. Dit moes geskied voordat ek van diens kon gaan. Agt uur daardie aand het ek die dokumente min of meer in die regte lêers geplaas gehad en kon ek afstap na Kaalfontein stasie waar ek 'n trein na Johannesburg kon haal. Dit was ongeveer tien uur die aand toe ek eers by die woonstel in Joubertpark opgedaag het. Dit was vinnig slaap want vyf uur die volgende oggend moes ek weer die trein na Kaalfontein haal om sewe uur by die Kollege te kon wees. Min het ek geweet dat die ou sersante dit so beplan het dat ek die slang na Callie moes stuur, want hulle het geweet dat die slang eers 'n draai by kaptein Horak sou maak en dat hulle my op dié manier kon terug betaal vir wat ek aan hulle gedoen het.
(RB)

**"False eye lashes"**
Ek het eers by 'n ander afdeling van die Spoorweg gewerk toe my voorman, Oom Charlie, my eendag kom vra het of ek geweet het dat die Spoorwegpolisie op daardie tydstip van plan was om dames aan te stel. Hy wou toe weet of ek nie sou belangstel nie. Ek het gedink dat dit darem 'n baie onvroulike tipe werk sou wees, maar daardie aand wou die gedagte my net nie los nie. Die volgende oggend het ek kaptein Krause ontmoet en dit was ook nie lank daarna nie dat ek besluit het om die uitdaging te aanvaar. Ek het geattesteer en die dames onder opleiding het in Johannesburg in 'n woonstelblok gewoon. Die treinry elke oggend na die Kollege was alreeds vir my vreemd maar die Kollege opsig self was vir my 'n wonderlike ervaring. Nee, ek moet eerlik wees, ek het die dril periodes glad nie geniet nie, maar die vriendskappe en vreemde omgewing was vir my opwindend. Die regsvakke het ek so geniet dat ek later jare die graad B. Pol verwerf het. Oor die kos by die Kollege sal ek liewer nie kommentaar lewer nie. Ons het sagtebal gespeel en net toe ek begin dink het dat ek in 'n goeie speler ontwikkel het, was die opleiding verby.
'n Voorval wat my altyd sal bybly was toe sersant Beyl tydens die Binnelandse beveiligings periode die effek van traangas aan ons gedemonstreer het. Ons moes gasmakers opgesit het en toe het hy ons op en af gejaag totdat ons begin sweet het. Hy het ons in die een hoek van

die kwartiere laat groepeer en die traanrook granaat by ons gegooi. Toe het die bevel gekom: “Gasmaskers af!” Dit was ‘n gehoes en geproes met ‘n bors wat gebrand het. Van die studente het verbouereerd geraak toe hulle as gevolg van die traanrook nie kon sien nie. Toe die traanrook opgeklaar het, het Penny Brighton op haar knieë in die hoek gestaan. Toe sersant Beyl by haar wou weet wat sy gehurkend op die grond gesoek het, het sy geantwoord: “*I am looking for my false eye lashes*!” Skielik het sy orent gespring met haar hande voor haar uitgestrek met ‘n vals wimper in elke hand. Ons was histeries. Wens ek het ‘n kamera byderhand gehad. Peloton M1 en M2 het saam uitpasseer en dit was ‘n ongelooflike ondervinding. Ons het baie spesiaal gevoel en was deeglik daarvan bewus dat ons geskiedenis gemaak het.
(Annatjie Denysschen)

**DIE SPESIALE TAAKMAG**

As gevolg van die politieke klimaat wat in 1974 in die land geheers het, het die destydse Kommissaris, generaal majoor J.J.J. van Vuuren, aan die Assistent kommissaris, brigadier J.P. Buitendag, opdrag gegee om die moontlikheid te ondersoek om ŉ taakmag op die been te bring wat vir gespesialiseerde take aangewend kon word. Die onrus in die land het toegeneem en op daardie stadium was daar nie in Suid Afrika ŉ taakspan wat vir sodanige operasies opgelei was nie. Op 7 Maart 1975 het brigadier Buitendag ŉ konsepvoorstel aan generaal van Vuuren voorgelê waarin hy aanbeveel het dat ŉ groep bestaande uit twee gevegsgroepe (sestig man), by die militêre opleidingsterrein van die S.A. Weermag op Oudtshoorn opgelei moes word. Luitenant Phillip Delport van die Kollege, luitenant Grant Grierson, wat spesiaal vir die opleiding van buite die Mag in diens geneem was, adjudant offisier Ronnie Beyl, Posbevelvoerder te Komatipoort, sersant Johan Lotriet en konstabel Riaan Stander, beide instrukteurs verbonde aan die Kollege te Esselenpark, was die stigterslede en het as instrukteurs opgetree. Luitenant Delport, adjudant offisier Beyl en sersant Lotriet het die Staandemag Deel 1 Instrukteurskursus, wat by die Infanterieskool te Oudtshoorn aangebied was, deurloop alvorens hulle as instrukteurs by die Kollege aangestel was. Konstabel Stander was voorheen aan die S.A. Polisie verbonde en het dienste in die eertydse Rhodesië gedoen.
Genoemde instrukteurs was getaak om die inhoud van die handleidings en kursusprogram saam te stel wat oor ŉ tydperk van drie maande gestrek het. Die bevelsgroep vir die twee gevegspanne was geïdentifiseer en het ŉ twee weke oriënteringskursus by die Kollege deurloop voordat hulle na Oudtshoorn vir die opleiding vertrek het. Die volgende lede het die bevelsgroep uitgemaak. Majoor Daantjie Malan as die Bevelvoerder, kaptein Naba Kemp, luitenant Tjaka Neethling, luitenant Dennis Keyter. Luitenant Loeba Roelofse, adjudant offisiere Johan Piek, Gert Louw, Herman Buckingham en Charl du Toit. Die S.A.W. het die opleidingsterrein bekend as “Kansasvlakte”, wat op die pad tussen Oudtshoorn en Calitzdorp geleë is, aan die S.A. Spoorwegpolisie vir die opleiding beskikbaar gestel. Daar was slegs ŉ sinkgeboutjie wat as ŉ pakkamer aangewend was en ŉ sink afskorting met koue water vir storte. Verder was dit kaal vlaktes met geen bome nie en met net die pragtigste lappe vygies wat in die blomseisoen oopgegaan het. Die offisiere en die lede het in weermagtente tuisgegaan. Teoretiese lesings was in tente aangebied terwyl die etes vanaf die menasie in die hoof basis in warm houers na die basis gestuur was. Teen die tyd dat die etes by die basis arriveer het, was dit yskoud en onsmaaklik.
Gedurende die opleidingsperiode het ons die uiterstes van die weer en klimaat ervaar. Gedurende die winter was dit ook die reënseisoen in Oudtshoorn. Soggens vyf uur, wanneer ons opgestaan het, was die dak van die tent gevries en dan het dit soos die hemelruim met sy sterretjies gelyk. Om saans te gaan stort was ŉ oorlewingsoefening op sy eie met die koue temperature en koue water. In die somer was die tent weer soos ŉ bakoond en moes ons doodeenvoudig lafenis buite die tent gaan soek het. So het ons in die koelte van die tent rondom die tent beweeg.
Die eerste groep se opleiding het gestrek vanaf 1 Julie tot 20 September 1975. Die instrukteurs was toegelaat om hul families te gaan besoek vanaf 21 September tot die 29ste

September. Die tweede groep se opleiding het op 30 September begin en geduur tot 11 Desember 1975. Die opleidingskursus het hoofsaaklik op plattelandse sowel as stedelike operasies gefokus, selfverdediging, *absailing,* gevorderde skietkuns, vasbyt oefeninge, ens. Die vuurdoopbaan was sekerlik vir die manne die ergste. Dit was waar daar met ŉ ligte masjien geweer sarsies met lewendige ammunisie bo-oor hulle koppe geskiet was. Die *absailing* het ons by die treinbrug buite Oudtshoorn gedoen. Dit was vir almal van die manne ŉ eerste ervaring. Die roete en nagmars in die Swartberge en die vasbyt oefeninge het die seuns van die manne geskei. Ons was dankbaar dat tydens die opleiding daar geen ongevalle was nie. Na afloop van die tweede kursus in Desember 1975, was lede van die Spesiale Taakmag by die Oshivellohek by Ovamboland ontplooi waar hulle alle busse en voertuie wat deur die grenspos gegaan het, deursoek het. Die sterkte van die ontplooide lede was mettertyd verhoog en ŉ aantal lede het treine wat S.A. Weermag lede na en van die grens vervoer het, begelei, asook brandstof- en ander goederetreine. Die lede wat nie in die Noorde van Suidwes Afrika diens gedoen het nie, was op al die groot sentra in die land op Spoorwegstasies en Lughawens ontplooi. Talle van die taakmag lede was gedurende die 1976 onluste in Soweto ontplooi vir die beskerming van die Spoorweë se personeel, eiendom en die passasiers. Hulle het ook talle BBP's deur die gebied begelei.

**Bevelvoerders :-**

| | |
|---|---|
| 1ste : Majoor DF Malan | : 7 Maart 1975 tot 24 Junie 1980. |
| 2de : Kolonel AF Horak | : 26 Junie 1980 tot 30 Maart 1983. |
| 3de : Kaptein AE Olivier | : 1 April 1983 tot 30 Junie 1984. |
| 4de : Kaptein JF Lotriet | : 1 Julie 1984 tot 31 Julie 1986. |
| 5de : Kaptein EF Boucher | : 1Augustus 1986 tot 1 Oktober 1986. |

**Staaltjies :-** Omdat daar ŉ paar karakters op die twee kursusse was, het daar ook ŉ paar humoristiese dinge gebeur. Die manne het ŉ groet ritueel vir die taakmaglede ontwikkel wat ŉ paar minute geduur het om af te handel. Gert Louw en Johan Piek was baie versigtig om in die openbaar saam met sommige van die karakters gesien te word, juis vanweë die groet ritueel. Een Vrydagaand het ŉ groep van die manne by die inry bymekaar gekom. Met pouse het hulle na die kafeteria gegaan en daar het Gert Louw in die ry gestaan om koeldrank te koop. Die groet ritueel was redelik luidrugtig uitgevoer en toe hulle nader gestap het om hom te groet, hardloop hy by die kafeteria uit sonder dat hy enige iets gekoop het. By ŉ ander geleentheid het dieselfde groep die bioskoop in die dorp besoek. Gert Louw en Johan Piek het gewoonlik buite die bioskoop weggekruip en gewag dat die groep hulle kaartjies gekoop het sodat hulle nie naby hulle hoef te sit nie. Tydens pouse word Johan opgemerk waar hy langs ŉ oom en tannie gesit het. Toe die ligte aangaan, sak Johan in sy stoel om sy profiel te verklein maar soos dit van die manne verwag was, was hulle baie oplettend en het hom daar gesien sit. Ek koop toe ŉ groot lekker in die vorm van ŉ baba fopspeen wat aan ŉ toutjie hang. Net voordat die ligte afgeskakel word, stap ek in die ry af waar Johan by die oom en tannie sit met die fopspeen al swaaiend aan die toutjie. Toe hy my sien, prewel hy saggies met groot oë: "f*&^#f, moenie, asseblief." Hierdie pleite het op dowe ore geval en toe ek by hom kom, sê ek duidelik hoorbaar aan die tannie dat Johan gou bang word, veral in riller flieks en sy sal hom met die fopspeen moes troos. Die tante was ook nie links, gryp Johan om die nek en steek die fopspeen in sy mond. Hy het my nie vir die daad vergewe nie.
Tydens die tydperk het ek opnuut besef hoe belangrik pos vir manne onder opleiding is. Ek het die pos gaan afhaal en aan die hulle uitgedeel. Eendag kry ek weer die pos en besluit om Johan Piek se brief wat hy van die huis ontvang het, nie vir hom te gee nie. Dit was etenstyd en die manne het op hul beddens in die tente gelê nadat hulle ŉ strawwe oggend gehad het. Toe Johan se kollegas hulle briewe ontvang en hy kry niks, wou hy by my weet waarom daar nie ŉ brief vir hom was nie. Ek het onskuldig gepleit en gesê dat hy die vraag aan sy vrou, Freda, moes vra. Johan was duidelik negatief geraak omdat hy nie ŉ brief van die huis gekry het nie. Hy het heelwat ongesensorde opmerkings gemaak wat nie vir publikasie geskik is nie. Intussen het ek ŉ koevert geneem en sy naam daarop geskryf met ŉ nota aan die binnekant wat niksseggend was nie. Toe ek terugkeer na sy tent was hy nog duidelik omgekrap. Ek het

gesê dat sy brief langs my bed afgeval het en dat hy wel 'n brief van die huis gekry het. Hy het opgevlieg en ek het die brief na hom toe gegooi. Onmiddellik het sy goedstoestand verander en hy het geglimlag van oor tot oor. "Ek het geweet sy sal vir my skryf", het hy baie opgewonde gesê. Sonder om na die handskrif op die koevert te kyk, het hy die koevert oopgeskeur. Toe hy die blaai oopvou en sien wat daarin gestaan het, het hy so kwaad geword dat hy die bajonet van sy R1 geweer gegryp en na my gegooi het. Gelukkig kon ek koes en die bajonet het deur die tent se dak getrek. Soos blits het ek sy brief aan hom oorhandig om hom te kalmeer. Nooit weer het ek dit gewaag om manne onder opleiding met hulle pos te terg nie.
(RB)

**My duurste tandeborsel ooit.**
Ek was bevoorreg om deel van die Spesiale Taakmag te kon wees wat gedurende 1975 in Oudshoorn opgelei was. Ek was eendag vir sersant majoor Beyl baie kwaad. Dit was so in die middel van die maand en ek het net vyf Rand oorgehad. Hy het dorp toe gegaan en vir almal gevra of hulle iets van die dorp af wou hê. My tandeborsel was gedaan en ek het hom gevra om vir my 'n nuwe een te koop. Destyds het jy 'n goeie tandeborsel vir vyf-en-dertig sent gekoop. Die namiddag kom hy terug met 'n tandeborsel van vier Rand en hy gee my net 'n Rand terug. As ek kon sou ek hom opgedruk het waar die son nie op hom kon skyn nie. Die ander ouens het gedink dis 'n moerse grap. Nodeloos om te sê ek was vir die res van die maand *broke.* Dit was die duurste tandeborsel wat ek nog ooit besit het. Die drie maande in Oudtshoorn was 'n moerse tyd, dit het van my 'n man gemaak. Met een vakansie het ek my kinders na die Kangogrotte geneem en ook Kansasvlakte besoek waar ons tente gestaan het. Vandag is daar niks meer nie, hulle het tot die toilette afgebreek.
(Peet Prinsloo)

**Kerkstraat bom - Mei 1983.**
Ek en André Olivier het die berugte Kerkstraatbom in Pretoria met omtrent vyf minute vrygespring. Ons was op daardie stadium albei offisiere in die S.A. Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag en was die betrokke dag by die Gevangenisdiens se Hoofkantoor wat net oorkant die S.A Lugmag se Hoofkwartier in Kerkstraat geleë was. Die Gevangenisdiens het dreigemente met betrekking tot brief- en pakketbomme ontvang en as gevolg daarvan was 'n versoek aan my gerig om aan hulle die nodige voorligting in dié verband te gaan gee. Die voorligting het demonstrasies van geprakseerde ploftoestelle, wat brief en pakketbomme ingesluit het, behels. Gedurende hierdie tydperk was ek een van die instrukteurs wat EOD en IED kursusse aan lede van die Spesiale Taakmag aangebied het, asook vir ander lede van die Mag wat as Inspekteurs van ontplofbare stowwe aangestel was. Die voorligting en demonstrasie aan die Gevangenisdiens het 'n geruime tyd geduur. Om ongeveer vier uur die middag het ons die toestelle en modelle wat tydens die voorligtingsessie gebruik was, begin opruim. Daarna het ons dit na die bakkie geneem waarmee ons gery het. Die bakkie was regoor die ingang van die S.A. Lugmag se Hoofkwartier in Kerkstraat geparkeer. Ons het tussen twintig oor en vyf-en-twintig oor vier vanaf die toneel vertrek. Met ons aankoms by die basis te Kemptonpark het ons oor die radio van die ontploffing, beserings en skade verneem. As ek reg kan onthou het die motorbom om ongeveer vyf-en-twintig minute voor vyf, slegs 'n paar meter vanwaar ons bakkie geparkeer was, afgegaan. Ons het deeglik besef dat dit ons kon gewees het wat in die ontploffing gedood of beseer was.
(Johan Lotriet)

**Luit. kol. André Horak: Tweede bevelvoerder.**
In die laat sewentiger jare, toe vliegtuigskakings wêreldwyd begin toeneem het, het luitenant kolonel André Horak in 1979 opdrag gekry om die moontlikheid te ondersoek om opleiding wat in die buite-land beskikbaar was, vir die S.A.Spoorwegpolisie te bekom. Gedurende 1979 was hy die Posbevelvoerder te Jan Smuts-lughawe en derhalwe verantwoordelik vir Lugdiensveiligheid. Kaptein Heino van Lufthansa het 'n Lugdiensveiligheid seminaar in Johannesburg aangebied. Na afloop van die seminaar het kolonel Horak hom meegedeel dat

die Veiligheidsmagte in Suid Afrika nie oor die vermoë en toerusting beskik het om vliegtuigskakings te kon afweer of hanteer nie. Hy het toe onderneem om die saak verder te voer sodra hy weer terug in Duitsland was. Kolonel Horak het op uitnodiging van kaptein Heino na Frankfurt gereis vanwaar hulle na die GSG9 eenheid in Cologne gevlieg het. Aanvanklik was daar teenkanting van die Bevelvoerder, kolonel Blette, om die S.A.Spoorwegpolisie in die verband by te staan. Na 'n ete saam met kolonel Horak het hy tog ingestem om behulpsaam te wees. Hy het 'n lys van toerusting gegee wat hulle sou benodig. Daar was egter twee uitdruklike voorwaardes alvorens die lede na Duitsland kon reis. Eerstens het die GSG9 geen verantwoordelikheid vir enige beserings wat tydens die opleiding opgedoen mag word, aanvaar nie, en tweedens moes die lede wat die kursus bywoon, eers 'n elementêre kursus in Duits gevolg het. Dit was die tydperk toe daar sanksies teen Suid Afrika was en lede van Suid Afrika sou nie tot die kursus toegelaat geword het nie. Kolonel Horak en luitenant Phillip Schutte was genomineer om 'n drie weke lange kursus gedurende Augustus 1980 by die GSG9 eenheid te gaan bywoon. Hulle was op die kursus as lede van die Belgiese polisie voorgestel. Die opleiding het hoofsaaklik op die ontsetting by vliegtuigskakings en gyselaarsonderhandelinge gekonsentreer. Na afloop van die kursus het generaal Visagie kolonel Horak na Duitsland vergesel waar die nodige toerusting aangekoop was. Die opleiding wat in Israel en Duitsland ontvang was, was gekombineer en vir Suid Afrikaanse omstandighede aangepas.

**André Olivier : Derde bevelvoerder.**

In 1980 het kaptein A.S.J. (Allie) Jooste en luitenant André (Jock) Olivier en dertig lede van die S.A.Spoorwegpolisie 'n ses weke lange teeninsurgensiekursus by Maleoskop, die S.A. Polisie se opleidingsterrein in Groblersdal, deurloop. Na afloop van die kursus in Mei 1980, het hulle vir ses weke na Israel vertrek. Hulle was die Saterdag spesiaal vanaf Groblersdal na Kemptonpark afgevoer om die Sondagaand na Tel Aviv te vlieg wat beteken het dat hulle vir twaalf weke van hulle huis en haard sou weg wees. Die vliegtuig waarmee hulle na Tel Aviv gevlieg het was vol bespreek, wat meegebring het dat hulle bevoorreg was om eerste klas te vlieg. 'n Belewenis vir twee polisiemanne wat vir die eerste keer eerste klas kan vlieg!

André het wel later baie keer as anti - kaper eerste klas gevlieg, maar dié keer was dit sy eerste keer. Hy kan nog goed onthou hoe bederf en spesiaal hulle tydens die vlug gevoel het. Hulle was afgesonder om intensiewe opleiding in vliegtuig-en ander ontsettings operasies te ondergaan. Die opleiding was by die Grens Polisie, Israel se Spes-eenheid, genaamd Yamam, aangebied. Die Bevelvoerder van die eenheid was brigadier generaal Zvi Bar wie 'n baie goeie vriend van die S.A.Spoorwegpolisie se generale staf was. Hy het gereeld in Suid Afrika kom jag. Later van jare het hy die Burgemeester van Ramatgan geword, een van die sewe munisipaliteite wat Tel Aviv uitmaak. André het hom dikwels wanneer hy as anti -kaper in Tel Aviv geland het, in sy kantoor in Ramatkan gaan besoek. Die opleiding het die hantering en gevorderde skiet tegnieke met die 9mm Browning pistool ingesluit. Vanuit die staanhouding moes jy jou baadjie, wat die holster en die wapen bedek het, oopmaak, die wapen trek, span en 'n valplaat op tien meter binne een punt twee sekondes raak skiet. Dié opleiding het binne 'n gerekenariseerde kamer bekend as die "killing house" plaasgevind. Intensiewe opleiding met die M16 aanvalsgeweer met 'n 40mm granaatwerper wat aan die onderkant van die geweer aangebring was, was ook aan die orde van die dag. Kloutertegnieke bekend as "Monkey Team"- opleiding het tegnieke ingesluit wat daarop gemik was om enige gebou d.m.v. spesiale toerusting, waterpype, toilet afvoerpype, hysbak skagte ens. binne te dring. Trein, gebou, bus en vliegtuig ontsetting – met die groter klem op geboue, treine en busse – was deel van die opleiding. Teeninsurgensie opleiding en voertuig patrollies wat hulle prakties in die operasionele gebiede van die Wes Oewer en Gaza strook uitgevoer het, gevorderde opleiding in die hantering en aanwending van springstowwe en gevorderde opleiding in selfverdediging het ook 'n groot deel uitgemaak van die kennis wat aldaar opgedoen is.

As gevolg van André se opleiding as selfverdedigingsinstrukteur by die Kollege, het hy hulle heelwat op dié terrein geleer. Die offisier met wie hulle die meeste in die ses weke opleiding te doen gekry het, was kaptein Blond en 'n sersant majoor Benda (vir Ben David) wie eintlik van

Suid Afrika afkomstig was. Die mees belangrike operasie waarby André as lid van die taakmag betrokke was, was in November 1981. ŉ Vliegtuig van Air India was tussen die Seychelle Eilande en Durban gekaap. Hulle het opdrag gekry om so spoedig doenlik na Durban te vlieg. S.A. Lugdiens het ŉ Boeing 737 vliegtuig spesiaal aan die taakmag beskikbaar gestel om na Durban te vlieg. Soos wat hulle gevlieg het, het hulle inligting via die polisie op die lughawe in Durban ontvang. Hulle was deurentyd van die gebeure op die lughawe op hoogte gehou. Die aanvanklike inligting was dat daar eers twee kapers, toe vyf, toe tien en later dertig en toe uiteindelik vier-en-veertig kapers aan boord van die vliegtuig was. Generaal Visagie en kolonel André Horak was ook aan boord van die vliegtuig waarmee hulle na Durban gevlieg het. André kan onthou dat hy vir homself gesê het dat daar nog nooit vantevore in die geskiedenis van vliegtuigskakings, soveel kapers by die kaap van een vliegtuig betrokke was nie. Sou hulle die onsetting op die gekaapte vliegtuig in Durban moes uitvoer, op dieselfde wyse waarop hulle so hard en gereeld in die vroeë oggend ure op Jan Smuts geoefen het, sou daar ŉ helse skietgeveg uitgebreek het. Toe die vliegtuig waarmee hulle gevlieg het op Durban lughawe land, het die gekaapte vliegtuig op die punt van die aanloopbaan gestaan. Die vliegtuig het tot binne-in die S.A.Lugmag se basis "getaxi " en vandaar het die taakmag ontplooi. Die leier van die kapers was ene kolonel Mike Hoare. Hy was die leier van ŉ groep huursoldate wat ŉ mislukte staatsgreep in die Seychelle uitgevoer het. Kolonel Mouton van die S.A.Spoorwegpolisie se Veiligheidstak in Durban het met die kapers onderhandel terwyl die taakmag die vliegtuig omsingel het. Dit operasie het as operasie Kamet bekend gestaan, omdat die naam van die vliegtuig na ŉ bergreeks in Indië vernoem was. Nadat die kapers oorgegee het, was die lyk van een van die kapers wat tydens die mislukte staatsgreep doodgeskiet was, uit die vragruim verwyder. Al die wapens en plofstof wat in besit van die huursoldate was, was onskadelik gestel en die taakmag het die huursoldate aanboord ŉ S.A. Lugmag C130 vliegtuig na Waterkloof afgevoer. Die hele operasie het ongeveer vier ure geduur.
As daar een ding van die operasie is wat die meeste op die dag uitgestaan het, was dit hoe lank dit vir ŉ tegniese personeellid van die SAL geneem het om die spesiale toerusting in die vragruim te beveilig voordat hulle kon vertrek het. André het vir maande daarna in die Pietermaritzburgse Hooggeregshof in die saak getuig. Die taakmag het ook gereelde praktiese oefensessies saam met die Burgerlike Beskerming van Johannesburg gehou. By die geleenthede het hulle met ŉ Puma helikopter op die dak van ŉ twintig verdieping gebou vanuit ŉ Puma "geabseil" en daarna teen die kant van die gebou af beweeg en dan passasiers uit ŉ gekaapte bus ontset. Die taakmag was die eregaste by die Durban se Taptoe met die viering van die S.A.Spoorwegpolisie se 50ste bestaansjaar. By die geleentheid het hulle elke aand vir ŉ week lank uit Pumas ge"Fast rope" en ŉ bus ontset. Tydens een van die vertonings het André se been aan die tou vasgehaak. Die res van die seksie wat ná hom uit die Chopper "gefast rope" het, het oor hom gegly. Hy het ŉ paar snywonde in die proses opgedoen. Toe hy homself los gewikkel het, het hy ŉ mooi rol gedoen wat gelyk het of dit deel van die vertoning was.
Daar was twee voltydse dokters wat aan die S.A Weermag se Spesmagte verbonde was, by hulle in die eenheid ingedeel. Gedurende die duur van die Durban Taptoe, het hulle in Spoorweg rytuie geslaap. In daardie tydperk het verskeie mini Limpet kleefmyne in die omgewing ontplof. André en Johan Lotriet het die S.O.P.'s (Standing Operational Procedures) van hoe om op bewegende aanvalsvaartuie op die oop see te land, saam met die S.A.Lugmag en die seesoldate die S.A. Vloot opgestel. Dit was juis gedoen omdat daar in daardie tyd reeds skepe in Somalië gekaap was, net soos wat vandag die geval in Nigerië is.
Die kenteken van die taakmag was deur André Olivier ontwerp. Die simboliek van die kenteken is die volgende: Die vlerkies simboliseer *beskerming,* die sirkel, *vervoer*, die vuis en weerlig straal, *slaankrag*. Marie Haarhoff van Transnet, het die skets voorstelling van die kenteken professioneel ontwerp en daarna was die kenteken vervaardig en aan die lede uitgereik.
Om die ontsetting van 'n geskaakte vliegtuig so na as moontlik na te boots was ŉ skuur by Jan Smuts-lughawe aan die taakmag lede vir hulle opleiding toegeken. In die skuur was daar ŉ vliegtuignabootser wat spesiaal vir die praktiese opleiding in vliegtuig ontsetting gebou was.

Tydens een van die praktiese oefeninge wat met lewendige ammunisie uitgevoer was, was sersant Louis Botha (Hamerkop) deur ’n mede kursusganger met ’n 9mm pistool deur beide sy bene geskiet. ’n Ander skietvoorval, wat nou nie tydens opleiding of optredes plaasgevind het nie, was die geval van sersant Watson wat ’n taakmag en anti - kaper lid was, wat deur sy knie geskiet was toe hy sy vrou geleer het om ’n wapen skoon te maak. ’n Tragiese geval was toe sersant Wagenaar van Oos-Londen, op die laaste dag van ’n ses weke lange Anti-kaperskursus wat deur ’n instrukteur van Israel aangebied was, homself doodgeskiet het. Hy het na afloop van die kursus “Russian Roulette” gespeel en homself deur die kop geskiet. André was ook gesekondeer om die Ciskei polisie se Spesiale Taakmag op te lei. In die twee jaar was hy in nege skiet gevegte met terroriste betrokke, waartydens verskeie Ciskei polisiemanne doodgeskiet was. As gevolg hiervan was die S.A. Spoorwegpolisie se medalje vir die Bekamping van Terrorisme aan hom toegeken. By geleentheid moes hy ook die Staatspresident van Ciskei, Lennox Sebe, uit sy huis in Bisho gaan red het na ’n mislukte staatsgreep deur die Transkeise weermag. Hy was ook betrokke by verskeie opvolgoperasies waar verskeie Transkei soldate doodgeskiet was. Tydens sy springstofkursus (hy het 100% vir alle toetse op die kursus behaal) het hy die dag toe hulle kommersiële springstof met doppielonte geskiet het, die rare ervaring gehad dat die veiligheidslont afgebrand en die springpatroon nie gedetoneer het nie. As onervare kursusganger tydens sy opleiding as Inspekteur van ontplofbate stowwe, was hy reeds in ’n situasie gestel om ’n springpatroon “onskadelik te stel ”. Die veiligheidslont het vir een of ander onverklaarbare rede nie die spring doppie geaktiveer nie. Normaalweg kan veiligheidslont nie geblus word nie, selfs al gooi jy dit in water.
(André Olivier vanuit Accra)

**Air India : Berig in Rapport.**
Die 44 kapers van die Indiese Boeing het hul lewe te danke aan die oorredingsvermoë van ’n senior veiligheidsbeampte op die Lughawe Louis Botha. Wat hulle nie geweet het nie, is dat ’n Spesiale Taakmag van die Spoorwegpolisie gereed gestaan het om hulle uit te wis. Die bestaan van dié taakmag is gister deur die Adjunk kommissaris van die Spoorwegpolisie, genl. J.H. Visagie bekend gemaak. Hy sê die Spoorweë het in die lig van die wêreldwye kapings van vliegtuie, besluit om ’n Spesiale Taakmag op die been te bring met die uitsluitlike doel om gyselaars te bevry indien ’n kaping op Suid Afrikaanse bodem plaasvind. Agttien maande gelede is 70 van die beste manne in die Spoorwegpolisie in die geheim gekies en het hulle intensiewe opleiding op ver afgeleë plekke begin. Dié opleiding duur voort. Wapentuig en toerusting is aangepas en ontwerp om die 70 man van optimale sukses te verseker in hul operasies, sê genl. Visagie. “Gebruik is gemaak van vliegtuie van die Suid Afrikaanse Lugdiens, en selfs ou rompe, om elke moontlike situasie te ontleed en ’n teenplan daarvoor op te stel. Ek is seker my manne sou Donderdagoggend met geringe lewensverlies die 79 passasiers en die bemanning van die Indiese vliegtuig bevry het. Dit spreek van self dat daar aansienlike lewensverlies onder die kapers sou gewees het as hulle teenstand gebied het ”. Hy sê aangesien die verrassingselement ’n groot faktor in die ontsetting van gyselaars is, sou die Spesiale Taakmag vinnig toegeslaan het indien die onderhandelings misluk het. Genl. Visagie sê hy het in geen stadium deelgeneem aan die onderhandelings met die kapers nie. “Dit is nie die taak van die Bevelvoerder van hierdie Taakmag om met kapers te onderhandel nie”. Binne ’n uur na die landing is die hele Taakmag op die lughawe Jan Smuts gemobiliseer en kort voor sewe, minder as twee uur nadat hulle in kennis gestel was, het die taakmag in ’n Boeing van die Lugdiens ’n kort landing gedoen op dieselfde aanloopbaan waarop die gekaapte vliegtuig gestaan het. “Ons het so skielik opgedaag dat selfs die kaptein van die gekaapte vliegtuig nie gesien het ons land in die baan voor hom nie. Die eerste keer dat hy en sekerlik die meeste mense op die vliegtuig van ons teenwoordigheid bewus was, was toe ons die vliegtuig omring het.” By sy aankoms het genl. Visagie verneem die kapers het ’n dokter en ’n veiligheidsbeampte van die lughawe na die vliegtuig ontbied. Genl. Visagie het sy manne ontplooi terwyl die senior veiligheidsbeampte voortgegaan het met sy onderhandelinge. Dit was sy rustige diplomasie wat gemaak het dat die kapers hulle eise geleidelik verwater en

uiteindelik laat vaar het. RAPPORT is gevra om die beampte se naam nie bekend te maak nie. (Berig deur Herni Crous)
*Die veiligheidsbeampte na wie in die berig verwys word was luitenant kolonel Mounie Mouton, die Bevelvoerder van die Veiligheidstak in Natal streek.*

**Kolonel Mouton se weergawe.**
Op Vrydag 26 November 1982, omstreek drie uur die oggend, het ek ŉ telefoniese berig by my huis ontvang dat ŉ vliegtuig van Air India gekaap is, en dat die vliegtuig op die Durban se lughawe, Louis Botha, geland het. Ek en majoor Valie Viljoen het in ŉ ongemerkte voertuig na die lughawe gehaas en ongeveer dertig meter vanaf die vliegtuig, langs die brandweerwa, stilgehou. Ek het gewag dat die meganiese trappe na die vliegtuig geneem word toe daar ŉ versoek van die kapers gekom het dat hulle ŉ mediese dokter verlang. Ek was al bo by die deur, wat op daardie stadium nog toe was, toe professor J.R. van Dellen, hoof van die Rampbestuurspan, halfpad teen die trappe op was. Die deur het op ŉ skrefie oopgegaan en ŉ persoon het sy kop uitgesteek. Die persoon was later as mnr. Duffy geïdentifiseer. Duffy het my versoek dat die voertuie wat op die aanloopbaan gestaan het, verwyder moes word. Ek het toe opdrag aan die manne op die aanloopbaan gegee dat hulle die voertuie moes verwyder. Mnr. Duffy het met my begin praat en hy wou weet wie die ander persoon (prof. van Dellen) was wat ook teen die trappe uitgeklim het. Ek het hom meegedeel dat dit die dokter was en hy het gesê dat die dokter nie na bo moes kom nie, maar op die aanloopbaan moes wag.
As gevolg van die motore se geraas het Duffy saam met my na onder gegaan waar ons op die aanloopbaan gestaan het en hy het my meegedeel dat hierdie ŉ baie belangrike voorval was. Hy het vir my gesê dat hulle gepoog het om ŉ staatsgreep in die Seychelle uit te voer maar dat dié poging misluk het. Hy het verder gesê dat hulle nie die Regering in die verleentheid wou stel nie aangesien van die senior ministers van hulle operasie bewus was. Hy het toe voorgestel dat ek ŉ ander vliegtuig vir hulle moes reël. Hulle sou dan ongewapen na die ander vliegtuig oorgeklim het en dan kon ons hulle na enige plek vlieg. Ons kon met hulle rondom Durban of hulle na Johannesburg of Kaapstad gevlieg het waar hulle dan as gewone passasiers van die vliegtuig sou afklim. Hy het gesê as ek ŉ beter voorstel gehad het, kon ek hulle aantree en na die aankomste saal marsjeer. Ek het aan hom verduidelik dat ek nie by magte was om aan enige van se versoeke te voldoen nie maar dat ek dit aan hoër gesag sou voorlê. Ek het hom meegedeel dat generaal Visagie en die Spesiale Taakmag van die Spoorwegpolisie na Durban onderweg was. Die taakmag het om ongeveer twintig oor sewe die oggend in Durban geland en ek het na generaal Visagie in die aankomste saal gegaan. Sy opdrag was dat daar aan geeneen van die kapers se versoek voldoen moes word nie. Verder het hy daarop aangedring dat die passasiers vrygelaat moes word en dat die kapers in die vliegtuig agter moes bly.
Nadat die passasiers die vliegtuig ontruim het, sou die vliegtuig na ŉ naby geleë vliegtuig loods gesleep word. Ek het teruggegaan na die vliegtuig en het die boodskap aan mnr. Duffy oorgedra. Hy het die opdrag aanvaar en die passasiers was vrygelaat om per bus na die aankomste saal te gaan. Duffy en die kapers het hulleself oorgegee. Op geen stadium was hulle onredelik of gewelddadig nie. Hulle was egter bekommerd dat die media foto's van hulle sou neem en daar was toe gereël dat die vliegtuig omgedraai word sodat die fotograwe, wat in die pad gestaan het, nie foto's van hulle kon neem nie. Die kapers was toe opdrag gegee dat hulle die vliegtuig sonder hulle wapens moes verlaat. Ek, majoor Valie Viljoen en luitenant Smit het toegesien dat hulle al die wapens in die paadjie van die vliegtuig plaas en dat hulle een vir een deursoek word en met die trappe af gelaat word. Nadat almal die vliegtuig verlaat het, het mnr. Duffy my aan die leier van die kapers, kolonel Mike Hoare, voorgestel. Die kapers was verwyder en onder toesig van die taakmag in ŉ militêre vliegtuig gelaai wat hulle na Pretoria gevlieg het. ŉ Lyk van een van die kapers was in die vragruim wat ook verwyder was.
(Mounie Mouton)

**Johan Lotriet: Vierde bevelvoerder.**
Ek en sersant Louis Botha het 'n kursus in St. Augustin, Bonn, Duitsland gedurende die tydperk 13/10/1983 tot 4/12/1983 by die GSG9 eenheid deurloop. As gevolg van die politieke situasie wat in Suid Afrika geheers het, het ons onder dekking as lede van die Australiese Spesmagte die kursus bygewoon. Almal binne die GSG9, insluitende die Minister van Interne aangeleenthede, was daarvan bewus dat ons inderwaarheid Suid Afrikaners was. Ons was by die opleidingsvleuel ingedeel en het die kursus saam met die ander Duitse studente deurloop. Die Bevelvoerder van die opleidingsvleuel was Uwe Dee en is gedurende 2005 aan maagkanker oorlede. Uwe Dee het ook die 10-jarige bestaan van die Spesiale Taakmag op 24/10/1985 te Esselenpark bygewoon. By hierdie geleentheid het ons 'n vertoning gelewer om aan hom te toon wat die opleiding in Duitsland vir ons beteken het. As 'n blyk van waardering het ons gereël dat hy met sy gesin met die Bloutrein vanaf Johannesburg na Kaapstad reis. Die GSG9 was gedurende daardie tydperk as die Universiteit van Stedelike Oorlogvoering gereken en was baie gewild onder Spesmagte soos die SAS en SBS (Brittanje), Delta Force (VSA), GIGN (Frankryk) en GEO (Spanje), om slegs 'n paar te noem. Die rede daarvoor kon gevind word in hulle innoverende denke, hul tegniese en taktiese benadering tot gyselaarsituasies, die ultra moderne toerusting waaroor hulle beskik het asook die beste menslike hulpbronne om van te kies. Die opleiding het die volgende behels:
**Infrastrukture**. Tydens hierdie module was die volgende vakke aangebied : Geskiedenis en ontstaan van die GSG9. (München insident –Olimpiese spele waar atlete van die Israeliese atletiekspan vermoor was). Die wetlike aspekte met betrekking tot binnelandse en buitelandse aanwending, die rol en funksie van die GSG9 binne die ander militêre en paramilitêre strukture en die organisasie en strukture van die eenheid.

**Skerpskutteropleiding.** Het die volgende behels:
- Algemene beginsels en aanwending van die gevegspan.
- Kennis van die wapens en toerusting (PSG1 – Skerpskutter geweer).
- Skiettegnieke en studiegevalle.
- Skietoefeninge onder verskillende toestande.

**Observasie en massadigtheid, strukture en optrede**
- Die beginsel van massadigtheid en strukture.
- Nabootsing van die effek wanneer skote tussen die massas ingevuur word.

**Gyselaar onderhandelings**
- Ontlonting van die menslike bom.
- Keuring en opleiding van lede.
- Onderhandelingstegnieke en beginsels.
- Psigiese oorsaak teenoor 'n psigopaat.
- Die Stockholm Sindroom.
- Die Williamsburg studiegeval.
- Die organisasie, samestelling en rol van die onderhandelingspan en elke lid binne die span.
- Die profiel van die terroris of aanvaller.

**Vliegtuigoperasies**
- Beginsels en doktrine van toepassing by vliegtuig ontsetting. Tegniese data van elke soort vliegtuig met betrekking tot die hoeveelheid deure, deur meganisme, hoogte, hys bakke, toegangsroetes anders dan die deure, ens.
- Span samestelling, bewapening en tegniese toerusting (lere, skokgranate, ligte, ens).
- Verskillende tipe vliegtuie (B737; B707; B727; DC 10 A; A300 Airbus; B747).
- Studiegevalle soos: Entebbe, LH 181 Mogadisjoe, ens.

**Treinoperasies**
- Studiegevalle en lesse geleer.
- Klassifikasie van rytuie en kompartement uitleg.
- Tegniese en taktiese oorwegings.

**Bus operasies**

- Studiegevalle en lesse geleer.
- Klassifikasie van busse.
- Tegniese aspekte met betrekking tot vensters, deurmeganismes, plasing van toilette, reikafstand, ens.
- Penetrasie en deursoeking.

**Vaartuigoperasies**

- Studiegevalle en lesse geleer.
- Klassifikasie van vaartuie.
- Tegniese aspekte met betrekking tot die vensters, deure, plasing van toilette en ander kompartemente

**Geboue operasies**

- Studiegevalle en lesse geleer.
- Beginsels en doktrine van toepassing.
- Verskillende penetrasie tegnieke.
- Verskillende metodes van beweging.
- Tegniese en taktiese oorwegings.
- Span samestelling en die keuse van wapentuig en toerusting.

**Skietkuns en skietoefeninge**

- Aanwending van ŉ wye verskeidenheid van vuurwapens, (pistool HK P7, sub-masjiengewere MP5, gewere G3, skerpskuttersgewere PSG, haelgewere) om net ŉ paar te noem.
- Verskillende tipe skiet tabelle is ontwikkel om binne die binnemuurse skietbaan te oefen. Dit het gewissel van statiese- tot bewegende tekens.
- Kleiduif skiet was ook ŉ baie gewilde skietoefening.
- Beperkings van verskillende vuurwapens en die aanwending daarvan.
- Verskillende tipe ammunisie en die aanwending daarvan
- Samestelling van individuele en groepe wapentuig

**Padblokkades**

- Noodsaaklikheid en aanwending van padblokkades.
- Tipes padblokkades en toerusting benodig.

**BBP beskerming**

- Studiegevalle en lesse geleer
- Beginsels en doktrine
- Klassifikasie van aanvallers
- Formasies en keuse van wapentuig en ander toerusting
- Beweging by trappe, hysbakke, deure, ens.
- Beskerming by: Statiese punte (toesprake, winkels) beweging, voertuie

**Taktiese Helikopteraanwending**

- Rol en aanwending van die verskillende soorte helikopters (BO 105, SA-330 Puma, Bell UH-1D)
- Taktiese oorwegings van die verskillende metodes: Touwerk, en snel troepering.

**Tegniese Aspekte**

- Rol en aanwending van die verskillende lere (vliegtuie, busse, geboue, treine, ens).
- Visiere en nagsig vir die verskillende vuurwapens.
- Aanwending van knaldempers en die beperkings.
- Keuse van ammunisie vir verskillende aanwendings.
- Die gebruik en aanwending van die laser afstandmeters.
- Gebruik van snel inbraaktegnieke (hout H-raam gevul met knallont of bladspring stof om deure mee oop te blaas).

**Taktiese touwerk**

- Rol en aanwending van touwerk by, geboue, helikopters, kranse.
- Aanwending en gebruik van die toerusting (tou, dalingsapparate, harnasse).

**Tydelike spesiale taakmag eenheid.**
Die tydperk wat die spesiale taakmag op ŉ tydelike basis funksioneer het, was die aanvanklike basis in ŉ tydelike kantoor aan die noordelike kant van die atletiekbaan te Esselenpark. Die fasiliteite was regtig swak en onvoldoende. Ek het my beywer om permanente kantore te bekom en na vele onderhandelinge het ons gedurende 1984 die kantore by die Kemptonpark stasie bekom. Dit was naby die lughawe geleë waar ons op die verskillende vliegtuie geoefen het met genoegsame parkering vir die Casspirs en ander voertuie. Dié fasiliteite het 'n lesingkamer vir teoretiese toepassings, ŉ konferensiesaal vir beplanning, twee administratiewe kantore, gimnasium en 'n kroeg ingesluit. Hierdie fasiliteite was voldoende totdat die spesiale taakmag gedurende 1985 'n permanente entiteit geword het. Die ou nie-blanke Kollege te Esselenpark het beskikbaar geraak en ons basis het daarheen verhuis. Hierdie fasiliteit het aan al ons vereistes voldoen: Dit was afgesonder, het oor ŉ paradegrond, voldoende kantore, store, sindikaatkamers, kombuis, eetsaal, helikopter landingsones, genoegsame parkering, skietbaan en gimnasium beskik.
**Permanentewording.**
Met die toenemende spesialisasie en die onvoldoende tyd om twee keer per maand opleiding te doen, het ek 'n voorlegging via brigadier GZ Erlank aan die Kommissaris, generaal JH Visagie, gerig vir die permanente totstandkoming van die Spesiale Taakmag. Hierdie voorlegging was goedgekeur met ingang van 1 Maart 1985. Die strukture het bestaan uit die Bevelvoerder, 2IB, RSM, Administratiewe personeel bestaande uit finansies en administratief, twee operasionele eenhede, elk met sy eie beeldelement, skerpskutters eenheid en 'n mediese komponent bestaande uit twee Spesmag geneeshere. Die totale sterkte van die eenheid was ongeveer 55 lede. Hierdie het tot gevolg gehad dat formele doktrine, handleidings en kursusse soortgelyk aan dié van die GSG9 saamgestel en aangebied was.

**Opleiding by ander instansies.**
**1 Verkenningsregiment** - Durban - Myself, Hein Crocker en Bertram Buchler het die eerste Spesmagte stedelike kursus vanaf 17 Februarie 1986 tot 27 Maart 1986 deurloop. Daarna het ons wedersyds kennis en kursusse uitgeruil. Ek het ook die beginsel van die sneltou tegniek, wat ons by die GSG9 geleer het, binne die Suid Afrikaanse konteks bekend gestel. Dit het behels dat ek saam met die S.A. Lugmag (17 en 19 Eskader) en die opleidingsvleuel van I Verkennings Regiment, prosedures moes opstel wat toe vir operasionele en opleiding doeleindes goedgekeur was. Alhoewel die meeste mense aanvanklik skepties was, is dit steeds 'n tegniek wat baie wyd in Suid Afrika aangewend word.
**SA Vloot : Simonstad**
Die voorvereiste om met S.A. Lugmag helikopters oor water en die see te kon werk, was om die dompelingskursus te Simonstad Vlootbasis twee keer per jaar te deurloop. Dit het behels dat ons met 'n C130 vanaf Waterkloof na Ysterplaat gevlieg was en daar oornag het. Die volgende dag was ons na Simonstad Vlootbasis afgevoer, waar ons dan simulasies ingeoefen het van 'n helikopter wat in die water val. Dit het behels dat jy binne 'n staalkonstruksie met twee sitplekke, wat 'n helikopter voorstel, vasgegespe word. Die konstruksie word dan onder die water ingetrek waar dit 180 grade draai. Die studente moes dan die gespes losmaak en na die oppervlakte swem. Na die oefening het die studente vis by 'n stalletjie te Vishoek gekoop vir die braai die aand. Hierdie was altyd een van die hoogtepunte van die jaar.
**Demonstrasie en voorligting**
Gesamentlike Stafkursus (SAW) - Tydens elke Gesamentlike Staf Kursus het ons 'n inset oor die rol en taak van die S.A. Spoorwegpolisie se Spesiale Taakmag, met betrekking tot die kaping van SAW vliegtuie en vaartuie, gelewer. Direktief 6 van 1980 het betrekking gehad.
**Nasionale Intelligensiediens**
Voorligting en demonstrasies gelewer vir BBP beskermers, met betrekking tot geprakseerde toestelle, identifikasie en ontruimingsdril.
**Skole** : Gereeld by skole 'n simulasie gelewer oor bus ontsettings en die aanwending van helikopters.

**Besoekers uit die Buiteland**
Gereelde demonstrasies was vir besoekers van die Buiteland en die Generale Staf, asook gaste van die Suid Afrikaanse Spoorwegpolisie van Suid-Korea en die VSA, gegee.
**SA Lugdiens**
Kajuitbemanning: Ek en André Olivier het deurlopend vir die kajuitbemanning voorligting en opleiding verskaf oor die identifikasie van vuurwapens en geprakseerde ploftoestelle asook die effek van die Stockholm Sindroom tydens 'n kapingsituasie.(*On August 23rd 1973, two machine-gun carrying criminals entered a bank in Stockholm, Sweden. Blasting their guns, one prison escapee, named Jan-Erik Olsson, announced to the terrified bank employees: "The party has just begun!" The two bank robbers held four hostages, three women and one man, for the next 131 hours. The hostages were strapped with dynamite and held in a bank vault until finally rescued on August 28th. After their rescue, the hostages exhibited a shocking attitude considering they were threatened, abused, and feared for their lives for over five days. In their media interviews, it was clear that they supported their captors and actually feared law enforcement personnel who came to their rescue. The hostages had begun to feel that the captors were actually protecting them from the police. One woman later became engaged to one of the criminals and another developed a legal defense fund to aid in their criminal defense fees. Clearly, the hostages had "bonded" emotionally with their captors. While the psychological condition in hostage situations became known as "Stockholm Syndrome" due to the publicity, the emotional "bonding" with captors was a familiar story in psychology.*)
**Vlugbemanning**
Ek en André Olivier het ook deurlopend soortgelyke voorligting aan die vlugbemanning verskaf asook die gevare van, en die ontwyksdril wat tydens die aanwending van 'n SAM7 grond tot lug missiel op die vliegtuig toegepas moet word.

**Ontwikkeling van die Bom skakeloosstellingskursus.**
Na afloop van die kursus wat deur die S.A. Polisie se kolonel Frans van Eeden en majoor Paul van Heerden te Esselenpark aangebied was, het ek en Herman Buckingham gepraat oor die gebrek aan die praktiese evaluering en die potensiële gevare wat dit inhou. Die eksamens was teoreties en het die praktiese vaardighede nie regtig getoets nie (SA Weermag doktrine - 30% teorie en 70% prakties het dus nie gegeld nie). Ek en Herman het toe 'n kurrikulum, soortgelyk aan die van die S.A. Polisie, saamgestel maar die praktiese evaluering bygewerk. Ons het brigadier Erlank daarvan oortuig dat ons, in samewerking met die S.A. Polisie, voortaan ons eie bomskadeloosstelling kursusse sou aanbied. Hierdie kursus was mettertyd aangepas en verander na onderskeidelik die EOD en IOD kursusse. Net voor die amalgamasie met die SA Polisie het die hoof van hul springstofopleiding ons praktiese evaluering tydens 'n kursus te Esselenpark bygewoon en kopieë van die kursus evalueringsvorm geneem. Hulle was baie beïndruk daarmee en het aangedui dat hulle 'n soortgelyke praktiese evaluerings fase sou aanbring. Is nie seker of dit wel gebeur het nie.

**Gesamentlike SAL - SAV - SA Spoorwegpolisie oefening Durban: 1984**
Na aanleiding van die goedgekeurde prosedures deur die S.A. Lugmag en 1 Verkennings Regiment vir die gebruik van die H-raam wat aan die binnekant van die Puma helikopter aangebring word, en waaraan die "sneltoue" geheg word, asook die aanwending van die sneltou tegniek vir die doel, het ons magtiging van die S.A. Vloot en S.A. Lugmag Hoofkwartiere verkry om 'n praktiese oefening op 'n beweging vaartuig in Durban uit te voer. Die oefening het behels dat 'n aanvalsvaartuig van die S.A. Vloot teen ongeveer 20-30 knope net buite die hawe te Durban moes vaar, wat dan die teiken sou wees. Twee Puma helikopters, elke met vyftien lede van die Spesiale taakmag aan boord, sou dan op die bewegende aanvalsvaartuig vanuit die bewegende Puma helikopters neergelaat word. Die een oefening het gewone touwerk met harnasse en figuur 8 dalingstoerusting behels terwyl die tweede oefening die "sneltou" tegniek behels het. Hier was die dalingspoed met die hande op die tou beheer en geen ander hegtingstoerusting was ter sprake nie. Dit was baie vinniger en die voordeel het daarin gelê dat die operateur onmiddellik paraat en gereed was vir aksie. Tydens die voorligtingsessie aan die S.A. Vloot en die S.A. Lugmag was lede van 1

Verkennings Regiment teenwoordig en baie skepties oor die tegnieke. Tot op daardie stadium was daar nog geen geval aangeteken waar die sneltou tegniek op 'n bewegende vaartuig in die oop see aangewend was nie. Lede van 1 Verkennings Regiment het ons egter met verkykers dopgehou en ons na die oefening gelukgewens met die poging. Hierdie tegniek word nou wêreldwyd aangewend.

**Gyselaar Onderhandelingsvermoë.**
Suid-Afrika het tot en met 1984 nie oor 'n formele gyselaarsonderhandelaarsvermoë en doktrine beskik nie. Navrae na die Suid-Afrikaanse Polisie, S.A. Lugdiens, S.A. Spoorweë, Nasionale Intelligensie diens en die S.A. Weermag het telkemale negatiewe reaksie uitgelok. Gedurende 1984 het ek met kolonel Venter en majoor Jansen van die Militêre psigologiese instituut naby Irene kontak gemaak oor die moontlikheid om so 'n vermoë tot stand te bring. Ons het toe, in samewerking met kolonel Wouter Basson, kliniese sielkundiges van Spesmagte en die Militêre psigologiese instituut 'n werkswinkel gehou waar die raamwerk vir 'n kort-, medium- en langtermyn onderhandelingsvermoë gekweek was. Generaal Earp, Hoof van die S.A. Lugmag, en generaal Knobble, Hoof van die Geneeskundige dienste, van die S.A. Weermag het die werkswinkel bygewoon. Generaal Knobble het R 250,000 net daar bewillig om 'n houer wat binne 'n C130 kon pas te ontwikkel as 'n mobiele bevelspos en wat toegerus was met kommunikasie middele vir gebruik tydens gyselaaronderhandelinge. Die eerste vliegtuigkaping waar kort-, medium-, en langtermyn gyselaaronderhandelinge gesimuleer en geoefen was, het gedurende 1985 plaasgevind.

**Vliegtuigkaping simulasie : S.A. Lugmag : Waterkloof na Durban Lughawe.**
Opleiding het normaalweg die tegniese en taktiese aspekte van 'n vliegtuigkaping behels. Die totale integrasie van alle aspekte van so 'n beplanning en uitvoering was baie beperk as gevolg van die logistieke en finansiële aspekte daaraan verbonde. Die eerste langafstand vliegtuigkaping simulasie, kompleet, het tussen Waterkloof Lugmagbasis en Durban se Louis Botha-lughawe plaasgevind na aanleiding van 'n voorlegging aan en goedkeuring deur die S.A. Lugmag. Vir die doel van die oefening was twee C130 vliegtuie gebruik. Die een het die “gekaapte vliegtuig" voorgestel terwyl die tweede C130 gebruik was om lede van die spesiale taakmag en hulle toerusting na die lughawe, waar die "gekaapte vliegtuig" sou land, te vervoer. Hierdie oefening het alle aspekte van die beplanning, uitroepprosedures, ontplooiing, gyselaaronderhandeling, en ontsetting van die "gekaapte vliegtuig" behels. Die oefening was 'n reuse sukses en het die vertoue bevestig dat indien 'n vliegtuigkaping sou plaasgevind, die eenheid paraat en toegerus was om die situasie te kon hanteer.

**Spesiale Operasies**
**Komati Verdrag: 1983 : Tussen Mosambiek en Suid-Afrika.**
Die spesiale taakmag was primêr vir die beskerming van President Samora Marcel van Mosambiek en President PW Botha van Suid Afrika verantwoordelik tydens die ondertekening van die Komati Verdrag in die niemandsland gedeelte tussen Suid Afrika en Mosambiek. Die beskermingsdienste het die beskerming van die Wit trein, die rytuig waarin die ondertekening plaasgevind het, die busse wat passasiers vanaf die lughawe by Komatipoort na die terrein vervoer het, die patrollering van die spoorlyn na en van die terrein, asook die onmiddellike omgewing waar die plegtigheid plaasgevind het, waargeneem. Ek was by die ingang van die rytuig wat direk langs die rytuig was waarin die Presidente die verdrag onderteken het, en nadat hulle die saluut na die ondertekening beantwoord het
**Oopstel van die spoorlyn tussen Swaziland en Suid-Afrika: 1985**
Die spesiale taakmag was getaak om die beskerming van die openingsplegtigheid tussen Swaziland en Suid-Afrika iewers in die bosse, te behartig. Dit was 'n gesamentlike operasie tussen die spesiale taakmag en die S.A. Lugmag as gevolg van die ontoeganklike terrein en die gebrek aan observasie punte. Die S.A. Lugmag was primêr verantwoordelik vir lugdekking, kommunikasie herleistasie en afvoer van ongevalle, indien nodig, en die ontplooiing van die operateurs. Luitenant Mike Fryer, van die S.A. Polisie, se spesiale taakmag, het ook die voorligting net voor die ontplooiing bygewoon.

**Padblokkades : Swazilandgrens : 1983 - 1985**
Die spesiale taakmag was gereeld op die roetes vanaf Swaziland na Suid-Afrika ontplooi met die bekamping van terrorisme in gedagte. Die eenheid het oor 'n karavaan beskik wat vir die doel aangewend was. Casspir voertuie was as vroeë waarskuwing en stoppergroepe gebruik waar nodig.

**Spesiale Taakmag kenteken:** André Olivier het die taakmag kenteken ontwerp wat heraldies deur die Buro Vir Heraldiek goedgekeur is.

**Sosiale Drag:** Die das en kleurbaadjie was deur myself en André Olivier ontwerp.

**Erekode:** Die erekode is deur my opgestel, en deur generaal JH Visagie goedgekeur. Die erekode was tydens ‘n oorhandigingseremonie by die Spesiale Taakmag se basis te Kemptonpark aan elke lid oor handig.
(Johan Lotriet)

## SLAGBOOM OPLEIDINGSENTRUM

In die sestiger jare het die Spoorweë nog van stoomlokomotiewe tussen Port Elizabeth en Johannesburg gebruik gemaak. Onderweg na Johannesburg moes die lokomotiewe met aankoms by Cournie stasie water ingeneem het vir die rit verder Noord. Die Spoorweë het toe ŉ plaas van ongeveer een honderd hektaar tussen Cournie en Kirkwood in die Suurberge gekoop. Die Cournie rivier ontspring in die Suurberge wat besproeiingswater aan boere in die Slagboom gebied verskaf. ŉ Betonwal was in die rivier gebou wat die water opgedam het. Van daar was die water vir bykans sestien kilometer met ŉ kragtige pomp na Cournie stasie gepomp wat dan water aan die lokomotiewe verskaf het. ŉ Klein twee slaapkamer huisie was vir die pompman op die plaas gebou. Na die uitfasering van die stoomlokomotiewe en die ingebruikneming van diesel-elektriese treine, was daar nie meer ŉ behoefte aan die water nie. Nadat die pomp nie meer in gebruik was nie, het die Spoorweë die pomphuis gesluit en die plaashuis het vir ongeveer sewe jaar leeg gestaan.
Volgens Thomas Pringle het die plaas, Slagboom, sy naam gekry toe die Xhosas die smal paadjie in die kloof versper het deur ŉ boom af te kap en die boere daar vermoor het. [1]
*“Many years ago, before the Kafirs were dispossessed of the part of the country, and finally driven over the Great Fish River, the chief Congo and his clan occupied the White River valley and the fastnesses of the adjacent mountains in great force. During one of the straggles, which ensued, in consequence of Congo’s attempt to maintain himself in possession of this district, a party of seventy or eighty Boers was sent to occupy this glen, while others troops environed the Kafir camp from the opposite side. The Boers rode in without opposition through this pass; but finding the enemy stronger than they expected, they became alarmed, and attempted to retreat by the same road. The Kaffirs, however, who on this occasion showed themselves not destitute of military skill, had, in the meantime, blocked up the narrow path by stretching a large tree across it near the center, and fastening it with thongs and wattles at either end; and then stationing themselves in strong bands among the copse wood, they attacked the Boers on all sides, as soon as they had fairly reentered the defile, with showers of javelins, and slew a great number of them before they were able to force a passage through. From this catastrophe the spot obtained the name of the Kafir Slagboom or Toll-bar*.

In 1981 was kolonel Cas Pelser die Bevelvoerende offisier van Kaap Middellande in Port Elizabeth. Hy het by die Afdelingsbestuurder verneem dat die Departement die plaas Slagboom gaan verkoop. Hy en majoor Tjaka Neethling het die plaas gaan besoek om vas te stel wat die potensiaal was om dit in ŉ opleidingsentrum te omskep. Hy het die inligting aan die Kommissaris oorgedra en voorgestel dat die polisie die plaas moes oorneem. Die Spoorwegpolisie het op daardie stadium ŉ dringende behoefte aan ŉ opleidingsterrein gehad waar kursusse vir die Spesiale Taakmag, grensdiens, springstof, speurders ensovoorts

aangebied kon word. Terwyl ek nog in Windhoek gestasioneer was, het ek opdrag gekry om in Port Elizabeth aan te meld met die oog op ŉ verplasing daarheen. Die vinnigste en goedkoopste metode om die sentrum te kon oprig, was om van veselglas Iglo's, wat deur die Spoorweë vervaardig was, gebruik te maak.
Die basis het vir ongeveer honderd-en-twintig kursusgangers voorsiening gemaak. Twee opslaanhuise was later vir die Bevelvoerder en sy personeel opgerig. ŉ Gedeelte van die berg

*[1] Thomas Pringle in South Africa: 1820 1826 :p48*

moes in drie terrasse omskep word vir die oprigting van die geboue. Die twee slaapkamer huisie waarin ons moes tuisgaan, was deur die buurman se Angorabokke as ŉ kraal gebruik. Ons het vir drie maande in ŉ karavaan op die perseel gewoon voordat die opknappingswerk aan die huisie voltooi was. Die bou van die basis het dikwels tot stilstand gekom as gevolg van die reent wat die grondpad onbegaanbaar gemaak het of personeel wat nie vir werk opgedaag het nie. Die basis het oor vyf lesingsale beskik asook slaapplek vir honderd-en-twintig man, offisiersrondawels, ŉ gastekamer, wapenkluis, biblioteek, dienskamer, natkantien en, later van tyd, ŉ goed toegeruste menasie. Die eerste personeel het uit myself as Bevelvoerder, Magda in bevel van die menasie, sersant Jan Needham as stoorman en sy vrou Elise as kantoor assistent bestaan. Die Needham egpaar was vanaf Port Elizabeth na Slagboom oorgeplaas. Hulle het in ŉ huurhuis op ŉ naburige plaas gewoon totdat ŉ opslaanhuis vir hulle op die plaas opgerig was. Later was daar toe ŉ nuwe opslaanhuis vir die Bevelvoerder opgerig en kon sersant Pieter Birk, nadat hy die instrukteurskursus op Slagboom voltooi het, as instrukteur daarheen verplaas word. Hy en sy vrou Celia het in die twee slaapkamer huisie ingetrek. Sy vrou het by die Addo Nasionale Olifantpark begin werk. Nadat die Needhams na Port Elizabeth teruggekeer het, het sersant Sharon Dunn (admin) en haar man, konstabel Werner Dunn (store), by hulle oorgeneem. Pieter Birk was later na Pretoria verplaas en was deur sersant André Liebenberg vervang. Mev. Freda Manthé, 'n naburige boervrou, was vir 'n tyd saam met Magda in die menasie aangestel. Met die koms van die Liebenbergs het André se vrou, Joan, die plek van Freda oorgeneem.
Aangesien al die kursusse intensief van aard was wat binne die kortste moontlik periode afgehandel moes word, was 'n "brunch ete" stelsel ingestel. Dit was 'n kombinasie van "breakfast and lunch." Die kursusgangers het soggens om sewe uur koffie en beskuit gekry waarna hulle om elf uur ŉ stewige "brunch" gekry het en dan die aand om ses uur weer 'n volledige aandete kon geniet. Aanvanklik het die kursusgangers gesukkel om by die "brunch"-stelsel aan te pas, maar toe hulle daaraan gewoond was, het hulle dit so verkies. Die "brunch"-stelsel" het onder die swart lede vir heelwat humor gesorg. Hulle het van die snaakse eet reëlings te hore gekom en dit vertolk dat daar net een keer per dag geëet was. Met die eerste 'brunch " het hulle al hulle kos geëet en vir nog brood gevra. Die addisionele brood het hulle na hul woonkwartiere geneem. Op ŉ vraag waarom hulle dit doen, het hulle geantwoord dat hulle eers weer die volgende dag sou kos kry.
Die naam van die plaas en my van het ook verwarring by hulle geskep. Slagboom en Beyl (byl) het nie veilig geklink nie. Die eerste oggend wat ek by die klas ingestap het om hulle te verwelkom was hulle merkbaar ongemaklik en op hulle senuwees. By geleentheid het ek in die gang in die klas afgestap en toe ek my arm oplig om iets te demonstreer, het omtrent die hele klas die dek geslaan. Ek kon nie verstaan wat aan die gang was nie. Toe ek hulle so ver kon kry om iets te sê, het die storie uitgekom. Hulle was vertel dat hulle na die plaas "Slaghom" gaan en dat die ou wat daar in bevel was baie moeilik was en dat sy naam nog boonop "Byl" was. "Slag hom" en "Byl" het baie dreigend geklink, vandaar die gekoes.

**Slagboom deur die oë van sersant Pieter Birk.[2]**

*Slagboom !* Die naam jaag rillings langs jou ruggraat af, veral as jy vir die eerste keer vir opleiding na die "slagveld" gaan. Jy weet nie wat om te verwag nie. Al wat jy weet is dat daar ŉ groot majoor, en ŉ moeilike sersant, ŉ groot dam, baie berge en steil paaie wag. Die treinrit na Slagboom is ook gewoonlik ŉ stil rit, terwyl jy jou maar besig hou met jou eie gedagtes en al die spookstories wat jou voorgangers jou oor die plek vertel het. Op Addo stasie, waar jy moet afklim, word nie veel gepraat nie. Jy word net aangesê om jou bagasie te laai en op te klim. Die stofpad is eindeloos lank en kronkel deur die groen ongerepte natuur – verfraai met

spekbome en wilde aalwyne. Jy voel die stamp as die voertuig deur die laagwaterbruggie beweeg en dan sien jy die hek met die groot wit kennisgewingbord wat aandui dat dit die eiendom van die Suid Afrikaanse Spoorwegpolisie is. Ook dat oortreders vervolg sal word. Die onwillekeurige saamtrek van jou maagspiere vertel jou jy betree nou “heilige grond.” Sommer met die inry slag deur die hek besef jy dit gaan ŉ tydperk in jou lewe wees wat jy nie maklik gaan vergeet nie. Die eerste slagspreuk op ŉ swart en geel bord sê jou waaroor alles op Slagboom gaan. BEVEG KOMMUNISME - RAAK BETROKKE. Enkele slagspreuke wat daarop volg sit jou gedagtes aan die gang oor wat jy verder te wagte kan wees.
LEIERS KRUIP EERS VOORDAT HULLE KAN LOOP.
IS EK IN ALLE OPSIGTE MY RANG WAARDIG?
GLO IN JOU GOD - GLO IN JOU VOLK - GLO IN JOUSELF
OORLEWING VERG FIKSHEID - THE FITTEST WILL SURVIVE en by die ingang
ARE YOU HERE TO HELP WITH THE SOLUTION OR ARE YOU PART OF THE PROBLEM?
Vir die persone wat vir die eerste keer op Slagboom kom, lyk die koddige ronde woonkwartiere, genoem Iglo’s, na iets uit ŉ ander heelal. Nadat jou woonkwartiere aan jou uitgewys is, vergader almal in die lesing lokaal. ŉ Stilte daal neer as majoor Beyl, bevelvoerder van Slagboom, binne stap. Die kursusgangers word hartlik verwelkom en die basis reëls word verduidelik. Daarna is jy die res van die Sondag vry om jou goed uit te pak en om die omgewing te verken. Vanaf ŉ hoogte is Slagboom pragtig waarneembaar. Dit lyk kompleet soos ŉ basis iewers in die buitenste ruim. Vandaar ook die gepaste naam “Maanbasis Alpha” wat kursusgangers Slagboom gedoop het.
Slagboom is ŉ regte plaas omring deur groen bedekte berge en ŉ groot dam aan die onderkant. Mev. Beyl se plaaskos laat elke polisieman op kursus se hart warm klop. Sy is alreeds ŉ legende in die Suid Afrikaanse Spoorwegpolisie. Op Slagboom is die natuur op sy mooiste en daar is dit soos op ŉ regte plaas - selfs skape, kompleet met ŉ klok om die nek, eende, kalkoene en baie vis in die dam. Alles skep die indruk van ŉ rustige plaas atmosfeer, maar moenie dat dit jou flous nie. Elke polisieman wat hierna toe kom vir opleiding, word goed gebrei. Majoor Beyl toring ver bo sy eenheid uit. Hy werk met die manne en aan sy regterhand is sersant Pieter Birk, ‘n instrukteur opgelei aan die hand van majoor Beyl.

**Speurderkursus**
Die speurders kursus skop af met wapenbehendigheid, om sodoende elke speurder weer in te skerp in die hantering van vuurwapens. Die instrukteur begin deur die “Tien gebooie” van elke persoon wat ŉ wapen besit, uit te spel. Daarna word die lede se oë toegebind en moet hy sy vuurwapen binne ŉ sekere tyd, uitmekaar en aanmekaar kan sit. Dit word herhaal totdat hy dit binne die bestekte tyd kan doen. Nou is dit skietbaan toe waar sy vernuf met die wapen getoets word. Die boslaan is die laaste gedeelte in die toets van wapenbehendigheid. Die boslaan geskied in ŉ donga waarin teikens verskuil word. Die skut moet nou sy roete en die oorsteek van natuurlike hindernisse beplan, om die teiken binne ŉ bepaalde tyd op te spoor en die “vyand” uit te wis. Die instrukteur vul self elke skut se magasyn. In die proses laai hy ŉ leë doppie in die magasyn om ŉ storing met die wapen te bewerkstelling. Sy wapenbehendigheid word dan prakties onder realistiese omstandighede geëvalueer. Dit neem slegs sewe minute om die boslaan te voltooi, maar wanneer die skut aan die einde van die baan kom, tap die sweet hom af as gevolg van die spanning en inspanning.
Met die skietkuns opleiding wat afgehandel is, volg vakke soos, onder andere, “flink dink ”. Die persoon se vermoë om vinnig op sy voete te dink, word geevalueer. Hy moet onvoorbereid oor ŉ onderwerp, soos byvoorbeeld vuurhoutjies, sykouse, skilpaaie en vele meer, vir twee minute praat. Nou eers word daar aandag aan die vakke gegee wat vir die speurder noodsaaklik is. Verskeie lesinghouers vanaf Port Elizabeth, en selfs Johannesburg word gebruik om vakke soos agtervolgingstegnieke, die opstel van dossiere, ondersoek van misdaadtonele, ondervragingstegnieke, veiligheidsake, vinderafdrukke ens, aan te bied. Gedurende die duur van die kursus kry die speurders take wat hulle saans moet voorberei en indien. Elke oggend voor die bediening van koffie en beskuit, moet elke kursusganger ŉ

drafstappie insit om die hek, wat ongeveer ŉ kilometer ver is, te gaan besoek. Die ouer garde, met silwer in die hare, moet ook die hek besoek, al stap hulle rustig daarheen en terug.
Binne ŉ oogwink is die vier weke verby en die kursus word met ŉ formele ete afgesluit, nadat hulle ŉ kursus in menasie etiket deurloop het. Elke kursusganger probeer die reëls van menasie etiket sonder foute nakom, want na afloop van die ete word daar ŉ amptelike hofsitting gehou. Daar is ŉ landdros, ŉ aanklaer en natuurlik die beskuldigde wat een of ander reël tydens die onthaal verbreek of nie nagekom het nie. Klagtes wissel van dat hy te min of te veel met die gaste rondom hom gesels het, of dat hy die wynbottel met die verkeerde hand aangegee het, of dat hy sy sop opgeslurp het en ander kere omdat hy dit nie geslurp het nie. Die strawwe was ferm. Vyftig sent per aanklag en een rand vir ŉ ernstige misstap. Die boetes wat tydens die hofsitting ingevorder word, word weer aangewend om sporttoerusting vir die basis aan te koop. Vir ŉ baie ernstige oortreding, kan die kursusganger gevonnis word om in die visdammetjie te bad. Die hof spog met ŉ uitstekende rekord dat geen beskuldigde ooit daarin kon slaag om onskuldig bevind te word nie.

**Teeninsurgensiekursus.**
Dit sluit in afstandskatting, vuurleidingsbevele, teikenaanduiding, kamoeflering, padblokkades, vuur-in-beweging ens in. Die kursusgangers besef gou dat om patrollie in digbegroeide bosse te stap, is geen maklike taak as jy nie daaraan gewoond is nie. Die oorsteek van hindernisse vorm ook deel van die kursus. Majoor Beyl vertel met ŉ glimlag van die noue ontkomings wat kursusgangers tydens die oorsteek van riviere gehad het. In ŉ groep is daar gewoonlik ŉ persentasie wat nie kan swem of nie goed kan swem nie. Om dan nog die diep koue water met volle gevegsmondering en geweer te trotseer, laat menige man se hart benoud klop. Paniek omklem jou hart met ŉ koue staalgreep wanneer jy halfpad deur die rivier begin moeg word, dit terwyl jou toerusting en stewels al swaarder begin word en jy jou geweer bokant die water moet vashou. Die instrukteurs staan op die rivierwal en gil dat jy moet gou maak. “Nog geen verliese is aangeteken nie”, bemoedig majoor Beyl jou, maar daar moes al verskeie kere ingeduik en gehelp word, lag hy. Anderkant uit word daar ook geen ruskans gebied nie, net so nat word jou gal verder gewerk. Met huisopruiming kry ŉ leë huis op die plaas skielik lewe wanneer die manne die huis bestorm, net om in die geknetter van geweervuur vas te hardloop komende van ŉ instrukteur wat ŉ geruime tyd met loskruit ammunisie binne die huis weggekruip het.
Alle situasies word so realisties as moontlik nageboots om die kursusgangers aan die werklike situasies bloot te stel. Vir baie kursusgangers is nagpatrollies ŉ nagmerrie omdat dit die eerste keer is wat hulle in die nag in ŉ bebosde gebied loop. Die situasie word verder vererger wanneer hulle ŉ potjiefakkel of “antipersoneelmyn ” aftrap of ŉ oefenhandgranaat langs hulle detoneer. Na die laaste lesings die volgende dag, vertrek die manne huis toe, vol selfvertroue vir die taak wat op hulle wag.

**Grensdiens**
Vir ŉ week knetter geweervuur onophoudelik, hand- en geweergranate ontplof, manne spring van Buffelvoertuie af, die LMG lope word vinnig gewissel soos wat hulle warm word, Choppers vlieg in en manne spring uit. Die sweet tap die manne af soos wat hulle in elke situasie gedril word. Dit is lede wat vir ŉ week ŉ opknappingskursus in teeninsurgensie doen alvorens hulle na die Operasionele gebied in Ovamboland vertrek. Die week begin met ŉ kerkparade by die kerk op Sunland, ongeveer dertig kilometer vanaf Slagboom. Die vervoer daarheen geskied in Buffelvoertuie, soortgelyk aan dié wat hulle in Ovamboland gebruik. ŉ Harde week lê voor, want hier word die manne voorberei vir dit wat op hulle in Ovamboland wag. Soggens, wanneer die son nog agter die berge skuil, tree die manne vir godsdiensparade aan. Majoor Beyl het geglo dat daar ŉ balans moet wees tussen die liggaamlik voorbereiding van die lede en hulle geestelike paraatheid. Hierna word die werking van elke terroriste wapen en -toestel deur majoor Beyl aan die kursusgangers gedemonstreer. Vir baie lede is dit die eerste keer dat hulle met handgranate en landmyne in aanraking kom. Na deeglike inoefening met oefengranate, is dit tyd vir die ware Jakob. Majoor Beyl is saam

met die manne agter die granaatskuiling. “Luister kêrels, as jy daardie pennetjie uittrek en jy laat val die granaat, plant ek jou bo-op hom en ek gaan sit op jou”, bulder majoor Beyl.
Jy kan jou hart voel klop wanneer jy met die granaat in jou hand staan en wag op majoor Beyl se bevele. “Neem op die granaat, maak gereed om te gooi, gooi, dekking”. Jou liggaam is koud en jou hart klop ontsettend hard. Krampagtig klou jy aan die granaat vas. Wanneer die bevel kom om te gooi, boul jy die granaat oor die skuiling en jy slaan die dek met ’n spoed. Die skokgolwe van die granaat slaan teen die skuiling was. Onwillekeurig staar jy na die veiligheidspen in jou hand. Môre sal dit in jou boshoed pryk. Die opgewondenheid is groot wanneer twee Alouette choppers hulle verskyning oor die bergpieke maak en lede ingedeel word om hulle te leer hoe om ’n chopper te benader, uit die chopper wat “hover” te spring en rondomverdediging toe te pas. Baie aandag word aan seksie aanvalle, waar teikens met lewendige rondtes aangeval word, gegee. Hierdie uitputtende oefening word telkemale herhaal totdat majoor Beyl tevrede is dat elke lid presies weet wat om onder die omstandighede moet doen. Sommige lede ontvang spesialis opleiding in die bestuur van die Buffelvoertuig, ander word weer as medics en radio operateurs opgelei.
Vrydagaand steek die moeë maar fikse manne die kampvuur aan en word daar vir oulaas saam met die personeel vleis gebraai en rondom die vuur gekuier. Majoor Beyl se laaste woorde aan die manne is dat hulle paraat moet wees want die kanse dat hulle in ’n hinderlaag tussen Oshivello en Ondangwa verras gaan word, is baie groot. Vir oulaas geniet hulle Mamma Magda se heerlik plaaskos en, wanneer die Flossie die aanloopbaan in Port Elizabeth verlaat, dink hulle met heimwee terug aan Slagboom.

**Instrukteurskursus**

Die woordjie “instrukteurskursus” spel reeds vir jou uit wat op jou wag. Baie sweet, dril, inspeksies, min slaap en harde werk. In 1984 het ’n behoefte ontstaan om instrukteurs op te lei om in die behoeftes van die S.A. Spoorwegpolisie te voorsien. Dit was die eerste volwaardige instrukteurskursus wat deur ons eie instrukteurs aangebied was. Die instrukteurs naamlik, majoor Beyl, kapteine Opperman en Myburgh en pelotonsersant Louis Botha, was uitgekies vir die taak. Op 29 Julie 1984 kom drie-en-twintig jong aspirant instrukteurs op Slagboom aan. Generaal P.M. Du Plessis open die kursus op 30 Julie en die instrukteurs skop dadelik met die kursus af. Terwyl die oggendson nog sy oggend slapie geniet, hardloop die manne al swetende die berg uit. Enige persoon wat gedink het om vir vier maande op Slagboom te wees en te sê jy is ’n instrukteur, het hom lelik misgis. Die kursus is gekenmerk deur min slaap en harde werk. Die hoë standaarde wat deur die instrukteurs gestel is, het die eerste fase dan ook ’n moeilike fase gemaak. Dit was dril, skietkuns, L.O. en inspeksies. Elke student het ook ’n klip (’n jong rotsie) gekry. Die rotsie het soveel sweet van die manne gevat, dat dit na die kursus as gedenkteken op Slagboom geplaas is. Geen steen, of is dit nou klip, is onaangeroer gelaat ten einde van die kursus ’n sukses te maak nie. Terwyl die aspirant instrukteurs klas aanbied, is hulle aanbiedings op videokamera verfilm om hul foute aan hulle uit te wys.
Fase twee het begin met teeninsurgensie. Nagte deur is gewerk, kamoeflering gedoen, patrollies gestap, riviere oorgesteek en hinderlae gelê. Uiteindelik was die kursus verby en het slegs nege van die drie-en-twintig manne die kursus geslaag. Die was die manne wat bereid was om alles te gee vir die weg wat die instrukteurs aangewys het.

**Ander kursusse.**

Die kandidaatoffisiere en onderoffisiere op kursus kom doen hul onlus en teeninsurgensie opleiding van drie weke op Slagboom. Basiese springstofkursusse van agt weke word ook aangebied asook een week opknappings kursusse vir inspekteurs van ontplofbare stowwe. Die Spesiale Taakmag, wat onder die bestes in die wêreld gereken word, word op van tyd tot tyd hier opgelei. ’n Spesiale eenheid van die weermag in die Oos Kaap, die “Hamertjies”, was ook by geleentheid deur majoor Beyl en van sy instrukteurs by Slagboom opgelei.

**Opsomming**
Slagboom is ŉ stukkie natuur wat elke polisieman na aan die hart lê. Dit is daar waar daar, weg van die stad se geraas, met die manne gewerk word, terwyl mamma Beyl die innerlike

[2] *Lourierkrans 3de kwartaal 1986 : p25*

versorg. Elke lid wat Slagboom verlaat, doen dit met ŉ tikkie weemoed in sy hart. Want hier tussen die berge waar jy kan gaan sit en na die natuur kyk, en besef dat daar ŉ God is - ŉ God wat jou geskape het en elke tree wat jy gee, jou behoed, beskerm en bewaar. *Glo in jou God Glo in jouself - Glo in jou volk,* hier weet jy wat dit beteken. Ek was bevoorreg om ŉ kleurlinginstrukteurskursus aan te bied. Elkeen het net soos ek ook sy eie rotsie gekry en op dieselfde paaie as ek gesweet.

**Kursusgangers kom tot my redding.**
Aan die onderkant van die damwal was daar twee laagwaterbruggies wat met elke vloed onder water was. Die een bruggie was by die ingang tot die basis die ander een onder die damwal net voordat jy die basis binnegekom het. Gedurende ons verblyf te Slagboom het ons twee groot oorstromings beleef. Die oorstroming het veroorsaak dat ons vir drie tot vier dae van die buite wêreld afgesny was. Geen voertuie kon dan in of uit die basis beweeg nie. Op die stadium was die dam feitlik vol gewees toe die reën begin het. Manthé, wat bo in die berg gewoon het, het my geskakel en gewaarsku dat die rivier besig was om af te kom. Dit was ook nie lank daarna nie toe jy die rivier kon hoor rammel soos wat dit die rotse en bome wat in die golwende water se pad was, eenvoudig net weggevee of meegesleur het. Boetie en Boy Whittle wat op die buurplaas by die ingang gewoon het, het my teen die derde dag geskakel en gesê dat ŉ deel van die pad na die basis deur die vloedwater weggekalwe was. Ons het gewoonlik ŉ week se rantsoene op Slagboom gehou, en as die pad verspoel het, sou die rantsoene nie voldoende gewees het nie. Dit was net na "brunch" toe ek besluit het om ondersoek na die pad-kwessie te gaan instel. Indien ŉ voertuig nie verby die verspoeling kon beweeg nie, sou dit beteken het dat ek vragmotors met klip vanaf Port Elizabeth moes bestel om die pad op te vul. Aangesien die bruggie naby die damwal geleë was, het die water baie sterk gevloei en groot golwe gemaak. Die rivier by die bruggie was ongeveer vyftien tot twintig meter breed. Ek sou op ŉ manier deur die rivier moes kom om die skade aan die pad te gaan bepaal. Die veiligste was om ŉ ent teen die rivier op te beweeg, in die water te spring sodat die stroom my by die bruggie teen die boomtakke kon vasdruk.
Daar was ŉ aantal bome direk langs die rivier se walle waaraan ek kon gryp om myself uit die water te lig. Sonder veel moeite het ek in die rivier gespring en die stroom het my teen die bome. soos ek beplan het, vasgedruk. Die skade aan die pad was toe nie so erg soos wat ek aanvanklik gedink het nie. Met die terugkeer het lede van die speurderkursus by die bruggie gestaan om die vloed te besigtig. Om na die basis terug te keer was die slag nie so maklik nie. Aan dié kant van die rivier waar ek gestaan het kon ek nie teen die rivier op beweeg nie aangesien die water te diep en die rotse te groot was. Die kursusgangers het ŉ tou aan die agterkant van die Swerwer voertuig vasgemaak en een van die lede het aan die tou vas gehou en oor die bruggie probeer stap. Toe hy ongeveer drie meter van my af weg was, het die golwe sy voete onder hom uitgeslaan en daar het hy in die water verdwyn. Ek het ingeduik om hom te help, maar met die golwe en die vaart van die water was ek van balans geruk en daar het ek kop-oor-gat die rivier afgespoel. Gelukkig kon die lid aan dieselfde boomtakke gryp waaraan ek gegryp het toe ek vir die eerste keer die rivier oorgesteek het.
Ek was in ŉ oorpak en stewels geklee. Toe dit nat word, het die gewig my verder die water in getrek. Die vorige Saterdagoggend het ek na ŉ program op TV gekyk waar Sparks Esterhuizen juis gepraat het oor wat jy moet doen, en nie moet doen nie, wanneer jy in water beland en nie in staat was om te kon swem nie. Al wat ek deurentyd vir myself gesê het was om kalm te bly. Dit is makliker gesê as gedaan, veral as jy nie meer asem oor het nie en jou longe begin brand soos die suurstof nood opbou. Nes my kop bo die water kom, slaan die golwe my bollemakiesie en dan beland ek weer tussen die rotse en boomtakke onder in die rivier. Dan herhaal die oefening hom weer; ek spartel en spook om kop bo water te kry om asem te haal en dan was ek weer onder die water. Gedurende hierdie krisis het my hele lewe in ŉ kwessie van ŉ paar sekondes voor my afgespeel. Ek het selfs die doodsberig wat die

personeel aan Hoofkantoor sou stuur, verwoord. Ongeveer ŉ honderd-en-vyftig meter na die bruggie, maak die rivier ŉ draai na regs. Toe ek die draai nader, druk die vaart van die water my na die linkerkantste wal waar ŉ aantal takke in die water gehang het. Op die stadium was my arms en skouers so seer gestoei dat ek hulle nie bokant my kop kon oplig om die takke te gryp nie. Die kursusgangers het intussen teen die rivier afbeweeg en ŉ tou na my gegooi. Met baie moeite kon ek daarin slaag om die tou te gryp en om my bors te draai. Die manne het my na wal gesleep en uit die water gehelp. Vir bykans ŉ week na die voorval was ek nie in staat om my arms bokant my kop te lig nie. Dit het gevoel of ek elke spier in my skouer en arms geskeur het. Die goeie Vader het met die gebeurtenis aan my ŉ tweede kans in die lewe gegee; iets waarvoor ek Hom altyd dankbaar sal wees.

**Benoude oomblik op Slagboom**

Ek kan nie onthou of dit gedurende 1984 of 1986 se grensdiens opleiding te Slagboom was wat die insident gebeur het nie. As deel van die opleiding het ons eers met oefen handgranate die dril geoefen voordat ons die geleentheid gekry het om lewendige granate te gooi. Die lede het een vir een saam met kaptein Beyl in die granaatskuiling gestaan. Hy het dan weer aan die lid verduidelik wat om te doen wanneer hy die granaat gooi. Ek weet nie wat die lid gedoen het nie, maar hy gooi die granaat regop in die lug en die granaat kom tussen hom en kaptein Beyl in die skuiling te lande. Kaptein Beyl het blitsig vir sy grootte beweeg, die granaat gegryp, weggegooi en in dieselfde beweging die arme lid skoon uit die skuiling geklap.
(Andries Burger)

**Paraffien en die brandewyn.**

Oom Koos en Tannie Myrtle de Jager het in ŉ een slaapkamer hartbeeshuisie op ŉ plaas, ongeveer vier kilometer anderkant Slagboom, gewoon. Hulle het nie veel aardse goedere besit nie, maar geestelik was hulle skatryk. Oom Koos was ŉ bobaas storieverteller en sou enige dag ŉ program soos *Spies en Plessis* gehaal het. Naweke, wanneer ons vir Oom Koos-hulle gekuier het, het ons aan sy lippe gehang terwyl hy stories vertel het. Tannie Myrtle het weer op haar beurt vir die kinders broodjies in bakpoeier blikkies in die koolstoof gebak en dit saam met vars klein aartappeltjies en plaasbotter bedien. As daar een ding in die lewe is waaroor ek regtig spyt het, is dit dat ek in gebreke gebly het om Oom Koos se stories vir die nageslag te bewaar. Elke keer wanneer ons daar was, het ek vir my self gesê dat ek die Maandag vir Fonnie du Plooy by RSG in die Baai moet skakel om Oom Koos se stories op band vas te lê. Maandae het gekom en gegaan en ek het nooit so ver gekom om vir Fonnie te kontak nie.
Tannie Myrtle het, as gevolg van ŉ heup besering, baie pyn verduur. Hulle het nie oor ŉ mediese fonds beskik nie en was aan die genade van die Distriksgeneesheer oorgelaat. Met een van die vloede wat ons gehad het, was ons vir twee dae van die buitewêreld afgesny. Oom Koos-hulle, wat aan die bokant van die dam gewoon het, was vir langer van die buitewêreld afgesny as die res van ons. Die spesifiek Saterdag oggend het Oom Koos my geskakel en gevra of ek nie van hulp kon wees nie. Die tannie het baie pyn verduur en haar medikasie was op. Daarmee saam was die paraffien vir die vrieskas gedaan en hulle het koud gekry. Om die koue teen te werk moes ek ŉ sommer ŉ bottel Klipdrift saambring. Aangesien ek goeie kontak met die S.A. Lugmag in Port Elizabeth gehad het, het ek hulle geskakel om te verneem of hulle my in die poging kon help. Die sig in die berge was baie swak en as gevolg daarvan was dit nie vir die helikopters veilig om te vlieg nie. Ek het toe met dr. Taylor, die Distriksgeneesheer op Addo, gereël om vir haar pynstillers voor te skryf. As gevolg van die vloed het die spruit na Addo oorstroom en geen voertuie kon deurkom nie. Dr. Taylor het na die spruit gery en ons het mekaar daar ontmoet. Hy het die medisyne waterdig verpak en oor die spruit vir my gegooi. Terug by die basis het ek ŉ vyf-en-twintig liter kan paraffien, ŉ bottel Klipdrift en die medisyne gereed gekry. Ek kon tot by Tant Dorra se gat, wat naby Oom Koos hulle se plaas ingang was, met die Swerwer ry. Daarvandaan moes ek die tog verder te voet deur die oorvol rivier na Oom Koos en sy vriend, wat op die oewer vir my gewag het, aanpak. Die laagwaterbrug by Tant Dorra se gat was vol rotse gespoel en die rivier was ongeveer een-en-ŉ-half meter diep. Met die kan paraffien op my linkerskouer en die

bottel brandewyn en die pak pille in my regterhand het ek die rivier aangedurf. By Tant Dorra se gat loop die rivier teen die berg vas en vloei dan na links. Dit help om die vaart van die water te verminder wat dit dan ook vir my moontlik gemaak het om deur die rivier te stap. Oom Koos en sy vriend het aan die oorkant van die rivier gestaan en aan my beduie waar die laagwaterbruggie en die pad was, aangesien ek nie die pad of die bruggie kon sien nie. Die rotse op die brug het gemaak dat ek telkemale amper my balans verloor het. As my kop onder die water verdwyn het, kon ek oom Koos hoor skreeu het: “Ronnie, los maar die paraffien, maar klou asseblief aan die bottel Klipdrift en pille vas.” Genadiglik het ek dit veilig oor die rivier gemaak.
Oom Koos kon die vrieskas weer aan die gang kry, die pynstillers het tannie Myrtle se pyn ŉ bietjie verdoof en die man met die kurkhoedjie kon oom Koos en sy vriend saans, wanneer dit koud was, geselskap gehou. Oom Koos het altyd wanneer iemand iets buitengewoon gedoen het, gesê: “Die ou is vir jou geblaas, né!” menende dat hy goed is. Toe ek voet aan wal gesit het, het Oom Koos my om die nek geval en gesê: “Ronnie, jy is geblaas, gehoor?”

**Die pratende bobbejaan**
Menasie etiket was ŉ belangrike deel van die lede se opleiding op Slagboom. Dit was vir my as Bevelvoerder belangrik dat lede van die Spoorwegpolisie hulleself tydens funksies en gesellighede moes kon handhaaf. Baie het nie die voorreg gehad om die fyner aspekte van etiket aan huis aan te leer nie. Die afsluiting van die onderoffisiers- en speurderskursusse het altyd die vorm van ŉ formele ete, soortgelyk aan dié van die offisiere, aangeneem. Magda was in beheer van die menasie wat die ete vir die geleentheid voorberei het. Sy en haar personeel was ook verantwoordelik vir die skoonmaak van die natkantien wat direk langs die eetsaal geleë was. Die arbeiders wat buite op die terrein gewerk het, was gebruik om die vloere van die kantien te was. Nadat ons ongeveer ŉ jaar op Slagboom was, het die arbeiders van ŉ naburige plaas my ontbied om ŉ bobbejaanmannetjie van kant te maak wat uit die trop geskop was. Hy was aggressief en die vrees het bestaan dat hy van die kinders sou aanval en daarom het ek hom geskiet. Die arbeiders het die vleis gevra want hulle eet bobbejane. Die kop en die vel het ek na Lourens van Straaten, ŉ Taksidermis op Addo, geneem (Lourens was ŉ aantal jare gelede deur een van sy leeus aangeval en ŉ paar dae na die voorval het hy beswyk. Tydens my onlangse besoek aan Addo het drie leeus in die vroeë ure van 31 Oktober 2010 ŉ werknemer by dieselfde perseel verskeur). Ek het Lourens versoek dat hy die bobbejaan op ŉ voetstuk in die staande posisie vir my moes opstop. Hy moes ook ŉ luidsprekertjie in die keel van die bobbejaan inplant.
Die Taksidermis het ŉ netjiese werk gedoen en die bobbejaan het lewensgetrou, met selfs ŉ gemoedelike uitdrukking op sy gesig, regop agter die kroegtoonbank gestaan. Die kroegtoonbank was van steierplanke gemaak wat ons by die bouers op Verdrag “geleen” het. Wanneer die nuwe swart kursusgangers of die plaaslike bevolking goed by die kantien kom koop het, het sersant Jan Needham of myself, agter die toonbank weggekruip en met die mikrofoon deur die luidspreker in die bobbejaan se keel met hulle gepraat. Die arbeiders van Slagboom en die naburige plase was vas oortuig dat die bobbejaan kon praat, want hulle kon hom hoor praat terwyl daar niemand naby hom was nie.
Terug by die voorbereiding van die formele ete. Isaac, die kleurling kelner, het die Dinsdag na ŉ formele ete by my gekom en gerapporteer dat die twee arbeiders wat die kantien se vloer gewas het, ŉ bottel Klipdrift brandewyn gesteel het. Die brandewyn was op ‘n rak reg voor die bobbejaan in die kantien gepak. Hulle het die bottel in die emmer water waarmee hulle die vloer gewas het, gesit en verby Magda gestap. Dit was in die tagtiger jare net na die eerste voorval waar ŉ swart man in Port Elizabeth op die gevreesde “necklace” metode met ŉ buiteband vermoor was. Ek het geweet dat ek die situasie baie versigtig sou moes hanteer want as hulle uitgevind het dat Isaac die inligting aan my gegee het, sou sy lewe in gevaar gewees het. Albert, wat ongeveer ŉ maand voor die voorval op Slagboom begin werk het, het op ŉ naburige plaas tuisgegaan. Die twee manne wat die brandewyn gesteel het, het besluit om die aand van die ete ŉ besoek by Alfred af te lê en hulle het die bottel saamgeneem. Ek het intussen ŉ leë Klipdrift bottel gekry en dit langs my lessenaar op die grond gesit. Albert het heftig ontken dat die twee “diewe” hom besoek het en dat hulle enige iets gedrink het. Toe ek

die leë bottel te voorskyn bring, het dit hom bygeval dat hulle "tjierrie " (selfgemaakte brousel) gedrink het.
Twee klappe later en met sy kennismaking het die grond, het hy wonderbaarlik sy geheue herwin en bely dat hulle wel brandewyn die aand gedrink het. Die ander arbeiders het rondom my kantoor geskoffel en kon alles hoor wat binne gebeur het. Toe Albert val, het dit buite doodstil geraak; geen graaf of hark was aan die werk nie. Ronald was die volgende om ondervra te word. Toe hy by my kantoor instap was sy mond reeds droog en angsbevange. Hy het aanvanklik enige betrokkenheid ontken, maar na die eerste klap waarna hy op die grond geval en sy broek sopnat gemaak het, het die hele storie uitgekom. Met elke geleentheid wat die arbeiders die kantien vir die formele etes skoongemaak het, het hulle ŉ bottel brandewyn op dieselfde wyse gesteel. Hulle almal was toe nader getrek en ŉ keuse gelaat. Óf ek sluit hulle toe óf hulle betaal elkeen dertig Rand vir die bottel wat hulle gesteel het. ŉ Bottel Klipdrift het daardie jare twaalf Rand ŉ bottel gekos. ŉ Dag of wat daarna was almal in my kantoor om my te spreek. Hulle wou toe weet wie die "impimpi" was wat hulle verklik het.
Ek het besef Isaac se lewe kon moontlik in gevaar wees as hulle sou uitvind dat dit hy was. Dit is toe dat plaassielkunde ingeskop het. "Wat se plek is die waar julle werk?" het ek hulle gevra. Hulle antwoord dat dit die plek is waar die polisiemanne opgelei word om polisiemanne te wees. "Wat staan in die kantien waar julle die brandewyn gesteel het?" het ek verder die ondervraging gelei. "Die bobbejaan" het hulle in ŉ koor geantwoord. "Wat kan die bobbejaan doen wat ander bobbejane nie kan doen nie?" het ek kwaai gevra. "Hy kan praat" het hulle geantwoord. Toe vat ek die gaping: "Julle weet dat die bobbejaan kan praat en tog vat julle die kans om reg voor hom te steel. Hoe dom kan julle dan wees? En dan kom pla julle my om te wil weet wie het ge"pimp." Die einde van die maand het elkeen hulle dertig Rand betaal en hulle was tevrede dat die saak opgelos was. Die storie van die pratende bobbejaan het vinnig na die naburige plaaswerkers versprei. Wanneer hulle die kantien besoek het om tabak en kruideniersware te koop, het hulle op die verste punt vanaf die bobbejaan gaan staan om hulle bestellings te plaas. Dit was die laaste keer dat iets op Slagboom voete gekry het.

**Die Auloutte vlieënier met die MIG kenteken.**
Die speurders wat die kursus op Slagboom bygewoon het, was bo en behalwe die basiese vakke vir die opleiding van speurders, ook opgelei in die aanwending van helikopters. Deurdat ek ŉ besondere goeie verhouding met die Bevelvoerder van die Lugmagbasis op Port Elizabeth gehad het, was helikopters geredelik vir opleiding aan ons beskikbaar gestel. Deel van die helikopter opleiding het troepering, ophysing en neerdaling ingesluit. Tydens een van die kursusse was twee Alouette choppers beskikbaar gestel. Voordat die choppers gearriveer het, was die kursusgangers in twee groepe verdeel. Toe die eerste chopper oor die bergtoppe verskyn, was daar ŉ opgewondenheid onder die lede te bespeur. Die chopper het geland en ŉ rukkie daarna was daar ŉ beroering onder die manne. Die tweede chopper wat toe oor die bergtop verskyn het, het van links na regs geswenk terwyl dit hoogte verloor en dan weer die hoogte ingeskiet het. ŉ Duidelike gegrom was onder die lede hoorbaar oor die wyse waarop die chopper vir die landing ingekom het. Toe die vallende chopper veilig land, klim die vlieënier uit. Die kenteken op sy vlugpak was een wat deur Mirage vlieëniers gedra was. Jy kon toe ŉ speld hoor val. Die manne se gemoedtoestand het vinnig van opgewondenheid na angs en bekommernis verander.
Die vlieënier het verduidelik dat die vlieënier wat die oggend die chopper moes vlieg nie opgedaag het nie. Hy het toe opdrag gekry het om die chopper na Slagboom te vlieg. Hy het verder verduidelik dat hy eintlik ŉ Mirage vlieënier was en dat hy daardie oggend ŉ bietjie met die kontrole gesukkel het toe hy na Slagboom onderweg was. "Soos julle kan sien, het ek dit onderweg hierheen onder die knie gekry en veilig hier by julle geland" het hy gesê om die manne te oortuig. "Ons kan maar begin" het hy voorgestel. Toe die manne opdrag kry om by die twee choppers te gaan staan, het die hele groep na die chopper gehardloop wat eerste geland het. Hulle het botweg geweier om saam met die vallende chopper te vlieg. Ek het gedreig maar dit het op dowe ore geval. Om hulle te oortuig, het ek aangebied om eerste vir die ophysing by die vallende chopper te gaan inklim. Hulle het daarna geen rede gehad om te

weier nie. Die loods het die chopper aan die gang gekry en dieselfde gebeur met die opstyg as wat met die landing gebeur het. Die chopper styg op, val ’n ent en swenk na links en regs, terwyl ek aan die dun kabeltjie onder die chopper met die harnas hang. Toe die chopper met my geland het, het een van die speurders (ek dink dit was King van Pretoria) na my gekom en gesê dat ek hulle maar kon skors, maar in daardie chopper kry ek hulle nie. Dit is toe dat die vlieënier hulle probeer gerusstel.
Hy het verduidelik dat hy te oud geword het om Mirages te vlieg en dat hy na die helikopters oorgeskakel het. Die gerusstelling was nie voldoende om die manne te oortuig nie. Die tyd het aangestap en ons moes begin sodat almal ’n kans kon kry om opgehys te word. Om die manne te oortuig dat hy wel ’n gekwalifiseerde chopper vlieënier was, het hy opgestyg en in ’n suidelike rigting oor die bergtoppe gevlieg. Almal van hulle het in afwagting gestaan om te sien wat volgende sou gebeur. Die dak van die sluiskamer bo-op die damwal was ongeveer twee meter in deursnee. Uit die niet het die chopper vanaf die Noorde verskyn en het reguit op die damwal afgepeil. Toe hy bo die damwal kom, sit hy die chopper se neuswiel op die dak van die sluiskamer neer en tol die chopper teen ’n hoë spoed al in die rondte. Hy het weer opgestyg en het weer by die groep gaan land. Toe ek weer die bevel gee dat hulle in twee groepe by die choppers moes gaan staan, hardloop almal van hulle na die chopper waarin hulle vroeër geweier het om in te klim. Ek moes hard praat om ’n groep te kry wat by die chopper wat eerste gearriveer het, te gaan staan.

**Ho, Ho, Shane wil piepie.**

Sersant Jan Needham en sy vrou Elise, het eers op ’n buurplaas naby Slagboom gebly voordat daar ’n huis vir hulle by die basis opgerig was. Die huis waarin hulle gewoon het, was naby die rivier geleë en wanneer daar ’n vloed was, was die gevaar altyd daar dat die huis tydens die vloed kon oorstroom. Tydens een van die vloede het Boetie Whittle, by wie hulle die huis gehuur het, geskakel en gesê dat ons Jan en Elise se dogtertjie, Shane, wat by die bediende by die huis was, moes gaan haal aangesien hy bevrees was dat die vloedwater tot by die huis sou opstoot. Ek en Jan was daar weg om vir Shane te gaan haal. Toe ons by die hek van die basis gekom het, op pad na Jan se huis, was die watervlak al gelyk met die laagwaterbruggie. Ons het vir Shane, wat toe sowat agttien maande oud was, klere ingepak, asook vir Jan hulle, aangesien hulle by ons aan huis sou moes oornag. Toe ons by Boetie se huis, wat naby die laagwaterbruggie was, aangekom het, was die bruggie reeds onder water en die grondpad onbegaanbaar. Ek en Jan was toe verplig om die motor by Boetie se huis te laat en met Shane en die bagasie die berg aan te durf. Dit het saggies gereent en ons het nie reënjasse of ’n sambreel gehad om Shane, wat op my skouers gesit het, teen die reent te beskerm nie. Elke nou en dan terwyl ons die berg uitgesukkel het, skreeu Shane, “Ho, Ho, Shane wil piepie.” Dan moes ek haar aftel, twee druppeltjies, dan weer op my skouers om vyftig meter verder weer te skreeu “Ho, Ho, Shane wil piepie.”
Berg op was nie die probleem nie. Ons moes nou met haar en die bagasie teen ‘n tien duim waterpyp af waarmee die water vanaf die dam na Coernie stasie gepomp was om by die basis uit te kom. Jan moes op sy rug op die pyp lê waarna ek dan vir Shane vir hom aangegee het. Ek moes dan oor haar, wat op sy bors lê, geklim het, op my rug op die pyp gaan lê het met haar weer op my bors en dan klim Jan weer oor ons en so moes ons die honderd meter teen die berg af aanpak. Net voor die basis was daar ’n kloof in die berg waar ons die boslaan skietoefeninge gedoen het. Die kloof was ongeveer vier meter diep met net die waterpyp wat daar oorgegaan het. Jan het aan hoogtevrees gely en die tien meter wat ons moes oor het ons langer geneem as die honderd meter wat ons teen die berg moes afkom. Gelukkig was daar ’n speurderskursus aan die gang en een van die manne het gehelp om vir Shane aan die anderkant van die kloof te kry. Ons was verlig dat Shane nie geskreeu het “Ho, Ho, Shane wil piepie” toe ons teen die waterpyp afbeweeg het nie. Sopnat en stok flou het ek en Jan ’n stomende koppie koffie geniet toe ons by die basis aangekom het.

**Isaac en die man met die groot hoed.**

Isaac was ’n baie oorlamse Kleurling kelner op Slagboom. Die opleiding van die manne het hom na aan die hart gelê en hy wou graag meemaak wat hulle gedoen het. Op ’n dag het ons

troepering met die helikopters gedoen. Dit het onder andere behels hoe om die chopper te benader, die posisie van die wapens in die chopper, die handseine wat die booringenieur gee wanneer die landingsplek genader word, ens. Die lede was alreeds in *sticks (*die aantal lede wat saam in die helikopter gaan vlieg) van vier ingedeel. Terwyl ek op die twee choppers gewag het, het die groep met drie Buffel voertuie na die aanvalsbaan gery waar die opleiding sou plaasvind. Ek het op die wal gestaan en kon mooi in die Buffels inkyk. My oog het gevang dat een lid nie sy hoofdeksel op gehad het nie en ek het vir hom geskreeu dit op te sit. Dit was toe al die tyd Isaac wat saam met die manne in die Buffel was.

Toe die choppers arriveer het, vlieg ons oor die dam en gaan land op die baan. Die vlieëniers het hulle insette aangaande die benadering en beskerming van die choppers en dies meer aan die kursusgangers oorgedra en nou was dit tyd vir die praktiese oefening daarvan. Nadat die *stick* in die chopper geklim het, vlieg die chopper 'n draai en kom dan in vir die landing. Die booringenieur het met sy regterhand 'n aanduiding gegee van oor hoeveel minute hulle sou land deur vyf vingers in die lig te hou wat vyf minute beteken het. Dan het die teken gevolg om die deure te open deur sy twee hande langs sy kop verby te beweeg met sy duime wat na agter wys. Sodra die chopper ongeveer drie tot vier meter bo die grond was, het hy dan met sy duime na links en regs gewys en dit was die teken dat die twee lede, wat by die deure gesit het, moes uitspring, gevolg deur die volgende twee. So het die choppers ingekom en die manne het uitgespring. Die laaste chopper het ingekom en net drie manne het gespring. "Wat het van die vierde man geword?" het ek gewonder want al die *sticks* het immers vier lede bevat. Na 'n tyd wat die chopper in die lug ge"hover" het, het Isaac gat-oor-kop uit die chopper geval. Toe hy grond vat, het hy geskreeu: "Julle boere wil my vrek maak!" Na afloop van die oefeninge en by die menasie, toe hy die manne se brunch moes bedien, het ek vir Isaac gevra wat dan gebeur het.

Isaac vertel self. "Kaptein, toe daai man met die groot hoed (boord ingenieur) sy hand met die vyf vingers in die lug hou toe dink ek hy groet my en ek sê vir hom 'môre baas.' Toe hy sy duime na agter beweeg, toe dink ek hy gooi iets vir ons, maar ek sien niks wat hy gegooi het nie. Die volgende oomblik wys hy sy duime na buite en daar trek die man wat langs my gesit het. Ek loer na onder en sien dat ons 'vyftig' meter bo die grond is. Nou sien ek moeilikheid kom. Ek klop hom op die skouer en sê 'Baas, sak 'n bietjie - ek gaan my vrek val'. Hy kon my seker nie hoor as gevolg van die chopper se lawaai nie. Die volgende oomblik pluk hy daai groot hoed af, maak sy belt los, gryp my aan die skouers en skreeu: 'Uit is jy, Hotnot'. Daar trek ek grond toe. Toe ek op die grond val, toe sit die man wat langs my gesit het, met 'n verstuite enkel."

Isaac was oortuig dat ons daardie oggend van hom ontslae wou raak. Twee weke na die voorval het generaal Visagie, wat toe die Kommissaris was, die basis besoek. Ek het die generaal van die episode vertel en toe Isaac hom bedien, kon ek sien hy brand om die generaal van die verskriklike ervaring te vertel. Toe die generaal hom vra hoe dit met hom gaan, het hy die gaping gevat en vertel van sy angswekkend ervaring wat hy gehad het. Die vyftig meter wat hy moes spring het honderd meter geword, net sodat die generaal die erns van wat met hom gebeur het, moes verstaan.

(RB)

**Captain, die boom het geskiet.**

Een van die eerste dinge wat ek op Slagboom gedoen het voordat daar met die grensdiens opleiding begin was, was om die plaaslik bevolking na die aanvalsbaan te nooi. Die rede hiervoor was dat dié skietbaan nie behoorlik omhein was en die plaasskooltjie vir nie-blanke kinders wat op die buurplaas van Boetie en Boy Whittle was, was ongeveer twee-honderd-en-vyftig meter vanaf die baan. Aangesien die plaas vir bykans sewe jaar leeg gestaan het, het die kinders van die omgewing op die gedeelte wat in 'n aanvalsbaan omskep was, gespeel en kort-pad daaroor na die skool geneem. Die Saterdag wat die plaaslike bevolking daar was, het ek die verskillende geweer- en hand granate aan hulle gedemonstreer en dit laat ontplof sodat hulle die gevaar daarvan kon besef.

Ongeveer drie maande na die demonstrasie het ek 'n skrywe aan die Bevelvoerende offisier gerig met 'n dringende versoek dat die aanvalsbaan volgens spesifikasies omhein moes word.

Geen reaksie was van Hoofkantoor in die verband ontvang nie. Die opleiding moes egter voortgaan. Ongeveer half agt een Maandag oggend het Alfred, een van Boetie Whittle se arbeiders, teen my kantoor se deurkosyn geval en gesê: “Captain, die boom het geskiet.” Alfred het aan asma gely en ek kon nie uitmaak wat hy bedoel het nie. Nadat hy sy asem in ’n mate herwin het, kry ek dit uit hom uit dat die boom wat geskiet het, eintlik ’n bom was. Hy het gesê dat die kinders buite die klas gestaan het en dat daar baie bloed was. Ek en sersant Jan Needham het in die Toyota bussie gespring en na die skooltjie gejaag waar die kinders baie verslae en geskok buite die klas gestaan het. Ek het gevra dat almal wat seergekry het, eenkant moes gaan staan. Nie ’n enkele kind het beweeg nie. Al wat nou oorgebly het, was om self ondersoek te doen. Die eerste kind se linkeroog het op sy wangbeen gehang, ’n volgende kind se regterhand het by sy pols hang aan ’n stukkie vleis gehang en sewe ander kinders het minder ernstige gesig en bors wonde opgedoen. Soos die noodlot dit wou hê, het die onderwyseres nie die Maandag vir skool opgedaag nie. Een van die seuns het oor die aanvalsbaan gestap en ’n dowert (granaat wat gedeeltelik gedetoneer het) van ’n 103 geweer granaat opgetel en dit klas toe geneem. In die klas het hulle die dowert vir mekaar gegooi en die seun wat sy hand verloor het, het teen die muur van die sinkgeboutjie gesit en toe hy die dowert ontvang het, het hy dit met sy linkerhand op die skoolbank gekap. Gelukkig vir hom en die ander kinders, het die agterste huls van die granaat waarin die plofstof was, afgebreek toe dit die grond getref het. Dit was net die neusbuis met die detonator daarin wat die seun opgetel en op die bank gekap het. Toe die detonator ontplof het, het die seun wat voor hom gesit het, omgekyk en ’n stuk skrapnel het hom in die oog getref. Ek het my kantoor per radio laat weet dat dokter Gerber, wat op Kirkwood was, gereed moes staan want ons was met die beseerdes daarheen oppad. Ons het die dertig kilometer grondpad na Kirkwood in ’n rekord tyd afgelê. Met aankoms te Kirkwood het dr. Gerber net die seun met die oog en die een wie se hand feitlik af was, verbind en gesê ek moes deurjaag na die Livingstone hospitaal in Port Elizabeth.

Iets wat vir my na al die jare nog ’n raaisel bly, is dat toe ek by Livingstone stilhou, was die koerantmense reeds daar om vas te stel wat gebeur het. Die vier maande wat hierop gevolg het, was seker die moeilikste tydperk wat ek in die polisie beleef het. Die media het my feitlik elke dag en tot so laat as twaalfuur in die nag geskakel, en die volgende oggend moes ek gereed wees om met die opleiding aan te gaan. Tot op ’n dag het dit so aangegaan totdat ek geëis het dat ’n skakelbeampte van die polisie die media moes hanteer. Mev. Molly Blackburn, van die Black Sash beweging, het my talle kere deur die Parlement met vrae geteister. Boetie Whittle het van Addo gery toe die koerantmanne hom langs die pad gestop het om te verneem waar die Opleidingsentrum was. Hy het my ’n boodskap gestuur dat hulle oppad was en ek en twee van die arbeiders het ’n hek wat naby die aanvalsbaan was, verwyder en by die ingang tot die baan met drade vasgemaak om die indruk te skep dat daar nie vrye toegang tot die baan was nie. Die media het op Slagboom toegesak om te kyk hoe lyk die aanvalsbaan. ’n Groot gedeelte van die baan se grense was met turksvy en doringbosse bedek. As jy so ver in die berge afgesonder is, moet jy as Bevelvoerder in staat wees om dinge wat nie in jou posbeskrywing vermeld word nie, te kan doen. Die dag toe generaal majoor Du Plessis die plaas besoek het, was ek juis besig om die twee kinders wat ernstig beseer was, se steke te verwyder. Ek het my eie voorraad inspuitings gehad waarmee ek die arbeiders gereeld ingespuit het wanneer hulle siek was of infeksies gehad het. Die voorval het ’n stille dood gesterf nadat daar bevind was dat ek alles binne my vermoë gedoen het om die voorval te probeer voorkom. Die vier maande van teistering het tog in ’n mate sy letsel op my gelaat.
(RB)

**Sergeant en die PM 9 battery.**

Jaarliks, wanneer die Springstofmanne na Esselenpark en later na Slagboom vir ’n opknappingskursus gegaan het, was daar van hulle verwag om ’n bydrae te lewer ten opsigte van toestelle wat gevind was of nuwe tegnieke wat hulle teëgekom het. Dit was net nadat ’n TG 50 demolisielading by die Upington spoorwegbrug gevind was dat ek navorsing gedoen het om die toestel met ’n ligte lading te verwyder sonder dat dit detoneer. Dit was baie droog op Slagboom en die omgewing. My buurman, Kommandant Boetie v/d Merwe, was die

Bevelvoerder van die Kommando's op Kirkwood en het langs Slagboom met sitrus geboer. Hy het my gevra of ek nie die put in die rivier vanwaar hy sy besproeiingswater gekry het, kon oopskiet nie. Dit het my geval want dit het my die geleentheid gebied om sommer twee vlieë met een klap vrek te slaan. Ek kon met verskillende ladings eksperimenteer en, in die proses, kon ek hom help met sy waternood. Dit was net nadat ek 'n groep vir die grens opgelei het, wat ek besluit het om die naweek my batterye by my vriend, ds. Niko Du Toit (later kapelaan van Slagboom) wat op Boesmansrivier gebly het, te gaan laai. Ons as huisgesin het baie na die wegbreek naweek uitgesien want dit het baie uit jou getap wanneer die opleiding aan die gang was.
Net toe ons by Niko hulle se huis op Boesmans stilhou, het hy uitgestap gekom en gesê die polisie van Kirkwood soek my dringend. "Wat kan dit nou wees?" het ek gesug. Ons het nie by Niko hulle uitgeklim nie en dadelik na die S.A. Polisie op Port Alfred gery om die speurder op Kirkwood te skakel. "Kaptein, daar het 'n skietvoorval op Slagboom plaasgevind en jy moet dringend basis toe gaan." Daar is dan niemand onder opleiding nie, so wat se skietvoorval kan dit wees? Hy deel my toe mee dat 'n jong swartman, met die naam van Sergeant wat op Boetie v/d Merwe se plaas gewoon het, by die put waar ek die skietwerk gedoen het 'n elektriese springdoppie tussen die klippe opgetel het. Hy is daarmee huis toe en het die twee punte van die elektriese draad gebruik om 'n PM 9 batterye met 'n ander battery te laai toe die springdoppie detoneer en byna sy kroon juwele weggeskiet het. Gelukkig het hy 'n dik oorpak aangehad anders sou hy sy kinders moes aangeneem het. Die wonde was so effens dat ek dit sommer self by die basis ontsmet en verbind het.
Die Maandag het die Bevelvoerende Offisier my verwittig dat twee kriminele klagtes deur die S.A. Polisie teen my ingebring was. Die eerste klagte was dat ek onwettig in besit van springstof was en die tweede dat ek, sonder die nodige permitte, skietwerk gedoen het. 'n Jare lange vriend van my wat in die Veiligheidstak in Port Elizabeth was, het my gebel met die nuus dat die springstofmanne van die S.A. Polisie in Port Elizabeth eintlik jaloers was omdat die publiek vir my, en nie vir hulle, gevra het om die voorligting en demonstrasies oor tuisgeprakseerde bomme aan hulle te gee nie. Die saak was na die Prokureur generaal van die Oos Kaap verwys wat bevind het dat ek, as Inspekteur van Ontplofbare stowwe, 'n hoeveelheid springstof in my besit mag hê en dat ek nie 'n permit vir skietwerk nodig gehad het nie. Die ironie van die saak is dat ek al my modelle en toestelle, asook die leesstof wat ek tydens die voorligtingsessies gebruik het, aan 'n adjudant offisier van die S.A. Polisie op Uitenhage, wat ook 'n springstofman was, geskenk het toe die amalgamasie plaasgevind het.
(RB)

**Die Minister en die landmyn demonstrasie.**
Met die opening van Slagboom wou ons aan Minister Schoeman die verwoestende effek demonstreer wat deur 'n landmyn aangerig kan word. Vir die doel het ek 'n ou Mercedes Benz voertuig bekom wat ek met plastiese springstof uitmekaar sou skiet. Die voertuig was op 'n veilige afstand op die gevegsbaan parkeer. Voor aanvang van die dag se aktiwiteite het ek begin om die ladings springstof in en onder die voertuig te plaas. Om die demonstrasie meer indrukwekkend te maak, het ek die spaarwiel van die motor bo-op die dak gesit asook 'n lading springstof met 'n knalvertrager op die rugleuning van die voorste sitplek. Die rede daarvoor was dat wanneer die springstof geaktiveer word, detoneer die lading op die sitplek leuning eerste wat die wiel in die lug opskiet, gevolg deur die res van die motor wat in flarde geskiet word. Terwyl ek met die opkoppeling van die lading besig was, het die Minister en die ander eregaste arriveer. Brigadier Erlank het by die aanvalsbaan aangejaag gekom en gesê dat die Minister gearriveer het en dat ek as Bevelvoerder van die basis hom moes gaan ontmoet. Ek het verduidelik dat ek nog nie met die opkoppeling van die springstof klaar was nie, maar hy het daarop aangedring dat iemand anders die opkoppeling moes voltooi. Dit was egter in stryd met die regulasies want die persoon wat die lading sou aktiveer, moes dieselfde persoon wees wat die koppeling daarvan gedoen het.
Ek het toe saam met die brigadier na die basis vertrek waar ek die Minister ontmoet het. Iemand anders het die koppeling voltooi. Toe ek die Minister ontmoet het, wou hy weet waar luitenant Beyl dan was. Ek het verduidelik dat ek kaptein Beyl was. "Nee" het hy gesê, "ek

soek die klein luitenant." Hy het verwys na my jongste seun, Cobus, wat toe in graad een was. Voordat hy skool toe gegaan het, het hy twee speuders-, vier grensdiens- en een taakmagkursus deurloop. Daar was nie maatjies op die basis met wie hy kon speel nie. Voordat hy skool toe gegaan het, het hy met elke wapen wat op die basis was, geskiet. Op negejarige ouderdom kon ek hom alleen met ŉ 9mm pistool gelaat het. Hy het die veiligheidsreëls en veiligheidsmaatreëls van die pistool uit sy kop geken en toegepas. Hy het op daardie ouderdom vir die kursusgangers teen-handgranaat optredes gedemonstreer. Generaal Visagie het opdrag gegee dat Magda vir hom ŉ kamoefleer uniform moes maak en hy het die rang van luitenant aan hom toegeken. Dit was waarom die Minister na luitenant Beyl gevra het. Toe ek hom meedeel dat die kind by die skool was, het hy opdrag gegee dat die skoolhoof geskakel moet word want as die Minister by die basis is, gaan hy nie skool toe nie. ŉ Voertuig moes die dertig kilometer na Sunland ry om hom te gaan haal.
Terug by die demonstrasie. Al die eregaste het op stoele gesit en direk agter hulle het die TV spanne en die koerantmanne stelling ingeneem. Drie luukse busse van die Spoorweë, wat die eregaste vervoer het, het agter hulle gestaan. Daar was 'n opening van ongeveer twintig meter tussen die eregaste en die busse. Toe ek die lading afsit, het die motor na regs gekantel en die wiel, wat op die dak was, het in die lug in opgeskiet maar in die rigting van die toeskouers getrek. Dit het in die gaping tussen die eregaste en die luukse busse op die grond te lande gekom. In die proses het my hart drie keer gaan staan want ek het al gesien hoe val die wiel op die Minister se skoot. Generaal Visagie het opgevlieg en op my afgestorm en gevra: "Wat de donner doen jy?!" Voordat ek nog kon verduidelik was die Minister by my en het hy my hand gegryp met die woorde: "Hel, maar jy het dit netjies uitgewerk, baie geluk." Brigadier Erlank het my daarna om verskoning kom vra vir die situasie waarin ek beland het. Wat egter gebeur het, was dat die lid wat die koppeling voltooi het, die Cordtex wat na die rugleuning gelei het, onder die linker voorwiel se remskyf deurgesit het en toe die lading detoneer, het dit die Cordtex afgesny wat die voertuig na regs laat kantel het.

**Die Predikant en die Bevelvoerder.**
Ds. Niko Du Toit en sy gesin was in 1983 vanaf Moorreesburg na Sunland N.G. Gemeente beroep. Slagboom Opleidingsentrum was een van die wyke in die gemeente. Kort nadat hy op Sunland aangekom het, het hy soos dit ŉ goeie predikant betaam het, die opleidingsentrum besoek om die lidmate te ontmoet en homself van die aktiwiteite by die sentrum te vergewis. Met ŉ latere besoek aan die basis het hy ŉ opmerking gemaak dat die bruinmense wat verby die pastorie stap sy pere onbeskaamd uit sy tuin gesteel het. As ŉ gesoute polisieman was die wyse van diefstal aan my onbekend. Maar ŉ mens is nooit te oud om te leer nie. Miskien omdat ek nog nooit van iemand gehoor het wat onbeskaamd steel nie, het ek hom gevra om die wyse van diefstal aan my te verduidelik. Die pastorie se erf was met ŉ lae muurtjie, met ŉ traliewerk, omhein. Niko verduidelik dat die "diewe" op die muurtjie klim, halflyf oor die traliewerk leun, en die pere so van die bome pluk.
Ek het net die regte medisyne vir die onbeskaamde diewe gehad, en ek het hom daaromtrent ingelig. Onmiddellik was hy in dié metode geïnteresseerd want hy het ŉ behae daarin geskep om iemand anders te sien skrik. Net daar was daar afgespreek dat die Beyl's die daaropvolgende Vrydagaand by die pastorie sou gaan eet op voorwaarde dat ek my towermiddel saambring. Niko het vir ons snoek gebraai soos net ŉ man wat van die Kaap afkomstig was, kon doen. Na ete het ek my skietkabel tot in die grondpad voor die pastorie uitgerol. Ek het ŉ lading, wat ek met die aanbied van bomlesings gebruik het, aan die skietkabel gekoppel wat die afskrikwerk moes doen. Die "diewe" sou, wanneer hulle die peerbome genader het, verby die lading moes stap. Die plaaslike predikant en die Bevelvoerder van die opleidingsentrum het plat op hulle mae op die grond gelê en het die roosbome as dekking gebruik. Niks het gebeur nie. Miskien het die hoogs geheime operasie uitgelek of die predikant het oor die diefstal van die pere gelieg. Nadat niemand die aand verby die pastorie wou loop nie, het ons twee opgestaan en na die motorhek gestap. Dit was toe al sterk skemer en in die verte het ons twee persone in die pad opgemerk wat in die rigting van die pastorie onderweg was. Vinnig het ons weer ons posisie tussen die roosbome ingeneem en in spanning gewag. Niko wou toe, terwyl ons daar gelê het, weet hoe die lading

afgesit gaan word. Ek het die skootontploffer wat die lading moes aktiveer, in sy hand gesit en gesê: “Dit is jou pere en dit is niks meer as reg dat jy dit self moet verdedig nie.”
Hy het geprotesteer en gesê dat hy nie weet hoe die ding werk nie, maar nadat ek hom gewys het hoe eenvoudig dit was om die handgreep te druk, was hy vol selfvertroue om tot die daad oor te gaan. “Nou wanneer moet ek die handgreep druk?” wou hy bekommerd weet. “Jy gebruik die hoekpaal van die motorhek as visier en wanneer hulle regoor die paal is, druk jy die handgreep”, het ek die plan van aksie aan hom verduidelik. Dit was ook nie lank nie of die silhoeët van twee onbekende persone het in die “visier” verskyn. Niko het gedruk en die skoot het geklap. ’n Manspersoon het in tale na bo gepraat en daar verdwyn die twee persone. Niko het bekommerd verneem of hulle nie dalk dood was nie. Toe niemand gil of hardloop nie, het ons opgestaan en na die pad beweeg. Nie ’n enkele siel was in die pad te siene nie. Nou was ek self ook bekommerd oor wat van die twee persone geword het. Ons besluit toe om in die pad af te stap om ondersoek te gaan instel. Die seun van die bure langs die pastorie was ’n tokkelok wat die komende Sondag op Patensie georden sou word. Toe ons verby hulle huis stap, het die stoeplig gebrand en die hele familie het op die stoep gestaan. “Naand sê”, het Niko die bure gegroet en ons het aangestap. Die tokkelok vra toe vir ons of ons die “skote” gehoor het wat afgevuur was. “Nee”, het ek vir die toekomstige predikant gelieg en ek wou voorts weet waar dit gebeur het. Nou stap die familie na ons waar ons nog in die pad staan. Die tokkelok vertel: “Dominee, ek en my vrou stap in die pad en die volgende oomblik skiet hulle met ’n .303 geweer op ons, die klippe van die grondpad het my bene getref.”
Dit was in die dae toe die onluste in die Oos Kaap aan die orde van die dag was. Dit was nie lank nie of dit was net sirenes en blou ligte wat in die pad afgejaag gekom het. Die speurder sersant van die S.A. Polisie, wat die skietvoorval kom ondersoek het, het nie ’n flitslig saamgebring nie. Hy het toe met sy polisiemotor in trurat gery en die hoofligte gebruik om te kyk waar die projektiel die pad getref het. Dit is toe dat ek opgemerk het dat die tokkelok se vrou hoog swanger was. Ek het dit toe my plig geag om die familie en die speurder van die ware feite te vertel ten einde verdere spanning en onsekerheid te voorkom. Toe die tokkelok se vrou dit hoor, het sy in trane uitgebars van verligting, maar die tokkelok was nie so diplomaties nie. Ons het hom gelate die geleentheid gegee om van sy skok en woede ontslae te raak. Na ek namens myself en Niko nederig om verskoning gevra het, het die familie tevrede die huis binnegestap. Ek en Niko het na die pastorie gestap soos twee stout seuns wat uitgevang was toe hulle vrugte by die dominee gaan gesteel het. Niko het die stilte gebreek met: “Ronnie, het jy gehoor hoe praat die man bokant toe (verwysend na name wat hy gesê het) en hy word Sondag ’n predikant. Vir wat is hy so opgeruk? Ons vrouediens het sy toga vir die plegtigheid Sondag in Patensie vir hom gegee.” Die onskuldige tokkelok en sy swanger vrou moes toe die spit afbyt terwyl die werklike skuldiges nie eers van die operasie geweet het nie. Ons onderneem toe om ons verleentheid geheim te hou.
’n Paar maande later het Oubaas du Toit, die Laerskoolhoof, se vrou verjaar en ons twee families was na die partytjie genooi. Salig onbewus dat ons geheim lankal nie meer ’n geheim was nie, lig die gasvrou, Salmien du Toit ons in dat sy tog eendag ’n bydrae vir die Huisgenotjie wil stuur. Ewe belangstellend vra ek nogal wat die opskrif sou wees. Kliphard, sodat al die gaste dit kon hoor, sê sy dat dit iets sou wees soos: “Plaaslike Predikant en Polisiebevelvoerder maak aspirant Predikant skrik.” Die gaste wat nog nie van ons verleentheid geweet het nie, het toe daarvan geweet.
(RB)

**Tragies moord van oom Koos en tannie Myrtle.**
Soos reeds elders vermeld, het oom Koos en tannie Myrtle de Jager ongeveer twee kilometer anderkant Slagboom, op ’n plaas gewoon. Hulle was bywoners en het baie eenvoudig geleef. Gedurende die onluste in 1984 was die jeugliga van die ANC in die Oos Kaap baie bedrywig. Een Maandag oggend om ongeveer vyf uur het die plaasvoorman van Boetie van der Merwe aan my venster kom klop en gesê dat ek moes gaan kyk; daar was moeilik by oubaas Koos se huis. Ek het hom gevra wat dit was en hy het geantwoord dat daar die Sondagnag vreemde mense in die omgewing was en toe hy vanoggend sy baas wou bel, was die telefoondrade geknip. Dit was nie ’n goeie teken nie. Ek het na Oom Koos hulle gejaag en

onderweg daarheen die telefoonlyn dopgehou. By die hek van Boetie van der Merwe se plaas het die telefoonlyn op die grond gelê. Duisende dinge het deur my kop gemaal. Ek het die opskamer geradio en opdrag gegee dat hulle ŉ ambulans na Oom Koos se plaas moes stuur. Die Sondagmiddag het ons nog by Oom Koos hulle gaan kuier en die nartjies wat bo in die boom gesit het, met ŉ riet waaraan ŉ blikkie vasgemaak was, afgepluk.
Met aankoms by die huis het ek die ergste verwag toe ek die aantal gate in die kombuisdeur gesien het. By die deur het die riet met die blikkie gelê. Die agterdeur het halfpad oop gestaan en Oom Koos se flenter Mazda bakkie was weg. In die kamer wat uit die kombuis gelei het, het ek vir Tannie Myrtle op die bed aangetref waar sy op haar rug gelê het. Sy het verskeie steekwonde in haar bors gehad. ŉ Ding wat my verskriklik ontstel het, was dat die moorde in die teenwoordigheid van ŉ sewejarige kind gepleeg was. ŉ Albino dogtertjie het verslae en geskok op die bed langs die tannie gesit en haar hand vasgehou. Die tannie was toe al ŉ paar ure dood. Die dogtertjie was een van die arbeiders op die plaas se kind wat deur Oom Koos-hulle groot gemaak was. As gevolg van die feit dat sy ŉ Albino was, was sy nie vir die ander swartes op die plaas aanvaarbaar nie. Sy het, behalwe vir haar ma, met niemand anders as Oom Koos gepraat nie. Hy het saans vir haar Bybel stories vertel en dan het sy teruggepraat. Nie eers tannie Myrtle kon haar aan die praat kry nie.
Toe ek na die agterste kamer stap, het ek oom Koos dood op die vloer aangetref met ŉ groot kapwond agter sy kop en nek. Met nadere ondersoek het dit duidelik geword dat die aanvallers met die riet en die blikkie teen die deur gekap het en dan het Oom Koos met die .22 geweer deur die deur geskiet. Toe die ammunisie opraak, het die aanvallers verdeel. Een groep het na die voorkant van die huis beweeg en die deur oop geforseer. Toe Oom Koos by die voordeur verskyn het hulle met ŉ .303 geweer op hom geskiet maar die deurkosyn getref. Die een wat alreeds in die huis was, het hom van agter met ŉ panga gekap.
Dit het soos my eie ouers gevoel wat daar leweloos gelê het. Die Sondagmiddag was Oom Koos hulle se seun, wat in Port Elizabeth woonagtig was, ook daar. Oom Koos het daarop aangedring dat sy seun sy 7mm Mauser huis toe moes neem want in Port Elizabeth was dit baie gevaarliker as op die plaas. Die aanvallers het met oom Koos se bakkie gevlug en net anderkant Slagboom die bakkie omgegooi. Slegs die agterruit was stukkend, maar geeneen van die aanvallers was beseer nie. Die S.A. Polisie het ŉ stuk of agt jeugdiges aangekeer en vir moord aangekla. Ongeveer twintig jaar later het ek ŉ oproep ontvang om in die Hooggeregshof te Grahamstad te gaan getuig. Een van die beskuldigdes het na die voorval na die buiteland gevlug en met sy terugkeer na twintig jaar was hy gearresteer. Hy het egter ŉ pleit ooreenkoms met die staat aangegaan en dit was nie vir my nodig om in die saak te getuig nie. So ver ek kan onthou het een van hulle die doodstraf gekry en was gehang terwyl die ander ŉ aantal jare tronkstraf gekry het. Een van die beskuldigdes het met die oorname van die nuwe regering ŉ majoor in die S.A.Weermag geword.
(RB)

**DIENSSKIET**

Daar is baie dinge wat oor hierdie onderwerp geskrywe kan word maar daar is veral drie staaltjies wat ek wil vertel. Ons was vir die jaarlikse groot skiet op Bloemfontein. Brigadier Majuba Oosthuizen het gereël dat al die tente van die manlike lede naby die kroeg en reg langs die skietbaan opgeslaan word. Tjaka Neethling se tent het langs my tent gestaan. Hannes Slabbert, Wietsche Fourie en ‘n paar manne van die Oos Kaap was ook in die tent waarin ek geslaap het. Ons het agtergekom dat Tjaka laatnag afwesig was. Ons besluit toe om Tjaka se bed te kaap en op die skietbaan te gaan sit. Ek, Trooster Jordaan en Lolo Petzer het Tjaka se tent binnegesluip. Sy bed was die naaste aan die tent se deur. Stilletjies was die bed uit die tent gesmokkel en op die skietbaan gesit. Dit was toe soos Wietsche sou sê: “Die hel gaan brieklos wees wanneer Tjaka by sy bed kom en daar is niks.” Ons het ons tent se ingang met banke beskerm want ons het geweet dat Tjaka ons tent in ‘n teenaanval sou teiken. Dit was nie lank nie of ons het die gebrul in die tent langsaan gehoor. Tjaka was toe ‘n kaptein en Trevor Hayes was pas tot luitenant bevorder. Trevor het nie ver vanaf Tjaka geslaap nie. “Waar is my bed? Trevor, jy noem jouself ‘n offisier en jy kan nie eens my bed oppas nie. Ja en julle almal in die tent is vrotsig verby”, het hy geskel. “Julle laat toe dat julle

spankaptein se bed gesteel word", het hy hulle beskuldig. Die volgende oomblik het Tjaka by ons tent ingestorm en geval oor die banke dat die stof so staan. Slabbert was toe nog 'n majoor en ek dink Wietsche het vir Tjaka gefluister dat ou "Slabbie" vir die verdwyning van sy bed verantwoordelik was. Toe begin die gestoei. Tjaka begin majoor Slabbert toe sommer ou Slappie te noem en Wietsche sluit by die bek geveg aan. Ewe skielik val Tjaka tussen die bed en die tent se wand in en daar bly hy sit. Ewe hees hoor ons: "Haai kêrels wie het my nou in hierdie voor ingery?" Die volgende oggend het ek vir Tjaka in die badkamer gegroet, al wat ek gekry het, was: "Ek sal nie nog groet as ek jy is nie."

Die tweede geval is 'n kort storie wat my hele lewe lank by my sal bly. Op 'n dag het dit nie te goed met Wietsche op die skietbaan gegaan nie. Die lugspieëling het die betrokke dag vir almal van ons dit moeilik gemaak. Wietsche het mos 'n manier om sy esse met 'n shh geluid uit te spreek. Toe ek by Wietsche kom en hom vra hoe dit met die skietery gaan, antwoord hy "Ag wat ou Ronna. Die blerrie mirage f*^k allessh op. Hierdie blerrie R1 issh issh nie gemaak virrie mirage nie. Gee nou vir my 'n jaggeweer met 'n teleshhkoop in Shuidwesh waar die mirage sho erg issh dat dit lyk of die Genshbokke agteruit gallop" (Wiets praat mos nie van 'n Ge**m**sbok nie. Dis 'n Ge**n**shbok). Ernstig borduur hy voort; "Jy weet ou Ronna. Ash ek met die teleshkoop aangelê het en al issh dit tot sho vier honderd meter en ek knyp shtukkend. Habbaka, af ish die ash". Met die woord "habbaka", druk Wietsche veelseggend met sy wysvinger na 'n punt op sy nek net agter sy oor om te wys waar die "ash" van die Gemsbok sit.

Die derde geval is weer van Tjaka. Ek het die vorige jaar die diensskiet kampioenskappe in Oos Londen gewen. Dit was tyd vir die Hennesee kampioenskappe in Port Elizabeth. Ek was in Oos Londen gestasioneer en Tjaka in Port Elizabeth. Hy het my kort-kort voor die kompetisie gebel om soos gewoonlik my siel uit te trek. "Ja, ou Ronnie, jy moet maar nie Baai toe kom nie, jong. My naam staan alreeds op daardie trofee". Dan lag Tjaka met daardie snaakse, "ge ge ge" lag van hom diep agter uit sy keel. Die gekoggel het seker vir wee maande aangehou. "Nee wat, ou Ron, jy kan maar los, ou broer, want ek gaan met 'n sleepwa na die skietbaan kom om al die brandewyn wat ek by die Hennesee gaan wen, mee weg te ry." Ge ge ge ge lag hy dan. Kyk, laat ons nou maar eerlik wees. Tjaka kon skiet. In alle eerlikheid moet ek sê hy het my met al die gebelery begin ontsenu. Ten einde laaste het die twee skietdae in die Baai aangebreek. Ek, Tjaka en 'n tronkbewaarder van Willowmore het kop aan kop geloop tot en met die voorlaaste item wat die drie honderd meter toepassing was. Hierdie laaste dag was so sleg vir skiet as wat kan kom want die wind het 'n hond uit 'n bos gewaai. Dit het letterlik gelyk of die bome langs die skietbaan wou breek soos wat hulle rondgeruk was. Ons drie voorlopers het almal 'n gemiddeld van ses en dertig geskiet wat deksels goed vir die toestande was. Al drie het vir individuele afstande pryse gewen maar steeds was ons tellings gelyk. Dit het nou oor die kampioenskap en die groot prys gegaan. Die laaste item was die drie honderd meter snelvuur. Ek was saam met die bewaarder in die eerste aflossing. Ek kan onthou dat ek met my eerste proefskoot twintig klikkies regs van die zerolyn was. Die wind was van regs en ek het amper die skyf aan die linkerkant gemis. Nog agt klikkies regs en ek stel my voorvisier so dat ek die onderpunt van die wit knie op die skyf se regterkant as mikpunt kon neem. Met die tweede proefskoot skiet ek 'n senterkol. Tevrede staan ek op maar hou die toestande fyn dop indien die wind dalk wesentlik sou verander sodat ek effens kon afmik om te kompenseer. Almal se proefskote was afgevuur en die baanoffisier gee die bevel "Oë op die front". Enige tyd gaan die skywe opkom dan moet jy platval, outomatiese rigting kry, jou veiligheidsknip op enkelskote sit en gemaklik lê. Vinnig doen ek al hierdie bewegings, kyk gou na die bome, die wind was nog dieselfde as met my tweede proefskoot. Ek weet dat ek nog net twintig sekondes het om tien goed gemikte skote te laat loop. Vir die wat nie weet nie, die skywe bly dertig sekondes op vir die drie honderd snelvuur. My skote loop mooi reëlmatig min of meer een elke twee sekondes. Toe my laaste skoot loop raak die skywe weg en ek was bekommerd dat my laaste skoot nie betyds geloop het nie. Ek was redelik seker dat dit wel so was. Verder het dit vir my gevoel of die wind effe verander het tydens my vyfde en sesde skoot. Toe ek by die baanoffisier kom om my telling te kry, staan Tjaka ook daar met 'n potlood en papier. Jy kon duidelik sien hy kan nie wag om bewyse te kry dat die wind ons gepootjie het nie. Die bewaarder se telling het oor die radio

gekom en jy kon sien hoe tevrede Tjaka was. Dit was maar ‘n swak telling. Hy het skelm na my geloer en jy kon sien dat hy vir my telling gewag het. Daar kom my telling en ek het vir Tjaka onderlangs dopgehou want hy was gereed om te skryf. Die het luid aangekondig: “Agt by 5, een by 4 en een by 3.” Dit was hier waar Tjaka Neethling my groot lof kom toeswaai het. Hy het na die hemel gekyk, sy mond rond gemaak en lank geluidloos na bo gefluit. Ek meen te sê, 47 uit 50 vir die drie honderd meter snel in sulke weer was ongelooflik. Selfs vir my. Ek het na Tjaka toe gestap, hom op die skouer geklop en dit ingevryf deur te sê dat hy maar die sleepwa vir my moes leen. Ek het toe die kampioenskap gewen. Net ‘n laaste storie oor die groot kaliber skyfskietgeweer, of soos ons dit genoem het, die plankgeweer. Brigadier Majuba Oosthuizen het vir my, Ampie Myburgh en ‘n hele paar ander skuts laat deelneem aan die jaarlikse Bisley te Bloemfontein. Dit was daarop gemik om ons op te skerp met die plankgeweer want dit was een van vier wapens wat ons gebruik het om die S.A.Spoorwegpolisie in die Meesterskut kompetisie te verteenwoordig. Die besondere dag het ons vir die eerste keer die nege honderd meter aangedurf. Man dis ver, baie ver, amper ‘n kilometer. Ek lê langs ‘n ou oom en skiet en ons merk vir mekaar. Op hierdie afstand was daar ‘n kleiner kol in die middel van die kol wat die V-kol genoem was en dit was baie kleiner vergeleke met die regte kol. Daar was so baie voltalle geskiet dat die aantal V-kolle bepaal het wie vir die pryse sou uitskiet. Die drie keer wat die oom nie V-kolle geskiet het nie, was hy so kwaad dat hy slange kon vang. Ek meen, hoe kan jy vir jouself kwaad wees met ‘n voltal? Dit was die eerste keer dat die Spoorwegpolisie oor die afstand van nege honderd meter geskiet het. Ek was werklik in my noppies met 3 V-kolle, 5 kolle en 2 viere vir ‘n totaal van 48 dat ek nie kon wag om die ander ouens te vertel nie. Later die aand het ons in ‘n groep gestaan en gesels en ek het ewe trots van my telling van agt-en-veertig vertel asook van die manewales van die ou oom met die voltal. Ampie vertel toe dat hy ook agt-en-veertig geskiet het en dat hy ook baie trots daarop was. Hy sê toe verder dat hy ook saam met ‘n ou oom geskiet het wat ‘n voltal geskiet het, maar dat die oom hom bejammerend aangekyk en gesê het: “Tsk tsk tsk toemaar boetie, moet jou nie bekommer nie - dit sal regkom”. Daar piepie die oom op Ampie se battery en hy sê: “Jy kon sien hoe verlaat die wind my seile.”
(Ronnie Coetzee)

**Slabbie wou majoor word.**
In die diensskiet era het ons die geleentheid in Bloemfontein gekry om ’n slag by mekaar uit te kom om lekker tydens die diensskiet kampioenskappe te kuier. Party van die ouens wou vreeslik graag as skuts presteer, maar ek en Tjaka Neethling het vroeg besef dat die skyf reeds dood was en dat ons hom nie doder kon skiet nie. Ons het dus die geleentheid gebruik om die tyd in Bloemfontein te geniet. Op daardie stadium was en ek Tjaka luitenante en Hannes Slabbert, een van ons maats, was ’n kaptein. Ons het die opdrag om sosiaal met die offisiere van ander magte te verkeer, baie ernstig opgeneem. Na die dag se skiet het ons offisiere van ander magte vir ’n drankie genooi, maar ongelukkig was dit altyd dieselfde manne. Gewoonlik het ons die goeie bande gesmee totdat die kroeg saans toegemaak het. Dit gebeur dan dat ons nie so stil bed toe gegaan het soos wat kolonel Majuba Oosthuizen dit wou hê nie. Hy was in bevel van die S.A.Spoorwegpolisie se diensskiet spanne.
By ’n geleentheid het kolonel Oosthuizen vir kaptein Slabbert ingeroep en hom gewaarsku dat hy hom aan die Kommissaris gaan rapporteer omdat hy nie vir my en Tjaka kon beheer nie. Hy het hom gemaan dat die situasie teen hom kon tel aangesien hy kort daarna vir bevordering tot majoor in aanmerking geneem sou word. Slabbie het hom toe vrek geskrik want hy wou graag ’n majoor word. Hy besluit toe dat hy voortaan nie meer saam met ons gaan kuier nie en dat hy eerder vroeg in die bed gaan klim. Ek en Tjaka het toe maar aangegaan soos voorheen en, wanneer die kroeg gesluit het, het ons Slabbie se tent versigtig oopgemaak en vir hom gaan kuier oor ons hom so verlang het. Bloemfontein is in die winter bitter koud en Slabbie het in ’n dubbele slaapsak geslaap met ’n gebreide mussie op sy kop om die koue van sy pankop weg te hou. Teen die tyd dat Slabbie wakker geword het, was ons reeds bo-op hom. Dan het ons hom so vasgelê dat hy hom nie kon roer nie. Met sy hande binne-in die slaapsak was hy magteloos. Ons het dan saggies in sy oor gepraat en hom vertel hoe ons na hom verlang het. Ons soen hom dan in sy oor, as hy sy kop probeer draai, druk

ons ŉ tong in sy oor, dan skreeu Slabbie soos ŉ maer vark. Ons waarsku hom dat hy nie so mag skreeu nie want as hy skreeu sal hy nie ŉ majoor word nie. So het ons vir Slabbie baie nagte gaan kuier. Slabbie het toe, ten spyte van die lawaai, tog ŉ majoor geword en die volgende jaar kon hy weer gesellig saam met ons verkeer. Sy voorbeeldigheid het later van hom ŉ brigadier gemaak, ons kon hom nie keer nie.
(Wietsche Fourie)

**S.A. SPOORWEGPOLISIE: HONDE AFDELING.**

Kolonel P.M. Du Plessis (later Gen. Du Plessis) het, as gevolg van die verskeidenheid van kriminele oortredings wat op Spoorwegpersele gepleeg was, die behoefte aan hondegeleiders geïdentifiseer. Samesprekings tussen die Hoofkantore van die S.A. Spoorwegpolisie en die S.A. Polisie was gehou en daar was besluit om ŉ aantal lede van die Spoorwegpolisie by die Polisiehondeskool by Kwaggasrand, Pretoria, as hondegeleiders op te lei. Die eerste Dwelmhondkursus was in 1974 deur sersant Robbie Roberts, Ben Munro en konstabel Gert van Greunen bygewoon. Wyle kolonel P.G. (Fido) Victor, toe ŉ adjudant offisier met Patrolliehond Mix R1 en sersant C.C (Skip) Scheepers met Patrolliehond Rommel R2 was die eerste lede wat as Patrolliehond geleiders opgelei was. Na afloop van Victor en Scheepers se patrolliehond kursus, was beide van hulle as instrukteurs vir die S.A.Spoorwegpolisie opgelei. Die verdere opleiding van lede van die Spoorwegpolisie as hondegeleiders was by die S.A. Polisie Hondeskool deur Victor en Scheepers aangebied. Gedurende Junie 1974, was wyle sersant Chris (Tokkie) Koen met Patrolliehond Rex, die eerste lid wat deur Scheepers as Patrolliehond geleider opgelei was. In 1975 was sersant Koen as Instrukteur opgelei. Sersant Jan Brand was in Junie 1975 met Patrolliehond, Wollie, opgelei en in 1976, na die onluste, was hy as Instrukteur opgelei. Met adjudant Victor se bevordering na luitenant in 1978, was hy na Hoofkantoor verplaas waar hy in bevel van die Honde afdeling was. Die opleiding van lede van die Spoorwegpolisie as geleiders het by die S.A. Polisie Hondeskool voortgegaan. Verskeie lede was as Patrollie, Springstof en Gevorderde Springstof hondegeleiders opgelei. In 1980 was ŉ verdere vier hondegeleiders, onder andere sersant Elred Krause (Queenstown honde-eenheid), sersant Dennis Crew (Durban honde-eenheid), sersant Henk Herbst (Maitland honde-eenheid) en sersant Bouts Botha (Vryheid) as Patrollie, Springstof en Dwelmhond instrukteurs opgelei. Na afloop van dié kursus het hulle na hul onderskeie standplase teruggekeer.
Latere jare het ŉ behoefte ontstaan om lede van die honde afdeling as bomopruiming en springstof Inspekteurs op te lei. In September 1980 het adjudant offisier Scheepers, wat toe by die S.A. Polisie se hondeskool gestasioneer was, en sersant Elred Kruase van Queenstown, die bomopruiming en springstof Inspekteurskursus by Esselenpark deurloop. Die kursus was deur instrukteurs van die S.A. Polisie aangebied en luitenant Herman Buckingham (SASP) was die kursusleier. As gevolg van uitbreidings by die S.A. Polisie Hondeskool in Pretoria, was die Spoorwegpolisie in 1982 versoek om die opleiding van hulle lede elders te neem. Die ou klip plaashuis op Esselenpark was as opleidingsterrein geïdentifiseer. Hondehokke was opgerig en verdere opleiding van hondegeleiders het daar plaasgevind. Adjudant offisier Scheepers en waarnemende adjudant offisiere Chris Koen en Jan Brand was toe die eerste honde instrukteurs te Esselenpark Hondeskool. Kursusgangers was in die ou plaashuis gehuisves. Die huis was in ŉ administratiewe kantoor, ŉ kamer wat as ŉ Hondekliniek gedien het, en slaapkwartiere vir die studente ingedeel. Die behandeling van die honde het in ŉ buitegebou, wat spesiaal vir dié doel ingerig was, plaasgevind. Sersant Koen het as die nie-amptelike veearts opgetree en het die elementêre behandelinge behartig – verdere behandeling was deur ŉ veearts gedoen. Vir ontspanning, buiten die geriewe wat die Kollege gebied het, het die Suid Afrikaanse Lugdiens ŉ ou bus beskikbaar gestel wat naby die plaashuis as kuierplek ingerig was. Instrukteurs en kursusgangers het braaigeriewe gebou waar lede na ure kon ontspan.
In 1982, terwyl die drie bogenoemde instrukteurs aan bevorderingeksamens deelgeneem het, het kaptein Victor en sersant Elred as instrukteurs opgetree. In 1983 was sersant Elred Krause vanaf Queenstown na die Hondeskool te Esselenpark, as instrukteur, oorgeplaas. Verdere opleiding wat ook plaasgevind het, was die opleiding van sowat negentien honde vir

gebruik deur die Sekerheidswagte van die Spoorweë. Hierdie lede en honde het as gevolg van die terroristiese bedreigings by die brandstof depots landswyd diens verrig. Verskeie werknemers van ESKOM was ook deur die Spoorwegpolisie se instrukteurs opgelei. Twee lede van die kernkragstasie te Melkbosstrand in die Kaap, asook twee lede van Germiston en twee van Megawatt Park in Johannesburg, was as springstofhond geleiders opgelei. Ses lede van die destydse Ciskeise Polisie was ook as patrolliehond geleiders opgelei. Een van die lede was latere jare die Bevelvoerder van die S.A. Polisie honde eenheid te Oos Londen. Tydens die begin stadium van die M.S.O.S stelsel was toetse met honde van die SASP uitgevoer ten einde die stelsel op die been te bring. Met hierdie stelsel was daar van ‘n stofsuier gebruik gemaak wat die lug (molekules) uit ‘n motor, bagasie of vraghouer deur ‘n spesiale materiaal gesuig en die reuk in ‘n houer bewaar het. Die houer was dan op metaalstaanders geplaas en die hond het dan aan al die houers geruik. Indien die hond die reuk van springstof kon ruik, het hy gaan sit om aan te dui dat die houer springstof bevat het. Mettertyd het die noodsaaklikheid vir die bestaan van ŉ vertoongroep ontstaan. Lang ure was gewerk om toerusting te bou waarop die honde verskeie toertjies kon uitvoer. Die vertoonspan het uit die instrukteurs en hondemanne op buitestasies bestaan. Hulle het gereeld vertonings op versoeke van die publiek gelewer. Dit het so gewild geword dat die lede min naweke vry was as gevolg van die vertonings wat oor naweke plaasgevind het. Daar was ook vertonings by verskeie skoue te Witbank, Klerksdorp en Rustenburg gehou. Party vertonings was gelewer saam met die gimnastiekvertoonspan en die orkes van die Spoorwegpolisie. Die instrukteurs het ook aan die destydse SAWDIS (South African Working Dog Invitation Stakes) te Gilooley’s Farm, Edenvale, deelgeneem. Hulle het verskeie medaljes tydens hierdie kompetisies, wat jaarliks gehou was, verower.
Alle instansies in Suid Afrika wat van honde gebruik gemaak het, asook dié van die Buurstate, het aan die kompetisies deelgeneem. Die wenners van die onderskeie items het dan teen ŉ uitgenooide span van die buiteland meegeding. Verskeie hondemanne wat op stasies diens gedoen het, het ook aan die kompetisies deelgeneem. Scheepers het dan ook as beoordelaar by die kompetisies opgetree. Ander instrukteurs van die Spoorwegpolisie was ook uitgenooi om as beoordelaars op te tree en behulpsaam te wees by verskeie kompetisies waar lede van die publiek deelgeneem soos by Dog Show Jumping. Luitenant Scheepers se Fox Terriër hondjie, Buks, was ŉ bekende gesig te Esselenpark. Hy het onder die kursusgangers as “Beeweewe” bekend gestaan. Buks het in sy mandjie saam met Skip op sy motorfiets gewerk en huis toe gery. Hy was ŉ “gevreesde instrukteur” tydens kamerinspeksies. Die kursusgangers het op hulle klerekaste gespring om van Buks se tande weg te bly wanneer hulle kamers nie na wense was nie. Sonder Skip se medewete was Buks gereeld by braai geleenthede met sterk “medisyne” gedokter en dan kon Skip nie verstaan hoekom Buks doelloos rondloop en amper nie op sy pote kon bly nie! Sekere manne het plesier daaruit geput om Buks so nou en dan met ‘n spuitkan Gensen Violet te versier. Daarna moes almal vir Skip en Buks in hulle pasoppens wees. Buks het, bo en behalwe sy plig om dissipline onder die manne te handhaaf, ook as daggahond gekwalifiseer. Hy was dikwels deur Skip by Jan Smuts-lughawe vir die deursoeking van vliegtuie aangewend. Verskeie insette vir die TV program, Lourierkrans, wat die Hondeafdeling van die S.A. Spoorwegpolisie in die program uitgebeeld het, was ook by die Hondeskool te Esselenpark verfilm. In 1986, na die samesmelting van die twee Magte, het opleiding van hondegeleiders nog steeds op Esselenpark voortgegaan. In Januarie 1987 het die personeel en die honde na die S.A. Polisie Hondeskool by Kwaggasrand, in Pretoria, teruggeskuif. Hulle het dienste by die springstof afdeling, onder leiding van wyle majoor Blignaut, verrig. Gelukkig was ons reeds vroeër jare in die Hondeskool en die verskuiwing was toe ŉ maklike aanpassing aangesien ons reeds die meeste van die personeel daar geken het. Altesaam honderd-sewe-en-sestig honde, plus die negentien vir die Sekerheidswagte, was as patrollie-, springstof- en dwelmhonde opgelei.
(Elred Kruase)

**My droom word waar.**
Met my indiensneming op 13 Desember 1976 was ek op Springs geplaas. My aflossings bevelvoerder was adjudant offisier P.G Victor. Na my basiese opleiding het ek onmiddellik aansoek gedoen om as 'n patrolliehond geleider opgelei te word; 'n droom wat op 21 Januarie 1979 waar geword het. Ek was egter op 16 Januarie 1979 na die rang van sersant bevorder en na Nelspruit verplaas. My oproepinstruksies was natuurlik nog aangegee as nr. 12022 konstabel JHP van der Merwe, Springs, en ek het ook so by die Hondeskool sonder rangkentekens aangemeld. Die Maandag het luitenant Victor ons kom besoek en my weer 'n sersant gemaak. Dit het my die voorreg gegee om voor in die F100 saam met die instrukteur te ry. Ons het daardie tyd nog 'n groen velddrag gedra. Ek was in sersant Tokkie Koen se klas ingedeel en was met 'n hond met die naam van, R60 Bruno, wat aan die polisie geskenk was, uitgereik. Saam met ons was konstabel Jan Brand van Pretoria en konstabel Redelinghuys van Jan Smuts wat as instrukteurs opgelei was. Jan Brand was later een van die instrukteurs. Die Bevelvoerder van die Hondeskool was brigadier Manie van Zyl en kolonel Silversnor Meyer was in bevel van die patrolliehonde. Tydens opleiding was ons en ons SAP kollegas oor een kam geskeer met geen onderskeid nie, d.w.s. saam liggaamsoefeninge en ander aktiwiteite gedoen, hoewel ons apart van hulle gewoon het. Kolonel Meyer het my op meer as een geleentheid gebruik om hondemanne wat na Ovamboland op pad was, om vier uur die oggend op Waterkloof lughawe te besorg. Was dit 'n gesukkel om daai klomp dronk hondemanne met hul honde en uitrusting in 'n voertuig te kry? Daar was ook nie tydens uitpasseringparades onderskeid getref nie. Lede van die S.A Spoorwegpolisie het in 1977 met die eerste, tweede en derde plekke weggestap. Konstabel Frans Roelofse (Nelspruit) met R41 Rex eerste plek, konstabel Casper Snyman (Welkom) tweede plek en konstabel Natie Roesch (Komatipoort) derde plek. Die trofees was tydens die parade aan die lede oorhandig.
Ek het in 1982 die springstofhond geleiderskursus te Esselenpark deurloop. Die legende van Buks die Fox Terriër sal nog lank voortleef. Op 'n geleentheid kry ek vir Buks in die hande en gaan versteek hom in een van die kursusgangers se kas. Buks was doodstil in die donker kas en so het luitenant Scheepers sy skaduwee, of was dit nou sy kind?, geloop en soek. Ek het na Skip gestap en gefluister dat ek gehoor het dat iemand vir Buks in 'n kas gesit het. So was almal van ons vir kamerinspeksie aangetree. Die verbasing op die lid se gesig toe Skip sy kas oopmaak en Buks in Skip se arms spring, was onbeskryflik. Die klap wat hy onskuldig tussen sy blaaie gekry het, het my later maar laat om verskoning vra.
Die SAP het 'n Dobermann gehad wat oor toue geloop het. My hond, Bruno, was die eerste Duitse Herdershond wat oor toue geloop het en ek het verder gegaan en dit met 'n balanseerleer gekombineer. Op stasies het geleiders 'n dubbele rol gespeel. Hulle was in baie gevalle in bevel van die aanklagtekantoor en het as hondegeleider opgetree. In enkele gevalle was van hulle selfs die Posbevelvoerder wat ook as hondegeleider opgetree het. Op groter sentra soos byvoorbeeld op Jan Smuts-lughawe, het hulle in eenheidsverband gefunksioneer. SAP hondemanne was in die laat sewentiger jare op Middelburg gesentraliseer. So was die Spoorwegpolisie honde byvoorbeeld weer in die Laeveld, op Nelspruit, waar ek gestasioneer was, die enigste polisiehonde in die omgewing. As gevolg daarvan was ons gereeld deur die SAP vir take soos bosdeursoeking, misdaadvoorkomingoperasies, springstofklagtes ens. genader. Hierdie take kon uitgevoer word aangesien die opleidingstandaard en kurrikulum van die S.A. Polisie en die van die S.A.Spoorwegpolisie presies dieselfde was.
(Van v/d Merwe)

**Tekkies en Duiwel – Walvisbaai (1981-1982)**
Sersant M.J. Strydom was ons enigste (later het nog een bygekom) hondeman in Walvisbaai en die Alsatian, Duiwel, was aan hom toegeken. Almal het Sers. Strydom as Tekkies geken en dit het ook niks met skoene te doen gehad nie. Tekkies het sproete gehad wat soos roes gelyk het, en almal weet om roes te voorkom in Walvisbaai, gebruik jy Tectile. En so was die naam toe aan Tekkies toegeken; net op die verkorte vorm wat maklik van die tong gerol het. Terug by die storie; Ou Tekkies was vreeslik lief vir die hond en sou ure spandeer om die ou se hok behoorlik skoon te maak en die liefde en tyd wat ingesit was met die voorbereiding van Duiwel se maaltye, was iets om te waardeer. En as Tekkies op rusdae was, sou hy óf self

inkom om die hond kos te gee, óf hy sou die hele proses so omslagtig moontlik verduidelik het sodat Duiwel nou nie in sy afwesigheid “short ” kom nie. Walvisbaai was as ’n reël ’n baie stil stasie, maar gedurende nagskof, en spesifiek hier van half twaalf die nag af, was dit nog stiller. Tekkies sou dan Duiwel se hok skoonmaak, die misdaadverslag deurgee Windhoek toe, en wanneer die verveeldheid toegesak het, het hy op die Spoorwegfoontjie geklim en jou gebel by die hawe se hoofhek wat ongeveer so 100m van die aanklagtekantoor was. Dan wou hy nou weet hoe dit gegaan het, of alles nog reg was, was daar baie bote in die hawe, ens, ens., maar daar was altyd ’n doel agter hierdie oproepe. Dan sal hy vra of jy bietjie koffie wil hê, en as jy sê “ja”, dan trap jy reg in sy strik. Hy reël dan met jou dat hy die koffie sou maak, en wanneer dit reg was, sou hy bel sodat ons mekaar halfpad kon ontmoet, net so skuins voor die hawekafee.
Dan kom die oproep vir die langverwagte koffie. Jy maak verskoning by die Doeanebeampte. En vang so draffie af aanklagte kantoor se kant toe. Maar soos jy aankom sien jy nie vir Tekkies nie. Miskien kom hy nog aan. En dan skielik hoor jy net uit die donker daar van die aanklagtekantoor se kant “Vat hom Duiwel!”, en uit die donker kom so klein donker torpedo op jou afgestorm. Nou is dit brieke gooi, omdraai, en laat waai terug kajuit toe by die hoofhek. Duiwel blaf mos nie. Hy sak al laer grond toe hoe vinniger hy hardloop. By die hawehek in, by die kajuit in, en slaan die deur toe. Binne ’n breukdeel van ’n sekonde is Duiwel by die deur en krap en byt aan die kosyn en deur om by sy “teiken” uit te kom. En ’n paar sekondes later kom Tekkies aangeloop en skeur homself behoorlik soos hy lag. Binne-in die kajuit, uitasem en adrenalien wat pomp is dit ’n gevloek en skel en dreigemente dat Duiwel geskiet sal word as hy my byt. Tekkies lag net en sit die leiriem aan Duiwel. Dan is dit veilig om uit te kom. En Duiwel is die ene dierbaarheid vanself. Kan hom nou maar vryf en ore krap asof niks gebeur het nie. Die troosprys was darem ’n koppie lekker warm koffie by die kantoor, want jy moet gaan help skoonmaak. Brasswerk moet blink gemaak word, toonbank moet “ge-bone ” word, vloere moet politoer kry en blink gevryf word, die bloulig buite moet Brasso kry. Ons aanklagtekantoor was mos ons trots.
(Marius A Carelse)

**Weermag offisiere kry gratis haarsny.**
Ek was as hondegeleider van Junie 1979 tot Februarie 1983 te Nelspruit gestasioneer. Tussen die Goedereloods en die Houer-depot was ’n omheinde stuk grond dertig by tagtig meter wat onbenut gelê het. Ons hondegeleiders het dit as oefenterrein gebruik. Uit ons hondemanne se kultuur het die kamp natuurlik ’n braai gehad. Ek en konstabels Leon Henning en Ben Labuschagne het eendag, na ’n oefening met die honde, besluit dit was braaityd met die gebruiklike “polisiekoffie” as lafenis. Omdat ons nog besig was, het die hek van die Goedereloods oopgestaan. Dit was al donker, so teen agt uur se kant wat ons ’n voertuig opgemerk het wat ongemagtig rondry. Die eerste waaraan ons gedink het, was dat dit trokdiewe was. Gewapen met ons 9mm pistole in die hand het ons die voertuig takties afgetrek. Dit was toe nie trokdiewe nie, maar twee een pip luitenante (2de luitenant) van Bourkes Luck, die S.AW Honde Sentrum, wat vir ‘n kursus op Nelspruit was. Uit die aard word hulle genooi om by ons aan te sluit, ek weet nie of dit ons gasvryheid was, of omdat hulle drank nog volop was nie. Soos die aand gevorder het kom ek agter hulle weet nie so baie van honde as wat hul voorgegee het nie. Jy vra net iemand om ’n hond te “foei “(berispe) of te “prys” en onmiddellik sal jy agterkom of die persoon al ’n hond opgelei het of nie. In die Hondekamp oortuig ons hulle dat hulle hare bietjie lank was en ons eindig later in die aanklagtekantoor op. Die kantoor was gesluit met die swart konstabel aan diens wat op voetpatrollie was. Ons het ’n knipper gehad en het sommer mekaar se hare in die paradekamer gesny. Ben Labuschagne was die barbier hy het die eerste ou gerus gestel met die nommer drie kammetjie. Toe die knipper agter sy kop was, het Ben die kammetjie afgehaal met nogal ’n koddige eindresultaat. Die tweede ou was bietjie onwillig om te sit, maar sy vriend het hom gemotiveer deur te sê dat hy nie alleen by die basis met die mode styl gaan opdaag nie en hy het toe maar ook gaan sit. Ben en Leon het die twee soldate besig gehou en ek het vir Bruno gaan haal vir hom sy beskerming opgesit. Die skreeu van ’n maer vark en die twee se geskreeu toe Bruno hulle “rim” kan goed vergelyk word. Na die episode het hulle,

hulself vinnig uit die voete gemaak – ek dink hulle was bang vir wat ons drie nog in staat was om te doen. ʼn Ruk daarna het ek en Ben die bankbegeleiding vanaf die stasie na die bank gedoen, en wie kom van voor, die einste twee ouens in volle weermag *step-outs*. Toe hulle ons herken, kry hulle skielik ʼn behoefte om die pad oor te steek, wat hulle ook toe op ʼn amperse looppas gedoen het.
(Van v/d Merwe)

**Omen – Hoof patrolliehond – Walvisbaai (1982)**
Duiwel was nie altyd die enigste hond op Walvisbaai nie want konstabel Kühn het ook later die hondekursus gedoen en toe teruggekom met patrolliehond, Omen. Die hond het lang hare gehad en ek dink sy tong was pers, maar nietemin ʼn trotse aanvulling tot ons stasie. So met tyd het ek altyd die idee gekry Omen is dalk bietjie te vriendelik, maar Duiwel was ook so as Tekkies by was. Almal het van die hond gehou want hy was anders met sy woljas en al. Eintlik het ons nooit veel gedoen waar ons die honde nodig gehad het nie, maar dit was altyd ʼn vertroosting om te weet daar was bytmasjiene as ons op hulle knoppie gedruk het. So het die dag aangebreek waarop ons so bietjie ROM nommers wou jaag en, wat is beter as spoorloop om sommer ʼn klomp arrestasies op eenslag te maak? Die beste plek daarvoor was natuurlik by Kuisebmond by Narraville stasie waar daar in werklikheid ʼn voetbrug was, maar daar was ongelukkig nie meer ʼn heining nie. Aan die oorkant van die brug was so klein munisipale kantoortjie of iets, en dit was die beste inwag plek om te sien wie nie van die brug gebruik gemaak het nie. Op die betrokke oggend het ons besluit om Kühn en Omen saam te vat want Omen kon mos die arrestasies uitvoer op die manne wat eerder besluit het om weg te hardloop. En soos dit was, was dit ʼn wye oop wêreld waar ʼn verdagte met spoed baie maklik kon wegkom, maar die gebied was ook nie voertuig vriendelik nie.
Sommer vroeg was ons op ons pos en die J.534's hardloop mooi! Ons het onsself agter die geboutjie versteek met die brug duidelik in sig, maar vir die aankomelinge was ons nie so sigbaar nie. Wanneer hulle dan oortree en by die geboutjie verbyloop, dan roep ons hulle saggies, wink hulle nader, en bestel die J.534 op hulle. Omen was nog nie gebruik nie en het eenkant teen die gebou gelê en ʼn uiltjie knip. Maar soos dit mos is, was alle mense nie altyd gehoorsaam nie en ʼn jong knaap het oor die spoorlyn geloop sonder om eers daaroor na te dink. Ons het hom ingewag en toe hy in lyn met ons kom, het ons hom geroep en nader gewink. Hy het gaan staan en ons verbaas aangekyk. Nie eers die uniforms kon hom oortuig dat dit die regte ding was om te doen om maar eerder nader te kom nie. Hy het ook vinnig besef dat ons nie ons teenwoordigheid wou weggee nie, en hy het eenvoudig net sy kop heen en weer geskud vir ʼn duidelike "nee." Weer het ons hom nader geroep en ernstiger gelyk, maar weer het hy net sy kop geskud en sommer verder begin aanstap. Kyk, hierdie tipe verontagsaming van die gereg was vir ʼn Sporie totaal onaanvaarbaar, en maak nie saak wat nie, hy sal betaal vir sy astrantheid. Toe begin die jaagtog!
Ons het almal uit ons skuiling gepeul en het die man genader, maar hy kyk omgekyk en besluit dat nie een van ons sal hom daardie dag sou vang nie en hy het begin rieme neerlê die vlaktes in. Wat hy nie geweet het nie, was dat ons vir Omen gehad het en hy sou so wrintie nie vir daardie hond weghol nie. Ek het so draffie agter hom aan gevat want ons wil hê hy moet spoed optel sodat ons ʼn ordentlike "tackle" kon sien. Intussen het Kühn vir Omen aan sy leiband gegryp en op die toneel verskyn. Die twee was soos blits by my verby met die man wat toe al seker so sewentig meter voor my was en op vol spoed voortgestoom. Ons almal het ons ondersteuning aan Kühn en Omen luidkeels bekend gemaak en nie lank nie of Kühn maak die leiband los want hy was besig om Omen se spoed te breek. Met die leiriem los het Omen die aarde behoorlik in twee geskeur soos hy daar weggevlieg het, en toe weet ons, hierdie een is ook in die sakkie! Omen was seker so dertig meter agter die man toe besluit hy die natuur roep en hy sou eers sy been moes lig. Hy het morsdood stil in sy spore gestop en broek losgemaak. Kühn het by hom verby gekom, hom in die verbygaan bestraf en maar self steeds voortgesnel. Omen het klaar gemaak en besluit dit was bog dat sy baas sy werk moes doen en blits weer daar weg om Kühn binne sekondes verby te gaan. Toe weet ons dis nou neusie verby. Die verdagte het al gegil so naby was Omen aan hom, maar hond se kind besluit hy moes nou eers weer stop want die natuur vereis van hom om te nommer twee. Ons

het verslae gestaan en die petalje dophou! Wie sou dit ooit kon glo? Kühn het weer by Omen verby geblits tot by die verdagte wat toe maar gaan staan het om die hond se aanval te trotseer. Kühn het die man aan die arm gegryp en teruggekeer na waar ons hom ingewag het. En Omen... hy wag tot sy baas by hom kom en wys hom hoe bly hy was om hom te sien. So al asof die gearresteerde nie eens bestaan het nie.
Nodeloos om te sê dat die klomp van ons wat agtergebly het, het omtrent op die grond rondgekruip soos ons gelag het. Kühn het geloop en die arme Omen bestraf terwyl die hond duidelik nie verstaan het wat hy verkeerd gedoen het nie. Die gespottery het lank nog aangegaan en selfs ou Kühn het later saam gelag wanneer die verhaal vir die soveelste keer oorvertel was.
(Marius A Carelse)

**Leeu en konstabel Ephraim Ndubane.**
Die lesings en voorligting oor tuisgeprakseerde bomme wat adjudant offisier Beyl vir ons en al die Spoorwegpersoneel aangebied het, het my belangstelling in springstof geprikkel. In 1979 was ek gekeur om as hondegeleider opgelei te word. Die kursus was by die S.A. Polisie Hondeskool by Kwaggasrand in Pretoria Wes deur kaptein Scheepers van die Spoorwegpolisie aangebied. Aanvanklik het my hond, Rex, met die uitpassering gesukkel, maar ŉ jaar later het ek en Rex vir die springstofkursus na Esselenpark vertrek waar ons weer deur kaptein Scheepers opgelei was. Met die uitpassering van dié kursus het ek en Rex die versteekte items die vinnigste opgespoor. Dit het gemaak dat ons met die louere as die beste hond en geleider weggestap het. Toe ons as die wenners aangekondig was, was ek baie trots op myself en op Rex. Daar was altyd ŉ groot kompetisie tussen die hondemanne op kursus. Om as die beste hond en geleider aangewys te word, het die prys net nog soveel meer spesiaal gemaak. Terug op Komatipoort moes die opleiding voortgaan. Konstabel Ephraim Ndubane het gereeld saam met my en konstabel Natie Roesch gegaan wanneer ons die honde geoefen het. Tydens een so ŉ geleentheid het Ephraim weer gehelp met die uitblaf oefening. Hy moes in ŉ boom klim en Natie se hond, Leeu, moes hom gaan uitsnuffel het. Die reëling was dat wanneer hy in die boom was, moes hy fluit wat vir Natie die teken sou wees om vir Leeu los te laat. Natie was oortuig dat hy ŉ gefluit gehoor het. Hy die bevel aan Leeu gegee om te soek. Die volgende oomblik was daar ŉ groot geraas in die bos. Ephraim het hom met Leeu se spoed misgis en, voordat hy behoorlik in die boom was, het Leeu hom aan die band van sy rewolwersak beetgekry. Toe hy afkyk, hang Leeu met ŉ gegrom aan die band. Baie benoud het hy vir Natie geskreeu om sy hond te kom haal.
(Pieter Swanepoel)

**My eerste klagte as lid van die TVP.**
Soos ons almal weet, het die Spoorwegpolisie na amalgamasie nie onmiddellik by die Suid Afrikaanse Polisie ingeskakel nie. Ons het bekend gestaan as Tak Vervoer Polisiëring of kortliks TVP. Op 1 Oktober 1986 die nag het ek lekker gehuil toe ek na Danie Smuts se hoorbeeld oor die Spoorwegpolisie op die draadloos, soos Niekie sê, geluister het. Vol moed het ek te Kaapmuiden aan diens gerapporteer saam met my kollega, speurder-sersant Hendrik Cilliers, en ons het uitgesien na die nuwe uitdaging. Teen tien uur die oggend het ons ŉ klagte ontvang van ŉ verdagte toestel wat op ŉ nabygeleë plaas opgemerk was. Ek en Hendrik het die klagte gaan bywoon, met natuurlik patrollie/springstofhond, Bruno. Met aankoms op die toneel het die boer ŉ houer waarvan die deksel half oop was, aan ons uitgewys. Aan die oppervlak van die grond was dit duidelik dat die houer al geruime tyd daar gelê het.
Baie versigtig het ek die toestel genader en onmiddellik het my opleiding ingeskop en ek besef die houer het komponente wat ŉ ploftoestel moes hê, naamlik ŉ houer, stroombane en ‘n kragbron(battery) - al wat ek nie kon sien nie was die springdoppie en springstof. Met die wete dat die naaste landmyn sewentien kilometer vanaf Kaapmuiden ontplof het, wou ek nie die houer verder versteur nie. Ek het vir Bruno sy springstoftuig aangesit en hom nader gestuur, maar hy het geen reaksie getoon nie. Ek het uit al vier windrigtings probeer, maar sonder sukses. Net hier het ek as hondegeleider die fout gemaak deur in my hond se vermoëns te twyfel – ook met reg. Met die amalgamasie wat plaasgevind het, het ek lank

tevore laas met my hond geoefen aangesien ek die springstof wat ek daarvoor gebruik het vir adjudant offisier Jaap Smit op Nelspruit vir vernietiging oorhandig het. Net daar het ek en Hendrik begin om die situasie te ontleed. Moes ons die springstof deskundiges ontbied al dan nie? Ons besef dat, indien die toestel nie 'n bom was nie, gaan hulle moontlik ons kundigheid as lede van TVP in twyfel trek. Ons het 'n muntstuk opgeskiet en Hendrik het verloor wat beteken het dat die eer om die toestel van nader te ondersoek, hom te beurt geval het. Hy het die toestel bekruip en het dit met sy skoen se punt aangeraak, min wetend dat militêre springstof se detonasie snelheid ongeveer vyf duisend meter per sekonde was. Hy het die toestel omgeskop en tot ons verligting het ons ontdek dat dit die houer was wat onderaan 'n weerballon hang. Die lyn was al onder die grond vanweë al die reent wat daar geval het. Toe ons die houer ondersoek, kry ons 'n plakker wat lees "If returnted to (Address) in White River owner will receive twenty five rand". Nodeloos om te noem dat die geld vir ons eerste braai by die nuwe TVP gesorg het.
(Van v/d Merwe)

## S.A.SPOORWEGPOLISIE : ORKESTE

**Die blaasorkes.**
Gedurende 1968 het Hoofkantoor 'n skrywe na die Afdelings gestuur met die oog om lede vir die permanente blaasorkes te werf. Op daardie stadium was daar enkele vrywilligers wat die orkeslede uitgemaak het. Sersant Charles Channing het die leiding geneem en sersant J.K.R. (Kobus) Venter was die tamboermajoor. Ek was van Gunhill na Jan Smuts-lughawe oorgeplaas om deel van die orkes te word. Lede wat te Germiston, Pretoria, Johannesburg en Jan Smuts-lughawe gestasioneer was, het Woensdae vanaf twee uur die middag tot vier uur die middag by die Kollege geoefen. Van hierdie lede was konstabels Neveling, de Beer (Kaalfontein) die twee O'Kelly broers van Pretoria en vele ander waarvan ek nie meer die name kan onthou nie. Wanneer die orkes vir 'n uitpasseringsparade voorberei het, het die lede elke dag vir 'n week lank vir oefening aangemeld. Luitenant kolonel C.H.E. Rönnebeck, wat toe die Bevelvoerende offisier van die Kollege was, was 'n baie goeie musikant en het 'n groot bydrae gelewer in die afronding van die orkeslede. Sersant majoor Steenkamp van die S.A. Weermag en sy seun het 'n reuse bydrae gelewer in die totstandkoming van die orkes. Hy was deur die jare as die organiseerder van kadetorkes kompetisies, wat landwyd gehou was, bekend. Geeneen van die orkeslede kon musiek gelees het nie en lede op die blaasinstrumente het met klepdrukke gespeel. Die orkes was nog 'n semi permanente orkes aangesien lede net deeltyds by die orkes betrokke was.
Kolonel Rönnebeck het my binne 'n bestek van ses weke geleer om musiek te kan lees. Soos wat die orkeslede se vermoë om die instrumente te bespeel verbeter het, het die orkes by verskeie geleenthede, onder andere by die opening van Maydon kaai en Bayhead polisiestasies, opgetree. Ander geleenthede was by Mafeking en Kroonstad. Die Geneeskundige Dienskorps van die S.A Weermag het die orkes versoek om tydens die uitpasserings van hulle lede die musiek te verskaf. Op 1 September 1971 was kaptein Dennis Wells wat aan die S.A. Gevangenisdiens verbonde was, as luitenant in beheer van die orkes aangestel. Op 15 September 1971 het ek as pelotonsersant van die orkes peloton, by luitenant Wells aangesluit. Hy was 'n ware heer met verskeie musiek kwalifikasies, net die regte persoon om die orkes op sy voete te bring. Lede wat later deel van die orkes geword het, was wyle sersant Ampie Myburgh op sydrom, konstabel A.P Vrey op die tuba, konstabel Jan "Rot" Labuschagne (die enigste persoon wat ek gesien het wat die tuba soos 'n trompet gespeel het), konstabels T.I. Mills die euphonium, Jacques Scheepers simbale, Wiele Holtzhausen basdrom, Nar Coetzee op bastromboon en trompet, Kat Coetzee trompet en James Lottering op die simbale. Die ander lede wat ek kan onthou was konstabels Jacobs, Maritz, Wolmarans, Myburgh, Beyleveld, De Beer, Fourier, Du Preez, Crouse, de Kok, Kemp, die Koen broers, Adlam, Gates, Dorfling, Swart, du Toit, Puchardt, Meiring, Elsabeth, Swarts, Du Plessis, Nortje, Hartzenberg, Smith, Calitz, Kosie Venter, Nel, Els, Dorfling, Redelinghuys (Nou generaal majoor in die SAPD), Van Zyl, Oosthuizen, Beyleveld, Swanepoel, Herbst en Fourie. Die volgende lede het oor 'n tydperk as tamboermajoor opgetree; Sersant Jimmy

Victor, Johan Lotriet, Flip Aslett, en Stoney Steenkamp. Al hierdie lede het later offisiere geword en ook ŉ positiewe bydrae gelewer in die ontwikkeling en uitbreiding van die S.A. Spoorwegpolisie.
Tydens een van die uitpasseringparades het ek die studente wat aan die parade deelgeneem het, geleer om *The Bridge Over The River Kwai* te fluit terwyl hulle marsjeer. Niemand het toestemming daartoe gegee of van die reëling geweet nie en toe die orkes die lied begin speel, het die lede op parade saam gefluit. Die applous wat hulle ontvang het was oorverdowend. Die orkes het ook verskeie kere met groot onderskeiding by die opening van die Parlement in Kaapstad en by die Durbanse Tattoo opgetree. Later was kaptein Bertus Verhoef, wat voorheen ŉ onderwyser was, ook in diens geneem. Hy het in sy dienstermyn by die orkes ŉ groot bydrae gelewer om die orkes te ontwikkel. Gedurende 1972 was daar ook met ŉ semi permanente nie-blanke orkes begin wat groot suksesse behaal het. Hulle het verskeie kere die Spoorweë se jaarlikse orkes kompetisies gewen. Tydens die onafhanklikheidsvieringe van die Ciskei en Transkei het hulle groot applous van die touskouers ontvang deurdat hulle tydens die parades gewilde Xhosa liedjies en marse gespeel het. By die nie-blanke Kollege te Bloemfontein het daar ook ŉ studente orkes ontstaan wat tydens uitpasseringparades en die jaarlikse skoue opgetree het.

**Dansorkes.**
Gedurende 1976 het die dansorkes begin met James Lottering op simbale en sanger, Koch, op kitaar, Maartins op die trompet, Deidre Nortje op die alt saksofoon en sang, Crause op kitaar en Gielie Badenhorst op die orrel en klawerbord. Hy het later saam met Neels Matthys se boereorkes gespeel wat die boereorkes kompetisie op TV gewen het. Rudie Strydom het die baskitaar en tuba bespeel en kolonel Wells die trompet en tenoor saksofoon. Ongelukkig kan ek nie die ander lede se name onthou nie. Die eerste amptelike optrede van die polisie dansorkes was op Nelspruit tydens die Spoorwegpolisie se jaarlikse dans daar. Kaptein Mounie Mouton was die Streekoffisier op Nelspruit en het vertroue in die orkes gehad om hulle te nooi om op te tree. Dit het die weg vir ander optredes gebaan. Bo en behalwe die orkes se optredes by verskeie geldinsamelingprojekte vir Kinderwelsyn te Durban, Oos Londen, Kroonstad en Bloemfontein, het hulle ook by die Republiekfeeste te Fochville en Durban met die militêre en dansorkeste opgetree.
(Buks Meintjes)

Die geskiedenis van die S.A. Spoorwegpolisie dansorkes dateer terug so ver as 1943. Die Spoorweg en Hawepolisie op Durban het oor ŉ puik dansorkes beskik. Hierdie orkes het dan ook 20 Julie 1943 vir dertig minute in ŉ radioprogram van die S.A.U.K. opgetree. Bekende lede van die orkes was, generaal Abraham Viljoen (Hoofkantoor), Majoor Boonzaaier (Pretoria) en luitenant kolonel Hills Roux (Pretoria). Aan die Witwatersrand was daar ook ŉ gewilde dansorkes en bekende lede daarvan was konstabel Hansie Breedt (later adj-off. Hoofkantoor) G Engelbrecht, Minnie, J.J.H. Ungerer, C. Calitz, sersant P.J. Du Plessis en hoofkonstabel D.E.K. Esterhuizen.
(RB)

**My orkes dae.**
Ek het my kollege opleiding in 1971 begin. Aanvanklik was almal van ons in verskillende pelotons ingedeel. Na ses weke van dril en lesings, het luitenant Dennis Wells, wie in beheer van die orkes was, lede vir die orkes begin keur. Die orkes was in sy baba skoene en lede wat op die stasies gestasioneer was, het die orkes gevorm. Hulle het twee maal per week na die Kollege vir orkes oefeninge gereis. Sersant Buks Meintjies was die pelotonsersant van die orkes peloton soos wat daar na hulle verwys was. Hy en luitenant Wells het ons musiek geleer en later ook bewegings wat saam met die musiek gegaan het. Ons was natuurlik nie baie by die ander pelotons gewild nie aangesien hulle ons as "Sissies" gesien het. Natuurlik toe ons die eerste keer saam met hulle op parade gespeel het, het hulle besef dat ons eintlik baie goed was en toe was ons hulle “heroes.” Daar was ŉ geleentheid waar ons saam met die S.A. Weermag, S.A. Polisie, die Vloot en ander orkeste in Benoni gaan optree Het. Ons het so

goed gevaar dat die organiseerders ons van heel agter uit die opstel van die orkeste uitgehaal het om voor te kom loop. Voorwaar 'n prestasie.
Gedurende 1977 het sersant Meintjies my geskakel en meegedeel dat die orkes 'n permanente afdeling gaan word en wou weet of ek sou belangstel. Ek het natuurlik op daardie stadium nie belang gestel nie. Toe ek gedurende 1982 Posbevelvoerder te Pietermaritzburg was, het die S.A. Spoorwegpolisie ook saam met ander orkeste aan die Durban Tattoo deelgeneem. Ek was genader en gevra of ek weer die Tamboermajoor vir die orkes sou wees. Die organiseerders van die Tattoo was so beïndruk met ons optrede dat hulle ons heel voor laat loop het en die hele optog deur die strate van Durban gelei het. Iets waarop ek baie trots was.
(Jimmy Victor)

**Die onbekende orkeslede.**
Ek was aan die S.A.Spoorwegpolisie se orkes verbonde en het graag my musiek talente met skool orkeste gedeel. So gebeur dit dat ek aan die einde van 1986 versoek was om ŉ sekere skool in Pretoria te help met die voorbereiding van die skool se orkes wat by die Pretoria skou moes gaan optree. Die standaard van die skool orkes wat redelik, maar was volgens my mening nie op standaard om by so ‘n groot geleentheid soos die skou, op te tree nie. ŉ Plan moes gemaak word. Ek het toe besluit om lede van die Polisiekollege se blaasorkes vir ŉ wyle terug te stuur skool toe. Nie omdat ek met hulle akademies prestasies ontevrede was nie, maar dat hulle weer die ervaring moes beleef om deel van ŉ skool orkes te wees. Die polisielede en skoliere was in een orkes opgeneem wat ongeveer vyftig lede sterk was. ŉ Allemintige groot skool orkes. Die samevoeging van die orkes lede was nie ŉ probleem nie, maar wel die skool uniform wat vir die polisie studente gevind moes word. Die skooldrag se broeke was grys en die hemde wit, gelukkig nie iets wat moeilik bekombaar was nie. Skooldasse was by leerlinge geleen en elke orkes lid was met ŉ skool baret uitgereik. Die groot dag vir die optrede het aangebreek. Nadat dié skool hulle vertoning gelewer het, was die skare in vervoering oor die puik optrede van die orkes. By die optrede was sersant majoor Steenkamp teenwoordig. Hy was die persoon wat die skool kadetkompetisies landwyd gereël en die standaard daarvan beoordeel het. Hy wou onmiddellik weet waarom die skool orkes nie aan die voorafgaande orkes kompetisie deelgeneem het nie. Volgens hom was die standaard van die orkes wat twee weke tevore die kompetisie gewen het, nie naastenby so goed soos die orkes wat daardie dag by die skou opgetree het nie. Ek het die sersant majoor meegedeel dat hy behoort te weet dat matriek leerlinge nie meer aan die orkes kompetisies wou deelneem nie. Na afloop van die pouse het die onder orkeste, insluitende die orkes wat die vorige kompetisie gewen het, opgetree. Die orkes wat by ŉ betrokke geleentheid as die beste orkes aangewys was, was dan versoek om die geleentheid af te sluit. En daar word die betrokke skool se orkes gevra om die verrigtinge af te sluit, bedoelende dat hulle as die wen orkes by die skou aangewys was. Die skoolhoof was so oorstelp met sy skool orkes se puik optrede dat toe hy hulle gelukwens, het hy nie eers opgemerk dat al die orkes lede nie leerlinge van sy skool was nie.
(Buks Meintjes)

## KARAKTERS EN LEGENDES IN DIE SPOORWEGPOLISIE

Die S.A. Spoorwegpolisie het ook sy kwota rare karakters en legendes opgelewer. Dit is sulke mense wat ŉ onuitwisbare indruk op hul kollegas gemaak het dat hulle nalatenskap en herinnering voortleef, selfs nadat hulle al vir aantalle jare nie meer met ons is nie. Vir een persoon sal iemand ŉ legende wees en vir die volgende persoon nie. Elke generasie sal sy eietydse legendes en karakters oplewer. Hierdie is insette van lede wat so oor hulle kollegas gevoel het.

**Die “Scrap collector ”**
Een onuitwisbare karakter was sersant Koos Lubbe (skuilnaam) van die Kaap. Alhoewel hy ŉ sersant was, het die meeste hom as “Oom Koos” aangespreek. Oom Koos het vir een of

ander rede soms 'n rekkie om sy een arm gedra. Ons het nooit die vrymoedigheid gehad om hom na die betekenis of doel van die rekkie te vra nie. Wanneer jy 'n rukkie saam met Oom Koos op die skof gewerk het, het jy geweet dat stasiebesoeke en patrollies jou voorland was. Hierdie dienste het hy slaafs nagevolg met een duidelik doel voor oë; soek na elke stukkie yster, moertjie, boutjie, wastertjie, en natuurlik vir die groot "jackpot", elke leë glasbottel. Na afloop van die skof was die vonds bymekaar gemaak en in sy motor gelaai. Ek wonder met hoeveel Rande hy sy maandelikse salaris op dié wyse aangevul het. Bo en behalwe die rare eienskap van hom as "scrap collector", was hy ook lief daarvoor om te stap en te draf. Wanneer die lus vir stap hom oorval het, was die vangwa maklik by Vasco stasie geparkeer en dan moes almal uitklim en die trajek tot by "Gooroord", dit is nou Goodwood, te voet patrolleer. Met aankoms te Goodwood was 'n drafstappie uitgepak tot by die skougronde, waar manne van Jan Wilkens se faam, hom eers 'n bietjie moes vermaak! Kyk, rofstoei was naas "scrap collection" sy passie! Nodeloos om te sê dat die voetpatrollies oor die trajek 'n hele paar "jackpots" opgelewer het. Nou dat ek daaraan dink het Oom Koos mos, bo en behalwe vir die normale polisiedienste wat hy ons laat verrig het, ook gesorg dat die trajek en stasies vry van stukke ysters en leë bottels was; 'n diens wat hy aan die Administrasie sonder vergoeding gelewer het. Dankbaar om te kan sê, dat Oom Koos nie dié werkswyse met elke skof gevolg het nie. Rus in vrede, Oom Koos!
(Herman Bosman)

**Die legendariese P.C. (Piet) Campher.**
As daar een lid in die Kaap gestasioneer was, en nie vir Piet Campher geken het nie, was hy nie in die Mag nie, of het hy nie in die Kaap gewerk nie. Piet was 'n polisieman vol lewenslus; dit wat hy aangevang het was altyd deurspek met die buitengewone. Elke dag het jy as kollega gewonder wat Piet die volgende gaan aanvang. Slegs enkele dinge wat hy gedoen het om van hom 'n legende te maak, kan hier weergegee word. Dit is jammer dat al sy manewales nie bekend is nie. Soos almal weet, kan die somertemperature in die Kaap ook die hoogte inskiet. Om dan nog 'n seiluniform (groen tunikas) op nagskof in die hitte te dra, was vir Piet net een te veel. Op nagdiens, wanneer die meeste Spoorweg werkers by Culemborg van diens was, het Piet sy Lunik baadjie en broek uitgetrek, en net in sy onderbroek geklee sy rondtes gepatrolleer. Net jammer dat daar in daardie dae nie selfone met kameras was nie. Piet, geklee in sy onderbroek, sou beslis die voorblad van die Burger gehaal het.
Op Kaapstad stasie het ons dikwels, op aandrang van Piet, ons skoene en kouse uitgetrek en met ons voete in die visdam in die tuin gesit. Dit was by 'n geleenthede soos hierdie dat Piet besluit het dat die "Bergies" gereinig moes word. Die mees aangewese plek vir die reinigingsproses was die fontein in Adderleystraat. Die "Bergies" was dan aangesê om al hulle klere uit te trek, hulle lywe met seep te smeer - wat hy voorsien het - en hulle van kop tot tone te was. Nou kon die "Bergies" weer vir 'n maand of twee hou, voordat hulle weer begin reuke afgee het. Piet was ook bekend vir sy poetse wat hy gebak het. So het hy op 'n dag een van sy kollegas 'n poets gebak. Dié ou het hom vererg en Piet toegesnou: "Loop vang 'n aap man!" Piet het die stelling letterlik opgeneem. Voordat die skof ten einde geloop het, het Piet met die Ford vangwa by platform een stilgehou. Al die deure en vensters van die vangwa was toe. 'n Rukkie later, toe Piet se kollegas by die vangwa verbygestap het, wou hy die aap van een vangwa in 'n ander vangwa gelaai het. Die twee voertuie se bakwerk was nie dieselfde hoogte nie en met die oorklim slag die aap uit die vangwa gespring. Nodeloos om te sê dat die bobbejaan teen daardie tyd al wild en verbouereerd was. Jy het net polisiemanne gesien spaander soos wat hulle in alle windrigtings gehardloop het. Na baie moeite en sorge was Kees weer gevang en terug in die vangwa geplaas. Piet het Kees weer by sy "blyplek" gaan aflaai. Almal het gewonder hoe Piet dit reggekry het om die bobbejaan te vang. Piet het so vindingryk soos wat hy was, 'n brood agter in die vangwa geplaas en kees met die brood in die vangwa gelok.
Een aand het Piet tot die gevolgtrekking gekom dat hy en sy kollegas honger was, en dat "pies" en "coke" die hongerpyne sou verdryf. Die kafee in Dock Road is 'n kilometer of wat vanaf die hawe. Dié afstand was te ver om te loop en nou moes daar 'n plan gemaak word. Piet maak homself op een van die PV 's ( dit is nou die trekkertjie wat die trollies op die perron

trek) tuis, en daar trek hy. Om die rit met die PV "amptelik" te maak, was ŉ lid of twee wat in die hawe gepos was, deur hom besoek terwyl hy na die kafee in Dock Road onderweg was. Piet sou seker ook gewonder het waarom die polisie nie PV's aan die wyksersant uitgereik het om besoek aan lede te bring nie. Op ŉ relatiewe jeugdige ouderdom het Piet tragies sy lewe in ŉ motorfietsongeluk verloor terwyl hy oppad werk toe was.
*"Piet was een van die beter studente wat by my opleiding te Esselenpark ontvang het. Hy was ŉ vriendelike en lewenslustige jongman wat goed gedissiplineerd was. Piet het vanweë sy persoonlikheid en geaardheid die potensiaal gehad om in ŉ goeie polisieman te ontwikkel, mits sy bevelvoerders sy kreatiwiteit, lewenslus en energie in ŉ positiewe rigting bestuur het". (RB)*

**Jan Taaispoeg**
Sersant Jan Theron (skuilnaam) was, om die minste te sê, ŉ moeilike man. Hy het die bynaam van Jan Taaispoeg na aanleiding van ŉ bepaalde insident gekry. Dinge moes gebeur soos en wanneer hy dit wou hê. Geduld en netheid op sy uniform was ook nou nie een van sy beste eienskappe nie. Wanneer hy oppad na die aanklagtekantoor was (almal kon hom altyd ŉ myl ver hoor aankom), het die lede in die aanklagtekantoor die deur tussen die toonbank en die kantoor opsetlik gesluit. Sersant Theron sou dan net een keer aan die deur vat om dit oop te maak, en as die lede nie vinnig genoeg na sy sin was nie, het hy oor die tralies op die toonbank gespring en dan was die hel los. Emmie Gunter het haarself voorberei vir die sersant eksamen. Jan Taaispoeg het haar probeer oortuig om haar wetboeke oral saam met haar te dra sodat sy vir die wetboeke kon lief raak. Dit was nou wel net twee groen wetboeke, maar dit was swaar om dit die heeldag saam te karwei. Omrede hy so moeilike mens was, het sy maar altyd geluister na wat hy te sê gehad het.
Jan Taaispoeg was bevorder en hy en Douw Vermeulen was toe albei adjudant offisiere in die Kaap. Soos dit maar in daardie dae was, het die meeste mense van treinvervoer gebruik gemaak. Jan Taaispoeg en Douw Vermeulen het in volle uniform langs mekaar in die ses minute oor vier trein gesit. Douw het tot by Oostersee stasie gery en Jan Taaispoeg tot by Bellville. Al verskil tussen die twee was eerstens dat Jan baie ouer as Douw was en tweedens dat Douw se uniform baie netjieser en skoner as dié van Jan Taaispoeg daar uitgesien het. Die rytuig was vol gepak met siviele persone wat ook huiswaarts gekeer het. Jan het ŉ kug gegee en het daai slym diep onder sy ribbekas uitgetrek. Toe dit in sy mond land, besef Jan dat dit moes uit. Al plek waarheen dit nou kon gaan was by die treinvenster uit. Soos ŉ Paul Kruger van ouds, korrel Jan met ŉ goed geoefende poging en laat waai in die rigting van die venster. Groot probleem; die venster was nie oop nie!. Ewe nonchalant het Jan sy tuniek se mou vasgevat en het die venster daarmee skoongemaak. Douw was na Oostersee stasie onderweg maar toe die onsmaaklike voorval plaasgevind het, het hy met aankoms van die trein te Monta Vista stasie homself vinnig uit die voete gemaak. Sy verskoning: hy wou vir sy ouers, wat in Tygerdal gewoon het, gaan besoek het. Jan Taaispoeg het in die trein gesit tot op Bellville stasie asof daar op aarde niks gebeur het nie.
(Emmie Gunter & Douw Vermeulen)

**Oom Tiny Pretorius.**
Net die lede van so vyftig jaar en ouer sal van adjudant offisier N.J.(Bal) Pretorius weet, of hom werklik ken soos wat ons, wat saam met hom in die Kollege gewerk het, hom geken het. Al wanneer ek as student met adjudant offisier Pretorius te doen gekry het, was op Vrydae wanneer die pelotonne hulle beddegoed by die stoor omgeruil het. Na my basiese opleiding was ek na elf maande weer terug by die Kollege en dié keer as peloton sersant. Aangesien ek slegs twee jaar diens gehad het, was die rang van ondersersant aan my toegeken. Nou het ek saam met die manne wat my instrukteurs was in dieselfde kantoor gesit. Wanneer Oom Tiny lus vir ŉ sigaret was, het hy ŉ besoek aan die instrukteurs se kantoor afgelê. Hy sou dan in die een hoek gaan sit het, ŉ sigaret uit jou pakkie haal en dan voortgegaan het om "Nader my God by U" te neurie sonder om ŉ woord te sê. Afhangende van die onderwerp onder bespreking, sou Oom Tiny uit die bloute ŉ opmerking maak. Soos die keer toe die Lugmag se vliegtuie in die Kaap teen die berg vasgevlieg het. Ons het bespiegel oor die moontlike

oorsake van die ongeluk, toe oom Tiny vra: “Weet julle mannetjies hoe dik die mis in die Kaap kan word"? Ewe dom antwoord ons dat ons nie die Kaap se weer geken het nie en dit is toe dat Oom Tiny die volgende wysheid kwytraak: “Laat ek julle nou vertel, die mis word so dik teen die berg, dat die seemeeue daarop kan loop.”
Bewaar jou siel as jy sou uitbars van die lag. In geen onduidelike taal sou jy dan aanhoor hoe oningelig jy was, en hy sou sy misnoeë daarmee uitspreek dat sulke kaliber mense instrukteurs gemaak was. ’n Ander gebeurtenis wat aan ons deur die ouer manne vertel was, het gebeur toe Oom Tiny nog ‘n pelotonsersant was. Hy het vertel dat hy as kind ‘n besondere intelligente kat gehad het. Die kat het op een of ander manier sy een voorpoot gebreek en Oom Tiny het toe die gebreekte pootjie met twee tamatiekis plankies gespalk. Een aand, terwyl hulle rondom die kombuistafel gesit en huisgodsdiens hou het, het hulle ’n kap geluid in die voorkant van die huis gehoor. Na ongeveer die derde kap geluid het Oom Tiny se vader hom gestuur om ondersoek te gaan instel. “Kêrels, julle sal my nie glo nie, daar sit my kat met die gespalke pootjie voor ’n muisgat. Elke keer as ’n muis dit sou waag om die gat te verlaat, gryp die kat die muis met die gesonde poot en met die gespalkte pootjie kap hy die muis katswink, en sleep hom voor die gat wag. Nie minder nie as drie dooie muise nie lê daar by die kat.” Oom Tiny was die trotse eienaar van ’n 9mm Duitse Luger pistool. As instrukteur het ek groot belangstelling in die Luger gehad. Op ’n dag het ek hom gevra waar hy aan die Luger gekom het. “Nee,” vertel hy my, “gedurende die Tweede Wêreldoorlog het ’n sterwende Duitse offisier die pistool aan my gegee net voordat hy sy laaste asem uitgeblaas het.” Na daardie storie het die Luger vir my nog meer waarde gehad. Soos wat ons vriendskap ontwikkel het, het ek later verneem dat Oom Tiny nooit by die Tweede Wêreldoorlog betrokke was nie.
Dieselfde Luger het amper sy dood en my ontslag gekos. Die ou wapenkamer was nog langs die ordonnanskamer geleë. Op ’n dag besoek ek oom Tiny in die wapenkamer omdat ek iets by hom moes gaan haal het en hy sê toe ek moet die boonste laai van die toonbank oopmaak want die ding waarna ek gesoek het was daar in. Toe ek die laai ooptrek, het die Duitse Luger oop en bloot daarin gelê. Onwilligkeurig het ek my hand uitgesteek na die Luger. Toe ek dit optel, het my vinger per ongeluk aan die sneller geraak en daar het ‘n skoot afgegaan. Die koeëlpunt het letterlik deur die rakke in die wapenkamer gehardloop. Oom Tiny het gekoes dat dit bars en hy was later op sy knieë op die grond. Toe hy en ek tot verhaal kom, toe skel hy my: “Jy is ’n verdomde instrukteur wat studente moet oplei en jy ken nie eers die basiese veiligheidsmaatreëls van wapenleer nie. Dit is geen wonder dat die standaard van opleiding, met instrukteurs soos jy, agteruit gaan nie.” Dit het niks gehelp toe ek hom daarop probeer wys het dat hy as ervare instrukteur, ’n oorgehaalde pistool, waarvan die veiligheidsknip op “vuur” gestel was, in sy laai gebêre het nie. Dit was immers ook in stryd met dieselfde reëls waarvan hy my beskuldig het dat ek hulle nie nagekom het nie.
Adjudant Pretorius het baie gebewe wanneer hy geskryf het. Hy het sy regterhand met sy linkerhand vasgehou wanneer hy geskryf het. Hy kom besoek die aand en maak ’n inskrywing in die voorvalleboek. Die sleutel woord was “Erratum”. Toe ons later die oggend in die voorvalleboek aan diens teken, sien ons die inskrywing met die snaakse sleutelwoord. Ons jong instrukteurs het omtrent bespiegel oor die betekenis van die woord. Oom Tiny het op daardie stadium die kantoor binnegestap en geluister na ons gesprek. “Ja, geen wonder dat die standaard van vandag se opleiding so swak is nie. Julle sogenaamde instrukteurs ken nie eers die betekenis van die woord ‘erratum’ nie.” Ten spyte van die feit dat ons op instrukteurskursus in kompaniedril opgelei was, het elkeen van ons na afloop van dié kursus by Oom Tiny oor kompaniedril kom kers opsteek. Tydens uitpasseringparades het hy op die mou van sy regtervoorarm ’n embleem met die letters ‘MG’ daarop gedra. Wanneer hy oor die betekenis van die embleem uitgevra was, was sy antwoord: “Ek was ’n ‘Master Gunner’ in die Tweede Wêreldoorlog en is geregtig daarop om dit op my uniform te dra.” Niemand het met hom daaroor gestry nie.
Van nature was hy ’n vriendelike man om mee saam te werk. Maar as jy die anderkant van hom wou sien, moes jy in die middag, wanneer dit tyd vir “Die Leeutemmer” op die radio was, hom in sy stoorkamer kom pla het. Dan was hy kortaf en nors. Male sonder tal moes hy dringend iets vir kolonel Rönnebeck gedurende daardie tyd gedoen het. “Kom oor ’n halfuur terug”, was sy standaard antwoord. Tydens skietoefeninge op Skurweberg buite Pretoria was

Oom Tiny as stoorman in beheer van die ammunisie. Op ŉ keer, tydens so ŉ skietoefening, het sersant Charles Channing dit mos gewaag om Oom Tiny se FM radiotjie te steel. Toe dit tyd was vir "Die Leeutemmer", het hy naarstiglik na sy Fmpie begin soek. Die ding was weg en hy kon dit net mooi nêrens opspoor nie. Toe was die gort behoorlik gaar; die rowe en instrukteurs was daarvan beskuldig dat hulle van die ammunisie sou gesteel het. Die hele skietoefening het tot stilstand gekom en dit was die vinnigste geleentheid wat ŉ Fmpie, vanuit die niet, langs 'n stoel verskyn het. Tydens ŉ besoek aan die Kollege deur die Kommissaris, generaal J.J.J. van Vuuren, het hy sy jaggeweer saamgebring met die opdrag dat ek dit moes laat skoonmaak het. Oom Tiny het weer in die instrukteurs se kantoor gesit en het een van my sigarette gerook en geneurie: "Nader my God by U". Toe ek met die geweer ingestap het, het hy gevra wie se geweer dit was. Ek het hom geantwoord dat dit J.J.J. se geweer was. "Ja" sê Oom Tiny, "Dit is darem lekker om 'n Kommissaris te wees". Min het ek geweet dat daar in ŉ onlangse tydskrif ŉ artikel oor Minister Ben Schoeman was waarin hy te kenne gegee het dat hy nie langer sou jag nie. Hy was ŉ grootwild jagter. "Weet jy hoeveel keer het ek saam met die Minister buffels en olifante met daai geweer gaan jag het? Net omdat J.J.J. die Kommissaris is, gee Ben vir hom toe die geweer." Toe ek die geweer aan genl. J.J.J. oorhandig het, het ek oom Tiny se gevoelens omtrent die geweer met hom gedeel. "Waarvan praat die man tog? Ek het die geweer met my eie dêm geld gekoop. Vir wat sal die Minister nou sy geweer vir my gee?" wou die generaal verontwaardig weet.
Tannie Phyllis, Oom Tiny se dierbare eggenote, het tydens ŉ besoek aan die buiteland vir hom sewe pragtige egte sydasse gekoop. Al probleem was; Oom Tiny kon nie ŉ dasknoop maak nie. Op daardie stadium het ek ŉ Duitse Herdershond gehad. Saterdag oggende het Oom Tiny na my huis toe gekom om my touwys te maak rakende die opleiding van die hond. Dié betrokke oggend het Oom Tiny met ŉ plastieksak daar aangekom. Hy het die dasse uit die sak gehaal en vir 'n vlietende oomblik dog ek die dasse was 'n geskenk vir my. Tot my teleurstelling het hy die dasse gebring sodat ek elkeen van hulle so moes knoop dat hy dit net om sy nek kon sit en die knoop styftrek. In al my jare van opleiding het ek nog niemand aangetref wat Oom Tiny se bulderende stem op die paradegrond, en selfs tydens militêre begrafnisse, kon ewenaar nie. Tydens ŉ militêre begrafnis wat ek saam met hom gehou het, was die bevel vir die vuurpeloton om te "Vuur" so hard dat van die omstanders amper in die graf geval het. Alles wat ek van militêre begrafnisse weet, het ek by Oom Tiny geleer. Hy was ŉ netjiese polisieman. Tot sy dood was hy trots, flink en regop. My grootste hartseer was dat ek nie die voorreg gehad het om sy militêre begrafnis te kon waarneem nie en ook dat ek nie sy begrafnis kon bywoon nie. Oom Tiny, baie dankie vir jou stories en vertellings. Ten spyte van ons tekortkominge en blapse as instrukteurs, was die opleiding van die S.A. Spoorwegpolisie se lede, tog van die beste in die land.
(RB)

**Brigadier Phillip Delport.**
Die Mag was soos een groot familie. Elkeen van ons het een of ander offisier of lid gehad na wie ons opgesien het of wat iets in jou kop agtergelaat het. In my geval was dit Phillip Delport. Ja, hy was al een wat vir my pa en ma, Pa en Ma genoem het. Ek was glo kleinboetie vir hom. Dit het hy altyd met smaak vertel wanneer ander mense teenwoordig was. Vir my was hy 'n man met wysheid, 'n regte "coach", ŉ leermeester, ŉ leier - noem dit net wat jy wil. Hy het altyd vir ŉ mens tyd gehad. Met die aanvang van my kandidaatoffisierskursus het ons kursus met metodiek afgeskop. Toe ons die klaskamer binnestap, gebeur die volgende. Kolonel Delport is die lesinghouer en hy gebied my na die voorkant van die klas. "Kleinboetie, kom staan jy maar solank hier voor, ek sal nou aan 'n onderwerp dink waaroor jy moet praat. Net vir jou inligting, Pa het dit aan my gedoen toe hy as kaptein die kursusleier van ons K.O. kursus was, so ek sal dit ook aan jou moet doen", was sy woorde. Daar staan ek oorbluf, onvoorbereid en onseker voor ŉ peloton sewentien en agtienjarige rofinas wat op kursus was. Nou vir die onderwerpe waaroor jy tien minute lank, onvoorbereid moes gesels: "Kleinboetie, wat kan jy die klas van skuifspelde vertel?" Nadat die tien minute soos tien ure gevoel het, volg die volgende onderwerp: "Kleinboetie, vertel en beskryf aan die rofinas die doel en nut van 'panty hose.'" Dit was babbels hap, hoes en proes en jou verstand wat oortyd werk om

inligting oor die onderwerp te versamel. Dit natuurlik, tot groot vermaak van die toehoorders. Jare later op 'n koue Vrydagaand was ek as offisier in bevel van 'n padblokkade op die N7 snelweg. Terwyl ons nog besig was om voertuie af te trek en te deursoek, hou kolonel Flip by die padblokkade stil om ons te besoek. Nadat hy uit sy voertuig geklim het, roep hy my eenkant toe: "Kleinboetie, het jy gesien dat een lid van die stoppergroep nie 'n warm baadjie aan het nie?" "Maar kolonel", sê ek ewe "as hy dan te dom is om een saam te bring, is dit sy probleem en nie myne nie, kolonel." Hy het opdrag gegee dat die lid per radio ontbied moes word om by hom te kom aanmeld. "Jongman, goeie naand, waar is jou baadjie?", wou die kolonel by hom weet. "Ek het nog nie een gekry nie, kolonel", het die lid geantwoord. Oeps! Net daar het Flip Delport sy baadjie uitgetrek sonder om enige iets te sê. Hy het die "pips" (offisierrangtekens) van sy baadjie afgehaal en gesê: "Lyk my ons is een grootte. Ek gaan nou huis toe en sal more 'n ander een kry, hou maar die een vir jou". Die lid het die baadjie aangetrek, vir Flip gesalueer en verdaag. Nou was ek en Flip weer alleen. "Kleinboetie, so kyk 'n mens na jou mense, lekker aand en pas julleself mooi op." Ja, Flip, jy was vir my 'n rolmodel, en beslis goed genoeg om my ouboeta te wees.!
(Douw Vermeulen)

**Adjudant offisier Beyl.**
Ek bring eer aan 'n mentor en vaderlike figuur wat 'n groot inpak op my lewe as jong polisieman en ek glo ook elke mens wat met hom op Komatipoort te doen gekry het, gemaak het. Met ingang 15 Augustus 1977, was ek vanaf Jan Smuts-lughawe na Komatipoort verplaas. Met my motorfiets het ek die lang pad na Komatipoort aangedurf. Met aankoms die Sondagmiddag, het ek by die aanklagtekantoor aangemeld net om te vind dat daar slegs nie-blanke personeel aan diens was. Ek was net so verbaas toe konstabel Lazarus Shiba my met die polisievoertuig na die Posbevelvoerder, adjudant-Offisier, Ronnie Beyl, se woning geneem het. Hy het dadelik vir my blyplek in die Spoorweg koshuis gereël. Gou was dit vir my duidelik dat hierdie man dinge kan reël en baie vinnig ook. Elke persoon wat ooit met Ronnie Beyl te doen gehad het, sal weet dat hy alles wil weet en dat hy op sy eie versoek enige tyd van die dag of die nag ingelig wil wees wat om hom aangaan, maak nie saak waar hy hom bevind het nie. Een nag kom daar mense by die aanklagtekantoor aan en sê dat 'n swart vrou in die wagkamer sit en dat sy vermoedelik besig is om te kraam. Adjudant Beyl was geskakel, wie die lede van die nagskof na die wagkamer vergesel het. Die vrou het geboorte in wagkamer geskenk en die Vroedvrou, Adjudant-Offisier Beyl, het die baba gevang waarna die kind en die ma later deur die Distrikgeneesheer ondersoek en ontslaan was. Ongeveer vier jaar na hierdie voorval daag 'n swart vrou met 'n klein seuntjie by die aanklagtekantoor op en verneem "waar die man is wat die baba gevang het". Sy het verduidelik dat sy die vrou was wat geboorte in die wagkamer geskenk het en dat sy net die seuntjie, klein Ronnie, vir hom wil kom wys! Adjudant Beyl was toe reeds 'n geruimte tyd al na Hoofkantoor verplaas. Sy het gevra dat as iemand hom weer sien, hulle tog net moet sê dit met haar en klein Ronnie goed gaan! Daar het tussen myself, Natie Roesch, Dolf Visser en Spyker Swanepoel 'n ongeskrewe reël bestaan dat wanneer ons saam met Adjudant Beyl Nelspruit toe gery het moet die lid wat oggend skof werk voor by hom sit. En wanneer ons terugreis moet die lid wat middagskof werk, weer voor sit. Die rede hiervoor was, die oomblik wanneer ons op die N4 oppad Nelspruit toe was, dan het die vrae begin "Wat is die elemente van misdaad, moord, verkragting, brandstigting, aanranding ens."? Die res het agter in die patrolliewa gesit en was dus nie aan hierdie indoktrinering van die wetsaspekte blootgestel nie. (hierdie is maar soos elke jong manne is). Later in my lewe was ek spyt dat ek nie elke keer as daar gery was, voor by hom gesit het nie, want hoe dit ook al sy, enige van die vrae wat in 'n Polisie eksamen voorgekom het, en wat met jou op die pad Nelspruit behandel was, sou soos 'n boek voor jou in 'n eksamen lokaal oopgeval het. Met die deursettingsvermoë van adjudant offisier Beyl, het die Spoorweë 'n brandweerwa aan Komatipoort onder sy bevel en beheer geplaas. Die polisiemanne van Komatipoort was vrywillig verplig om as brandweerbeamptes op te tree sou 'n brand ontstaan het. Met die oorhandiging van die brandweerwa was daar 'n groot parade gehou met die Afdelingsbestuurder, Stasiemeester, Oom Nel van die Koshuis, lede van die publiek, wat teenwoordig was. Hierdie verpligte vrywillige deelname as brandweerman het die

Spoorweg ons met ‘n tjek van twintig rand per maand vergoed. Dit het so by die vyftiende van die maand per pos op Komatipoort aangekom, wat ons dan by die bank gewissel het, vyf en twintig sent by die geld gesit en daarmee kon jy vir jou ‘n kas Castle bier koop. “Dad” Ek sê dankie vir die al die kennis, insig, leiding, opleiding, respek en eer wat jy in jou kort tydperk op Komatipoort, waar ek die voorreg gehad het om saam met jou te werk, vir my geleer het. Baie van hierdie dinge het ek later in my lewe as polisiebeampte en offisier gebruik en toegepas. Ek onthou nog jou woorde toe jy as ‘n kaptein ons besoek het. Ek en Swannie het jou gevra om vir ons vrae te spot vir die opkomende eksamen en jou antwoord was, “Kêrels spot en daar sal met jou gespot word”.
“Ek salueer u”
Wim Pretorius (Kierie)

**Die skipper van die Loerie.**
Sersant Nel, Skipper van die Loerie, was natuurlik 'n legende - afhangend van hoe 'n mens daarna kyk. Van tyd tot tyd het ek hom by die aanklagtekantoor gesien, alhoewel ek nooit iets met hom te doen gehad het nie. Ek was nog ŉ rekruut toe ek toegelaat was om saam met die manne op die Loerie te gaan werk. Die eerste aand op die Loerie het die vangwa ons almal na die boothuis toe geneem maar sersant Nel het direk met sy VW Variant stasiewa daarheen gery. Een van die manne - ek dink dit was Saayman of Reynecke - sê toe mos vir my: "Pikkie, sersant Nel is nie so kwaai soos wat die mense sê nie. Jy moet hom net vriendelik groet en darem wys jy wil leer. Vra hom uit oor die boot dat hy kan sien jy toon belangstelling." Daar kom ons toe by die boothuis aan en sersant Nel het by die tafel gesit met sy koerant by die perdewedrenne oopgevou. Die ander twee bemanningslede het toe effens teruggehang - wat ek nie agtergekom het nie - en ek het ewe manmoedig ingestap en gesê: "Goeienaand sersant, ek is rekruut Avenant hoe gaan dit?" Sersant Nel het sy pet so op sy agterkop geskuif, vir my gekyk en losgetrek met: "Soek jy nou f#*+kieng geselskap"? As jy niks het om te doen nie, moet dit nie hier kom doen nie. Ek is besig." My asem was weg! Die ander twee bemanningslede was net buite die deur maar hulle wou hulle breek soos wat hulle gelag het. Ek het daar gestaan en nie geweet waar om te kyk nie. Die nag was maar lank. Ek het daarna nog baie skofte saam met hom gewerk maar 'n wye draai om hom geloop. Die voorval het in 1976 plaasgevind.
In 1995 het ek in Philippi area gewerk en besluit om by Ginsburg en Levy “scrapyard” 'n part vir my motor te gaan soek. Ek het daar ingestap en daar op 'n stoel, buite die sekuriteitshokkie, het ek my nagmerrie, sersant Nel, op ‘n stoel gesien sit; steeds met sy pyp en koerant by die perdewedrenne oopgevou. Dit was nou omtrent vreemd – amper twintig jaar later en daardie selfde irrasionele vrees het my beetgepak. Ek het my kop laat sak en so skuins verby gestap toe hy skielik opkyk en sê: "Vir wat groet jy nie?" Ek het toe daar langs hom gaan sit en amper 'n uur met hom gesels - en wat 'n lekker uur was dit nie. Hy het my toe vertel van sy aftrede en die verveeldheid by die huis wat gemaak het dat hy maar die werkie by die “scrapyard” gevat het en so meer. Dit het sommer gelyk of hy nie wou hê ek moes loop nie. Nou kan ek myself sinneloos lag oor daardie nag by die boothuis. Snaaks hoe 'n mens logies en intellektueel wéét die persoon kan fisies niks aan jou doen nie, maar steeds wegstaan - net ingeval. Dis dieselfde met basiese opleiding in die Weermag en soos by die Kollege ook. Die instrukteurs sal jou dreig met die verskriklikste goed wat jy weet fisies en biologies onmoontlik is, maar jy vat maar nie 'n kans nie – net vir ingeval.
(Marius Avenant)

**Genis en Oom Gellie Geldenhuys.**
Een van die karakters wat ek bevoorreg was om te ontmoet was konstabel Genis wat in Tafelbaai hawe gestasioneer was. Hy was eers 'n stoker voordat hy ŉ polisieman geword het. Hy was so grof soos wat 'n mens kan kry en dan, teenoor hom, was daar Oom Gellie Geldenhuys, ŉ wedergebore Christen wat altyd mens probeer bearbei het. Op ŉ keer het Genis aan sy motor buite die aanklagtekantoor gewerk en met die gespook stamp hy sy kneukels stukkend. Hy trek daar los met 'n rits vloekwoorde wat ek nie eens geweet het bestaan nie. Oom Gellie staan toe nader en sê: "Nee Genis, dit gaan nie help jy vloek so nie,

jy doen net jou eie siel skade aan" (Oom Gellie was baie godsdienstig na hy tot bekering gekom het). Genis het hom so gekyk en gesê: "Oom Gellie, dan beter jy nou bid vir die kar want ek gaan 'n hamer vat en hom in sy donner slaan!!!!"
(Marius Avenant)

**Die Arabiese Prins.**

Herman Buckingham was ŉ karakter op sy eie. Sy sieninge oor godsdiens het baie se hare en bloeddruk laat rys. André Olivier, ook ŉ oud kollega van hom, het tydens die gedenkdiens toe hy oorlede is, hom raak opgesom. Hy het gesê alhoewel Herman nie aan die Drie-Enige God geglo het nie, het hy baie van ons wat bely het dat ons Christen was, in die skande gesteek. Hy sou sy broek letterlik en figuurlik vir iemand anders uitgetrek het. Hy het hom met die barmhartige Samaritaan vergelyk wat die gewonde gehelp het terwyl die Priesters en ander wye draaie om hom geloop het. Herman het op elkeen met wie hy ŉ verhouding gehad het, ŉ merk gelaat wat daai persoon altyd saam met hom sal dra. Ek en Herman het mekaar die eerste keer op die trein ontmoet toe ons oppad Oudtshoorn toe was om die taakmag daar op te lei. Ek het niks van sy geestelike sieninge geweet nie en tydens die treinrit was hy weer, soos gewoonlik, baie uitgesproke daaroor. So by so dat ek hom aan die keel wou gryp en by die trein se venster wou uitgooi. Later het ek besef dat hy nie moedswillig opgetree het om jou uit te lok nie; dit was wat hy oor godsdiens gevoel en verstaan het.
Sy vriendskap met Joe Grant Grierson het dit nog meer beïnvloed. Later jare, toe ons na Kemptonpark verhuis het, het ons nie ver van mekaar gewoon nie. Ons oudste seun was in standerd drie toe ons na Windhoek verhuis het. Herman en sy vrou, Madelein, het ŉ afskeidsete vir ons by hulle huis aangebied. Omdat ek ‘n glas goeie rooiwyn geniet, het hy spesiaal twee bottels Cabernet Sauvignon vir die ete gekoop. Ons het net een bottel geledig. Hy maak toe die voorstel dat ons die ander bottel moes hou en wanneer Ronnie, ons oudste seun, matriek slaag, moes ons weer by hulle kom eet en dan maak ons die bottel oop. Daardie aand het ons die bottel met kerswas geseël met beide van ons se duimafdrukke daarop. Dit was in 1980. In 1985, toe ons op Slagboom was, slaag Ronnie sy matriek. Daardie Desember het ons die familie in die destydse Transvaal gaan besoek en het ons by Herman en sy familie aangegaan. Hulle het weer ŉ spoggerige ete voorberei om Ronnie en sy vriendin, Hildelene, se matriek uitslae te vier. Herman het die aand vertel hoe groot die versoeking dikwels was om die bottel oop te maak, maar ŉ belofte is ŉ belofte. Hy het altyd met heimwee vertel van hoe sy pa, wat op die Spoorweë in Kaapstad gewerk het, ekstra geld verdien het. Hy het oor naweke viool voor een of ander winkel op die sypaadjie gespeel, terwyl die omstanders geld in sy hoed gegooi het. Herman was ook iemand wat ŉ uitdaging aanvaar het. So het hy besluit om op die ouderdom van vyf-en-veertig vir klavierlesse te gaan. Hy het die musiek onderwyseres byna tot raserny gedryf met sy drang om klavier te speel. Hy wou nie net die klavier vir sy plesier bespeel nie, hy wou ook ŉ musiek kwalifikasie daarin behaal.
Twee insidente het Herman se loopbaan in die S.A.Spoorwegpolisie beïnvloed. Die eerste was toe hy ŉ groep na Slagboom vir die praktiese deel van die springstofkursus vergesel het. In hierdie groep was daar sekuriteitslede van Yskor, Naschem en Atlas wat die kursus meegemaak het. Ek was die Bevelvoerder en na afloop van die kursus die Vrydag, het Herman kom vra of hy en die groep ŉ bietjie vroeër na Port Elizabeth kon vertrek vanwaar hulle die trein na Johannesburg moes haal. Ek het geen beswaar gehad nie en net na brunch is hulle daar weg. Die Maandagoggend op kantoor het die telefone onophoudelik begin lui. Dit was Hoofkantoor in Johannesburg wat wou weet wanneer en onder watter omstandighede Herman en die groep daar by my weg is. Later sou ek verneem dat hulle die hotel naby die stasie besoek en daar slim geraak het. Ek moet eers, ter wille van diegene wat nie vir Herman ken nie, verduidelik dat hy lank, skraal en blas van kleur was. Hy sou maklik met ŉ Arabier of ander inwoner van Midde Afrika verwar kon word. Toe hulle die trein bestyg het, het Herman tot die slotsom gekom dat die treinrit ŉ baie effektiewe praktiese oefening vir die groep kon wees. Bomme kom orals, en dus ook op treine, voor en die passasiers en ander belangrike persone moes daarteen beskerm word. Net daar het Herman van ŉ kaptein in die S.A. Spoorwegpolisie in ŉ “Arabiese Prins” verander wat onderweg na Johannesburg was. Die

kursusgangers het hulle opdragte van die “Prins” ontvang rakende hoe hulle het te werk moes gaan om hom te beskerm. Toe aandete bedien moes word, het die “Prins” se persoonlike “lyfwagte” die ander passasiers die loef afgesteek want niemand mag saam met die “Prins” in die eetsalon gewees het terwyl hy eet nie. Die lyfwagte het na die Hoofkelner gegaan en hom ingelig dat hy ’n BBP aan boord gehad het en dat hy die beste wyn van sy voorraad aan die “Prins” moes aanbied. En so het die toneel hom ook toe afgespeel. Die Hoofkelner was op sy senuwees want hy was nie ingelig dat hy ’n belangrike persoon vir ete sou hê nie. Hy het ook nie die protokol geken om so persoon te hanteer nie. Die sjef in die kombuis was ook nie gespaar nie. Die “lyfwagte” het op hom toegesak en hulle moes eers aan die kos proe alvorens dit aan die “Prins” bedien kon word. Die Hoofkelner het een van sy kelners gestuur om die kondukteur van die trein omtrent die “prins” se teenwoordigheid te waarsku. Hy het op sy beurt na sy passasierslys gegryp en gesê dat daar nêrens enige aantekening verskyn het omtrent ’n BBP wat saam met hulle sou reis nie. By die volgende stasie het hy ’n boodskap aan die Afdelingbestuurder se kantoor in Port Elizabeth gestuur en gevra waarom hulle hom nie van die inligting voorsien het nie. Hulle het, uit die aard van die saak, ook niks van die “Prins” geweet nie en het die Hoofbestuurder se kantoor in Johannesburg geskakel om te hoor wie en wat die “Prins” is. Die Hoofbestuurder het natuurlik niks daarvan geweet nie en dié het op sy beurt die Kommissaris gekontak om te hoor of hulle iets van die “Prins” en die “lyfwagte” op die trein geweet het. Oplaas het hulle ook nie kennis gedra daarvan nie en die Bevelvoerende Offisier in Port Elizabeth was geskakel met die opdrag om die saak te ondersoek. By elke stasie waar die trein stop en daar ’n polisieman op die platform was, was hy deur die “lyfwagte” nader geroep sodat die “Prins” sy sakboek kon teken. Ek dink dit was op Cradock stasie wat die speurder daar ontdek het dat die “Prins” niemand anders was as ’n kaptein in die Spoorwegpolisie nie. Herman se vele verduidelikings dat die hele gedoente eintlik praktiese opleiding vir die groep was, het nie die Kommissaris beïndruk nie. Was dit nie vir die ingryping en beskerming van brigadier Gustav Erlank, onder wie se bevel Herman gewerk het nie, was hy verseker ontslaan.
Die tweede insident het veel meer skade vir Herman ingehou. Terwyl hy en ander lede besig was om ’n kluis vir Chubb te evalueer, het hy met ’n AK 47 geweer op die deur van die kluis geskiet. Hy het nie ’n veiligheidsbril gedra nie en die omhulsel van die patroon het teruggevlieg en sy een oog tot so ’n mate beseer dat hy die sig in dié oog verloor het. Hoofkantoor het egter bevind dat hy medies ongeskik was om verder as ’n polisieman te kon werk, met die gevolg dat hy die diens as medies ongeskik moes verlaat het. Diegene wat Herman nie verstaan of van hom gehou het nie, was seker bly dat hulle van hom ontslae geraak het. Die ander kollegas het hom gemis. Rus in vrede, Herman.
(RB)

**Sersant Rosyntjie en die krewe.**
Sersant Rosyntjie het langs Koeberg stasie gebly en dikwels met sy fiets werk toe gery. Hy het op die polisieboot gewerk. Op ’n keer het Rosyntjie ’n paar lewendige krewe gekry, maar twee gruwelike foute gemaak. Fout een. Hy het die lewendige krewe in koerantpapier toegedraai. Fout twee. Rosyntjie besluit toe om die krewe saam met hom op die trein te neem toe hy van diens gaan. Wat Rosyntjie vergeet het, was dat nat papier nie Kreef se kind binne gaan hou nie. Nog voordat die trein by Soutrivier stasie arriveer het, besluit die krewe dat hulle wil kyk hoe die stasie lyk. Met die ontsnap hulle uit die nat koerant papier en kies koers onder die treinsitplekke in. Die krewe hol in alle rigtings en Rosyntjie word op sy knieë gedwing. Twee dinge skiet deur sy gedagtes. ’n Vars kreef smaak darem vorentoe en om in besit van ’n kreef te wees, het jy ’n permit nodig. Hierdie twee gedagtes noop Rosyntjie om in volle uniform tussen die banke rond te kruip, op soek na die ontsnapte krewe. Uit asem van die rondkruipery, en met ’n stowwerige uniform, kon hy daarin slaag om die krewe te vang. Rosyntjie se gesig was vol plooie, daarvandaan die bynaam, Rosyntjie.
(Herman Bosman)

**Oom en Tannie Wallie van der Walt.**
Sersant Wallie van der Walt was vir jare die Posbevelvoerder op Oudtshoorn. Bo en behalwe die bekwame Posbevelvoerder en gesiene persoon wat hy in die gemeenskap was, was hy ook die siele trooster vir die lede van die S.A. Spoorwegpolisie wat hulle instrukteurskursus by die Infanterieskool deurloop het. Met aankoms van die trein te Oudtshoorn het hy die beangste lede by die trein gaan ontmoet en hulle na sy kantoor geneem. Terwyl hy rustig aan sy pyp geteug het, het hy die manne moed ingepraat terwyl die kleurling konstabel koffie vir hulle moes aandra. Hy het die aspirant instrukteurs daarop attent gemaak dat hulle lede van die S.A. Spoorwegpolisie was en dat hulle net so goed, indien nie beter nie, as die soldate was. Met die opleiding van die taakmag lede in 1975 was Oom en Tannie Wallie se huis vir Phillip Delport, myself en vir Johan Lotriet soos ŉ ouerhuis. Naweke kon ons aan die tannie Wallie se heerlike etes smul en hulle dogter, Susan, het vir die koek en lekkernye gesorg. Susan was nie baie in haar noppies met ons gekuier nie, aangesien sy pas begin werk het en eerder haar vrye tyd oor naweke met haar vriend sou wou deurgebring het. Na afloop van die eerste kursus het die instrukteurs die geleentheid gehad om hulle families te gaan besoek. Die Sondag voordat hulle na Oudtshoorn vir die tweede kursus teruggekeer het, was daar ŉ storm wat die taakmag se tente die vlaktes ingewaai het. Cois, hul jongste seun, was deur Oom Wallie ingespan om die tente wat weggewaai het te gaan haal en dit weer op te slaan. Die tente moes reg gewees het wanneer die instrukteurs en die kursusgangers daar opdaag. Cois het later self by die Mag aangesluit en is vandag ŉ luitenant kolonel in bevel van die springstof afdeling van die S.A. Polisie in Vereeniging. Beide Oom en Tannie Wallie het ons vooruitgegaan en ons eer hulle nagedagtenis.
(RB)

**Suidwes legendes.**
Vier lede van die S.A.Spoorwegpolisie in die eertydse Suidwes Afrika wat as legendes bekend sal staan, is verseker kolonel A.W. van Niekerk wat as kaptein in Windhoek begin en as kolonel afgetree het sonder dat hy ooit buite SWA bevorder was. Tjaka Neethling kan vir verskeie redes ook as ‘n legende bekend staan. Afgesien van sy stoutigheid was hy ook ‘n harde werker en uitstaande sportman. In die eertydse Suidwes Afrika was daar ‘n Afrikaanse radioprogram wat luisteraars uitgenooi het om die S.A.U.K. te skakel en die name van persone te verstrek wat hulle as legendes in Suidwes Afrika beskou het. So was daar luisteraars van Gobabis wat Tjaka Neethling as ‘n legendariese rugbyspeler en stoeier beskou het. Vir baie sal Wietsche Fourie en Hannes (Bez) Bezuidenhout eerder as wilddiewe as legendes bekend staan. Met al hulle manewales het hulle ‘n karakter en gees onder lede wat in SWA werksaam was, geskep.

## KOMIESE NAME, VANNE EN BYNAME.

**Dubbelsinninge vanne.**
Komiese name, vanne en byname het ook ‘n besondere bydrae gelewer tot die gees wat in die Spoorwegpolisie geheers het. Die betekenis van sommige vanne het soms verwarring geskep. Dink maar aan die geval toe konstabel Dom en konstabel Wise aan mekaar voorgestel was. Die voorstellingseremonie het ‘n bietjie langer as die normale geduur as gevolg van die greintjie ongeloof wat by beide bestaan het! Die uiteinde van dié saak was dat konstabel Dom later sy van amptelik na die “de Vrydom” verander het. Konstabel Wise aan die anderkant is tot vandag toe nog Wise genoeg om nie aan die betekenis van sy van te torring nie! Die byname van die manne en vroue was so deel van die Spoorwegpolisie se karakter dat ‘n mens vandag nog kan terugdink aan die droë en fyn humor wat aanleiding tot die gee van die byname bygedra het.

**Vrugte**
Daar was vrugte name soos Koejaweltjie Rosyntjie, Appelkarretjie.

**Liggaamsdele.**
Dan het die menslike faktore en liggaamsdele ook aanleiding gegee tot die gee van ‘n paar byname. Sersant Taaispoeg, Spikkels, Raasbek, Wielbek, Pensie, Nekkies, Stinkasem, Eentand, Giftand, Rubberbek, Rubbernek, Pikneus, Bal, Oortjies, Bakoor, Poepies, Vleisnek, Boesman, Bulbkoppie, Mary Virgin, Spoegbek, Kieste, Tandjies, Platkop, Knoffelvoete, Witkop, Rooineus, Ou Dowe, Asem, Neus, Gorreltjie, Holle, Kielieboud, Koppiekrap, Ore, Bones, Waterkop, Blokkop, Lapkop, Sementpens, Koppie krap en Hamerkop.
**Diere**
Diere het ook hulle regmatige bydrae tot die gee van byname gelewer. Kat, Bokbek, Porkie, Misseljaatkat, Esel, Bul, Pikkewyn, Bokkie, Pompdonie, Pelikaan, Piet muis, Fido, Pakaboel, Hommel, Kwartel, Katmannetjie, Horse Power, Kees, Blou Aap, Vaaltyn, Valkie en Rot.
**Ander**
Dan was daar Proppies, Pappa Beyl, Soutie, Jassie, Shine, Crash Helmet, Hangkas, Pellie, Pypie, Speedy, Ice Cream, Sementmannetjie, King Henry, Blink Willie, TP, JJJ, Happy Jack, Snuifblik, Majuba, Here comes the burgermaster, Pretty Boy, Organise, Appél, Sequinces, Hop Along, Jan Plank, Wandering Star, Little Tin God, Skewe Sewe, Dad, Swartboek Smit, Bruinhoedjie, Bolletjies, Pop, Taranakie, Jock, Bloujan, Kuka, Tingtong, Beheer, Kleintjie, Skewe Kerneels, Kaffertjie, Staal, Ploegbaas, Ou Lelik, Trooster, Toppie en Mounie
**Afkortings**
Die gewone afkorting van vanne, “van labels” het ook vir ‘n aantal gesorg. Blackie, Lackie, Van, Toitjie, Divvie, Iiwies, Pine, Fires, en Bossie, (gelukkig nie bossies a.g.v. grensdiens nie). Elkeen was maar grootliks, hetsy deur eie toedoen of manewales, verantwoordelik vir die ontstaan van sy of haar se bynaampie. Daar is nog so baie....sommige wat nie te "public" gemaak kan word nie. Van die naamdraers het geen probleem met die "titel" gehad nie, terwyl andere jou weer wou kruisig sou jy waag om hul naam so ydellik te gebruik. Dit was dan juis die vet op die vuur vir dié gebruikers (sondaars) van die byname. Meeste van hierdie name was selfbeskrywend – ander weer nie so maklik nie. Ook nie lank nie, of jou nuuskierigheid bring jou in elk geval na die oorsprong daarvan! En as jy eers daai naampie het, glo my, gaan hy saam met jou graf toe!!
(Herman Bosman, RB)

## HULDEBLYK AAN DIE FAMILIES VAN POLISIEMANNE EN VROUE

Hierdie bundel sal onvolledig wees indien daar nie hulde aan die gesinne van lede wat deel van die S.A. Spoorwegpolisie was, gebring word nie. Ek kan maar net aan die talle opofferings dink wat my eie eggenote, Magda en my drie kinders, Ronnie, Lisa en Cobus oor al die jare moes maak. My familie se opofferings is verteenwoordigend van wat elke polisieman of -vrou se familie moes deurmaak. Daarom wil ek graag enkele ontberings en opofferings van wat my familie moes deurmaak, deel. Magda was ‘n plattelandse nooi en ŉ boorling van Lichtenburg. Na ons troue het ons eers by haar tannie in Denver loseer want met my salaris kon ons nie ŉ woonstel bekostig nie. Toe sy swanger raak, het ons in ŉ woonstelblok in Joubertpark by my suster gaan woon. Die aanpassing vanaf die platteland na die stad, en dit boonop in ŉ woonstelblok op die dertiende verdieping, was iets groots wat sy moes verwerk het. Ek was op die Mobiele eenheid op Johannesburg stasie gestasioneer. Ons het minstens twee keer per week dienste op ŉ een of ander hooflyn trein verrig, wat beteken het dat ons dikwels moes oorslaap op ander plekke. Dit was bykans tyd dat die baba gebore moes word en ek moes ŉ hofsaak op Standerton gaan bywoon het. Met aankoms by die hof in Standerton, argumenteer die jong staatsaanklaer met my oor die klagte wat teen die beskuldigde ingebring was. Hy wou eers die wetboek nadersleep. Sonder enige onduidelikheid het ek aan die aanklaer verduidelik dat my vrou op haar laaste was, dat die trein om een uur die middag na Johannesburg vertrek het en dat ek, kom wat wil, op daardie trein sou wees. Toe ek met ŉ gehaas by die stasie aankom, het die trein vyf minute voor my aankoms, alreeds vertrek. Die teleurstelling en woede het die oorhand gekry. Ek was buite myself. Die kaartjiesklerk, wat ek teen daardie tyd al goed geken het, het tot my redding gekom. Met sy splinternuwe Chevrolet het ons twee al met die meganisasiepad gejaag om die

trein in te haal. Na vele handgebare tesame met die klerk wat op die motor se toeter gelê het, het die treindrywer besef dat hy moes stilhou. Soos ŉ wafferse hekkies atleet het ek oor die draad heining geseil en my sit in die trein gekry. Daar was ŉ onrustigheid in my wat my wou opvreet. Met aankoms te Johannesburg stasie, om ongeveer ses uur die aand, het ek my na die woonstel, wat nie ver van die stasie geleë was nie, gehaas. Ek het aan die woonsteldeur geklop, maar daar was niemand tuis nie. ŉ Stemmetjie binne my het my wys gemaak dat Magda brood en melk by die kafee om die hoek gaan koop het. Na ongeveer tien minute het besef ek dat sy al terug moes gewees het indien sy slegs kafee toe was. Al wat nou oorgebly het, was om die kraaminrigting te skakel. Ons het nie ŉ telefoon gehad nie en ek het my na die Griek se kafee om die hoek gehaas. Baie bekommerd het ek die Queen Victoria kraaminrigting, waar ons vir die bevalling bespreek het, geskakel. "Is mev Beyl dalk al opgeneem?", het ek benoud verneem. "Ja," het die saalsuster my ingelig: "sy is in kraam en jy sal jou moet roer en sorg dat jy hier kom." Die inrigting was in Hillbrow, so ŉ paar straatblokke vanaf die woonstel. Omstreeks nege uur die oggend het die kraampyne begin en sy was siel alleen met ŉ taxi na die kraaminrigting. My motor was onklaar ek moes nog ŉ ruiker iewers kry en ŉ taxi bestel. Intussen het die skuldgevoelens aan my gevreet. Met die hulp van die kafee eienaar, Johnny, se vrou, het ek ŉ bos blomme in die hande gekry. Agter die toonbank het sy ŉ blompot uitgekrap en het sy die blomme in die pot gerankskik. Terwyl ek op die taxi gewag het, plaas ek die blompot op die deksel van 'n Coca Cola yskas. Op daardie stadium kom ŉ swart man die kafee binne en skuif die deksel oop om ŉ koeldrank uit die yskas te haal. Die deksel het teen die blompot gestamp en dit was net glasstukke en water wat gespat het. Al wat ek gehoor het terwyl ek met my pistool teen die man se kop gestaan het, was Johnny wat skreeu: "Ronnie, please don't shoot." Nou moes daar ŉ ander pot vir die ruiker gekry word. Weer was dit Johnny se vrou wat tot my redding gekom het.

Die taxi het opgedaag en die drywer was opdrag gegee om te laat waai. Met aankoms by die kraaminrigting was my senuwees gedaan. Nou staan ek met die blompot in my een hand en met die ander hand het ek probeer om die agterstevoor japon aan te trek. Soos wat dit by sulke plekke gaan, was die grootte van die japon vir "matriek seuns" gemaak, en ek was lankal verby daardie grootte. Met die japon wat halfpad oor my een skouer hang, het ek die saal waar Magda was, binne gestorm. Op daar die oomblik het ŉ verpleegster met ŉ baba in haar arms by die saal uitgekom. Ek was te laat! Hoe verduidelik jy aan jou pasgebore kind en aan jou vrou hoe jy op daardie oomblik voel? Die feit dat die bevalling sonder komplikasie verloop het, het 'n bietjie verligting gebring, maar ek het nogtans baie teleurgesteld en sleg gevoel dat ek die bevalling gemis het. Nou was die groot vraag. "Is dit ŉ seun of 'n dogter"? Die suster het my aan die arm gegryp en het my gesleep na ŉ saal waar omtrent tien babas gelê het. "Waar is my seun?" wou ek opgewonde by haar weet. "Jy is die pa, jy behoort seker te weet hoe jou kind lyk", was al inligting wat ek uit haar gekry het. Ewe kordaat, met ŉ borsmaat wat enige tyd die knope van my hemp kon laat spat het, patrolleer ek tussen die wiegies deur. By ŉ bepaalde wiegie het ek net die gevoel gekry dat dit my seun was. "Suster, dit is my seun", het ek haar beslis meegedeel. "Mnr. Beyl, maar hoe weet jy dit?" het sy verbaas gevra. Baie spoggerig oor die fris bulletjie wat daar lê, antwoord ek haar: "Maar ek is mos sy pa, is ek nie?"

Desember 1974 het ons verhuis vanaf Esselenpark na Komatipoort. Vir eers was daar nie ŉ huis vir ons beskikbaar nie. Die huis van die Posbevelvoerder was nog deur die vorige Posbevelvoerder en sy familie beset. Vir eers moes ons in een van daardie klein twee slaapkamer Spoorweghuisies intrek. Geen grasperk, geen tuin, net rooi grond en vlermuise wat in die huis se dak nes gemaak het en wat die aardigste reuk afgegee het. Intussen het my ouers kom kuier en die kinders moes maar op die vloer slaap. Na sowat ŉ maand het ons na die voorkeurhuis vir die Posbevelvoerder getrek. Ons was nog besig om uit te pak toe ek ŉ teleks ontvang het dat ek by Esselenpark moes aanmeld. "Ek is skaars ŉ maand gelede daar weg, wat moet ek nou weer daar gaan maak?" het ek baie vererg gevra. Die politieke onstabiliteit in die land het die stigting van ŉ Spesiale Taakmag vir die Spoorwegpolisie vereis en Hoofkantoor het besluit dat ek by die stigting en opleiding betrokke moes wees. Januarie 1975, meld ek by Esselenpark aan. Die ander stigterslede was luitenant Phillip Delport, luitenant Grant Grierson, sersant Johan Lotriet en Riaan Stander. Die samestelling van die

kursusprogram en handleiding vir die taakmag het drie maande geduur. Drie maande lank moes my familie alleen op die nuwe dorp hulle weg vind. Ronnie moes vir die eerste keer skool toe gaan. Sy pa was nie daar om hom in sy nuwe skooldrag te sien of om ŉ foto van hom te neem nie. Gedurende die eerste drie maande by Esselenpark het my familie my net elke tweede naweek gesien en dit vanaf Saterdagoggend sewe uur tot Sondagmiddag vyf uur wanneer ek weer na Esselenpark terug gereis het. Die kursus vir die taakmaglede in Oudtshoorn, het ook drie maande geduur. Na afloop van die eerste groep se opleiding, het ons die geleentheid gekry om ons families te gaan besoek voordat die opleiding van groep twee begin het. Omrede ek op Komatipoort woonagtig was, kon ek met die geleentheid slegs drie dae by my familie deurgebring het. Magda en die kinders moes by die huis bly want sy kon nie motor bestuur nie. Omstandighede het haar gedwing om ŉ bestuurderslisensie te bekom. Vir die leerling- en bestuurderslisensie moes sy alleen na Barberton, wat ongeveer ŉ honderd kilometer vanaf Komatipoort was, per motor ry.
Die berugte 1976 het aangebreek. Dit was November en ek moes weer Kollege toe om spesiale dienste op Jan Smuts-lughawe te gaan verrig. Ons was vir ongeveer agt-en-veertig uur by die lughawe aan diens toe ek doodmoeg by die Kollege vir ŉ welverdiende rus aangekom het. Magda was op daar die stadium op haar laaste met ons jongste seun, Cobus. Die naaste kraaminrigting was op Nelspruit; ŉ honderd-en-tien kilometer vanaf Komatipoort. Die aand van die tweede Desember 1976 besef Magda dat dit tyd vir die baba was om gebore te word. Sy het die ambulans ontbied om haar na Nelspruit te neem. Gelukkig was haar moeder by ons wat na die ander twee kinders kon omsien. Kwart oor vyf die oggend van die 3de Desember 1976, maak die ordonnans my wakker met die woorde: “Adjudant, jou vrou is in die hospitaal opgeneem en sy het geboorte geskenk aan ŉ seuntjie.” Heel deur die blare vra ek hom: “Maar waarom?” Hy het my met verbasing aangekyk en gesê: “Maar jy behoort seker te weet hoekom sy geboorte geskenk het.” Agt uur daardie aand het ek en my moeder by die hospitaal in Nelspruit aangeland. Weer was die skuldgevoel teenwoordig omdat ek gevoel het dat ek vir haar en die baba in die steek gelaat het. Weer was ek vir myself en vir die Mag kwaad.
Toe ek ŉ offisier word, was ek na Hoofkantoor verplaas. Hoe salig om elke naweek by die huis te kon wees. Die saligheid het ook nie lank geduur nie omdat ek en sersante Flip Aslett en Barkhuizen springstoflesings vir elke personeellid vanaf Pretoria tot en met Messina moes gaan aanbied het. Gedurende die week het ons in ŉ kaboes gebly en die kere wat ons nie te ver vanaf Kemptonpark was nie, het ons naweke huis toe gegaan. Hierdie opleiding het etlike maande geduur. Ons het pas ŉ nuwe huis gekoop en baie dinge moes nog gedoen word. Omdat ek afwesig was, moes Magda vir my instaan en met die bouer veg om die goed gedoen te kry. Nadat die opleiding in die Noord Transvaal streek afgehandel was, het ek een oggend opdrag gekry om die volgende dag saam met generaal Claassen na Windhoek te vlieg. Toe ons in Windhoek land, was ek omtrent die rede vir ons besoek ingelig. Die terroriste aktiwiteite in die noorde van Suidwes het skerp toegeneem en die burgerlike personeel van die Spoorweë het onveilig gevoel. Die opdrag was eenvoudig: Stig ŉ tuiswag by elke groot stasie in Suidwes en lei die burgerlike personeel van Spoorweë op sodat hulle hulself en hul families kan beskerm. Vir ongeveer ses maande het ek tussen Johannesburg en Windhoek gependel en intussen was my twee oudste kinders, wat nog in die laerskool was, in hulle derde skool. Na ongeveer ses maande moes ek weer generaal Claassen na Windhoek vergesel. Dit blyk toe dat die terroriste ŉ Spoorbaaninspekteur op Kombat vermoor het. Dit het ŉ groot onrustigheid onder die burgerlike personeel van die Spoorweë gebring. Met ons terugreis na Johannesburg vra generaal Claassen uit die bloute: “Het jy ŉ huis gekry?” Ek het ŉ huis in Kemptonpark betoog ek. “Nee man, ek bedoel het jy ŉ huis in Windhoek gekry?” Nou wat gaan nou aan? “Jy en jou gesin moet so gou doenlik pak en na Windhoek verhuis”, was die opdrag. Weer was dit ŉ ontwrigting vir my familie. Ronnie en Lisa het net by die nuwe skool aangepas en hier moes ons alweer aanskuif. Januarie 1980 het aangebreek, en sewentien maande nadat ons na Kemptonpark verhuis het, was ons al weer oppad en hierdie keer na Windhoek.
Dit was April 1980. Ek het met die eerste kontingent polisiemanne by Oshivello grenspos aangemeld waar ons vir ŉ tydperk van drie maande in die operasionele gebied diens gedoen

het. Talle offisiere, onder-offisiere en konstabels het na ons dienste te Oshivello en Kamanjab verrig. Ongeveer vyf uur die oggend van 30 Junie 1980, het Magda met 'n angsgevoel wakker geskrik. Sy het haar moeder, wat by ons gekuier het, wakker gemaak en haar onrustigheid met haar gedeel. Nadat hulle saam gebid het, was dit asof daar 'n rustigheid oor haar gedaal het. Ongeveer elf uur dieselfde oggend, het brigadier Edik Eloff, die Bevelvoerende offisier, voor die huis stilgehou. Magda se hart het inmekaar gekrimp want was deeglik bewus van die moontlike rede vir sy besoek. Hy het haar meegedeel dat ons daardie oggend om nege uur in 'n kontak met terroriste betrokke was, maar, tot Magda se groot verligting het hy haar gerus gestel met die nuus dat niemand van ons gedood of beseer was nie.
Skaars twee jaar nadat ons in Windhoek gevestig geraak het, het die opdrag gekom dat ons na Slagboom, wat tussen Addo en Kirkwood geleë is, moes verhuis. Dié plaas was vir sewe jaar onbeman. Die twee slaapkamer Spoorweghuisie op die plaas was die voorafgaande sewe jaar deur die buurman se bokke as 'n kraal gebruik. Die hele huis moes eers opgeknap word voordat ons dit kon bewoon. Intussen het ons as 'n gesin van vyf vir bykans vier maande in 'n vier slaapbank karavaan, sonder elektrisiteit of lopende water, gebly. Ronnie en Lisa moes koshuis toe. Die naaste skool was op Kirkwood en dit was dertig kilometer vanaf Slagboom. Die dag toe meubelvervoerwa ons meubels wou kom aflaai, het dit baie gereent. Die vragmotor het vir 'n voertuig op die grondpad uitgedraai en het op die rand van die pad in die modder beland. Daar het ons angstig gewag om in die huis in te trek, maar die meubels kon nie afgelaai word nie. Gelukkig het die buurman oor 'n stootskraper beskik en hy het tot ons redding gekom. 'n Opleidingsbasis moes etes aan die kursusgangers verskaf en vir die doel het jy 'n menasie, stowe, ys- en vrieskaste asook kokke nodig gehad. Die basis was in die bos; ver afgesonder van alles en almal, so waar moes dié personeel vandaan kom? “Wat van Magda, sal sy nie bereid wees om beheer van die menasie te neem nie”, het Hoofkantoor die oplossing aangebied. Sy het geen vorige ondervinding of opleiding in die verband gehad nie. Dit was nie 'n probleem nie. Twee weke later was dit Magda wat na Johannesburg en Esselenpark vertrek het. Dié keer was dit ek wat by die kinders en by die huis moes bly. Na 'n blits kursus het sy terug gekeer maar daar was nog geen menasie, kook- of verkoelingsgeriewe nie. Van die slaapkwartiere en die ablusieblokke was gereed maar verder niks nie.
Johan Lotriet het met dertig taakmag lede aangemeld vir opleiding. Hulle moes eet, maar daar was nog nie 'n menasie, stowe of verkoelingsgeriewe nie. Magda het hulp met die voorbereiding van etes nodig gehad en ons het gewonder waar ons opgeleide persone sou kry om dit te kon doen. Niemand het daarin belang gestel om daar in die bos te gaan werk nie. Al oplossing wat oorgebly het, was om die werklose plaaslike arbeiders op die plase te nader. Ek kan my nie vir een oomblik die frustrasies indink wat Magda met die bar en ongeletterde skepsels moes gehad het nie. 'n Gasstoof op pote was aangekoop, asook 'n aantal potte. Die kombuisie van ons huis was te klein om vir die dertig manne kos in voor te berei, met die gevolg dat die grasperk langs die huis die kombuis en menasie geword het waar die lede twee keer per dag van etes voorsien was. Naweke moes die twee kinders se klere en beddegoed vir die koshuis met die hand gewas en gestryk word. Daar was nie krag vir 'n elektriese strykyster nie en Magda moes noodgedwonge 'n strykyster op die primusstofie warm maak om die wasgoed te stryk. Vertoë om darem net 'n kragopwekker te voorsien het op dowe ore geval.
Een Maandagoggend, nadat Magda weer oor die naweek gesukkel het om die kinders se wasgoed skoon te kry, het ek Port Elizabeth toe gery met die voorneme om daardie dag 'n ultimatum aan die Bevelvoerende offisier, kolonel Cas Pelser, te stel. As daar teen Woensdagmiddag vier uur nie 'n kragopwekker op Slagboom gestaan het nie, sou ek en my gesin die volgende Maandag by Hoofkantoor in Johannesburg gaan rapporteer het. Dit was Woensdagoggend teen omtrent tien uur dat daar 'n trok met 'n kragopwekker arriveer het. Dit was nie sommer so opwekker nie, dié een het 'n V8 Rolls Royce enjin gehad wat genoeg krag aan 'n dorpie soos Cookhouse kon voorsien. “Hoekom dan nou eers?”, het ek telkemale gevra. Aangesien die huisie net twee slaapkamers gehad het, moes Ronnie in die buitekamer slaap. Lisa kon haar eie kamer hê, maar Cobus moes in die eetkamer slaap.

Cobus se Graad 1 juffrou was besig om die kinders die verskillende vertrekke van ŉ huis te leer en toe dit by die slaapkamer kom, vra sy hom waar slaap hy in die huis. Hy antwoord in die eetkamer en die juffrou was onlekker met die antwoord. Die middag toe hy by die huis kom, het hy sy ma gevra waar hy slaap. Sy antwoord toe dat hy in die eetkamer slaap omdat daar nie genoeg kamers vir elkeen van hulle was nie. By ŉ latere geleentheid kon Magda darem die juffrou oor die situasie by die huis inlig. Intussen gaan het ek ŉ gekwalifiseerde kok by die Holiday Inn hotel in Port Elizabeth afgerokkel. Soos wat ons gery het, het die kok al stiller geraak. Toe ons by Slagboom se hek indraai, het hy gevra of dit die plek was waar hy sou bly en werk. Ewe opgewonde het ek my mening uitgespreek dat hy dit baie sou geniet en dat hy feitlik sy hele salaris daar sou kon spaar. Die volgende oggend het hy in die kombuis aangemeld vir diens. Magda was in die sewende hemel want dié man het geweet van kos maak. Daardie dag kon Magda ontspan met die wete dat die etes betyds en goed voorberei sou wees. Die volgende oggend, omstreeks vyf uur, het een van die arbeiders wat in die kombuis gewerk het aan die kamer venster geklop. Die briljante kok het so pas sy goed gevat en hy was op pad Port Elizabeth toe. Ek het in die kar gespring en het hom net buite die basis gekry. “Nou wat nou?” wou ek by hom weet. “Sir, I am sorry, but I need the city lights”, het sy ondubbelsinnige antwoord gekom. Net daar het Magda se probleme weer van voor af begin met die voorbereiding van die etes en die onopgeleide hulp wat sy gekry het.
Nadat die basis ongeveer ŉ jaar in werking was, was die opening en bekendstelling van die basis deur Hoofkantoor beplan. Die gastelys het voorsiening gemaak vir honderd-en-twintig gaste. Onder hulle die Minister van vervoer, mnr. Hendrik Schoeman, die Hoofbestuurder en sy bestuur, die Kommissaris, generaal Visagie en verskeie senior offisiere, die Kommandements bevelvoerder van die S.A. Weer- en Lugmag in Port Elizabeth, die Bevelvoerende offisier en senior offisiere van die S.A. Polisie, die Burgemeester en Kommando bevelvoerder van Kirkwood en talle televisie en koerant verslaggewers getel. Magda en haar “plaasarbeiders” in die menasie het die gaste op ŉ vyfster feesmaal getrakteer. Na die tyd het minister Schoeman speels aan haar genoem dat hy ŉ pad kafee wou open en sy moes dit vir hom bestuur het. In dieselfde asem het hy vir my gesê dat ek daar sal moes wegbly, want ek sou hulle profyt op die hamburgers opeet. Omdat die offisiere in die Spoorwegpolisie so dikwels verhuis het, was daar ŉ gesegde dat offisiere stukkende meubels en dom kinders gehad het. Lisa was in agt skole, Ronnie in ses en Cobus in vier skole (Ek verneem generaal Robbertze se dogter, Elmarie, was in nie minder nie as elf skole). Vandag kan ek met trots sê dat Ronnie sy B.Juris en LLB grade behaal het. Hy was tot die Oos Kaapse balieraad toegelaat en was ŉ Regsoffisier in die S.A Polisie. Vandag is hy en sy eggenote, Hildelene, die eienaars van ŉ vulstasie en ŉ winkel op Addo. Lisa het haar B.Sc. graad en HOD behaal en later ŉ Diploma in Christelike Aktiewe Terapie met lof geslaag. Sy is tans ŉ Wiskunde onderwyseres op Adelaide. Na skoolure en oor naweke bedryf sy haar praktyk vanaf ŉ kantoor by haar huis. Sy is met Ignus Potgieter ŉ boorling van Adelaide getroud. Hy is ŉ deeltydse prediker en berader en is voltyds werksaam by Biogas Power, ŉ maatskappy wat toerusting verskaf vir die opwekking van alternatiewe energie. Cobus is ŉ belastingkundige met ŉ Gevorderde Sertifikaat in Belasting met sy eie praktyk in Kemptonpark. Ek is daarvan oortuig dat daar talle ander gesinne in die S.A.Spoorwegpolisie was, wat selfs meer opofferings en ontberings as my gesin moes deurgemaak het. Aan al daardie gesinne sê ek **SALUUT!!!!!**

## WOORD VAN DANK

Met ‘n projek soos hierdie moet jy willekeurig terugkyk na die verlede. Dit is dan wanneer jy besef dat die lewe inderwaarheid ‘n groot legkaart van gebeure is. Gelukkig, of is dit nou ongelukkig?, sien jy nie altyd waar ‘n gebeurtenis in jou lewe in die groot legkaart inpas nie. Met die terugblik op my loopbaan kan ek vandag verstaan waarom sekere dinge gebeur en andere wat ek graag wou laat gebeur het, nie plaasgevind het nie. Dan is dit wanneer ek duidelik die hand van God in my lewe sien. Vandag kan ek verstaan waarom sekere dinge nie moes gebeur het nie, want sou dit wel plaasgevind het, was die legkaart van my lewe onvolledig en miskien misvorm. Magda is ‘n besondere stukkie van my lewe se legkaart. Was

dit nie vir haar wat my deur al die jare en in moeilike omstandighede ondersteun en aangemoedig het nie, sou my legkaart beslis onvolledig gewees het. Ek kan maar net die Here dank vir ‘n lewensmaat wat noodgedwonge vir lang periodes alleen die huishouding moes behartig het. Die stomende koppies tee wat sy drie uur in die oggende vir my aangedra het terwyl ek met die projek besig was, bevestig dan ook haar ondersteuning aan die projek. My drie kinders waarop ek opreg trots is het kleur aan my legkaart verleen.
As jong konstabel en instrukteur was ek bevoorreg om my loopbaan onder die leiding van uitmuntende leiers te kon begin. Enkeles van hulle was: Luitenant Kolonel C.H.E. Rönnebeck; die Bevelvoerende offisier van die Kollege wat met sy militaristiese houding en doelgerigtheid ‘n blywende indruk op my gelaat het. Brigadier J.H. Howell het my iets van menseverhoudinge geleer; hy het my laat besef dat daar meer as een metode is om mense te hanteer wat in die lewe gefouteer het. My loopbaan as instrukteur het ek aan luitenant generaal P.M. du Plessis te danke wat my as student in die Kollege gedwing het om aansoek vir die instrukteurskursus te doen. Die feit dat ek ‘n offisier geword het is grootliks te danke aan luitenant generaal A.F. Horak wat my by sy kantoor uitgejaag het toe ek van die sersant eksamen wou onttrek het. Was dit nie vir dié onsmaaklike voorval nie, sou ek miskien nooit die leer van bevordering geklim het nie. Die Infanterieskool te Oudtshoorn, waar ek as instrukteur opgelei was, het die fondament gelê waarop ek opleiding in die S.A.Spoorwegpolisie kon voortsit en ontwikkel. Baie belangrik is die ses en tagtig kollegas en vriende wat bereid was om hulle verhale en stories met my te deel; was dit nie vir hulle nie, het die bundel nooit die lig gesien nie. Dankie vir elkeen se bydrae en aanmoediging. Aan my skoonseun, Ignus Potgieter, ‘n groot dank vir die enorme taak wat hy gehad het om die bundel taalkundig te versorg. ‘n Laaste en besondere woord van dank aan Wietsche Fourie wat bereid was om die fondse vir die druk van die bundel voor te skiet.
Ronnie Beyl.

**LEDE WAT BYDRAES GELEWER HET**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ackerman Willie | Avenant Marius | Birk Pieter | Blake Keith |
| Bosman Herman | Botes Marietjie | Boucher Dinky | Burger Andries |
| Carelse Marius | Claassen Johan | Coetzee Ronnie | Denysschen Annatjie |
| Du Plessis Thys | Du Preez Sakkie | Du Randt Douglas | Engelbrecht Hans |
| Erasmus André | Fourie Beatle | Fourie Wietsche | Goosen Willie |
| Gouws Andries | Gunter Emmie | Hattingh Louw | Henning Leon |
| Horak André | Human Jan (Ds.) | Janse van Vuuren Steve | Jonker Pierre |
| Jordaan Loekie | Keyter Dennis | Killian Sam | Koekemoer Frans |
| Krause Elred | Liebenberg Joan | Lotriet Johan | Lötter Koos |
| Lotz Thinus | Louw Gert | Marais Johan | Marx Martin |
| Matteus André | Max Lennit | Meintjes Buks | Meyer Corrie |
| Moller Dave | Mouton Jakob | Myburgh Tjoppie | Naidoo Bala |
| Neethling Tjaka | Olivier André | Oosthuizen Evert | Petzer Lolo |
| Pretorius Wim | Prinsloo Blondie | Prinsloo Marliese (Mev) | Prinsloo Peet |
| Reichert Riek | Roberts Robbie | Scheepers Skip | Slabbert Hannes |
| Slabbert Hennie | Strydom Koos | Swanepoel Gert | Swanepoel Pieter |
| Thompson Robert | Valentine Gerrit | Van der Merwe Koos | Van der Merwe Van |
| Van der Walt Barnie | Van Deventer Frikkie | Van Lill Apie | Van Niekerk Elias |
| Van Niekerk Willem (Prof) | Van Rensburg Amanda | Van Rensburg André | Van Rensburg Piet |
| Van Rooyen Phillip | Van Vuuren Elsabé | Venter Johan | Vermeulen Douw |
| Victor Jimmy | Visser Frans | Viviers Sakkie | Vorster Jan |
| Wiese Piet | Wiggell Eric | | |

# SUIDWES ALBUM



BENNIE MUNDELL EN PEET PRINSLOO : 12/01/2011
BY DIE SPUR IN TZANEEN NA 34 JAAR 9 MND EN 20 DAE.



KOBUS : PANTSER TROLLIE



KOBUS – DRYWERSKURSUS



1STE MINI LIMPET MYN IN SWA



KONST. KRAUSE – SERS O'KELLY – MOSTERT DU PLESSIS : SWA. 1980




FUNKEY TROLLIE : SERS. DU TOIT



SWERWER



KAPT. DENNIS KEYTER EN DIE HIPPO

**OPSLAG PLEK : KARIBIB SABOTASIE SAAK**



F1 RUSSIESE HANDGRANAAT



AK 47 MAGASYNE

## GAMAMS OPLEIDINGSENTRUM.



KAPT. BEYL EN LUIT. KOEKEMOER




VOORSTELLINGSPARADE : GAMAMS
AIDE CAMP : LUIT FRANS KOEKEMOER EN KOOS V/D MERWE

## DIE SEWE BEVELVOERENDE OFFISIERE VAN SUIDWES AFRIKA



1. KOL. VAN NIEKERK



2. KOL. PRETORIUS




3. KOL. DE BEER



4. KOL. VAN TAAK



5. BRIG. ELOFF



6. BRIG. GILBERT




7. KOL. SCHUTTE : 1986



ELIAS VAN NIEKERK



RIET REICHERT



FRANS LOOTS



PHIL WOLFAARD



SAKKIE DU PREEZ



RONNIE BEYL



DAISY VAN GEND



CHARL DU TOIT



PIET DU TOIT




TJAKA NEETHLING – HANNES SLABBERT – WIETSCHE FOURIE



BEZ BEZUIDENHOUT




THEUNS VICTOR



WILLIE GRIFFEN



LOEKIE JORDAAN



BEN DU TOIT



KOOS V/D MERWE



BEATLE FOURIE



WILLEM STORM





G.DU TOIT & ISSIE (MüLLER) DU TOIT



APIE VAN LILL



ELSA GOUSSARD



KOOS STRYDOM



SIMON VAN ZYL



WILLIE V/D WALT



MIKE V/D WATT



ANDRé VAN RENSBURG



SERS. SPIKKELS ROSSOUW – GENL. VAN VUUREN
LUIT. JOHAN VAN HEERDEN



ALWYN BIERMAN



KAPT. HEYNS EN SY SPAN
MET BEWYSSTUK "A"





TEKKIES STRYDOM MET DUIWEL

POLISIEBOOT : ELSIE : WALVISBAAI







WENNERS : SKIET TROFEE. VICTOR – BEYL VAN GEND

KOOS SE DUIKBOOT

BLIKSEM : GROOTFONTEIN

======================================================================================

**GRENSDIENS ALBUM**





EERSTE KONTINGENT : 1980

OSHIVELLO BASIS :1980








SAPPEURS BESIG OM PAD TE VEE

BASIS BY DIE HEK

BEREI ETE VOOR


DIE KAPLYN


103 GRANAAT


B.O.'S SE BESOEK AAN OSHIVELLO : 1986


OP PAD GRENS TOE


ROBERTS EN BOFFIN


JONKER BROERS EN KNOWLES


HOE VER NOG NA OSHIVELLO


VOOR: A/0 COETZEE – RONNIE COETZEE – AMPIE MYBURG
SAAM MET BOFFIN


OPSTEL VAN DIE KONVOOI





KONVOOI BEGELEIDING



RADIO OPERATEUR



BRANDSTOF TANKERS IN KONVOOI




KONST. HANS ENGELBRECHT




LT. VICTOR – A/O ROBERTS




BOFFIN SE GRAF OP SLAGBOOM



SERS.GROBBELAAR



KAPT (DS.) NIKO DU TOIT



DONKIE RY OP ONDANGWA

## LEDE WAT GESNEUWEL HET

SERS. A.M. MEIRING KONST. D. MYBURG



*Links bo:* Sers. A. N. Myburgh, Durban, seun van mev C. M. Myburgh van Van Riebeeckstraat 14, Somerset-Oos.
*Links:* Konst. K. C. Kapp, Durban, seun van mnr en mev K. C. Kapp van Livingstonestraat 25, Strand.

*Regs bo:* Konst. D. Myburgh, New-Brighton, seun van mev S. E. Myburgh van Serinaweg 196, Fairview, Port Elizabeth.
*Regs:* Konst. A. Kleinhans, Durban, seun van mnr en mev D. J. Kleinhans, Strangstraat 52, Sidwell, Port Elizabeth.

**S.A. SPOORWEGPOLISIE STERF OP GRENS**



KONST. K.C. KAPP KONST. A KLEINHANS KONST. B. MARé : OORLEDE 13/4/1979 MET SY TERUGKEER VANAF SWA









TONEEL WAARIN DIE VIER LEDE GESTERF HET


TROFEE TER NAGEDAGTENIS AAN DIE DRIE NATALERS WAT OP DIE GRENS GESTERF HET.
ONTWERP EN GEMAAK DEUR BRIGADIER MOUNIE MOUTON (RUGBY AFRIGTER)



BRIG. MOUTON



TROFEE




NAME SOOS WAT DIT OP DIE MUUR VERSKYN

**ONTHULLING VAN DIE VYF LEDE SE NAME TYDENS 'N KRANSLEGGING SEREMONIE OP 15 AUGUSTUS 2010 BY DIE VOORTREKKERMONUMENT**



ME. INGRAM – LT KOL SCHUTTE – LT KOL ROBERTS – MEV. PIEK - MEV. BEYL – MNR. EN MEV. KüHN - BRIG. BEYL
KAPT. ROBERTS – KOL. PIEK – ME. SMIT – A/O VORSTER – KOL. CLAASSEN - BRIG. MEINTJES - MEV. CLAASSEN



KONST. KAPP SE FAMILIE



GEDENKNAALD : PORT ELIZABETH




KONST. A KLEINHANS



LINKS : ME. INGRAM : MEIRING SE SUSTER
REGS : PAT SCHUTTE (NEE) DE GOEDE MEIRING SE VERLOOFDE




KONST. K.C. KAPP

**KRANSLEGGING SEREMONIE : 15 AUGUSTUS 2010: VOORTREKKERMONUMENT**



**BRIGADIER J.R. BEYL Lê 'N KRANS NAMENS DIE S.A.SPOORWEGPOLISIE**

==============================================================


**KOLLEGE ALBUM**



**SERS. BEYL EN KONST. PIENAAR**



**VOORSTELLINGSPARADE KURSUS M2 : 1973**
**MET ADJUDANT OFFISIER N.J. PRETORIUS**


T.E. CROUSE


J. VAN DALEN


M.H. JONKER



D.S. JACOBS


A.S.J. JOOSTE


ROFINAS OP DIE SKIETBAAN


TL KILIAN EN RJ FLüGEL: 1976
KOLLEGE LIEFDE : NOU 33 JAAR GETROUD



KOL. RöNNEBECK : 1974



Nr. 4600 KONSTBEL
F.P. DE VILLIERS
BESTE STUDENT
JAN – JUN 1950. KROONSTAD


JOHAN VENTER EN KOLONEL RIET REICHERT
PEL. 29A JUL-DES 1950 : KROONSTAD
HARTEBEESPOORTDAM 31/01/2011


KONSTABEL JOHAN VENTER
PELOTONLEIER PELOTON 29A
JUL - DES 1950.
KROONSTAD KOLLEGE


A.M. MYBURG


KOLLEGE HAARSNIT AS STRAF
KONST'S. BEYL EN FERREIRA


J.J. KILIAN


C.D. VAN ECK





**A/O BEYL: BRANDMEESTER KOLLEGE EN KOMATIPOORT**

**SERS. POTGIETER EN GIMNASTE**



**SERS. LOTRIET – A/O VENTER – LT. PELSER – KAPT. JONCK – KOL. VERMEULEN –LT. RIECHERT – LT. COETZEE SERS. STANDER – SERS. BOUCHER**



**KAPELAANKURSUS :ESSELENPARK**



**SERS. LOTRIET**



**SERS. OLIVIER**





SERSANT BARNIE V/D WALT EN GIMNASTIEK VERTOONSPAN



KANDIDAATOFFISIERSKURSUS : 1979



SERS. ASLETT



SERS. MANTY




VOORSTELLINGSPARADE LUIT. CHARL DU TOIT (REGS)



RITA VAN GRAAN



KOLLEGE DRAG



W/A/O BEYL(KSM) A/O PRETORIUS - LT SCHUTTE - MAJ.HOWELL - KOL.RöNNEBECK
KAPT.JONCK - LUIT. JONKER - SERS. VENTER - SERS. OPPERMAN



LOCHNER FüLSCHER





SERS. OLIVIER – MYBURG – MEINTJES – LT. SLABBERT - MAJ. DE JAGER – KOL. ROBBERTZE
KAPT. DELPORT – LT. COMBRINK – LT. DU TOIT – A/O KILIAN (KSM) - SERS. HEYNS

ANDRIES NGOBENI

PELOTON 37 : 1968




LAASTE EREDIENS : ESSELENPARK



W/SERS.BEYL – LT CROUSE – LT DU PLESSIS – MAJ HOWELL
KAPT VAN NIEKERK – LT HORAK – KAPT JONCK – SERS CHANNING



AMALGAMERINGSPARADE : ESSELENPARK : 1986



KOL. (DS) HUMAN




LUIT. WIID

## SPESIALE TAAKMAG : PLATTELANDS EN STEDELIK
## OUDTSHOORN : 1975

**STIGTERSLEDE**



**GENL.MAJ. J.J.J. VAN VUUREN**
**BRIG. BUITENDAG (VEG GENERAAL)**



**MAJ. MALAN**



**A/O BEYL- LT. DELPORT- LT. GRANT GRIERSON**
**SERS. STANDER – SERS. LOTRIET**



**GROEP 1**



**GROEP 2**




**BEVELSGROEP**



**KANSAS VLAKTES : OUDTSHOORN**

## SPESIALE TAAKMAG : STEDELIK EN VLIEGTUIGSKAKINGS



KAPT. JOOSTE – LUIT. OLIVIER.
YAMAN POLISIE : ISRAEL: 1980



LT. KOL HORAK – LUIT. SCHUTTE
GSG 9 DUITSLAND :1980



KAPT. LOTRIET - SERS BOTHA
GSG 9 DUITSLAND : 1983



GSG 9 : LT. KOL. HORAK
LUIT. SCHUTTE



LT. LOTRIET: BEV. UWE DEE GSG 9
SERS. L. BOTHA : GSG 9 DUITSLAND



LUIT. OLIVIER - MINISTER SCHOEMAN
BRIG. ERLANK



CHOPPER DRILS



LUIT. BOUCHER



KLOUTER TEGNIEKE



ONDERDOMPELING



BUS ONTSETTING





TREIN ONTSETTING

## SLAGBOOM OPLEIDINGSENTRUM



SLAGBOOM OPLEIDINGSENTRUM IN AANBOU



AANKOMS VANAF WINDHOEK




MAGDA SE KOMBUIS



GENL. VISAGIE –MIN. SCHOEMAN –COBUS - LISA



LUGMAG SPANBOU OP SLAGBOOM





JAN - SHANE EN ELISE NEEDHAM : HO! SHANE WIL PIEPIE



INSTRUKTEURSKURSUS : UITPASSERING



GASTE BY FORMELE ETE : SPEUDERSKURSUS
THURSTON WHITTLE - KAPT. HAYES EN BRIG. JACKSON



SEKSIE AANVALLE



KONVOOI BEGELEIDING



AFVOER VAN VERLIESE



HANDGRANAAT OPLEIDING



SERS. ANDRé LIEBENBERG




AMPTELIKE OPENING DEUR MINISTER SCHOEMAN



SERS. PIETER BIRK



LESING OOR TERRORISTE WAPENS



O/OFF. KURSUS : T.O.S.T

## ORKES EN HONDE




**KAPT. WELLS**



**PARLEMENTSOPENING : KAAPSTAD: TAMBOER MAJOOR FLIP ASLETT**



**KAPT. MEINTJES**



**SERS. VAN V/D MERWE : BRUNO : 1981**




**1942: BOERE ORKES : NATAL**



**LAASTE VOORSTELLINGSPARADE : 1986 : ESSELENPARK**
**VOOR: A/O SCHEEPERS. LV. W/A/O BRAND – KRAUSE – KOEN**



**BUKS : SKIP SE HOND**

======================================================================================

**ALGEMENE FOTO'S**



**FONDSINSAMELING : PRETORIA NA MESSINA MARATHON**



**SASP DIENSSKIET KAMPIOENSKAPPE**
**WENNERS : NATAL SPAN : 1985**




GENL'S. DU PLESSIS – ROBBERTZE – SMIT – VAN VUUREN M. - VAN VUUREN J.J.J - VILJOEN - HORAK
EERSTE RY: CHAMBERLAIN – KEYSER – VAN RIEL – RETIEF – CLOETE – MOUTON – ELOFF – VAN GEND
AGTER: HILLS – GILBERT – CROUSE – VILJOEN - CLAASSEN - DREYER – WITTSTOCK – LABUSCHAGNE



PARLEMENTSOPENING



TANNIE EN SERS. WALLIE V/D WALT : PB : OUDTSHOORN



GENL.(ADV.) LENNIT MAX



DIE SWAARD WAS DEUR DIE UITTREDENDE KOMMISSARIS AAN DIE NUWE KOMMISSARIS OORHANDIG.





KOL. PELSER

VOOR: C. MEYER –R. JACKSON –A. COLLINS –T. HAYES
AGTER : G.ERASMUS – J. LABUSCHAGNE –R. BEYL
OFFISIERE ONTBYT : OKTOBER 2010 : PORT ELIZABETH



BOET SAAYMAN – BLACKIE SWART
SERS. NEL : POLISIEBOOT : LOERIE



WES-KAAP DIENSSKIET SPAN

PELOTON 35



SERS. HENNING - A/O JONCK – LT. CROUSE - LT KOL. RöNNEBECK – LT. VAN NIEKERK - LT. HORAK
LT. DU PLESSIS – SERS. CHANNING


GENL. CLAASSEN


GENL. VISAGIE


BRIG. ROBBERTZE


BRIG. DU PLESSIS


BRIG. HORAK


BRIG. HOWELL


BRIG. CLOETE


BRIG. VERMEULEN


KOL. RöNNEBECK


KOL. CHANNING


VOOR: M. FOURIE – W. FOURIE – VERMAAK- VORSTER –VAN BAALEN
AGTER: BRIG. GILBERT – CLAASSEN – CAMPHER – BEYL : 2010


KOL. MARX


KOL. LOUW


KOL. PIEK


KAPT. OLIVIER KOL. GERBER MAJ. FOURIE


KAPT. BUCKINGHAM


AFDELINGSHOOFKANTOOR : NATAL 1986